

**DIE GROOT FOKUS, DIE GROOT GEBOD  
EN DIE GROOT OPDRAG  
AS  
SLEUTELS  
IN 'N MODEL  
VIR GEMEENTEBOU**

**deur**

**JACOB PRETORIUS**

**B. Iur. Th.B.**

**PROEFSKRIF**

**voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad**

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**in**

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

**aan die**

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

**PROMOTOR: PROF. B. J. DE KLERK**

**Rooseveltpark**

**November 2003**

---

## VOORWOORD

“Ootmoed is wanneer iemand eerlik besef dat hy geen ander uitweg het as nederigheid nie” (parafrasering van Calvyn se siening). So beskryf ek graag my eie ervaring van die ontmoeting met Jesus en die onbeskryflike voorreg om meer en meer te kon leer van sy denke en Gees, sy liefde en sy praktiese opdragte. Ek is die Here innig dankbaar vir gesondheid en die geleentheid om studie oor die vervulling van my eie lewensroeping te kon voltooi.

Ek besef terdeë dat hierdie studie nie 'n solo-poging was nie en wil graag die volgende persone en instansies baie hartlik bedank:

Aan professor Ben de Klerk, vir vinnige, raak en kritiese terugvoer wat ook altyd 'n woord van bemoediging bevat het. Ek het net die hoogste agting vir jou insig en werkywer.

Professor Faans Steyn van die PU vir CHO se statistiese konsultasiediens het 'n flink diens verskaf en vinnig en vriendelik op vele navrae gereageer.

Die model wat ondersoek is, is oor 'n tydperk in die praktiese bediening van gemeentes ontdek. Daarom is ek in die eerste plek baie dank verskuldig aan die lidmate van die destydse Johannesburg-Wes-gemeente, asook Bergbron-gemeente. My vorige kollega dr. Johann Oostenbrink het met sy kenmerkende geesdrif en praktykgerigtheid 'n groot impak op my eie bediening gehad en my aan nuwe terreine bekendgestel. Aan die Linden-gemeente vir voorbidding, studieverlof en besondere woorde en dae van bemoediging, sê ek baie dankie. Teenoor my huidige kollegapaar Piet en Mila Venter, is ek baie dankbaar dat julle altyd bereid was om tydens my verlof 'n swaarder las te dra. Julle is vir ons voorbeelde van mense wat die Here ken en dien! Dankie ook aan die lede van my kleingroep, in die besonder Magda Bester, vir julle belangstelling, voorbidding, omgee en tasbare ondersteuning. Ek sonder ook graag vir Martin Potgieter uit wat altyd met opregte vriendskap, rekenaarvaardigheid en tegniese hulp gereed gestaan het, selfs toe ek dit die minste verwag het én die nodigste gehad het. Tjaart Silvis het my ook meer as een keer nuwe moed gegee met sy deeglike kennis en hulpvaardigheid. George en Marichen Lindeque het behalwe vir voorbidding en bemoediging ook hulle vakansiewoonstel gratis tot ons gesin se beskikking gestel sodat ek rustig en gefokus

kon werk. Professor Hannes Els het in die aanvanklike stadium van hierdie studie kosbare raad gegee oor die gebruik en interpretasie van Griekse konstruksies.

Ek was bevoorreg om waardevolle gesprekke met vriende, kollegas en lidmate buite die gemeente te kon hê. Hier dink ek in die besonder aan di. Francois Muller en Louis Buys. Dr. Arnold Smit het gehelp met bronne en praktiese implementering van die Linden-gemeente se roeping, wat vir my 'n belangrike leerervaring was. Aan al die respondente is ek baie dank verskuldig dat julle te midde van besige programme tyd ingeruim het om onderhoude toe te staan en vraelyste in te vul.

Sonder die hulp van die biblioteekvaardiges sou ek nêrens kon kom nie. My aangetroude neef en niggie, Marcel en Cariene Vierbergen het my gehelp met bronne van UNISA se biblioteek, so ook Tanja du Plessis en Heila Olivier van RAU se biblioteek, Gerda van Rooyen van die Ferdinand Postma Biblioteek en die personeel van die TSP se biblioteek.

Die insette en vriendskap van ds. Martin en Anneli Deacon verdien spesiale vermelding. By Martin het ek telkens kosbare advies en bronne gekry. Die wyse waarop jy die groot opdrag uitvoer, was 'n groot inspirasie. Anneli was meer as net 'n noukeurige proefleser en het ook inhoudelike kommentaar gegee wat my baie gehelp het.

Aan my ouers Willie en Rina Pretorius en skoonouers Douwe en Clara de Jonge, is ek baie dank verskuldig vir julle besondere bemoediging en voorbidding.

My eggenote Cynthia en ons kinders Henri en Clara, was vir my 'n vreugde en inspirasie om op skedule te bly en deur te druk. Ek kan ons Here nie genoeg dank nie vir 'n lewensmaat wat biddend drome deel, soveel met beplanning help en onselfsugtige ondersteuning gee.

My innige bede is dat hierdie studie tot seën sal wees vir vele ander in die liggaam van Christus, in die besonder 'n bydrae sal lewer tot hoop en eenheid in ons kerkverband en verdere momentum sal verleen aan die Linden-gemeente se taakspan vir roeping en strategie.

Rooseveltpark

November 2003

## **ABSTRACT**

This study examines a proactive model to determine the calling of the congregation in the edification process. In a postmodern and technocratic society such a model is essential. The proposed model also serves as a frame of reference for evaluating existing models used in the edification process and it is also useful for conflict management.

In this study the method for practical theology developed by Zerfass was used and applied as follows:

- The study consists largely of base theory research of especially 1 Corinthians 1:18-2:16, Philippians 1:9-11 and Matthew 28:18-20.
- The metatheoretical reality examined included an evaluation of two existing models, namely the Willow Creek seeker service strategy and the purpose strategy of Purpose-Driven Ministries. Empirical research was conducted by way of a questionnaire completed by a section of ten South African congregations. The results received were analyzed by the Statistical Consultation Service of the PU for CHE and then interpreted by the researcher.
- Based on the hermeneutical interaction between the base theory and the metatheory, an adjusted practice theory was set up, which includes the proposed model as well as suggestions on the implementation thereof.

The proposed model recommends three keys to the discovery of the congregation's calling, namely the "great focus", the "great commandment" and the "great commission". Conflict management was examined as the context in which these keys appear. By way of Scripture to Scripture comparison it was shown that these keys recur as main themes throughout the Holy Scripture.

The apostle Paul clearly explains his focus or point of departure for building the congregation in 1 Corinthians 2:2: "For I resolved to know nothing while I was with you except Jesus Christ and him crucified". Analysis of research on the sociohistorical background of first century Corinth indicates that 1 Corinthians 1:31 provides the key to understanding the threat of divisions (1 Cor. 1:10) and adversaries (in 2 Cor.) for the Corinthian congregation. Paul contrasts a quest for wisdom, miraculous signs, power and status (cf. 1 Cor 1:22-23) with his focus on preaching Christ the crucified (1 Cor. 2:2), summarised in the expression "word of the cross"(1 Cor. 1:18;



cf. 1:23). The focus on Christ implies that the congregation has a calling to know Christ on a personal level. The congregation that understands this calling is regarded as an alternative faith community living in society under the cross as a sign of sin and weakness on the one hand, and in the power of the Spirit and with the sense (mind) of Christ on the other.

Philippians 1:9-11 was studied as an example of the progressive revelation of the Spirit concerning the great commandment (the second key of the model). A prayer strategy aimed at increased and abundant love is necessary and effective in order to co-operate actively with the disposition (mind/sense and Spirit) of Christ for the advancement of the gospel (cf. Phil. 1:5).


The congregation that discerns what is best (Phil. 1:10) through the abundant love of Christ, subsequently takes the mission set to the church by Christ himself, seriously, namely His great commission (third key). Analysis of the idea of "making disciples" and of "disciple" showed that a disciple is a follower and learner of Christ and can either be a redeemed or unredeemed individual, or a dedicated Christian. Discipleship must be understood as a continuous process. Each step in the process is set out in Matthew 28:18-20. In a study from the book of Acts it was shown how the great commission was successfully implemented in the early church through the power of the Holy Spirit.

In the light of the great focus, the great commandment and the great commission, it was found that both the Willow Creek seeker service strategy and the purpose strategy of Purpose-Driven Ministries have many advantages as models for the edification of the church. There are, however, undeniable flaws that can be attributed to the fact that these models are respectively seeker and purpose driven. Empirical research reveals various flaws in the reformed, the independent and charismatic groupings in terms of understanding and putting into practice the Biblical calling of the congregation.

Flaws in existing models and congregations can be addressed by being clear about the calling of the congregation based on the proper focus and point of departure, the proper disposition and active obedience to the Lord's commission.

In short, because of their affinity and progression, the great focus, the great commandment and the great commission, can be united in a proactive model as keys to guiding congregations in determining their calling and putting it into practice. A congregation that operates according to

this model focuses its attention on Christ as a hermeneutical point of departure in the edification process. Equipped with a prayer strategy for ever-increasing and abundant love, church members actively join hands in promoting the gospel. According to Matthew 28:18-20 the congregation perceives its task as primarily an outwardly orientated process of comprehensive outreach to those outside of the church, incorporation into the congregational community of love, and instruction to put the commands of Jesus into practice in every area of the Kingdom.



# INHOUDSOPGAWE

## VOORWOORD

## ABSTRACT

## UITEENSETTING VAN DIE PROEFSKRIF

## LYS VAN FIGURE

|                                                                                        |     |
|----------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| Figuur 1. Die groot opdrag-trapleer                                                    | 150 |
| Figuur 2. Lewensaar van die liggaam: die verwantskap en progressie tussen die sleutels | 233 |
| Figuur 3. Dwarssnit van die lewensaar van die groeiende gemeente                       | 234 |
| Figuur 4. Van die gemeente na die samelewing                                           | 239 |
| Figuur 5. Warren (2002:130) se voorstelling van die vyf vlakke van verbintenis         | 275 |
| Figuur 6. Die lewensontwikkelingsproses (Warren, 2002:130)                             | 276 |
| Figuur 7. Saddleback Sam (Warren, 2002:170)                                            | 278 |
| Figuur 8. PDM se doelstellings op grond van die groot opdrag                           | 291 |
| Figuur 9. Beginsels, missie en rolverdeling (Covey <i>et al</i> , 1999:125)            | 369 |
| Figuur 10. Moontlike doelstellings in 'n versterkte teorie                             | 371 |
| Figuur 11. Samevatting van die sleutels in die model                                   | 391 |

## HOOFSTUK 1 VERANTWOORDING 1

|            |                                                                                                                                                           |          |
|------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------|
| <b>1.1</b> | <b>Oriëntering</b>                                                                                                                                        | <b>1</b> |
| 1.1.1      | 'n Model wat beginsels en norme bied is inherent noodsaaklik vir praktiese teologiese besinning                                                           | 1        |
| 1.1.2      | Die paradigmaverskuiwing van modernisme na postmodernisme veroorsaak 'n groeiende behoefte aan 'n Bybelse model om die roeping van die gemeente te bepaal | 2        |
| 1.1.3      | Die moderne tegnokratiese samelewing noodsaak 'n model om nuwe bedieningsmetodes en vorme te toets                                                        | 4        |
| 1.1.4      | 'n Model is noodsaaklik om ander modelle te beoordeel                                                                                                     | 6        |

|                                                                                                                  |                                                                                                                                                |           |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| 1.1.5                                                                                                            | Konflik in plaaslike gemeentes en denominasies noodsaak 'n model wat gebruik kan word om die gemeente saam te snoer om een roeping uit te leef | 6         |
| 1.1.6                                                                                                            | Die omskrywing van kernbegrippe                                                                                                                | 7         |
| <b>1.2</b>                                                                                                       | <b>Probleemstelling</b>                                                                                                                        | <b>9</b>  |
| 1.2.1                                                                                                            | Stand van navorsing                                                                                                                            | 9         |
| 1.2.2                                                                                                            | Die navorsingsprobleem                                                                                                                         | 10        |
| 1.2.3                                                                                                            | Afbakening van die studie                                                                                                                      | 10        |
| <b>1.3</b>                                                                                                       | <b>Doelstellings</b>                                                                                                                           | <b>11</b> |
| <b>1.4</b>                                                                                                       | <b>Sentrale teologiese argument</b>                                                                                                            | <b>11</b> |
| <b>1.5</b>                                                                                                       | <b>Vertrekpunte en metode</b>                                                                                                                  | <b>12</b> |
| <b>1.6</b>                                                                                                       | <b>Bibliografiese en ander tegniese aspekte</b>                                                                                                | <b>13</b> |
| <b>AFDELING A: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE</b>                                                                  |                                                                                                                                                | <b>15</b> |
| <b>HOOFSTUK 2 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT PAULUS<br/>SE FOKUS OP CHRISTUS DIE GEKRUISIGDE IN KORINTIËRS</b> |                                                                                                                                                | <b>15</b> |
| <b>2.1</b>                                                                                                       | <b>Inleiding</b>                                                                                                                               | <b>15</b> |
| 2.1.1                                                                                                            | Die noodsaaklikheid van 'n fokus en vertrekpunt vir die ontdekking van die gemeentes se roeping                                                | 15        |
| 2.1.2                                                                                                            | Paulus se basis of vertrekpunt vir sy bediening in Korinte: die fokus op Christus                                                              | 16        |
| 2.1.3                                                                                                            | Die metode wat gevolg word                                                                                                                     | 16        |
| 2.1.4                                                                                                            | 1 en 2 Korintiërs as veld van ondersoek: motivering en afbakening                                                                              | 17        |

|            |                                                                                                                                                      |           |
|------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| <b>2.2</b> | <b>Afdeling een: die hooforsaak wat aanleiding gegee het tot die skryf van 1 en 2 Korintiërs baan die weg vir die fokus op Christus as oplossing</b> | <b>18</b> |
| 2.2.1      | Inleidend: die identiteit van die faksies en die opponente as hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die Korintiese probleem                     | 18        |
| 2.2.2      | Die stigting van die gemeente in die stad Korinte                                                                                                    | 19        |
| 2.2.3      | Paulus, sy agtergrond, opleiding en bekering                                                                                                         | 20        |
| 2.2.4      | Meer vrae as antwoorde oor die faksies en die teenstanders in Korintiërs                                                                             | 23        |
| 2.2.5      | 'n Moontlike eenheidstandpunt oor die sentrale probleem in 1 en 2 Korintiërs?                                                                        | 26        |
| 2.2.6      | Is Paulus nie self besig om te roem en weerspreek hy op dié wyse homself nie?                                                                        | 30        |
| 2.2.7      | Gevolgtrekkings                                                                                                                                      | 32        |
| <b>2.3</b> | <b>Afdeling twee: die fokus op Christus as sleutel om die sentrale probleem in Korintiërs aan te spreek en die gemeente op te bou</b>                | <b>34</b> |
| 2.3.1      | Probleemstelling en werkplan                                                                                                                         | 34        |
| 2.3.2      | Afbakening van diskoerse en identifisering van kernverse                                                                                             | 35        |
| 2.3.3      | Gedagtestruktuur van 1 Korintiërs 1:18–2:16                                                                                                          | 36        |
| 2.3.3.1    | Afleidings uit die gedagtestruktuur                                                                                                                  | 38        |
| 2.3.4      | Wat beteken die frase “woord van die kruis”?                                                                                                         | 40        |
| 2.3.4.1    | Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18                                                                                                          | 40        |
| 2.3.4.1.1  | Gevolgtrekkings uit die sintaktiese ontleding                                                                                                        | 41        |
| 2.3.4.2    | Verskeie betekenisonderskeidings vir “woord” (λόγος)                                                                                                 | 41        |
| 2.3.4.3    | Betekenisonderskeidings van λόγος in die Grieks-Hellenistiese denkwêreld, Philo en die Ou en Nuwe Testament                                          | 41        |
| 2.3.4.4    | Verskeie argumente in 1 Korintiërs 1:18–2:16 belig die frase “woord van die kruis”                                                                   | 43        |
| 2.3.4.4.1  | Die byvoeging van “die kruis” dryf die andersheid van Paulus se λόγος op die spits en verteenwoordig die krag van die Gees (1 Kor. 1:18)             | 43        |
| 2.3.4.4.2  | God het al eeue gelede die mens se wysheid vernietig en doen dit steeds (1 Kor. 1:19–21)                                                             | 45        |

|             |                                                                                                                       |           |
|-------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| 2.3.4.4.3   | Die fokus op Christus: 'n nuwe identiteit vir elkeen wat glo<br>(1 Kor. 1:22–25)                                      | 46        |
| 2.3.4.4.3.1 | Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:22–24                                                                        | 47        |
| 2.3.4.4.4   | God verhef juis die swakke en dwase tot 'n gemeente met nuwe<br>waardes (1 Kor. 1:26–31)                              | 52        |
| 2.3.4.4.5   | “Ek is ook swak en dwaas”: Paulus se fokus in sy bediening aan<br>die gemeente (1 Kor. 2:1–5)                         | 53        |
| 2.3.4.4.6   | Die swakheid van die “woord van die kruis” en krag van die Gees<br>van God in volwassenes in Christus (1 Kor. 2:6–16) | 56        |
| 2.3.4.5     | Samevattend: eenvoud en fokus in Paulus se gebruik van λόγος                                                          | 63        |
| 2.3.4.6     | Gevolgtrekkings oor die frase “woord van die kruis”                                                                   | 64        |
| 2.3.5       | Die fokus op Christus in 1 Korintiërs 3:1–16:24 en in 2 Korintiërs                                                    | 70        |
| 2.3.5.1     | Inleiding                                                                                                             | 70        |
| 2.3.5.2     | Die fokus op Christus in 2 Korintiërs                                                                                 | 71        |
| 2.3.5.3     | Skrifbewyse vir elemente van die fokus op Christus in 1 en 2 Korintiërs                                               | 71        |
| 2.3.5.4     | Twee voorbeelde waar die fokus op Christus die sleutel is om konflik<br>te hanteer (1 Kor. 12–14; 2 Kor. 11–12)       | 72        |
| 2.3.5.4.1   | Inleiding                                                                                                             | 72        |
| 2.3.5.4.2   | Hantering van konflik met sogenaamde “geestelikes” in<br>1 Korintiërs 12–14 (intragroepskonflik)                      | 72        |
| 2.3.5.4.2.1 | Probleme met die verklaring van 1 Korintiërs 12–14                                                                    | 72        |
| 2.3.5.4.2.2 | Die probleem in 1 Korintiërs 12–14 binne die konteks van die brief                                                    | 73        |
| 2.3.5.4.2.3 | Die fokus op Christus as sleutel om die konflik met die “πνευματικοί”<br>te hanteer                                   | 74        |
| 2.3.5.4.3   | Die hantering van konflik met die valse apostels in 2 Korintiërs<br>11 en 12 (intrapersoonlike konflik)               | 77        |
| 2.3.5.4.4   | Samevatting                                                                                                           | 79        |
| 2.3.5.5     | Gevolgtrekkings                                                                                                       | 80        |
| <b>2.4</b>  | <b>Afdeling drie: die fokus op Christus in die res van die Nuwe Testament</b>                                         | <b>82</b> |
| 2.4.1       | Inleiding                                                                                                             | 82        |
| 2.4.2       | Die fokus op Christus in ander Pauliniese geskrifte                                                                   | 82        |
| 2.4.3       | Die fokus op Christus in Hebreërs                                                                                     | 83        |

|                                                                                      |                                                                         |           |
|--------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------|-----------|
| 2.4.4                                                                                | Die fokus op Christus in 1 en 2 Petrus                                  | 84        |
| 2.4.5                                                                                | Die fokus op Christus by Johannes (Op. 5:1–14)                          | 85        |
| 2.4.6                                                                                | Die fokus op Christus in Matteus 11:25 en Matteus 28:18                 | 86        |
| 2.4.7                                                                                | Gevolgtrekkings                                                         | 88        |
| <b>2.5</b>                                                                           | <b>Finale gevolgtrekkings</b>                                           | <b>89</b> |
| <b>2.6</b>                                                                           | <b>Samevatting: basisteoretiese perspektiewe uit die groot fokus</b>    | <b>92</b> |
| <b>HOOFSTUK 3 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT DIE GROOT GEBOD<br/>IN FILIPPENSE</b> |                                                                         | <b>93</b> |
| <b>3.1</b>                                                                           | <b>Inleiding</b>                                                        | <b>93</b> |
| 3.1.1                                                                                | Doel en hipotese                                                        | 93        |
| 3.1.2                                                                                | Die metode wat gevolg word                                              | 93        |
| <b>3.2</b>                                                                           | <b>Afdeling een: die groot gebod in Filippense 1:3–11</b>               | <b>94</b> |
| 3.2.1                                                                                | Die benaming "groot gebod"                                              | 94        |
| 3.2.2                                                                                | Motivering vir die keuse van Filippense om die groot gebod te ondersoek | 95        |
| 3.2.3                                                                                | Samevatting                                                             | 96        |
| 3.2.4                                                                                | Die groot gebod, verwoord in 'n gebed vir toename in oorvloedige liefde | 96        |
| 3.2.4.1                                                                              | Die agtergrond van die brief aan die Filippense                         | 96        |
| 3.2.4.2                                                                              | Tema en struktuur van Filippense                                        | 97        |
| 3.2.4.2.1                                                                            | Inleidend: uiteenlopende verklaringsmetodes                             | 97        |
| 3.2.4.2.2                                                                            | Pretorius se bespreking van Wick                                        | 98        |
| 3.2.4.2.3                                                                            | Davis                                                                   | 99        |
| 3.2.4.2.4                                                                            | Black                                                                   | 99        |
| 3.2.4.2.5                                                                            | Swift                                                                   | 100       |
| 3.2.4.2.6                                                                            | O'Brien                                                                 | 100       |
| 3.2.4.2.7                                                                            | Peterlin                                                                | 101       |
| 3.2.4.2.8                                                                            | Samevattende beoordeling van navorsing en terrein vir verdere ondersoek | 101       |



|               |                                                                                                                                           |            |
|---------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 3.2.4.3       | Die impak van Christus se oorvloedige liefde in Filippense 1:3–8 en 1:9–11                                                                | 103        |
| 3.2.4.3.1     | Inleidend                                                                                                                                 | 103        |
| 3.2.4.3.2     | Die retoriese effek van kohesie in en tussen diskoerse 1:3–8 en 1:9–11                                                                    | 103        |
| 3.2.4.3.2.1   | Herhaling van die “dink-” en “bidbegrippe” en die uitbreidings op κοινωνία                                                                | 103        |
| 3.2.4.3.2.2   | Intimiteit word versterk deur inklusiwiteit                                                                                               | 104        |
| 3.2.4.3.3     | Vers 3–8 meer op mikrovlak                                                                                                                | 105        |
| 3.2.4.3.3.1   | Reeds innige gemeenskap in vers 3–4                                                                                                       | 105        |
| 3.2.4.3.3.2   | Gemeenskap aan die evangelie beskryf daadwerklike aksie (1:5)                                                                             | 105        |
| 3.2.4.3.3.3   | “Gemeenskap” in vers 6–8                                                                                                                  | 106        |
| 3.2.4.3.3.4   | Samevatting: vers 3–8                                                                                                                     | 107        |
| 3.2.4.3.4     | Eksistensiële gemeenskap (κοινωνία) lei tot ’n gebed om nog meer<br>oorvloedige liefde (1:9–11)                                           | 107        |
| 3.2.4.3.4.1   | Sintaktiese ontleding van vers 9–11                                                                                                       | 108        |
| 3.2.4.3.4.2   | Afleidings uit die sintaktiese ontleding                                                                                                  | 109        |
| 3.2.4.3.4.3   | Kernbegrippe in vers 9–11 in samehang met 1:3–8 en die res van die brief                                                                  | 110        |
| 3.2.4.3.4.3.1 | προσεύχομαι (v. 9)                                                                                                                        | 110        |
| 3.2.4.3.4.3.2 | Ἀγάπη ἐν ἑτὶ μᾶλλον καὶ μᾶλλον περισσεύη (v. 9)                                                                                           | 110        |
| 3.2.4.3.4.3.3 | Ἐπίγνωσις ἐν αἰσθήσει (v. 9)                                                                                                              | 111        |
| 3.2.4.3.4.3.4 | Δοκιμάζειν ἐν διαφέροντα (v. 10)                                                                                                          | 112        |
| 3.2.4.3.4.3.5 | Εἰλικρινεῖς ἐν ἀπρόσκοποι (v. 10)                                                                                                         | 113        |
| 3.2.4.3.4.3.6 | Δόξαν ἐν ἑπαινον (v. 11)                                                                                                                  | 113        |
| 3.2.4.3.4.3.7 | Opsomming en interpretasie van semantiese pare                                                                                            | 113        |
| 3.2.4.3.4.4   | Samevatting van 1:9–11 in samehang met 1:3 – 8 en die res van die brief                                                                   | 114        |
| 3.2.5         | Gevolgtrekkings                                                                                                                           | 115        |
| <b>3.3</b>    | <b>Afdeling twee: die verband tussen die gebed om oorvloediger liefde<br/>en die hantering van konflik in die res van die brief</b>       | <b>116</b> |
| 3.3.1         | Inleiding                                                                                                                                 | 116        |
| 3.3.2         | Konflik vorm die agtergrond van elke diskoers in die brief                                                                                | 116        |
| 3.3.3         | Die verband tussen die gebed om oorvloediger liefde en die res van die brief                                                              | 118        |
| 3.3.4         | Die hantering van konflik met persoonlike teenstanders wat die<br>verkondiging van die evangelie misbruik om Paulus te benadeel (1:15–26) | 119        |
| 3.3.4.1       | Die aard van die konflik                                                                                                                  | 119        |

|            |                                                                                                                                                     |            |
|------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 3.3.4.2    | 'n Vergelyking tussen Paulus se reaksie teenoor sy persoonlike teenstanders en die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11                        | 120        |
| 3.3.5      | Die hantering van konflik met teenstanders van die evangelie en tussen gemeentelede wat verdeeld is (1:27–4:9)                                      | 121        |
| 3.3.5.1    | Die aard van die konflik                                                                                                                            | 121        |
| 3.3.5.2    | 'n Vergelyking tussen die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11 en Paulus se reaksie teenoor die dwaalleraars en die wat onder hulle invloed is | 123        |
| 3.3.5.2.1  | Konflik met die teenstanders moet hanteer word deur onderlinge liefde en eenheid met Christus en die evangelie                                      | 123        |
| 3.3.5.2.2  | Die liefdeseenheid bring onderskeidingsvermoë ten opsigte van die teenstanders                                                                      | 125        |
| 3.3.5.3    | 'n Vergelyking tussen die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11 en Paulus se reaksie teenoor Christene in die gemeente wat die eenheid bedreig  | 127        |
| 3.3.5.4    | Die afsluiting van die brief: die Filippense kan self konflik hanteer                                                                               | 129        |
| 3.3.6      | Gevolgtrekkings                                                                                                                                     | 130        |
| <b>3.4</b> | <b>Afdeling drie: 'n Kursoriese vergelyking tussen die bede vir toename in oorvloedige liefde en ander Skrifgedeeltes</b>                           | <b>132</b> |
| 3.4.1      | Inleidend                                                                                                                                           | 132        |
| 3.4.2      | Die groot gebod as sleutel in 1 en 2 Petrus                                                                                                         | 132        |
| 3.4.2.1    | Die konflik waarna 1 en 2 Petrus verwys                                                                                                             | 132        |
| 3.4.2.2    | Liefde as sleutel in 1 en 2 Petrus                                                                                                                  | 133        |
| 3.4.3      | Die groot gebod as sleutel in 1 Johannes                                                                                                            | 134        |
| 3.4.3.1    | Die konflik waarna 1 Johannes verwys                                                                                                                | 134        |
| 3.4.3.2    | Liefde as sleutel in 1 Johannes                                                                                                                     | 134        |
| 3.4.4      | Gevolgtrekkings                                                                                                                                     | 136        |
| <b>3.5</b> | <b>Finale gevolgtrekkings</b>                                                                                                                       | <b>137</b> |
| <b>3.6</b> | <b>Samevatting: basisteoretiese perspektiewe uit die groot gebod in Filippense</b>                                                                  | <b>138</b> |

|                   |                                                                                     |            |
|-------------------|-------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <b>HOOFSTUK 4</b> | <b>BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT DIE GROOT OPDRAG</b>                            | <b>141</b> |
| <b>4.1</b>        | <b>Inleiding</b>                                                                    | <b>141</b> |
| 4.1.1             | Doel van hierdie hoofstuk                                                           | 141        |
| 4.1.2             | Die metode wat gevolg word                                                          | 141        |
| <b>4.2</b>        | <b>Afdeling een: die betekenis van die groot opdrag</b>                             | <b>142</b> |
| 4.2.1             | Die benaming groot opdrag en die keuse van die groot opdrag as derde sleutel        | 142        |
| 4.2.2             | Motivering vir Matteus 28:16–20 as perikoop om die groot opdrag te ondersoek        | 143        |
| 4.2.3             | Samevatting                                                                         | 144        |
| 4.2.4             | Ontleding van die groot opdrag volgens Matteus 28:18–20                             | 144        |
| 4.2.4.1           | Skrywer, geadresseerdes, boodskap en inhoudelike struktuur van Matteus              | 144        |
| 4.2.4.2           | Sintaktiese ontleding van Matteus 28:18–20                                          | 146        |
| 4.2.4.3           | 'n Voorstelling van die groot opdrag                                                | 150        |
| 4.2.4.4           | Die betekenis van die begrippe "dissipel-maak" en "dissipelskap"                    | 151        |
| 4.2.4.4.1         | Inleidend: vrae oor dissipelskap                                                    | 151        |
| 4.2.4.4.2         | Verwarring oor die vraag wat 'n "dissipel" is                                       | 151        |
| 4.2.4.4.3         | Dissipelskap en verlossing moet onderskei word                                      | 156        |
| 4.2.4.4.4         | "Dissipelskap" en "dissipel-maak" is 'n proses                                      | 158        |
| 4.2.4.4.5         | Die praktiese implikasies van dissipelskap as proses                                | 159        |
| 4.2.4.4.6         | Samevattende definisie van die "dissipel-maakproses"                                | 160        |
| 4.2.5             | Gevolgtrekkings                                                                     | 161        |
| 4.2.6             | Dissipelskap as proses word verder belig deur die wyse waarop dissipels gemaak word | 163        |
| 4.2.6.1           | Inleiding                                                                           | 163        |
| 4.2.6.2           | Gaan oor die grense – die betekenis van "nasies" (SP 1)                             | 163        |
| 4.2.6.3           | Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees! (SP 2)        | 164        |

|            |                                                                                                                                        |            |
|------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 4.2.6.3.1  | Inleiding                                                                                                                              | 164        |
| 4.2.6.3.2  | Sewe stellings oor die betekenis van die woorde “doop hulle (SP 2a) in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”(SP 2b)  | 164        |
| 4.2.6.3.3  | Samevatting: die doop van dissipels in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees in SP 2a en SP 2b                        | 172        |
| 4.2.6.4    | Leer hulle om alles te onderhou wat Jesus beveel het (SP 3)                                                                            | 173        |
| 4.2.6.4.1  | Inleiding                                                                                                                              | 173        |
| 4.2.6.4.2  | Die betekenis van die begrip “leer hulle” (SP 3a) word verder belig deur “om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (SP 3b)        | 174        |
| 4.2.6.4.3  | Die koninkryk as terrein waarop Jesus se bevel “onderhou” moet word – die verhouding tussen dissipelskap en die kultuuropdrag          | 176        |
| 4.2.6.5    | Samevattend: die verhouding tussen SP 3 en SP 1, 2 help om SP 3 te verstaan                                                            | 181        |
| 4.2.6.6    | Die motivering vir die uitvoering van die groot opdrag                                                                                 | 181        |
| 4.2.6.6.1  | Inleidend                                                                                                                              | 181        |
| 4.2.6.6.2  | “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (IND 1)                                                                            | 182        |
| 4.2.6.6.3  | “En kyk Ek is met julle, al die dae, tot aan die voleinding van die eeue” (IND 2)                                                      | 183        |
| 4.2.6.7    | Ander verbandhoudende sake onmiddellik voor en na die perikoop belig die groot opdrag                                                  | 185        |
| 4.2.6.7.1  | Beskikbaarheid                                                                                                                         | 185        |
| 4.2.6.7.2  | Aanbid Jesus in geloof sonder om te twyfel                                                                                             | 185        |
| 4.2.6.8    | Gevolgtrekkings                                                                                                                        | 186        |
| <b>4.3</b> | <b>Afdeling twee: die groot opdrag neem verdere vorm aan in die geskiedenis van die eerste gemeentes</b>                               | <b>189</b> |
| 4.3.1      | Inleiding                                                                                                                              | 189        |
| 4.3.2      | Hermeneutiese vertrekpunte vir die verklaring van die boek Handeling                                                                   | 189        |
| 4.3.3      | Die Heilige Gees is die krag vir die groot opdrag (IND 1 en IND 2), vir die oorsteek van grense (SP 1) en vir lering (SP 3)            | 191        |
| 4.3.4      | Die waardes van 'n gemeente wat gehoorsaam is aan die groot opdrag: die verband tussen Handeling 2:42, 47 en Matteus 28:18–20 (SP 1–3) | 192        |

|            |                                                                                                                 |            |
|------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 4.3.5      | Handelinge 1:8 definieer dissipels as “getuies” en bied ’n program vir die oorsteek van grense (SP1)            | 193        |
| 4.3.6      | “Doopt hulle” (SP 2) gaan in vervulling in die geskiedenis van die vroeë kerk                                   | 196        |
| 4.3.6.1    | Inleiding                                                                                                       | 196        |
| 4.3.6.2    | Doopt met die Gees as “God se kant” van die verbond (Handelinge 1:5)                                            | 196        |
| 4.3.6.3    | Doopt as teken van bekering en antwoord op die “doopt met die Heilige Gees” (Hand. 2:37–39)                     | 197        |
| 4.3.6.4    | Jesus “doopt” ook in Samaria en “die uithoeke” (Hand. 8:14–17; 10:44–48; 19:1–7)                                | 199        |
| 4.3.6.5    | Die doopt van individue en huisgesinne (Hand. 8:26–39; 9:18; 16:15, 31–33; 18:8)                                | 201        |
| 4.3.6.6    | “Doopt hulle” volg op “gaan oor die grense” – geen verloop van tyd om eers dissipels te leer nie                | 202        |
| 4.3.6.7    | Samevatting                                                                                                     | 203        |
| 4.3.7      | Tekens en wonders bevestig die lering (SP 3) van die dissipels                                                  | 203        |
| 4.3.8      | Samevatting: die groot opdrag word in Handelinge verder uitgevoer                                               | 204        |
| 4.3.9      | Om oor die grense te gaan (SP 1) bring konflik vir die dissipels en in die eerste gemeentes                     | 205        |
| 4.3.9.1    | Inleiding                                                                                                       | 205        |
| 4.3.9.2    | Jesus is betrokke by konflik wanneer grense oorgegaan word                                                      | 205        |
| 4.3.9.3    | Intragroepskonflik nadat grense na “die uithoeke” oorgesteek is open nuwe geleenthede in die plaaslike gemeente | 206        |
| 4.3.9.4    | Petrus en Christene van Jerusalem: konflik wanneer grense oorgesteek word na “Jerusalem” en “die uithoeke”      | 208        |
| 4.3.9.5    | Paulus se konflik met Jode en nie-Jode as dissipel van die Here na “die uithoeke van die wêreld”                | 210        |
| 4.3.10     | Konflik oor leerinhoud (SP 3) – dwaalleer in die gemeente van Antiochië                                         | 212        |
| 4.3.11     | Gevolgtrekkings                                                                                                 | 212        |
| <b>4.4</b> | <b>Afdeling drie: die groot opdrag in die res van die Skrif</b>                                                 | <b>216</b> |
| 4.4.1      | Inleiding                                                                                                       | 216        |
| 4.4.2      | Waarom is die benaming “dissipel” afwesig ná die boek Handelinge?                                               | 216        |
| 4.4.3      | Genesis 12 lui die groot opdrag in die res van die Skrif in                                                     | 217        |

|                                                                                                                 |                                                                                                                                              |            |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 4.4.4                                                                                                           | Daniël 7:13–14                                                                                                                               | 219        |
| 4.4.5                                                                                                           | Die groot opdrag in Johannes 20:19–23                                                                                                        | 220        |
| 4.4.6                                                                                                           | Die groot opdrag in die Briewe – die relevansie van Efesiërs 4:3–6<br>vir SP 2 en 2 Timoteus 2:2 vir SP 3                                    | 221        |
| 4.4.7                                                                                                           | Gevolgtrekkings                                                                                                                              | 222        |
| <b>4.5</b>                                                                                                      | <b>Finale gevolgtrekkings</b>                                                                                                                | <b>223</b> |
| <b>4.6</b>                                                                                                      | <b>Samevatting: basisteoretiese perspektiewe uit die groot opdrag</b>                                                                        | <b>225</b> |
| <b>HOOFSTUK 5 DIE VERWANTSKAP EN PROGRESSIE TUSSEN DIE GROOT<br/>FOKUS, DIE GROOT GEBOD EN DIE GROOT OPDRAG</b> |                                                                                                                                              | <b>229</b> |
| <b>5.1</b>                                                                                                      | <b>Inleiding</b>                                                                                                                             | <b>229</b> |
| <b>5.2</b>                                                                                                      | <b>Basisteoretiese perspektiewe uit die groot fokus, die groot gebod<br/>en die groot opdrag</b>                                             | <b>230</b> |
| <b>5.3</b>                                                                                                      | <b>Die verwantskap en progressie tussen die drie sleutels</b>                                                                                | <b>234</b> |
| <b>5.4</b>                                                                                                      | <b>Hoe die gemeente met die sleutels in die samelewing en wêreld<br/>funksioneer</b>                                                         | <b>238</b> |
| <b>5.5</b>                                                                                                      | <b>Samevatting: die verwantskap en progressie tussen die sleutels</b>                                                                        | <b>240</b> |
| <b>5.6</b>                                                                                                      | <b>Finale basisteoretiese perspektiewe uit die verwantskap en progressie<br/>tussen die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag</b> | <b>240</b> |

|                                                                                                                                   |            |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <b>AFDELING B: METATEORETIESE GEGEWENS</b>                                                                                        | <b>243</b> |
| <b>HOOFSTUK 6 ONTLEDING VAN STRATEGIEË</b>                                                                                        | <b>243</b> |
| <b>6.1 Inleiding</b>                                                                                                              | <b>243</b> |
| 6.1.1 Situasië-analise in die lig van die basisteorie                                                                             | 243        |
| 6.1.2 Doel van die ontleding van metateoretiese gegewens                                                                          | 243        |
| 6.1.3 Die metode wat gevolg word                                                                                                  | 244        |
| 6.1.4 Motivering vir die spesifieke keuse van die vergelykbare modelle                                                            | 245        |
| <b>6.2 Die Willow Creek-assosiasie se soekdiensstrategie</b>                                                                      | <b>245</b> |
| 6.2.1 Inleidend: Willow Creek en die soekdiensbeweging                                                                            | 245        |
| 6.2.2 Navorsing oor Willow Creek                                                                                                  | 246        |
| 6.2.3 Eienskappe van die WCS                                                                                                      | 247        |
| 6.2.4 Die verloop van die proses van die WCS                                                                                      | 249        |
| 6.2.5 Positiewe waardering van die WCS                                                                                            | 252        |
| 6.2.5.1 Inleiding                                                                                                                 | 252        |
| 6.2.5.2 Die WCS en die verkondiging van Christus die gekruisigde                                                                  | 252        |
| 6.2.5.3 Die WCS gee praktiese uitvoering aan die groot gebod                                                                      | 252        |
| 6.2.5.4 Die WCS gee praktiese uitvoering aan die groot opdrag                                                                     | 253        |
| 6.2.5.5 Samevatting                                                                                                               | 255        |
| 6.2.6 Tekortkominge in die WCS                                                                                                    | 255        |
| 6.2.6.1 Inleiding                                                                                                                 | 255        |
| 6.2.6.2 Is die fokus op die buitekerklike 'n Skriftuurlike fokus?                                                                 | 256        |
| 6.2.6.3 Oorreaksie teen die soekmodel negeer die belang van relevansie                                                            | 259        |
| 6.2.6.4 Die belangrikste kritiek: slaag die soekmodel daarin om die lewens- en wêreldbeskouing van die buitekerklike te verander? | 260        |
| 6.2.6.5 Nader ontleding van tekortkominge wat inherent is aan 'n verkeerde fokus                                                  | 262        |
| 6.2.6.5.1 Die versoeking om doelbewus en selfbewus 'n goeie reputasie ("image") by die buitekerklike te probeer skep              | 262        |
| 6.2.6.5.2 Begrippe en kategorieë uit die sielkunde kan nadelig wees                                                               | 264        |
| 6.2.6.5.3 Die gevare van 'n bemakingstrategie om die buitekerklike te bereik                                                      | 265        |

|            |                                                                                                                                                  |            |
|------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 6.2.6.5.4  | Word Christendissipels genoegsaam bereik?                                                                                                        | 269        |
| 6.2.6.6    | Samevatting                                                                                                                                      | 270        |
| 6.2.7      | Gevolgtrekkings                                                                                                                                  | 271        |
| <b>6.3</b> | <b>Purpose-Driven Ministries en die doelstellingstrategie</b>                                                                                    | <b>272</b> |
| 6.3.1      | Inleidend: Saddleback en PDM                                                                                                                     | 272        |
| 6.3.2      | Eienskappe en proses van PDM                                                                                                                     | 273        |
| 6.3.3      | Postiewe waardering van PDM                                                                                                                      | 279        |
| 6.3.3.1    | Inleiding                                                                                                                                        | 279        |
| 6.3.3.2    | Die belangrikheid van doelstellings gekoppel aan die groot gebod en die groot opdrag                                                             | 280        |
| 6.3.3.3    | PDM en die groot fokus                                                                                                                           | 281        |
| 6.3.3.4    | PDM en die groot gebod en die groot opdrag                                                                                                       | 282        |
| 6.3.3.5    | Samevatting                                                                                                                                      | 285        |
| 6.3.4      | Tekortkominge in PDM se doelstellingstrategie                                                                                                    | 285        |
| 6.3.4.1    | Inleiding                                                                                                                                        | 285        |
| 6.3.4.2    | Oordrewe fokus op doelstellings en 'n proses                                                                                                     | 286        |
| 6.3.4.3    | Onvoldoende teologiese begroning vir PDM se vyf doelstellings                                                                                    | 287        |
| 6.3.4.3.1  | Inleiding                                                                                                                                        | 287        |
| 6.3.4.3.2  | Algemene kritiek op Warren se Skrifhantering                                                                                                     | 288        |
| 6.3.4.3.3  | Kritiek op die wyse waarop doelstellings 3–5 op die groot opdrag gebaseer word                                                                   | 291        |
| 6.3.4.3.4  | Samevatting                                                                                                                                      | 294        |
| 6.3.4.4    | Beoordeling van die strategie om 'n homogene teikengroep volgens 'n persoonlike profiel te identifiseer                                          | 295        |
| 6.3.4.4.1  | Inleidend: die werklikheid van etniese, taal-en kultuurverskille noodsaak strategiese besinning                                                  | 295        |
| 6.3.4.4.2  | Tekortkominge in PDM se fundering vir die teikengroepstrategie aan die hand van 'n persoonlike profiel                                           | 297        |
| 6.3.4.4.3  | Beoordeling van PDM se teikengroepstrategie aan die hand van 'n persoonlike profiel, in die lig van die groot fokus, groot gebod en groot opdrag | 299        |



|           |                                                                                                                                                           |            |
|-----------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 6.3.4.4.4 | Samevattend: bevindings en voorstelle vir die beoordeling van PDM se teikengroepbenadering                                                                | 304        |
| 6.3.5     | Gevolgtrekkings                                                                                                                                           | 304        |
| 6.4       | <b>Finale gevolgtrekkings uit die metateoretiese gegewens oor die WCS en PDM as voorbeelde om die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A te toets</b> | <b>307</b> |
|           | <b>HOOFSTUK 7 EMPIRIESE GEGEWENS</b>                                                                                                                      | <b>309</b> |
| 7.1       | <b>Inleidend: doel en metode</b>                                                                                                                          | <b>309</b> |
| 7.2       | <b>Vraelys op grond van die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A</b>                                                                                | <b>310</b> |
| 7.2.1     | Beskrywing van die gemeentes in groep een en twee                                                                                                         | 310        |
| 7.2.2     | Metode en veld van ondersoek                                                                                                                              | 311        |
| 7.2.3     | Vrae wat gehandel het oor die groot fokus                                                                                                                 | 312        |
| 7.2.4     | Vrae wat gehandel het oor die groot gebod                                                                                                                 | 313        |
| 7.2.5     | Vrae wat gehandel het oor die groot opdrag                                                                                                                | 314        |
| 7.3       | <b>Resultate van die vraelys</b>                                                                                                                          | <b>317</b> |
| 7.3.1     | Metode                                                                                                                                                    | 317        |
| 7.3.2     | Resultate van vrae wat spesifieke antwoorde vereis het en nie by wyse van die gemiddeld van die skaal uitgedruk kan word nie                              | 318        |
| 7.3.3     | Gemiddeldes by vrae op skale                                                                                                                              | 320        |
| 7.3.4     | Antwoorde oor die verband tussen uitreiking en die verbond (vraag 10)                                                                                     | 321        |
| 7.3.5     | Die program vir die uitreiking van die gemeente, afgelei uit Handeling 1:8 (SP 1, vraag 11 – 14)                                                          | 322        |
| 7.3.6     | Die onmiddellike konteks van die doopsformulier se bewoording “ek doop jou in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees” (SP 1, SP 2, vraag 15 A – C)  | 324        |
| 7.3.7     | Die plek van die doop in die uitreikingstrategie (SP 1, 2, vraag 17)                                                                                      | 325        |
| 7.3.8     | Antwoorde oor “wederdoop” en “grootdoop” (SP 2; vraag 18 en 19)                                                                                           | 326        |

|            |                                                                                                                                                                 |            |
|------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 7.3.9      | Antwoorde oor die mate waarin die prediking daarin slaag om rekening te hou met waar hoorders hulleself in die proses van dissipelskap bevind (SP 3b, vraag 21) | 329        |
| 7.3.10     | Kommentaar oor moontlike spanning tussen die groot opdrag en die kultuuropdrag (SP 3, vraag 23)                                                                 | 330        |
| <b>7.4</b> | <b>Beoordeling van die resultate volgens die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A</b>                                                                     | <b>331</b> |
| 7.4.1      | Inleiding                                                                                                                                                       | 331        |
| 7.4.2      | Beoordeling van resultate wat handel oor die groot fokus                                                                                                        | 331        |
| 7.4.2.1    | Die fokus van die leierskap (vraag 1)                                                                                                                           | 331        |
| 7.4.2.2    | In watter mate is Christelike gemeentes geloofsgemeenskappe met alternatiewe waardes, leer en lewe? (vraag 2)                                                   | 333        |
| 7.4.2.3    | Sekerheid in Christus wat verkondig word, in plaas van relativisme (vraag 3)                                                                                    | 333        |
| 7.4.2.4    | Die styl van leierskap (vraag 4)                                                                                                                                | 333        |
| 7.4.3      | Beoordeling van resultate wat handel oor die groot gebod                                                                                                        | 334        |
| 7.4.3.1    | Onderlinge verhoudinge en atmosfeer in die gemeente (vraag 5)                                                                                                   | 334        |
| 7.4.3.2    | Praktiese deelname aan die bevordering van die evangelie deur bedienings van lidmate (vraag 6)                                                                  | 334        |
| 7.4.3.3    | Gebed as strategie in die gemeentes en kerkverband (vraag 7)                                                                                                    | 334        |
| 7.4.4      | Beoordeling van resultate wat handel oor die groot opdrag                                                                                                       | 335        |
| 7.4.4.1    | Die bekendheid en betekenis van die woord dissipel (vraag 8 en 9)                                                                                               | 335        |
| 7.4.4.2    | Die verhouding tussen verbond en uitreiking (SP 1, vraag 10, 15 en 17)                                                                                          | 336        |
| 7.4.4.3    | Die uitreikprogram van die gemeente (SP 1, vraag 11–14)                                                                                                         | 337        |
| 7.4.4.4    | Doop binne die konteks van dissipelskap (SP 2, vraag 16 – 19)                                                                                                   | 338        |
| 7.4.4.5    | Dissipels moet verder onderrig word om die Woord in elke sfeer van die lewe toe te pas (SP 3, vraag 20–23)                                                      | 341        |
| 7.4.5      | Samevatting                                                                                                                                                     | 342        |
| <b>7.5</b> | <b>Gevolgtrekkings</b>                                                                                                                                          | <b>343</b> |

|                                                                                                                                          |            |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <b>AFDELING C: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE</b>                                                                                        | <b>347</b> |
| <b>HOOFSTUK 8 MODEL EN RIGLYNE VIR AANBIEDING</b>                                                                                        | <b>347</b> |
| <b>8.1 Inleidend: doel en metode</b>                                                                                                     | <b>347</b> |
| <b>8.2 Afdeling een: praktykteoretiese riglyne volgens die groot fokus, groot gebod en groot opdrag</b>                                  | <b>347</b> |
| 8.2.1 Inleiding                                                                                                                          | 347        |
| 8.2.2 Die groot fokus as sleutel in 'n model om die roeping van die gemeente te bepaal                                                   | 348        |
| 8.2.2.1 Metateoretiese gegewens oor die fokus van die leierskap                                                                          | 348        |
| 8.2.2.2 Praktykteoretiese perspektiewe oor die fokus van die leierskap en die gemeente                                                   | 349        |
| 8.2.2.3 Metateoretiese gegewens oor die mate waarin gemeentes daarin slaag om 'n alternatiewe gemeenskap te vorm                         | 351        |
| 8.2.2.4 Praktykteoretiese perspektiewe oor die verhouding tussen die groot fokus en die gemeente as alternatiewe gemeenskap              | 352        |
| 8.2.3 Die groot gebod as sleutel in 'n model om die roeping van die gemeente te bepaal                                                   | 352        |
| 8.2.3.1 Metateoretiese gegewens oor 'n liefdevolle gesindheid en atmosfeer asook betrokkenheid by bedienings wat die evangelie bevorder  | 352        |
| 8.2.3.2 Praktykteoretiese perspektiewe oor die groot gebod                                                                               | 353        |
| 8.2.4 Die groot opdrag as sleutel in 'n model om die roeping van die gemeente te bepaal                                                  | 354        |
| 8.2.4.1 Metateoretiese gegewens oor die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel/ dissipelskap en die verband met "doop hulle ..." (SP 2) | 354        |
| 8.2.4.2 Praktykteoretiese perspektiewe oor die definisie van dissipelskap – die verband met SP 2                                         | 354        |
| 8.2.4.3 Empiriese navorsing oor uitreiking (SP 1) as eerste stap in die proses van die groot opdrag                                      | 356        |
| 8.2.4.4 Praktykteoretiese perspektiewe oor uitreiking (SP 1) as eerste stap in die proses van die groot opdrag                           | 356        |

|            |                                                                                                                                                     |            |
|------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| 8.2.4.5    | Metateoretiese gegewens oor "leer hulle ..." (SP 3) as derde stap in die proses van die groot opdrag                                                | 357        |
| 8.2.4.6    | Praktykteoretiese perspektiewe oor "leer hulle ..." (SP 3) as derde stap in die proses van die groot opdrag                                         | 358        |
| 8.2.4.7    | Metateoretiese gegewens oor leemtes in die motivering vir die uitvoering van die groot opdrag                                                       | 359        |
| 8.2.4.8    | Praktykteoretiese perspektiewe oor die motivering vir die groot opdrag                                                                              | 359        |
| 8.2.5      | Samevattende beskrywing van die model                                                                                                               | 360        |
| <b>8.3</b> | <b>Afdeling twee: bykomende voorstelle vir die praktiese aanbieding van die groot fokus, groot gebod en groot opdrag as sleutels in 'n model</b>    | <b>362</b> |
| 8.3.1      | Inleiding                                                                                                                                           | 362        |
| 8.3.2      | Illustreer dat die voorkoms van konflik die noodsaaklikheid van 'n model beklemtoon wanneer daar konflik in die plaaslike gemeente voorkom          | 363        |
| 8.3.3      | Beklemtoon vooraf dat die model ontwerp is om die gemeente te help om 'n Skriftuurlike roeping te bepaal waarbinne verdere strategieë kan ontwikkel | 365        |
| 8.3.4      | Voorgestelde doelstellings volgens die groot fokus, groot gebod en groot opdrag                                                                     | 369        |
| 8.3.4.1    | Inleidend: waak teen die verabsoluttering van spesifieke doelstellings                                                                              | 369        |
| 8.3.4.2    | Moontlike doelstellings op grond van die groot fokus en die groot gebod                                                                             | 370        |
| 8.3.4.3    | Moontlike doelstellings op grond van die groot opdrag en die gesamentlike voorstelling van al die doelstellings                                     | 370        |
| 8.3.5      | Gerekenariseerde visuele materiaal is beskikbaar                                                                                                    | 372        |
| 8.3.6      | 'n Voorbeeld van die aanbieding van die groot opdrag in kleingroepe                                                                                 | 374        |
| 8.3.7      | Die voorstelling van die drie sleutels in 'n simbool                                                                                                | 377        |
| 8.3.8      | Omskrywing van die roeping van die gemeente in een sin                                                                                              | 379        |
| 8.3.9      | Verdere implementering van die model deur middel van 'n taakspan vir roeping en strategie                                                           | 379        |
| 8.3.10     | Samevatting                                                                                                                                         | 382        |
| <b>8.4</b> | <b>Gevolgtrekkings</b>                                                                                                                              | <b>382</b> |

|                     |                                                                                                                                |            |
|---------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------|
| <b>HOOFSTUK 9</b>   | <b>SAMEVATTING</b>                                                                                                             | <b>385</b> |
| <b>9.1</b>          | <b>Algemene opmerkings oor noodsaaklikheid, probleemstelling, doel en metode</b>                                               | <b>385</b> |
| <b>9.2</b>          | <b>Samevatting van die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A</b>                                                          | <b>387</b> |
| <b>9.3</b>          | <b>Samevattende sketsmatige voorstelling van die drie sleutels in 'n model</b>                                                 | <b>390</b> |
| <b>9.4</b>          | <b>Die verwantskap en progressie tussen die sleutels in die gemeenteboumodel</b>                                               | <b>392</b> |
| <b>9.5</b>          | <b>Samevatting van die metateorie: kritiese ondersoek van twee modelle vir gemeentebou en empiriese navorsing (afdeling B)</b> | <b>394</b> |
| <b>9.6</b>          | <b>Samevatting van die praktykteorie (afdeling C)</b>                                                                          | <b>397</b> |
| <b>9.7</b>          | <b>Finale gevolgtrekkings</b>                                                                                                  | <b>399</b> |
| <b>9.8</b>          | <b>Terreine vir verdere navorsing</b>                                                                                          | <b>400</b> |
| <b>BIBLIOGRAFIE</b> |                                                                                                                                | <b>401</b> |

# HOOFSTUK 1

## VERANTWOORDING

### 1.1 Oriëntering

#### 1.1.1 'n Model wat beginsels en norme bied is inherent noodsaaklik vir praktiese teologiese besinning

Stadelmann (1998:219) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat praktiese teologie prakties moet wees. In wese behoort alle teologie prakties te wees:

Theology, properly practiced, is born out of a practical pursuit of the fear of the Lord. It has the practical aim of glorifying God and serving his people; and it is done in the quite practical attitude of obedience in investigating, teaching, and defending the revelation of God. It is necessitated by practical challenges, done in a practically spiritual attitude, and should serve practical aims (Stadelmann, 1998:220).

Stadelmann (1998:222) toon verder aan dat praktiese teologie die taak het om bestaande praktyke in kerke te ondersoek. Om laasgenoemde ondersoek te kan doen, is duidelike beginsels en norme noodsaaklik. Norme kan nie primêr op grond van wat suksesvol is, vasgestel word nie, ook nie uit die geskiedenis nie en ook nie uit die sosiale wetenskappe nie (Stadelmann, 1998:223, 224). Volgens Stadelmann behoort hierdie norme vasgestel te word uit die Bybelse ekklesiologie (Stadelmann, 1998:225). "In order to have a firm basis for a renewed church practice, practical theology first of all needs to have a full and thorough understanding of the NT teaching about the church" (Stadelmann, 1998:227).

Die beginsels en norme van die Nuwe Testamentiese gemeente moet voortdurend gebruik word om die moderne kerk te reformeer (Fendt, aangehaal deur Stadelmann, 1998:227). Aangesien die bestaande kerk voortdurend verander en steeds baie gedoen kan word om die Nuwe Testamentiese kerk te ontgin, sal die ontwikkeling van nuwe modelle inherent noodsaaklik bly vir die praktiese teologie:

... practical theology stands before the task of applying the insights gained from the study of the apostolic church to the empirical situation of the church of today in order to start the process of a cautious and wise transformation of the latter in the direction of the former. Practical theology is not an advocate of the status quo, nor of mere tradition, nor of human utopia. As theory between practice of lower quality and practice of higher quality it is an advocate of reformational processes which derive their norm from the Word of God in general, and from NT ecclesiology in particular (Stadelmann, 1998:229).

### **1.1.2 Die paradigroverskuiwing van modernisme na postmodernisme veroorsaak 'n groeiende behoefte aan 'n Bybelse model om die roeping van die gemeente te bepaal**

Vorster (1999:99–119) beskryf die invloed van paradigroverskuiwings op die kerke en die gevolglike bedieningsmilieu. Hy onderskei tussen makro-, meso- en mikroparadigroverskuiwings en tipeer die oorgang wat besig is om van modernisme na postmodernisme plaas te vind, as 'n makroparadigroverskuiwing (Vorster, 1999:102, 103). Met die koms van die postmodernisme is daar wins en verlies vir die kerke en nuwe geleenthede vir die praktiese teologie. Die waarde van postmodernisme is dat spiritualiteit en godsdiens weer openlik in die samelewing as diepste essensie van menswees erken word (Vorster, 1999:105). Ander voordele is dat ruimte vir menslike ervaring geskep word en dat elke mens sy eie besluite moet neem (Vorster, 1999:105,107). Postmodernisme veroorsaak ook 'n groeiende verzet teen institusionalisme en formalisme en daar is opnuut 'n hunkering na belewing in kleiner gemeenskappe en 'n terugkeer na eenvoud (Vorster, 1999:110; vgl. Müller, 2001:8).

Uit bostaande opsomming van Vorster se beskrywing van die werklikheid waarin gemeentes hulleself bevind, volg reeds die noodsaaklikheid dat die gemeente 'n eie roeping moet ontdek. Met verwysing na Toffler, verduidelik Vorster hoe postmodernisme die belangrikheid van die plaaslike gemeente sal laat toeneem. Die instituutmodel sal al hoe meer plek moet maak vir nuwe bedieningsmodelle (Vorster, 1999:110–112). Insigte uit die Skrif sal opnuut noodsaaklik wees in die plaaslike gemeente:

Die klem verskuif na die gesag van die plaaslike kerk en in die plaaslike kerk van die kerkraad na die gemeente ... Die GKSA gaan in die volgende dekades deeglik te doen kry met die verzet, sowel in kerkbeskouing as in kerkbelewing, teen die instituutmodel met sy institusionalisme en formalisme. Op grond van insigte wat die Skrif en belydenis aangaande die kerk stel, sal hierdie verzet effektief in die toekoms geakkommodeer moet word ... Die plaaslike gemeente sal weer tot sy reg moet kom en daar

moet gewaak word teen sinodalisme waarin die vryheid van die plaaslike kerk ingeperk word (Vorster, 1999:110, 111).

'n Model wat sleutels uit die Skrif ontgin, kan dus van groot waarde wees om gemeentes te help om self en opnuut hulle roeping te bepaal.

Ook die nadele van die invloed van postmodernisme noodsaak sleutels uit die Skrif. Hoewel postmodernisme spiritualiteit en gemeenskapsbeleving in ere herstel, word Bybelse spiritualiteit slegs gesien as een van verskeie vorme (Vorster, 1999:107). Die uniekheid van die Skrif word bevraagteken en die missionêre roeping van die kerk en die gelowige word as geestelike paternalisme beskou en as aktiwiteite wat nie tuis hoort in 'n godsdienstvriendelike en verdraagsame klimaat nie. Relativisme is die wagwoord (Vorster, 1999:113).

In hierdie studie word moontlike sleutels in 'n model ondersoek wat as gevolg van laasgenoemde eienskappe van die postmodernisme nie gewild in die samelewing sal wees nie. Die bedoeling is dat die sleutels die gemeente sal begelei om 'n *alternatiewe* gemeenskap in die samelewing te vorm. Tog sal aangetoon word hoe gemeentes juis dan hulle missionêre roeping effektief sal kan nakom.

Samevattend kan gestel word dat die makroverskuiwing na postmodernisme 'n model noodsaak wat op beginselvlak diensbaar kan wees vir reformasie in die plaaslike gemeente (Vorster, 1999:116). Reformasie impliseer bekering in die plaaslike gemeente. Vir die kerk begin verandering by bekering en dat "ons onself leer sien soos ons werklik is voor die aangesig van die lewende God" (Hendriks, 1996:499). Die verandering van modernisme na postmodernisme bied opwindende nuwe moontlikhede vir reformasie en bekering:

In so 'n verskuiwing is die klimaat vir reformasie besonder gunstig. Die kerk word gedwing om sy erfenis weer na waarde te skat. Kerklike introspeksie is onvermydelik, maar 'n herwaarding van die vaste beginsels bied nuwe dryfkrag en motivering (Vorster, 1999:115, 116).

Die ontdekking van 'n model wat 'n bydrae kan lewer tot die herwaarding van laasgenoemde vaste beginsels is die doel van hierdie studie.



### **1.1.3 Die moderne tegnokratiese samelewing noodsaak 'n model om nuwe bedieningsmetodes en vorme te toets**

Stott (aangehaal deur Vorster, 1999:112) wys daarop dat die tegnokratiese samelewing wat hoofsaaklik deur die modernisme geskep is, die mens vereensaam het en die postmodernistiese soeke na liefde meegebring het. Laasgenoemde behoefte beklemtoon die behoefte aan die groot gebod as sleutel in 'n model.

Dat die samelewing nie sedert Stott se opmerking minder tegnokraties geword het nie, is duidelik uit die navorsing van Sweet (2001) oor die invloed van die internet en webtuistes op die denke en optrede van mense. Veel meer as net vereensaming is die gevolg van laasgenoemde ontwikkelings.

Sweet (2001:14) reageer hoofsaaklik positief op die veranderinge wat deur rekenaar-tegnologie geskep is en sien homself as 'n immigrant in 'n nuwe wêreld van webtuistes en hulle mense. Sweet verduidelik die impak van laasgenoemde ontwikkelings op die teologie en kerkwees soos volg:

... spirituality is shaped by technology. Always has been. Always will be. The book revolutionized evangelism, liturgy, architecture, even the pastor-parishioner relationship ... Imagine trying to do ministry in the past 500 years and saying, "I don't need to learn how to read". Imagine trying to do ministry in the next 50 years and saying, "I don't need to learn the Web ..." The Internet is connecting people with similar interests to one another on a global scale in a shared communication structure that is open. No matter how quirky or unique your interests ... the Web promises to connect you to kindred spirits in a communications network with a potential we have only begun to comprehend (Sweet, 2001:35, 36, 38).

Die invloed van die ontwikkelings wat Sweet bestudeer het, kan nie net positief beoordeel word nie. Vorster (1999:112) wys daarop dat hoewel selgroepe 'n verskynsel van postmodernisme is wat positief beoordeel kan word, selgroepe buite die kerk, kerkafbrekend is. Met die koms van webtuistes word die breuk met die georganiseerde gemeente nog makliker. In sogenaamde kubergemeentes waarin mense mekaar nie persoonlik hoef te ontmoet nie en selfs sonde aanlyn bely, is die vlak van verbintenis baie laer en makliker verbreekbaar as in die selgroep waar die lede nog in liggaam teenwoordig is (vgl. Jackson, 2003:10; Kucinski, 2001:13; Sweet, 2001:38).

Die koms van rekenaartegnologie het nie alleen 'n invloed op die "omgee"- (mens tot mens) aspek van gemeentes nie. Sweet (2001:53) verwag dat biotegnologiese navorsing sal toeneem en verreikende implikasies sal hê:

We will have the capability of reinventing nature and ourselves. We will struggle with new definitions of individual identity and untold challenges unveiled by this new technology. Hans Moravec, another computer scientist and pioneer of mobile robot research, argues that the human species, through research in artificial life, artificial intelligence, nanotechnology, virtual reality, genetic algorithms, genetic programming, optical, DNA, and quantum computing (as well as other areas not yet conceived), may be obsoletizing itself as the highest point of creation ... Are your children and mine the last to experience the true "human condition"? Are your children destined to be post human? (Sweet, 2001:53).

Sweet (2001:62) wys verder daarop dat breinontwikkeling deur 'n verskeidenheid kulturele faktore, insluitend tegnologie beïnvloed word.

Die toekoms sal leer of Sweet se opmerkings nie maar blote verbeeldingsvlugte was nie. Wat reeds uit die verlede geleer kan word, is dat leierskap in gemeentes te dikwels in 'n snelveranderende samelewing versuim het om proaktief leiding te gee. Te dikwels word gemeentes ook nog as die laaste bastion teen verandering gesien (vgl. Vorster, 1999:108). Die georganiseerde gemeente sal toenemend die ruimte moet word waarin sinduiding in 'n tegnokratiese samelewing kan plaasvind. 'n Proaktiewe model van beginsels om die gemeente se roeping duidelik te maak is daarom noodsaaklik.

Die navorsing van Sweet (2001) is ook noodsaaklik om die lidmate wat toegerus moet word en die buitekerklike wat bereik moet word, beter te verstaan. Aan hierdie aspekte word aandag gegee wanneer die groot opdrag bespreek word.

Laastens moet daar nie uit die oog verloor word dat tegnologiese veranderinge noodwendig ook veranderinge op vorm- of metodevlak in die kerke sal veroorsaak nie. 'n Model om gemeentes te help om nuwe vorme te beoordeel, is derhalwe noodsaaklik.

#### **1.1.4 'n Model is noodsaaklik om ander modelle te beoordeel**

Stadelmann (1998:219) meen dat Amerikaanse praktiese teologie 'n geneigdheid toon om meer pragmaties te wees en te veel gewig te verleen aan insigte uit die sielkunde, sosiologie en bestuurswetenskappe. Daarteenoor is Europese praktiese teologie volgens hom weer geneig om te teoreties te wees (Stadelmann, 1998:219). Verskeie modelle word in gemeentes in Suid-Afrika gebruik. In hierdie studie is slegs twee ander modelle ondersoek (hfst. 6). Talle modelle is in omloop, byvoorbeeld die Willow Creek-soekerdienmodel, Purpose-Driven Ministries se doelstellingstrategie en die model van die gemeenskapskerk. Soos empiriese navorsing later in die studie aantoon, gebruik gemeentes ook insigte uit verskillende modelle op geïntegreerde wyse. Gevolglik kan een model wat op Bybelse beginsels gefundeer word, 'n nuttige basis wees waaraan ander modelle getoets kan word.

#### **1.1.5 Konflik in plaaslike gemeentes en denominasies noodsaak 'n model wat gebruik kan word om die gemeente saam te snoer om een roeping uit te leef**

Konflik kom algemeen in gemeentes voor. Lidmate van gereformeerde gemeentes (ook binne die GKSA) dink reeds lankal nie meer dieselfde oor byvoorbeeld die plek van die sogenaamde buitengewone gawes en geestelike beleving nie (vgl. Nicol, 2000:142–145; Van der Spuy, 2000:7). Die stryd oor vorme en liturgie is so oud soos die GKSA self (vgl. Cilliers, 2003:45). Die meer onlangse debat oor die sogenaamde Nuwe Hervorming wys dat lidmate nie eers dieselfde oor Jesus dink en glo nie (kyk De Villiers, 2003: 11, as een voorbeeld van talle koerantberigte in 2002, 2003).

In sy bespreking van die oorgang na postmodernisme verwys Vorster (1999:108) na gekonsentreerde konflik wat tussen tradisie en vernuwing ontstaan. Vorster noem tereg die nadele van konflik, maar konflik kan ook positief beoordeel word. In hierdie studie sal aangetoon word dat konflik grotendeels die konteks was waarbinne die sleutels wat in hierdie studie ondersoek word, ontstaan het.

'n Model wat die beginsels uiteensit waarvolgens 'n gemeente begelei kan word om hulle roeping te ontdek, sal enersyds konflik met die bestaande tradisie veroorsaak, maar ook gebruik kan word om bestaande en nuwe konflik te hanteer. Die bedoeling is egter nie om

vraagstukke soos die geestesgawes en die sogenaamde Nuwe Hervorming volledig te probeer beantwoord nie. Die studie wil eerder hermeneutiese sleutels daarstel wat deur leiers en lidmate gebruik kan word om plaaslik self antwoorde te vind.

### 1.1.6 Die omskrywing van kernbegrippe

Die volgende kernbegrippe word vir doeleindes van die studie nader omskryf: "sleutels", "groot fokus", "groot gebod", "groot opdrag", "gemeentebou" en "konflikhantering".

Die begrip "sleutels" is geneem uit die beeldspraak oor die oop- en toesluit van die koninkryk van God met die Bybel as sleutel (vgl. Du Plooy, 1998:54–55). Die koninkryk van God is dus die breë konteks en die koninkryk word in die plaaslike gemeente deur sleutels oopgesluit.

Die "koninkryk van God" is 'n omvattende onderwerp en hier word volstaan met 'n definisie van Potgieter (2001:217):

The biblical concept of βασιλεια του Χριστου (*sic*) is by no means something static; on the contrary, it is dynamic and active rule, a progressive struggle with the powers of darkness, and their consequent subjugation to God by the redemptive and reconciliatory work of Christ (Potgieter, 2001:217).

In aansluiting by die dinamiese dimensie van die koninkryk, pas die begrip sleutels logies in vir doeleindes van die praktiese teologie. In Christus word die koninkryk in en deur die plaaslike gemeente met sleutels uit sy (Christus se) Woord en in verhouding met Hom geaktiveer.

Die begrip "sleutels" is ook doelbewus gekies om eenvoud en effektiwiteit te beklemtoon. Alle mense, selfs kleuters, kan met sleutels werk. Eenvoudige sleutels wat min verskil van hulle tydgenote in die tyd van Jesus, draai vandag nog slotte oop. Deel van "sleutels" se effektiwiteit is dat sleutels gebruik kan word om 'n verskeidenheid vorme oop te sluit (soos 'n lopersleutel), welke vorme en metodes weer aan die sleutels getoets kan word.

Vorster (1999:112) het aangetoon dat eenvoud belangrik is vir die postmoderne mens. Ingewikkelde stelsels soos kerkordes wat uitgebou word deur 'n omvattende presidentereg van

sinodale besluite, raak toenemend ongewild en oneffektief. Hierteenoor behoort eenvoudige sleutels meer en meer gewild en bruikbaar in gemeentes te word:

Die postmoderniteit reageer teen die absolutisme en die heerskappy van superstrukture in die samelewing. Daar is 'n neiging terug na die eenvoud van die premoderniteit. Eenvoudige waardes word weer belangrik en menslikheid word belang teenoor die dehumanisering van die moderniteit. Hierdie nuwe lewenshouding het besondere implikasies vir die kerk. Daar ontwikkel in die kerke ook 'n verzet teen die ingewikkelde stelsels, moeilik verstaanbare dogmas, "koue eredienste", rigiditeit, onpersoonlikheid, betekenislose tradisies en vormgodsdienst (Vorster, 1999:112, 113).

Met "sleutels" word in hierdie studie nie die bekende Reformatoriese onderskeidings van bediening van die Woord, sakramente en tug bedoel nie (vgl. art. 29 NGB). Die "sleutels" van hierdie studie sou gemaklik onder "bediening van die Woord" ingedeel kon word.

Drie sleutels uit die Bybel word in oënskyn geneem, naamlik die fokus op Christus die gekruisigde, die groot gebod (die liefde) en die groot opdrag (maak dissipels). Die studie wil nie suggereer dat hierdie die enigste sleutels is nie, maar hierdie drie sleutels is gekies omdat hulle deur die Skrif self as groot sake beklemtoon word. In Korintiërs gee die Heilige Gees by monde van Paulus die volgende fokus: "want ek het my voorgeneem om *niks anders* onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2:2, my kursivering – JP). Die liefdesgebod word beklemtoon in Markus 12:28–31 (vgl. Joh. 13:34) en deur die Heilige Gees verbesonder in 'n gebed om oorvloedige liefde (Fil. 1:9–11). Die groot opdrag staan uit as die formulering van Jesus se laaste opdrag aan sy kerk, kort voor sy hemelvaart (Matt. 28:16–20; Hand. 1:8–9). Die begrippe word in die hoofstukke wat volg volledig bespreek en gemotiveer.

Vir die term "gemeentebou" word aansluiting gevind by die definisie van Nel (1994:14) wat gemeentebou sien as 'n bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om sy eie wese en bestaansdoel te verstaan, sy eie funksionering te evalueer en op voortgaande basis strukture vir funksionering te ontwikkel. Hierdie strukture moet funksioneel wees vir die "omvattende bouwerk na binne (binne die gemeente as liggaam van Christus) en na buite (die uitdra en die uitleef van die evangelie)" (Du Plooy & Venter, 1996:353). Gemeentebou behels verder die praktiese "invulstruktuur" (vgl. Du Plooy, 1998:61) binne die beginsels van Gereformeerde kerkregering (soos vervat in Kerkordes).

Die model wat vir gemeentebou ondersoek word, het ten doel om die gemeente te help om sy roeping te ontdek en uit te leef. Die keuse van die Bybelse woord "roeping" is doelbewus. "Roeping" is 'n Bybelse woord wat die karakter van gemeentelêde beskryf (vgl. 1 Kor. 1:24). Κλητός (geroepene, van καλέω, roep) dui enersyds op 'n uitnodiging (Louw & Nida, 1996 [33.318] en Strong, 1995) en vestig daarom die aandag op mense se verantwoordelikheid. Andersyds beklemtoon die woord die aanstelling, roeping en uitverkiesing deur God (Louw & Nida, 1996 [33.314] en Strong, 1995). Verder staan roeping in noue verband met vrae soos "wie is ek?" en "wat moet ek doen?" (Seymour *et al*, 1993:31). In 'n praktiese model word gepoog om antwoorde op laasgenoemde vrae te gee. Die woord "roeping" is ook gekies bo die begrippe "visie" en "missie". Laasgenoemde is terminologieë uit die bestuurswetenskappe wat tot onegtheid en verkeerde motivering aanleiding kan gee (Pillette, 1997:235, 236; vgl. die verdere uiteensetting van begrippe by 8.2).

Die woorde "konflik" en "konflikhantering" kom nie in enige algemeen aanvaarde Afrikaanse vertaling van die Bybel voor nie. Die woord "veg" kom egter 140 keer in die Nuwe Afrikaanse vertaling voor (Bybel, 1998). Daar is ook talle ander begrippe wat verband hou met konflik, soos "rusie", "partyskappe", "twis" en "skeuring". Konflikte word dikwels beskryf, byvoorbeeld dié van Adam wat vir Eva en God na die sondeval blameer (Gen. 3:12), van die Galasiërs wat mekaar byt en verskeur (Gal. 5:15) en van die laaste konflik met Satan en sy gevalle ryk (Op. 20:15).

Sekulêre studies in die gedragwetenskappe hou deeglik rekening met die begrip "konflik". Gordon (1987:474) beskryf konflik as "the process which begins when one party perceives that the other has frustrated, or is about to frustrate, some concern of his (or hers)". Hy onderskei verder tussen intrapersoonlike, interpersoonlike, intragroeps-, intergroeps-, intraorganisasie- en interorganisasiekonflik (Gordon, 1987:475–477).

## **1.2 Probleemstelling**

### **1.2.1 Stand van navorsing**

'n Uitgebreide bibliografiese soektog is met die hulp van die Ferdinand Postma Biblioteek (PU vir CHO) gedoen. Die volgende databasisse is gebruik: Religious Index, Religious and

Theological Abstracts, proefskrifte en verhandelings. Die soektog het getoon dat die verband tussen die drie genoemde sleutels in 'n model nog nie wetenskaplik nagevors is nie en ook nie in 'n proses van navorsing is nie. Studies wat verband hou met die groot opdrag binne die konteks van gemeentebou en ook oor die sending van die gemeente is wel reeds gedoen (vgl. Buys, 1989:1–285; Ferreira, 2002:1–126). Warren (2002:1–399) het die groot gebod en groot opdrag saamgevoeg in 'n strategie om die gemeente te begelei om met spesifieke doelstellings te werk. Warren se studie word in hoofstuk ses beoordeel.

### **1.2.2 Die navorsingsprobleem**

Die navorsingsprobleem wat in die lig van bostaande bespreking ondersoek word lui as volg: Watter bydrae kan die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag as sleutels in 'n model lewer om die gemeente te help om sy roeping te bepaal?

Die vrae wat uit die navorsingsprobleem voortspruit is die volgende:

- Wat beteken die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag volgens die Bybel?
- Watter bydrae lewer konflikhantering as konteks vir die beter verstaan van genoemde sleutels?
- Wat is die verband tussen genoemde sleutels?
- Hoe kan die sleutels as deel van 'n model gebruik word om ander modelle te beoordeel?
- Watter bydrae kan in moderne gemeentes gelewer word met genoemde model?

### **1.2.3 Afbakening van die studie**

Die studie word as volg afgebaken:

- Die studie is primêr 'n studie in praktiese teologie.
- Die studie is hoofsaaklik basisteoreties, hoewel metateoretiese en praktykteoretiese ontleding en voorstelle ook gedoen word.
- In hierdie studie word nie gekonsentreer op konflikhantering as sodanig nie. Die voorkoms en hantering van konflik vorm die konteks waarbinne die sleutels in die Nuwe Testament ondersoek word en hierdie konteks word telkens ontleed ten einde die funksionering van

die sleutels beter te verstaan en aan te toon. Uit die ondersoek volg wel voorstelle hoe konflik met genoemde sleutels hanteer kan word.

- In die metateoretiese deel word twee bestaande modelle beoordeel wat ten nouste verband hou met die sleutels wat ondersoek word. Empiriese navorsing word beperk tot tien gemeentes wat in twee groepe ingedeel is. Groep een is gereformeerde gemeentes (GKSA; NGK) en groep twee bestaan uit charismatiese en onafhanklike gemeentes.
- Verbandhoudende onderwerpe met die sleutels, wat 'n studie op hulle eie vereis, byvoorbeeld praktiese aspekte oor die vorm van die doop ingevolge die groot opdrag, word as onderwerpe vir verdere studie aangedui.

### **1.3 Doelstellings**

Die doel van die studie word as volg omskryf:

- Om die betekenis van asook die inherente verwantskap en progressie tussen gemelde sleutels te ondersoek.
- Om uit die Skrif aan te toon dat konflikhantering telkens die werklikheid of konteks was waarbinne die sleutels gefigureer het.
- Om gemelde sleutels in 'n moderne metateoretiese werklikheid te toets.
- Om 'n praktiese model te ontwerp waarvolgens gemeentes hulle roeping kan ontdek, verfyn en uitleef.

### **1.4 Sentrale teologiese argument**

Die sentrale teologiese argument van hierdie studie is:

- Daar bestaan 'n duidelike verband en progressie tussen die betekenis van die fokus op Christus die gekruisigde, die groot gebod en die groot opdrag.
- Laasgenoemde verband en progressie kan ontgin word om 'n werkbare model daar te stel waarmee gemeentes hulle roeping kan bepaal en kan uitleef.
- Genoemde model is bruikbaar om ander modelle te beoordeel en leemtes in bestaande praktyke in gemeentes uit te wys en verder te bestuur.



## 1.5 Vertrekpunte en metode

Die uitgangspunt is dat God Homself foutloos en voldoende aan die mens in die Bybel as Woord van God openbaar (vgl. art. 5 en 7 NGB). Soos uiteengesit in 1.1.1 word die gesag van die Skrif en in die besonder die norme wat in die Nuwe Testament aan die moderne kerk geleer word, aanvaar (vgl. Stadelmann, 1998:225). Nie alleen word gepoog om die inhoud van die Skrif getrou weer te gee nie, maar daar word ook as beginsel aanvaar dat laasgenoemde slegs moontlik is onder leiding van die Gees en in 'n liefdevolle, gehoorsame verhouding met God:

The theologian needs to practice spiritually what he finds out theologically in his interaction with Holy Scripture – for otherwise his theologizing will be *philosophy de rebus sacris* rather than true theology. But he also needs a heart set on holiness, pure living as a disciple of Christ, and love of God, which will promote true theological insight – for the Holy Spirit as the true teacher of people will not give spiritual knowledge to unspiritual students and professors. According to Spener a theologian should be an obedient, God-loving individual taught by God – and theology the resulting integral academic practice (Stadelmann, 1998:221).

In die metode word verder aansluiting gevind by die model wat Zeffass (aangehaal deur Venter, 1995:187) vir die praktiese teologie ontwerp het. 'n Basisteorie word gevorm uit die teologiese "tradisie". 'n Metateorie word vanuit onder andere grens- en hulpwetenskappe medebepaal en praktykteoretiese perspektiewe artikuleer uiteindelik 'n nuwe of verstellde teorie. Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42–44; 1995:198–200).

Na aanleiding van die bostaande metode van Zeffass word die studie in drie afdelings verdeel: afdeling A (basisteorie), afdeling B (metateoretiese gegewens) en afdeling C (praktykteorie). In die onderskeie afdelings geld die volgende werkplan en uitgangspunte:

- In afdeling A is 'n eksegetiese ondersoek gedoen van relevante Skrifgedeeltes wat ook met ander Skrifgedeeltes in die Bybel kursories vergelyk is. 1 Korintiërs 1–2 (vir die groot fokus), Filippense 1:9–11 (vir die groot gebod) en Matteus 28:18–20 (vir die groot opdrag) is gekies as veld van ondersoek. Hoe die sleutels in die konteks van konflikhantering figureer, is telkens aangetoon.
- Eksegetiese ondersoek van Skrifgedeeltes is volgens gereformeerde hermeneutiese uitgangspunte gedoen (vgl. De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:8–26).

- Afdeling A is afgerond met 'n samevattende hoofstuk (hfst. 5) waarin die basisteoretiese perspektiewe van afdeling A saamgevoeg is, die verband tussen die sleutels met behulp van sketsmatige figure met mekaar vergelyk en beskryf is en in finale basisteoretiese perspektiewe saamgevat is.
- Die metateoretiese gegewens in afdeling B bestaan uit twee dele. Eerstens volg 'n kritiese beoordeling van twee kontemporêre modelle vir gemeentebou naamlik, die Willow Creek-soekerdienmodel (WCS) en die doelstellingstrategie van Purpose-Driven Ministries (PDM). Hierdie modelle word in die lig van die resultate van afdeling A ondersoek. Tweedens is die resultate van 'n empiriese ondersoek beskryf en in die lig van die drie sleutels beoordeel.
- Empiriese navorsing is in tien gemeentes gedoen en die resultate is verwerk deur die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO. Groep een verwys na gereformeerde gemeentes (GKSA; NGK) en groep twee na charismatiese en onafhanklike gemeentes. Die inligting is ingewin deur middel van persoonlike en telefoniese onderhoude en daar is ook van e-pos gebruik gemaak. In elkeen van die gemelde gemeentes is drie respondente genader, naamlik eerstens 'n predikant, tweedens 'n vrouelidmaat (verkieslik met 'n gesin) en derdens 'n ongetroude jongmens wat reeds sy/haar skoolopleiding voltooi het. Elke respondent moes eerstens sy/haar eie mening oor die vraag gee, vervolgens 'n mening oor hoe die meerderheid gemeentelede die vraag sou antwoord en laastens hoe die vraag in die kerkverband (onafhanklike gemeentes uitgesluit) beantwoord sou word.
- Afdeling C: deur 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit afdelings A en B, is praktykteoretiese perspektiewe geartikuleer. Die praktykteoretiese perspektiewe is samevattend in 'n gemeenteboumodel beskryf.
- Afdeling C word afgerond met voorstelle vir die praktiese implementering van die model.
- 'n Slothoofstuk waarin samevattinge gegee word en tot finale gevolgtrekkings gekom word, volg na afdeling C.
- Terreine vir verdere ondersoek word aangedui.

## 1.6 Bibliografiese en ander tegniese aspekte

- Verwysings na die Bybel en aangehaalde verse is uit die Afrikaanse Ou Vertaling (1957) (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001*) [CD Rom] tensy anders aangedui.

- Die Griekse teks wat gebruik is, is die sewe en twintigste morfologiese uitgawe van die Nestlé-Aland teks in elektroniese formaat, waarby die vierde uitgawe van die teks van die Greek New Testament van die United Bible Societies ingesluit is (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001*) [CD Rom].
- Die afkorting NGB word gebruik vir Die Nederlandse Geloofsbelydenis (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001*) [CD Rom] en verwysings is na die relevante artikels.
- In die hoofstukke word soms van afkortings gebruik gemaak wat voluit in die teks gebruik word en aan die begin van 'n afdeling weer verduidelik word. Die afkortings wat gebruik word is:
  - IND 1, IND 2 vir onderskeidelik indikatief een en indikatief twee wat voorgestel is op die figuur van die groot opdrag-trapleer (figuur 1 [4.2.4.3])
  - SP 1, SP 2 en SP 3, vir onderskeidelik binnesporte een tot drie op die figuur van die groot opdrag-trapleer (figuur 1 [4.2.4.3])
  - GF vir die "groot fokus"
  - GG vir die "groot gebod"
  - GO vir die "groot opdrag"
  - WCS vir "die Willow Creek-soekerdienstrategie"
  - PDM vir "Purpose-Driven Ministries se doelstellingstrategie".
- Verwysings in die teks na woordeboeke, konkordansies en woordverklarings in elektroniese formaat, word voorsien van 'n verwysing in hakies om die bron maklik opspoorbaar te maak en onnodige herhaling in die bibliografie te voorkom, byvoorbeeld: Louw en Nida (1996 [74.1]), Robertson (1998 [1 Kor. 1:18]) en Vine (1996 [euangelion]).
- Verskeie figure word gebruik en is afsonderlik in die bibliografie aangedui.

## **AFDELING A: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 2**

#### **BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

#### **UIT PAULUS SE FOKUS OP CHRISTUS DIE GEKRUISIGDE IN KORINTIËRS**

##### **2.1 Inleiding**

##### **2.1.1 Die noodsaaklikheid van 'n fokus en vertrekpunt vir die ontdekking van die gemeentes se roeping**

'n Model vir gemeentebou moet 'n beginpunt of basis hê waarop leiers verder kan bou. Sweet (2001:31) verduidelik die uitdaging aan die leiers van gemeentes in die snelveranderende samelewing as volg: "The challenge of leadership today is to call people to a moral and spiritual way of looking at and being in the world at a time when the world itself has developed a whole new way of being and thinking" (Sweet, 2001:31). Lidmate en leiers sal dus 'n fokus moet hê ("a moral and spiritual way of looking" [Sweet, 2001:31]) waaraan die altydveranderende waardes van die samelewing gemeet kan word. By 1.1.5 is aangetoon dat gemeentes ook toenemend kompleks word. Die kompleksiteit en diversiteit hou potensieel groot verliese vir die kerk in. Ammerman se stelling mag oordrewe klink, maar bevat 'n baie realistiese waarskuwing:

Where religion retained a place in these expectations about modern life, it either disappeared into universal moral principles (as in Parsons's system), or it assumed a place as segmental as the rest of urban existence – a small niche in the complicated lives of urban persons and communities – or it became an internal, individual meaning system (Ammerman, 1999:349).

Die hipotese van hierdie hoofstuk is dat lidmate van gemeentes gesamentlik 'n nuwe fokuspunt kan ontdek wat sal veroorsaak (saam met die sleutels in die hoofstukke wat volg), dat godsdiens nie 'n klein "niche" in mense se gekompliseerde lewens sal word nie. Intendeel, gekompliseerde lewens sal vanuit 'n oorheersende fokus benader kan word en tot eer van God geleef kan word. Hierdie fokuspunt sal die gemeente in staat stel om as alternatiewe

gemeenskap die omringende gemeenskap te verander (vgl. Ammerman 1999:360, oor gemeentes as "breeding grounds" van nuwe organisasies).

Ten slotte help 'n fokus om vaagheid te voorkom. 'n Fokus is per definisie spesifiek genoeg en veroorsaak groter effektiwiteit. Belangrike temas soos "die eer van God" en "die koninkryk van die hemele" (vgl. 1.1.6) beskryf 'n breë konteks. Binne die koninkryk is 'n spesifieke fokus om God te eer, noodsaaklik. Daarom word nou op basisteoretiese vlak na 'n basis of vertrekpunt gesoek wat 'n bydrae kan lewer om sin te gee in die kompleksiteit en verdeeldheid van die gemeentelewe.

### **2.1.2 Paulus se basis of vertrekpunt vir sy bediening in Korinte: die fokus op Christus**

In 1 Korintiërs 2:2 stel Paulus sy vertrekpunt vir die bediening in Korinte onomwonde: "ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde" (vgl. die "woord van die kruis" [1:18] en die "verkondiging van Jesus as die gekruisigde" [1 Kor. 1:23]).

Voorlopig word na hierdie basis en vertrekpunt verwys as Paulus se "fokus op Christus" of net "Paulus se fokus".

### **2.1.3 Die metode wat gevolg word**

Die studie val uiteen in drie afdelings. In *afdeling een* word die hooforsaak vir die skryf van 1 en 2 Korintiërs ondersoek en een kernprobleem geïdentifiseer. In *afdeling twee* word Paulus se fokus as sleutel om laasgenoemde probleem op te los, ondersoek. Hierdie afdeling val uiteen in twee dele, naamlik 'n eksegetiese ondersoek van 1 Korintiërs 1:18–2:16 en 'n kursoriese ondersoek van hierdie fokus in die res van 1 en 2 Korintiërs. *Afdeling drie* bestaan uit 'n kursoriese vergelyking van die resultate van afdeling twee met gegewens uit die res van die Nuwe Testament.

Die metode wat gevolg word, kan in meer besonderhede as volg uiteengesit word:

Eerstens word die keuse van 1 en 2 Korintiërs as veld van ondersoek verduidelik.

Vir die ondersoek in afdeling een word gegewens oor die stad Korinte en die persoon van Paulus, kortliks ontleed. Standpunte uit resente literatuur oor die kernprobleem wat Paulus wil aanspreek, word in meer besonderhede beoordeel.

Vir die ondersoek in afdeling twee word die uitdrukking “woord van die kruis” binne die konteks van 1 Korintiërs 1:18–2:16 ontleed nadat ’n gedagtestruktuur vir die gedeelte opgestel is. Afdeling twee word afgerond met ’n vergelykende tabel wat die voorkoms van dieselfde oplossing in die res van 1 en 2 Korintiërs aandui asook deur twee voorbeelde waarin die oplossing of sleutel op die terrein van konflikhantering gedemonstreer word.

In afdeling drie, word ander Skrifgedeeltes (veral die Briewe) vir die voorkoms van Paulus se sleutel of vertrekpunt ondersoek, ten einde vas te stel of hierdie oplossing wyer strek as die Korintiërbriewe en as algemene sleutel getipeer kan word.

Ten slotte word basisteoretiese perspektiewe vir die oplossing van resente uitdagings afgelei vir waar ook al raakpunte tussen die Korintiërgemeente en moderne gemeentes bestaan.

#### **2.1.4 1 en 2 Korintiërs as veld van ondersoek: motivering en afbakening**

Aangesien konflikhantering die konteks is vir die bestudering van sleutels vir gemeentebou, is beide 1 en 2 Korintiërs ’n logiese keuse. Die oplossing wat Paulus gee is nie ’n teoretiese interessantheid nie, maar gebore uit konflik in die praktiese bediening van die gemeente. Brown (1998:282) sê van Paulus:

In second Corinthians perhaps, more than anywhere else, he is forced by circumstance to realize this (Paulus se fokus op die kruis – JP) and so translates the apocalyptic imagery of the cross onto his own body ... Then, by the strategy of parenetic imitation he encourages the church to reproduce the copy of Christ he has become among them, so that the gospel will take place in and through the daily life, struggle and death of believers.

Hoewel ander Skrifgedeeltes ook handel oor konflikhantering is 1 Korintiërs as veld van ondersoek gekies omdat Paulus, meer eksplisiet as in ander briewe, reg aan die begin ’n bepaalde fokus of vertrekpunt aankondig (vgl. 1 Kor. 2:2). Of en hoe hierdie fokus verder in die brief figureer, kan nou ondersoek word.

Die studie konsentreer meer op 1 Korintiërs, maar ontleed ook gegewens uit 2 Korintiërs omdat die temas van die briewe grootliks ooreenstem en daar 'n bepaalde interafhanklikheid bestaan. 1 Korintiërs 1:10 is volgens die konvensies van die Grieks-Romeinse retoriek die *propositio* of tesisstelling van die hele 1 Korintiërsdiskoers (Witherington, 1995:94). In hierdie vers vra Paulus dat die gemeente eensgesind moet wees en maak melding van "skeuringe". Die partyskappe is egter slegs die "vrugte". Die vraag na die kernoorsaak van die partyskappe is die ware probleemstelling vir 1 Korintiërs. 2 Korintiërs hanteer 'n vergelykbare tema aangesien Paulus in die brief sy bediening teenoor teenstanders verdedig (vgl. 2:17; 3:1–13).

Die slotsom waartoe geleerdes oor 1 Korintiërs kom, beïnvloed ook hulle oortuiging oor kernverse en temas vir 2 Korintiërs. So identifiseer Kruse (1989:196) byvoorbeeld die "oortreder" in 1 Korintiërs 5 met gedeeltes in 2 Korintiërs (bv. 2:5) en maak hieruit afleidings oor die tema en aanleidende oorsaak vir 2 Korintiërs (vgl. De Silva, 1998:63).

Beredenering oor die literêre eenheid van die twee briewe is nie as noodsaaklik beskou nie, aangesien dele soos 1 Korintiërs 8–9 en 2 Korintiërs 10–13 (waarna soms as afsonderlike briewe verwys word [vgl. Brown, 1998:272, 273]) buite die veld van studie val.

Verder bied veral 1 Korintiërs duidelike gemeentebouterminologie (vgl. die gemeenteboumetafore "gebou", "tempel" en "liggaam" in 1 Kor. 3:9–17; 12:12–27).

## **2.2 Afdeling een: die hooforsaak wat aanleiding gee het tot die skryf van 1 en 2 Korintiërs baan die weg vir die fokus op Christus as oplossing**

### **2.2.1 Inleidend: die identiteit van die faksies en die opponente as hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die Korintiese probleem**

By 2.1.4 is reeds gestel dat die vraag na die kernoorsaak vir die partyskappe en die teenstanders die ware probleemstelling vir 1 en 2 Korintiërs is. In hierdie afdeling sal gepoog word om die aanleidende probleem vir die briewe in een stelling saam te vat. Hierdie stelling is noodsaaklik om die weg te open na die verstaan van die oplossing of vertrekpunt wat Paulus gee.

Geleerdes is dit oorwegend eens dat die korrekte tipering van die strominge en partyskappe (vgl. 1 Kor. 1:12) en die identiteit van die teenstanders (2 Kor.) die belangrikste hermeneutiese sleutel is vir die verstaan van die probleme wat in die briewe aangespreek word (vgl. Savage, 1996:3, 10; Wenham, 1997:137–138; Goulder, 1991:516). Menings oor die identiteit van die faksies en teenstanders gaan egter skerp uiteen. Een rede vir die verskille is dat verskillende uitlegmetodes verskillende antwoorde oplewer, al word die teks self ernstig geneem. So gee Mitchel (aangehaal deur Neufeld, 2000:395) vanuit 'n retories-kritiese hoek 1 Korintiërs 1:10 as kernvers op en Goulder (1991:519) vanuit histories-kritiese gesigspunt weer 4:6 (vgl. ook die botsende sienings van Goulder en Hyldahl by 2.2.4). 'n Ander rede vir verskille is dat daar eensydig op die Korintiërs en die teenstanders van Paulus gefokus word. Om alle blaam op die Korintiërs te werp, hou nie water nie. Wie was Paulus? Hoe is sy denke gevorm? Het onderliggende gebreke in sy persoonlikheid en agtergrond meegewerk tot konflik in Korinte? Waarskynlik die belangrikste faktor is dat die teks self nie genoeg klarigheid gee oor die identiteit van die partyskappe (1 Kor.) en teenstanders (2 Kor.) nie. Daarom moet die antwoord ook elders gesoek word.

Bestaande standpunte oor die faksies en teenstanders word voorts geweeg en dan hoofsaaklik vanuit die sosio-historiese agtergrond en gesteun deur die teks self, tot 'n slotsom oor die kernoorzaak vir die skryf van die briewe gekom. Vooraf word gegewens oor die stigting van die gemeente, die stad Korinte, asook die persoon van Paulus ondersoek.

### **2.2.2 Die stigting van die gemeente in die stad Korinte**

Die stigting van die gemeente word in Handeling 18 beskryf. Paulus het volgens Handeling 18:11 een jaar en ses maande in die stad gewoon. In hierdie tyd is 'n lewenskragtige gemeente op die been gebring nadat die Here in 'n gesig vir Paulus verseker het dat Hy (die Here) baie mense in die stad het (v. 10). Teen hierdie agtergrond is dit teleurstellend om in die twee briewe aan die Korintiërs van soveel probleme in die gemeente en ook tussen Paulus en die gemeente te lees.

Gegewens oor die stad Korinte verleen perspektief op die probleme in Paulus se briewe aan die Korintiërs. Die stad is in 146 v.C. deur die Romeine verwoes en sy bevolking verstrooi, maar in 44 v.C. op bevel van Julius Caesar herbou. Waarskynlik om ongewenste politieke elemente uit Rome te verwyder en hulle terselfdertyd te beloon vir jarelange militêre diens, is



heelwat Romeinse veterane in Korinte hervestig (Witherington, 1995:6, 7). Daarom was Korinte 'n jong stad sonder veel tradisie en oop vir elkeen wat bereid was om die sosiale leer te klim. Savage (1996:35, 36) beskryf Korinte in die tyd van Paulus as volg:

When Paul entered Corinth in AD 50 he thus found a young Roman city with shallow roots. There were few traditions, a changing aristocracy and a relatively open society. Perhaps no city in the Empire offered so congenial an atmosphere for individual and corporate advancement. And advance Corinth did, at a meteoric pace ... At Paul's arrival Corinth was at the height of its glory, a tribute to human splendour.

Die kosmopolitaanse bevolking moet as Grieks-Romeins eerder as Hellenisties bestempel word, met die meerderheid as Romeinse eks-slawe ("freedmen") (Witherington, 1995:6, 7; vgl. 2.2.5). Benewens Siriërs en Egiptenare was daar ook 'n beduidende aantal Jode in die stad, soos wat die aanwesigheid van 'n sinagoge (Hand. 18:4; vgl. Witherington, 1995:27) aandui. Pearson (1976) toon in sy verklaring van die "pneumatikos-psychikos" vraagstuk die invloed van die Joodse-Hellenisme, veral van Philo, oortuigend aan. Hierop word in afdeling twee vollediger uitgebrei.

Korinte was verder belangrik vanweë twee hawens wat druk handelsverkeer deur die stad laat vloei het en beroemd vir die spele wat daar gehou is. As deel van die mikrokosmos van die spele het die Korintiërs 'n hoë premie op fisieke skoonheid geplaas. Korinte was 'n plesierstad met losse sedes wat verskeie besoeke van Nero ontvang het (Savage, 1996:37, 42, 44–49; Lategan, 1988:59–60).

Dit spreek vanself dat gemeentelêde in 'n stad met so 'n karakter en bevolkingsamestelling die grondstof verleen vir baie vraagstukke en konflik met hulle eens geliefde apostel en stigter.

Die vraag wie Paulus was, word vervolgens ondersoek.

### **2.2.3 Paulus, sy agtergrond, opleiding en bekering**

Met Hyldahl (1991:24) se siening dat Paulus nog onseker van sy dogmatiese leerstellings was, of dat hy soos Braxton (2000:234) beweer doelbewus dubbelsinnig was omdat hy nog nie geweet het hoe om sy oortuigings toe te pas nie, kan nie saamgestem word nie. Wanneer die brief aan die Korintiërs geskryf word, is Paulus waarskynlik al vir bykans twintig jaar 'n Christen

en kan hy met gesag oor sake soos volwassenheid in die geloof praat (vgl. 1 Kor. 3:1–2; Witherington, 1995:5). Tog behoort Braxton (2000:270) se waarskuwing, om Paulus nie volgens eie paradigma te laat buikspreek nie, as aansporing te dien om genuanseerd en in waarheid oor Paulus te skryf. Daarom word nou eers vanuit sosiaal-historiese hoek op die persoon en karakter van Paulus gelet.

Paulus word deur Witherington (1995:1) as “Graeco-Roman Jew and Jewish Christian” getipeer en daarmee as iemand wat deur Joodse, Hellenistiese en Romeinse kultuur beïnvloed was. In Handeling 22:3 sê Paulus van homself: “Ek is ’n Jood, gebore in Tarsus in Cilicië, maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gamaliël, streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet, ’n yweraar vir God soos julle almal vandag is” (vgl. 2 Kor. 11:22; Rom. 11:1; Gal. 1:13–14).

In aansluiting by Witherington (1995:1–4) is die volgende sake oor Paulus se agtergrond en opleiding relevant: Sy ouers moes een of ander diens aan die Romeinse owerheid gelewer het om burgerskap (’n skaars item vir Jode) te verkry. Sommige meen na analogie van Handeling 18:3 dat hulle tente aan die weermag gelewer het. Paulus se Romeinse burgerskap kon ’n rol gespeel het in sy positiewe waardering vir die Romeinse ryk en regstelsel (vgl. Rom. 13, Hand. 25:11). Paulus was wat geleerdheid betref, in die “upper one or two percent of the population” (Witherington, 1995:2). Of hy slegs in Jerusalem opgelei is en nie ook by die bekende universiteit van Tarsis nie, is onseker (vgl. Witherington, 1995:2 se verwysing na Van Unnik se studie hieroor). Wat wel vasstaan is dat Paulus as een van Gamaliël se studente in die retoriek opgelei is. Sy geskrifte toon dan ook ’n definitiewe invloed van die populêre retoriese style van sy tyd. Hy was verder baie goed op hoogte met die Grieks-Romeinse kultuur, digters en geskrifte van filosowe, waarskynlik omdat Gamaliël een van die meer “broad minded” Joodse leermeesters was (vgl. Frederickson, 1996:421 oor Paulus en die Sinici). As opgeleide Fariseër het hy oor ’n baie deeglike kennis van die tora en van verfynde pogings om op legalistiese wyse beheer uit te oefen, beskik.

Dit is ’n verskraling om soos Witherington (1995:4) in die inleidende gedeelte van sy kommentaar doen, bloot te verwys na Paulus se bekering tot Jesus Christus as nog ’n bril waardeur hy gekyk het. Die impak van die Damaskusgebeure en die opleiding daarna word deur Paulus self in Galasiërs 1:12–19 as die belangrikste gebeurtenis vir sy opleiding en vorming, beskryf:

Want ek het dit ook *nie van 'n mens ontvang of geleer nie*, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus. Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders. Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik *nie vlees en bloed geraadpleeg nie* en ook *nie na Jerusalem opgegaan* na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. *Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly*; en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here (my kursivering).

Hieruit volg dat Paulus vir sy taak primêr deur Jesus self geroep en ook opgelei is. Hy sê nie wat presies in Arabië gebeur het nie, maar beklemtoon dat hy nie deur die apostels in Jerusalem opgelei is nie (McClelland, 1996). In Jerusalem het hy wel kontak met Petrus en ook Jakobus, wat hy as leiers van die sending na die Jode beskou het, gehad (Gal. 2:8).

Juis hierdie historiese verskille in die fundering van apostoliese gesag tussen Paulus en die apostels van Jerusalem kon maklik deur teenstanders uitgebuit word. So was 'n verbintenis aan 'n bepaalde plek destyds belangrik. Brown (1998:275) wys op Petrus se bande met Jerusalem as die ontstaansentrum vir die "Jesusbeweging". In Jerusalem is Jesus se leerstellings met gesag in die Jerusalemse kerk geleer. Paulus was aan geen belangrike profetiese sentrum verbind nie, maar was in teenstanders se oë 'n selfgeverifieerde apostel vir die heidennasies na die uithoeke van die wêreld (Brown, 1998:275). Verder het Paulus belangrike merktekens van apostoliese gesag kortgekom. Hy het Jesus nie voor sy hemelvaart persoonlik geken nie en was nie soos Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom op die berg van verheerliking nie, 'n saak wat volgens Brown (1998:275, 276) toenemend in literatuur as besonder belangrik beskou word (vgl. 2 Pet. 1:17–21 en Paulus se verwysing na Moses in 2 Kor. 3 – JP):

From the opponents point of view, arguably apostleship must be legitimated by *physical attachment to tradition, person and place* (e.g. lineage to Abraham, Moses at Sinai and Jesus traditions, and the transfiguration tradition of the Jerusalem church) and by *visionary, ecstatic experience* (e.g. shining faces, visions, and signs).

Paulus kon ook nie op grond van Jesus se direkte opdrag aan sy dissipels in Lukas 10:7 en Markus 6:7–10 aandrang op vergoeding nie (Brown, 1998:274). Hoewel Paulus homself nie teenoor die Jerusalemgroep opstel nie (vgl. sy kollekte vir die gemeente in Jerusalem – 2 Kor.

8–9), moet hy om historiese redes 'n ander basis aantoon vir sy apostoliese gesag. Hierop word later met verdere verwysing na Brown (1998) en veral Hafemann (1990) uitgebrei.

Saamgevat: Die diversiteit van Paulus se agtergrond en opleiding het hom uitnemend geskik gemaak om 'n apostel vir die nasies te wees. Sy blootstelling en opleiding oor 'n lang tydperk in die Grieks-Romeinse milieu en in Judaïsme het hom goed toegerus om Joodse opponente ver van Jerusalem af te weerlê. Historiese verskille in die fundering van apostoliese gesag tussen Paulus en die apostels van Jerusalem, kon maklik deur teenstanders uitgebuit word. Paulus se vernaamste toerusting is 'n persoonlike ontmoeting met en roeping en opleiding deur Jesus Christus na sy hemelvaart.

Die faksies teen Paulus en sy opponente word vervolgens ontleed.

#### **2.2.4 Meer vrae as antwoorde oor die faksies en die teenstanders in Korintiërs**

Die deeglike beredenering van Goulder oor die partye en teenstanders verdien aandag. In navolging van Schmidt en F.C. Bauer argumenteer Goulder (1991:516–520) dat Paulus se teenstanders in Korinte 'n Cefasfaksie van Joodse Christene was. Volgens hierdie siening was daar slegs twee strydende partye in Korinte naamlik die Paulus- en die Petrusgroep. Laasgenoemde het onder leiding van die apostolaat in Jerusalem en veral Petrus gestaan. Apollos sou dan deur Paulus om pastoraal-diplomatiese redes as 'n "skynopponent" bygevoeg word, maar is eintlik in die Paulusgroep (vgl. 2.1.4 en Goulder, 1991:518, 519).

Vir die verstaan van die leerstellings van die Petrusgroep (en die hele 1 Korintiërs) sien Goulder (1991:519) in 1 Korintiërs 4:6 'n kernvers. Volgens hom slaan die vermaning om nie te dink "so dit wat geskryf is nie" (τὸ μὴ ὑπὲρ ἃ γέγραπται) op die afwysing van die Judaïstiese leerstellings van die Petrusfaksie wat as Joodse sofiste getipeer kan word. Griekssprekende Jode was lief om die term σοφία vir die sisteem van praktiese etiese wysheid volgens die tora, te gebruik ('n term wat ook vir die Hellenisties-georiënteerde Korintiërs aanvaarbaar sou wees). Met onderhouding van die wet of tora is nie bedoel nakoming van al 613 bepalings nie, maar wel die interpretasie van hierdie reëls deur die Joodse gemeenskap (d.w.s. die eksegeese [*midrash*] van die tora). Opvallend genoeg verwys die Mishna na *halakah*-beslissings as "woorde van wysheid" (*dibre hakamim*) (Goulder,

1991:519–522). Paulus wys dus hierdie “woorde van wysheid” oftewel “way of life in accord with the Tora” (Goulder, 1991:521) af as τὸ μὴ ὑπὲρ ἃ γέγραπται (vgl. 1:17; 2:5; 2:13).

Goulder redeneer dat Paulus hierdie Judaïstiese dwaalleer deur Petrus en sy groep, ook in die res van die brief teengestaan het, byvoorbeeld deur in 1 Korintiërs 5–10 hierop uit te brei en in 1 Korintiërs 12 die gawes wat as tekens van ’n ware “sofer” beskou is, doelbewus op sy lysie van gawes af te rangeer (vgl. 1:22). Volgens Goulder (1991:527–528) is dit ook hierdie dwaalleer wat Paulus meer aggressief beveg in 2 Korintiërs (wat ook met verwysing na die tora begin [2:17–4.6]), asook in Romeine 14, Kolossense 2 en die brief aan die Galasiërs.

Groot dele van Goulder se beredenering is oortuigend. Historiese verskille met die apostels in Jerusalem kon byvoorbeeld geredelik deur sy Joodse teenstanders uitgebuit word (vgl. Brown se siening by 2.2.3). Die probleem met die “twee-faksie siening” van Goulder en andere is egter dat dit spekulatief is en sonder werklike begronding in die teks self is. Nêrens in die teks word gestel dat die mense wat wysheid soek Joodse sofiste is nie. Inteendeel, die teks sê: “die Grieke soek wysheid” terwyl die Jode ’n teken vra (1 Kor. 1:22, my kursivering). Meer as die tora was op die spel. Frederickson (1996:421) toon byvoorbeeld aan dat Paulus in 1 Korintiërs 7:35 die wit-swart benadering van die Sinici korrigeer. Ook kan gevra word of die aandrang van vroue om met onbedekte hoof te bid en te profeteer ’n Joodse oorsprong gehad het (vgl. 1 Kor. 11:5). Hyldahl (1991:27) toon tereg aan dat Bauer en sy aanhangers nie kan verklaar hoe Paulus die volgelinge van Petrus en die ander apostels “as diensknegte van Satan” (2 Kor. 11:14–15) sou kon brandmerk, terwyl hy hulle steeds as Christene beskou het nie. Hyldahl (1991:21) redeneer ook dat daar ’n duidelike Apollosfaksie was wat teen Paulus gekant was. Goulder kies dus om klem te lê op die verskille tussen Paulus en Petrus, maar laat na om die gemeenskaplikheid en wedersydse aanbeveling uit te wys (vgl. 2 Pet. 3:15 en Gal. 2:8). Hieronder sal aangetoon word dat hoewel daar ongetwyfeld verskille tussen Paulus en Petrus bestaan het, hulle mekaar wel kon vind, juis op grond van dieselfde oplossing wat Paulus in 1 en 2 Korintiërs gee.

Kritiek op Goulder mag nie veroorsaak dat die invloed van Judaïsme in Korinte misgekyk word nie. Daar is talle bewyse van Judaïstiese dwaalleer wat die Korintiërs bedreig in die teks self. Hoe anders kan die “Jode wat ’n teken soek” (1 Kor 1:22) en die verwysing na die “skrifgeleerde” in 1 Korintiërs 1:20 verstaan word? Die apologie van Paulus teen die valse apostels in 2 Korintiërs 11:22 verwys ook sonder twyfel na Judaïste. Dat hierdie mense

(Christene of nie) wetsnakoming volgens die tora wou invoer of reeds in 'n meerdere of mindere mate ingevoer het, lyk op grond van Goulder se verklaring, ook baie waarskynlik. Dit is slegs die spesifieke uitsprake van Goulder oor die verhouding met Petrus en die stereotipering van die twee groepe en die begrensing van die leerinhoud, wat nie sin maak nie.

Pearson (1976) het die verhouding tussen wysheid en die sogenaamde "geestelikes" (πνευματικοί) in 1 Korintiërs ondersoek. In sy bespreking van die "volwassene-en-kind" (τέλειος-νηπιός) beeldspraak (vgl. 1 Kor. 2:6 en 3:1) toon hy met direkte aanhalings aan hoedat hierdie terminologie by Philo teruggevind word. Daarom konkludeer hy:

The τέλειος-νηπιός contrast is to be placed in the larger context of Hellenistic philosophical paraenetic usage – particularly that of Stoicism. The immediate background of the use is Hellenistic Diaspora Judaism, as represented particularly by Philo (Pearson, 1976:28).

Met verskeie verwysings na Philo se uitsprake toon Pearson (1976:29, 30) dan aan dat die opponente in aansluiting by Philo, hulleself as volwassenes beskou het omdat hulle in hulle eie oë geestelike wysheid (σοφία) besit het. Paulus sluit dan in 1 Korintiërs 2:6 en 3:1–2 aan by die teologiese terminologie van sy opponente en weerlê hulle wysheid deur hulle op hulle onvolwasse optrede in die gemeente te wys. Dieselfde geld vir die "soeke na tekens" (1 Kor. 1:22; vgl. Pearson, 1976:45–47).

Op grond van Pearson se navorsing is 'n konklusie dat die teenstanders Hellenistiese Jode, eerder as dissipels van Petrus (soos Goulder bevind) was, dalk meer waarskynlik. Tog kan dieselfde kritiek (as teen Goulder) ook teen laasgenoemde standpunt aangevoer word. Die feit dat duidelike tendense voorkom, verduidelik steeds nie die uitsonderings nie en maak steeds nie die identiteit van al die opponente duidelik nie. Mense kan nie so gemaklik in kategorieë geplaas word nie.

Die vraag bly dus staan wie die groepe (1 Kor.) en dwaalleraars (2 Kor.) dan presies was? En hoe moet die woorde τὸ μὴ ὑπὲρ ἃ γέγραπται in 1 Korintiërs 4:6 verstaan word as dit dan nie noodwendig na Joodse sofiste verwys nie?

## 2.2.5 'n Moontlike eenheidstandpunt oor die sentrale probleem in 1 en 2 Korintiërs?

Savage (1996:9–11) sê in sy studie oor die opponente in 2 Korintiërs die volgende:

It is clear from the observations above that none of the traditional attempts to identify Paul's opponents has been fully successful. Each puts accusations in the mouth of the opponent which the text cannot sustain ... What has hindered the scholars is the paucity of explicit information on the opponents. All we *really* know is that they were Jewish (2 Corinthians 11:22) and outsiders (11:4). Beyond that we may infer that they preached a different Jesus from Paul (11:4), were intruding into his sphere of ministry (10:12–18), were receiving financial support (11:12) and were behaving in a heavy handed manner (11:18–20). Much more we cannot say. We simply know too little about the opponents to construct an adequate background to Paul's teaching ... But this does not mean that our attempt to make sense of Paul's paradoxical language is bound to fail. For it is possible to construct the background to his teaching *without recourse to a full understanding of his opponents*. ...The assumption is that the criticisms against Paul originate with the opponents ... But this assumption neglects the possibility that there may have been discontent with Paul long before the opponents arrived on the scene. If so the criticisms go back *to the Corinthians themselves*, in which case the opponents would *merely exploit a situation* which had already turned against Paul ... On this reckoning, it would be Paul's own converts who represent his chief opposition. *Indeed it is certainly to them and not the opponents, that he directs his teaching in 2 Corinthians* (my kursivering).

Die standpunt van Savage maak goeie sin en koppel ook 1 en 2 Korintiërs aan mekaar (vgl. 2.1.4). Slaag ontleding nou daarin om die Korintiërs self beter te verstaan, word gedetailleerde bevindings oor hulle opponente oorbodig. 'n Opponent het tog 'n swakplek nodig en die swakplek is in die gemeente.

Vervolgens lys Savage (1996:12) uit 2 Korintiërs die klagtes van die gemeente wat maklik uit die teks self vasgestel kan word. Die Korintiërs was ontevrede of ongemaklik met Paulus se:

- weiering om te spog ("boast") (11:19),
- fisieke voorkoms (10:10a),
- kommunikasie ("speech") (10:10b en 11:6),
- weiering om finansiële bydraes van hulle te ontvang (11:7–11; 12:13–14).

Die opvallende is dat geen van die besware teologies van aard is nie, maar kultureel gebonde was en op vooroordele of persepsies van die tydsgeselskap gebaseer was. Agter hierdie besware is egter geestelike wortels (Savage, 1996:12–13). Wanneer Savage vervolgens die sosio-

historiese en ekonomiese situasie in eerste-eeuse Korinte ontleed, klop die tipiese persepsies van die eerste-eeuse Korintiërs op verrassende wyse met hulle besware teen Paulus. Savage deel sy analise op in a) mensbeskouing en b) religieuse beskouing.

Die volledig gedokumenteerde kenmerke wat Savage (1996:19–34) noem, word hier in opgesomde formaat weergegee (hier en daar met verwysing na ander skrywers):

A Mensbeskouing. Laat-Hellenisme beklemtoon die mens se vermoë om sy eie waarde te bepaal deur:

- *Individualisme*: filosowe beklemtoon menslike outonomie en self-waarde. Mense begin al hoe meer op hulleself te fokus.
- *Status*: persoonlike eer ("honour") is van die grootste belang. Alle mense behoort tot óf die hoë klas (*honestiores*) óf die lae klas (*humiliores*) wat deur eersgenoemdes as sonder enige *dignitas* beskou is. Die streng politieke hiërargie in die samelewing skep tog 'n beduidende "middelklas" (ongeveer twee derdes van die samelewing). Primêr deur rykdom het hierdie groep aggressief probeer om hulle status te verhoog. Rykdom is verafgod en armoede is verafsku. Beroepe en atletiek word ook nagejaag vir status. Hierdie middelgroep bestaan veral uit eks-slawe ("freedmen") wat deur Savage (1996:38, 39) as volg beskryf word:

On the whole freedmen were upwardly mobile (They) had 'no family honour, no inherited code' to temper their quest for wealth and status ... in general they were exploitative, ruthless and willing to take great risks. Emerging as the *nouveaux riches*, ex slaves purchased political office and hence power. As self-made people, freedmen were renowned for their pride and for taking pains to display their accomplishments.

Vir die korrekte verstaan van Korintiërs is dit dus belangrik om kennis te neem dat die meerderheid inwoners van Korinte tot laasgenoemde klas behoort het. De Silva (1998:62) bevestig dat baie van Paulus se konflik met die Korintiërs waarskynlik veroorsaak is deur die elite en semi-elites en die samestelling van die stad uit *nouveaux riches* met hulle "self promoting mentality". Ook Witherington (1995:8) bevestig hierdie feit:

The Corinthian people thus lived within an honour-shame cultural orientation, where public recognition was often more important than facts and where the worst thing that could happen was for one's reputation to be publically tarnished (vgl. ook Neufeld, 2000:279 oor "honour and shame").



- *Selfverheerliking* ("self display"): in 'n samelewing met min privaatheid was dit hoogmode om hoë persoonlike status so goed as moontlik te vertoon. "Personal glory, δόξα, became an ideal" (Savage, 1996:23). Hierin het die Korintiërs ook "uitgeblink" (Savage, 1996:41).
  - *Kompetisie vir eer*: geweldige kompetisie vir persoonlike eer veroorsaak eerstens trots en arrogansie ("for many boasting itself became an activity worthy of honour" [Savage, 1996:24]) en tweedens geen selfrespek by die lae klas.
  - *Trotsheid op stede*: intense wedywing tussen stede lei tot besteding van groot somme geld aan bouprojekte.
- B Godsdienstbeskouing. Deelname aan 'n verskeidenheid heidense kultusse is besonder populêr en toon die volgende eienskappe:
- *Bygeloof versus rasionalisme*: mense word ontnugter deur rasionalisme van die filosowe en wend hulle na die bonatuurlike. Resepte vir toorkuns is algemeen.
  - *Soteria*: verlossing speel 'n belangrike rol. Verlossing gaan egter oor die bekom van voordele hier en nou en het min tot niks met 'n hiernamaals te make.
  - *Mag en vertoon*: mense hunker na die vertoon van goddelike mag. "They wanted to be thrilled by it and even terrified by it" (Savage, 1996:29). Vir bekeerlinge staan persoonlike ervaring van hulle godsdienst voorop. Standbeelde is belangrik. Swakheid van 'n god is ondenkbaar.
  - *Prediking*: arrogante orators is besonder gewild en lok skares op byna enige plek. "Since people wanted to be amused, preachers specialized in startling effects, sensational topics, and powerful deliveries. Truth and knowledge were sacrificed on the altar of popular acclaim" (Savage, 1996:30).
  - *Dogma*: min dogma. Mense stel belang in die krag ("power") eerder as die persoonlikheid van die god. "The bulk of religious people had little or no theology" (Savage, 1996:31).
  - *Verdraagsaamheid*: hoë mobiliteit van mense bring groot hoeveelhede godsdienste met mekaar in aanraking. Skynbaar in die lig van min dogma, is daar min wrywing behalwe wanneer een godsdienst eksklusiwiteit toe-eien.
  - *Integrasie van kultiese aktiwiteit in die maatskappy*: godsdienst voorsien in die sosiale behoeftes van mense in die kosbedryf (tempels is voorsien van kombuise en eetplekke), skone kunste en vermaaklikheid en word geïntegreer met die handel, politiek en in Korinte veral ook met die spele (Savage, 1996:51).
  - *Saamgevat in een sin*: "In short they wanted religion to serve them on their own terms – not to change them, but to exalt them" (Savage, 1996:34).

Uit Savage se wetenskaplike ontleding van die sosiaal-maatskaplike en ekonomiese situasie van destydse Korinte is dit dus duidelik dat die invloed van die tydsgees 'n geweldige suigkrag op die bediening veroorsaak het.

Dit is ook duidelik dat die vier besware wat Savage uit 2 Korintiërs aflei reeds in 1 Korintiërs aangespreek word (vgl. 1 Kor 1:31; 4:13; 2:1; 9:15 in die volgorde van die vier besware) en dat die teenstanders hieruit munt kon slaan. Dat hierin 'n belangrike les vir moderne gemeentes as alternatiewe geloofsgemeenskap in die samelewing op die terrein van gemeentebou te leer is, word in hoofstuk ses en agt verder beredeneer.

Ten einde by 'n enkele aanleidende oorsaak vir Paulus se briewe te kom, word vervolgens oorweeg of die vier besware wat Savage lys in een kernoorsaak saamgevat kan word. Die verklaring van Pearson (vgl. 2.2.4) het telkens een saak na vore laat kom, naamlik die Korintiërs se begeerte om "as volwassenes" gereken te word. Die opsomming van Savage se bevindinge lig ook een saak uit naamlik eersugtigheid en die soeke na status (vgl. die standpunte van ook ander skrywers hierbo by "status"). In 'n artikel met die subtitel "Honor discourse" beskou De Silva (1998: 62–64) ook die soeke na eer en status in die gemeente as die kernprobleem:

Honor remains the umbrella which shelters the values and norms of the group, but honour is *now strictly defined in terms of the world view and norms of the group* (De Silva, 1998:62, my kursivering) ... a rival Hellenistic Jewish Christian mission had made its way to Corinth, *exploiting the Corinthians' enslavement to society's norms* in order to demonstrate its superiority over Paul ... These rivals play into the image of the orator who has "honour, power, spiritual gifts, rhetorical skills and good references and would accept patronage" (Witherington, 1995:348). The believers' susceptibility to such teachers *reveals the degree of embeddedness in the norms of the majority culture*. The very salvation of the believers may be halted and aborted as they return to imitate those who refuse to imitate Christ out of a desire to appear "honorable" and "powerful" according to worldly standards (De Silva, 1998:63, 64, my kursivering).

Nou kan ook teruggekeer word na Goulder se vraag oor die betekenis van die woorde τὸ μὴ ὑπὲρ ἃ γέγραπται in 1 Korintiërs 4:6. Goulder se standpunt was dat hierdie uitdrukking na die leerstellings van die Petrusparty oor die tora, verwys. Volgens Goulder verwys Paulus dus met die uitdrukking na sy aanhalings van verskeie Ou Testamentiese tekste om die *dibre hokmah* te weerlê (Goulder, 1991:524).

Wagner (1998:280) verwys na Goulder se bogenoemde standpunt en wye aanvaarding daarvoor dat τὸ μὴ ὑπὲρ ἃ γέγραπται 'n bekende gesegde of slagspreuk was. Hy ontleed vervolgens die struktuur van 1 Korintiërs 1–4, die verbale verbande tussen 1:31 en 4:6 en “eggo’s van roem” (“boasting”) (1998:281–283). Sy konklusie is dat 4:6 eerder na 1:31 verwys: “Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem”. Laasgenoemde is ’n aanhaling uit Jeremia 9:23 of uit die apokriewe “Lied van Hanna” (1998:284, 284). Wagner (1998:286) kom dan tot dieselfde gevolgtrekking as Pearson, Savage en De Silva: “The Corinthians misunderstand the nature of the reversal wrought by God, supposing their new status is measured by the world’s standards of what is wise, powerful, noble”. In die lig van Wagner se spesifieke wetenskaplike ontleding en die bevindings van Savage en Pearson, word die bostaande verklaring van Wagner aanvaar as meer waarskynlik as Goulder se standpunt.

Vir doeleindes van hierdie studie word 1 Korintiërs 1:31 (“Daarom soos geskrywe is, die wat roem moet in die Here roem”) dus as kernvers vir die verstaan van die sentrale probleem in beide 1 en 2 Korintiërs aanvaar. Hierdie vers verwys nie net na die “roem van die Korintiërs nie”, maar ook na die Ou Testamentiese aanhalings wat in 1 Korintiërs 1–2 voorkom. Die onmiskenbare verband tussen 1:31 en Paulus se oplossing vir hierdie probleem in 1 Korintiërs 1:18 en 2:2 behoort verder in die volgende afdeling duidelik te word.

Konklusie: die sentrale aanleidende oorsaak vir die skryf van 1 en 2 Korintiërs is die gemeente se toegewing aan die suigrag van die destydse samelewing en heidense godsdienste om ten alle koste eie roem en status te probeer verseker. Hierdie swakheid is deur die eersugtige teenstanders van Paulus (2 Kor.) uitgebuit. Agter die eersug van die destydse samelewing en heidense godsdienste is die eie werk en die oersonde van die Satan (vgl. 1 Tim. 3:6; 2 Kor. 2:10–11).

Laasgenoemde konklusie laat ’n laaste vraag nog onbeantwoord, naamlik of Paulus dan nie sêlf roem nie?

## **2.2.6 Is Paulus nie self besig om te roem en weerspreek hy op dié wyse homself nie?**

Eerstens word gestel dat Paulus ongetwyfeld besig is om homself aan te beveel. Hiervoor gebruik hy *peristasis*-katalogusse (vgl. 2 Kor. 11:23b–33) as retoriese tegniek (Andrews, 1995:265). Hy maak van ander retoriese tegnieke soos lofbetuiging (“praise”), blamering en

dreigement ("blame"/"threat"), vermaning ("admonition") en teregwysing ("rebuke") gebruik om homself aan te beveel (Neufeld, 2000:377).

Tog is niks verder van die waarheid as Stuart (1991:264–265) se bevindings oor 1 Korintiërs 13 dat Paulus juis besig is om op narsistiese wyse sy hoorders te manipuleer nie (vgl. die respons van Waters, 1991:75). Paulus roem wel, maar daar is 'n belangrike onderskeid. In 'n artikel wat spreek van naatlose logika toon Hafemann aan dat daar geen aanduiding is dat Paulus se "roem" van ander ontologiese kwaliteit as die van sy teenstanders is nie (vgl. Hafemann, 1990:82). Meer nog, dit is vir Paulus noodsaaklik om te roem. Die groot verskil is egter duidelik uit 2 Korintiërs 10:13: "Maar ons sal nie buite die maat (ἄμετρα) roem nie, maar volgens die maat van die werkkring (τὸ μέτρον τοῦ κανόνος [van κανών]) wat God ons as 'n maat toebedeel het om ook julle te bereik". Hafemann wys daarop dat μέτρον hier beteken "what is measured as the result of measuring", dus die afgemete deel wat met 'n κανών, 'n standaard of norm vasgestel is. Buite die maat (ἄμετρα) beteken dan om buite die standaard of norm te gaan, dus die gedagte van "extravagance" (Hafemann, 1990:78).

Die afgemete deel (μέτρον) waarvan hier sprake is, is Paulus se apostoliese gesag onder die Korintiërs. Volgens watter standaard of norm (κανών) meet Paulus egter sy gesag? Hy meet sy gesag volgens dit wat God deur hom gedoen het as norm (κανών). En die standaard of norm (κανών) waarvolgens Paulus se afgemete apostoliese gesag (μέτρον) bepaal is, is die eenvoudige feit dat hy die persoon was deur wie die evangelie na Korinte gekom het en deur wie die kerk geplant is! Laasgenoemde is 'n objektief vasstelbare feit. God het in sy raadsplan vir Paulus en nie die vals apostels nie, vir die kerkplanting gebruik. Daarom is hy hulle geestelike vader (1 Kor. 4:15, Hafemann, 1990:85). Daarom roem die opponente valslik oor werk wat God deur Paulus gedoen het, asof dit hulle eie werk was. Hulle roem dus buite die mate (ἄμετρα) (Hafemann, 1990:79). Daarteenoor kan Paulus in die Here roem (Hafemann, 1990:81; vgl. ook sy verwysing na 1 Kor. 1:31 en Wagner hierbo).

Die insigte van Hafemann rym presies met wat Paulus elders sê. In Filippense 1:6 sê hy dat God wat die goeie werke in die gelowige begin het, dit sal voleindig. Weer is die werk van God in die gelowige die κανών. In Filippense 2:2 waarsku Paulus die Filippense om "eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê". So nie, is hulle besig met, letterlik gesproke "leë eer" (κενοδοξία), dus met roem wat God nie vir hulle afgemeet het nie en daarom leeg is (Fil. 2:3; vgl. Robertson, 1998 [Philip. 2:3]). In Efesiërs 2:9 waarsku hy teen roem onder Christene asof

hulle hulleself deur hulle goeie werke verlos het. In vers 10 maan hy dan die Efesiërs om te wandel in die “goeie werke wat God reeds vooraf voorberei het” (vgl. die Here se werk deur Paulus as *καλῶν*). Vers 10 verwoord dus die ware roem teenoor die valse roem (*ἄμετρα*) in vers 9. Valse roem sal roem, nie *in* die Here (1 Kor. 1:31) nie, maar *buite* die Here wees, welke roem demonies is (vgl. die verwysing na die Satan as die “owerste van die mag van die lug” [Ef. 2:2]).

## 2.2.7 Gevolgtrekkings

- 2.2.7.1 Die sentrale probleemstelling vir 1 Korintiërs is die vraag wat die aanleidende oorsaak vir die partyskappe is (1 Kor. 1:10) (2.1.4; 2.2.1).
- 2.2.7.2 Ten einde laasgenoemde probleemstelling op te los word die korrekte verstaan van die identiteit van die partyskappe (1 Kor.) en die teenstanders (2 Kor.) algemeen deur wetenskaplikes as die belangrikste hermeneutiese sleutel aanvaar (2.2.1).
- 2.2.7.3 Daar bestaan geen eenstemmigheid tussen geleerdes oor die identiteit van die partyskappe (1 Kor.) en die teenstanders (2 Kor.) nie, waarskynlik omrede die teks self hieroor te min inligting gee (2.2.1).
- 2.2.7.4 In die lig van min inligting in die teks oor die partyskappe en die opponente is ondersoek na die sosio-maatskaplike agtergrond van eerste-eeuse Korinte des te meer noodsaaklik (2.2.1).
- 2.2.7.5 Korinte was in Paulus se tyd 'n bloeiende nuwe kosmopolitaanse stad met min kulturele wortels en toeganklik vir invloede van buite (2.2.2).
- 2.2.7.6 Wanneer konflik tussen Paulus en die Korintiërs ondersoek word, moet ook die persoon en status van Paulus krities ondersoek word (2.2.3).
- 2.2.7.7 Paulus kan getipeer word as Grieks-Romeinse Jood en Joodse Christen (2.2.3).
- 2.2.7.8 Wanneer Paulus sy briewe aan die Korintiërs skryf is hy reeds 'n ervare en volwasse Christen (2.2.3).
- 2.2.7.9 Paulus se uitstekende opleiding in Judaïsme en in die kennis van die Grieks-Romeinse wêreld, maak hom baie geskik as apostel vir die heidennasies en om Judaïstiese opponente te weerlê (2.2.3).
- 2.2.7.10 Daar is belangrike historiese verskille tussen Paulus en die apostels van Jerusalem se fundering van apostoliese gesag. Hierdie verskille kon geredelik deur teenstanders uitgebuit word (2.2.3).

- 2.2.7.11 Die belangrikste aspek van Paulus se toerusting was sy bekering tot Jesus Christus en toerusting deur Christus self (2.2.3).
- 2.2.7.12 Standpunte van skrywers oor die faksies en die teenstanders in die Korintiërbriewe is ontleed in 'n poging om by 'n aanleidende sentrale oorsaak vir die skryf van die briewe uit te kom (2.2.4).
- 2.2.7.13 Goulder (soos Bauer) is van oortuiging dat daar slegs twee partye in Korinte was, naamlik 'n Cefasgroep onder leiding van die apostels in Jerusalem en 'n Paulusgroep (2.2.4).
- 2.2.7.14 Volgens Goulder was die Cefasgroep Christene wat Joodse sofisme (*halakah* op grond van die *midrash* van die tora) voorgestaan het. Hulle was ook soekers na die charismatiese tekens wat sulke sofiste gekenmerk het (2.2.4).
- 2.2.7.15 In 1 Korintiërs 4:6 verwys Paulus volgens Goulder na sy eie verkondiging uit tekste in die Ou Testament om die Cefasgroep se wysheid te weerlê. 1 Korintiërs 4:6 is daarom volgens hom 'n kernvers om die boek te verstaan (2.2.4).
- 2.2.7.16 Goulder se stereotipering van die twee partye en afbakening van die leerinhoud as Joodse sofisme geniet te min ondersteuning in die teks self. Om slegs klem te plaas op wrywing tussen Petrus en Paulus is eensydig. Dat Judaïste deur middel van die gesistematiseerde verklaring van die tora 'n invloed uitgeoefen het, is wel waarskynlik. Pearson toon egter ook 'n duidelike invloed van Joodse Hellenisme (veral Philo) aan (2.2.4).
- 2.2.7.17 Pearson toon die ooreenkomste tussen die moontlike bewerings van die teenstanders in die teks en veral uitsprake van Philo aan. Hierdie vergelykings lig die tema van hoogmoed/eersug/aansprake op geestelike volwassenheid uit (vgl. 1 Kor. 2:6 en 3:1) (2.2.4).
- 2.2.7.18 Savage het in sy studie die laterale moontlikheid raakgesien om nie die identiteit van die teenstanders as hermeneutiese vertrekpunt te neem nie, maar die swakhede van die Christengemeente in Korinte wat deur eersgenoemdes uitgebuit is (2.2.5).
- 2.2.7.19 Savage se studie toon duidelike ooreenkomste tussen die besware teen Paulus (wat blyk uit die teks) en tipiese persepsies wat gegeld het in die Grieks-Romeinse samelewing van die eerste-eeuse Korinte (2.2.5).
- 2.2.7.20 Die besware van die gemeente blyk reeds uit 1 Korintiërs en word deur die teenstanders (2 Kor.) uitgebuit (2.2.5).
- 2.2.7.21 Die besware van die Korintiërs is nie Christelik of teologies van aard nie, maar het op geestelike wortels in die destydse heidense denkwêreld en religie berus (2.2.5).

- 2.2.7.22 Die besware van die Korintiërs teen Paulus kan as een sentrale probleem saamgevat word naamlik roem/selfverheerliking/versugting na eer en status (vgl. Pearson hierbo) (2.2.5).
- 2.2.7.23 In die lig van Savage en Pearson se navorsing word die wetenskaplike uitleg van Wagner dat 1 Korintiërs 4:6 waarskynlik na 1 Korintiërs 1:31 terugverwys, aanvaar. 1 Korintiërs 1:31 ("die wat roem moet in die Here roem") word as kernvers vir die verstaan van die onderliggende probleem in beide 1 en 2 Korintiërs aanvaar (2.2.5).
- 2.2.7.24 Na aanleiding van 1 Korintiërs 1:31 word bevind dat die sentrale aanleidende oorsaak vir die probleem van 1:10 roem *buite* die Here is (2.2.5).
- 2.2.7.25 Paulus roem self ook, maar sy maatstaf vir roem is die werk wat God self deur hom gedoen het. Sy afgemete deel van roem is die kerkplanting onder die Korintiërs. Die teenstanders misbruik dus Paulus se werk om "buite maat" of "nie in die Here nie" te roem (2 Kor. 10:13; vgl. 1 Kor. 1:31) (2.2.6).

In die volgende afdeling word vervolgens die positiewe antwoord op die negatiewe aanleidende oorsaak van 1 Korintiërs 1:31 gegee.

## **2.3 Afdeling twee: die fokus op Christus as sleutel om die sentrale probleem in Korintiërs aan te spreek en die gemeente op te bou**

### **2.3.1 Probleemstelling en werkplan**

Die positiewe oplossing op die aanleidende probleem wat in die vorige afdeling as "roem buite die Here" (vgl. 1 Kor. 1:31) vasgestel is, word in hierdie afdeling ontgin. In afdeling twee word gevra: hoe kan die gelowige in die Here roem?

1 Korintiërs 1:31 lui: "die wat roem moet *in die Here* roem". Hieruit blyk reeds die positiewe antwoord van 'n fokus op die Here. In 1 Korintiërs 2:2 gee Paulus presies hierdie fokus: "want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde". Hieronder sal aangetoon word dat hierdie fokus as oplossing vir die aanleidende oorsaak vir die skryf van die briewe, reeds aan die begin van die *probatio* in 1 Korintiërs 1:18 aangekondig word. Daarom sal hierdie afdeling hoofsaaklik handel oor die vraag na die betekenis van die uitdrukking "woord van die kruis" (1:18) as oplossing vir die probleem wat in 1 Korintiërs 1:10 geïdentifiseer is.

Die volgende metode word gebruik: eers word diskoerse afgebaken en die keuse van kernverse gemotiveer. Hierna volg 'n gedagtestruktuur van 1 Korintiërs 1:18–2:16, wat as verwysingsraamwerk dien vir die geheelbeeld van Paulus se betoog. Om die uitdrukking “woord van die kruis” (1:18) te verstaan word sintaktiese ontleding en woordontleding gedoen. Hierna word die argumente (vgl. Witherington, 1995:vi) wat in die gedagtestruktuur gemerk is, ondersoek om verdere lig te werp op die resultate van die woordontleding. Die resultate van laasgenoemde ondersoek word dan kortliks vergelyk met die fokus in 2 Korintiërs en dan getoets in twee voorbeelde van konflikhantering.

### 2.3.2 Afbakening van diskoerse en identifisering van kernverse

Op grond van die konvensies van die Grieks-Romeinse retoriek deel Witherington (1995:vi) 1 Korintiërs as volg in: *exordium* (1:4–9), *propositio* (1:10), *narratio* (1:11–17), *probatio* (1:18–16:12, waarin hy 9 argumente onderskei) en *peroratio* (16:13–18). Volgens Wagner is daar feitlik eenstemmigheid onder geleerdes dat 1 Korintiërs 1:18 (of 1:10) – 4:21 'n afgebakende diskoers in die brief vorm. Die herhaling van παρακαλῶ in 1:10 en 4:16 funksioneer as *inclusio* om die hoofstukke saam te bind (Wagner, 1998:281). Witherington (1995:vi) noem 1:18–4:21 “argument 1” waarin hy vier verdere afdelings (“divisions”) onderskei. Afdeling een (1:18–31) het die opskrif “The wisdom of the cross” en afdeling twee (2:1–16) “Wisdom for the mature”. Vir doeleindes van hierdie studie word volstaan met hierdie diskoersanalise aangesien kernverse slegs uit hierdie gedeeltes geneem en ontleed word.

1 Korintiërs 1:18 word as kernvers vir ontleding gekies aangesien die *probatio* hiermee begin as eerste en vernaamste motivering en as dramatiese kontras waarby alles in 1 en 2 Korintiërs vir Paulus staan of val (vgl. Witherington, 1995:107; Lightfoot, aangehaal deur Robertson, 1998 [1 Cor.1:18]). 1 Korintiërs 1:22–24 en 2:1–5 is uitgesonder vir meer detail ontleding aangesien dieselfde terminologie as 1:18 daarin voorkom. 1 Korintiërs 2:1–5 word algemeen deur geleerdes as afsonderlike diskoers binne 2:1–16 aanvaar (vgl. Wiersbe, 1996; Witherington, 1995:124 se verwysing na Marshall en andere).

Vir doeleindes van die onderstaande gedagtestruktuur word die verdere indeling van Pop (1978:i) gevolg terwyl sy opskrifte aangepas is. 1 Korintiërs 1:17 is bygevoeg as oorgangsin tussen die *narratio* en *probatio*.



### 2.3.3 Gedagtestruktuur van 1 Korintiërs 1:18–2:16

Met behulp van γὰρ; ἐπειδὴ (vgl. 1:21, 22) en ὅτι (vgl. 1:25) is tien argumente van Paulus onderskei. Kontraste is met behulp van δὲ en ἀλλὰ (vgl. 1:23, 27) geïdentifiseer. Met behulp van ἵνα en ὅπως (vgl. 1:29, 31) is drie gevolgtrekkings of konklusies vasgestel. Met behulp van καὶ (en καὶ γὰρ), die vraagwoord ποῦ en aanduiders van relatiewe bysinne soos ἦν en ἃ (vgl. 1:20; 2:8, 13) is gedeeltes waarin verdere beredenering voorkom geïdentifiseer.

Die volgende visuele merkers word in die struktuur gebruik:

Argumente wat telkens op mekaar gebou word, is gemerk as **ARG 1– ARG 10**;

Die sinne waarin die fokus op die kruis die duidelikste gestel is, is in geheel geblok ;

✍ merk die sinne waarin verdere beredenering of vrae voorkom;

➤ merk sinne waarin kontraste voorkom;

☞ merk die sinne wat doel of gevolgtrekkings/konklusies aandui;

Die begrippe wat verband hou met wysheid (hetsy van God of die wêreld) of dwaasheid, is onderstreep;

Die begrippe wat verband hou met tekens/mag/uiterlike vertoon, is *skuinsgedruk*;

Die begrippe wat verband hou met Christus/die verkondiging van die kruis/evangelie/redding/geloof, is **donker gedruk en met 'n ✝ gemerk**;

**AANHALINGS UIT DIE OU TESTAMENT** is donker gedruk in hoofletters en met  gemerk;

#### Aanleiding tot die diskoers (1:17; vgl. 1:10–16)

**ARG 1 17** WANT Christus het my nie gestuur *om te doop* nie, maar om ✝ **die evangelie te verkondig**, nie met wysheid van woorde nie, sodat ✝ **die kruis van Christus** nie verydel mag word nie.

#### DIE FOKUS OP CHRISTUS DIE GEKRUISIGDE (1:18–2:16)

#### Wysheid en vertoon van mense versus God se “woord van die kruis” (1:18–25)

**ARG 2 18** Want die ✝ **woord van die kruis** is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die *krag van God*;

**ARG 3 19** want  **DAAR IS GESKRYWE**: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak.

- ✍ 20 Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?

ARG 4 21 Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die ✠ prediking die wat glo te red;

ARG 5 22 want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid,

- 23 maar ons ✠ verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;
- 24 maar vir ✠ die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: ✠ Christus, die krag van God en die wysheid van God.

ARG 6 25 Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense.

### God verhef juis die swakke en die dwase! (1:26–31)

ARG 7 26 Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie;

- 27 maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam;
- 28 en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak,
- ☞ 29 sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.
- 30 Maar deur Hom is julle ✠ in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.
- ☞ 31 Daarom, soos **□** GESKRYWE IS: Die wat roem, moet in die Here roem.

### “Ek is ook swak en dwaas”: Paulus se fokus in sy bediening aan die gemeente (2:1–5)

- ✍ 1 EN toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie,

ARG 8 2 want ek het my voorgeneem om ✠ niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde.

- ✍ 3 Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing;
- ✍ 4 en my rede en my ✠ prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag,
- ☞ 5 sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.

### Die swakheid van die “woord van die kruis” en krag van die Gees van God in die volwassenes in Christus (2:6–16)

- 6 Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes,

- maar 'n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie.
- 7 maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid,

✍ 8 wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie – want as hulle dit geken het, sou hulle die ✠ Here van die heerlijkheid nie gekruisig het nie -

- 9 maar **SOOS GESKRYWE IS:** Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.
- 10 maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

**ARG 9 11** Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.

- 12 Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.
- ✍ 13 Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.
- 14 maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.
- 15 Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.

**ARG 10 16** Want wie het die sin van die ✠ Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig?

- Maar ons het die sin ✠ van Christus.

### 2.3.3.1 Afleidings uit die gedagtestruktuur


Hieronder word voorlopig afleidings gemaak wat later verder deur eksegetiese getoets word.

- Die boodskap vertoon 'n logiese opbou wat gekoppel is aan die vorige diskoers (v. 17).
- In 1:18–25 word die Nuwe Testamentiese fokus op die “woord van die kruis” as sentrale tema eers aangekondig (1:18) en onmiddellik met 'n gesaghebbende situasie uit die Ou Testament (met verdere beredenering) bevestig. Nog twee argumente volg. Argument vyf staan uit as herhaling van die kruisterminologie van 1:18 wat dan apologeties teenoor twee valse fokusse van wysheid en tekens afgegrens word. Hierdie twee strome loop verder dwarsdeur die hele gedagtestruktuur en word deur positiewe omgekeerdes belig.
- Daar is twee hoofkategorieë van mense, dié wat gered word en dié wat verlore gaan (1:18). Die kontras tussen die twee hoofkategorieë kom deurlopend in die perikoop voor (vgl. 1:18; 1:25; 2:7–8). So word die kontras tussen Christus (en sy Woord) en die heersende wêreldbeskouing deurgaans beklemtoon.

- In 1:26–31 word oorwegend die dwaasheid van 'n verkeerde fokus beklemtoon. Aangesien die gemeentelide nie mense van hoë status is nie, is dit des te meer dwaas om mis te kyk dat God juis met diegene is wat nie op hulleself roem nie (v. 26). Kontrasterende sinne beklemtoon hoe dwaas die wêreld se wysheid in God se oë is, maar ook die omgekeerde: God se wysheid het al in die gemeente posgevat (v. 30). Die kernoorsaak vir die verdeeldheid wat intussen ingetree het (vgl. v. 10) eindig egter die gedagte-eenheid op 'n vermanende noot met vers 31 – 'n tweede aanhaling uit die Ou Testament wat die gesag van Paulus se verkondiging beklemtoon.
- Die agteruitgang in die gemeente is nie Paulus se skuld nie, want hy het op die kruis gefokus (2:1–5). In drie beredeneringe verduidelik Paulus die ingesteldheid van sy leierskap wat uit sy fokus op die kruis gevolg het (vgl. die herhaling van kruisterminologie in 2:2). Die konklusie rym met die voriges: roem in die Here *versus* eersoeke (vgl. 1:29, 31; 2:5). So word die hipotese oor die kernprobleem in Korinte verder bevestig, asook die fokus op Christus as antwoord daarop. Ook word sodoende die daaropvolgende positiewe gedagte van die krag van die Gees ingelui.
- In gedagte-eenheid 2:6–16 is die trant nou oorwegend positief, maar steeds dringend: met pare van drie antiteses gevolg deur 'n enkele redenasie word die gemeente aangespoor tot die wyse keuse om met dieselfde fokus te volg en die krag van die Gees te beleef.

### 2.3.4 Wat beteken die frase “woord van die kruis”?

#### 2.3.4.1 Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18




Opmerkings:

- Die merker want (γὰρ), koppel vers 18 aan die voorafgaande verse, veral vers 17.
- “Die woord” (λόγος) is die subjek wat:
  - deur die genitief (“van die kruis”) nader bepaal word.
  - predikatief verbind word (deur ἐστίν) aan a) (“dwaasheid”) en b) (“krag”). Deur ἐστίν + die datief van verwysing of analogie (vgl. Funk, 1961:102 [par.190] en Conradie *et al.*, 1994:141–142) word a) (“dwaasheid”) en b) (“krag”) weer gekoppel aan twee hoofgroepe persone wat in omgekeerde parallelismes (vgl. Moule, 1963:194 en Funk, 1961:259 [par.

490]) teenoor mekaar staan, naamlik (a) (diegene wat besig is om verlore te gaan) en (b) (diegene wat besig is om gered te word).

Dus a b en (a)(b)



#### 2.3.4.1.1 Gevolgtrekkings uit die sintaktiese ontleding

- Die “woord van die kruis” word in die sinskonstruksie in die fokusposisie geplaas.
- Deur twee groepe te onderskei wat staan of val by die “woord van die kruis”, word laasgenoemde as fokuspunt van Paulus se betoog verder beklemtoon.
- Deur “dwaasheid” en “krag van God” in die sinskonstruksie met mekaar te kontrasteer word die aansporing/vermaning (vgl. παρακαλῶ in 1:10) om die “woord van die kruis” as fokuspunt te aanvaar en die dwaasheid van die wêreld te verwerp, beklemtoon.
- Dit is dus duidelik dat Paulus se fokus in 2:2 reeds met 1:18 aangekondig word.

#### 2.3.4.2 Verskeie betekenisonderskeidinge vir “woord” (λόγος)

Dit is onmoontlik om binne hierdie beperkte ruimte die ryk teologiese inhoud van die uitdrukking “woord van die kruis” uit te put. By 2.2.3 is aangetoon dat Paulus se akademiese agtergrond as Fariseër en sy kennis van die Grieks-Romeinse wêreld, belangrik is om die teks te verstaan. Die term λόγος het 'n lang en ingewikkelde ontwikkeling in die Grieks-Hellenistiese denkwêreld deurloop (vgl. Kleinknecht, 1976). Paulus sou as dissipel van Gamaliël ongetwyfeld ook op hoogte gewees het van die betekenis van דְּבָר (woord) in die Ou Testament en die invloed daarvan op die filosofiese denke van sy tyd. Hierbo is ook verwys na die werke van Philo, wat waarskynlik 'n groot invloed gehad het op die denke van Paulus se opponente. So gesien is daar verskeie moontlike maniere waarop Paulus “woord” (λόγος) sou kon verstaan. Hieronder sal egter aangetoon word dat die gebruik van die term λόγος deur Paulus, teen hierdie agtergrond, verrassend ongekompliseerd is.

#### 2.3.4.3 Betekenisonderskeidinge van λόγος in die Grieks-Hellenistiese denkwêreld, Philo en die Ou en Nuwe Testament

Kleinknecht (1976) bespreek die ontwikkeling van die term λόγος in die Grieks-Hellenistiese denkwêreld. Die Sofiste het λόγος byvoorbeeld gekoppel aan die krag van die mens se denke

of rede (νοῦς) en daarmee saam aan die krag van die retoriek ("speech") (Kleinknecht (1976a). Philo het op sy beurt abstrakte religieuse betekenis aan λόγος verleen (vgl. Pearson oor die opponente van Paulus by 2.2.4). Kleinknecht (1976b) sê:

This λόγος θεοῦ or θεῖος λόγος, as the new use with the gen shows, is no longer God Himself as in the Stoa ... It is an ἔργον of God (Sacr. AC., 65). It is a god, but of the second rank ... As such it is called the εἰκὼν of the supreme God ... With Σοφία God has begotten the κόσμος νοητός as His first-born son. This is equated with the λόγος ... Thus the λόγος is a mediating figure which comes forth from God and establishes a link between the remotely transcendent God and the world or man, and yet which also represents man to God as a high-priest (Gig., 52) and advocate (Vit. Mos., II, 133). i.e., as a personal Mediator, and not just in terms of the genuinely Gk. ἀνα-λογία (Plat. Tim., 31c; Plot. Enn., III, 3, 6) (Kleinknecht, 1976b oor Philo [verkort]).

Wat is die situasie in die Septuagint en die Ou Testament? Die LXX vertaal "woord" (דָּבָר) met λόγος en ῥῆμα as sinonieme (Procksch, 1976). "Woord" (דָּבָר) het in die Ou Testament vernaamlik twee teologiese betekenisse naamlik 'n dianoëtiese ("dianoetic"; vgl. klankwaarde van νοῦς) en dinamiese ("dynamic"; vgl. klankwaarde van δύναμις) betekenis:

Dianoetically, דָּבָר always contains a νοῦς, a thought. In it is displayed the meaning of a thing, so that דָּבָר always belongs to the *field of knowledge*. By its דָּבָר a thing is known and becomes subject to thought. To grasp the דָּבָר of a thing is to grasp the thing itself. It becomes clear and transparent; its nature is brought to light. In this connection the word is also *distinguished theologically from the spirit*, since the OT concept of spirit (רוח) does not originally have this dianoetic element. But along with the dianoetic element is the dynamic, even if this is not always so evident. Every דָּבָר is filled with *power* which can be manifested in the most diverse energies. This power is felt by the one who receives the word and takes it to himself. But it is present independently of this reception in the objective effects which the word has in history. *The two elements, the dianoetic and the dynamic, may be seen most forcefully in the Word of God, and the prophets had a profound grasp of this from both sides, so that in this respect they are the teachers of all theology* (Procksch, 1976a, my kursivering).

Vir die betekenis van λόγος in die Nuwe Testament maak Louw en Nida (1996) van agt semantiese velde gebruik. In die konteks van 1 Korintiërs 1:18 kan λόγος verwys na: a) 'n gebeurtenis of saak (13.115), b) 'n relatief formele en sistematiese behandeling van 'n onderwerp (33.51; vgl. λόγος as "speech" [Fee, 1993:68]), c) dit wat gesê is, 'n boodskap, met primêre fokus op die inhoud van wat gesê is (33.98) en d) die inhoud wat oor Christus gepreek word (33.260).

Dit is opvallend dat a) en b) ooreenstemming toon met die dinamiese- of die gebeure-aspek van דָּבָר terwyl c) en d) weer aan die dianoëtiese herinner.

Die vraag is nou watter van hierdie betekenis deur Paulus gebruik word. Daar sal gepoog word om die antwoorde hierop te gee deur die meeste van die argumente wat Paulus in die konteks aanvoer, te ondersoek.

#### **2.3.4.4 Verskeie argumente in 1 Korintiërs 1:18–2:16 belig die frase “woord van die kruis”**

##### **2.3.4.4.1 Die byvoeging van “die kruis” dryf die andersheid van Paulus se λόγος op die spits en verteenwoordig die krag van die Gees (1 Kor. 1:18)**

Die byvoeging van “kruis” in “woord van die kruis”, dryf Paulus se omgekeerde fokus as die heersende wêreldopvatting, op die spits. “Kruis” (σταυρός) het 'n letterlike (houtkruis en daad van kruisiging) en simboliese (teken van die uiterste lyding) betekenis (vgl. Louw & Nida, 1996 [6.27]). Ter wille van groter klem word die bepaler (ὁ) herhaal. Die bepaler verskerp die kontras tussen die “woord van die kruis” teenoor ander woorde, soos die woord van menslike wysheid in vers 17 (vgl. Dana & Mantey, 1962:148).

Die kruis is dwaasheid (μωρία; vgl. “moroon”) vir die Griekse wysgere. “Dwaasheid” beteken die inhoud van dwase gedagtes of redenasies (Louw & Nida, 1996 [32.57]; vgl. die dianoëtiese element van דָּבָר). Die kruis was vir die Romein 'n simbool van veragting en eerloosheid. “Let the very name of the cross be far away from Roman citizens, not from their bodies only, but from their thoughts, their eyes and their ears” (Cicero, aangehaal deur Tan, 1996). Verder het dit vir die wysgere geen sin gemaak dat die dood van een man aan die kruis, alle mense kan red nie:

That one man (even the Son of God) could die on a piece of wood on a nondescript hill in a nondescript part of the world and thereby determine the destiny of every person who has ever lived seems stupid. It allows no place for man's merit, man's attainment, man's understanding, or man's pride. This **word of the cross is foolishness** (*moría*, from which we get *moron*). It is moronic, absolute nonsense, to unbelievers who rely on their own wisdom — **to those who are perishing**. That phrase is a graphic description of Christ rejectors, who are in the process of being destroyed in eternal judgment (MacArthur, 1996).



Vir die Jode is die kruis 'n struikelblok (σκάνδαλον)(1:23). 'n Σκάνδαλον is die stok wat 'n wip laat toeval, iets wat aanstoot en opposisie veroorsaak en wat figuurlik gesproke veroorsaak dat iemand sondig (Louw & Nida, 1996 [6.25; 25.181; 88.306]). Witherington (1995:109) meen egter dat hier eerder gedink moet word aan "something that grossly offends". 'n Messias wat aan 'n hout hang was vir die Jode 'n steen des aanstoots en 'n vervloeking (Gal. 3:13; Deut. 21:23). "Het kruis is hier en elders in Paulus' brieven een term, die de totaliteit van Jezus' leven in vernedering omvat" (Pop, 1978:34) en dit is presies nie die tipe Messias wat hulle wou gehad het nie. Juis daarom het hulle oor Jesus gestruikel.

Te meer is Jesus se vloekdood 'n aanstoot aangesien Hy geen sonde gehad het nie (Heb. 4:15) en die kruis daarom die vervloeking van die mense in wie se plek Hy ly, verteenwoordig. Die kruis is nie 'n refleksie op Jesus self nie, maar op die Jode en op die hele mensdom (Gal. 3:13; Faussett, 1997).

Daar moet steeds rekening gehou word met die spesifieke konteks van Paulus se woordkeuse. "Woord" sou ook deur ander begrippe (soos "waarheid") nader omskryf kon word. Die spesifieke probleem van sondige roem of eersug (vgl. 2.2.5) is egter die onmiddellike konteks en motivering vir die keuse van die begrip "kruis". De Silva (1998:64, 68) verduidelik hoe die "woord van die kruis" die "upside down nature" van die Korintiërs se wêreld in die gemeente self ontmasker:

The fact of a crucified Messiah, the *central feature* of Paul's gospel, reveals the *upside down nature* of the world's way of thinking and evaluating. Failure to grasp the devaluation of the world's standards as "foolishness" in God's sight equals, for Paul, failure to grasp the gospel itself" ... "Only if the Corinthians could perceive the God at work in weakness ... (and) allowed God to shine through their cracks, their flaws, their points of weakness, would they understand how *radically different salvation* was from what their culture led them to believe (my kursivering).

Dat daar geen grys area tussen die Korintiërs se soeke na eer en status en die radikaal anderse boodskap van die kruis is nie, blyk uit die kategorisering van die mensdom in net twee groepe. Daar is dié wat gered word en dié wat verlore gaan. Die gebruik van die praesens partisipia vir "dié wat verlore gaan" (ἀπολλυμένοις) en "diegene wat gered word" (σωζομένοις) dui volgens Robertson (1998 [1 Cor. 1:18]) op tydloosheid. Dus word redding of verderf, wat al in die verlede vasstaan en in die toekoms sal aanbreek, in die hede uitgeleef. Daarom vertaal Pop (1978:35) " bezig zijn om verloren te gaan". Die passief σωζομένοις

vorm 'n kontras met die mediumvorm ἀπολλυμένοις (refleksief). Mense wat besig is om verlore te gaan, kan net hulleself blameer, maar die mense wat besig is om gered te word, word deur God gered, nie deur hulleself nie. Hulle staan in 'n reddende verhouding tot God (vgl. Rienecker & Rogers, 1980:388).

Ten slotte bring juis die dwaasheid van die kruis, die krag van God na vore. Wie deur God gered word, besef dat dit nie sy/haar eie werk was nie, maar die krag van God. "Krag" (δύναμις) beteken volgens Louw en Nida (1996 [74.1]) die vermoë om 'n bepaalde proses te ondergaan. Volgens Wuest (1997) beteken δύναμις ook die krag om weerstand te oorkom. In Handeling 1:8 word δύναμις spesifiek aan die Heilige Gees verbind (vgl. Louw & Nida, 1996 [76.1]). In hierdie argument word God se krag om die mens te red dus beklemtoon. Die kruis wys dat die mens hom-/haarself nie kan red nie en dat alles van God se krag afhang (vgl. die subjeksgenitief θεοῦ). In die volgende vers (1 Kor. 1:19) kom God se krag om die weerstand wat die wyse mense bied te vernietig, aan die orde met 'n aanhaling uit die Ou Testament.

Die dinamiese element van die "woord van die kruis" kom dus tematies en in die woordgebruik na vore en is gekoppel aan God self.

#### **2.3.4.4.2 God het al eeue gelede die mens se wysheid vernietig en doen dit steeds (1 Kor. 1:19–21)**

Die sitasie uit die Ou Testament in argument drie (v. 19) beklemtoon die tydlose dringendheid wat in die vorige paragraaf uiteengesit is.


Die kontinuïteit tussen die "woord van die kruis" en die דְּבַר van die Ou Testament is duidelik in die vergelyking tussen Sanherib se wysgere van eeue gelede (vgl. Jes. 29:14; 2 Kon. 18, 19) en die skrifgeleerde en redetwister "van hierdie eeu" (v. 20). Paulus skroom nie om sy hoorders te probeer oortuig dat die "woord van die kruis" presies so vernietigend werk met die wysheid van die teenswoordige wêreld, as wat God in Ou Testamentiese tye gedoen het met die wysgere van Sanherib nie. Soos van die דְּבַר van die Ou Testamentiese profete, moet elke trotsaard van die λόγος van die kruis kennis neem, want hierdie woord is reeds dinamies besig om in vervulling te gaan! God vernietig die wat op hulleself roem (vgl. 1 Kor. 1:31, ook 'n aanhaling uit die Ou Testament). Waar is die skrifgeleerde en redetwister van hierdie eeu nou eintlik? God het hulle reeds dwaas gemaak (v. 20; vgl. Matt. 11:25b).

In die vierde argument word die positiewe aspek van die “woord van die kruis” weer antities beklemtoon: “Dit het God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red” (v. 21). God het verkies om sy boodskap van transendente krag in die gekruisigde Messias aan die wêreld te openbaar (De Silva, 1998:68) en die wat dit glo sal gered word (vgl. die twee partye in 1 Kor. 1:18).

#### **2.3.4.4.3 Die fokus op Christus: 'n nuwe identiteit vir elkeen wat glo (1 Kor. 1:22–25)**

Saam met argument agt vorm argument vyf (vgl. 2.3.3) die duidelikste fokus op die kruis of “woord van die kruis” en is een van die kerngedeeltes van Paulus se betoog. Tematies kan argument vyf as die middelpunt van die hele perikoop beskou word. Dit som die voorafgaande argumente op en baan die weg vir die redenasies wat volg. Die sintaktiese ontleding demonstreer hoe sentraal Paulus op die kruis van Christus fokus. Na bespreking van die sintaktiese struktuur word die nuwe identiteit wat hier afgebeeld word, bespreek. Vers 21 (argument vier) kondig die tema van redding deur die dwaasheid van die prediking aan. Dan volg vers 22–24 (argument vyf) as 'n ekskursie. In vers 25 word die gedagte-eenheid afgerond met 'n samevattende argument.

### 2.3.4.4.3.1 Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:22-24



# Opmerkings:

- "Want" (hier ἐπεὶ δὲ) koppel vers 22–24 losweg aan vers 21. Op die vorige gedagtes word dus uitgebrei en ook 'n nuwe gedagte-eenheid begin. "The conj. is causal but only loosely subordinating" (Rienecker & Rogers, 1980:388).
- Vers 22–23 (tot by Χριστὸν) gee 'n beskrywing van drie groepe mense (die onderwerpe gemerk as a\*–c\*). Die eerste hoofgroep van 1:18 "hulle wat verlore gaan" word dus nou verder opgedeel in Jode en Grieke as verteenwoordigers van twee valse denkstrome. "Representatives for the most common human 'idolatries'" (Fee, 1993:69). Dit verstrek die antwoord op die ironiese vraag in vers 20 oor die Skrifgeleerdes (Jode) en die redetwisters (Grieke). Selfs die Joodse Skrifgeleerde wat nie deel is van die nuwe eeu wat in Christus aangebreek het nie, is verlore (Fee, 1993:69; vgl. ook 1:18).
- Drie werkwoorde (gemerk A–C) in vers 22–23 beskryf die aksies van hierdie groepe. A en B kontrasteer C, insgelyks a\* en b\* met c\*.
- Die eerste deel van die perikoop eindig klimakties by Christus (Χριστὸν) en die tweede deel begin met Hom. Die tweede deel eindig, soos die eerste met 'n beklemtoning van Christus.
- "Christus" (Χριστὸν) is die direkte voorwerp van C (die verkondiging) en staan sentraal in die perikoop. Hy word verder gekwalifiseer met die deelwoord "gekruisigde" (ἐσταυρωμένον).
- Die groepe se posisionering ten opsigte van Christus, bring die skeiding. "Christus" word in vers 23–24 in apposisie aan vier akkusatiewe (gemerk a, b, c 1 en c 2) gekoppel, wat 'n parallelisme vorm en so die kontras uitlig (vgl. Funk, 1961:259 [par. 490]).

a (struikelblok) en b (dwaasheid)                      c 1 (krag) en c 2 (wysheid)

"Struikelblok" en "krag" staan dus teenoor mekaar, so ook "dwaasheid" en "wysheid". Laasgenoemde analise bevestig die onderskeid wat hieroor in die gedagtestruktuur gemaak is.

- Vir 'n tweede keer word die Jode en die Grieke (a\*\* en b\*\*) gekontrasteer met hulle wat gered word (c\*\* as die geroepenes) (vgl. v. 22) en is deur die datief van verwysing (vgl. Funk, 1961:102 [par. 190] en Conradie *et al.*, 1994:141–142) aan a–c verbind.
- Beide Jode en Grieke word in vers 24 deur "en" (τε καὶ) tot 'n groep verbind. Dus deel beide groepe in sowel die krag en wysheid van God en die onderskeid vervaag (vgl. Fee, 1993:68–69). So word die kontras met die nie-geroepenes wat elkeen op hulle eie

nuttelose soektog is, nog verder versterk en die genade in die gekruisigde Christus as teken en wysheid ook besonder sterk verkondig.

Die belangrikste afleiding uit bogenoemde struktuur is dat die verkondiging van Christus sentraal staan. Hierdie fokus op Christus is egter meer as 'n feit waarvan (dianoëties) kennis geneem kan word. Soos in die onderstaande paragrawe verduidelik word, bring die kruis 'n nuwe identiteit vir die Christen:

Eerstens is die werkwoorde in argument vyf belangrik vir insig in die betekenis van die "woord van die kruis" en die nuwe identiteit van die gelowiges. In die sintaktiese struktuur is aangetoon dat die "soeke" na wysheid en die "vra" na tekens gekontrasteer word met die "verkondiging" van Christus.

Louw en Nida (1996) plaas αἰτέω (vra) en ζητέω (soek) in dieselfde semantiese domein ("Ask for, Request"). Beide handel oor iets wat uitstaande is en wat dringend begeer word (Louw & Nida, 1996 [33.167; 33.163]). Verder is hier sprake van voortdurende soeke: "The present tense shows the habitual action and describes what is always done" (Rienecker & Rogers, 1980:388). Hierteenoor plaas Louw en Nida (1996 [33.256]) "verkondig" (κηρύσσω; vgl. κηρύγμα in v. 21) in die semantiese domein "Inform, Announce". 'n Reeds bestaande waarheid word formeel aangekondig en mense word gevra en oortuig om dit te aanvaar (Louw & Nida, 1996 [33.256]). Die gedagte van voltooidheid (teenoor die soeke) word verder versterk deur ἐσταυρωμένον (perf. part. pass. van σταυρόω). Die perfektum partisipium druk 'n staat of toestand uit. Die staat is veroorsaak deur 'n voltooide handeling in die verlede (die kruisiging) waarvan die gevolge in die hede voortduur. "It refers primarily to the exalted Lord who, in His exaltation, remains the crucified" (Rienecker & Rogers, 1980:388).

Hierdie kontraste werp belangrike lig op die "woord van die kruis" as verkondiging van die evangelie van onbeskryflike genade. Die slim seekendes en die vraendes na opspraakwekkende manifestasies sal aanhou soek en vra sonder om te ontvang. Hierteenoor kan die voltooide kosmiese oorwinning oor die dood (Brown, 1998:278) eenvoudig sonder lang redenasies en groot vertoon aangekondig word.

Tweedens is dit opvallend dat "woord van die kruis" (1:18) in 1:23 verduidelik word as "Christus wat gekruisig is". Wat dus (as "woord van die kruis") verkondig word is Christus se Persoon en

werk eerder as leerstellings van en oor Jesus. Alleen wanneer op hierdie Persoon gefokus word, kan die koninkryk met hierdie sleutel oopgesluit word. "The presence of the kingdom is to be found in the person of Jesus Christ; he is the αυτοβασιλεια" (*sic*) (Potgieter, 2001:217). Met die byvoeging "wat gekruisig is", word sy permanente voltooide werk onlosmaaklik aan sy Persoon verbind. "The Greek expresses not the mere fact of His crucifixion, but the *permanent character* acquired by the transaction, whereby He is now a Saviour" (Ga 3:1) (Faussett, 1997).

Derdens volg uit die sintaktiese ontleding dat "struikelblok" en "krag" teenoor mekaar staan asook "dwaasheid" en "wysheid" (vgl. v. 22, 24). "Teken" van vers 22 is volgens die ontleding uitruilbaar met "mag". Die Jode het dus eintlik na mag gesoek. Hiermee word volgens (Fee, 1993:75) die twee groot afgode van hierdie wêreld ontmasker, naamlik wysheid en mag. Ook die Antichris sal met groot misleiding (valse wysheid) en tekens kom, maar God sal die tekens en die wysheid van hierdie wêreld vernietig (vgl. 2 Tess. 2:7–12). Daarom is die punt hier nie die identiteit van die partye nie, maar hoe iemand geposisioneer is ten opsigte van Christus se *Persoon en kruis* (vgl. die vorige par. [tweedens ...]):

The wisdom of this age/world, whether it be the wisdom of the scribal scholar or the pagan philosopher, the wisdom of the Jews (which seeks confirming signs of one's knowledge of the Law and the divine plan), or the wisdom of the Greeks (which searches for truth in the abstract; v. 22), has been superseded. It has been frustrated in its attempt to grasp the divine plan by the revelation of a new part of the wisdom of God displayed in the life, death, and resurrection of Christ, and set forth in Paul's preaching (vv. 21–22) (Davis, 1996).

Selfs 'n soeke na wysheid en tekens in die teenwoordigheid van Christus moet afgewys word. Die Jode in Jesus se tyd kon wysheid en tekens by Hom soek, sonder om in Hom self te glo (vgl. Joh. 2:23; 6:26; Mark. 12:37b en Jesus se persoonlike uitnodiging aan die "kinders" in plaas van die "wyses" in Matt.11:28). Wie wysheid en tekens soek, is steeds met die twee basiese afgode van die mensdom besig.

Wie Christus verwerp, is dwaas en is besig om te struikel. Omgekeerd, wie Hom het, het in Hom alles. So iemand het reeds die "teken" en die "wysheid". "Teken" (σημεῖον) dui op "an event with special meaning and was inevitably an unusual or even miraculous type of occurrence, and in a number of contexts σημεῖον may be rendered as 'miracle' (Louw & Nida, 1996 [33.477]). Die grootste wonder vind plaas as iemand Jesus waarlik ontmoet. Brown (1998:271) som dit treffend op deur die titel van haar stuk "The gospel takes *place*", dit wil sê

vind plaas, kry 'n staanplek en verleen nuwe status aan die ontvanger. Hiervan is die kruis die teken, 'n teken van totale magteloosheid van die mens en dat iemand nou deel in die wonder van die kruisgebeure as reddende krag van God oor die dood (vgl. 1:18; 1:24; 2:5; Rom. 1:16; Matt. 11:27; Matt. 28:18). Wysheid (σοφία) is kennis wat kundige aktiwiteit of prestasie moontlik maak, die vermoë om te kan verstaan sodat iemand reg kan optree en die inhoud of selfs boek van wat wys is (Louw & Nida, 1996 [28.8; 32.32; 32.37; 32.41]). Wie Christus het, het krag en wysheid (1:24). Christus is "die krag van God en die wysheid van God" (1:24). 1 Korintiërs 1:24 word inhoudelik treffend herhaal in 1:30: "Maar deur Hom is julle *in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing*" (my kursivering).

Vierdens: vir wie is hierdie nuwe identiteit beskore? Negatief gestel is die nuwe identiteit nie beskore vir diegene wat die kruis as dwaasheid verwerp en daaroor struikel nie. Positief gesien beklemtoon die argument in 1 Korintiërs 1:24 die inklusiwiteit van die kruis (vgl. 2 Pet. 3:9). Net so min as wat Joodse of Griekse agtergrond iemand sal bevoordeel om hierdie identiteit te ontvang, kan enige agtergrond iemand benadeel. Alle Jode kan gered word, selfs hulle vir wie dit die moeilikste is om oor die struikelblok van die kruis te kom (vgl. De Villiers, 1983:16 oor "gelowiges uit die party van die Fariseërs" [Hand. 15:5]). Nie net die Grieke kan gered word nie, maar alle nasies (vgl. ἔθνεσιν as wisselterm vir Grieke en die verduideliking van "nasies" hierbo [4.2.6.2]). Κλητός (geroepene, van καλέω, roep) dui enersyds op 'n uitnodiging (Louw & Nida, 1996 [33.318]; Strong, 1995 [2822]) en vestig daarom die aandag op mense se verantwoordelikheid. Andersyds beklemtoon die woord die aanstelling, roeping en uitverkiesing deur God (Louw & Nida, 1999 [33.314]; Strong, 1995 [2822]):

"Called" is *klētos* (κλητός) ... an adjective used to describe those who were called in the sense of being invited, for instance, to a banquet. The word here speaks of that effectual call of God whereby the sinner called to salvation is constituted willing to receive that which he by nature rejects, namely, salvation, this being the pre-salvation work of the Holy Spirit in which He brings the sinner to the place of repentance and the act of faith in the Lord Jesus as Saviour (Wuest, 1997a [Jude]).

Jesus as Persoon en sy plaasvervangende offer aan die kruis moet dus met die genade wat God gee, deur elke mens wat in die verkondiging sy roepstem hoor, aangeneem word.

Vers 25 (die sesde argument) voltooi as samevatting die gedagtes van 1:21–24. "Wat dwaas is by God" (v. 25a) is die "dwaasheid van die prediking" in vers 21 (versus die Grieke se soeke na



wysheid [v. 22]). “Wat swak is by God” (v. 25b) is die kruis (versus die Jode se vra na ’n magtige teken van die Messias [v. 22]) (Faussett, 1997a).

#### **2.3.4.4.4 God verhef juis die swakke en dwase tot ’n gemeente met nuwe waardes (1 Kor. 1:26–31)**

In vers 26 begin die toepassing van die tema van “swakheid en dwaasheid” (v. 25) op die gemeentelike self (vgl. die herhaling van die begrippe “dwaas” en “swak” in v. 26, 27). Ook die gedagte van “geroepe wees” word herhaal (vgl. κλητός [v. 24] met ἐκλέγομαι [v. 27, 28]). Paulus herinner die Korintiërs dat hulle in elk geval as “freedmen” nie veel status in die wêreld gehad het nie (Savage, 1996:58). In vers 26–28 spoor Paulus hulle aan met die waarheid dat God juis die mense red wat hulle swakheid en dwaasheid voor Hom besef. Daarom kan niemand voor Hom roem nie (v. 29, Pop, 1978:48). Vers 27 slaan nie net op ewige verlossing nie, maar beteken ook dat God telkens die “nobodies” in die samelewing gebruik vir sy werk, met die gevolg dat die fokus op Hom val (v. 29; Winter, 1994).

So word die geloofsgemeenskap ’n nuwe “alternate court of reputation” met ’n “new set of values”, waarin die Messias die finale uitspraak het (vgl. 1 Kor. 5:1–11; 2 Kor. 2:3–11 en De Silva, 1998:64). Die Korintiërs kwalifiseer reeds (v. 27–28). So wil Paulus die Korintiërs as geloofsgemeenskap “hersoosialiseer” met nuwe waardes (De Silva, 1998:64). Ook Neufeld (2000:382) praat van ’n “new court of reputation” wat deur die “woord van die kruis” en die Gees veroorsaak word: “According to Paul, the spirit’s (*sic*) demonstrations of power and wisdom of the cross serve not only to invalidate the old values, attitudes and commitments but also to redefine them”.

Soos reeds aangetoon som vers 30 die nuwe status wat in die “swakheid en dwaasheid van Christus” is, treffend op. Vers 31 gee die konklusie waaruit die hooforsaak vir die skryf van die boek afgelei kan word (kyk 1 Kor. 4:6 en Wagner, 1998:280).


Die doel van argument sewe is dus om argumente vyf en ses uit te brei en weereens die “woord van die kruis” te beklemtoon as enigste fokus. Verder volg nou ’n direkte toepassing op die Korintiërs self, wat weer die weg baan vir die toepassing (b.w.v. argument agt) van die fokus deur Paulus op sy eie lewe en bediening.

#### 2.3.4.4.5 “Ek is ook swak en dwaas”: Paulus se fokus in sy bediening aan die gemeente (1 Kor. 2:1–5)

In 2:1–16 pas Paulus die voorafgaande betoog ook op homself en sy eie bediening toe. Volgens Witherington (1995:122) is die band tussen 2:1–16 en die vorige diskoerse nie alleen duidelik uit “en ek” (καὶ γὼ) nie, maar ook uit die inhoud van 2:1–16. Paulus beklemtoon dat hy ook alleen deur die “swakheid en die dwaasheid” van die kruis gered is en dat nederigheid daarom sy bediening gekenmerk het (Lightfoot, aangehaal deur Witherington, 1995:122).

Hy beskryf nou die “woord van die kruis” (1:18) as μυστήριον wat wys op ’n kennisinhoud wat verborge was, maar vir ’n beperkte groep (“in-group”) geopenbaar is (Louw & Nida, 1996 [28.77]). Hierdie “in-group” is die wat swak is en dwaas is in hulle eie oë voor God (vgl. die verwysing na die “alternate court of reputation” by 2.3.4.4.4). Anders as in die misteriegodsdiens is genoemde “in-group” toeganklik vir elkeen wat glo.

In 2:2 herhaal Paulus “Christus wat gekruisig is” as die enigste fokus van sy bediening, wat bewys dat hy hierdie misterie van die kruis ken. Die konstruksie van die Griekse sin in 2:2 stel die fokus op Christus besonder sterk:



Τι word dikwels (soos hier) gebruik om te verwys na iemand of iets wat prominent of belangrik is, “a reference to someone or something of prominence or distinction – someone important, something important” (Louw & Nida, 1996 [92.13]). Die fokus is dus baie duidelik nie iets of iemand anders as Jesus die gekruisigde nie. Weer word die Persoon en werk van Jesus dus beklemtoon soos in 1 Korintiërs 1:23. “Ken” (εἰδέναι van οἶδα in 2:2) beteken om kennis te hê van, bekend te wees met iemand (Louw & Nida, 1996 [28.1]) en om die hoë status van iemand te erken of te respekteer, om te honoreer, om eer te betoon (Louw & Nida, 1996

[87.12]). Pop (1978:53) dink hier aan Paulus se agtergrond as Jood en die Septuagint se vertaling van יָדַע met οἶδα:

Niets anders weten dan Jezus Christus' moet hier daarom verstaan worden als: alleen voor Hem leven; niets en niemand hebben, die Hem te boven gaat; van Hem, zijn persoon en werk, vervuld zijn; erop uit zijn Hem te behagen; geen verlangen hebben dan Hem kennen en bekend te maken, opdat ook anderen Hem zullen kennen; neen zeggen tegen wat niet uit Hem is. Het hele zijn, voelen, denken en spreken van de apostel heeft slechts een brandpunt: de gekruisigde.

Paulus wou dus alleen Christus ken en het sodoende slegs in die Here geroem (1:31).

Dat hy nie op homself geroem het nie en eerder in sy swakheid roem, volg uit 1 Korintiërs 2:3–4. Hy was as leier by die Korintiërs in “swakheid en in vrees en in veel bewing” (v. 3). Die opeenhoping van begrippe versterk die klem op swakheid. Swakheid (ἀσθένεια) word volgens Louw en Nida (1996 [25.269]) in 2:3 figuurlik gebruik en verwys na “a state of timidity resulting from a lack of confidence – ‘timidity, being fearful’”. Presies wat hierdie swakheid, vrees en bewing was, sê die teks nie. Was Paulus vreesagtig vir die opinie van die Korintiërs? Het vrees vir die Here sy optrede vreesagtig gemaak?

Die volgende betekenisvelde vir “vrees” (φόβος) behoort in die konteks van die perikoop as aanvullend tot mekaar oorweeg te word:

- “Vrees” as diepe respek en eerbied vir God, eerder as bang wees vir mense. Louw en Nida (1996 [53.59]) vertaal φόβος met “reverence, awe” en verwys na Handeling 9:31 en Hebreërs 12:28 (as eienskappe van die eerste gemeentes). Ten gunste van hierdie moontlikheid kan Paulus se reeds verklaarde fokus op Jesus genoem word en sy bekeringservaring (vgl. Hand. 9:6; 22:9; 1 Kor. 15:9–10; 2 Kor. 5:11).
- Die Hebreeuse יִרְאַה van byvoorbeeld Spreuke 1:7. Ten gunste hiervan is Paulus se kennis van en gereelde aansluiting by die Ou Testament (vgl. die aanhalings in 1 Kor. 1–2; die “vrees van die Here” as tema in die wysheidsliteratuur [terwyl dit hier oor wysheid gaan] en Paulus se aanhaling in 1 Kor. 1:19 uit Jes. 29:14). In Jesaja 29:13 word die wysheid wat deur die Here vernietig sal word (Jes. 29:14) beskryf as valse vrees: “sodat hulle vrees vir My ’n aangeleerde mensegebod is” (my kursivering).
- ’n Toestand van ernstige spanning/vreesagtigheid (“severe distress”) wat veroorsaak is deur ’n besorgdheid oor pyn, of teenspoed wat voorlê of mag voorlê (Louw & Nida, 1996 [25.251]). So ’n vrees is verstaanbaar teen die agtergrond van spanning tussen die

gemeente en Paulus (vgl. 1 Kor. 1:12; 2 Kor. 10:9) en dat Paulus homself juis nie as supermens aan die Korintiërs wil voorhou nie (vgl. 1 Kor. 2:3–4 en Pop, 1978:54). Hy is broos soos 'n kleipot wat maklik breek. Hieroor was hy deursigtig sodat die Korintiërs juis die skat kon raaksien (2 Kor. 4:7).

Tog mag hier nie gedink word aan spanning wat Paulus ter wille van homself beleef het nie, want dit sou juis die boodskap van die kruis weerspreek. Die ware apostel moet juis wegbeweeg van homself (dit is sy “swakheid”) as hy die boodskap van die kruis wil honoreer. “The true apostle, therefore, should reflect the content of the gospel – God’s power breaking into this age, precisely at the place of weakness and contempt, namely the cross of Jesus” (De Silva, 1998:68). Dit was dus spanning om *hulle* onthalwe (vgl. 2 Kor. 2:3; 7:9–11 – vgl. “vrees” in vers 11 en veral 2 Kor. 11:28–29).

- “Bewing” (τρόμος) beteken om te skud of te bewe, (vgl. Eng: “tremble”) “often with the implication of fear and/or consternation” (Louw & Nida, 1996 [16.6]).

Rienecker en Rogers (1980:390) som al drie begrippe as volg op: “The words point to the anxiety or solicitude of mind arising out of a sense of his insufficiency, and of the infinite importance of his work”.

Die gesindheid van Paulus in hierdie beredenering het weerklank gevind in die manier van prediking wat in vers 4 beskryf word: “en my rede en my prediking was nie in ooredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag” (Savage, 1996:79).

Die verband tussen 1 Korintiërs 1:18 en 2:4 is duidelik uit die herhaling van λόγος in 2:4, nou gekoppel aan prediking (κήρυγμα) in plaas van “kruis” (vgl. “verkondig [κηρύσσω] Christus wat gekruisig is” [1:23]).

In vers 4 kom Paulus ten opsigte van sy prediking op twee sake terug, naamlik sy “dwaasheid” en sy “swakheid”.

Sy “dwaasheid” is reeds in vers 1 beskryf as “nie met *voortreflikheid* van woorde nie” (my kursivering). “Voortreflikheid” is ὑπεροχή, van ὑπέρ (bo) + ἔχω (het, besit), dus hoë aansien

te geniet, "preeminence, rising above" (Robertson, 1998 [1 Cor. 2:1]), "excellency, authority" (Strong, 1995 [5247]). In 2:4 praat Paulus van "oorredende" (πειθοῖς) woorde. Soos Goulder (1991:522), dink Rienecker en Rogers (1980:390) hier aan *dibre hokmah*, maar Robertson (1998 [1 Cor. 2:4]) aan Hellenistiese retoriek, spesifiek die drogredes (πιθανολογία) van Kolossense 2:4 en sê: "Corinth put a premium on the veneer of false rhetoric and thin thinking". In die konteks is die klem op magsvertoon of selfverhoging deur middel van woorde, soos by die redetwisters van daardie eeu (1 Kor. 1:20), waarskynlik die beste verklaring.

Die swakheid van Paulus kom verrassend na vore in die teenpool van "voortreflike en oorredende woorde" (2:1), naamlik "die betoning van "gees en krag" (v. 4). "Betoning" (ἀπόδειξις) beteken "om te wys, te demonstreer, die bewys te lewer" (Louw & Nida, 1996 [28.52]) en hou dus verband met "teken" in 1 Korintiërs 1:22. "Gees" kan òf beteken dat Paulus met entoesiasme (met gees) die evangelie verkondig het, òf onder leiding van die Heilige Gees, òf beide. Gees en krag kan ook as sinonieme verstaan word (vgl. Fee, 1993:95). Die teken van Paulus se swakheid is dat nie hyself nie, maar die Heilige Gees, of entoesiasme oor wat God doen, na vore tree as teken (vgl. 1 Kor. 2:10–12). Dit lei tot geloof by sy hoorders wat eweneens aan die krag van God en nie van Paulus nie, toegeskryf kan word (v. 5).

Hieruit word die belangrike konklusie gemaak dat alleen wanneer op Christus die gekruisigde gefokus word (dié sentrale betekenis van "woord van die kruis"), Gód se betoning van Gees en krag plaasvind. Hierdie konklusie word nou verder getoets in 1 Korintiërs 2:6–16.

#### **2.3.4.4.6 Die swakheid van die "woord van die kruis" en krag van die Gees van God in volwassenes in Christus (1 Kor. 2:6–16)**

Die konklusie in 2:5 lei tot die laaste deel van Paulus se rede (2:6–16) wat so ryk is aan teologiese inhoud dat dit 'n opsigselfstaande studie vereis. Hier word volstaan met enkele pennestrepe en standpunte van skrywers.

Eerstens 'n opmerking oor die samestelling van die perikoop. Uit die spasiëring in die gedagtestruktuur (2.3.3) kan duidelik gesien word dat die gedeelte twee onderafdelings het wat vers 6 verder toelig en in vers 16 met 'n konklusie afgerond word. Die eerste handel oor wysheid van God/die Woord (v. 6b–9) en die tweede oor die openbaring van die Woord in

Gees en krag (v. 10–15), dus die saak van wysheid en tekens/sigbare betoning kom deurlopend in 1:18–2:16 voor.

Tweedens is geestelike volwassenheid 'n belangrike verdere tema wat in 2:6 aangekondig word. Wat is die agtergrond van hierdie belangrike tema? Pearson (1976:27–29) verduidelik hoe hierdie tema nogeens verband hou met hoogmoed (aanleidende oorsaak in 1 Kor. 1:31), die agtergrond van die terminologie in die Hellenistiese Judaïsme van die Diaspora (met Philo as belangrikste eksponent) en dat die boodskap van die kruis waarskynlik as babakos (melk) gesien is:

The use of the term τέλειος in 2.6 is a polemical one, as is shown by 3.1 ff. The opponents in Corinth had claimed to be τέλειοι, and the context of the passage shows that they made this claim on the basis of their σοφία. There were undoubtedly some in Corinth who claimed to be a spiritual elite (οἱ τέλειοι = οἱ πνευματικοί), over against those who had not yet arrived, the νήπιοι ... The meaning of τέλειος is enlarged by Philo from its secular usage in Stoicism to denote one who has achieved the highest religious attainments, including especially 'wisdom' ... It is a likely conjecture that Paul's emphasis on the cross of Christ would have been regarded by the Corinthian pneumatics as part of the γάλα, necessary for the "babes" in the congregation, but outgrown by the τέλειοι.

Derdens gaan hierdie gedagte-eenheid oorwegend oor die tema van "G(g)ees en krag", wat reeds woordeliks in 1:24–25 en 2:4 aangekondig is (vgl. die voorkoms van πνεύμα en verwante vorme in elke vers van v. 10–15).

Vierdens kom die kruis as "recurring theme in these verses (1 Cor. 1:17–18, 23–24; 2:2, 8)" weer in vers 8 na vore (Lowery, 1985). Ook die herhaling in vers 7 van μυστήριον (vgl. 1 Kor. 2:1) bind die perikoop aan die verkondiging van en fokus op Christus as die gekruisigde. In vers 6–9 handel elke vers op een of ander wyse oor Christus. Die duidelikste verwysing is in vers 8: die "heersers van hierdie wêreld" het die "Here van die heerlikheid gekruisig". Pearson (1976:32–34) bring die belangrike betekenis van hierdie vers na vore. Hy toon aan dat Joodse apokaliptiek die agtergrond van die vers is. "Die heersers van hierdie wêreld" is demoniese magte wat agter die menslike politieke heersers gestaan het. Hierdie demoniese magte het presies geweet dat Jesus die "Here van die heerlikheid" was en het daarom aktief sy kruisiging veroorsaak. Die wysheid van God wat vir hulle verborge was (die σοφίαν ἐν μυστηρίῳ [v. 7]) het egter ingehou dat juis die kruisiging, God se verlossingsplan was! Paulus se kritiek op die Korintiërs is nou dat hulle die heerlikheid van die Here op hulleself van toepassing gemaak

het, op grond van hulle geestelike ervarings en los van die kruis. Hulle was waarskynlik goed bekend met die himne oor Christus se heerlikheid, wat in Filippense 2:6–11 (vgl. veral Fil. 2:9–11) aangehaal word. Maar nou het hulle Christus se staat van heerlikheid verkeerdelik in hulle bestaan en selfverstaan as hulle eie heerlikheid toegepas. Paulus gee nou weer aan hulle die ware en 'n ander kriterium vir volwassenheid – die kruis van Jesus:

The way in which Paul uses the title κύριος τῆς δόξης in 1 Corinthians 2:8 shows that he is interested in applying another criterion to the life of the community rather than the δόξα of the exalted Lord; namely, the cross of Christ. For the Corinthian τέλειοι, in their "wisdom" concerning the exalted identity of Jesus Christ as κύριος τῆς δόξης, were placing their own experiences in the community under the banner of the δόξα of Christ, and were in danger of distinguishing their higher Christological insights from the kerygma of the cross. Hence Paul's concern lest the Corinthian claim to wisdom result in the "emptying" of the cross of Christ (1:17) (Pearson, 1976:33).

Die kruis as kriterium vir die Christen se bestaan veroorsaak dat die Christen se groei na volwassenheid nie gekenmerk word deur 'n tipe mistiek nie, maar deur die kruis:

Paul has thus taken an enthusiastic Christological affirmation of the opponents, "Lord of glory" and has emphasized that the decisive point is his crucifixion. The implication of this for the Christian life in the present is that the cross of Christ is the decisive factor now, and the *glory* is promised for the future (cf. 1 Cor. 15:43; Phil. 3:21; Rom. 5:2, 8:18; etc). Two different ways of understanding the Christian existence are in evidence, the one characterized by eschatological tension (Paul), and the other characterized by a type of mysticism (the opponents) (Pearson, 1976:34).

Vyfdens beklemtoon Paulus met gebruikmaking van die terminologie van die opponente die genade van die kruisevangelie deur te wys hoe die "woord van die kruis" ontstaan het en ontvang kan word (vers 9–16). Juis die wyse waarop die "woord van die kruis" ontvang word, toon dat alles genade is en dat die mens geen grond vir roem het nie. Die dwaasheid van God (ware wysheid) het nie in die mens se rede ontstaan nie, maar kom van die Heilige Gees wat die betekenis van Jesus se kruis openbaar as ware wysheid (vgl. Pearson, 1976:36–37). Beide die prosesse van inspirasie en illuminasie (verstaan) kom van die Heilige Gees. In sy insiggewende kommentaar op 2 Petrus 1:20 maak Wuest (1997a [2 Pet. 1:20]) die volgende tematiese verdelings ten opsigte van 1 Korintiërs 2:10:

Paul proceeds to describe the three successive steps in the transmission of truth from the heart of God to the heart of man. These are, *revelation*, the act of God the Holy Spirit imparting to the Bible writers, truth incapable of being discovered by man's unaided reason (2:10–12); *inspiration*, the act of God the

Holy Spirit enabling the Bible writers to write down in God-chosen words, infallibly, the truth revealed (2:13); and *illumination*, the act of God the Holy Spirit enabling believers to understand the truth given by *revelation* and written down by *inspiration* (2:14–16) (vgl. Fee, 1993:113, 115).

Met MacArthur (1996a) kan nie saamgestem word dat 1 Korintiërs 2:9–16 slegs handel oor die inspirasie van die Skrif aan die apostels nie:

The **we's** and the **us** of verses 12–13 (as in v. 6–7, 10) do not refer to Christians in general but to Paul himself. God's Word is for all believers, but was *revealed* only to the apostles and the other writers of Scripture (MacArthur, 1996a).

MacArthur (1996a) se siening weerspreek die konteks van Paulus se betoog. Paulus het hom juis as swakkeling met die Korintiërs geïdentifiseer. Paulus se fokus en fundering in die gedeelte is nie op sy apostoliese gesag nie, maar op die kruis van Christus. Die probleem met standpunte soos dié van MacArthur (1996a) en verdelings soos dié van Wuest (1997a [2 Pet. 1:20]) is dat latere vraagstukke in die teks ingelees word. Daarom is die insigte van Pearson oor die agtergrond van vers 9–16 baie belangrik vir die verstaan van die teks.

Pearson (1976:36) wys daarop dat baie van die terminologie van 1 Korintiërs 2:6–16, waarskynlik nie oorspronklik die van Paulus was nie, maar die van die teenstanders, wat hy dan gebruik het om hulle te weerlê. Nie die inspirasieproses van die Skrif nie, maar die teenstanders wat 'n "semi-hypostatic Wisdom-figure" geleer het (uit Judaïstiese Hellenisme) en wat hulle as die Heilige Gees geïdentifiseer het, is hier die vernaamste tema (Pearson, 1976:36). Maar in vers 13 "Paul is obliged to reply – by positing a complete differentiation between the Sophia and the Holy Spirit" (Pearson, 1976:36; vgl. die sterk adversatief ἀλλ').

Die valse leerstelling in Korinte kom dus daarop neer dat elke mens deur sy rede die vermoë het om tot God se hoër waardes van die heelal te kom. Die agtergrond hiervan is Philo se uitleg van Genesis 2:7 (wat ook die agtergrond is van die "pneumatikos-psugikos" vraagstuk in 1 Kor.15). God het volgens Philo deur sy Gees in die mens hierdie vermoëns "ingeblaas", vermoëns wat die mens nie van nature gehad het nie (Pearson, 1976:39) sê:

Man has a higher soul, a νοῦς or πνεῦμα, which enables him to rise above the level of his earthly and sense-perceptive soul and to perceive impressions from the heavenly sphere ... The basis of man's



ability to receive the Wisdom of God, the Holy Spirit, is his own πνευματικός nature given him in creation (Gen. 2.7).

Dus het die opponente geleer dat die “volwassenes” deur die kultivering van die wysheid bo die vlak van aardse bestaan (“psychic level”) en so tot die beleving van hemelse heerlijkheid gekom het. Hulle was dan die ware “geestelikes” teenoor die “babas” (vgl. 1 Kor. 3:1–3) (Pearson, 1976:39).

Paulus herinterpreteer nou hierdie valse leerstellings in vers 13–16. Die mens het geen vermoëns in homself nie.

For “psychic” man for Paul, is the one who has only natural possibilities apart from the eschatological gift of the spirit, and cannot attain to “the things of the Spirit of God” by virtue of anything within himself. To such a man, who has not received the Spirit, the things of the Spirit are μωρία (2.14). Paul thus affirms the radical break between God and natural man, a break which can be bridged only from God’s side, by his love and by his decisive act in Christ (Pearson, 1976:40–41).

Hierdie “decisive act in Christ” is die kruis en dit is in die “woord van die kruis” aan Paulus geopenbaar, daarom het hy die sin (νοῦς) van *Christus* (v. 16) in hom. Νοῦς beteken die psigologiese proses van verstaan, redeneer, dink en besluit, asook om op ’n spesifieke manier te dink, dus ’n denkrigting, verwysingsraamwerk of gesindheid (“disposition, attitude”) (Louw & Nida, 1996 [30.5; 26.14]). Binne die onmiddellike konteks som νοῦς Christus se denke soos deur die Gees geopenbaar op en sluit πνεῦμα in as synde die spirituele dimensie (vgl. De Klerk & Smit, 2002:108). Daarom moet eerder hier aan νοῦς gedink word as disposisie of denkraamwerk (Louw & Nida, 1996 [30.15]). “In fact in the Greek Bible that Paul cites, the word ‘mind’ translates the Heb. *rûah*, which ordinarily means ‘spirit’” (Fee, 1993:119–120). “Sin of denke van Christus” karakteriseer hierdie disposisie en som die hele argument van vers 6–16 op.

Paulus beklemtoon so die uniekheid van die Christen se denke teenoor die wêreld en wys terselfdertyd daarop dat Christus se νοῦς beskore is vir élkeen wat die swakheid van die kruis ernstig neem (Fee, 1993:120; vgl. Fil. 2:5). Paulus self is hiervan ’n voorbeeld. Nie in die eerste plek in wat hy skryf nie, maar in sy lewe en karakter (van swakheid en lyding ter wille van die evangelie) word die gevolge van sy fokus sigbaar:

This motif of paradoxically embodied power is consonant with Paul's profoundly incarnational theology of the cross. Because he has been newly formed by the revelation of Christ crucified, Paul's own body has become the place where, as L. Martyn has so powerfully put it, "one finds a sign of the present activity of the redeemer of the world" (Brown, 1998:280; vgl. Matt. 28:20).

Dit is dus duidelik dat Paulus hier verduidelik dat die Christen se kontak met die "hoër wêreld van God" alleen deur Christus, deur God se genade, kan geskied. Slegs wanneer op die genade in Christus gefokus word, kom die mens se swakheid en die krag van God na vore. Dan beleef die mens die "betoning van Gees en van krag" (1 Kor. 2:4), wat nie uit sy eie natuur na vore kom nie. So word die boodskap van genade ("woord van die kruis") verder bevestig deur 2:6–16. Hieruit volg ook dat Paulus nie in laasgenoemde verse besig is met leerstellings oor die inspirasie van die Skrif nie, maar eenvoudig met die konkrete fokus op Christus en die gevolge daarvan.

Bostaande paragrawe bevestig en versterk die konklusie wat hierbo na die bespreking van 1 Korintiërs 2:1–5 gemaak is: Alleen wanneer Christus, die gekruisigde, die fokus van die Christen is (v. 6–9), word ware Geesvervuldheid moontlik (v. 10–16). Die omgekeerde is ook waar: uit die geskiedenis van die Korintiërs kan geleer word dat sonder 'n fokus op Christus, die gekruisigde, die Gees valslik as 'n Persoon los van Christus in of selfs langs die mens gesien kan word. Die belewing wat dan volg, kan nie aan die werk van die Heilige Gees toegeskryf word nie. Sonder die fokus op die Here is die sien van ware heerlijkheid immers totaal onmoontlik. Soos Savage (1996:120) dit stel in verband met vers 9: "their darkness is not the product of bad light but of corrupt vision". Die kruis en die openbaring daarvan deur die Gees, bevestig net een saak: die mens is totaal van God afhanklik. Alleen God weet immers wat in Hom is en daarom kan alleen sy Gees Hom openbaar (v. 10; vgl. Wuest, 1997).

Sedens word opwindende pastorale perspektiewe hier geopen vir beide Paulus as geestelike leier en vir die gemeente. Nie net die Korintiërs nie, maar ook Paulus kry 'n eie status. Sy gesaghebbende leierskap is nie geleë in sy afkoms of selfs in sy apostelskap nie, maar in die werk van die Gees wat die "woord van die kruis" aan hom geopenbaar het. "Does his lineage establish him as an authentic apostle? Here at the heart of the controversy, Paul insists on an authentic *experience* rather than authentic *lineage*" (Brown, 1998:277).

Leierskap sonder mag, is uiteraard onmoontlik, maar Paulus se mag het 'n heeltemal ander definisie as die mag van wêreldse heersers (v. 8):

The power he means is the power radically redefined by the apocalyptic event of the cross. It is power manifested in apostolic weakness, demonstrated in afflictions suffered for the sake of the gospel, and legitimated by the crucifixion of Jesus as God's powerful invasion of the old world's enslaving convictions – including the convictions about the use of power by human beings to divide and dominate the world (Brown, 1998:279).

Hierdie fokus van Paulus op Christus bring ook bevryding ten opsigte van sy eie verantwoordelikheid ten opsigte van die Korintiërs se denke. Paulus se rol is die van fasilitering in plaas van forsering. Aangesien hy van die Gees die openbaring ontvang het, kan hy op sy beurt nie die gemeente forseer om die "woord van die kruis" te aanvaar nie. Dit sal nie rym met "swakheid, vrees en bewing" (1 Kor. 2:3) nie, ook nie met "die krag van God" (1 Kor. 2:5) in hulle nie en allermins met nederigheid omdat God deur sy Gees geopenbaar het (v. 9–12). Ook wanneer die gemeente die "woord van die kruis" omhels, is dit die wonderwerk van die Gees, wat nie berus op Paulus se vermoëns nie. Hoewel Neufeld (2000:392, 395 [met verwysing na Wolterstoff]) versuim om sy opmerkings deur te trek na die werk van die Heilige Gees, is die volgende opmerking wel ter sake ten opsigte van Paulus se verantwoordelikheid:

There is no convention in place that would compel listeners to imitate (Paul – JP) when they choose not to ... The success of Paul's admonition and rebuke does not rest upon his ability to convince the congregants of Corinth that their behavior is inconsistent with his vision. Indeed, Paul's acts do not "institute the insuring of this effect". All that Paul can hope for is that rebuke and admonition will in and of themselves be effective speech acts ... (Neufeld, 2000:392, 395).

Die teenstanders het presies die teenoorgestelde as Paulus gedoen en het die Korintiërs hardhandig probeer oorhaal na hulle standpunte. Savage (1996:66) wys na aanleiding van 2 Korintiërs 11:20 en 13:2, 10 daarop dat die Korintiërs hierdie harde maniere verkies het. "He (Paul – JP) is being faulted for his failure to impose himself violently upon the church and, specifically, to mete out punishment and discipline" (Savage, 1996:66). Paulus verkies egter om eerder doelbewus met hulle swaarkry te identifiseer en homself as swak voor te stel (vgl. 2.3.4.4.5). Hierdie lae status veroorsaak dat die swakkes met Paulus kan identifiseer en ook soos hy, die krag van die Gees in hulle kan ondervind.

Van die Korintiërs se kant gesien het juis hierdie swakheid van Paulus die gepaste resultate opgelewer. Dit word treffend geïllustreer in die vraag of Paulus nie tóg roem nie. Die antwoord is ja, maar in die werk van Christus. Die bespreking hierbo met verwysing na die deel wat vir Paulus afgemeet is, (Hafemann by 2.2.6) illustreer dat juis hierdie swakheid die krag van die Gees voortgebring het. Paulus word die leier van 'n hele netwerk van kerke (Brown, 1998:278). Nou word die Korintiërs uitgenooi om verder met Paulus se swakheid te identifiseer (vgl. sy lydingslyste) om hierdie krag van die kruis te mag belewe. So sal hulle deel word van die Seun en die band met die Vader deur die Heilige Gees beleef.

#### **2.3.4.5 Samevattend: eenvoud en fokus in Paulus se gebruik van λόγος**

Op grond van bostaande ondersoek word aansluiting gevind by die stelling van Kittel (1976) oor die gebruik van λόγος by Paulus:

The missionary preaching of Peter, Paul, and the other apostles, whose content is simply Jesus Christ, was always this Word of God to Israel and the Gentiles. The Word of God is the Word about Jesus. The same is true in Paul. For him the λόγος (τοῦ θεοῦ or κυρίου) is the message proclaimed by him and accepted by his churches. That is to say, it is simply the message about Christ (evangelie van Johannes is uitgesluit, kyk opskrif in bronnelys – JP).

Dat Paulus geen ingewikkelde nuwe dogma met “woord van die kruis” bedoel nie, is nêrens miskien duideliker as in die konteks van 1 Korintiërs 1:18–2:16 nie en bevestig Kittel se bogenoemde siening. Paulus se doel is om die evangelie te verkondig “nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie” (1 Kor. 1:17). Hy kies doelbewus teen die wysheid van die wêreld, die filosowe van sy era en die metodes van die Joodse Skrifgeleerdes omdat Hy glo dat God anders werk: “Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?” (1 Kor. 1:20). God kan nie deur die wysheid en rede van hierdie wêreld geken word nie, nee God openbaar Hom in die “dwaasheid” van Paulus se prediking: “Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo te red”(1 Kor. 1:21). Daarom polemiseer Paulus teen die twee hoof denkstrome van sy tyd: “want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke, maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God” (1 Kor. 1:22–23). Daarom kan λόγος nie

by Paulus dieselfde betekenis hê as by hulle nie. Die “woord van die kruis” (1 Kor. 1:18) is die verkondiging van “Christus die gekruisigde” (1 Kor. 2:2). Die klem val dus op ’n ontmoeting met ’n Persoon en sy boodskap eerder as die boodskap self, dus eerder “Christ and His message” as Kittel (1996) se bostaande formulering van “message *about* Christ” (my kursivering).

Die duidelikste voorbeeld van die andersheid van Paulus se λόγος blyk uit 1 Korintiërs 2:1–5: “want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde ... my rede (λόγος) en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God”. Die fokus is dus op Jesus self eerder as op sy teologie, sy wysheid of die tekens van sy mag. Die fokus op Christus bring egter die ware wysheid en krag na vore. So kom beide die dianoëtiese en die dinamiese element van λόγος tog na vore, maar dit is duidelik dat Paulus doelbewus kies om nie die konstruksies van Philo te gebruik wanneer hy die fokus van sy bediening aankondig nie. Dit lyk ook nie of hy doelbewus die gebruik van die Ou Testamentiese דְּבָר in gedagte het nie (anders as Johannes in Joh. 1:1; vgl. Morris, 1992:117–118). Tog is daar kontinuïteit met die betekenisonderskeidinge van דְּבָר (vgl. ook Louw & Nida oor λόγος by 2.3.4.3). Die dianoëtiese element van die ware λόγος is veral duidelik in 1 Korintiërs 2:6–9 en die dinamiese in 1 Korintiërs 2:10–15 (met v. 16 as konklusie). Beide hierdie elemente bevestig, soos die sake van wysheid en uiterlike tekens, dat Christus self verkondig is. So kom Paulus baie naby daaraan om te sê dat Jesus en die woord dieselfde is (vgl. Morris, 1992:124).

Dieselfde fokus op Christus word treffend bevestig in 1 Korintiërs 2:8 waarin Paulus sê dat die heersers van hierdie wêreld niks van God se wysheid van die kruis verstaan nie. Hulle het die Here van die heerlijkheid gekruisig. In die feit dat God deur sy Gees Christus die gekruisigde geopenbaar het, is dit eweneens duidelik dat “Paulus se wysheid” op genade gebaseer is (1 Kor. 2:6–16).

#### **2.3.4.6 Gevolgtrekkings oor die frase “woord van die kruis”**

- 2.3.4.6.1 Die onderskeidinge en beskrywings in die gedagtestruktuur word deur die eksegeese van 1 Korintiërs 1:18–2:16 bevestig (vgl. 2.3.3.1).
- 2.3.4.6.2 Die sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18 wys dat die “woord van die kruis” die sentrale gedagte of fokus is (2.3.4.1.1).

- 2.3.4.6.3 Weerskante van die “woord van die kruis”, word twee groepe, dié wat verlore gaan en dié wat gered word, onderskei. So word die “woord van die kruis” as fokuspunt verder beklemtoon (2.3.4.1.1).
- 2.3.4.6.4 Dat die “dwaasheid” van hierdie wêreld die “krag van God” is, is ’n belangrike tema vir die verstaan van die “woord van die kruis” in 1 Korintiërs 1:18 (2.3.4.1.1).
- 2.3.4.6.5 Paulus se verstaan van die term λόγος moet teen die agtergrond van die ingewikkelde betekenis van die begrip in die Grieks-Hellenistiese denkwêreld asook die gebruik van die betekenis van דְּבָר (woord) in die Ou Testament ondersoek word (2.3.4.2).
- 2.3.4.6.6 Semantiese subdomeine vir die betekenis van λόγος wat relevant is vir die konteks van Korintiërs toon ’n basiese ooreenstemming met die dianoëtiese en dinamiese betekenselemente wat aan דְּבָר (woord) toegeskryf word (2.3.4.3).

Verskeie argumente (gemerk in die gedagtestruktuur) in 1 Korintiërs 1:18–2:16 belig die “woord van die kruis” en gevolgtrekkings hieruit volg hieronder.

- 2.3.4.6.7 Die byvoeging van “kruis” in “woord van die kruis”, dryf Paulus se omgekeerde fokus ten opsigte van Jode en Grieke as die twee hoofdenkstrome van sy tyd, op die spits (2.3.4.4.1).
- 2.3.4.6.8 Dat ’n man se dood aan die kruis redding vir mense kan bring is dwaasheid (μωρία) vir die Griekse sofisme. Die kruis as omskrywing van die totaliteit van Jesus se lewe, is swakheid wat lynreg teen die Joodse verwagting van ’n magtige Messias indruis. Daarom is die kruis vir die Jode ’n σκάνδαλον (1 Kor. 1:23), ’n vernedering waaroor hulle struikel (2.3.4.4.1).
- 2.3.4.6.9 Die kruis wys dus dat die hele denkwêreld van die Korintiërs se soeke na roem, ’n leuen is. Weerskante van die kruis as fokuspunt is net twee groepe mense, diegene wat die kruis aanvaar en gered word en diegene wat die kruis verwerp en verlore gaan. Die gebruik van die praesens partisipia dui op tydloosheid, dit wil sê redding of verderf wat al in die verlede vasstaan en in die toekoms sal aanbreek, word in die hede uitgeleef. Die medium- en passiefvorme van onderskeidelik ἀπολλυμένοις en σωζόμενοις (1 Kor. 1:18) dui daarom dat die verlorenes deur hulle eie skuld verlore gaan, terwyl die wat gered word (passief) deur God se genade gered word (2.3.4.4.1).

- 2.3.4.6.10 Die tema van die krag van God in die kruis, word reeds in 1 Korintiërs 1:18 aangekondig. Die onvermoë of swakheid van die mens om homself te red, beklemtoon God se δύναμις (vgl. 1 Kor. 1:23) dit wil sê, sy vermoë om te red en sy krag om die weerstand van die Satan te oorkom. So gesien het die kruis kosmiese betekenis (2.3.4.4.1).
- 2.3.4.6.11 Met 'n aanhaling uit die Ou Testament oor Sanherib se wysgere wys Paulus hoe God al in die verlede die wysheid van die wêreld vernietig het en dit met die huidige redetwisters ook sal doen (1 Kor. 1:19–21). Daar is dus kontinuïteit tussen die "woord van die kruis" wat Paulus verkondig en die woord (דְּבָר) van die Ou Testamentiese profete (2.3.4.4.2).
- 2.3.4.6.12 Ook in 1 Korintiërs 1:19–21 word die positiewe reddende krag van God deur Christus se kruisdood beklemtoon (v. 21) (2.3.4.4.2).
- 2.3.4.6.13 Met 'n sintaktiese ontleding is aangetoon dat die verkondiging van Christus die fokuspunt is van 1 Korintiërs 1:22–25 en in teenstelling is met die Jode en Grieke as belangrikste eksponente van valse denksisteme (2.3.4.4.3).
- 2.3.4.6.14 Die "woord van die kruis" word in 1 Korintiërs 1:22–25 beskryf as die verkondiging van Christus die gekruisigde (dus dinamiese betekenis). Eenheid met Christus die gekruisigde maak 'n nuwe, alternatiewe identiteit vir die Christengemeente moontlik (2.3.4.4.3).

Die volgende gevolgtrekkings word oor die nuwe identiteit in Christus gemaak (vgl. 2.3.4.4.3):

- 2.3.4.6.15 Die nuwe identiteit kan verkondig/aangekondig (κηρύσσω [1 Kor. 1:23]) word, aangesien die werk van Christus aan die kruis voltooi is. Ook die perfektum partisipium ἐσταυρωμένον (1 Kor. 1:23) versterk die voltooide kosmiese oorwinning in die verlede waarvan die gevolge in die hede voortduur.
- 2.3.4.6.16 "Christus wat gekruisig is" vestig die aandag op Christus se Persoon en voltooide werk, eerder as sy leerstellings en sy mag.
- 2.3.4.6.17 Hierteenoor wys die werkwoorde αἰτέω (vra) en ζητέω (soek) (1 Kor. 1:22) op die voortdurende sinnelose gesoek van tekens/vertoon en wysheid deur diegene wat die Persoon en werk van Christus nie wil ken nie.
- 2.3.4.6.18 Die mens se wysheid en die mens se mag (en daarmee uiterlike vertoon) word deur die kruis as die groot afgode van hierdie wêreld ontmasker.

- 2.3.4.6.19 Iemand wat deel in die Persoon en werk van Christus, het reeds in Hom al die wysheid en in die kruis die enigste teken wat werklik noodsaaklik is (vgl. 1 Kor. 1:30).
- 2.3.4.6.20 Die nuwe identiteit is eksklusief – dit sluit elkeen uit wat Christus die gekruisigde verwerp, maar ook inklusief – vir Jode, Grieke, vir alle nasies wat die kerugma aanvaar.
- 2.3.4.6.21 Die nuwe identiteit kan beskryf word as geroepenes (1 Kor. 1:24). Κλητός (geroepene, van καλέω, roep) dui enersyds op 'n uitnodiging en redding deur God en andersins op die mens se verantwoordelikheid om Christus te aanvaar.
- 2.3.4.6.22 In vers 25 wat 1 Korintiërs 1:22–24 afrond, word die verkondiging van Christus (vanuit die wêreld se oogpunt) beskryf as “wat dwaas is by God” en die kruis as “wat swak is by God”. Sodoende word die “woord van die kruis” (1 Kor. 1:18) nogmaals teenoor die denkstrome van die tyd afgegrens.

Die volgende gevolgtrekkings word uit Paulus se toepassing van die “woord van die kruis” op die gemeente self (1 Kor. 1:26–31) en op sy eie bediening aan hulle (1 Kor. 2:1–5 en 2:6–16), gemaak (vgl. 2.3.4.4.4 – 2.3.4.4.6):

- 2.3.4.6.23 God verhef juis diegene wat swak en dwaas is in hulle eie oë tot 'n gemeente met nuwe waardes (1:26–31). Daarom herinner Paulus die gemeente in vers 26 aan hulle swak status as “freedmen” en dat hulle reeds kwalifiseer vir Christus se werk in hulle en deur hulle in die gemeenskap (1:27–28).
- 2.3.4.6.24 1 Korintiërs 1:30 som die nuwe status wat in die “swakheid en dwaasheid van Christus” geleë is, treffend op. Christus Jesus het die “wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing” geword. Vers 31 gee hierop die konklusie naamlik dat roem alleen in Christus kan en mag plaasvind (vgl. 2.2.5).

In 1 Korintiërs 2:1–5 illustreer Paulus dat hy in sy bediening ook “swak en dwaas” was. Uit die gedagte-eenheid word die volgende gevolgtrekkings gemaak (vgl. 2.3.4.4.5):

- 2.3.4.6.25 Die konstruksie van die Griekse sin in vers 2 stel die fokus op Christus besonder sterk as begronding vir Paulus se eie “swakheid en dwaasheid”.



- 2.3.4.6.26 Die “woord van die kruis” (1 Kor. 1:18) word nou beskryf as μυστήριον (v. 1) wat wys op ’n kennisinhoud wat verborge was, maar vir ’n beperkte groep (“in-group”) geopenbaar is.

Die onderstaande gevolgtrekkings is belangrik ten opsigte van die gesindheid van ’n leier wat op Christus fokus:

- 2.3.4.6.27 Die fokus op Christus word in 1 Korintiërs 2:2 beskryf as ’n voorneme om Christus alleen te “ken”. “Ken” (εἰδέναι van οἶδα) hou waarskynlik by Paulus verband met erkenning of respek betoon vir die hoë status van Christus en om Hom persoonlik en intiem in elke faset van ’n mens se lewe te ken (’n betekenis wat veral deur die verbandhoudende יָדַע versterk word).
- 2.3.4.6.28 Die “ken” van Christus is ten minste een van die redes waarom die gesindheid van Paulus se leierskap met “swakheid, vrees en bewing” gepaard gegaan het (vgl. die betekenis van φόβος as “reverence, awe” teenoor God).
- 2.3.4.6.29 Waarskynlik is die betekenis van die יָדַע ook van toepassing in Paulus se verwysing na “swakheid, vrees en bewing” in 1 Korintiërs 2:3. Paulus sluit immers gereeld in 1 Korintiërs 1:18–2:16 by die Ou Testament aan (vgl. spesifiek 1:19 en Jes. 29:13), is sonder twyfel bewus van die “vrees van die Here” as bekende motief in Ou Testamentiese wysheidsliteratuur (vgl. Sp. 1:7) en boonop figureer wysheid as tema sterk in 1 Korintiërs 2:1–16.
- 2.3.4.6.30 Met “vrees” bedoel Paulus waarskynlik ook ernstige spanning/vreesagtigheid (“severe distress”) wat veroorsaak is deur sy eie broosheid (hy is maar ’n “kleipot” – 2 Kor. 4:7). Dit beteken dat hy as leier deursigtig was oor sy besorgdheid om die gemeente se onthalwe (eerder as oor homself; vgl. 2 Kor. 11:28–29). Dus ’n “sense of his insufficiency, and of the infinite importance of his work” (Rienecker & Rogers, 1980:390).
- 2.3.4.6.31 Die gesindheid van Paulus se leierskap vind in sy prediking weerklank (1 Kor. 2:4). Paulus het nie in sy prediking probeer om deur sy woorde sy hoorders te probeer oorreed om hoë aansien vir hom te hê nie.
- 2.3.4.6.32 Paulus se prediking het die betoning van Gees (of gees, as entoesiasme) en krag veroorsaak – iets wat gebeur wanneer in eie swakheid, met vrees en bewing op Christus die gekruisigde gefokus word. Hierdie konklusie uit 1 Korintiërs 2:1–5 is verder getoets in 1 Korintiërs 2:6–16.

Uit die gedagte-eenheid in 1 Korintiërs 2:6–16 (die “swakheid” van die “woord van die kruis” en die krag van die Gees van God *in* volwassenes in Christus) kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word (vgl. 2.3.4.4.6):

- 2.3.4.6.33 Die gedagte-eenheid kan in twee onderafdelings verdeel word, wat weereens die twee gedagtes van wysheid (v. 7–9) en tekens (v. 10–15, hier openbaring van die Gees deur bekendmaking van die Woord) bevat.
- 2.3.4.6.34 Die Korintiërs het geestelike volwassenheid gemeet aan hulle vordering in die Grieks-Hellenistiese wysheid (σοφία). Die valse leerstelling van die wysheid is dat elke mens deur sy rede die vermoë het om tot God se hoër waardes van die heelal te kom. Die mense moet net hierdie vermoë wat God deur sy Gees in sy natuur “ingeblaas” het (Philo se uitleg van Gen. 2:7) tot volwassenheid ontwikkel. So kan sy hoër siel, sy νοῦς of πνεῦμα, tot die mistieke bo-aardse vorder.
- 2.3.4.6.35 Ook in die hierdie gedeelte is die fokus op Christus die gekruisigde, hier die “Here van die heerlijkheid” wat deur die “heersers van hierdie wêreld” gekruisig is (v. 8). Die misterie dat die heerlijkheid van die Here juis in die kruis sou manifesteer, was nie geopenbaar aan die demoniese magte agter die heersers wat Jesus laat kruisig het nie. Die Korintiërs begaan dus ’n absolute dwaasheid deur die heerlijkheid van die Here vir hulleself toe te eien op grond van die wysheid van hierdie demoniese magte, in plaas van die heerlijkheid aan die kruis te koppel.
- 2.3.4.6.36 Uit 2.3.4.6.35 word die belangrike afleiding gemaak dat selfs Christene wat eenmaal die heerlijkheid van die Here in die kruis gesien het, weer fokus kan verloor, die heerlijkheid kan abstraher, vir hulleself kan toe-eien en sonder die Gees weer by die heerlijkheid kan probeer uitkom.
- 2.3.4.6.37 Hoewel sake soos die inspirasie (van die Skrif) en illuminasie deur die Heilige Gees van vers 10–16 afgelei kan word, dui die agtergrond eerder op die weerlegging van die dwaalleer dat die wysheid in elke mens “ingeblaas is” (vgl. “vyfdens” by 2.3.4.4.6). Die wysheid van die natuurlike mens kan onmoontlik die openbaring oor die kruis verstaan. Vir die kosmiese verlossing aan die kruis om geopenbaar te word aan iemand, is die mens heeltemal onbekwaam in sy natuur en totaal afhanklik van die Gees van God (vgl. v. 11). Omgekeerd sal alleen iemand wat op Christus se genade fokus die ware krag van die Gees kan beleef. Die afleiding wat oor 1 Korintiërs 2:1–5 gemaak is, word dus nog sterker bevestig deur vers 6–16.

- 2.3.4.6.38 Die openbaring deur die Gees is aan Paulus gegee wat in homself swak/onbekwaam was. Nou het hy die νοῦς en πνεῦμα, die sin en Gees van Christus in hom (vgl. "vyfdens" by 2.3.4.4.6).
- 2.3.4.6.39 Paulus probeer nie die Korintiërs forseer om sy leierskap te aanvaar nie, maar vertrou op die oortuigingswerk van die Gees wat hy fasiliteer (vgl. 1 Kor. 2:5, 9–12, 15). Daarom getuig hy bloot van sy status in Christus en die gevolglike werk van die Gees.
- 2.3.4.6.40 Volgelinge kan met die swakheid van 'n leier wat op Christus fokus, identifiseer, so self deur die Gees oorreed word om alleen op Christus se genade te fokus en op hierdie wyse die krag van die Gees beleef. Paulus besit die werk wat Christus deur hom onder die Korintiërs gedoen het (sy maatstaf) as afgemete deel, waarop hy in die Here kan roem (1 Kor. 1:31) – 'n voorbeeld van die enigste roem wat 'n leier in die gemeente mag nastreef.
- 2.3.4.6.41 Teen die agtergrond van bogenoemde gevolgtrekkings is dit begryplik dat die betekenis wat Paulus aan "woord" (1 Kor. 1:18) heg, verrassend ongekompliseerd is. Beide die dianoëtiese en dinamiese betekenislemente kom wel na vore, maar bevestig eintlik maar net die sentrale fokus op Christus die gekruisigde.

## **2.3.5 Die fokus op Christus in 1 Korintiërs 3:1–16:24 en in 2 Korintiërs**

### **2.3.5.1 Inleiding**

Vanaf 1 Korintiërs 3:1 toon Paulus met die bespreking van allerlei vraagstukke in die gemeente aan dat die Korintiërs nie die volwassenes (τέλειοι) is wat hulle gedink het nie (Pearson, 1976:41). Dieselfde is duidelik uit die feit dat hulle oënskynlik nie die opponente waarvan 2 Korintiërs berig, teengestaan het nie, maar eerder as voorbeelde van roem nagevolg het (vgl. 2 Kor. 12:11; Savage, 1996:57). In hierdie onderafdeling word aangetoon dat die fokus op Christus as belangrike tema in die res van 1 Korintiërs en ook in 2 Korintiërs voorkom. Laasgenoemde hipotese word bewys deur die fokus op Christus in 2 Korintiërs kortliks te belig. Daarna volg Skrifbewyse uit beide briewe asook twee voorbeelde van konflikhantering (uit 1 Kor. 12–14 en 2 Kor. 11–12) met die fokus op Christus as sleutel.

### 2.3.5.2 Die fokus op Christus in 2 Korintiërs

Die tema van roem (vgl. 1 Kor. 1:31) is reeds duidelik in 2 Korintiërs 1:12, 14. Die fokus op Christus word in 2 Korintiërs 4 (die gedeelte oor die evangelie as skat in die mens wat swak is soos 'n erdekruike) aan die orde gestel en veral in vers 3–5: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, (vgl. 1 Kor. 2:8, 14) sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus (vgl. 1 Kor. 1:23; 2:2; 2:7) wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie (vgl. 1 Kor. 2:9). Want ons verkondig nie onself nie, maar Christus Jesus as Here en onself as julle diensknegte om Jesus wil” (vgl. 1 Kor. 1:8; 2:2).

Die brief eindig ook met 'n duidelike samevatting van die fokus op Christus in 13:3–4: “aangesien julle 'n bewys soek van Christus wat in my spreek en Hy is teenoor julle nie swak nie, maar kragtig onder julle. Want al is Hy gekruisig uit swakheid, lewe Hy tog uit die krag van God. Want ons is ook swak in Hom, maar ons sal saam met Hom vir julle lewe deur die krag van God”.

Die brief word dus omraam deur die fokus op Christus.

### 2.3.5.3 Skrifbewyse vir elemente van die fokus op Christus in 1 en 2 Korintiërs

#### 1 Korintiërs

| “woord van die kruis”,<br>Christus die gekruisigde                                                | Wysheid/kennis en Tekens<br>en roem in en sonder die<br>Here | Swakheid, vrees en bewing                      | Heilige Gees/krag wat ware<br>wysheid en tekens bewerk,<br>eenwees met die Heilige<br>Gees, die mens se gees |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------|------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 3:11,23; 4:17b; 5:7; 6:11;<br>6:15; 8:5–6; 8:11–12; 9:1,12,<br>22–23; 12:3; 15:1–58;<br>16:22–24. | 3:18–21; 4:8; 4:10; 5:2, 6;<br>6:6; 8:1–2; 8:10–11; 13:4.    | 4:10–14; 8:7, 10–11; 9:19,<br>22; 12:22; 13:5. | 3:16; 5:4; 6:11; 6:17; 6:19–<br>20; 12:3, 11–13; 14:14–15.                                                   |

## 2 Korintiërs

| <b>“woord van die kruis”,<br/>Christus die gekruisigde</b> | <b>Wysheid/kennis en Tekens<br/>en roem in en sonder die<br/>Here</b> | <b>Swakheid, vrees en bewing</b>                         | <b>Heilige Gees/krag wat ware<br/>wysheid en tekens bewerk,<br/>eenwees met die Heilige<br/>Gees, die mens se gees</b> |
|------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 1:19; 2:14–17; 3:3; 4:4–5;<br>5:11–21; 10:5, 14.           | 1:12, 14; 4:18; 5:7; 10:17–<br>18; 11:17, 30; 12:1–12.                | 5:11; 7:1, 11, 15; 11:21, 29–<br>30; 12:1–10; 13:3–4, 9. | 1:21–22; 3:3, 8, 17–18.                                                                                                |

Die fokus op Christus kom dus deurlopend in 1 en 2 Korintiërs voor.

### **2.3.5.4 Twee voorbeelde waar die fokus op Christus die sleutel is om konflik te hanteer (1 Kor. 12–14; 2 Kor. 11–12)**

#### **2.3.5.4.1 Inleiding**

Eerstens word 1 Korintiërs 12–14 as voorbeeld bespreek waarin Paulus met die fokus op Christus as sleutel, konflik hanteer. 1 Korintiërs 12–14 is gekies om te illustreer dat juis in moeilike en omstrede kwessies soos die sogenaamde “geestesgawes”, die fokus op Christus dié sleutel is wat Paulus vir die hantering van konflik aanwend.

1 Korintiërs 12–14 en 2 Korintiërs 11–12 hou verband met mekaar, aangesien beide oor geestelike hoogmoed handel. In beide gedeeltes word ook ’n hoë premie geplaas op sekere tekens om geestelike volwassenheid/legitimiteit te bepaal. In 2 Korintiërs is die spesifieke verwysing na “tekens en wonders” (12:12) van belang.

Die Skrifgedeeltes word nie volledig ontleed nie, maar daar word gepoog om vas te stel of die fokus op Christus in Paulus se hantering van konflik, figureer.

#### **2.3.5.4.2 Hantering van konflik met sogenaamde “geestelikes” in 1 Korintiërs 12–14 (intragroepskonflik)**

##### **2.3.5.4.2.1 Probleme met die verklaring van 1 Korintiërs 12–14**

1 Korintiërs 12–14 word dikwels deur kerkleiers aangegryp om die een of ander standpunt oor die geestesgawes te bevorder of te weerlê. So byvoorbeeld sluit Van der Spuy (2000:15) by

12:1 en 14:1 aan om die gemeente te motiveer om die sogenaamde buitengewone gawes te leer ken. Hierteenoor doen MacArthur (1988) weer groot moeite om uit die gedeelte te probeer bewys dat die sogenaamde buitengewone gawes bestem is om te eindig en ook reeds geëindig het (vgl. MacArthur, 1988:16). Hy is byvoorbeeld van mening dat γλῶσσα op alle ander plekke in die Bybel na 'n bestaande taal of die fisiese tong van 'n mens (vgl. Louw & Nida, 1996 [8.21; 9.18; 33.2]) verwys en vra waarom Korinte 'n uitsondering sou wees? Die gawe om in 'n taal te spreek ('n bestaande taal wat onbekend was vir die spreker) was volgens hom 'n teken slegs vir die Jode. Daarom wys hy die gebruik van ongewone klanke, sogenaamde "stuttering gibberish" (MacArthur, 1988:88), af en gaan nog een stap verder. Hy wys op die mediumvorm (refleksief) van die werkwoord παύω in 13:8 en sê dat die gawe sigself getermineer het (MacArthur, 1988:19).

Louw en Nida (1996 [33.3]) verwys na die ander standpunt:

Most scholars assume that the phenomena described in Ac 2.4 (see 33.2) and in 1 Cor 14.2 are significantly different in that in one instance people understood in their own regional language or dialect and in the other instance an interpreter was required. It is for that reason that many interpret γλῶσσα in 1 Cor 14.2 as ecstatic speech, which was also an element in Hellenistic religions and constituted a symbol of divine inspiration.

Volgens Louw en Nida se observasie is MacArthur se standpunt dus in die minderheid.

Dit is nie die doel van hierdie studie om 'n indringende ondersoek oor die taal-spreekverskynsels te doen nie. Wat wel die oogmerk is, is om te probeer vasstel wat die kernprobleem in die gemeente van Korinte was en wat Paulus se oplossing daarvoor was.

#### **2.3.5.4.2.2 Die probleem in 1 Korintiërs 12–14 binne die konteks van die brief**

Om 1 Korintiërs 12–14 te verstaan moet die agtergrond van Savage (1996) se deeglike studie van die probleme in eerste-eeuse Korinte, sowel as die besware teen Paulus verdiskonteer word (vgl. Savage, 1996:12). In afdeling een is hoofsaaklik op grond van Savage se studie aangetoon dat die kernprobleem in Korinte dié van eersug en roem was (vgl. 1 Kor. 1:31).

Eersug is presies die probleem wat in 1 Korintiërs 12–14 aandag geniet. Pearson toon op grond van 14:37 aan dat die vermoë om in tale te kon profeteer ("ecstatic speech"), aangegryp

is as “major spiritual gift, a πνευματικόν” (Pearson, 1976:44) en “prophesy *par excellence*” (Pearson, 1976:46) en as “ground for enthusiastic boasting” (Pearson, 1976:44). Moontlik was die “engeletaal” (13:1) hiervan deel (Pearson, 1976:46).

Paulus stel die onderwerp van die geestesgawes al in 12:1 aan die orde met περὶ δὲ τῶν πνευματικῶν. Om met vreemde klanke te profeteer was beskou as teken dat iemand werklik ’n geestelike (πνευματικός) was. Die opponente se beskouing van die Gees (πνεῦμα) was die van ’n “external force, which possesses a subject and enables him to engage in ecstatic speech” (Pearson, 1976:44). Pearson (1976:44) meen verder dat hierdie besondere geestesgawe beskou is as maatstaf vir volwassenheid (vgl. die gebruik van τέλειος in 14:20), ’n saak wat natuurlik ook met die wysheid in verband gebring is (vgl. “tweedens” by 2.3.4.4.6). “For the Corinthian enthusiasts, γλῶσσαι and σοφία belonged together, both were signs of truly spiritual existence” (Pearson, 1976:47). Dit is dus duidelik dat beide die soeke na wysheid en hier veral die vra na tekens (vgl. 1 Kor. 1:22) in die gemeente ’n probleem was. Hierdie probleme het verder weerklank gevind in ’n “hyper individualistic approach to worship” (Pearson, 1976:47).

Waarop begrond Pearson dan sy siening oor die probleem in Korinte? Hy wys die moontlike invloed van Gnostisisme af en vind die oorsprong van die probleem in die Hellenistiese wêreld in die algemeen en die Judaïstiese Hellenisme van Philo as ’n onderafdeling van laasgenoemde. Philo het byvoorbeeld geleer dat die mens se νοῦς hom verlaat wanneer die Gees beheer neem, ’n gedagte wat Paulus in 14:15 weerlê (Pearson, 1976:46–47).

Die siening van Pearson word aanvaar enersyds omdat dit met goed gedokumenteerde aanhalings gestaaf word, andersyds omdat dit strook met die bevindings wat tot dusver in hierdie studie gemaak is, veral na aanleiding van Savage (kyk 2.2.5) se navorsing.

#### **2.3.5.4.2.3 Die fokus op Christus as sleutel om die konflik met die “πνευματικοί” te hanteer**

Dat die fokus op Christus vir Paulus die sleutel is om die konflik met die πνευματικοί te hanteer is reg aan die begin van 1 Korintiërs 12 duidelik. Pearson (1976:48–49) bespreek die op die oog af vreemde stelling van Paulus in 12:3: “Daarom maak ek julle bekend dat niemand

wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees”.

Hierdie argument van Paulus begin sin maak wanneer raakgesien word dat hy hier verwys na 'n geloofsbelydenis wat in die Pauliniese kerke gebruik is, naamlik “Jesus is die Here (opgestane triomferende κύριος)”. In vers 2 tref Paulus die onderskeid met die Korintiërs se vorige staat, toe hulle nog nie deur die Gees gelei is nie (vgl. Rom. 8:14). Toe was hulle nog heidene en is beheer deur “stomme afgode” dit wil sê demoniese magte (Pearson, 1976:48–49). Wanneer hierdie opmerking van Paulus nou binne die totale konteks van die gedeelte toegepas word, word dit duidelik dat die demoniese magte ook in staat is om van “ekstatiese taalgebruik” gebruik te maak (vgl. v. 2 met die probleemstelling in v. 1). Wat Paulus nou in effek vir die Korintiërs sê is dat die demoniese magte waarvan hulle vroeër deel was (v. 2), ook die profetiese vreemde klanke kan gebruik. Hulle kan selfs die vreemde klanke gebruik om vloekte teen Jesus uit te spreek (vgl. “Jesus 'n vervloeking noem”, v. 3). Daar is egter een ding wat hulle nie kan doen nie. Hulle kan nie deur die Heilige Gees die doopbelydenis doen dat Jesus die Here, die triomferende κύριος, is nie. Daarom raai Paulus hulle aan om hulleself, as maatstaf vir geestelike groei en volwassenheid, op laasgenoemde belydenis toe te lê. “Paul’s point is simply that the possession of the Spirit is not to be judged by the occurrence of ecstatic speaking ‘in tongues’, but by the utterance of the common Christian (baptismal) confession” (Pearson, 1976:49).

Dit is dus duidelik dat die fokus op Christus die sleutel is waarmee Paulus hierdie konflik hanteer. Hy fokus op die belydenis van Jesus as Here, bloot maar 'n ander manier om Jesus die gekruisigde te beskryf (vgl. 1 Kor. 2:2, 8). Die res van Paulus se argumente strook met hierdie fokus:

- Aangesien alle Christene in die liggaam van Christus oor die “belangrikste gawe” naamlik om deur die Gees te bely dat Jesus die Here is, beskik, is daar geen rede om 'n onderskeid te maak tussen “geestelike Christene”, as synde diegene wat in tale kan profeteer en diegene wat “ongeestelik” is omdat hulle dit nie kan doen nie. Inteendeel, almal is “geestelik” en kry deur een Gees verskillende gawes, bedieninge ensovoorts (vgl. “verskeidenheid” [v. 4, 5, 6] en “aan elkeen word 'n openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is” [v. 7], Pearson, 1976:48). Die onderskeid tussen “geestelike” en “minder geestelike” gawes is gevolglik vals.



- Aangesien dit die Heilige Gees is wat alle Christene die krag gee om te bely dat Jesus die Here is, is daar geen rede vir geestelike hoogmoed nie. Daar moet selfs meer eer gegee word aan die gawes wat die minste geag word (12:23–26; vgl. De Silva, 1998:71).
- Anders as wat MacArthur (1988:86, 87) op grond van sy uitleg van 14:2 probeer aantoon, verbied Paulus nie alle vreemde klanke as synde van demoniese oorsprong nie. Sou Paulus so 'n belangrike verbod slegs met 'n skimp in 14:2 aan die gemeente deurgee? Intendeel, in plaas van 'n verbod spreek hy die wens uit dat al die Korintiërs in tale sou spreek en sê dat hyself ook die gawe beoefen, selfs meer as enige van die Korintiërs (vgl. 14:5, 18; Pearson, 1976:45). Hierdie optrede van Paulus strook met die konklusies wat oor 1 Korintiërs 2:1–5 gemaak is oor wat die gesindheid van 'n leier wat op Christus fokus moet wees. Paulus probeer om die fokus op Christus te herstel en nie om besluite vir die Korintiërs te neem, mense uit te ban, ensovoorts, nie.
- Wat Paulus wel doen is om die gawe van profesie te herdefinieer deur dit doelbewus aan die mens se verstand te koppel. Philo se gedagte van die onaktiewe *νοῦς* word verwerp (vgl. 14:15; Pearson, 1976:44).
- Paulus stel die doel van die gawes duidelik in 14:5b, 12. Dit gaan nie om individualistiese selfverheerliking en eie opbou nie, maar om die opbou van die hele gemeente as liggaam van Christus. Daarom verleen Paulus aan die gawe van profesie, waar die mens se verstand aktief is, prominensie. Dit is belangriker as die spreek in tale, nie omdat die persoon daardeur meer geestelik is nie, maar omdat die hele gemeente daarmee opgebou kan word en so tot volwassenheid kom (14:5; vgl. Ef. 4:12–14). Goulder (1991:520) sien selfs in 12:28 'n doelbewuste priorisering van die gawes – "*in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regerings, allerhande tale*" (heel laaste – my kursivering).

Van der Spuy is dus reg as hy sê dat al die gawes voortgaan en dat daarvoor ruimte gemaak moet word (Van der Spuy, 2000:42–44). Die leemte in Van der Spuy se pleidooi is dat hy nie die konteks en probleem in Korinte aandui nie. Die konteks en probleem in die Korintiese gemeente is des te meer aktueel aangesien demoniese spreek in tale in gemeentebyeenkomste, skynbaar vandag steeds voorkom (vgl. Brown, 1990:204). In billikheid teenoor Van der Spuy moet gesê word dat hy, anders as die Korintiërs, die buitengewone gawes bepleit vir die normale opbou en *koinonia* van die gemeente (Van der Spuy, 2000:11).

- Die verband tussen die groot gebod (kyk hfst. 3) en die fokus op Christus kom treffend na vore deurdat Paulus met 1 Korintiërs 13 die liefde in die middel van die redenasies oor die beoordeling van die gawes, plaas. Binne die konteks van die probleem van geestelike hoogmoed wat gekoppel word aan sogenaamde meerdere geestelike gawes, is dit korrek om die uitsprake van die liefde spesifiek aan die beoordeling van die gawes te koppel. So praat die liefde nie groot nie, is nie opgeblase nie, soek nie eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe, bedek selfs alles, glo alles (dus nie wantroue nie), hoop alles: *ten opsigte van die gawes!* (vgl. 13:4–7, my parafrasing). So word die fokus op Christus verder versterk, aangesien God se liefde nêrens duideliker te sien is as in die kruis nie (vgl. Joh. 3:16).

#### **2.3.5.4.3 Die hantering van konflik met die valse apostels in 2 Korintiërs 11 en 12 (intrapersoonlike konflik)**

In aansluiting by Savage (1996:12) kan die argumente van die vals apostels teen Paulus uit 11:6–8; 17–18 en 12:1, 12 opgesom word as: Paulus se gebrek aan welsprekendheid, sy weiering om, soos hulle, vergoeding vir al sy uitgawes van die Korintiërs te aanvaar en minderwaardige bevestiging van sy apostolaat deur tekens en wonders en miskien die belangrikste: dat hy nie bereid was om te roem nie.

By 2.2.6 is reeds aangetoon dat Paulus wel roem, maar dat hy in die Here roem (1 Kor. 1:31). Deur dit te doen fokus hy die Korintiërs se aandag op Christus in plaas van op homself en so verkondig hy die evangelie. In 11:10 kan duidelik gesien word dat die gemeentes in die “streke van Achaje” onder die “maat wat die Here vir Paulus afgemeet het” sorteer (vgl. 2.2.6).

Paulus se roem in sy eie swakheid en daarmee in Christus is miskien nêrens so duidelik as in 2 Korintiërs 11–12 nie. In 11:6 antwoord Paulus die beswaar teen sy oënskynlike gebrek aan welsprekendheid, wat hy anders kon antwoord (vgl. Hand. 14:12), met 'n erkenning, maar stel dat sy kennis van Christus nie gebrekkig was nie (vgl. 1 Kor. 2:2 oor “ken”; 1 Kor. 2:1, 4).

Paulus illustreer sy swakheid verder treffend deur middel van 'n *peristasis*-katalogus in 2 Korintiërs 11:23–33. Hy het nie alleen baie slae verduur nie, baie bekommernisse oor die gemeentes gehad nie, maar stel dit onomwonde dat hy al hierdie terugslae nie goed kon verwerk nie! Hy het “uitgebrand” (v. 29 – *πυροῦμαι*). Sy katalogus eindig met verwysing na

sy ontvlugting in 'n mandjie uit die stad Damaskus. Andrews (1995:271) wys daarop dat die ontvlugting in 'n mandjie die toppunt was van selfvernederling voor die Korintiërs. Die *corona muralis* vir die Romeinse soldaat was immers om eerste teen die stadsmuur op te wees (vgl. Savage, 1996:63):

In summary, 11.29 is filled with status implications that result from Paul's inability to master his difficult circumstances. The apostle is in essence saying to the Corinthian Christians, 'Find those among you who are weak and lowly and have no power. My inability to overcome hardships makes me just like those people ...' (Andrews, 1995:271, 272).

Paulus het oor vele tekens en wonders, waarmee sy apostelskap bewys kon word en sy opponente oortref kon word, beskik (vgl. 2 Kor. 12:2–4, 12; Hand. 9; Hand. 20:9–10). Dit is egter opvallend dat hy in beide gevalle waar hy opspraakwekkende geestesbelewensisse en “sigbare tekens en wonders” noem, onmiddellik daarna weer melding maak van sy eie swakheid (vgl. 2 Kor. 12:7, 13). In 12:7 vertel hy dat God die Satan toegelaat het om hom met 'n “doring in die vlees” (’n binding van Satan?) te pynig, met die uitsluitlike doel dat hy homself nie sou verhef nie (vgl. Janse van Rensburg, 1998:48). In 12:13–14 volg hy die blote konstatering van “tekens en wonders” onmiddellik op met sy “roem” dat hy nie vergoeding van die Korintiërs aanvaar het nie – ’n stap wat volgens Savage (1996:87) deur Paulus geneem is om teenoor die vals apostels wat lief was vir geld en welvaart, doelbewus die beeld van ’n arm persoon te behou. Paulus wil dus ten koste van homself verhoed dat die Korintiërs met hom kan spog as hulle magtige (vgl. “tekens”, 1 Kor. 1:22) en vermoënde apostel. Hulle het geen ander keuse as om slégs in die Here te roem nie.

Indien Theissen (aangehaal deur Brown, 1998:274) reg is dat die opponente ’n “ ‘charismatic itineracy’ legitimated by the tradition of Jesus’ commissioning his disciples” was, is Paulus se verweer des te meer merkwaardig. Hierdie opponente sou dan aanspraak gemaak het op direkte kontak met Jesus en aangedring het op vergoeding op grond van Jesus se direkte bevel “om nie ’n beursie saam te neem nie” (Luk. 10:4, 7). Hulle het waarskynlik ook oor aanbevelingsbriewe beskik (vgl. 2 Kor. 3:1). By laasgenoemde kan boonop die legitimering van Petrus en die ander apostels deur verskeie wonderwerke (vgl. Hand. 3:2 e.v.; Heb. 2:3–4) gevoeg word.

Wanneer in ag geneem word dat Paulus selfs daarin sou kón roem dat hy iemand uit die dood opgewek het (Hand. 20:10), lyk sy keuse om in sy swakhede te roem, inderdaad dwaas (vgl. Brown, 1998:275). Paulus gee egter self die rede vir sy keuse om in sy swakhede te roem. Hy roem ter wille van Christus in sy swakhede want as hy swak is, kom die krag van Christus na vore: "En Hy het vir my gesê: My *genade* is vir jou genoeg, want *my krag* word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die *krag van Christus* in my kan woon. Daarom het ek behae in swakhede, in mishandeling, in node, in vervolginge, in benoudhede, *om Christus wil*. Want as *ek swak is, dan is ek sterk* (12:9–10, my kursivering; vgl. 1 Kor. 2:1–5).

Dit is dus duidelik dat Paulus ook hierdie persoonlike aanvalle op hom met die fokus op Christus as sleutel hanteer.

#### **2.3.5.4.4 Samevatting**

Beide gevalle handel oor geestelike hoogmoed. In beide gevalle hanteer Paulus die konflik deur op Christus te fokus.

Die probleem van geestelike hoogmoed, gekoppel aan "profesie in tale" word deur Paulus hanteer deurdat hy die gemeente help om opnuut te fokus op die opregte belydenis dat Jesus die Here is – iets wat demone die Christen nie kan nadoen nie. Omdat so 'n belydenis alleen deur die Gees kan geskied is enige hoogmoed uitgesluit. Aangesien genoemde belydenis die belangrikste gawe is en elke Christen dit besit, is roem teenoor ander op grond van spesiale gawes ook uitgesluit. Die Gees gee in elk geval die gawes soos Hy wil. In plaas daarvan dat hy die gemeente forseer om sy insigte te volg, help Paulus hulle om te herfokus op Jesus en die liefde as die groot sentrale gebod waaraan alle orde (in dié geval veral m.b.t. die gawes) gemeet moet word.

Uit 2 Korintiërs 11–12 is dit duidelik dat Paulus ten koste van homself, wil verhoed dat die Korintiërs met hom kan spog as hulle welsprekende, magtige en vermoënde apostel. Hulle het geen ander keuse as om slegs in die Here te roem nie. Paulus se swakheid moes hulle herinner aan die grootste swakheid van die geskiedenis: die swakheid van die Seun van God aan die kruis – wat 'n kosmiese oorwinning bewerk het.

### 2.3.5.5 Gevolgtrekkings

- 2.3.5.5.1 Die fokus op Christus word duidelik as tema in 2 Korintiërs aangekondig en het dieselfde betekeniselemente as in 1 Korintiërs (2.3.5.2).
- 2.3.5.5.2 Skrifverwysings wat die vernaamste betekeniselemente van die fokus op Christus bevat, bewys dat die fokus op Christus as tema deurlopend in 1 en 2 Korintiërs voorkom (2.3.5.3).

Uit 1 Korintiërs 12–14 as voorbeeld van konflikhantering met die fokus op Christus as sleutel, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word (vgl. 2.3.5.4.2):

- 2.3.5.5.3 Uitlegte van geleerdes oor die geestesgawes (in die besonder die spreek in tale) in 1 Korintiërs 12–14, wissel van aanmoediging om meer soos die Korintiërs te word tot algehele afwysing van die sogenaamde buitengewone gawes.
- 2.3.5.5.4 Die probleem in Korinte was dat trots/eersug deur 'n beroep op die vermoë om in tale ("ecstatic speech") te kon profeteer, gemanifesteer het (vgl. 1 Kor. 12:1).
- 2.3.5.5.5 Die Gees (πνεῦμα) is gesien as eksterne mag wat die geestelike mens (πνευματικός) in beslag neem en tot vreemde klanke in staat stel. Dus was vreemde klanke 'n teken, waarborg en vereiste vir Geesvervuldheid en ook van ware wysheid.
- 2.3.5.5.6 Eredienste was oordrewe individualisties.
- 2.3.5.5.7 Die agtergrond van die πνευματικοί se beskouing kan in die Hellenisme en Judaïstiese Hellenisme teruggevind word. Philo het byvoorbeeld geleer dat die mens se νοῦς hom/haar verlaat wanneer die Gees beheer neem (vgl. 14:15).
- 2.3.5.5.8 Paulus spreek die probleem aan deur reg aan die begin die aandag te vestig op die doopbelydenis van elke Christen in die gemeente, naamlik dat Jesus die Here (opgestane triomferende κύριος) is en te stel dat niemand Jesus waarlik kan bely behalwe deur die Gees nie (12:3).
- 2.3.5.5.9 Demoniese magte wat die gemeentelide voor hulle bekering beheer het (12:2) is nie in staat om te bely dat Jesus die Here is nie, maar wel in staat om deur gebruikmaking van allerlei vreemde klanke Jesus 'n vervloeking te noem (vgl. 12:3a).
- 2.3.5.5.10 Daarom is hierdie belydenis 'n teken van Geesvervuldheid, terwyl profesieë deur middel van vreemde klanke geen bewys hiervan is nie. So fokus Paulus op

Christus, hier genoem "die Here" (i.p.v. "die gekruisigde" in 1 Kor. 1:23; 2:2; vgl. 1 Kor. 2:8).

- 2.3.5.5.11 Aangesien alle Christene oor hierdie belydenis as "belangrikste gawe" beskik, is onderskeid tussen meer en minder geestelike Christene op grond van ekstatische profesie, of enige ander gawe, ondoenlik. Die Gees deel in elke geval 'n verskeidenheid gawes uit soos Hy wil, daarom kan geen mens teenoor 'n ander roem op grond van sy/haar spesifieke gawe nie.
- 2.3.5.5.12 Paulus herdefinieer die gawe van profesie as synde nie-ekstatische profesie, oftewel profesie deur iemand wat by sy volle verstand is.
- 2.3.5.5.13 Hy verbied egter nie die gawe om in vreemde klanke te praat nie en moedig dit selfs aan. Die gawe om in tale te spreek is egter nie (soos profesie) prioriteit nie, want die gemeente as liggaam van Christus word nie daardeur tot groter volwassenheid opgebou nie (nog 'n bewys dat die gawe van spreek in tale nie 'n bewys van geestelike volwassenheid is nie).
- 2.3.5.5.14 Met laasgenoemde standpunt word oordrewe individualistiese eredienste ook afgewys.
- 2.3.5.5.15 Die verband tussen die groot gebod en die fokus op Christus kom treffend na vore deurdat die liefde sentraal gestel word as maatstaf vir die beoefening van die gawes en orde in die gemeente. So word die fokus op Christus verder versterk, aangesien God se liefde nêrens duideliker te sien is as in die kruis nie (vgl. Joh. 3:16).

Uit die hantering van konflik met die valse apostels in 2 Korintiërs 11 en 12 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word (vgl. 2.3.5.4.3):

- 2.3.5.5.16 Paulus weerlê die besware van die teenstanders deur ten koste van homself, alle grond vir die Korintiërs te ontnem om met hom te kan spog as hulle welsprekende, magtige en vermoënde apostel.
- 2.3.5.5.17 Hiervoor gebruik hy verskeie tegnieke soos 'n *peristasis*-katalogus en deursigtigheid oor persoonlike swakheid ten opsigte van aanvalle van die Satan.
- 2.3.5.5.18 Paulus lei die aandag doelbewus weg van opspraakwekkende "tekens en wonders" in sy eie lewe, om die kruis as enigste teken van krag en as begronding van sy apostolaat te beklemtoon.

2.3.5.5.19 Die fokus op Christus is vir Paulus die sleutel vir die hantering van konflik wanneer hy persoonlik deur die valse apostels aangeval word.

## **2.4 Afdeling drie: die fokus op Christus in die res van die Nuwe Testament**

### **2.4.1 Inleiding**

Die fokus van Paulus is nie nuut nie, maar is reeds die fokus van die hele Ou Testament (vgl. Heb. 1:1). Enkele voorbeelde uit ander Pauliniese en nie-Pauliniese geskrifte word genoem. Hieruit sal aangetoon word dat die fokus op Christus dié sleutel vir eenheid tussen Paulus en Petrus was. Deur Matteus 11:27 en 28:18 te vergelyk met 1 Korintiërs 15:24–28 word die “einddoel” en “eindpunt” van die fokus op Christus ook bespreek. Skrifgedeeltes word oorwegend net gelys en die betekeniselemente van die fokus op Christus word kursief aangetoon.

### **2.4.2 Die fokus op Christus in ander Pauliniese geskrifte**

Hier word volstaan met verwysings uit Filippense en Romeine.

In Filippense 1:18 redeneer Paulus as volg terwyl hy verdagmakery van teenstanders hanteer: “Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, *word Christus verkondig*; en *hierin* verbly ek my en sal ek my ook verbly”. Later in dieselfde brief sê hy: “... *ek beskou alles as waardeloos*, want om Christus Jesus, my Here, te *ken*, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek *Christus as enigste bate* kan verkry” (3:7, 8, my kursivering). In hoofstuk vier word op die sentrale plek wat die himne oor Christus in Filippense inneem, uitgebrei.

Die fokus op Christus is reg van die begin af duidelik in Paulus se brief aan die Romeine: “Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die *evangelie* van God — wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, *aangaande sy Seun* wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here, deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene *ter wille van sy Naam, onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus*”

*Christus ... Want God, wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink ...Vandaar die verlange van my kant om ook aan julle wat in Rome is, die evangelie te verkondig. WANT ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek (vgl. 1 Kor 1:22). Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: maar die regverdige sal uit die geloof lewe" (Rom. 1:1–17, my kursivering).*

### 2.4.3 Die fokus op Christus in Hebreërs

Daar bestaan nie sekerheid oor wie die skrywer of prediker van die boek Hebreërs was nie. Goeie redes word aangevoer dat Paulus nie die skrywer was nie (Vorster, 1990:76, 77).

Die tema van die boek Hebreërs is dat die prediker wil bewys dat Jesus Christus die fokus en vervulling was van die hele Ou Testament en dat Hy groter en beter was as byvoorbeeld Moses, die priesters en die engele (vgl. Kistemaker, 1989:18; MacArthur, 1983:xviii). Hier word volstaan met drie verwysings waarin die fokus op Christus duidelik na vore kom:

- "NADAT God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy *in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun* wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdrukkel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel *uitnemender geword het as die engele* namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle" (1:1–4, my kursivering; vgl. 'n soortgelyke himne oor Christus waarmee die Kolossensebrief begin).
- "TERWYL ons dan 'n groot *Hoëpriester* het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, *laat ons die belydenis vashou*" (4:14, my kursivering).
- "Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons *elke las van ons afgooi*, ook die *sonde wat ons so maklik verstriek* en laat ons die *wedloop* wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, *die oog gevestig op Jesus*, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die *kruis verduur* sonder om vir die skande daarvan *terug te deins* en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. *Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra*



het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie (Heb.12:1–3, Bybel, 1991, my kursivering).

#### 2.4.4 Die fokus op Christus in 1 en 2 Petrus

Verskeie tekste sou uit 1 Petrus aangehaal kon word (bv. 1:8, 11). Hier word volstaan met 1:12 en die beskrywing van Christus as die hoeksteen in 2:2–9:

- “Aan hulle (profete van die Ou Testament) is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is (die hele OT het dus “vooruitgekyk na Christus se koms en openbaring” – JP) deur *dié wat die evangelie aan julle verkondig het* (vgl. 1 Kor.1:18, 23) in die *Heilige Gees* (vgl. 1 Kor. 2:10) wat van die hemel gestuur is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien” (vgl. Heb.1:4, my kursivering).
- “en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die *onvervalste melk van die woord*, dat julle daardeur kan opgroei, as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is (vgl. 1 Kor. 3:1–3). *Kom na Hom toe*, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is *deur Jesus Christus*. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n *uitverkore en kosbare hoeksteen* en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar, maar vir die *ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n rots van struikeling* –(vgl. σκάνδαλον [struikelblok] in 1 Kor. 1:23) vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die *woord* (vgl. 1 Kor. 1:18) ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is, maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te *verkondig* (vgl. 1 Kor. 1:23) die deugde *van Hom* wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (my kursivering).

Dit is opvallend dat Petrus wat een van die ooggetuies op die berg van verheerliking was, die aandag nie op hierdie teken as sodanig vestig nie, maar op die profetiese Woord van God en op die werking van die Gees wat daarmee moet saamgaan. Let op die volgende:

- “En ek sal my beywer, dat julle ook gedurig ná my heengaan *hierdie dinge* (dus sy fokus) in gedagtenis kan hou. Want ons het *nie kunstig verdigte fabels nagevolg* (vgl. “Grieke soek

wysheid", 1 Kor. 1:22) toe ons julle die *krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie* (vgl. 1 Kor. 1:24, Christus is die "krag van God"), maar ons was *aanskouers van sy majesteit* (vgl. 1 Kor. 1:22; Matt. 17:1–13), want Hy het van God die Vader eer en heerlijkheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlijkheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was. En ons het die *profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte* (vgl. 1 Kor. 2:9), terwyl julle *veral dit moet weet*, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit *deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek*" (2 Pet. 1:15–21, my kursivering; vgl. 1 Kor. 2:10–16).

Dat daar ten spyte van verskillende persoonlikhede en opleiding, geen wesenlike verskille tussen Petrus en Paulus was nie, is duidelik uit 2 Petrus 3:15–16:

- "En ag die lankmoedigheid van onse Here as *saligheid*, soos ons *geliefde broeder* Paulus ook met die *wysheid wat aan hom gegee is*, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die *ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf*" (my kursivering).

#### 2.4.5 Die fokus op Christus by Johannes (Op. 5:1–14)

"EN ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: *Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?* En *niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie*. En ek het baie geweene, omdat daar *niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie*. Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie weene nie; *kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek*. En ek het gesien en kyk, *in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is*, met sewe horings en sewe oë, wat die *sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde*. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met

siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: *U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie en het ons konings en priesters vir onse God gemaak en ons sal as konings op die aarde heers.* Toe sien ek en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hulle gesê: *Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof.* En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: *Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!* En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier-en-twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid" (my kursivering).

#### **2.4.6 Die fokus op Christus in Matteus 11:25 en Matteus 28:18**

Matteus 11:25–28 en 28:18 verdien aandag as Skrifgedeeltes waarin Jesus na Homself as die fokuspunt verwys.

"IN daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge *verberg het vir wyse en verstandige mense* en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae. *Alles is aan My* oorgegee deur my Vader en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en *elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.* Kom *na My* toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Neem *my juk* op julle en leer *van My*, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig" (Matt.11:25–30, my kursivering)

"... *Aan My* is gegee *alle mag* in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle *al die dae tot aan die voleinding van die wêreld ...*" (Matt. 28:18–20, my kursivering).

Die fokus op Jesus is duidelik uit Matteus 11:25–30. Die ooreenkoms met Paulus se "swakheid vrees en bewing" (1 Kor. 2:3) en Jesus se uitspraak in vers 25 en 26 dat die Vader behae

daarin vind om aan kindertjies te openbaar en vir die wyses en verstandiges te verberg, het nie verdere verduideliking nodig nie.

Die agtergrond van hierdie gedeelte handel oor 'n oorwinning oor die bose magte, wat reeds begin realiseer (vgl. Lukas 10:17–20; Wiersbe, 1996a). Saamgelees met Matteus 28:18 bied Matteus 11:27 dus bevestiging vir Paulus se siening oor die kosmiese mag van Jesus (vgl. Brown, 1998:278, 279; 1 Kor 2:8).

Die groot opdrag word in hoofstuk vier bespreek. Hier volg slegs enkele pennestrepe. Uit Matteus 28:18–20 kan die verband tussen die groot opdrag en die fokus op Christus duidelik gesien word. Jesus is die groot fokus van die heelal, die Koning wat in staat is om die groot opdrag aan sy dissipels te gee (Keener, 1999:718). Aangesien Jesus alle mag het in die hemel en op aarde is die fokus op Christus 'n sleutel wat onberekenbare *kosmiese* waarde het.

Hierdie uitsprake van Jesus in Matteus bewys ook dat Hy en nie die Vader of Heilige Gees nie, tans in die fokus is as die Persoon van die Drie-eenheid met al die mag in die heelal (vgl. Joh. 3:16) om te regeer. Daarom moet *na Hom* gekom word (Matt. 11:28; vgl. Joh.14:6). Dit impliseer dat ware kontak met God drie-enig en dus ook met die Vader en die Heilige Gees, alleen moontlik is wanneer op Hom gefokus word. So gesien leer die Woord nie 'n fokus op die Vader of op die Heilige Gees nie. Apologeties verduidelik: Judaïste en Jehova se Getuies fokus op die Vader en het 'n bepaalde beleving in hulle religie. Hindoes weer, fokus op die gees of op 'n mistieke krag en beleef 'n god wat vaderlik vir hulle sorg. Alleen die Christen se fokus op Christus lei tot ware kindskap van die Vader (vgl. Joh. 14:6) en die veelvoudige manifestasies van die krag van die Heilige Gees.

Potgieter (2001:215–223) toon uit 1 Korintiërs 15:24–28 aan dat Christus die fokuspunt van hierdie eeu sal bly, dit wil sê tot en met sy wederkoms (vgl. “*al die dae tot aan die voleinding van die wêreld*” [Matt. 28:18–20]). Dit impliseer ook volgens hom dat die fokus op Christus beperk is tot “hierdie eeu”, waarna Hy weer al die mag aan die Vader sal oorgee:

My conclusion is that there is indeed enough evidence to say that our view on the consummation should be theocentric rather than Christocentric; that indeed in the next dispensation Christ will no longer serve in the office of Mediator, neither will we serve in the office of believers ... After the consummation He will be the Son of God according to the character of his being, but we will be children of God, the Father, the Son and the Holy Spirit on account of the atonement of Christ” (Potgieter, 2001:222, 223).

Op die oog af klop die bostaande verduideliking van Potgieter ook met Openbaring 5 – hierdie onderwerp regverdig egter 'n studie op sy eie.

## **2.4.7 Gevolgtrekkings**

- 2.4.7.1 Die elemente van die fokus op Christus is nie beperk tot 1 en 2 Korintiërs of tot Paulus nie, maar die fokus op Christus is 'n groot saak wat in die hele Skrif voorkom. Daarom kan met reg gepraat word van die "groot fokus" (2.4.2 – 2.4.6), 'n benaming wat verder in die studie gebruik sal word.
- 2.4.7.2 Die terminologie "kruis" en "die gekruisigde" kom inhoudelik ook by ander skrywers voor (bv. die "Lam wat geslag is" [Op. 5]) hoewel die klem op die "kruis" in die lig van die Korintiërs se spesifieke konteks en probleem, meer prominensie geniet as simbool van die mens se swakheid en sonde (afdeling twee, 2.4.2 – 2.4.6).
- 2.4.7.3 Die fokus op Christus soos uiteengesit in Hebreërs 1:1 en 1 Petrus 1:12 help om die fokus van die hele Ou Testament, as synde Christus en sy boodskap van verlossing, te bepaal (2.4.3; 2.4.4).
- 2.4.7.4 Daar is geen wesenlike spanning tussen die teologiese opvattinge van Petrus en Paulus (vgl. 2 Pet 3:15–16) of van Paulus en Johannes nie, aangesien hulle een fokus op Christus deel (2.4.4; 2.4.5).
- 2.4.7.5 Ook Johannes wys in Openbaring dat Christus die gekruisigde, as die "Lam wat geslag is", die geskiedenis in hierdie eeu beheer (2.4.5).
- 2.4.7.6 Die verband tussen die fokus op Christus en die groot opdrag is duidelik uit Matteus 28:18–20. Aangesien Christus deur sy kruisdood die oorwinning behaal het en nou Koning is, kan Hy die groot opdrag aan sy dissipels gee (2.4.6).
- 2.4.7.7 Aangesien Jesus alle mag het in die hemel en op aarde is die fokus op Christus 'n sleutel wat onberekenbare kosmiese waarde het (2.4.6).
- 2.4.7.8 Uit Matteus 11:27, 28 en 28:18 volg dat die fokus vir hierdie bedeling op die Seun is, eerder as op die Vader en die Heilige Gees. 'n Fokus op die Seun maak ware kontak met die Vader en die belewing van die krag van die Gees, moontlik (2.4.6).
- 2.4.7.9 Volledige studie oor die duur van die fokus op Christus (as beperk tot hierdie bedeling) val buite die raamwerk van hierdie studie (2.4.6).

## 2.5 Finale gevolgtrekkings

- 2.5.1 Vir die moderne gemeentebouproses is hermeneutiese sleutels, beginnende by 'n spesifieke vertrekpunt of fokus vir die hantering van vraagstukke in 'n snelveranderende wêreld, noodsaaklik (2.1.1).
- 2.5.2 1 Korintiërs is as veld van ondersoek gekies omdat Paulus, meer eksplisiet as in ander briewe, reg aan die begin 'n bepaalde fokus of vertrekpunt aankondig as "om niks anders onder julle te weet/ken as Jesus Christus en Hom as die gekruisigde" (2:2). Dieselfde tema is reeds in 1:18 beskryf as die "woord van die kruis" en in 1:23 as die "verkondiging van Christus wat gekruisig is". Die fokus op Christus die gekruisigde is deurlopend in beide die briewe 'n belangrike hermeneutiese sleutel (2.3.5.5.1 – 2.3.5.5.2).
- 2.5.3 Hoewel die terminologie "woord van die kruis" eie aan Korintiërs is vanweë die spesifieke konteks, volg uit Skrif-met-Skrif-vergelyking dat die fokus op Christus en sy evangelie die fokus van die hele Skrif is wat deur Jesus self verorden is (vgl. Joh. 14:6; Matt. 11:27; Matt. 28:18; Fil. 3:7, 8; Heb. 12:1–2). Daarom kan van die groot fokus gepraat word (vgl. 2.4.7.1 – 2.4.7.3).
- 2.5.4 Hoewel dié studie op 1 Korintiërs 1:18–2:16 toespits, is beide 1 en 2 Korintiërs as veld van ondersoek gekies, aangesien die fokus op Christus die gekruisigde nie alleen duidelik daarin voorkom nie, maar ook in die praktiese hantering van konflik as sleutel figureer (2.1.4).
- 2.5.5 In stede van gemaklike etikettering van opponerende faksies, behoort die suigkrag van sekulêre denksisteme uit die sosio-maatskaplike agtergrond van die gemeente en gemeenskap ondersoek te word (2.2.7.3 – 2.2.7.5; 2.2.7.16; 2.2.7.18 – 2.2.7.21).
- 2.5.6 Die verstaan van die agtergrond, opleiding en vertrekpunte van leiers asook die wyse waarop hulle hulle gesag fundeer, is belangrik vir insig in die oorsake van konflik (2.2.7.6 – 2.2.7.11; 2.2.7.25).
- 2.5.7 In afdeling een is bevind dat eersug/roem "buite die Here" (vgl. 1 Kor.1:31) wat gewortel is in die heersende wêreld en godsdiensbeskouing, die hooforsaak was wat aanleiding gegee het tot die skryf van 1 en 2 Korintiërs (2.2.7.12 – 2.2.7.24).
- 2.5.8 Roem buite Christus manifesteer in 1 Korintiërs veral in 'n fokus/soeke/vra na wysheid en tekens/mag en word in 2 Korintiërs deur die teenstanders uitgebuit om faksievorming teen Paulus te veroorsaak (2.3.4.6.9; 2.3.4.6.18).

- 2.5.9 In afdeling twee is die groot fokus as sleutel vir die oplossing van die aanleidende probleem vir die skryf van die briewe, ondersoek. Die sentrale probleemstelling vir hierdie afdeling was: wat is die betekenis van die frase “woord van die kruis”? (1 Kor. 1:18; 2.3.4.6.2).
- 2.5.10 “Woord van die kruis” (1 Kor. 1:18) word in 1 Korintiërs 1:23 verduidelik as “Christus die gekruisigde” en in 2:2 as “Jesus Christus en Hom as die gekruisigde”. In beide laasgenoemde tekste word die fokus baie sterk op die Persoon van Christus en sy voltooide werk geplaas, eerder as op sy leerstellings of sy mag (2.3.4.6.16). Christus self moet geken word (vgl. οἶδα, יָדַע ) (2.3.4.6.27; 2.3.4.6.28).
- 2.5.11 Semantiese subdomeine vir die betekenis van λόγος wat relevant is vir die konteks van Korintiërs toon ooreenstemming met die dianoëtiese en dinamiese betekenis-elemente wat aan דְּבָר ( “woord”) toegeskryf word (2.3.4.6.5; 2.3.4.6.6).
- 2.5.12 Dianoëtiese en dinamiese aspekte beklemtoon enersyds die kognitiewe of verstaans-element en andersyds die elemente van entoesiasme en wilskrag, sonder om haarfyn onderskeid tussen die twee elemente te tref (2.3.4.6.5; 2.3.4.6.6; 2.3.4.6.33 – 2.3.4.6.35; 2.3.4.6.39; vgl. ook die onderskeid tussen wysheid en tekens/vertoon/krag wat in die gedagtestruktuur by 2.3.3 gemerk is).
- 2.5.13 'n Ondersoek van die argumente in 1 Korintiërs 1:18–2:16 as konteks vir λόγος toon dat beide die dianoëtiese en dinamiese betekenisonderskeidings na vore kom as gevolg van die fokus op Christus die gekruisigde. Wie in Christus is, verkry die νοῦς (sin) en πνεῦμα (Gees) van Christus (2.3.4.6.5; 2.3.4.6.6; 2.3.4.6.34 – 2.3.4.6.38).
- 2.5.14 Die “woord van die kruis” polariseer: die “woord van die kruis/Christus die gekruisigde” skei die ganse mensdom in twee groepe: dié wat besig is om gered te word en dié wat besig is om verlore te gaan (1 Kor. 1:18) (2.3.4.6.3; 2.3.4.6.10; 2.3.4.6.21; 2.3.4.6.36).
- 2.5.15 Die “woord van die kruis” polariseer: in elkeen van die gedagte-eenhede ontmasker en vernietig God deur die “woord van die kruis/Christus die gekruisigde” die denksisteme, wysheid en die mag/tekens van die wêreld van die Korintiërs. God kan nie met die wysheid van die wêreld geken word nie (1 Kor. 1:21) en ook nie deur magsvertoon of tekens nie. Griekse en Joodse sofisme en alles wat daarmee gepaard gaan, kom tot niks voor die kruis. Daarmee saam word die lidmate van Korinte wat hierin waarde gevind het van hulle status ontnem. Alle roem hierin beteken niks (2.3.4.6.7 – 2.3.4.6.9; 2.3.4.6.12; 2.3.4.6.19; 2.3.4.6.35). Die kruis wys

die mens se skuld en dwaasheid en inherente onvermoë om hom-/haarself te red of deel te hê aan die Godsopenbaring (2.3.4.6.37 – 2.3.4.6.38).

- 2.5.16 Die mens se inherente vermoëns (hoër siel, νοῦς en πνεῦμα) kan nie tot by God vorder of tot volwassenheid lei nie. Christene wat op die wysheid en heerlijkheid/krag van Jesus fokus in plaas van op Christus self, is onvolwasse en loop die gevaar om subtiel verlei te word om weer met die afgode van die samelewing in ander gewaad te opereer. Daarom is 'n fokus op die kruis as simbool van sonde en swakheid van die mens noodsaaklik (2.3.4.6.35; 2.3.4.6.36).
- 2.5.17 Teenoor die Jode en Grieke se sinnelose *gesoek* en *gevra* word Christus *verkondig*. Christus se voltooide werk aan die kruis word geproklameer en het kosmiese betekenis (2.3.4.6.11; 2.3.4.6.12; 2.3.4.6.16 – 2.3.4.6.18; 2.3.4.6.35).
- 2.5.18 Die wat swak en dwaas is in die oë van die wêreld word in Christus 'n alternatiewe gemeenskap met 'n nuwe identiteit in Hom (2.3.4.6.8; 2.3.4.6.15; 2.3.4.6.16) wat eksklusief is vir diegene wat in Jesus glo, maar inklusief is vir gelowiges uit Joodse, Griekse en Korintiese afkoms (alle groepe) (2.3.4.6.20; 2.3.4.6.21).
- 2.5.19 Die nuwe identiteit word beskryf as “geroepenes” (1:24) wat wys op God se genade en die mens se verantwoordelikheid (2.3.4.6.21).
- 2.5.20 Die Korintiërs kwalifiseer soos Paulus om aan Christus te behoort. As mense sonder veel status in die samelewing (“freedmen”) behoort hulle des te meer vanuit 'n nuwe status in Christus te leef (vgl. Paulus se “swakheid, vrees en bewing”) (2.3.4.6.24 – 2.3.4.6.26; 2.3.4.6.29 – 2.3.4.6.34).
- 2.5.21 Geroepenes het in Christus die gekruisigde, die wysheid en die krag van die Gees en kan nou in die Here roem (1 Kor. 1:31; 2.2.7.25; 2.3.4.6.33; 2.3.4.6.39).
- 2.5.22 Die “woord van die kruis” bepaal Paulus se gesindheid van leierskap. Sy swakheid, vrees en bewing stel hy deurlopend in albei briewe voorop (vgl. die aanklagte teen Paulus [Savage] en sy *peristasis*-lyste) sodat die betoning van Christus se Gees en krag na vore kan kom (2.3.4.6.29). Ander wat ook swak is kan met Paulus identifiseer. Hy forseer ook nie die lidmate nie, maar fasiliteer die oortuigingswerk van die Gees (2.3.4.6.39 – 2.3.4.6.40).
- 2.5.23 'n Voorbeeld uit 1 Korintiërs en 2 Korintiërs illustreer dat die groot fokus as hermeneutiese sleutel effektief is om konflik te hanteer (2.3.5.5.3 – 2.3.5.5.19).
- 2.5.24 Alleen wanneer op Christus gefokus word, kom die regte perspektief op die Vader en die Heilige Gees na vore. Die vraag of hierdie fokus ook na die voleinding van die



wêreld gehandhaaf sal word, val buite die raamwerk van hierdie studie (2.4.7.6 – 2.4.7.9).

## **2.6 Samevatting: basisteoretiese perspektiewe uit die groot fokus**

- 2.6.1 Die fokus op Christus en sy voltooide verlossingswerk is 'n onontbeerlike hermeneutiese vertrekpunt in die gemeentebouproses en vir die hantering van konflik (2.5.1 – 2.5.4; 2.5.23).
- 2.6.2 'n Fokus op Christus die gekruisigde beteken dat leiers en lidmate Jesus Christus en sy voltooide verlossingswerk persoonlik ken, *in* Hom is en met sy wysheid en Gees leef. So alleen kom die dianoëtiese en dinamiese dimensies van "woord" na vore (2.5.9 – 2.5.13).
- 2.6.3 'n Fokus op wysheid en mag/tekens is valse roem of roem buite Christus (2.5.7; 2.5.8). Die Bybel leer ook 'n fokus op Christus eerder as op die Vader en die Heilige Gees. Wanneer Christus geken word, kom die regte perspektief oor die verhouding met die Vader en die Gees na vore (2.5.24).
- 2.6.4 Tensy die omliggende samelewing ook op Christus en die kruis fokus, is die gemeente 'n *alternatiewe* geloofsgemeenskap wat *alle* geroepenes/mense wat gered word wil insluit (inklusief), maar tegelyk die mag en wysheid van die sekulêre gemeenskap verstaan en vermy (eksklusief) (2.5.14; 2.5.15; 2.5.18; 2.5.19).
- 2.6.5 In die gemeente as alternatiewe gemeenskap is die kruis 'n sentrale simbool. Die kruis simboliseer dat die mens se inherente vermoëns (sy hoër siel, νοῦς en πνεῦμα) nie tot by God kan vorder nie (2.5.16).
- 2.6.6 Die kruis beteken ook dat die gemeente nie verlei word om op die wysheid en heerlijkheid/krag van Jesus te fokus om sodoende weer wysheid en mag vir hulleself te bekom nie, maar om op Christus self te fokus (2.5.5 – 2.5.7; 2.5.16; 2.5.17).
- 2.6.7 Daarom is leiers en gemeentelede deursigtig oor hulle eie swakheid en sonde. Sondaars kan met hulle identifiseer. Leiers fasiliteer eerder as forseer die werk van die Gees (2.5.16; 2.5.20; 2.5.22).
- 2.6.8 Die gemeente wat Jesus ken word nie gekenmerk deur onsekerheid (soek en vra) nie, maar deur sekerheid in Christus en sy voltooide boodskap wat verkondig word. Die gemeente roem sodoende in die wysheid en mag van Christus die gekruisigde (2.5.17; 2.5.21).

## HOOFSTUK 3

### BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT DIE GROOT GEBOD IN FILIPPENSE

#### 3.1 Inleiding

##### 3.1.1 Doel en hipotese

Die hipotese van hierdie hoofstuk is dat die fokus op Christus (2.5.3; 2.6.1) aanleiding gee tot oorfloedige liefde by Paulus, welke liefde die werklike verwysingsraamwerk of paradigma agter konflikhantering in die res van die Filippensebrief vorm.

Die impak van Paulus se oorfloedige liefde (die groot gebod) word as tweede noodsaaklike sleutel vir die opbou van die gemeente, teen die agtergrond van konflikhantering, ondersoek. Die doel is verder om aan te toon dat Christus se liefde vandag steeds (soos destyds op Paulus) 'n werklike impak op die gemeentebouproses het. Liefde beskryf die gesindheid of paradigma waarmee die gemeentebouproses uitgevoer behoort te word.

##### 3.1.2 Die metode wat gevolg word

In *afdeling een* word die begrip "groot gebod" verduidelik, waarna Filippense 1:3–11 ondersoek word. Filippense 1:9–11 word in meer detail ontleed as 1:3–8, aangesien die gebed om meer oorfloedige liefde daarin vervat is. In *afdeling twee* word die retoriese effek van 1:3–11 op ander diskoerse in Filippense bespreek. Vervolgens word aangetoon hoe die liefde as sleutel na vore kom in die hantering van verskeie konfliktsituasies in die res van die brief. In die *derde afdeling* word geselekteerde Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament met die resultate van die ondersoek uit Filippense kursories vergelyk. Soos in die vorige hoofstuk sal basisteoretiese perspektiewe vir verdere gebruik in die studie, afgelei word.

## 3.2 Afdeling een: die groot gebod in Filippense 1:3–11

### 3.2.1 Die benaming “groot gebod”

Die benaming “groot gebod” word direk ontleen aan Jesus se eie woorde: “Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is *geen ander gebod groter as dié nie*” (Mark. 12:29–33, my kursivering).

Konflik met die Sadduseërs, Skrifgeleerdes en Fariseërs vorm die agtergrond van Jesus se uitspraak (Matt. 22:23–35). Matteus gebruik uitdrukkings wat op 'n Joodse gehoor gemik is, maar die kern van Jesus se uitspraak oor die wet stem ooreen met Markus, Lukas en Deuteronomium 6:4–6 (Gundry, 1994:448–449). Volgens Keener (1999:530) beteken μεγάλη in Matteus 22:38 dat liefde die heel grootste gebod is: “The ‘great commandment’ means the ‘greatest’; Matthew employs ‘great’ as superlative as in 5:19, following the Koine usage growing more common in his day”.

Keener wys verder daarop dat hoewel diskussies oor watter gebooie die grootste was, redelik algemeen in Jesus se tyd was, Jesus met hierdie uitspraak die etiek gesaghebbend om een sentrale tema gerangskik het:

In the multiplicity of other proposals concerning the greatest commandment in antiquity, only Jesus wielded the moral authority among his followers to focus their ethics so profoundly around a single theme (Keener, 1999:531).

Deur “liefde tot God en liefde tot die naaste” het Jesus die samevatting gegee van sy onderrig oor die sedewet in die bergpredikasie en van die hele Ou Testament (vgl. Gundry, 1994:449, 450 oor Matt. 22:40):

As in 7:12, Matthew reminds his audience that these commandments epitomize all the commandments in the Bible. Given Matthew's emphasis on keeping Jesus' commandments (28:20, kyk hfst. 4 – JP) and Jesus' continuity with Moses' law (5:17–20), two commandments that epitomize the rest are clearly central to his ethics (Keener, 1999:531, 532).

Jesus vat in wese die hele komplekse wetsuitleg van sy tyd saam in een woord naamlik "liefde" en as 'n tweevoudige opdrag tot God en naaste. "In His twofold commandment of love, Jesus revealed the great principle for all true morality" (Ridderbos, 1987:417; vgl. Joh. 13:34; 17:26).

### **3.2.2 Motivering vir die keuse van Filippense om die groot gebod te ondersoek**

By 3.2.1 is reeds aangetoon dat Jesus met die groot gebod die hele etiese denksisteem in een tema saamgevat het. Keener (1999:531) wys verder op die gesaghebbende invloed wat Jesus se uitspraak op die Christelike denke uitgeoefen het:

The distinctive primacy that love plays in virtually all early Christian ethics would not have been possible had the Christians not derived this primacy from the mouth of the one Teacher who united them. Thence comes the early Christian "law of love" (cf. Rom. 13:8–10; Gal. 5:14; Jas. 2:8; Joh. 13:34).

Hierdie "early Christian ethics" moet dus ook ten opsigte van die groot gebod verder bestudeer word ten einde raak te sien hoe die Heilige Gees met sy koms die dissipels verder in die volle waarheid gelei het (Joh. 16:13) en verder geopenbaar het wat Hy van Hom (Jesus) ontvang het (Joh. 16:15). Dit is die beginsel van "progressiewe openbaring" en dat die Bybel 'n rekord is van "progressive revelation of Divine truth itself, supplying their culminating contents" (Warfield, 1999). Daarom is dit nodig om in die lig van die groot gebod, ook latere gedeeltes te bestudeer:

Biblical theologians work their way progressively through the Bible, tracing the progress of revelation and the development of theological thought, from the earliest writers to the latest. Biblical theology thus becomes the history of progressive revelation progressively set forth. The focus is not on the religious experience of the people, but on the revelation of God and His people's understanding of His acts (Youngblood *et al*, 1997 [Biblical theology, method]).

Filippense is spesifiek gekies aangesien die tema van liefde reeds aan die begin van die boek in 'n gebed aangekondig word. Hiermee word maar een snit van die progressiewe openbaring van die groot gebod in die Nuwe Testament ondersoek, sonder om daarmee te sê dat dit die enigste of vernaamste snit is. Die progressiewe openbaring van die groot gebod in Filippense is wel baie belangrik, aangesien die hipotese van hierdie hoofstuk is dat die werklike impak van Christus se liefde duidelik word in Paulus se gebed en in latere advies in die brief. Die impak van Christus se liefde duur ook vir die kerk van vandag voort.

Filippense is ook gekies omdat konflikhantering in die gemeente die agtergrond van die boek vorm.

Ten slotte word Filippense gekies as studieveld vanweë die logiese voortbou op die groot fokus as sleutel. Hieronder sal aangetoon word dat die groot fokus die vernaamste tema in Filippense is.

### **3.2.3 Samevatting**

Die doel van hierdie hoofstuk is om die gesindheid waarmee konflik in die gemeentebouproses hanteer behoort te word op basisteoretiese vlak te ondersoek. Die hipotese is dat die oorvloedige liefde van Christus 'n werklike impak op Paulus gehad het asook die verwysingsraamwerk of paradigma agter sy advies gevorm het.

Die benaming groot gebod word aan Jesus self ontleen. Jesus het die hele Ou Testament en die etiek saamgevat in een tema, naamlik liefde as die grootste gebod. Hiermee het Jesus 'n paradigma aan die Christendom vir sy koninkryk gegee. Die groot gebod word daarom ook progressief in die Skrif geopenbaar. Die Filippensebrief is gekies as veld van ondersoek vir die progressiewe openbaring van die groot gebod om hierdie impak te ondersoek, omdat logies voortgebou kan word op die groot fokus (hfst. 2). Verder figureer konflikhantering prominent as konteks vir die toepassing van die groot gebod.

### **3.2.4 Die groot gebod, verwoord in 'n gebed vir toename in oorvloedige liefde**

#### **3.2.4.1 Die agtergrond van die brief aan die Filippense**

Aansluiting word gevind by die standpunt dat Paulus die skrywer van die brief was, soos vandag algemeen aanvaar word (Roberts, 1988:153; Müller, 1991:14). Verder word aanvaar dat Paulus die hele brief geskryf het (vgl. Roberts, 1988:153; Hendriksen, 1988:31–36).

Die geadresseerdes is die Filippense. Filippi was 'n belangrike stad (vgl. Hand. 16:12) en vernoem na Filippus II, Alexander die Grote se pa. Die stigtingsgeskiedenis van die stad handel oor 'n politieke konflik. In 42 v.C. het Octavius vir Brutus en Cassius (die moordenaars van Julius Caesar) in die omgewing van Filippi verslaan en van die stad 'n Romeinse kolonie

gemaak. Baie oudsoldate en ander belangrike Romeinse burgers (vgl. Fil. 4:22) is vir politiese-strategiese redes daar gevestig. Sodoende het Filippi sosiaal en polities 'n Rome in die klein geword. Toe Octavius (die eerste keiser van die Romeinse ryk en bekend as keiser Augustus; vgl. Luk. 2:1), in 31 v.C. vir Antonius by Actum verslaan, het hy nog meer koloniste (waarvan die meeste Romeinse oudsoldate was), in Filippi gevestig. Die Joodse bevolking moes baie beperk gewees het, want daar was nie 'n sinagoge nie ('n minimum van tien Joodse mans was nodig om 'n sinagoge te regverdig) (Ferguson, 1997:xii).

Met Paulus se tweede sendingreis doen hy by Filippi aan. Handeling 16 verhaal Lidia en die tronkbewaarder se bekering aldaar. Lukas (die evangelieskrywer) het daar gewerk en daar was ongetwyfeld ook vele ander gelowiges (vgl. Hand. 16:40; 20:6; Fil. 4:2–3; Hendriksen, 1988:15).

Paulus is in die tronk in Rome en die gemeente stuur vir Epafroditus ('n leier in die gemeente) om vir Paulus met 'n "gawe" te versterk (Fil. 4:18). Op sy beurt reageer Paulus met hierdie dankiesêbrief. In die brief vertel hy vir die gemeente van sy gemoedstemming (blydschap – 1:3–4) en hoe hy die gevangenskap benut vir die evangelie (1:12–14). Verder bedien hy die gemeente met advies oor verskeie konfliktsituasies wat hulle beleef (vgl. die verwysings na Peterlin, 1994:207–210 se oorsig oor die konflik in die gemeente by 3.2.4.2.7).

Die tema en struktuur van die brief word nou verder ondersoek om te bepaal of die hipotese dat 'n gesindheid van liefde 'n groot impak op die res van die brief het, uit die brief self bewys kan word.

### **3.2.4.2 Tema en struktuur van Filippense**

#### **3.2.4.2.1 Inleidend: uiteenlopende verklaringsmetodes**

Vir die ondersoek na die struktuur en sentrale boodskap, sal onder andere van die retories-kritiese metode gebruik gemaak word. Die waarde van hierdie metode is dat gepoog word om die invloed wat die teks se samestelling en tegnieke op die leser/hoorder het, te verreken (vgl. Van Deventer, 1999:451–457; Deist, 1994:170; Hayes en Holladay, 1987:73–80). Binne die kader van 'n retories-kritiese werkswyse is daar egter groot verskille en skerp kritiek tussen

skrywers oor verklaringsmetodes en oor die struktuur van Filippense.<sup>1</sup> Tog is die ooreenkomste oor wat die uiteindelijke tema of sentrale boodskap is, opvallend. In die onderstaande paragrafe word enkele grepe uit Filippense aangedui en beredeneer ten einde hierdie ooreenkomste asook 'n leemte vir verdere ondersoek aan te toon. 'n Verdere doel van die vergelyking tussen skrywers se standpunte is om tot 'n eie posisiebepaling ten opsigte van die struktuur van Filippense te kom, sodat Filippense 1:3–11 binne laasgenoemde ontleed kan word.

### 3.2.4.2.2 Pretorius se bespreking van Wick

In sy bespreking van Wick (1994) se navorsing, open Pretorius (1998:552–560) bruikbare perspektiewe ten opsigte van die verstaan van retoriese elemente in Filippense. Wick identifiseer met struktuurmerkers (soos ooreenkomste in woordeskat, styl en vorm) vyf parallelle pare of eenhede (elk met 'n eie tema) wat in 'n makroparallelisme saamgevoeg is (Pretorius, 1998:555–556). Hierdie struktuuranalise bring veral twee vername verstaansaspekte na vore wat tot 'n belangrike konklusie lei:

- Die Christus himne (2:5–11) as selfstandige komponent versteur die patroon van parallelle diskoerse tot so mate dat dit formeel en tematies, sentraal in die hele brief uitstaan. In die himne self, is die kruis weer sentraal (Pretorius, 1998:554; vgl. Jeremias, aangehaal deur Floor & Viljoen, 2002:96).
- Die sogenaamde breuk tussen 3:1a en 3:1b word verklaar deurdat 3:1a en 3:1b juis die skakel is wat die twee pare van vyf elk, saambind. Vers 3:1a rond die eerste vyf pare af deur op "blydschap" as 'n gevolg te wys. Met 3:1b word die volgende vyf pare ingelei en wil Paulus deur herhaling geloofsekerheid (in die kruis) bevorder (Pretorius, 1998:554–555; vgl. Venter, 1997:336).

Die "selfontlediging van Christus" (vgl. die himne in Fil. 2:6–11) en die "oproep tot blydschap" as twee teologiese sentra, word daarom omvat in een grondtema vir die hele brief, naamlik "gemeenskap (κοινωνία) aan die kruis/evangelie" (aldus Wick, aangehaal deur Pretorius, 1998:557). Hierdie grondtema word egter deur Pretorius (1998:556) as 'n "leading viewpoint of faith" (eerder as sentrale tema) beskou. Deurlopend in die brief is daar 'n duidelike identifikasie ("association") met die voorbeeld van Christus en gemeenskap aan sy evangelie (Pretorius, 1998:557).

<sup>1</sup> Vgl. Porter en Reed (1998:213–231) se kritiek op Luter en Lee asook Combrink se kommentaar op Schenk (Porter & Reed, 1989:135–146).

### 3.2.4.2.3 Davis

Soos Wick (3.2.4.2.2) identifiseer Davis (1999:151–156) diskoerse met bepaalde temas en wys hy hoe die temas 'n konsentriese struktuur vorm. In die danksegging (1:3–11) word die belangrikste temas wat later in die brief ontvou en in die slot (4:10–20) herhaal word, aangekondig (Davis, 1999:153). Die herhaling van die bidbegrippe is belangrike struktuurmerkers in die algehele konsentriese struktuur van die brief. Die temas van danksegging, smeking en voorbedding in 1:3, 4, 9 (εὐχαριστῶ/δεήσει/προσεύχομαι) word in 4:6 weer hervat (προσευχῇ/δεήσει/εὐχαριστίας) (dus *inclusio*; vgl. Hayes & Holladay, 1987:79). So word die lesers wat hierdie trio in die inleiding onthou daaraan herinner dat die einde van die brief naby is (Davis, 1999:155).

Tussen 1:3–26 en 4:10–20 lê twee groot imperatiewe diskoerse wat albei uit 1:27–30 volg, naamlik 2:1–18 en 3:1–4:9. Filippense 1:27–30 is die belangrikste retoriese aandrang (“rhetorical proposition”) in die brief en handel hoofsaaklik oor gedrag wat die evangelie waardig is en oor “eenwees” (1:27). In 2:1–18 (2:1–4; 2:5–11; 2:12–18) en 3:1–4:9 (3:1; 3:2–4:3; 4:4–9) word hierop uitgebrei. Die vertelling oor Timoteus en Epafroditus se bediening (2:19–30) is die sentrale eenheid in die konsentriese struktuur van hierdie diskoerse (Davis, 1999:154). Dit is opvallend dat gedrag wat die evangelie waardig is (1:27), met Timoteus en Epafroditus as voorbeelde van sulke gedrag (vgl. 2:20, 25, 29), opgevolg deur Paulus se eie lewensvoorbeeld (vgl. 3:8–10), weereens die tema van deelname (κοινωνία) aan die evangelie benadruk.

### 3.2.4.2.4 Black

Met verwysing na Kennedy (vgl. Van Deventer, 1999:454, 455) probeer Black die “flow of thought” (vgl. Reed, 1999:30) van Filippense bepaal deur die brief se onderskeie teks-eenhede (“text sequences”) en die logiese verbindings daartussen, te bepaal. Na aanleiding van die Hellenistiese briefvorm identifiseer hy 'n opening (1:1–2), liggaam (1:3–4:20) en slot (4:21–23). In die briefliggaam identifiseer hy drie breuke:

- tussen 1:11 en 1:12,
- tussen 2:30 en 3:1 (vgl. die bostaande bespreking van Wick),
- tussen 4:9 en 4:10.



Soos Davis wys Black ook op die verband tussen 1:3–11 en 4:10–20. Hy tipeer 1:3–11 as volg: “In text pragmatic terms, 1:3–11 functions to anticipate the major themes of the remainder of the body” (Black, 1995:26). In 1:3–11 identifiseer hy ’n parallelisme tussen 1:3–8 en 1:9–11 (as motivering vir die eerste breuk). ’n Fyner ontleding toon dat 1:3–8 veral handel oor Paulus se dankbaarheid/blydskap oor die Filippense se deelname aan die evangelie (Black, 1995:27). Verse 9–11 brei die tema van gemeenskap verder uit met ’n gebed om nog meer liefde (Black, 1995:28). In aansluiting by die bespreking oor Wick (3.2.4.2.2), word ook genoem dat Black τὸ λοιπόν in 3:1 as oorgangsaanduider tussen twee diskoerse beskou (Black, 1995:40; vgl. ook Osiek, 2000:17) en in 1:27–2:18 ’n “quasi-chiastic fashion” raaksien met 1:27–2:18 (waarin die himne voorkom) as die hart van die brief (Black, 1995:44; vgl. Davis se klem op 1:27–30 [3.2.4.2.3]).

#### **3.2.4.2.5      Swift**

Swift (1984:237–238) gebruik merendeels ’n grammaties–historiese metode. Hy verskil skerp van Hendriksen (1988:37–38) en ander skrywers wat meen dat Filippense geen definitiewe struktuur het nie (vgl. ook Hawthorne, 1983:xlvi, xlviii). Hy meen dat Paulus uit al sy goeie herinneringe aan die Filippense een saak benadruk, naamlik die gemeenskap aan die evangelie (1:5). Dit is die sentrale tema wat volgens Swift as volg verder in die brief uitgebrei word: 1:9–11 (“applied”), 1:12–26 (“exemplified”) en 1:27–4:9 (“particularized”).

#### **3.2.4.2.6      O'Brien**

O'Brien (1977:22, 23) sien drie redes vir die skryf van die brief wat reeds in 1:3–8 aangekondig word en in 1:9–11 herhaal word: die Filippense het met ’n geldelike gawe aan Paulus gedink terwyl hy in die tronk was (1:3), hulle was deelgenote aan die evangelie (1:5) en God begin en eindig sy werk in hulle (1:6). Die eerste twee sake wys op die mens se werk en die derde op God se werk. Die herhaling van die “dag van Christus” (1:6, 10) wys dat die *parousia* onderliggend is aan Paulus se gedagtes (vgl. ook 3:11–14, 35) en beklemtoon sowel God (1:6) as die mense se werk (1:10) (O'Brien, 1977:28). Die inleiding (1:3–11) “introduces the mood and style of what is to come” en die positiewe sake van die brieffliggaam is eintlik reeds in 1:11 opgesom as “vrugte van geregtigheid” (O'Brien, 1977:37).

#### **3.2.4.2.7 Peterlin**

Peterlin (1995) se bydrae is hier belangrik vanweë die agtergrond wat hy uitlig. Hy meen dat konflik en onenigheid in die gemeente die agtergrond is waarteen die hele brief gelees moet word en selfs die enkele tema is wat die verskillende diskoerse saambind (vgl. Peterlin, 1995:217–218 en 1994:207–210 vir 'n oorsig). Tog meen Peterlin dat hy nie Swift se tema (gemeenskap aan die evangelie) hiermee uitsluit nie, maar eerder aanvul (Peterlin, 1995:228).

#### **3.2.4.2.8 Samevattende beoordeling van navorsing en terrein vir verdere ondersoek**

Uit die bydraes van bogenoemde skrywers (3.2.4.2.2 – 3.2.4.2.7) word die volgende samevattende beoordeling gemaak en ook 'n terrein vir verdere ondersoek aangedui:

- 'n Verskeidenheid retoriese tegnieke kom binne die oorwegend Hellenistiese briefvorm voor: *inclusio* (Davis; Black), parallelle diskoerse (Wick), konsentriese strukture (Davis), breuke en oorgange (Wick; Black) en 'n himne.
- Verskillende resultate van ontleding deur verskillende metodes (ook buite die retories-kritiese; vgl. Swift; O'Brien), lig gemeenskap (κοινωνία) aan die evangelie as belangrikste tema uit.
- Ontleding behoort egter geweeg en nie getel te word nie. Die direkte aankondiging van gemeenskap aan die evangelie (1:5) as grondoorzaak vir die gebed, die sterk bewoorde imperatief in 1:27–30 en die himne oor Christus as doksologiese indikatief (2:6–11; vgl. Floor & Viljoen, 2002:102), plaas besondere klem op die evangelie as fokuspunt van die brief. Die uiteensetting dat die imperatief in 1:27–30 versterk word deur 'n daadwerklike aksieplan in 2:19–30, wat weer op sy beurt deur 'n beklemtoning van die opdrag (2:1–18, die indikatief) en 'n daaropvolgende uitbreiding en beklemtoning (3:1–4:9) omring word (soos Davis aantoon), maak sin. Die breuk tussen 3:1 a en 3:1b ondersteun die gedagte dat Paulus nogmaals die imperatief in 1:27–30 wil beklemtoon, hierdie keer veral met 'n voorbeeld van sy eie hartsgesindheid teenoor die evangelie en in kontras met die teenstanders (3:2–21). Die parallelle pare wat Wick identifiseer lig ook die himne as indikatief uit en versterk die draaipunt tussen 3:1a en 3:1b.

- Hoewel blydschapsterminologie sterk na vore kom as struktuurmerkers (kyk Wick se pare en Davis se indeling), vul dit juis κοινωνία as tema aan. Blydschap is 'n logiese gevolg van κοινωνία en rede vir verdere aansporing, juis binne 'n konteks van konflikthantering (Peterlin).
- In die lig van bogenoemde, word gemeenskap/deelname aan die evangelie as sentrale tema vir doeleindes van hierdie studie aanvaar. Hierdie tema resoneer ook met die groot fokus van Paulus se bediening wat in die voorafgaande hoofstuk ondersoek is.
- Vermelde navorsing oor die tema, open ook ander velde vir ondersoek wat noodsaaklik is vir die korrekte verstaan van die sentrale tema. Die herhaling van die bidbegrippe εὐχαριστῶ; δεῖσει; προσεύχομαι (1:3, 4, 9) in 4:6 skep wel 'n onmiskenbare makrostruktuur vir die hele brief (Davis; Black) wat κοινωνία as tema beklemtoon. Sodoende word gebed self egter ook benadruk.
- Dat die belangrikste temas vir die res van die brief in die eerste deel van die makrostruktuur (1:3–11) aangekondig word (Davis; Black; O'Brien), is duidelik. Tog kan die betekenis van κοινωνία in 1:5 juis verskraal word deur die verband met die slotopmerking in 4:15 (in die laaste deel van die makrostruktuur) te oordryf. Black (1995:27) sê:

Thus whilst in its fullest meaning κοινωνία denotes spiritual fellowship, its primary reference in 1:5 is to the *financial* support the Philippians had given to the apostle. In other words the apostle sees his relationship with the Philippians as one of *contractual reciprocity* in their common goal of spreading the gospel (Black, 1995:27, my kursivering).

Om κοινωνία in 1:5 primêr met verwysing na 4:15 en nie in die eerste plek met verwysing na die verse wat 1:5 omring nie, te verklaar, kan die retoriese krag van die *ethos*, *pathos* en veral die performatiewe dimensie (vgl. Du Toit, 1992:473) van die inleiding, verswak. Die gesindheid “agter” die tema van gemeenskap aan die evangelie (en die finansiële bydrae) word in 1:3–8 en veral in 1:9–11 duidelik aangekondig. Hierdie gesindheid is liefde en vorm die sentrale inhoud van die gebed. Trouens, Paulus se gesindheid van pastorale liefde bereik in Filippense 'n hoogtepunt wat volgens O'Brien (1977:29, 31, 40) nêrens in die Pauliniese korpus geëwenaar word nie (vgl. 1:8). O'Brien waarsku self teen die verskraling van die Filippense se κοινωνία tot die gee van 'n finansiële gawe en teen die verskraling van εὐαγγέλιον (soos deur Gnllka, aangehaal deur O'Brien, 1977:25).

Wie die spiritualiteit van die brief vollediger wil verdiskonteer moet dus die impak van die gebed om oorvloedige liefde in die res van die brief ondersoek.

### **3.2.4.3 Die impak van Christus se oorvloedige liefde in Filippense 1:3–8 en 1:9–11**

#### **3.2.4.3.1 Inleidend**


Vir die ondersoek na die impak van Paulus se oorvloedige liefde word 1:3–11 en veral 1:9–11 nou op mikrovlak ontleed. Kernbegrippe word hoofsaaklik met verwysing na Louw en Nida (1996) bespreek. Detailvergelykings tussen semantiese domeine word nie getref nie, aangesien aangetoon sal word dat Paulus sy eie semantiese pare kies. Van etimologiese verklarings word ook gebruik gemaak in 'n poging om die gepastheid (vgl. αἴσθησις hieronder) en koloriet (Pretorius, 1995:563) van die begrippe uit te lig.

#### **3.2.4.3.2 Die retoriese effek van kohesie in en tussen diskoerse 1:3–8 en 1:9–11**

##### **3.2.4.3.2.1 Herhaling van die “dink-”en “bidbegrippe” en die uitbreidings op κοινωνία**

Die bidbegrippe εὐχαριστῶ (v. 3), δεήσῃ/δέησιν (v. 4), προσεύχομαι (v. 9) is nie ondergeskik aan mekaar nie, maar lei afsonderlike sinne in, wat semantiese ooreenkomste toon (parataxis [vgl. Reed, 1999:33]). In vers 3 is sprake van danksegging en in vers 4 van voorbidding. Die inhoud van die voorbidding (v. 4) word “teruggehou” (tot vers 9), ten einde eers op die gronde vir die danksegging (v. 3) uit te brei. Vers 5 gee dan die hoofrede vir die danksegging, naamlik gemeenskap aan die evangelie. Aangesien die geldelike bystand waarskynlik vooropstaan in Paulus se gedagtes (O'Brien, 1977:25; vgl. ook 4:15) word “gemeenskap” in vers 5 veral “horisontaal” (mens-tot-mens/Paulus en die Filippense) bedoel. In vers 6 word hierdie gemeenskap onmiddellik uitgebrei (“enhancement–reason”; vgl. Reed, 1999:35) met 'n vertikale dimensie (mens-tot-God). Paulus gaan dus in vers 6 op kleiner skaal te werk op dieselfde wyse as wat hy op makrovlak met die himne doen. Ook die bidbegrippe in vers 4, het veral 'n vertikale dimensie. So is vers 5 omraam deur twee vertikale dimensies. Met die verwysing na horisontale en vertikale dimensies word die twee hoofdimensies of rigtings van gereformeerde spiritualiteit bedoel (kyk hieroor Oostenbrink & Lotter, 1999:372, 377–378 [veral 3.2.1; 3.2.10 en 4]).

Hierdie patroon van horisontale en vertikale dimensies word herhaal. "Dink" (μνεία) (v. 3) word in vers 7 weer hervat (met φρονεῖν) en uitgebrei ("enhancement-comparative-positive" vgl. Reed, 1999:35) met intieme "gemeenskapsterminologie" ("in my hart dra") en soos in vers 5 begrend met gemeenskap aan die evangelie (συγκοινωνούς [v. 7] is uitruilbaar met κοινωνία [v. 5] en χάριτος [v. 7] met εὐαγγέλιον [v. 5]). Weer dui die konteks op 'n horisontale dimensie in vers 7 (praktiese hulp van die Filippense aan 'n gevangene). Ook word die horisontale dimensie onmiddellik daarna (v. 8) weer vertikaal uitgebrei. God word as getuie geroep (mens-tot-God) en uitbreiding met intieme gemeenskapsterminologie vind ook in hierdie dimensie plaas (vgl. σπλάγχνοις [3.2.4.3.3.3], dus, Christus/God-tot-mens). Weer is die tema van gemeenskap (v. 7) weerskante omring deur twee vertikale dimensies. Dit plaas vers 6 in die middel en verleen besondere klem daaraan:



Wat ten opsigte van die gemeente van Filippi nog kortkom, is die vertikale dimensie Filippense-tot-God. Hiertoe kan Paulus hulle nie dwing nie, maar hy bid vir hulle (vgl. 2.6.7).

#### 3.2.4.3.2.2 Intimiteit word versterk deur inklusiwiteit

Die innige gemeenskap met die Filippense word verder versterk met die begrippe "altyd", "almal" en "alle" wat deurlopend in 1:3–11 gebruik word. Hawthorne (1983:17) wys op die kragtige retoriese effek van πάση πάντοτε ... πάση ... πάντοτε en sê: "Paul indulges in alliteration" omrede hy goed gebruik wil maak van die "retorical elegances" van sy tyd (vgl. Black, 1995:29). Hierdie begrippe weef dus die hele perikoop en die partye wat daarin rolspelers is, aanmekaar.

### **3.2.4.3.3 Vers 3–8 meer op mikrovlak**

#### **3.2.4.3.3.1 Reeds innige gemeenskap in vers 3–4**

Volgens Hawthorne (1983:15) dui die uitdrukking εὐχαριστῶ τῷ θεῷ μου (v. 3) op besondere intimiteit tussen Paulus en God. Paulus staan alleen voor God in gebed, “he keenly senses a close personal and vital relationship with and dependence upon God – “my God” (Hawthorne, 1983:15). Müller (1991:39) sien in hierdie uitdrukking Paulus se “most personal and close alliance of faith with God” (vgl. O’Brien, 1977:29).

Vers 3 handel oor danksegging en vers 4 oor voorbidding. Die mooi herinneringe wat Paulus aan die Filippense besit (kyk Löh & Nida, 1979:10 t.o.v. ὑμῶν) vul hom in die gevangenis met dankbaarheid teenoor God (v. 3) en met blydskap (v. 4).

#### **3.2.4.3.3.2 Gemeenskap aan die evangelie beskryf daadwerklike aksie (1:5)**

Gemeenskap (κοινωνία) beskryf eerder ’n aksie as ’n gevoel van saamwees. Witherington (1998:160) wys daarop dat die “gemeenskap van gelowiges” (“fellowship”) die algemene vertaling vir κοινωνία is, maar eintlik nie reg aan die Griekse begrip laat geskied nie. “Fellowship” is eerder die resultaat van κοινωνία terwyl κοινωνία ’n aktiwiteit beteken. “Κοινωνία is an activity which can result in fellowship of some sort, and it can entail things like sharing not just spiritual activities like prayer, but also physical food or other goods in common” (Witherington, 1998:160). Louw en Nida (1996) verwys na “joint participation and mutual interest” (57.98). In die onmiddellike konteks van Filippense is die “mutual interest” die evangelie (1:5). Die Filippense het meegewerk deur gebed (1:19) en deur fisiese en finansiële hulpmiddele (4:14–18).

“Evangelie” was in die eerste eeu ’n algemene woord vir goeie nuus van enige soort. Hier beteken εὐαγγέλιον die goeie nuus van Jesus Christus en die verlossing wat hy gebring het (Vine, 1996 [gospel, euangelion]; vgl. Louw & Nida 1996 [33.217]; kyk die “woord van die kruis” [2.3.4; 2.3.4.6]).

### 3.2.4.3.3.3 “Gemeenskap” in vers 6–8

Hier word volstaan met enkele opmerkings oor vers 6–8:

Vers 6: God het die goeie werk van die evangelie in (ἐν) die Filippense begin (ἐναρξάμενος). Let op die herhaling van die ἐν (vers 6, 7, 8) wat volgens Vine (1996 [begin enarchomai]) in vers 6 in letterlike (eksistensiële) sin vertolk kan word. Volgens Louw en Nida (1996) beteken ἐνάρχομαι “to begin *in* a particular state or *relationship*” (68.3, my kursivering). O’Brien (1977:27) sien in ἐνάρχομαι skeppingsterminologie raak. Verlede, hede en toekoms is ter sprake (Hawthorne, 1983:20–21). Die verwysing na die wederkoms, word in vers 10 herhaal.

Vers 7: Rienecker en Rogers (1980:544, 545) sê van καθὼς ἐστὶν δίκαιον ἐμοὶ:

Although the expression may have been a daily figure of speech (Lohmeyer) the word does contain an ethical (vgl. ἐπίγνωσις by 3.2.4.3.4.3.3) and general moral sense which has its foundation in the moral *relation of man to God* (my kursivering).

Black (1995:29) wys daarop dat “dink” (φρονέω) ’n sleutelterm in Filippense is en dat dit in vers 7 die eerste van tien kere is dat Paulus die woord gebruik. Φρονέω is ook in 2:5 die “brug” na Paulus se beskrywing van die gesindheid van Christus wat in die himne besing word (vgl. Floor & Viljoen, 2002:92; σπλάγχνοις Χριστοῦ Ἰησοῦ in v. 8).

Vers 8: Ἐν (vgl. v. 6, 7) σπλάγχνοις· σπλάγχνον (of σπλάγχνα) (v. 8) beteken ook “ingewande” en dui op die intiemste emosies. Louw en Nida (1996) gee die volgende betekenisvelde: “intestines” (8.58), “desires” (26.11), “compassion” (25.49) en “object of affection” (25.50). Opgesom in die woorde van Wuest (1997 [Philip. 1:8]):

What a miracle of divine grace for this heretofore proud Pharisee to have tender heart-longings for these former pagan Greeks! But that is not all. He tells them that this longing is in the bowels of Jesus Christ. The inner organs, here designated by the word “bowels,” were regarded by the ancients as the seat of the tender affections. The word used here refers to the upper organs, the stomach, liver, and lungs, another word being used for the intestines. We would say “the heart”. Paul thus describes his longing, not as his individual emotion, but as Christ’s longing, as if the very heart of Christ dwelt in Paul. The great apostle lived so close to the Lord Jesus, and he had so shared the sufferings of his Lord for

righteousness' sake, that his heart was very tender, and beat as one with the heart of Jesus (vgl. Homer, 1984:107).


#### **3.2.4.3.3.4 Samevatting: vers 3–8**

- Die sentrale tema, gemeenskap (κοινωνία) aan die evangelie (v. 5) word met 'n duidelik aanwysbare retoriese struktuur met horisontale en vertikale dimensies begrond.
- Gemeenskap (κοινωνία) beskryf daadwerklike meewerking aan die evangelie met 'n gevoel van saamwees ("fellowship") as resultaat.
- Daar is werklike eksistensiële κοινωνία tussen Paulus en die Filippense, die Filippense en Paulus, maar ook tussen Paulus en God / Christus en God-tot-die Filippense.
- Die begrippe wat in 1:3–8 gebruik word, onderstreep die impak van Christus se liefdesgemeenskap met Paulus.
- Die vertikale dimensie van die Filippense-tot-God-gedagte word grootliks oopgelaat en open so die deur vir Paulus se gebed.
- Filippense 1:3–8 toon progressiewe opbou na die gebed in 1:9–11.

#### **3.2.4.3.4 Eksistensiële gemeenskap (κοινωνία) lei tot 'n gebed om nog meer oorvloedige liefde (1:9–11)**

Hierbo is reeds aangetoon dat 1:9–11 'n uitbreiding is op die voorbidding waarna in vers 4 verwys word (Swift, 1984:240). Verse 1:9–11 word nou ontleed deur sintaktiese ontleding van die perikoop, die aantoon van sekere kernbegrippe en die rangskikking van hierdie begrippe in semantiese pare.





### 3.2.4.3.4.2 Afleidings uit die sintaktiese ontleding

Die volgende afleidings kan uit bogenoemde struktuur gemaak word:

- Die term προσεύχομαι (bid, v. 9) is die hoofwerkwoord waaraan die res van die perikoop sintakties verbind is. Die struktuur toon dit nie aan nie, maar προσεύχομαι is self weer inhoudelik verbind aan die voorafgaande δεήσει (smeking; vgl. v. 4).
- Die toename in liefde is die hoofobjek van Paulus se gebed (vgl. καὶ τοῦτο [naamlik] ... περισσεύη [v.9]). Wuest (1997 [Philip. 1:9]) sê: "The word 'that' could also be rendered, 'this is the purport and substance of my prayer'".
- Ἴνα(v. 9) + subjunkties stel 'n gesubstantiveerde sin, in hierdie geval epeksegeties by die voorafgaande τοῦτο (v. 9) (Jordaan, 1993:30).
- Ἐν (v. 9) dui die *opsig waarin* die liefde moet toeneem aan, naamlik 1) ἐπιγνώσει (v. 9) (kennis) en 2) πάσῃ αἰσθήσει (v. 9) (alle ervaring) (vgl. Jordaan, 1993:31).
- Die effektiwiteit van liefde wat toeneem word deur twee doelsinne aangedui naamlik 1) die onderskeiding/toetsing tussen uitstaande en minder belangrike sake en 2) hoe die gelowige sal/moet wees op die dag van Christus.
- Hoe die gelowige sal/moet wees op die dag van Christus, is drieledig: 1) die persoon is opreg (v. 10), 2) is sonder blaam/is nie 'n struikelblok nie (v. 10), 3) is vervul met die vrug van geregtigheid van Christus self (v. 11).
- Die tydspan om hierdie doel te bereik word aangedui as εἰς ἡμέραν Χριστοῦ (v. 10) (van nou tot op die dag van Christus/wederkoms) ("spatio-temporal"; vgl. Reed, 1999:35). Εἰς ἡμέραν Χριστοῦ is volgens O'Brien meer as net tydspan: "It is better to translate it 'in view of ' or 'against' the day of Christ ". Nie net die bereiking van die dag nie, maar die doel van die dag (verheerliking van God) word in die vooruitsig gestel (vgl. 1:6, O'Brien, 1977:35).
- Die einddoel van die gebedsverhoring is die "heerlikheid en die lof van God" (vgl. v. 6).

### **3.2.4.3.4.3 Kernbegrippe in vers 9–11 in samehang met 1:3–8 en die res van die brief**

#### **3.2.4.3.4.3.1 προσεύχομαι (v. 9)**

Wuest (1997 [Philip. 1:9]) sê: " 'Pray' is the translation of a word which speaks of prayer (εύχομαι – JP) directed consciously to God and with a definite aim (προς – JP). As Paul prayed, he had a definite consciousness of the presence of God, and that he was speaking, not into mere space, but to a Person, and that that Person was listening, giving attention to what he was saying".

Προσεύχομαι (v. 9) is 'n praesens, indikatief, mediumvorm. Paulus konstateer sy volgehoue gebede as 'n feit (indikatief). Hierdie gebruik van die praesens kan verder beskryf word as die "pictorial present" (vgl. Dana & Mantey, 1962:182). Paulus skep by die lees van die brief 'n "prentjie" van sy gebedsaksie in die gedagtes van die lesers (vgl. ook 1:3).

#### **3.2.4.3.4.3.2 Ἀγάπη en ἔτι μᾶλλον καὶ μᾶλλον περισσεύη (v. 9)**

Uiteindelik gee Paulus die sentrale inhoud van sy voorbidding (v. 4), naamlik die toename in oorvloedige liefde (ἀγάπη) (vgl. Hock, 1996). Ἀγάπη word deur Louw en Nida (1996) beskryf as: "to have love for someone or something, based on sincere appreciation and high regard – to love, to regard with affection, loving concern, love". In die Bybel word ἀγάπη vir God se uitverkiesende en opofferende liefde gebruik (vgl. Joh. 3:16). Dit is ook hierdie liefde wat hy van sy kinders vir Hom en vir mekaar vra (vgl. Pop, 1957:137–141). "Agape is decision love. Agape is the decision to make sacrifice. It is the decision to make deep personal sacrifice for the sake of the beloved" (Hansen & Goetz, 1998:104).

Liefde het dus 'n horisontale en vertikale dimensie wat keuses om jouself op te offer, veronderstel (vgl. Mark. 12:28–31 en die bespreking hierbo by 3.2.4.3.2.1). Verder is liefde 'n sambreelterm (Matt.12:40). Onder ἀγάπη kan die intieme begrippe van vers 7 en 8 tuisgebring word, asook praktiese hulpverlening. Liefde beskryf Paulus se hele gesindheid en optrede en is die sentrale inhoud en doel van sy gebed en hele bediening aan die Filippense (Houlden, 1977:53).

Paulus kan sy gesindheid nie afdwing op die Filippense nie, alhoewel hy hulle daad kan beoordeel. Hy oordeel dat hulle reeds oorgloedige liefde besit (Braune, 1980:15; O'Brien, 1977:31), maar hulle liefde kan en moet nóg meer oorgloedig word. Hy kan hulle liefde nie laat toeneem nie, maar kan hiervoor bid terwyl hy op God vertrou (v. 6). Hy kan boonop liefde demonstreer uit sy eie lewe (vgl. 3:12) en in sy advies (vgl. 3.3.4.2 hieronder):

The love spoken of here is the love that God is (1 John 4:16), produced in the heart of the yielded believer by the Holy Spirit (Rom. 5:5), its chief ingredient, self-sacrifice for the benefit of the one who is loved (John 3:16), and its constituent elements analyzed for us in 1 Corinthians 13 (Wuest, 1997 [Philip. 1:9]).

Die ware liefde van Christus mag nie en kan nie staties wees nie (vgl. 3:12). Dit moet altyd meer en meer toeneem in die "kennis" (ἐπίγνωσις) (v. 9) van Christus en "alle ervaring" (αἰσθήσει) (v. 9).

#### **3.2.4.3.4.3.3 'Επίγνωσις en αἰσθήσει (v. 9)**

'Επίγνωσις (v. 9) en αἰσθήσει (v. 9) brei liefde uit ("enhancement-respective"; vgl. Reed, 1999:35). Γνώσις (kennis) word versterk met die intensiewe preposisie (ἐπι). 'Επίγνωσις dui dus op 'n dieper en meer gevorderde kennis, diepgang of bedrewenheid (Breed & Jordaan, 2000:213). Tog sou dit verkeerd wees om ἐπίγνωσις as "wyer" kennis te tipeer. Robinson (aangehaal deur Morris, 1992a:379) sê "ἐπίγνωσις is knowledge directed towards a particular object". Volgens Wuest (1997 [Philip. 1:9]) veronderstel ἐπίγνωσις kennis wat deur ervaring opgedoen word en nie intuïtiewe kennis nie. Die objek van hierdie kennis is God se wil en om Jesus persoonlik en intiem te ken. God het die goeie werk in (ἐν) die Filippense begin (1:6) en sal in hulle bly werk (2:13). Van hulle kant moet hulle nou meer oorgloedig word in hulle liefde en kennis van Hom en die gepaardgaande skoonheid (αἰσθήσει [v. 9]) van hulle daad (vgl. 1:8; Kol. 1:9 en Müller, 1991:45). Liefde sonder kennis het geen inhoud nie en kennis sonder liefde kom tot niks nie (1 Kor. 13:2). Meer nog, die kennis "maak opgeblase, maar liefde bou op" (1 Kor. 8:1; vgl. Hendriksen, 1988:60). Paulus begin onmiddellik in 1:12 om die kennis van die Filippense op te bou deur hulle te wys op wat God reeds in hom gedoen het: "ek wil hê julle moet weet (γινώσκετε) broers wat ek wedervaar het ... " (vgl. ook 1:30; 3:10 [γινώκει]; 3:17; 4:9 [weer ἐν]). Hierdie voorbeelde uit Paulus se eie lewe getuig van die ken van Jesus wat in gepaste daad oorgegaan het (vgl. αἰσθησει in die volgende paragraaf).

Laastens: Louw en Nida (1996) plaas ἐπίγνωσις (vgl. v. 9) en μνεία (vgl. v. 3) onderskeidelik in semantiese domeine 28 ("know") en 29 ("recall from memory") en φρονέω (v. 7) onder andere in 26 ("psychological faculties"). Vir 'n vollediger bespreking van ἐπίγνωσις vergelyk Breed en Jordaan (2000:213–214).

Die begrip αἴσθησις is 'n *hapaxlegomenon* (Löh & Nida, 1979:16). Die Afrikaanse (en Engelse) woord "esteties" is van hierdie woord afgelei. Funk en Wagnalls (1980:263) beskryf 'n "esthete" as "one who is very responsive to beauty in art, nature etc; one who effects or seek sensitivity". Louw en Nida (1996) dui die semantiese velde van die Griekse woord aan as die vermoë om te verstaan en die vermoë om sake te kan beoordeel/te kan onderskei (32.28). Die woord het dus te make met persepsie, oordeelsvermoë en takt (Homer, 1984:109). Wuest (1997 [Philip. 1:9]) beskryf die term as "sensitive moral perception, and a quickness of ethical tact". Lenski (1961:171) bring dit in verband met praktiese lewenservaring (vgl. ἐπίγνωσει [v. 9]). Daarom is dit ook heel gepas dat αἴσθησει (v. 9) gevolg word deur twee begrippe wat handel oor onderskeiding (δοκιμάζειν; διαφέροντα [v. 10]) in die lewenspraktyk. Verder is dit belangrik dat Paulus hier bid vir 'n toename in "alle" estetika van die liefde (vgl. 3.2.4.3.2.2). Daar is dus geen terrein waarop die fyn aanvoeling van die liefde nie na vore moet kom nie. Die voorbeelde wat Paulus uit sy eie lewe meld, getuig van hierdie fyn aanvoeling.

#### 3.2.4.3.4.3.4 Δοκιμάζειν en διαφέροντα (v. 10)

Volgens Louw en Nida (1996) beteken δοκιμάζω om die egtheid van iets vas te stel deur toetsing (27.45), om te bevind dat iets gepas of die moeite werd is (30.98), om iets as eg te beskou omdat dit getoets is (30.114). Volgens Wuest (1997 [Philip. 1:10]) is die woord gebruik vir die finale ondervraging van 'n mediese student wat reeds al sy eksamens geslaag het. Die verwagting van die uitslag is dus positief (dat die student sal slaag).

Aan διαφέροντα (v. 10) (part. van διαφέρω) gee Wuest (1997 [Philip. 1:10]) die volgende uitleg:

The expression 'the things that are more excellent' ... comes from a word that means "to carry two ways," thus "to carry different ways," (vgl. Louw & Nida, 1996 [15.163]) en "thus to differ" (vgl. Louw & Nida, 1996 [25.41]). It refers here to those moral and spiritual concepts and actions which involve delicate and keen distinctions, those that require a deep and keen discernment to recognize. Not the

ordinary, every-day, easily-understood spiritual obligations, but the finer points of Christian conduct are in the apostle's mind (vgl. Louw & Nida, 1996 [65.6]).

Die woord is ook gebruik vir die suiweringsproses van metale (Robertson, 1998 [Philip. 1:10]). Die onsuierhede word verwyder sodat die suiwer metale uitstaan, onderskei kan word (vgl. δὲ α + φέρω; "uit + staande"; "ex + cellant").

#### **3.2.4.3.4.3.5 Εἰλικρινεῖς en ἀπρόσκοποι (v.10)**

Louw en Nida (1996) verklaar εἰλικρινής as opreg, sonder bymotiewe (88.41). Εἰλικρινεῖς (v. 10) is 'n baie ou woord en het waarskynlik ontstaan uit 'n samestelling van κρίνω, wat beteken om tot 'n oordeel of konklusie te kom (Louw & Nida, 1996 [30.75]) en ἔιλη (die hitte of strale van die son [Liddell, 1996]). Die woord het daarom die konnotasie van getoets deur skerp sonlig, of om deur 'n uitrolproses te gaan, rein te wees (Robertson, 1998 [Philip. 1:10]). Dit word ook gebruik om die suiweringsproses van metale totdat 'n onvermengde substans verkry is, aan te dui (Lenski, 1961:719) (vgl. διαφέροντα [v. 10]).

Ἀπρόσκοπος (v. 10) beteken volgens Louw en Nida (1996) om vry van kritiek of beskuldiging te wees (88.318) of dit wat nie aanstoot gee nie (25.184).

#### **3.2.4.3.4.3.6 Δόξαν en ἔπαινον (v. 11)**

Die eerste begrip is meer algemeen, maar die tweede het te make met die uiterlike respons op die heerlikheid van God – "praise" (ἔπαινος) is to be ascribed to God, in respect of His glory, the exhibition of His character and operations" (Vine, 1996 [praise, epainos]). Die wederkoms is in die oog (vgl. v. 6).

#### **3.2.4.3.4.3.7 Opsomming en interpretasie van semantiese pare**

Ἐπίγνωσει en αἰσθήσει (v. 9): Die innerlike ken van Christus lei tot die sigbare skoonheid van die liefde in elke situasie.

Δοκιμάζειν en διαφέροντα (v. 10): Die innerlike vermoë om te kan toets/onderskei, bring die beste/wat uitstaande is, aan die lig.

Εἰλικρινεῖς en ἀπρόσκοποι (v. 10): Die innerlike reinheid in die lig van die oordeel voor Christus, sal elke moontlikheid van blaam deur iemand anders negatiewe.

Δόξαν en ἔπαινον (v. 11): Die eerste begrip is meer algemeen, maar die tweede het te make met uiterlike respons op die heerlikheid van God.

Die semantiese pare beklemtoon dus telkens 'n innerlike betekenis wat in die volgende begrip aangevul word deur 'n betekenis wat meer uiterlik of sigbaar is (vgl. die dianoëtiese en dinamiese betekenisonderskeidings by λόγος [2.5.11]).

Die semantiese pare dui verder op 'n breuk in die struktuur van woordpare wat weereens gemeenskap aan die evangelie as tema beklemtoon. "Vervuldes met die vrug van geregtigheid deur Jesus Christus" (πεπληρωμένοι καρπὸν δικαιοσύνης διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ), onderbreek die woordpare en beklemtoon so die uiteindelijke doel van gemeenskap aan die evangelie, naamlik om vol te wees met Jesus se vrugte van geregtigheid, tot lof en heerlikheid van die Vader.

#### **3.2.4.3.4.4 Samevatting van 1:9–11 in samehang met 1:3 – 8 en die res van die brief**

Vers 1:9–11 toon 'n verweeftheid met en uitbouing van die gedagtes van 1:3–8. Die sentrale tema van gemeenskap aan die evangelie (v. 5) word in 1:11 herhaal as synde "vervul met die vrug van geregtigheid in Christus Jesus". Gemeenskap aan die evangelie kan alleen vertikaal begrond word deur God self. Vir die impak daarvan kan gebid word. Die spesifieke gebedsinhoud is die liefde. Liefde is 'n omvattende term wat alle ware horisontale en vertikale gemeenskap moontlik maak. Wanneer hierdie liefde beleef word en dit meer oorvloedig word in 'n werklike ken van Christus, lei dit tot fyn aanvoeling in die optrede van die gelowige, tot onderskeiding van dit wat vir God uitstaande is as werklike vrugte van Christus se kruisdood en dit wat Hom verheerlik.

Paulus het die impak van Christus se oorvloedige liefde in sy hart beleef (v. 5, 7, 8) en bid nou ook daarvoor vir die Filippense (v. 9). Die dryfkrag van Paulus se liefde is die eksistensiële liefde van Christus wat besig is om deur Paulus te werk (vgl. 2:13) en hy groei self nog verder daarin (3:12–14).

### 3.2.5 Gevolgtrekkings

- 3.2.5.1 Jesus gee self die tweevoudige opdrag van liefde tot God en tot die naaste as die heel grootse gebod aan die kerk (3.2.1).
- 3.2.5.2 Die groot gebod word progressief in die Skrif deur die Heilige Gees geopenbaar. Die brief aan die Filippense is as veld van ondersoek gekies aangesien die brief met 'n gebed om toename in oorvloedige liefde begin. Verder is gepoog om vas te stel in watter mate Paulus se oorvloedige liefde, binne die konteks van konflikhantering, uit sy advies aan die gemeente na vore kom (3.2.2).
- 3.2.5.3 Anders as die Korintiërs (vgl. 2.2.2) het die Filippense vanweë hulle politieke agtergrond vername status in die destydse samelewing geniet. Die Romeinse en militêre agtergrond van die Filippense het egter ook potensiaal vir konflik ingehou (3.2.4.1).
- 3.2.5.4 Struktuurontleding deur verskillende metodes in resente navorsing sonder gemeenskap (κοινωνία [1:5]) aan die evangelie as belangrikste tema uit (3.2.4.2.1 – 3.2.4.2.7). Op grond van die beredenering by 3.2.4.2.8 word laasgenoemde tema as sentrale gedagte in die brief aanvaar.
- 3.2.5.5 In gemelde navorsing is die werklike impak van die liefde as paradigma wat met die sentrale tema vervleg is, nie voldoende verdiskonteer nie, terwyl die teks self in 1:3–11 hierdie paradigma beklemtoon (3.2.4.2.8).
- 3.2.5.6 Herhaling van die “bid-” en “dinkbegrippe” en uitbreidings op κοινωνία (1:5) toon dat laasgenoemde tema deur 'n struktuur van horisontale (mense tot mekaar) en vertikale (God en mense tot mekaar) dimensies omring en begrond word (3.2.4.3.2.1), dus daadwerklike liefde tot God en tot mekaar (3.2.4.3.3.4; vgl. 3.2.5.1).
- 3.2.5.7 Merkers van inklusiwiteit (soos πάση ... πάντοτε [vgl. 1:3, 4]) en nader ontleding van die liefdesbegrippe in 1:3–8 onderstreep die reeds bestaande werklikheid van Paulus se liefdesgemeenskap met Christus/God en met die Filippense (liefde tot God en naaste). Paulus erken byvoorbeeld reeds die Filippense se liefde vir God, God se werk in hulle en sy liefde vir hulle (3.2.4.3.2.2; 3.2.4.3.3.3).
- 3.2.5.8 Hoewel die Filippense reeds die evangelie bevorder, is daar in die dimensie Filippense-tot-God tog 'n leemte (hulle oorvloedige liefde kan nog meer en meer toeneem in kennis en fyn aanvoeling) en Paulus tree nou verder as voorbidder vir hulle op (1:9–11; 3.2.4.3.2.1; 3.2.4.3.3.2).



- 3.2.5.9 'n Sintaktiese ontleding van 1:9–11 toon aan dat die toename in oorvloedige liefde die sentrale objek of bede van Paulus se gebed is (3.2.4.3.4.1; 3.2.4.3.4.2).
- 3.2.5.10 In vers 9 word die wyse waarop oorvloedige liefde moet uitbrei gemeld, naamlik in kennis en fyn aanvoeling (3.2.4.3.4.2).
- 3.2.5.11 Liefde wat toeneem in kennis en fyn aanvoeling is effektief vir die huidige lewe en vir die voleinding. Gelowiges sal in hierdie lewe kan onderskei tussen belangrike en minder belangrike sake en op die dag van Christus rein wees, vry van kritiek en vol van die vrugte van Christus se geregtigheid tot lof en eer van God (3.2.4.3.4.2).
- 3.2.5.12 Rangskikking van die kernbegrippe in 1:9–11 in pare, illustreer verder die effektiwiteit van liefde wat toeneem. Die begrippe toon 'n duidelike progressie en het konsekwent 'n innerlike en 'n uiterlike komponent (vgl. dianoëties en dinamies [2.5.11, 2.5.12]). Die toename in liefde lei dus tot praktiese, sigbare gevolge. Die begrippe beklemtoon ook κοινωνία (vgl. 1:5) aan die evangelie as sentrale tema (3.2.4.3.4.3.7).

### **3.3 Afdeling twee: die verband tussen die gebed om oorvloediger liefde en die hantering van konflik in die res van die brief**

#### **3.3.1 Inleiding**

In hierdie afdeling word die konflik wat uit die verskillende diskoerse in die brief na vore kom geïdentifiseer en vergelyk met die resultate van die vorige afdeling. Veral Paulus se advies of reaksie in elkeen van die konfliksituasies, word vergelyk met die woordpare wat by 3.2.4.3.4.3.7 aangedui is. Die indeling van Davis (1999:153) word in hierdie afdeling verder as raamwerk van die ondersoek aangewend.

Die hipotese is dat Paulus se advies alreeds die impak van oorvloedige liefde wat toeneem in kennis en fyn aanvoeling (Fil. 1:9) illustreer.

#### **3.3.2 Konflik vorm die agtergrond van elke diskoers in die brief**

Konflik binne en buite die gemeente (o.a. vervolging; vgl. Tellbe, 1994:106) kom voor. Peterlin (1995) identifiseer selfs konflik en onenigheid as die hooforsaak van die brief. Hy gebruik dan

ook die identifisering van konflikareas vir 'n indeling van die brief (Peterlin, 1995:v–vii). Daar is ook 'n verskeidenheid opponente wat deur Peterlin (1995:135–169) bespreek word.

Tussen 1:3–26 en 4:10–20 lê twee groot imperatiewe afdelings/diskoerse wat beide uit 1:27–30 volg, naamlik 2:1–18 en 3:1–4:9. Filippense 1:27–30 is die belangrikste retoriese aandrang/imperatief (“rhetorical proposition”) in die brief en handel hoofsaaklik oor lewenswandel “waardig die evangelie” en oor eenheid in die gemeente (1:27). In 2:1–18 (2:1–4; 2:5–11; 2:12–18) en 3:1–4:9 (3:1; 3:2–4:3; 4:4–9) word hierop uitgebrei (Davis, 1999:154).

Op grond van Davis se bostaande indeling word die diskoerse waarin konflik voorkom in twee hoofdele verdeel naamlik die konflik wat beskryf is in die buitelyne (“outer boundaries” [Davis, 1999:154]) van die konsentriese struktuur (1:3–26 en 4:10–20) en konflik in die retoriese argument/voorstel van die brief (1:27–4:9).

In die eerste gedeelte word interpersoonlike konflik tussen Paulus en teenstanders, wat wel die evangelie verkondig, beskryf in 1:15–17 (Bateman, 1998:51) en Paulus se antwoord hierop in 1:18–26.

In die tweede gedeelte is die konflik met die teenstanders van die evangelie (1:27–28; 3:2–3; 3:18–21) aan die orde (Bateman, 1998:51). Die hoofargument waaruit twee ander argumente vloei is 1:27–30 (Davis, 1999:154). Konflik met die teenstanders is egter nie al probleem nie. Die oplossing is om saam te staan teen die teenstanders (1:27), maar eenheid word in die wiele gery deur intragroepskonflik en interpersoonlike konflik (Davis, 1999:156). Hierdie probleem word in 2:1–4 en 2:12–18, weerskante van die himne in 2:5–11, aangespreek. In 2:1–4 is geestelike hoogmoed/selfsug en ydele eer (2:3) die oorsaak en in 2:12–18 is murmuring en teësprak in die gemeente (2:14) die vernaamste oorsaak. Die interpersoonlike konflik word in 4:2 beskryf (vgl. Peterlin, 1995:27).

Omdat die teks nie self spesifiek sê wie hulle is nie, is dit moeilik om die teenstanders nader te tipeer (Bateman, 1998:61).

### 3.3.3 Die verband tussen die gebed om oorstroomende liefde en die res van die brief

Davis (1999:154–155) toon oortuigend aan dat die herhaling van die bidbegrippe εὐχαριστῶ, δεῖξαι en προσεύχομαι (1:3, 4, 9) in 4:6, nie toevallig is nie. Paulus begin die brief met 'n gebed en wanneer hy die tema weer aan die einde hervat, word die hoorders retories daarop voorberei dat die einde van die brief nou aanbreek. So gesien is die gebed in 1:9–11 die belangrikste deel van die raamwerk vir die hele brief.

Die gebed is ook 'n vernames instrument om die eenheid wat Paulus bepleit te bewerkstellig (vgl. Davis, 1999:155 oor eenheid as tema). Met Peterlin (1995:6–8, 227) word saamgestem dat Filippense nie net 'n brief is wat vriendskaplike en 'n aantal ander temas hanteer nie (vgl. Alexander, 1989:99 en Hawthorne, 1983:xlvi, xlviii), maar geskryf is vir die oplossing van bestaande konflik in die gemeente. In die gebed word immers gevra vir 'n toename in oorstroomende liefde in kennis en fyn aanvoeling, omdat die gebrek aan laasgenoemde aanleiding tot die skrywe gegee het. Die verband tussen die liefdestema en die konflik wat in die res van die brief aandag geniet, blyk uit die volgende:

- a) Die tema van liefde word woordeliks in die res van die brief herhaal.
  - In 1:17 tref Paulus 'n vergelyking tussen enersyds mense wat Christus verkondig met valse motiewe (“naywer”) en andersyds diegene wat Christus verkondig uit liefde vir Paulus en ook uit liefde vir Paulus se saak (die verkondiging van die evangelie) (vgl. Ferguson, 1997:22–23).
  - In 2:1, 2 kom liefde as tema weer voor waar daar onenigheid is en word soos in 1:3–11 baie sterk aan die gemeenskap van gelowiges gekoppel.
  - Die aanspreekvorm “geliefde(s)” word ook gebruik (2:12; 4:1).
- b) Ewe belangrik (as die woordelike verband tussen die liefde as tema en die hantering van konflik) is die daadwerklike optrede van Paulus deur sy advies. Hiermee wys hy prakties dat sy liefde reeds toegeneem het in die persoonlike ken van Christus en hom in staat gestel het om te kan onderskei (vgl. δοκιμάζειν [v. 10] en διαφέροντα [v. 10]) waaroor elke saak gaan. Daarom onderskei hy duidelik tussen opponente en hanteer hy hulle verskillend. Op laasgenoemde saak word nou verder uitgebrei.

### 3.3.4 Die hantering van konflik met persoonlike teenstanders wat die verkondiging van die evangelie misbruik om Paulus te benadeel (1:15–26)

#### 3.3.4.1 Die aard van die konflik

Wat Paulus se persoonlike teenstanders gedoen het, word duidelik gesê. Hulle het die evangelie van Christus verkondig (1:16). Die gedagte dat hulle Judaïstiese dwaalleraars was, moet dus afgewys word (vgl. Müller, 1991:53). Die aard van die konflik word in 1:17 verduidelik deur die oogmerk waarmee hulle die evangelie verkondig het, te stel: “Hulle oogmerk is om die *gevangenskap vir my nog swaarder te maak*” (my kursivering).

Die beweegredes (en gevolge) van die opponente se optrede word in 1:15, 16 en 17 beskryf: Φθόνος (afguns/jaloesie, v. 15) verwys volgens Louw en Nida (1996) na 'n gesindheid wat in iemand is as gevolg 'n voordeel/voorsprong wat iemand anders het en na jaloesie (hier op Paulus se persoon en werk) (88.160). Ἐπὶ (twis/om iets teen iemand te hê, v. 15) word deur Louw en Nida (1996) beskryf as “conflict resulting from rivalry and discord” (39.22). Ἐριθεία (selfsug, vyandigheid, v. 17) word deur Louw en Nida (1996) beskryf as “a feeling of hostility or opposition; a feeling of resentfulness based upon jealousy and implying rivalry – selfish ambition, rivalry, resentfulness” (39.7). Laastens beteken οὐχ ἁγνῶς (v. 17) “nie met suiwer bedoelinge/motiewe nie” (Ferguson, 1997:22). Al hierdie begrippe dui op 'n afwesigheid van liefde (ten minste vir Paulus).

Wat hulle presies gedoen het, word nie gesê nie. Hoe kon hulle Paulus persoonlik te na kom deur die evangelie te verkondig? Waarskynlik het Paulus se gevangenskap aan hulle die ideale geleentheid gebied om self die evangelie te verkondig, Paulus in die proses subtiel verdag te probeer maak, te probeer oorskadu en sodoende sy eer vir hulleself in te oes. Henry (1996) sê:

They were secretly pleased when he was laid up in prison, that they might have the better opportunity to steal away the people's affections; and they laid themselves out the more in preaching, that they might gain to themselves the reputation they envied him (vgl. Peterlin, 1995:36–37).

### 3.3.4.2 'n Vergelyking tussen Paulus se reaksie teenoor sy persoonlike teenstanders en die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11

Paulus onderskei twee groepe mense, die wat sy lyding wil vergroot deur die evangelie te verkondig en die wat uit liefde vir hom en Christus die evangelie verkondig (1:15; Bateman, 1998:52).

Die tema van liefde in 1:9 word in die eerste hoofdeel van die brief (vgl. Davis se indeling [3.2.4.2.3]) in 1:17 herhaal met verwysing na diegene wat Paulus goedgesind is. Die liefde wat hier ter sprake is, is liefde vir Christus, wat tegelyk hulle motief is om die evangelie te verkondig. Daarom is hulle Paulus goedgesind en nie jaloers op sy gawes nie:

These men do not begrudge Paul the authority which he exercised by divine appointment, nor the great gifts he had received from God ... They heralded Christ out of love (see on verse 9), a love for Christ, hence also for the gospel and for the man whom they knew to have been *set, destined, or appointed* ... for the defense of the gospel (Hendriksen, 1988:72).

Paulus se reaksie teenoor diegene wat die evangelie verkondig om hom te benadeel, illustreer dat hy die liefde vir Christus waarna Hendriksen hierbo verwys, besit en as sleutel gebruik. Dat Paulus alleen vir Christus in die situasie wil ken (vgl. ἐπιγνώσει in 1:9 met γνώσεως in 3:8, waar Paulus sy fokus op Christus duidelik stel), volg uit sy argumente in 1:18–26. Hy hanteer die motiewe van sy teenstanders om hom te benadeel, deur innerlike konflik hieroor weg te weer. Hy sê: “wat maak dit?” (1:18). “What would happen to Paul was entirely secondary to what testimony would be left for Christ” (Luter, 1996). Hy word wel benadeel, maar God word verheerlik wanneer die evangelie mense verander (vgl. δόξαν en ἔπαινον [v. 11]). Filippense 1:5, 6 vorm dus die agtergrond vir sy reaksie (vgl. 3.2.4.3.2.1). Die gemeenskap aan die evangelie is die eerste saak waarvoor hy God dank (1:5). Verder identifiseer en vertrou hy God se werk in mense (1:6).

Dat Paulus nie omgee dat mense van hom sleg praat of dat mense vals is terwyl hulle preek nie, is onwaar. Die saak waarop dit werklik aankom (vgl. διαφέροντα [v. 10]) is dat sy teenstanders die evangelie suiwer verkondig (1:18). Hiéror kan Paulus hom verbly. Sy blydschap handel nie oor die *hoe* van die prediking nie, maar *dat* Christus verkondig word (Hawthorne, 1983:38).

Paulus se blik op die eskatologie (vgl. εἰλικρινεῖς en ἀπρόσκοποι [v. 10]) kom duidelik na vore in 1:19–23. Die verkondiging van die evangelie (al is dit uit naywer aan die kant van die teenstanders teenoor Paulus), sal uitloop op sy geestelike welsyn. Volgens Faussett (1997b), haal Paulus in 1:19 Job 13:16 ten gunste van homself teenoor sy teenstanders aan: “Ook is dit my tot heil dat 'n goddelose voor sy aangesig nie sal kom nie” (vgl. “my tot heil sal strek” [Fil. 1:19]). Paulus het dus die reikhalssende verwagting en hoop dat hy in niks beskaam sal word nie (1:20). Sy teenstanders sal niks teen hom kan inbring nie. Sy “reikhalssende verwagting en hoop” (1:20) om by Christus (wat oor almal sal oordeel) te wees, dui op sy reinheid. “The Greek expresses, ‘expectation with uplifted head (Lu 21:28) and outstretched neck’” (Faussett, 1997b). Hy verlang om by Christus te wees, want dit is “verreweg die beste” (1:23).

### **3.3.5 Die hantering van konflik met teenstanders van die evangelie en tussen gemeentelede wat verdeeld is (1:27–4:9)**

#### **3.3.5.1 Die aard van die konflik**

Wie is die teenstanders van 1:28? Verse 3:1a en 3:1b is dikwels gesien as een van die “notorious breaks” in die brief wat sou aandui dat die brief nie 'n eenheid is nie (Pretorius, 1998:554; vgl. Osiek, 2000:80; Holmstrand, 1997:89). In sy bespreking van Wick, toon Pretorius (1998:554) egter oortuigend aan dat die sogenaamde breuk tussen 3:1a en 3:1b presies geposisioneer is by die draaipunt tussen twee groot parallelle seksies in die brief en sodoende besondere klem aan χαίρετε (“verbly julle!” [3:1a]) verleen. Ook 3:1b is 'n belangrike struktuurmerker. Pretorius (1998:555) toon aan dat Paulus met 3:1b weer begin om dieselfde voorafgaande vyf temas te beklemtoon. Dit is duidelik uit sy woorde: “dit is vir my nie lastig om *dieselfde dinge* aan julle te skrywe nie” (my kursivering). So gesien is 3:1a en 3:1b dus die draaipunt tussen twee pare parallelle diskoerse van vyf elk (vgl. ook Davis, 1999:155).

In 1:28 (saamgelees met 1:27) verwys Paulus na teenstanders (ἀντικειμένων) van die evangelie en van die gelowiges in Filippi. Die woord teenstanders is afgelei van die werkwoord ἀντίκειμαι (Robertson, 1998 [Philip. 1:28]). Volgens Louw en Nida (1996 [39.1]) beteken ἀντίκειμαι nie slegs die psigologiese gesindheid van vyandigheid teenoor iemand anders nie, maar ook die gepaardgaande optrede.

Pretorius (en Davis) se bostaande uiteensetting dui waarskynlik daarop dat dieselfde teenstanders van 1:28 weer in 3:2 aan die orde kom. Tog sê die teks self nie wie hierdie teenstanders was nie. Tellbe (1994:97–121) het die sosiale faktore in Filippi ontleed en is van mening dat die hoofopponente van die gemeente, heidense Romeinse burgers was wat lojaal was aan die kultiese gebruike in die stad. Hulle is die teenstanders in 1:27. Judaïstiese dwaalleraars het hierdie situasie probeer uitbuit en wou met die tipies Judaïstiese gebruike soos die besnydenis (vgl. 3:2–3), die gemeente help om hulle eie identiteit teen Rome te vorm (Tellbe, 1994:120). Blykbaar het hulle reeds begin veld wen (met die afdwing van die besnydenis; vgl. 3:2 “versnyding”), want Paulus verwys na gemeentelide in 3:15 wat blykbaar anders as hy oor die saak gedink het (vgl. Tellbe, 1994:100–101). Versnyding, of verminking (κατατομήν [3:2]) beteken geestelike mutilasie of verminking deur dwaalleer en staan teenoor die ware besnydenis waarna Paulus in 3:3 verwys. “Want óns is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie” (vgl. Louw & Nida, 1996 [19.22]). In 3:17 vra Paulus die Filippense om sý navolgers te wees en nie dié van die dwaalleraars nie (vgl. 3:19).

Volgens Peterlin (1994:208) is daar ook mense met ’n perfeksionistiese streep (“perfectionist streak”) in die gemeente, mense wat lyding nie met hulle Christenskap kan of wil versoen nie (vgl. 4:11–13). Capper (1993:193–214) fokus op ’n aantal kommersiële terme in die brief en meen dat ’n groot oorsaak vir die konflik gesoek moet word in Paulus se onvermoë om die gemeente met sy preke te dien, nadat hulle reeds vergoeding bewillig en hy dit ontvang het. Capper se standpunt is egter in die lig van Paulus se siening oor vergoeding vir prediking baie onwaarskynlik (vgl. Punt, 2000:351–371 oor arbeid en vergoeding by Paulus).

Die Judaïstiese dwaalleraars was nie uitsluitlik etniese Jode nie, maar eerder ’n gemengde groep (Bateman, 1998:60). Waarskynlik was hulle aktief in die midde van die gemeente en is as Christene eerder as Jode gesien (Osiek, 2000:80, *contra* Hawthorne, 1983:124 en Braune, 1980:29).

Die presiese identiteit van die teenstanders word hier nie verder beredeneer nie. Die kernverskil met die teenstanders in 1:15 is dat hulle vyande van die kruis was (3:18) eerder as Paulus se persoonlike vyande. Verder het hulle direk of indirek onenigheid in die midde van die gemeente veroorsaak.

In die gemeente self was daar eersugtiges en klasugtiges. Sake soos die finansiële aspekte in die brief (vgl. Capper, 1993:193) en perfeksionisme (vgl. Perterlin, 1994:208), kan ook aan die eersugtiges en klasugtiges gekoppel word. Die subtema van eersug en klasug, handel oor konflikhantering in die gemeente en is direk gekoppel aan 1:27–30. Ten slotte word twee vroue wat nie eensgesind was nie, vermeld (4:2).

### **3.3.5.2 'n Vergelyking tussen die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11 en Paulus se reaksie teenoor die dwaalleraars en die wat onder hulle invloed is**

#### **3.3.5.2.1 Konflik met die teenstanders moet hanteer word deur onderlinge liefde en eenheid met Christus en die evangelie**

Die Filippense moet hulle “waardig gedra die evangelie van Christus” (1:27a), 'n sigbare saak wat Paulus sal sien as hy kom, of waarvan hy sal hoor as hy nie daar is nie (1:27b). Wat sigbaar en hoorbaar moet word, is dat hulle 'n eenheidsfront (Hawthorne, 1983:62) vir Christus en die evangelie vorm. Müller (1991:74) noem eenheid “the binding power of the Christian faith”.

Soos in die eerste buiterand van die konsentriese struktuur, word nou ook in die eerste deel van die eerste imperatiewe diskoers, by die liefdestema van 1:9–11 aangesluit (vgl. 2:2). Die aansporing van 1:27 word in 2:1 voortgesit (Faussett, 1997b). Nog sterker as in 1:17 word in 2:1 die liefde vir Christus deur 'n opeenstapeling van begrippe, aan die gemeenskap van die gelowiges gekoppel: “Troos in Christus”, “vertroosting van die liefde” (ἀγάπης), “gemeenskap van die Gees”, “innige tederheid (σπλάγχνα soos by 1:8 [3.2.4.3.3.3]) en ontferming” is begrippe wat 'n intiem-persoonlike band met Christus en mekaar aandui (vgl. ἐπιγνώσει [Fil. 1:9]; 3.2.4.3.2.1; 3.2.4.3.3.4; Mark. 12:29–31).

Ten diepste spreek Paulus hier die onderliggende ingesteldheid van die Filippense aan. Hy spoor hulle aan tot eenheid, maar weet ook wat die voorvereiste vir die eenheid is. Foulkes (1994) sê:

If we know the blessing of his *love*, we should show that to others without reserve or discrimination ...  
The apostle knew well that thought and attitudes are the basis of speech and action and so direct the whole course of a person's life (*cf.* 2:5; 3:15; 4:8).



Die liefde sal dus lei tot 'n eenheid wat sigbaar en hoorbaar is (1:27; vgl. αἰσθήσει [1:10]).

Die eenheid van die Christene sal vir die teenstanders 'n teken van hulle eie ondergang word (1:28; vgl. αἰσθήσει [1:10] as die uiterlik waarneembare kant van die kennis).

In die tweede imperatiewe deel of tweede herinnering (3:1–4:9) wys Paulus vir die Filippense hoe waardevol die ware kennis (vgl. ἐπιγνώσει [1:9]) van Jesus is: “Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis (γνώσεως) van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry” (3:8). Vergelyk ook 3:10–11: “sodat ek Hom kan ken (γινῶναι) en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik”:

... the apostle further aims at a more intimate and personal knowledge and experience of Christ by reason of his union with Him in faith. By γινῶναι (infinitive of purpose) not only intellectual knowledge is meant, but personal contact of life (Müller, 1991:115).

Ook hier is die eskatologie in Paulus se gedagte. Paulus het die eindproduk van die oorfloedige liefde in gedagte in 3:9: “(om) ... in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid (δικαιοσύνην) wat nie uit die wet is nie, maar met die wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof” (vgl. εἰς ἡμέραν Χριστοῦ [1:10]).

Die teenstanders sal die teëbeeld vorm van Paulus en die Filippense: “Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge” (3:19; vgl. “verderf” in 1:28).

Dit is opvallend dat sentraal in elkeen van die twee groot imperatiewe diskoerse (2:1–18 en 3:1–4:9) wat uit die belangrikste retoriese aandrang (1:27–30) volg, Christus in die middelpunt geplaas word (vgl. 1:21, 23; 3:7–11). Die implikasie van laasgenoemde is dat ware liefde ten diepste die gesindheid van Christus self is (vgl. 2:5). In die eerste imperatiewe diskoers (2:1–18) verskyn die himne oor Christus se selfopofferende liefde (2:6–11). Die etiese implikasie van die himne is dat Christus se nederige gehoorsaamheid ten alle koste nagevolg moet word (Floor & Viljoen, 2002:101). In 3:1–4:9 word Christus weer sentraal gestel (3:7–11). Die verrassing is dat Paulus in 3:7–11 nou sy eie gesindheid beskryf en die gemeentelike vra om

dieselfde gesindheid as hy te hê (3:15–17; vgl. 2:5). Paulus is so een met Christus dat hy die gemeente kan vra om sy navolgers te word (3:17). In Christus kan hulle almal een wees (3:16).

#### **3.3.5.2.2 Die liefdeseenheid bring onderskeidingsvermoë ten opsigte van die teenstanders**

Paulus roep die Filippense op om self duidelik raak te sien wat die teenstanders besig is om te doen (vgl. δοκιμάζειν en διαφέροντα [1:10]). Drie maal in 3:2 gebruik Paulus die imperatief βλέπετε, wat hier beteken om te oorweeg, om deeglik van kennis te neem, om jou les te leer (Hawthorne, 1983:124–125). Hierin is Paulus 'n voorbeeld vir die gemeente (vgl. 3:17). Self onderskei en toets hy waarmee die dwaalleraars werklik besig is.

Die dwaalleraars is nie in die eerste plek besig met 'n persoonlike aanval op Paulus of die Filippense nie, maar hulle is gemeenskaplike teenstanders van die evangelie (vgl. 1:27, 30). Binne laasgenoemde konteks noem Paulus hulle “honde”. Oor die term “honde” sê Rienecker en Rogers (1980:556):

The Jews considered dogs to be the most despised and miserable of all creatures and used this to describe the Gentiles. Perhaps it was because of the herds of dogs which prowled about eastern cities, without a home and owner, feeding on the refuse and filth of the streets, quarrelling among themselves and attacking the passerby, that the Jews used this designation ... Paul uses the term here of those who prowl around the Christian congregations, seeking to win converts.

Die uitdrukking van Paulus is dus volgens Rienecker en Rogers teologies gelaai en handel oor die onderskeid tussen Jode en nie-Jode. Die Filippense (nie-Jode) sou deur die Judaïste as “honde” gebrandmerk gewees het en sou alleen van status kon verander as hulle Jode word en die Joodse rituele (soos die besnydenis) nakom. Paulus waarsku nou die Filippense dat nie hulle nie, maar die Judaïste die “honde” is en dat hulle (Filippense) moet oppas (vgl. 3:2) dat hulle nie die prooi word nie. “Honde” is in die beeld wat hier gebruik word “buite die stad” dit wil sê buite die gemeente, in die sin dat hulle buite Christus is. “Honde” sou Jode, skyngeelwiges binne die gemeente en vyandiggesinde Romeinse burgers kon beskryf (vgl. 3.3.5.1). Paulus noem hulle “slegte arbeiders”, nie omdat hulle lui is nie, maar omdat hulle werksaamheid teen Christus gemik is.

Die vraag of Paulus deur hierdie woordgebruik persoonlik beledigend teenoor die teenstanders en hulle volgelinge optree, moet ontkenkend geantwoord word om die volgende redes:

- Die stryd is nie teen Paulus persoonlik nie, maar teen die evangelie. Hy noem die teenstanders “vyande van die kruis” (3:18).
- Die konteks waarin Paulus skryf en die betekenis wat die term “hond” destyds in daardie konteks gehad het (vgl. Rienecker & Rogers hierbo), dui eerder op ’n teologiese inhoud. Die term “honde” beskryf beeldend die aktiwiteite van die aanhangers van Judaïsme wat rondloop as wrede “vyande van die kruis” (3:18). In Galasiërs 5:15 gebruik Paulus dieselfde beeldende taal ten opsigte van Christene wat met mekaar veg: “Maar as julle mekaar *byt en opeet*, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie” (my kursivering). Paulus wys ook op die verskriklike einde van dwaalleraars in taal wat aansluit by die beeld wat hy gebruik (Fil. 3:19; vgl. 1:28).
- “Honde” word epeksegeties verbind aan “slegte arbeider” en “versnyding”. Hulle is honde, nie omdat Paulus hulle wil beledig nie, maar omdat hulle met slegte werk buite die koninkryk besig is. Hierdie slegte werk bestaan uit die mutilasie of geestelike verminking van ander mense, deur doelbewus as vyande van die kruis op te tree.
- Paulus sê vir die Filippense dat hy met hartseer (en nie woede nie) nadink oor hierdie vyande van die kruis: “Want baie – van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook *onder trane sê* – wandel as *vyande van die kruis van Christus* (3:18, my kursivering).
- Paulus se reaksie is nie beledigend nie, maar een van geduld en vertroue op God. In 3:15 sê hy: “Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle *anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar*” (my kursivering). Hierdie antwoord van Paulus vorm deel van sy bespreking oor die dwaalleraars in hoofstuk drie. Waarskynlik verwys hy hier na Christene wat reeds die prooi van dwaalleraars geword het. Paulus vertrou dat God self sal uitwys wie nie die regte gesindheid het nie (vgl. 1:6).
- In Siëning dat Paulus beledigend optree strook nie met gegewens uit die res van die Skrif nie. In Romeine 9:2 skryf Paulus vir ander nie-Jode (Romeine) van sy “droefheid en smart” oor sy eie volksgenote (vgl. Fil. 3:18). Ook Paulus se liefde teenoor nie-Jode, as medegelowiges, is duidelik beskryf in vele Skrifgedeeltes (vgl. Ef. 2:8–12).

### 3.3.5.3 'n Vergelyking tussen die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11 en Paulus se reaksie teenoor Christene in die gemeente wat die eenheid bedreig

In die kategorie van Christene wat die eenheid bedreig val eersugtiges, klasugtiges (intragroepskonflik) en twee vroue wat nie eensgesind is nie (interpersoonlike konflik). Eersgenoemde twee partye kom in die eerste imperatiewe deel (2:1–18) aan die orde en die vroue in die tweede deel (3:1–4:9).

Paulus is in staat om die kernprobleem agter die gebrek aan eensgesindheid te identifiseer: sommige gemeenteliede is besig om in selfsug (ἐριθείαν [2:3; vgl. 1:17]) en ydele eer (κενοδοξίαν, letterlik “leë eer”, Robertson, 1998 [Philip. 2:3]) op te tree (2:3). Alhoewel dieselfde woord gebruik word as in 1:17, sê die teks nie dat hulle Paulus wou benadeel nie, maar soos die teenstanders in 1:15–17 het hulle op hulle eie eer gefokus en daarom die eenheid geskaad. “Unity is impossible if each is out for himself” (Hawthorne, 1983:68). Filippi was 'n stad met belangrike status ('n klein Rome – vgl. 3.2.4.1), derhalwe was trotsheid en grootheidswaan 'n versoeking (vgl. Tellbe, 1994:108).

Deur 2:2, 3 word Paulus se vermaning tot “dieselfde liefde” (αὐτὴν ἀγάπην) en om “een van siel” (σύμψυχοι) en “een van sin” (τὸ ἐν φρονούντες) te wees, spesifiek aan die eersugtiges gerig. “In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself” (2:3b).

Uit Davis (3.2.4.2.3) se strukturele uiteensetting volg dat die himne wat Christus se nederige gesindheid besing, sentraal gestel word as antwoord aan die eersugtiges. Die verband tussen die himne (2:6–11) en die begrippe in die gebed in 1:9–11, word in hakies aangetoon:

- Christus se liefde (vgl. ἀγάπη [1:9]) kom na vore in sy selfontlediging ter wille van sondaars (vgl. Joh. 3:16).
- Christus se liefde is volmaak oorvloedig (let op die trapsgewyse vernedering tot die kruisdood).
- Op die “dag van Christus” (vgl. εἰς ἡμέραν Χριστοῦ, 1:10) sal elke knie voor Hom buig en elke tong bely dat Jesus die Here is. Vir almal sal dit dus duidelik wees dat hy rein is en sonder aanstoot (vgl. ἐλικρινεῖς en ἀπρόσκοποι [1:10]). Niemand sal Hom kan blameer vir onregverdigde veroordeling nie, Hy self sal die maatstaf vir die oordeel wees en

sal self oordeel. Hier word Jesus as κύριος (2:11) direk teenoor die Romeinse heersers as die enigste ware Koning gestel (Tellbe, 1994:112–113).

- Sy verhoging is tot heerlikheid van God die Vader (δόξαν θεοῦ πατρός [2:11]). Diegene wat vervul is met die vrug van Jesus se geregtigheid sal ook die Vader verheerlik (vgl. δόξαν en ἔπαινον [1:11]).

Die selfopofferende liefde van Christus is dus die model vir die oorstroomende liefde van die Filippense waarvoor Paulus bid. Die gemeentelede moet dieselfde gesindheid hê as Christus (2:5) (Lightner, 1985). Die Filippense moet daarom kies vir of die heerlikheid van God in Christus of vir "leë eer" (2:3). Soos Christus moet hulle ander hoër ag as hulleself, in plaas van om hulleself te eer (2:3) en hulle moet na ander se belange omsien (2:4).

Volgens Davis se indeling is die klasugtiges aan die regterkant van die himne. In 2:14 word berig van gelowiges wat met murmuring (γογγυσμῶν) en teësprak (διαλογισμῶν) opereer. Γογγύζω; γογγυσμός is 'n voorbeeld van klanknabootsing, soos "mur-mur-er" en "mutter" of "murmer" (vgl. "gong"; Vine, 1996 [murmur, gonguzo]). Dit beteken om jou misnoë te kenne te gee deur veral onderlangs/in lae toon te brom (Louw & Nida, 1996 [33.382]). Teësprak (διαλογισμός; vgl. "dialoog") word deur Louw en Nida (1996) in die semantiese subdomein van "argumenteer en twis" geplaas. Dit beteken om deeglik te redeneer (30.10), om oor 'n saak te twyfel of as onwaar te bevraagteken (31.37), om 'n dispuut of argument oor 'n saak te hê (33.446). Die woord het dus 'n innerlike komponent van kritiese en skeptiese bevraagtekening en 'n uiterlike betekenis van 'n daadwerklike argument of sigbare kritiek (Rienecker & Rogers, 1980:552). Hiermee is die verband tussen γογγυσμῶν en διαλογισμῶν meteens ook duidelik: innerlike konflik ontstaan uit 'n kritiese en skeptiese bevraagtekening en word hoorbaar in 'n gebrom. Die onderlinge gebrom versteur die eenheid in die gemeente en word soms sigbaar in openlike argumente.

Ook hierdie optrede en gesindheid bedreig die eenheid en saam met die eersug word die wat kla opgeroep om hulle eie heil in die lig van die kruis uit te werk (2:12), want God werk in hulle om meer soos Christus te word (2:9–11; vgl. Hawthorne, 1983:101). Hulle is reeds geliefdes (2:12). Die doel en gevolge van 'n lewe in Christus word in 2:15–16 aangedui en het raakvlakke met die gebed in 1:9–11:

- "...sodat julle *onberispelik* en *opreg* kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld (vgl. εἰλικρινεῖς en ἀπρόσκοποι [1:10]),
- deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem (vgl. Paulus wat εἰλικρινεῖς en ἀπρόσκοποι [1:10] bevind sal word),
- teen die dag van Christus, (vgl. εἰς ἡμέραν Χριστοῦ [1:10]) dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie" (2:15–16, my kursivering).

Paulus vermaan die twee vroue wat interpersoonlike konflik beleef om eensgesind (vgl. 2:1–4) te wees. Hy maak met hierdie brief aan die vroue en die gemeente bekend dat hy vir Epafroditus (vgl. 2:25) stuur om die vroue te help met hulle konflik. Hy sê vir Epafroditus en die hele gemeente hoe hy die vroue se werk beoordeel en wat hy van die vroue self dink (hulle het "saamgestry vir die evangelie" (vgl. deelgenote in 1:7) en hulle name staan in "die boek van die lewe" (vgl. εἰς ἡμέραν Χριστοῦ, [1:10]) . Soos wat Paulus die eersugtiges en klasugtiges met die himne in 2:6–11 aan die gesindheid van Christus (2:5) verbind, bind hy hierdie twee vroue aan homself as medestryders van die evangelie (4:3; vgl. die laaste par. by 3.3.5.2.1).

#### **3.3.5.4 Die afsluiting van die brief: die Filippense kan self konflik hanteer**

Die advies aan die vroue en die belofte van hulp wat op pad is, word opgevolg deur 4:4–9 as afsonderlike diskoers (vgl. die blydskapsmotief as struktuurmerker). Vers 4–9 dien as slotopmerkings van die laaste groot imperatiefgedeelte (kyk Davis se struktuurontleding [3.2.4.2.3]). Die tema van gebed word herhaal (4:6) as 'n retoriese aanmaning dat die einde van die brief nou in sig is. Die Filippense word ook nou deur hulle voorbidder aanbeveel om self te bid (4:6). Die uiteensetting in 4:4–9 kan gesien word as 'n visuele beskrywing van die lewe van iemand wat oorstroomend liefhet, kennis en fyn aanvoeling het en die dinge onderskei waarop dit aankom (vgl. 1:9–11). Die Filippense kán die inhoud van Paulus se gebed uitvoer (vgl. 2:12). Omdat die impak van Christus se liefde duidelik in Paulus se lewe gesien kan word, kan hy die Filippense in 4:9 nogmaals aanspoor om hom na te volg (vgl. 3:15–17). So baan hy die weg vir die voltooiing van sy selfportret (4:11–13) in die slotraamwerk van die konsentriese struktuur.

### 3.3.6 Gevolgtrekkings

- 3.3.6.1 Kohesie tussen die gebed in 1:9–11 en die liefdesbegrippe in 1:3–8 is duidelik uit die konsentriese struktuur wat deur die herhaling van die bidbegrippe (in 1:3, 4, 9 en 4:6) gemerk word, die herhaling van die liefdesterne verderaan in die brief en ook deur die praktiese toepassing van die betekeniselemente van die gebed in Paulus se hantering van konflik (3.3.3).
- 3.3.6.2 Konflikhantering kom voor in elkeen van die buitelyne ("outer boundaries" [Davis, 1999:154]) van die konsentriese struktuur (1:3–26 en 4:10–20) en in die retoriese argument/voorstel van die brief (1:27–4:9) (3.3.2).
- 3.3.6.3 Voorbeelde van interpersoonlike en intragroepskonflik kan geïdentifiseer word (3.3.2).

Uit 3.3.4.1 en 3.3.4.2 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- 3.3.6.4 Die teenstanders was afgunstig op Paulus en het waarskynlik hulle eie evangelieverkondiging gebruik om Paulus in 'n swak lig te stel deur hulleself as voortrefliker as Paulus voor te stel.
- 3.3.6.5 Die begrippe wat gebruik word om die teenstanders te beskryf dui op 'n gebrek aan liefde aan hulle kant, ten minste vir Paulus.
- 3.3.6.6 Paulus is in staat om die teenstanders se sonde te kan onderskei. Hulle is afgunstig op hom, maar verkondig wel die evangelie van Christus (vgl. δοκιμάζειν [1:10]; 1:18).
- 3.3.6.7 Paulus sien nie net die teenstanders raak nie, maar ook diegene wat die evangelie uit liefde vir Christus verkondig en daarom ook liefde vir Paulus besit (1:17).
- 3.3.6.8 Paulus se verhouding met Christus (vgl. ἐπιγνώσει [1:9]) bepaal hoe hy die konflik met die teenstanders hanteer. Omdat Christus se evangelie bevorder word, maak die teenstand nie vir hom saak nie, selfs al word hy persoonlik benadeel.
- 3.3.6.9 Dit is nie 'n korrekte afleiding uit die teks dat Paulus bly is oor die persoonlike benadeling nie. Hy is wel bly dat Christus verkondig word.
- 3.3.6.10 Paulus se blik op die eskatologiese dag van oordeel, help hom om sy eie heil en vrypraak raak te sien en die konflik te hanteer. God sal hom vryspreek van enige kritiek en die teenstanders oordeel (vgl. 1:19).

Uit 3.3.5.1 en 3.3.5.2 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- 3.3.6.11 Die presiese identiteit van die teenstanders is onseker.
- 3.3.6.12 In plaas van liefde het die teenstanders 'n gesindheid van vyandigheid teenoor die evangelie en daarom ook teenoor Paulus en ander Christene.
- 3.3.6.13 Tekens van die invloed van Judaïstiese dwaalleer is by die teenstanders aanwysbaar.
- 3.3.6.14 Die teenstanders was aktief in die midde van die gemeente.
- 3.3.6.15 Die gemeentelide self was ook verdeeld (intragroeps- en interpersoonlike konflik).
- 3.3.6.16 In beide imperatiewe diskoerse word die gemeente tot eenheid gemaak en die liefdestema word herhaal (2:1,2; 3:16).
- 3.3.6.17 Die eenheid beteken ook 'n eenheid in liefde, wat beide 'n gesindheid en optrede veronderstel. Die begrip *σπλάγχνα* (1:8) word herhaal (2:1) as gesindheid wat die gemeentelide vir mekaar moet hê.
- 3.3.6.18 Soos in die openingsgebed (1:9–11) speel die eskatologie in beide imperatiewe diskoerse 'n beduidende rol in Paulus se denke en advies (1:11; 2:11, 16; 3:9, 20–21).
- 3.3.6.19 Soos reeds blyk uit die bede om kennis in die openingsgebed (1:9) word elke optrede en advies gemeet aan die persoonlike kennis van en identifikasie met Christus. Die gemeente moet Christus so goed ken dat hulle dieselfde gesindheid as Christus het (2:5; vgl. die himne in 2:6–11). Die saak word herhaal in die tweede imperatiewe diskoers deurdat Paulus sy eie gesindheid as navolgenswaardig voorhou (3:17) omdat hy Jesus ken (3:8). Uit laasgenoemde blyk die eksistensiële impak van Jesus se liefde op Paulus.
- 3.3.6.20 Om Christus te ken, veroorsaak ook onderskeidingsvermoë om die teenstanders korrek te kan beoordeel.

Uit 3.3.5.3 – 3.3.5.4 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- 3.3.6.21 Selfsug en eersug is leë/niksseggende roem.
- 3.3.6.22 Innerlike konflik ontstaan uit 'n kritiese en skeptiese bevraagtekening en word hoorbaar in 'n gebrom. Die onderlinge gebrom versteur die eenheid in die gemeente en word soms sigbaar in openlike argumente.



- 3.3.6.23 Die nederige gesindheid van Christus is die oplossing waarmee eersug en klasug hanteer moet word (daarom moet Hy geken word; vgl. ἐπιγνώσει [1:9]).
- 3.3.6.24 Die himne in 2:6–11 toon ooreenkomste met die betekeniselemente van die gebed in 1:9–11. Die selfopofferende liefde van Christus is dus die model vir die oorvloedige liefde van die Filippense waarvoor Paulus bid.
- 3.3.6.25 Die slotopmerkings in 4:4–9 moedig die Filippense aan om self tot God te nader in gebed, die oorvloedige liefde van Christus self te beleef en Paulus se voorbeeld na te volg.
- 3.3.6.26 Finale gevolgtrekking: die begrippe wat in die gebed voorkom, figureer inhoudelik in Paulus se advies vir die hantering van verskillende konfliktsituasies en illustreer die werklike impak van Christus se liefde op Paulus. Wat Paulus vir die Filippense bid, doen hy reeds self in sy advies.

### **3.4 Afdeling drie: 'n Kursoriese vergelyking tussen die bede vir toename in oorvloedige liefde en ander Skrifgedeeltes**

#### **3.4.1 Inleidend**

Hierbo is reeds aangetoon dat die groot gebod deur Jesus self gegee is en kort voor die kruisiging beklemtoon is (vgl. Joh. 15:9, 12, 17 en 17:26). Die gebod is "gebore" uit 'n konfliktsituasie met die kerkleiers. Jesus het gesê dat die Heilige Gees die kerk verder in die "hele waarheid" sou lei (Joh. 16:13). Die gemeente kan dus verwag dat die Heilige Gees ook hierdie belangrike gebod op verskeie maniere deur verdere openbaring in die Skrif sou bevestig. Dat die gebod om liefde 'n sleutel was in die Filippensebrief is reeds aangetoon. In hoofstuk twee is ook aangetoon dat die liefde in 1 Korintiërs as sleutel figureer om konflik te hanteer (1 Korintiërs 13; vgl. 2.3.5.4.2.3). Die progressiewe openbaring van die groot gebod in ander briewe word vervolgens kursories aangetoon.

#### **3.4.2 Die groot gebod as sleutel in 1 en 2 Petrus**

##### **3.4.2.1 Die konflik waarna 1 en 2 Petrus verwys**

In 1 Petrus verkeer Christene veral in innerlike konflik omdat hulle lyding moes verduur. Hierdie lyding het verskillende vorme aangeneem soos kwaadpraterij teen Christene (2:12, 15; 4:4, 14)

en Christenvroue wat vanweë hulle Christenskap konflik in die huwelik beleef het (3:1–2). Die lyding het dikwels gevolg ten spyte van goeie werke deur Christene, maar soms ook omdat Christene gesondig het (vgl. 2:16; 4:15). Daar was byvoorbeeld konflik omdat Christene kwaad met kwaad vergeld het (vgl. 3:9). Verder was daar in die gemeente 'n gebrek aan eensgesindheid (3:8), 'n gebrek aan gasvryheid en 'n gekla (4:9). Daar was oënskynlik ook konflik met ouderlinge wat baasgespeel het (5:2–3) en jongmense wat nie onderdanig was aan ouer mense nie (5:5).

In 2 Petrus is daar veral konflik met dwaalleraars (vgl. 2:1 e.v.).

#### 3.4.2.2 Liefde as sleutel in 1 en 2 Petrus

In 1 Petrus word die aandag in die besonder gevestig op God se liefde wat in sy ewige verkiesing en openbaring en die wedergeboorte deur die Gees na vore kom (vgl. 1:3, ἀναγεννήσας [van ἀναγεννάω, om weer gebore te word; vgl. Louw & Nida, 1996 [13.55]). Die liefdesgebod word besonder sterk gestel in 1:22–23 en aan laasgenoemde wedergeboorte gekoppel: “Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers *ongeveerins lief te hê*, moet julle mekaar dan ook *van harte en vurig liefhê*. Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God” (my kursivering).

Ook buite die gemeente moet die liefde na vore kom in respek vir ander (1 Pet 2:17).

Teen die einde van die brief word die liefde (soos in 1 Korintiërs 13) uitgesonder as dié belangrike saak waarin al die praktiese voorskrifte begrond word: “Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid. *Bo alles* moet julle mekaar *hartlik liefhê*, want die liefde bedek baie sondes. Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla” (4:7–9, my kursivering).

In 2 Petrus 1:5–7 word die eienskappe wat ware geloof kenmerk trapsgewys genoem. Die liefdesgebod (liefde tot God en naaste) vorm die hoogtepunt en word ook soos in Filippense 1:9 verbind aan die ken van Jesus Christus en die noodsaaklikheid van toename in die deugde wat gelys word (vgl. “meer en meer toeneem” in Fil. 1:9): “En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te *verryk* met deugsaamheid, die deugsaamheid met

kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met *liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense*. As julle dit alles besit en dit *neem steeds toe*, sal julle met ywer en met vrug *ons Here Jesus Christus beter leer ken*. Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is" (1:5 – 9 [Bybel, 1990], my kursivering; vgl. ook 1 Pet. 3:18).

In beide briewe is die term "geliefde(s)" die gekose aanspreekvorm vir die gemeentede (en vir Paulus) (vgl. 1 Pet. 2:11; 2 Pet 3:14, 15, 17).

### **3.4.3 Die groot gebod as sleutel in 1 Johannes**

#### **3.4.3.1 Die konflik waarna 1 Johannes verwys**

Die konflik waarna 1 Johannes verwys is primêr konflik tussen die hoorders (Christene) en dwaalleraars wat ontken dat Jesus waarlik die Christus is wat mens geword het (4:2–3). Daar was ook Christene wat nie God se gebooie gehoorsaam het nie en dubbele lewens probeer lei het (1:6; 2:4). Hulle het die verleidelikhede van die wêreld begeer, soos byvoorbeeld die gesteldheid op besit (2:16). Blykbaar was daar ook liefdeloosheid en selfs haat tussen medechristene (2:9; 3:12,15; 4:19–21). Daar was ook konflik tussen rykes en armes, soveel so dat Johannes verwys na mense wat geen gevoel vir die armes gehad het nie (3:17).

#### **3.4.3.2 Liefde as sleutel in 1 Johannes**

Liefde as sleutel is 'n uitstaande kenmerk in Johannes se geskrifte. Soos Paulus in Filippense 1:9 bring hy ook die "ken" van Christus pertinent in spel. Vir Johannes is die liefde ook 'n praktiese saak wat in daade na vore moet kom (vgl. ἀισθήσει in Fil. 1:9). Ook die elemente van duidelike onderskeiding (vgl. δοκιμάζειν en διαφέροντα in Fil. 1:10) kom na vore, weliswaar in die negatiewe sin van die woord: wie nie liefhet nie, kan nie onderskei nie, die waarheid is nie in hom nie en hy is blind. Johannes beskou die liefde as die groot gebod wat Jesus gegee het. Die gebod is nuut, maar in die sin van vernuwing van liefde wat lankal reeds God se vereiste was: "As ons die gebooie van God gehoorsaam, *weet* ons daaraan dat ons Hom *ken*. Iemand wat sê: "Ek *ken* Hom", maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie. Wie sy woord egter gehoorsaam – *in hom* het die *liefde van*

God werklik sy doel *volkome* bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het. Geliefdes, dit is *nie 'n nuwe gebod* wat ek aan julle voorskrywe nie, maar *'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het*. Die *ou gebod* is die boodskap wat julle gehoor het. Tog is dit ook 'n *nuwe* (καλὴν – JP) *gebod* wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle, want die duisternis is aan die verbygaan en die ware lig skyn alreeds. As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, *is hy nog steeds in die duisternis*. *Wie sy broer liefhet, bly in die lig en daar is niks wat hom laat struikel nie*. Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis en *weet nie* waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom *blind* gemaak het" (2:3 – 11 [Bybel, 1990], my kursivering).

Die antichriste of dwaalleraars word ook deur die groot gebod aan die kaak gestel. Hulle is die mense wat Jesus nie ken nie (2:22–23; vgl. ἐπίγινώσκει [Fil. 1:9]).

Soos in Filippense 1:10 word liefde ook met die oordeelsdag in verband gebring: "En nou, *liewe* kinders, julle moet in Hom bly, sodat ons almal *niks te vrees sal hê* wanneer Hy kom nie en by sy *wederkoms* nie beskaamd voor Hom sal staan nie. Aangesien julle weet dat Hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat regverdig lewe, 'n kind van God is. *Kyk watter groot liefde* die Vader aan ons bewys het. Hy noem ons kinders van God en ons is dit ook. En die wêreld *ken* ons nie, omdat dit *Hom nie ken nie* (2:28–3:1 [Bybel, 1990], my kursivering).

Liefde tot God en tot die naaste kom treffend na vore in 4:7 – 5:5. In laasgenoemde verse word die verband tussen liefde en geloof/ken van God (vgl. ἐπίγινώσκει [Fil. 1:9]) belig: "Geliefdes, ons *moet mekaar liefhê*, want *liefde kom van God* en elkeen wat *liefhet*, is 'n kind van God en *ken* (γινώσκει – JP) *God*. Wie *nie liefhet nie*, *het geen kennis* (οὐκ ἔγνω – JP) *van God nie*, want *God is liefde*. *Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar*: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes* (vgl. die verklaring van ἀγάπη by 3.2.4.3.4.3.2). Geliefdes, as *dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het*, behoort ons *mekaar ook lief te hê*. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons *mekaar liefhet*, bly *God in ons* en het sy *liefde in ons* sy *doel volkome bereik* (vgl. "meer en meer oorvloedig" – Fil. 1:9). Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. En ons het gesien en is getuie daarvan dat die

Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. En ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag (vgl. “dag van Christus” [Fil. 1:11]) nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. **EN HIERDIE GEBOD HET ONS VAN HOM GEKRY: WIE VIR GOD LIEFHET, MOET OOK SY BROER LIEFHÊ.** Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is ’n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is. Hiêraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam (vgl. die skoonheid/estetika van die liefde, ἀισθήσει [Fil. 1:9]). Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?” (Bybel, 1990, my kursivering).

### 3.4.4 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings word uit 3.4.2 en 3.4.3 gemaak:

- 3.4.4.1 Die groot gebod as sleutel om konflik te hanteer word deur die Gees gegee, nie net aan Paulus in die Filippensebrief nie, maar ook aan Petrus en Johannes, soos duidelik blyk uit hulle briewe.
- 3.4.4.2 Petrus en Johannes se hantering van die liefde as sleutel, toon groot ooreenstemming met die betekenselemente van die gebed in Filippense 1:9-11 (veral die “kennis”-element).
- 3.4.4.3 Die liefde as sleutel figureer ook in hierdie briewe op die terrein van konflikhantering.

### 3.5 Finale gevolgtrekkings

- 3.5.1 Jesus gee self die liefdesgebod tot God en naaste as heel grootste gebod aan die kerk. Die groot gebod figureer ook sterk in die progressiewe Skrifopenbaring in die Briewe (3.2.5.1 – 3.2.5.2; 3.4.4.1 – 3.4.4.3).
- 3.5.2 Diskoersanalise deur etlike navorsers en volgens verskeie metodes, beklemtoon gemeenskap (κοινωνία [Fil. 1:5]) aan die evangelie as vernaamste tema van Filippense, maar bly in gebreke om die werklike impak van liefde wat blyk uit die brief, te verdiskonteer (3.2.5.4; 3.2.5.5).
- 3.5.3 Nader ontleding van Filippense 1:3–11 toon horisontale (mens-tot-mens) en vertikale (God en mens tot mekaar) dimensies aan wat gemeenskap aan die evangelie omring met liefdesbegrippe wat mekaar uitbou of aanvul (vgl. Fil. 1:3–8; 1:9–11; 3.2.5.6; 3.2.5.7; 3.2.5.12).
- 3.5.4 Paulus begin nie sy brief met kritiek op die Filippense nie, maar met die erkenning en dank vir God se werk in die Filippense, die versekering van sy liefde vir hulle deur verskeie liefdesbegrippe en deur hulle almal doelbewus in sy liefde in te sluit (3.2.5.7).
- 3.5.5 Paulus tree namens die gemeente as voorbidder op en bid vir 'n toename in hulle oorvloedige liefde in kennis en fyn aanvoeling (3.2.5.8 – 3.2.5.10).
- 3.5.6 Paulus se gebed beklemtoon deur semantiese pare die progressiewe effektiwiteit van oorvloedige liefde. Die begripsspare beklemtoon deelname aan die evangelie. Deelname aan die evangelie is effektief wanneer liefde toeneem in kennis en fyn aanvoeling. Oorvloedige liefde is effektief vir die huidige lewe asook vir die eskatologie. Die dinge wat werklik vir God belangrik is, kan onderskei word en iemand in wie die liefde so toegeneem het sal op die dag van Christus vry van kritiek wees en vol wees van Christus se vrug van geregtigheid tot lof en eer van God (3.2.5.9; 3.2.5.10; 3.2.5.12).
- 3.5.7 Kohesie tussen die gebed in Filippense 1:9–11 (en die liefdesbegrippe in 1:3–8) en die res van die brief is duidelik uit die konsentriese struktuur wat deur die herhaling van die bidbegrippe (in 1:3, 4, 9 en 4:6) gemerk word, die herhaling van die liefdesterre verduidelik in die brief en ook deur die praktiese toepassing van die betekenislemente van die gebed in Paulus se hantering van konflik (3.3.3; 3.3.6.26).

- 3.5.8 Konfliktantering tussen persone en in groepe kom voor in elkeen van die buitelyne (“outer boundaries” [Davis, 1999:154]) van die konsentriese struktuur (1:3–26 en 4:10–20) en in die retoriese argument/voorstel van die brief (1:27–4:9) (3.3.6.2).
- 3.5.9 In elkeen van die voorbeelde waarin Paulus advies gee oor konfliktantering kom sy persoonlike ken van Christus (vgl. ἐπιγνώσει in Fil. 1:9) na vore (3.3.6.8; 3.3.6.9; 3.3.6.19; 3.3.6.23; 3.3.6.24).
- 3.5.10 Paulus ken Jesus so goed dat hy sy eie gesindheid in die tweede imperatiewe diskoers kan aanbeveel (in die eerste imperatiewe diskoers maan hy die gemeente om dieselfde gesindheid as Christus te hê) (3.3.6.25).
- 3.5.11 Eenheid tussen gelowiges is ’n belangrike manifestasie van oorfloedige liefde en is deurgaans ’n belangrike tema (vgl. αἰσθήσει in Fil. 1:9; 3.3.6.16; 3.3.6.17).
- 3.5.12 In elke voorbeeld van konfliktantering is Paulus in staat om te kan onderskei waarop die teenstanders en gemeentelide se optrede werklik neerkom en hoe God hulle optrede beoordeel (vgl. δοκιμάζειν en διαφέροντα in Fil. 1:10; 3.3.6.6; 3.3.6.20; 3.3.6.21; 3.3.6.22).
- 3.5.13 Paulus se eskatologiese gerigtheid kom reëlmatig na vore in sy hantering van konflik (vgl. εἰς ἡμέραν Χριστου; εὐλκρινεῖς en ἀπρόσκοποι; δόξαν en ἔπαινον in Fil. 1:10–11; 3.3.6.10; 3.3.6.18; 3.3.6.24).
- 3.5.14 Uit 3.5.9 – 3.5.13 volg dat Paulus self die inhoud van die gebed om oorfloedige liefde vir die Filippense uit sy eie adviese demonstreer en op so ’n wyse die werklike impak van Christus se liefde aantoon.
- 3.5.15 Die Filippense kan ook soos Paulus optree en hulle moet self ook bid (3.3.6.25).

### **3.6 Samevatting: basisteoretiese perspektiewe uit die groot gebod in Filippense**

- 3.6.1 Om die evangelie te bevorder in die gemeentebouproses en in konfliktantering moet die groot gebod op grond van progressiewe Skrifopenbaring verbesonder word as voortdurende toename van oorfloedige liefde in kennis/die ken van Jesus en fyn aanvoeling of optrede (3.5.1; 3.5.8).
- 3.6.2 Die groot gebod is verweef met die fokus op of ken van Christus en gemeenskap of deelname aan sy evangelie. Omgekeerd, die evangelie word bevorder deur die werklike vertikale en horisontale impak van Jesus se liefde (3.5.2; 3.5.3).

- 3.6.3 Gebed (ook voorbidding) vir die toename van oorvloedige liefde is noodsaaklik en vorm saam met die groot fokus strategiese vertrekpunte in die gemeentebouproses en die hantering van konflik (3.5.4; 3.5.5).
- 3.6.4 Gebed om liefde wat toeneem in kennis/die ken van Christus en fyn aanvoeling is effektief vir nou en vir die ewige lewe, daarin dat die sake wat vir God belangrik is onderskei word, kritiek voor God se troon vermy word, die vrug van Jesus se kruis na vore kom (3.5.6).
- 3.6.5 Elke lidmaat wat hierdie gebed bid kan verwag dat die rykdom van die betekenis-elemente daarvan toenemend 'n integrale deel van sy/haar lewe sal word, konflik tot eer van die Here hanteer sal kan word, die gelowige sy/haar eie optrede as voorbeeld van die gesindheid van Christus aan ander sal kan voorhou (3.5.7 – 3.5.15).





## HOOFSTUK 4

### BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT DIE GROOT OPDRAG

#### 4.1 Inleiding

##### 4.1.1 Doel van hierdie hoofstuk

In hoofstuk twee is aangetoon dat die gemeente wat op Christus gefokus is, geroep word om as alternatiewe geloofsgemeenskap met sy verstand en Gees te lewe (vgl. 2.6.4; 2.6.8). In hoofstuk drie is gestel dat die gemeente dieselfde dienskneg-gesindheid as Jesus moet hê (Fil. 2:5; vgl. Hartin, 1998:393) wat gebed om meer en meer oorvloedige liefde as 'n belangrike strategie veronderstel. Gebed om oorvloedige liefde is effektief om die werklike impak van Jesus se liefde te fasiliteer (vgl. 3.6.3; 3.6.4). In hoofstuk drie is ook aangetoon dat oorvloedige liefde in keurige (estetiese) daade (vgl. αἰσθήσει, 3.2.4.3.4.3.3) moet oorgaan. Liefde word immers gekenmerk deur gehoorsaamheid aan God se bevele.

In hierdie hoofstuk word die taakoms krywing wat Jesus self aan die kerk gegee het en wat bogenoemde keurige liefdesoptrede van die gemeente nader omskryf, ondersoek. Die doel is om een sentrale opdrag of missie na te vors, waarvolgens liefde op die terrein van gemeentebou, vorm moet aanneem. Daarom word die "groot opdrag" (Matt. 28:18–20) basisteoreties as sleutel of paradigma ontleed, sodat hierdie sleutel in die hantering van moderne vraagstukke of konflik in die gemeentebouproses getoets kan word.

##### 4.1.2 Die metode wat gevolg word

In die *eerste afdeling* van hierdie hoofstuk word die benaming "groot opdrag" verduidelik. Die keuse van Matteus 28:16–20 word gemotiveer. Vervolgens word die groot opdrag volgens Matteus 28:18–20 ontleed. Die agtergrond van die Matteus-evangelie kry kortliks aandag. Na 'n sintaktiese ontleding word die gedagtestruktuur van die perikoop sketsmatig voorgestel met 'n trapleer. In die res van die hoofstuk word by hierdie voorstelling aangesluit en telkens verwys na die spore van die trapleer deur middel van afkortings (kyk 1.6). Kernbegrippe word ook ontleed.

In die *tweede afdeling* word aan die hand van die voorafgaande ontleding, ondersoek ingestel hoe die groot opdrag in die eerste gemeentes vorm aangeneem het. Vir hierdie doeleindes word enkele gedeeltes in Handeling kurseries bespreek. Enkele voorbeelde van konflik rakende die groot opdrag in die vroeë kerk kom ook aan die orde.

In die *derde afdeling* word Skrifgedeeltes uit ander boeke as Matteus en Handeling met die groot opdrag, soos uiteengesit in die voorafgaande afdelings, vergelyk. Die doel is om aan te toon dat die groot opdrag in Matteus 28 nie 'n geïsoleerde saak is nie, maar 'n kemsak in die Godsopenbaring.

## **4.2 Afdeling een: die betekenis van die groot opdrag**

### **4.2.1 Die benaming groot opdrag en die keuse van die groot opdrag as derde sleutel**

Die benaming groot opdrag kom as opskrif by Matteus 28:16–20 die eerste keer in die King James Version (vgl. Bible, 1995) voor. Die opskrif word daarna in verskeie Bybelvertalings herhaal en berus op 'n interpretasie en waardeoordeel (Arias, 1991:410). Opskrifte is immers nie deel van die kanon nie. Die groot opdrag is ook nie belangriker as ander laaste woorde van Jesus nie (Wiersbe, 1996b). Tog is hierdie opdrag van Jesus in Matteus 28 uniek en “groots” om die volgende redes:

- Die opdrag gaan met unieke gesag gepaard. “It sounds like the enthronement of a king. This powerful king has an important message to His people” (Kvalbein, 1988:48; vgl. v. 18 en Keener, 1999:718).
- Die Bybel self beklemtoon hierdie opdrag van Jesus. Inhoudelik word die sogenaamde groot opdrag in al vier evangelies en Handeling aangetref (Matt. 28:18–20; Mark. 16:15; Luk. 24:44–49; Joh. 20:21; Hand. 1:8). In Matteus vorm die opdrag die klimaks van die hele evangelie (Ridderbos, 1987: 552) en in Handeling dien dit as struktuur vir die hele boek (Hand. 1:8; Bruce, 1986:71; Witherington, 1998:110).
- Die opdrag in Matteus 28 is omvattend (vgl. “*alle mag ... alle nasies ... al die dae*”, Ridderbos, 1987:552, my kursivering) en word waarskynlik aan 'n groot aantal dissipels gegee. Volgens MacArthur (1989:336; vgl. ook Wiersbe, 1996b) is die elf dissipels (v. 16) nie alleen nie, maar verwys die Matteus-gebeurtenis waarskynlik na die verskyning van Jesus aan meer as vyfhonderd mense (vgl. 1 Kor. 15:6). Jesus gee die opdrag dus as 'n

groot saak aan 'n groot aantal dissipels, waarop later in die kleiner kring uitgebrei word (Hand. 1:8).

Die hipotese van hierdie hoofstuk is dat die groot opdrag 'n onontbeerlike sleutel is om die koninkryk vir die terrein van gemeentebou oop te sluit. Daar sal ook aangetoon word dat die groot opdrag op die terrein van konflikhantering figureer.

Saamgevat: die groot opdrag is Christus se "great comission" aan sy kerk, dit wil sê die praktiese roeping (vgl. "mission") van die kerk word daarin beskryf. 'n Gemeente wat op Christus fokus (hfst. 2) wil graag sy opdrag ernstig neem. Soos in die inleidende paragraaf gestel, is die groot opdrag en die groot gebod verweef. Die groot opdrag beskryf die roeping van die kerk as vername praktiese uitlewing van die liefdesgebod.

#### **4.2.2 Motivering vir Matteus 28:16–20 as perikoop om die groot opdrag te ondersoek**

Die vier evangelies het uiteenlopende gesigspunte en bronne. Markus bring byvoorbeeld die mislukkings van die dissipels baie sterker na vore (Hartin, 1998:394). Lukas en Johannes beklemtoon weer die gemeenskaplike missie tussen die dissipels en Jesus, asook die werk van die Heilige Gees (vgl. Morris, 1992:846, 847). Waarom word Matteus se weergawe van die groot opdrag vir doeleindes van hierdie studie dan juis verkies?

- In vergelyking met die evangelies van Johannes en Markus, bevat Matteus se weergawe die grootste verskeidenheid inligting in een perikoop. Met 'n besondere struktuur gee hy hiermee finale rigting aan die toekoms van die Christengemeenskap na die kruis-en-opstanding (Senior, 1997:173; Ridderbos, 1987:552). Matteus vat ook hiermee verskeie belangrike temas in sy evangelie saam (vgl. Gundry, 1994:593).
- Gundry (1994:xxii, 609–622) motiveer omvattend waarom die apostel Matteus die skrywer kon wees en dat hy 'n invloed op Lukas uitgeoefen het. Die Handeling 1:8-weergawe (van Lukas) volg in elk geval temporeel en pleksgewys op die opdrag wat Matteus beskryf (Hendriksen, 1989:997).
- Matteus kon wel vir Markus as bron gebruik het (Keener, 1999:12). Die Markus-weergawe kom egter in die sogenaamde Markus-slot voor wat deur 'n beduidende aantal teoloë nie as deel van die Markus-evangelie beskou word nie (vgl. Donahue, 1996).

### 4.2.3 Samevatting

- Hierdie hoofstuk bou logies voort op die vorige aangesien die uitbouing van die liefdesgebod met 'n praktiese opdrag, nou verder ondersoek word.
- Feitlik dieselfde metode as in die vorige hoofstuk word gevolg.
- Die groot opdrag is 'n belangrike sleutel wat Jesus kort voor sy hemelvaart gee en is deur Jesus self as groot saak of sleutel vir die kerk aangedui.
- Matteus 28:16–18 is 'n kerngedeelte vir die ondersoek na die groot opdrag.

### 4.2.4 Ontleding van die groot opdrag volgens Matteus 28:18–20

#### 4.2.4.1 Skrywer, geadresseerdes, boodskap en inhoudelike struktuur van Matteus


Oor wie die skrywer van die boek Matteus is, is daar geen eenstemmigheid onder geleerdes nie. By 4.2.2 is reeds verwys na Gundry se beredenering dat die apostel Matteus die skrywer was. Vir doeleindes van hierdie studie is dit onnodig om 'n definitiewe keuse oor die outeurskap te maak. Belangriker is dat algemeen aanvaar word dat Matteus tipies Joodse gebruike en segswyses (vgl. 5:22; 15:2; 23:5, 24, 27; 27:6) aanhaal en Joodse sentimente soos die wet (5:19; 23:3) asook Israel self (10:5; 10:23; 15:24) beklemtoon (vgl. Combrink, 1988:68). Op grond hiervan meen sommige Skrifverklaarders dat Matteus se geskrif veral op onbekeerde Jode gerig is om te bewys dat Jesus die Messias is (vgl. Hendriksen, 1989:97; Chamblin [1996]). Ander soos Combrink (1988:72) en Fuller (1996) meen dat die evangelie geskryf is vir 'n Christengemeenskap (Jode en nie-Jode) wat teenoor die hoofstroom van Judaïsme, sy eie plek en benadering moes bepaal. In hierdie studie word by beide standpunte aangesluit.


Die meeste skrywers is dit eens dat die kern van die boodskap oor die goeie nuus van Jesus as Messias-Koning handel (vgl. Keener, 1999:63, 68–71). Wat struktuur betref, word Matteus meermale ingedeel in vyf didaktiese diskoerse wat deur verhaalstof omring word. Die uitdrukking “en toe Jesus hierdie woorde geëindig het” dien as struktuurmerker (Arias, 1991:411; vgl. Gundry 1994:10–11). Die didaktiese diskoerse is: die bergrede (5–7), sending (10), gelykenisse oor die koninkryk (13), onderwysing oor die kerk (18), eskatologie en *parousia* (24–25).

Onderrig en dissipelskap speel 'n baie belangrike rol in Matteus. Stendahl (aangehaal deur Arias, 1991:411) meen selfs dat Matteus 'n missiologiese handboek en 'n pedagogiese samevatting was, wat in die "skool van Matteus" gebruik is vir missiologiese werk met Jode en nie-Jode.

Matteus 28:18–20 dien as klimaks en samevatting vir die verstaan van die belangrikste temas en gryp terug na die inleiding in 1:23 (Ridderbos, 1987:552; Arias, 1991:410; Engelbrecht, 1995:140; Chamblin, 1996). "Careful study has shown, moreover, that in these verses are taken up some major themes running through the Gospel from the beginning. This truly is, then, a 'grand finale'" (Bosch, 1995:51).

#### 4.2.4.2 Sintaktiese ontleding van Matteus 28:18–20








Afleidings uit die sintaktiese struktuur:

- Die voegwoord καὶ (v. 18) bind die omstandighede wat die perikoop voorafgaan aan die hoofwerkwoord ἐλάλησεν ("Hy het gesê"), wat die inhoud van die groot opdrag aankondig. Die voegwoord dui ook 'n nuwe perikoop aan (Louw & Nida, 1996 [89:87]).
- Die hoofwerkwoord verwys na drie sake wat Jesus gesê het (gemerk a–c). A en c vorm weer twee indikatiewe wat die sentrale imperatief (b) omraam.
- Die sentrale imperatief (b) word verder gekwalifiseer deur die frase "van al die nasies" (πάντα τὰ ἔθνη [v. 19]) en twee sirkumstansiële bysinne wat deur deelwoorde ingelei word en wat die wyse waarop die opdrag uitgevoer moet word, nader omskryf. Βαπτίζοντες (v. 19) en διδάσκοντες (v. 20) beskryf die wyse waarop dissipels gemaak moet word ("part. of manner", Rienecker & Rogers, 1980:87). Die gebruik van die partisipia dui daarop dat "doop" en "leer" handeling is wat volg nadat iemand 'n dissipel geword het.
- Die twee deelwoorde βαπτίζοντες (v. 19) en διδάσκοντες (v. 20) word elkeen verder gekwalifiseer met onderskeidelik frases en bysinne wat die deelwoorde elke keer met een verdere gedagte uitbrei.
- Wat is die betekenis en funksie van πορευθέντες (v. 19)? Die een moontlikheid is om πορευθέντες te sien as heeltemal ondergeskik aan of deel van die opdrag μαθητεύσατε (v. 19). "Gaan maak dissipels" het so gesien min te make met "beweging/uitreiking" of "om oor die grense gaan" (vgl. "gaan maak koffie", waar die klem op "koffiemaak" val) (vgl. Conradie *et al*, 1994:272; Nunn, 1951:122). Rogers (aangehaal deur Rienecker, 1980:87) noem Matt. 28:19 dan ook as 'n voorbeeld waar die partisipium as 'n imperatief gebruik word. 'n Ander moontlikheid is om πορευθέντες nie heeltemal ondergeskik te maak aan μαθητεύσατε nie. Dan kom 'n betekenis soos "gaan dan heen, maak dissipels" in plaas van "gaan ... en maak dissipels" (Bybel, 1990) na vore. Floor (1983:26; vgl. ook Barbieri [1985]) beskou πορευθέντες as een van die drie maniere waarop dissipels gemaak moet word. Hy stel die opdrag en uitbreidings as volg voor:



#### 4.2.4.3 'n Voorstelling van die groot opdrag

Op grond van die sintaktiese ontleding word die groot opdrag sketsmatig in die vorm van 'n trapleer voorgestel:



**Figuur 1. Die groot opdrag-trapleer**

Opmerkings oor die trapleer:

- Die leer moet gelees word van onder na bo.
- Die style van die leer stel die sentrale imperatief voor, met die kern van die opdrag ("maak dissipels") op die linkerstyl.
- Die eerste en laaste sporte stel die troosvolle indikatiewe voor wat die groot opdrag omraam.
- Die sporte tussenin (drie binnesporte) stel die wyse waarop dissipels gemaak word, voor.
- Met die bewoording van die eerste binnesport word aangesluit by die laaste paragraaf voor 4.2.4.3.

- Die uitdrukking πάντα τὰ ἔθνη (Matt. 28:19) is deel van die sentrale opdrag (voorgestel op die regterstyl van die leer) en sou daarom ook by binnesporte twee en drie ingevoeg kon word. Al die nasies (ook die Jode) moet gedoop en geleer word.
- Elke binnesport het 'n linkerkant (gemerk a) en 'n uitbreiding aan die regterkant (gemerk b). Die eerste binnesport is ook gemerk met 'n a en b, slegs vir beklemtoning van die rigting van die uitreiking (kyk egter opmerkings oor πορευθέντες by 4.2.4.2).
- Daar sal voortaan na die twee indikatiewe verwys word as IND 1 en IND 2 en na die wyse waarop dissipels gemaak word as sporte 1–3, afgekort SP 1, SP 2 en SP 3. Soms sal spesifiek na die a- en b- gedeeltes van die sporte verwys word (bv. SP 2a om “doop hulle” aan te dui).

#### **4.2.4.4 Die betekenis van die begrippe “dissipel-maak” en “dissipelskap”**

##### **4.2.4.4.1 Inleidend: vrae oor dissipelskap**

Matteus 28:19 is die belangrikste opsomming vir die missie van die kerk van die Here. “The verb forms almost summarize the ‘practical department’ of a seminary curriculum: evangelism, worship and Christian education” (Campbell, 1992:402). Daarom het die begrip “dissipelskap” in baie kerke en in bewegings soos The Church Growth Movement inslag gevind (Bosch, 1995:51). “Mission is discipleship” (Arias, 1991:411).

Wat beteken die terme “dissipel” en “dissipelskap”? Is alle Christene dissipels? Is alle dissipels Christene? Wat is die doel van dissipelskap? Hoe moet hierdie opdrag uitgevoer word? Hieronder word aangetoon dat die effektiwiteit van die gemeente se gehoorsaamheid aan die groot opdrag sal staan of val by die antwoorde op laasgenoemde vrae. Ten einde antwoorde te vind op hierdie vrae, word die begrip “dissipelskap” en die wyse waarop dissipels gemaak moet word, soos voorgestel deur die trapeer, verder ondersoek.

##### **4.2.4.4.2 Verwarring oor die vraag wat 'n “dissipel” is**

Soos reeds aangetoon is dissipelskap 'n sleutelterm in die evangelies en veral in Matteus. Die naamwoord “dissipel” kom 268 keer in die evangelies voor en die werkwoord kom vier keer voor, een keer in Handeling en drie keer in Matteus (Strong, 1995 [3100, 3101]). Die enigste

keer wat die werkwoord in die imperatief voorkom is in Matteus 28:19 (vgl. Els & Deacon, 2001 [3100]). Beide die naamwoord μαθητής en die werkwoord μαθητεύω kom van μανθάνω wat “leer” of “om onderrig/instruksie te ontvang” beteken (Louw & Nida, 1996 [27.12]). 'n Dissipel (μαθητής) is 'n leerling en volgeling wat formeel of informeel deur sy leermeester onderrig word (Louw & Nida, 1996 [27.16]). Volgens Engelbrecht (1995:137) kom die term dikwels in die klassieke en Hellenistiese literatuur voor en beteken iemand wat leer (“learner”), aanhanger (“adherent”) en leerling (“pupil”). Μαθητεύω beteken om van iemand anders 'n leerling of dissipel te maak (Louw & Nida, 1996 [36.37]).

Bogenoemde definisies beskryf bloot die betekenis van die Griekse woord dissipel en beantwoord nie die vraag of 'n dissipel 'n verlore (Christen) is nie. Oor laasgenoemde vraag gaan die menings van skrywers uiteen.

Vine (1996 [disciple, mathetes]) onderskei tussen die volgende kategorieë:

- in die wye sin, Jode wat Jesus se volgelinge of aanhangers geword het, al was dit in die geheim (vgl. Joh. 6:66; Luk. 6:17; Joh. 19:38),
- die Twaalf (vgl. Matt. 10:1; Luk. 22:11),
- in Handeling, diegene wat in Hom geglo het en Hom bely het.

Vine (1996 [disciple, mathetes]) stel dus nie verlossing en dissipelskap gelyk nie.

Rengstorf (1976) wys daarop dat dissipelskap algemeen in die tyd van Jesus was. Daar was dissipels van Hellenistiese filosowe en van die Rabbyne. Hy konsentreer in 'n uitgebreide artikel op die verskille met die dissipels van Jesus. Die verskille wat hy noem, val in twee kategorieë uiteen, naamlik eerstens 'n verskil in verkiesing of roeping en tweedens 'n verskil in die verhouding tussen die leermeester en die dissipel.

Wat verskil in roeping betref, wys Rengstorf (1976) op die anderse optrede by Jesus. Om 'n rabbi te kies was die prerogatief van 'n dissipel wat sy leermeester kies. Jesus neem egter ál die inisiatief en verantwoordelikheid vir die roeping van sy dissipels. Selfs mense wat geen aanvanklike belangstelling in Hom getoon het nie (vgl. Mark. 2:13, 14), word geroep. Rengstorf (1976) gee toe dat daar dissipels was wat Jesus gevolg het sonder getuie in die Skrif dat Jesus hulle persoonlik geroep het. Hy verwys dan na Johannes 6:60–71 as die siftingsproses vir dissipelskap deur Jesus. Jesus behou dus alle inisiatief oor wie sy dissipels is en wie nie.

"Thus what Jn. tells us confirms in its own way the fact that the composition of the circle of disciple depends, not on the disciples, but on Jesus" (Rengstorf, 1976).

Die tweede saak wat Rengstorf (1976) as verskil by die roeping noem is die vereistes waaraan dissipels moes voldoen. In plaas van streng vereistes soos morele en akademiese standaarde, roep Jesus mense soos tollenaars en Selote.

Wat verskil in verhouding tussen leermeester en dissipel betref, noem Rengstorf (1976) die volgende vier verskille:

- Vir die dissipel van die Joodse rabbi het die kennis van die Wet of Tora die verhouding bepaal. By die Griekse wysgeer was dit die "idee" wat laasgenoemde verteenwoordig het. Vir 'n dissipel van Jesus staan die Persoon van Jesus en 'n persoonlike geloofsverhouding met Hom, voorop. Jesus self en nie in die eerste plek sy leer nie, moet gevolg word. Bosch (1995:52) sê:

The authority was the Law's not the rabbi's ... Jesus, however, did not appeal to the Law to legitimate his authority. He never expected his disciples to leave everything for the sake of the Law. They were, however, called to leave everything for His sake.

Rengstorf (1976) beklemtoon dat geloof 'n vereiste is vir dissipelskap:

Jesus offers Himself. This obviously gives a completely different turn to the whole relation of the disciples to Him ... The emphasis is on the inner effect on Peter of what Jesus does. His self-awareness crumbles before the One who confronts him. He repents and believes, *and it is thus, as a believer, that he is made a disciple by Jesus ... Faith is the controlling factor ...* He (John, JP) thus underlines the fact that the mark of the disciple of Jesus is faith in Him (cf. 6:64) (my kursivering).

- In die persoonlike geloofsverhouding vra Jesus radikale gehoorsaamheid aan Hom. Gehoorsaamheid was 'n vreemde konsep in die rabbi-dissipelverhouding. "A rabbi had no personal claims on his disciples. They were his students, he was their teacher, and that was all" (Bosch, 1995:53). Jesus bring egter die verhouding "heer" en "slaaf" na die betekenisveld van dissipelskap. Hy besit hulle as heer (κύριος) en hulle behoort aan Hom as sy slawe (δοῦλοι) (Matt. 10:24; Joh. 13:16; 15:20; vgl. Matt. 24:45). Hier is dus van meer as blote respek sprake. "Jesus is obeyed because it is believed that He is the Messiah" (Rengstorf, 1976).

- Gehoorzaamheid aan Jesus gaan volgens Rengstorf nog verder. Jesus verwag van sy dissipels om saam met Hom en vir Hom te ly en selfs te sterf (Matt. 10:38). Engelbrecht (1995:140) wys daarop dat die werkwoord “volg” (ἀκολουθέω) baie meer in die evangelies gebruik word as die werkwoorde μαθητεύω (dissipel-maak) en μανθάνω (leer). Hy verwys na Kinsbury wat aantoon dat die betekenis “volg as dissipel” slegs geld vir diegene wat aan twee vereistes voldoen, naamlik persoonlike toewyding en koste. Met toewyding word bedoel die antwoord op 'n persoonlike uitnodiging van Jesus en met koste word bedoel persoonlike opoffering soos die verlies van familie of besittings of die wegbreek van 'n vorige leefwyse. Volgens hierdie standpunt (Rengstorf [1976]; vgl. Engelbrecht [1995]) was alle volgeling van Jesus dus nie noodwendig dissipels van Jesus nie.
- Laastens wys Rengstorf (1976) op die doel van dissipelskap. Die gebruiklike dissipel-leermeesterverhouding was tydelik en die doel van die dissipel was uiteindelik om selfs die rabbi te oortref. “Every disciple dreams of becoming a rabbi one day, independent of his former rabbi and, if possible, even superior than him” (Bosch, 1995:52). Jesus se dissipels kan Hom volgens Rengstorf (1976) egter nooit oortref nie en daarom is dissipelskap van Jesus 'n permanente opsigselfstaande doel.

Rengstorf se uiteensetting van die vereistes vir dissipelskap laat heelwat vrae ontstaan. Is al die dissipels persoonlik deur Jesus in sy bediening op aarde geroep of gekies? Hoeveel van die vereistes (soos geloof en radikale gehoorzaamheid) moet op 'n gegewe moment teenwoordig wees voordat iemand sal kwalifiseer as dissipel? Is dit waar dat die Twaalf in Jesus geglo het, voordat Hy hulle geroep het? Dit lyk of Rengstorf homself weerspreek. Hy stel persoonlike geloof en radikale gehoorzaamheid as vereiste vir dissipelskap, maar sê tegelyk dat Jesus eiemagtig die dissipels roep. Verder verwys Rengstorf in dieselfde artikel na Jesus se geduld met die dissipels en dat Hy besorgd was oor hulle saligheid terwyl hulle reeds dissipels was: “His patience with them, the tirelessness with which He made their salvation His concern, shines out in sayings like Lk. 22:31 f.; Jn. 16:12; 17:1 ff., and also in acts like those in Lk. 22:51; Jn. 13:1 ff.; Jn. 18:8” (Rengstorf, 1976).

Die dissipels het wel in Jesus geglo as Messias, maar wat het hulle op daardie stadium verstaan van verlossing slegs uit genade en van kruis-opneem (sterf vir Jesus)? Gemeet aan die standaard wat Rengstorf uiteensit sou selfs die Twaalf nie as dissipels kwalifiseer nie. Rengstorf (1976) sê self in dieselfde artikel: “According to the Synoptists lack of understanding not merely of the goal of Jesus but also of His proclamation accompanies the relation of the

disciples to Him to the very end" (Rengstorf, 1976). E.S. Malbon, aangehaal deur Hartin (1993:42) het die ooreenkomste tussen die skares en die dissipels se reaksie op Jesus gelys. Hartin (1993:42) toon uit Markus 4:35–8:21 aan dat die dissipels dikwels net soos die skares, min verstaan het en deur vrees en gebrek aan geloof gedryf is. Soms het buitelanders, selfs meer as die binnekring van Jesus, sy boodskap van genade verstaan. Hartin (1993:46) sê na aanleiding van Markus 10:35–45 en die geloof van die blinde Bartimëus (Mark. 10:52) die volgende:

The responses of the disciples to Jesus' teaching on his immanent suffering and death are without doubt tactless, selfish, and they show that they have completely misunderstood Jesus' teaching: the most culpable of all are Peter, James and John. Ironically those on the inside failed to see, while some on the outside do see.

Eers ná die kruis en die opstanding van Jesus gaan die geloofsoë van die dissipels oop vir die ware betekenis van die Messias se koms. "It is through death that Jesus' identity emerges" (Hartin, 1993:47).

Om persoonlike roeping deur Jesus as vereiste vir dissipelskap te lys, gaan ook nie op nie. Jesus het die binnekring van dissipels persoonlik gekies, maar nie die skare van dissipels wat Hom gevolg het nie. Rengstorf (hierbo) onderskei nie genoegsaam tussen die verskillende groepe van dissipels nie. Eerstens is daar die binnekring (Petrus, Jakobus en Johannes), die sogenaamde "insiders", wat die voorreg gehad het om die belangrikste wonderwerke van Jesus te sien (Hartin, 1993:43; Matt. 17:1). Dit is dan ook veral hierdie dissipels wie se gesprekke en optrede in die Bybel opgeteken is. Tweedens is daar die Twaalf wat spesifieke opdragte kry (Matt. 10), derdens die twee en sewentig (Luk. 10) en vierdens die groot skare van dissipels wat Jesus gevolg het (bv. Joh. 6:2). Engelbrecht (1995:138) toon aan dat Matteus ook aan persone buite die kring van die Twaalf as dissipels gedink het. Jesus het byvoorbeeld 'n dissipel gemaak van Josef van Arimatea (vgl. ἐμαθητεύθη in Matt. 27:57; Engelbrecht, 1995:140). Engelbrecht stem egter later in breë trekke met die siening saam dat eintlik slegs die Twaalf aan die voorwaardes vir 'n dissipel voldoen het.

Die bostaande vereistes wat Rengstorf aanvoer, kan die indruk skep dat dissipelskap 'n besondere status of amp is (vgl. sy uiteensetting oor die roeping of verkiesing van dissipels). So 'n indruk sal verkeerd wees:

It is necessary to have a teaching function in the church ... But these scribes or teachers have no special position in relation to Christ. He is always the supreme teacher. Basically all members of a church or a theological seminary are fellow students in the school of Jesus (Kvalbein [1988:49]; vgl. Matt. 23:8).

#### **4.2.4.4.3      Dissipelskap en verlossing moet onderskei word**

Die eerste oplossing wat voorgestel word, is dat konsekwent gehou word by die betekenis van μαθητής as “leerling” of “volgeling” (soos Louw & Nida, 1996 [27.16; 36.38] doen) en om sodoende nie dissipelskap met Christen-word of ewige verlossing te verwar nie.

Die onderskeid tussen dissipelskap en ewige verlossing is van groot belang. Na twee kante toe kan daarvoor verkeerd geredeneer word. Daar kan enersyds geredeneer word dat verlossing of geloof 'n voorwaarde is vir dissipelskap en andersyds dat dissipelskap 'n vereiste is vir verlossing.

Indien geredeneer word dat iemand 'n Christen/verlose moet wees voordat hy/sy 'n dissipel kan wees kom die talle probleme wat by 4.2.4.4.2 uitgelig is, aan die orde. Dan moet aanvaar word dat die twaalf dissipels reeds verlose Christene was toe Jesus hulle as dissipels geroep het. Verder skep hierdie siening ook verklaringsprobleme vir Johannes 6:62, 64.

Indien die woorduitleg van μαθητής aanvaar word, is dit logies dat iemand as eerste stap van Jesus kan begin leer en Hom selfs kan begin volg, sonder dat hy/sy Hom al as Verlosser aangeneem het (Bing, 1999:39). Dit werk tog altyd so. Iemand hoor en leer eers van Christus en die kruis en glo dan in Hom as Verlosser en Saligmaker (vgl. Rom 10:14). Daarna is verdere groei en verdere vlakke van toewyding moontlik:

But how does the Bible present discipleship? What's the Biblical definition of a disciple? The word itself comes from the verb “to learn,” and so it simply means in its simplest form “learner”, “pupil”, “adherent to a system”. But you and I recognize that there are different degrees of commitment involved in learning something (Bing, 1999:39).

Omgekeerd, indien dissipelskap 'n vereiste vir verlossing is, kom die evangelie van verlossing alleen uit genade, in gedrang. Bing (1999:37–52) kritiseer die “Lordship faith” van MacArthur en andere. “Lordship faith” impliseer dat iemand eers 'n Christen of verlose word indien hy/sy oor



bewyse beskik dat hy/sy in oorgawe onder die koningskap van die Here leef. "Let's raise the standard so that we make sure that only those who are committed to going on can really become Christians to begin with, they would say" (Bing, 1999:38). Bing kritiseer vervolgens "Lordship faith". Hy lys eers die verskille tussen verlossing ("salvation") en dissipelskap en daarmee ook tussen regverdigmaking ("justification") en heiligmaking ("sanctification") en konkludeer:

We know that salvation is by grace through faith, and it's free. But discipleship is by works through faithfulness, and it's costly. Our eternal salvation depends on Christ's love for me, Christ's commitment to me, and Christ's taking His cross for me. Discipleship involves my love for Christ, my commitment to Christ, and my taking up my cross daily for Him. The focus of eternal salvation is eternal life. Discipleship, however, focuses on eternal rewards. Eternal salvation involves an unbeliever's response. Discipleship involves a believer's response. Eternal salvation is instantaneous, and a new birth. Discipleship is progressive and a continued growth. Eternal salvation depends on one condition: belief. Discipleship depends on many conditions, which I'll mention later. Eternal salvation is inclusive of all. Discipleship is exclusive (Bing, 1999:41, 42).

Alhoewel dit nie waar is dat verlossing 'n vereiste is vir dissipelskap nie, volg uit die feit dat dissipel-maak 'n goeie werk is/deel vorm van heiligmaking, dat alleen Christene/verloste mense, dissipels kan maak. Hiervoor hoef hulle nie volmaak te wees nie. Die klem val immers nie op hulle volmaaktheid en kwalifikasies nie (vgl. Rengstorff [1976]), maar op die feit dat Jesus die mag het en by hulle is (IND 1, 2). Ten spyte van hulle onvolmaaktheid en sonde, verteenwoordig die elf dissipels simbolies die hele verlore kerk as subjek van dissipelskap (Arias, 1991:418).

Hoewel alle gelowiges kwalifiseer, is dit realisties om te verwag dat volwasse Christendissipels of Geesvervulde Christene merendeels met die groot opdrag sal vorder. Jesus beklemtoon weer die groot opdrag immers aan die elf dissipels as mense van wie Hy al geruime tyd dissipels gemaak het (vgl. Hand. 1:8; 4.2.1). Hulle verstaan dus reeds die proses en het hulle eie deelname daaraan as ondervinding en voorbereiding. Hulle ontvang ook die groot opdrag net voor hemelvaart en hulle voer die opdrag eers ná Pinkster uit (volgens Joh. 4:1 het hulle wel nuwe dissipels gedoop).

#### 4.2.4.4 “Dissipelskap” en “dissipel-maak” is ’n proses

Die tweede oplossing wat vir die besware teen Rengstorf se siening aangebied word, word ook direk uit die bewoording van Matteus 28:19 afgelei. Die groot opdrag is wesenlik ’n opdrag (Gr. imperatief, “gaan maak dissipels”). Die klem val dus nie op die vraag wat ’n dissipel is nie, maar op die taak. Hierdie taak of opdrag is ’n lewenslange proses vir elkeen wat dissipels maak (eerder as ’n status of besondere identiteit). Die sake wat Rengstorf (1976) en andere noem, is dan stappe in die proses van dissipel-maak eerder as vereistes vir dissipelskap. Bing (1999:48) praat van dissipelskap as ’n proses: “It is a progression. It is a process. It is a journey. It is a call to commitment. There is a sense in which a disciple is always challenged to become more of a disciple”.

Die doel van dissipelskap as goeie werk en as deel van heiligmaking noodsaak dat dissipelskap en dissipels-maak ’n proses is. Bing (1999:40) sien in Matteus 10:25 die doel, naamlik om meer en meer soos die leermeester te wees en motiveer waarom dissipelskap en dissipel-maak ’n proses sal wees:

You see, the whole goal of a disciple is to be like his teacher. This tells us that being a disciple is a progression; it is a process. And if our teacher is Jesus Christ, it is interminable in this life. It's never over until we are glorified and made like Him. So discipleship by its very definition is a process (Bing, 1999:40).

Ook Rengstorf (1976) bevestig laasgenoemde doel van dissipelskap. “It is the business of the μαθητής of Jesus to be stamped and fashioned by Him” (Rengstorf, 1976). Die doel kan ook omskryf word as om op alle lewensterreine dieselfde gesindheid as Jesus te hê:

In Philippians Paul uses a hymn which reflects on the person of Jesus as an opportunity to illustrate the type of life that the disciple is meant to adopt: ‘Let the same mind be in you that was in Christ Jesus ...’ (Philp 2:5–11) (Hartin, 1998:393; vgl. die verband tussen die groot fokus en die groot gebod, hfst. 2, 3).

Dissipelskap as proses hou ’n bepaalde opwinding en ontdekking in. ’n Dissipel wil ander help en self ook vorder op die pad van dissipelskap. Daar is variasie en nuwe ontdekkings:

I am fond of saying that there is a sense in which every disciple is challenged to become more of a disciple. No matter where you are in your Christian life today, God wants you somewhere else tomorrow. That's discipleship. And what He is asking *you* to do today is different from what He is going to ask *me* to

do today. It's a process that spans our lifetime, and nobody retires from it. The journey goes on ... I think that the Bible is very clear that there is always another level of commitment that we are called to. That's just the excitement of the Christian life. Life is an adventure with Jesus (Bing, 1999:40, 47).

Ten slotte, dat dissipel-maak 'n proses is, volg ook uit die stappe wat in Matteus 28:18–20 gestel word. Eers “gaan oor die grense”, dan “doop hulle”, dan “leer hulle”. Na afloop van onderstaande gevolgtrekkings, word hierdie stappe verder ondersoek.

#### **4.2.4.4.5 Die praktiese implikasies van dissipelskap as proses**

Om dissipelskap te onderskei van verlossing en as 'n permanente proses eerder as 'n status of identiteit te sien, het die volgende belangrike praktiese implikasies:

Eerstens kan die regte verstaan van dissipelskap as proses aangewend word om nuwe hoop vir die gemeente oor die uitvoerbaarheid van die groot opdrag te gee. Wanneer 'n onverloste persoon begelei word om nader te beweeg aan die aanvaarding van Christus as Verlosser ('n proses wat lank kan duur), word die groot opdrag reeds uitgevoer. Die groot opdrag lui nie “maak Christene nie”, maar “maak dissipels”.

Die gemeente kan moed skep, want wat werkswyse betref, kan in plaas van druk uit te oefen op iemand, 'n uitvoerbare proses van die Heilige Gees gefasiliteer word:

In rendering μαθητεύω in Mt 28.19 and similar contexts, it is important to avoid the implication of duress or force, that is to say, one should not translate 'force them to be my disciples' or 'compel them to be my disciples.' This might very well be implied in a literal translation of a causative such as 'to make'. In order to avoid a wrong implication of a causative, it may be important to use some such expression as 'convince them to become my disciples' or 'urge them to be my disciples' (Louw & Nida, 1996 [36.37]).

Tweedens bepaal die regte verstaan van die groot opdrag dat die gemeente in strategiese beplanning rekening moet hou met die oorwegende identiteit van die persone van wie dissipels gemaak moet word. Die dissipelmaak-strategie vir onverloste mense, die wat onlangs tot bekering gekom het en toegewyde Christene sal uiteraard verskil. Die gemeente moet byvoorbeeld versigtig wees om nie onverloste mense op te roep tot fases van dissipelskap wat slegs verlore mense kan doen nie. Wat verstaan 'n onverloste mens van “jou kruis opneem” of “om God lief te hê met jou hele hart siel, verstand en kragte”? (vgl. Bing, 1999:44). Verder moet

strategies beplan word hoe om Christendissipels te begelei tot 'n nuwe vlak van toewyding en om self dissipels te maak:

But you and I recognize that there are different degrees of commitment involved in learning something. ... It is unrealistic to expect the unregenerate to make mature Christian decisions. It takes the grace of God to teach us how to make those decisions and commitments. Did it ever occur to the Lordship Salvation person, for example, that someone who is drowning may just want to get out of the water, and not become a life-guard? (Bing, 1999:39, 45).

Derdens kan die onderskeid tussen dissipelskap en verlossing die impetus wees om die h le gemeente vanuit genade as vertrekpunt (vgl. die groot fokus, 2.5.3; 2.6.1) te begelei om, as deel van hulle roeping, daartoe te vorder om self ook dissipels te maak. Namate die gemeente daarin vorder om in Christus te leef, word dissipel-maak en -wees, al hoe meer 'n vanselfsprekende deel van die gemeente se identiteit. "We ought to learn to disciple from a grace perspective, to keep grace first. It is the motivation to follow. The heart of discipleship is not what we do, but who we are in Christ" (Bing, 1999:51).

Dissipelskap word dus 'n leefwyse en die gemeente streef daarna dat al die lede dissipels is en dissipels maak. So kom die gemeente weer in die situasie van die vroe  kerk waar dissipelskap en Christenskap feitlik sinoniem was. Kvalbein (1988:49) wys daarop dat "dissipels" (       ) die aanspreekvorm vir die Christene in Jerusalem (Hand. 6:1) en Efese (Hand. 19:9) was. Hy wys verder op Handeling 11:26: "die dissipels (       ) is in Antiochi  vir die eerste keer Christene genoem":

From this we learn that the word we most often use '*Christians*' was not the first name for this new group. They were first simply called the 'disciples' ... the newcomers to the group regarded their relationship to the risen Lord Jesus in some way similar to the relationship of the first disciples to the earthly 'rabbi' Jesus (Kvalbein, 1988:49).

#### **4.2.4.4.6 Samevattende definisie van die "dissipel-maakproses"**

"Dissipel-maak" omskryf die totale lewenslange proses waarin mense begelei word om progressief volgelingen en leerlinge van Jesus te word. Die doel van laasgenoemde proses is dat iemand meer en meer soos Jesus word of met Jesus se gesindheid leef. In die dissipel-maak proses val die klem nie op die besondere status of amp van die dissipel nie.

“Dissipelskap” beskryf dat iemand op 'n gegewe stadium 'n volgeling en leerling van Jesus is. Namate gelowiges in geloof groei, word dissipel-wees en dissipel-maak al hoe meer 'n vanselfsprekende identiteit.

#### **4.2.5 Gevolgtrekkings**

- 4.2.5.1 Die meeste skrywers is dit eens dat die kern van die boodskap in Matteus oor die goeie nuus van Jesus as Messias-Koning handel (4.2.4.1).
- 4.2.5.2 Onderrig en dissipelskap van Jesus speel 'n baie belangrike rol in Matteus se evangelie wat selfs as missiologiese handboek en 'n pedagogiese samevatting, beskryf kan word (4.2.4.1).
- 4.2.5.3 Matteus 28:18–20 dien as klimaks of samevatting vir die verstaan van die belangrikste temas van die Matteus-evangelie (4.2.4.1) en bevat ook die volledige beskrywing van die groot opdrag (vgl. 4.2.2).
- 4.2.5.4 Sintaktiese ontleding en begripsontleding van die imperatief in Matteus 18:18–20 toon dat die opdrag om dissipels te maak sentraal staan. Die opdrag word omraam deur twee troosvolle indikatiewe (IND 1, 2), wat weer drie maniere waarop dissipels gemaak moet word, (SP 1–3) omraam. Elkeen van die maniere waarop dissipels gemaak word, is van toepassing op die “nasies”. So word in aansluiting by die breë konteks van die evangelie beklemtoon dat “om oor die grense te gaan” (SP 1) die eerste wyse is waarop dissipels gemaak moet word. Die maniere waarop dissipels gemaak moet word kan weer verdeel word in 'n a- en b-gedeelte (4.2.4.2).
- 4.2.5.5 'n Dissipel (μαθητής) is 'n leerling en volgeling wat formeel of informeel deur sy leermeester onderrig word en het in Louw en Nida (1996) nie die betekenis van “gelowige” of “verloste” nie. Die kern van die groot opdrag in Matteus 28:19 is 'n imperatiewe werkwoord μαθητεύσατε wat die werk of taak “om dissipels (volgelinge en leerlinge) te maak” beskryf (4.2.4.2).
- 4.2.5.6 Rengstorff (1976) sluit by die uitsprake van Jesus en by die kultuurhistoriese agtergrond van die dissipel-leermeester verhouding aan en wys op belangrike verskille tussen dissipelskap by Jesus en dissipelskap elders. Op grond van hierdie verskille tipeer hy dissipels as mense wat deur Jesus self geroep/ver kies is en nie vooraf aan bepaalde vereistes voldoen nie. Verder is hulle reeds gelowiges,

Jesus vra gehoorsaamheid van hulle en selfs bereidheid om vir Hom te sterf ("kruis opneem") (4.2.4.4.2).

- 4.2.5.7 Rengstorf (1976) se opmerkings beskryf tereg die hoë premie wat Jesus op dissipelskap plaas, maar kon nie voor die kruis-en-opstanding as vereistes vir dissipelskap gegeld het nie, aangesien selfs die Twaalf nie hieraan voldoen het nie (4.2.4.4.2).
- 4.2.5.8 Die probleem wat Rengstorf en andere se siening openbaar is dat nie by die betekenis van μαθητής as 'n leerling en volgeling gehou word nie, maar dat sake soos geloof en gehoorsaamheid as voorvereistes bygehaal word (4.2.4.4.2; 4.2.4.4.3).
- 4.2.5.9 Iemand kan 'n volgeling en leerling (dus dissipel) van Jesus wees sonder dat hy/sy al die volgende stap van geloof in Jesus as Verlosser geneem het (4.2.4.4.3).
- 4.2.5.10 Om dissipelskap 'n vereiste vir verlossing te maak skep verwarring, aangesien die mens uit vrye genade gered word. Daarom kan dissipelskap nie deel wees van verlossing nie, maar wel 'n goeie werk of taak (heiligmaking) wees (4.2.4.4.3).
- 4.2.5.11 Hoewel verlossing nie 'n voorvereiste vir dissipelskap is nie, word die groot opdrag primêr aan verlore dissipels gerig wat self ondervinding van dissipelskap het (4.2.4.4.3).
- 4.2.5.12 Uit die imperatief μαθητεύσατε volg verder dat dissipel-maak 'n opdrag en 'n proses is, eerder as 'n identiteit of status (4.2.4.4.4).
- 4.2.5.13 Die doel van 'n dissipel is om soos sy/haar leermeester te word. Om dissipel van Jesus te wees beteken dus om meer en meer soos Jesus te word. Daarom is dissipelskap in hierdie lewe 'n voortgaande/onvoltooide proses (4.2.4.4.4; 4.2.4.4.5).
- 4.2.5.14 Jesus dring/roep sy dissipels altyd verder tot nuwe vlakke van verbintenis ("commitment") (4.2.4.4.4).
- 4.2.5.15 Korrekte verstaan van dissipelskap veroorsaak nuwe hoop wat die uitvoerbaarheid van die groot opdrag betref (4.2.4.4.5).
- 4.2.5.16 Uit die korrekte verstaan van die groot opdrag volg dat rekening gehou moet word met die vraag waar persone ten opsigte van Jesus geposisioneer is. Die dissipelmaak-strategie vir onverlore mense, vir die wat onlangs tot bekering gekom het en vir toegewyde Christene sal verskil (4.2.4.4.5).
- 4.2.5.17 Namate die gemeente daarin vorder om in Christus te leef, word dissipel-maak en dissipel-wees, al hoe meer 'n vanselfsprekende leefwyse (4.2.4.4.5).

## **4.2.6 Dissipelskap as proses word verder belig deur die wyse waarop dissipels gemaak word**

### **4.2.6.1 Inleiding**

In hierdie onderafdeling word die betekenis van die groot opdrag verder ondersoek deur die wyse waarop dissipels gemaak moet word (SP 1–3), te ondersoek. Uit onderstaande ondersoek blyk verder dat dissipelskap 'n proses is. Begripsontleding word telkens opgevolg met die ondersoek van SP 1–3 in die konteks van die hele groot opdrag.

### **4.2.6.2 Gaan oor die grense – die betekenis van “nasies” (SP 1)**

Die eerste wyse waarop dissipels gemaak moet word (SP 1) word nou ondersoek. Wanneer die subjek van dissipelskap eers vasgestel is, (vgl. 4.2.4.4.2; 4.2.4.4.3) handel die volgende vraag oor die objek van die opdrag. Van wie wil Jesus deur sy dissipels, dissipels maak? Wat beteken die begrip “nasies”?

Dat Jesus in Matteus 28:19 sy dissipels beveel om oor die grense na “al die nasies” te gaan, is reeds by 4.2.4.2 beredeneer. Daar is ook aangetoon dat “nasies” die objek is van al die stappe van die dissipelmaakproses (4.2.4.2).

Τὰ ἔθνη (van ἔθνος) (Matt. 28:19) beteken “nasies” (“peoples”). Louw en Nida (1996) gee die volgende beskrywing: “the largest unit into which the people of the world are divided on the basis of their constituting a socio-political community – ‘nation, people’” (11.55). “‘All nations’ probably signifies ‘all peoples’ rather than the modern concept of ‘national states’” (Keener, 1999:719).

Eerstens is hierdie beskrywing belangrik omdat die uitwaartse rigting van die groot opdrag hiermee duidelik gestel word. Die dissipels word nie primêr na die binnekring of eie mense gestuur nie, maar die bedoeling is 'n uitwaartse beweging na die buitekerklike. So begin die proses om dissipels te maak.

Tweedens is die beskrywing belangrik om die omvang van die teikengroep te verstaan. Hier word die vraag beantwoord oor hoe wyd die groot opdrag bedoel word. Om na die nasies te

verwys, is iets anders as om na lande te verwys, aangesien daar meer as een nasie in een land kan woon. Om na nasies te verwys is ook iets anders as om na individue te verwys. Nou kan verstaan word waarom Paulus ook na kontak met politieke leiers wat in beheer van nasies was, gesoek het. Verder is die verband tussen "nasies" (Matt. 28:19) en 'n groot oogmerk van God met sy verbond in Genesis 12 hier te sake. Die Here se plan was reg van die begin af omvattend. Hy sê vir Abraham "in jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees". (Gen. 12:3). Die gebruik van "alle" (πάντα) (Matt. 28:19) beklemtoon laasgenoemde.

Die vraag oor watter grense die gemeente moet gaan, word in afdeling twee uit die boek Handelingte beantwoord.

#### **4.2.6.3 Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees! (SP 2)**

##### **4.2.6.3.1 Inleiding**

Wanneer die grens na 'n nie-dissipel eenmaal oorgesteek is, moet die nuwe dissipel gedoop word in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees as manier waarop dissipels gemaak moet word (SP 2). Wat "doop hulle" binne die konteks van dissipelskap beteken, moet nou verder vasgestel word.

Hierdie onderafdeling word beperk tot die ontleding van Matteus 28 se doopformule op basisteoretiese vlak. Die doel is dus slegs om die SP 2 te ondersoek, dit wil sê die doop as manier waarop dissipels gemaak moet word. Wanneer dissipelskap in Handelingte bespreek word (afdeling 2) sal hierdie resultate verder aangewend word om meer oor die doop in die vroeë kerk te probeer verstaan.

Om verdere verwysing te vergemaklik, word na elke hoofsaak 'n konkluderende stelling gemaak.

##### **4.2.6.3.2 Sewe stellings oor die betekenis van die woorde "doop hulle (SP 2a) in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees"(SP 2b)**

"Doop hulle" kom van βαπτίζοντες (praes. part. akt. nom. mv. ml. van βαπτίζω). Anders as by "gaan ... na die nasies" is daar eenstemmigheid onder geleerdes dat "doop" as 'n wyse



van dissipelmaking die hoofopdrag kwalifiseer (vgl. Keener, 1999:718; Floor, 1983:26; Rienecker & Rogers, 1980:87). Dissipels van Jesus word dus gemaak deur mense te doop. ΒΑΠΤΙΖΟΝΤΕΣ is in die teenwoordige tyd en kan daarom vertaal word met “terwyl julle die mense doop/deur mense te doop”. Die nominatief meervoud dui die betrokkenheid van die dissipels aan “... this text suggests that disciples initiate others” (Keener, 1999:720).

ΒΑΠΤΙΖΩ of ΒΑΠΤΩ beteken “to dip in or under water, to immerse, to sink (soos van ’n skip – JP), to plunge, to drown, drench, overwhelm, to bathe, wash” (Liddell, 1996 [βαπτίζω]; Oepke, 1976). טָבַל word gebruik vir die insteek van voete in die Jordaan (Jos. 3:15) en om onrein voorwerpe vir reiniging in water te plaas (Lev. 11:23) en word in die LXX met ΒΑΠΤΕΙΝ vertaal. Swanson (1997 [3188]) verklaar טָבַל met “dip, plunge, soak, bathe, i.e., place a solid object into a liquid mass, with a result that some of the mass attaches to the solid object, usually for a particular use or purpose”.

Louw en Nida (1996) plaas βαπτίζω in drie semantiese velde: a) om te was (in sommige kontekste deur onder die water te dompel) ten einde iets ritueel aanvaarbaar te maak (53.31; vgl. Mark. 7:4), b) om water in ’n religieuse seremonie te gebruik om reiniging en inisiasie op die basis van bekering aan te dui, byvoorbeeld in Handeling 2:38 (53.41), c) ’n *figuurlike* uitbreiding op laasgenoemdes wat beteken dat ’n baie betekenisvolle religieuse ervaring van God se teenwoordigheid en mag, gefasiliteer word en verwys na Matteus 3:11 en Markus 1:8 (“to have a highly significant religious experience involving special manifestations of God’s power and presence” [53.49]).

Bogenoemde inligting is egter nie genoeg om met sekerheid te kan sê wat doop in Matteus 28:19 beteken nie. Aangesien betekenis c ’n figuurlike betekenis aandui (byvoorbeeld doop met die Heilige Gees) kan doop in hierdie sin nie op letterlike doophandeling met water van toepassing wees nie (c is dus uitgesluit as betekenisonderskeiding vir Matteus 28:19).

Wat is egter die betekenis van a en b wat Louw en Nida aantoon in die konteks van Matteus 28:19? Is onderdompel (“immerse”) noodsaaklik? Gaan die doophandeling alleen oor die breek met die sondige natuur van die mens, (aangesien βαπτίζω niks sê oor die “opkom” uit die water nie, letterlik net “plunge” of “sink”, i.p.v. “surface”)? Gaan doop enigsins oor die water (H<sub>2</sub>O) en indien wel oor hoeveel water? Al wat op hierdie stadium met sekerheid afgelei kan word is:

*Stelling een.* Doop impliseer 'n letterlike doophandeling met water wat uitgevoer word deur 'n dissipel en word beveel as 'n wyse om dissipels te maak.

"Doop hulle" (SP 2a) word verder gekwalifiseer met "in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (SP 2b). Eers wanneer hierdie tweede deel van Jesus se doopopdrag verstaan word, behoort meer oor die doophandeling self en die identiteit van die ontvanger, sin te maak.

Om "in" (ἐἰς) die Naam van iemand gedoop te word, het 'n lokale betekenis en beteken in Grieks letterlik "doop *in* of *tot* die Naam" (Floor, 1983:27, 28). Die gebruik van ἐἰς met die akkusatief (hier τὸ ὄνομα) beteken letterlik "in XXX (akkusatief) in" (Conradie *et al*, 1994:68). Die betekenis van ἐἰς moet egter nie oorspan word nie. Volgens Robertson (1998 [Matt. 10:41]) is hier nie veel betekenisverskil met εἰς nie ("in reality ἐἰς [*eis*] is simply εἰς [*en*] with the same meaning"). Tog vestig die gebruik van die voorsetsel die aandag daarop dat die Nuwe Testament nie op doop met of in water (H<sub>2</sub>O) fokus nie, maar dit gaan altyd oor doop *in* of *tot* 'n *persoon* (Floor, 1983:28). Die voorsetsel wys dat die dopeling in 'n verhouding met 'n persoon "ingaan", soos wanneer iemand in 'n huis ingaan (εἰς) of reeds binne (ἐν) is! In die woorde van Ridderbos (1987:554): "the words 'baptize 'in' [literally 'into'] the name of the Father Son and the Holy Spirit' mean that the subject of baptism is *brought into* fellowship with and under authority of Him in whose name he is baptized" (my kursivering). Nolland (1999:78) verwys na 'n "expression of solidarity, which could connote loyalty, belonging to, submission to, the intention to act on behalf".

Sonder geloof by die dissipel is hierdie "inlywing in", ondenkbaar. "Since baptism signifies an intimate relationship with this God, it is obvious that it presupposes faith and cannot be applied indiscriminately" (Ridderbos, 1987:555). Dit spreek vanself dat hier sprake moet wees van persoonlike geloof, nie bloot die inbring in die sfeer of kring van gelowiges of die sfeer van genade of van God se belofte van genade nie, hoewel beloftes wel die grond vir die doop vorm (vgl. Floor, 1983:35).

Die woord "naam" (ὄνομα) (Matt. 28:19) word meestal in die Bybel figuurlik gebruik om die persoon of wese self aan te dui (Louw & Nida, 1996 [9.19]). In Matteus 28:19 word die dopeling dus verbind aan die wese van die drie-enige God en sy mag. Robertson (1998 [Matt. 28:19])

sê: "The use of name (ὄνομα [onoma]) here is a common one in the Septuagint and the papyri for power or authority".

*Stelling twee.* Doop getuig van 'n dissipel se persoonlike geloof wat lei tot die ritueel van inlywing in of inbring in die verhouding met God en onder sy mag.

Doop is dus 'n teken dat iemand 'n Christendissipel geword het. Wat in die vorige paragraaf oor "Naam" of "Wese" gesê is, word nou verder ontgin. "Naam" is enkelvoud. Die dopeling word dus verbind aan één Naam, één Wese, die drie-enige God. Die een Naam of Wese word weer gekoppel aan drie onderskeie Persone naamlik Vader, Seun en Heilige Gees (let op "en" [καὶ] in τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου πνεύματος [Matt. 28:19, my kursivering]). Matteus beklemtoon dus die Triniteit (Gundry, 1994:596). Matteus bedoel egter nie dat die persoon drie keer gedoop word nie, maar een keer in/tot drie name. "Trine immersion is not taught as the Greek Church holds and practices, baptism in the name of the Father, then of the Son, then of the Holy Spirit" (Robertson, 1998 [Matt. 28:19]).

Wat beteken Vader, Seun en Gees?

Doop in die Naam van die Vader, beklemtoon onder andere dat die Vader Jesus gestuur het en so sy verbond gehou het en dat die dissipel deur Jesus aan die Vader verbind is (Matt. 11:27; vgl. Nolland, 1999:79). Wielenga en König (1999:260, 261) beskryf die bilaterale aard van die verbond. Verbond gaan oor 'n verhouding tussen twee persone. Hulle toon aan dat God nooit sy verbond met die mens ongedaan maak nie, maar God bly verlang na die mens wat aan Hom verbind is (vgl. εἰς τὸ ὄνομα [Matt. 28:19] hierbo). Juis hierdie verbondenheid met God en "drang" daartoe is die impetus vir die kerk om oor die grense te gaan (SP 1). Toe Israel die Messias verwerp het, het 'n verbondskrisis ontstaan, maar ook 'n nuwe motivering vir sending:

De grootste verbondskrisis aller tijden bracht een nieuw verbondsherstellend initiatief van Gods kant te weeg: het daadwerkelijk uitrekken naar de volkeren in wat dan centrifugale zending wordt genoemd, een heel nieuw fenomeen op het veld van de religies (Wielenga & König, 1999:265).

In laasgenoemde speel die doop as sakrament 'n belangrike rol. "De doop is bij uitstek een forensisch structurelement van de zending der kerk. Door de doop wordt men in het verbondsvolk ingelijft en gaat men publiek en officieel deel uitmaken van de gemeente als

lichaam van Christus" (Wielenga & König, 1999:267). Wielenga en König (1999:267) sê verder dat sending die buitekant van die verbond is en dat verbond die binnekant van sending is. Hierdie siening stem ook ooreen met die getuienis in die Ou Testament. Die verbond met Abraham het die heil van al die nasies van die aarde in die visier ("in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" [Gen. 12:3]). God se genadige verbondsinisiatief volg direk na die tragiese geskiedenis van die toring van Babel (Gen. 11; vgl. 4.4.3 hieronder). Wie verbond en sending van mekaar losmaak, loop dus die gevaar om nie een van hierdie twee sake te begryp nie!

*Stelling drie.* Doop getuig van die bilaterale aard van die verbond wat terselfdertyd 'n impetus is vir sending sodat inlywing in die genade van die verlangende Vader wat sy beloftes hou, kan geskied.

Keener (1999: 716, 717) wys daarop dat "doop in die Naam van die Seun" 'n radikale uitspraak oor Jesus se Goddelikheid verwoord. Die Vader en die Heilige Gees is reeds volgens Joodse tradisie as Goddelik beskou. Om nou egter ook in die Naam van die Seun gedoop te word is 'n duidelike uitspraak oor die Goddelikheid van Jesus wat ook die talle verwysings na "doop in die Naam van Jesus" in Handeling verduidelik (vgl. 2:38; 8:16; 10:48; 19:5). "They did believe in the Father and the Holy Ghost speaking by the prophets; but they must also believe in the name of Jesus, that he is the Christ, the Messiah promised to the fathers" (Henry, 1996a). Deur hierdie doopformule word dus besondere klem gelê op Jesus se Goddelikheid, sonder om afbreuk te doen aan die Vader en die Heilige Gees.

Doop was ook 'n duidelike teken dat die dissipel vergewing van sondes en reiniging van God ontvang het (vgl. betekenis b deur Louw & Nida; Bruce, 1986:98). Hiermee het 'n derde element gepaard gegaan, naamlik bekering, wat duidelik gekoppel was aan doop in die Naam van Jesus Christus (vgl. Hand. 2:38; Green, 1999:167; Louw & Nida, 1996 [53.41]).

Met doop as teken van bekering word die radikale gevolge daarvan vir die dopeling beklemtoon. Die dissipel het hiermee gewys dat hy/sy klaar was met die vorige sondige lewe en opvattinge en dat hy/sy nou openlik met Jesus geassosieer het (vgl. Wiersbe, 1996c). Konflik met Joodse familieleden hieroor was onvermydelik, aangesien die dopeling nie voluit Jesusvolgeling en voluit Jood kon wees nie (vgl. Mark. 13:13):

Baptism would mark a public break with Judaism and identification with Jesus Christ. Such a drastic public act would help weed out any conversions which were not genuine ... Baptism was always in the **name of Jesus Christ**. That was the crucial identification, and the cost was high for such a confession (MacArthur, 1994).

Burrows (1999:114) som die radikale betekenis van die doop op as "total commitment; complete cleansing; a new beginning". Ook De Silva (1998:62) toon aan hoedat inlywing in die nuwe geloofsgemeenskap radikale gevolge vir die "eer" van die dissipel gehad het, aangesien so iemand hom-/haarself by 'n gewoonlik kleinerige en gemarginaliseerde groep gevoeg het (vgl. Hand. 9:17–18).

*Stelling vier.* Doop getuig van openbare geloof in die Goddelikheid van Jesus Christus, vryspraak van sondes in Hom en 'n keuse vir radikale bekering of lewensverandering.

Die doop gaan egter verder as 'n doop in die Naam van die Seun. Nolland (1999:78–79) verwys na die doop van Johannes en die parallel tussen Matteus 18:20 ("in My Naam") en die triade in Matteus 28:19. Hy vergelyk Matteus 11:27 met Matteus 28:18–20. In Matteus 11:27 sê Jesus ook dat Hy alle mag het. Hy praat ook oor sy innige verhouding met sy Vader. Wat egter nog ontbreek is die verwysing na die Heilige Gees. Matteus se opsomming aan die einde van sy evangelie is nou meer volledig ten opsigte van Jesus se werk en lui nou die dissipels se werk in:

This time Matthew will instead sum up his own narrative and identify the significance of Jesus as Son in relation to the Father, and as one closely linked with the Holy Spirit ... The initiative of the Father was already evident in the work of John (the Baptist – JP). But the focus now falls on what has been achieved in the ministry of Jesus: he has fulfilled the role of Son of God and acted out of and made present the power of the Spirit of God. Though we find ourselves at a point of significant achievement, his work is not finished. He will be with those who will from now on act in His name ... (Nolland, 1999:79).

Doop gaan ook nie net oor verlossing en reiniging in Jesus en die aanvaarding van die Vader se beloftes nie. Doop dui ook op die begin én voortsetting van die werk van die Seun van God deur sy Gees. So realiseer Jesus se belofte in IND 2. Die reinigende werk en die inwonende krag van die Heilige Gees word so tematies in die doopformule in Matteus 28 aangedui en realiseer in Lukas se verhaal in die voortsetting van Handelinge 1:8 as program (vgl. Green, 1999:169).

*Stelling vyf.* Doop lewer getuienis van die begin en beloofde voortsetting van die Seun van God se werk deur die Gees in 'n dissipel.

Sover is die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees afsonderlik hanteer. In hierdie trinitariese formule is egter ook 'n ander saak vervat wat veral van belang is vir konflikhantering, naamlik die eenheid in die kerk waarvoor Jesus met verwysing na die eenheid tussen die Vader en die Seun bid (Joh. 17:21). Campbell (1992:402) wys op hernieude belangstelling in die Triniteit vir die sosio-politieke gedrag van mense as deel van 'n gemeenskap. Sy beskou die Triniteit as "a unique gift both to the life of faith and to our experience of what it means to be one human family on this planet". Dit is die dissipels van die Here wat toegang tot hierdie wonderlike gawe het, beide in aanbidding tot God en in die praktyk van die lewe:

The Trinity is a vision of God that is first of all to be worshiped and adored. The triunity of God is an experience of God that believers are invited to enter through prayer and live out in everyday relationships (Campbell, 1992:402, 403).

Campbell bespreek vervolgens die probleme wat die feministiese teologie met die manlike vorme in die trinitariese formule het en waarsku teen enige wysiging van God se name omdat dit God se selfopenbaring in gedrang sal bring. Eerder moet verstaan word dat die trinitariese benaming van God die onverstaanbaarheid van sy wese aandui. "Hy is wat Hy is" en oorspan ons dimensies:

The triune symbol also points beyond its own formula to the God who says, "I am who I am," whose name cannot (ever) be named. In Eastern Christianity in particular, reflection on the triunity of God leads directly to the apophatic experience (Campbell, 1992:403).

Hoewel gewaak moet word teen die eensydige opgaan in "apophatic experiences" is die moontlikhede vir ware spiritualiteit in die almagtige Drie-eenheid onbeskryflik kosbaar vir elke Christen. Christene is op mistieke wyse een met die ewige, onverklaarbare God!

De mystieke unie met Christus berust op het werk van de Geest, die ons in Christus incorporeert, inlijft, inzaait, inent, ons tot één plant met Christus doet worden. Dit is het wonder van de kerk (Bucer, aangehaal deur Van't Spijker *et al*, 1990:130).

Nelson (1996:448) toon aan hoedat mistieke geloofseenheid met God doelbewus gekontroleer is in die vroeë kerk se voorbereiding tot die doophandeling. Daar is selfs so ver gegaan om nie aan die katkisant vooraf die volledige lesings oor die sakramente te gee nie, omdat geloof die rede moet voorafgaan. 'n Goeie begrip van geloof en eenwees met Jesus Christus is wel in diepte gekontroleer en vooraf geleer.

*Stelling ses.* Doop in die Naam van die drie-enige God getuig van mistieke eenwees met 'n onverklaarbare God.

Campbell (1992:403) wys vervolgens daarop dat die vervanging van God se name om Hom geslagtelik meer aanvaarbaar en neutraal te maak nie rekening hou met die feit dat God 'n eenheid is wat ook ware onderskeidings het nie. Hy is nie (volgens Campbell) een God wat bloot drie rolle vervul nie en kan ook nie in dele, departemente, tydperke en intensies, opgedeel word nie (vgl. art. 8 NGB). "The threefold God is one in will, purpose, activity and eternity" (Campbell, 1992:403). God wil daarom ook nie manlikheid beklemtoon met die name asof Hy 'n vroulike kant ook kan hê nie. Daarom wil Campbell die trinitariese formule behou omdat die kern daarvan oor *verhoudinge* gaan:

... it adequately points towards what is the heart of triunity, namely that the one God is "being structured as a relationship" (cf. Eberhard Jüngel). The triune name tells us that God is a real, internal relatedness, eternally related within God self before God was ever related to us. Indeed our own relatedness is the result of our being creatures created in the divine image and likeness (Campbell, 1992:403, 404; vgl. ook Collins, 1999:178: "The internal relations between the three persons form their sole distinguishing factor").

Met hierdie opmerking van Campbell word die belangrike saak van "gemeenskap" (κοινωνία) beklemtoon. Die besef van die betekenis van eenwees met die drie-enige God en daarom ook die eenwees met die hele liggaam van Christus, is die diepste moontlike begroning vir die gemeenskap van gelowiges (κοινωνία) en spiritualiteit. Collins (1999:179) verduidelik hoe die Drie-eenheid die voorbeeld en model is vir ware κοινωνία:

To say something of this relational, differentiated unity that is the divine life of unity-in-distinction and distinction-in-unity, the ideas of *koinonia* ... have often been pressed into service ... in the trinitarian communion, the oneness does not happen at the expense of the true distinction between the persons and vice versa.

Soos die Drie-eenheid wat nie staties is nie, maar vol aktiwiteit is, is κοινωνία ook 'n aksiewoord. In 3.2.4.3.3.2 is reeds aangetoon dat κοινωνία 'n aktiwiteit en gemeenskaplike deelname aan 'n bepaalde saak veronderstel met gemeenskap ("fellowship") as resultaat. Hierdie aktiwiteit is gekoppel aan God en medegelowige aangesien die verhouding met God horisontale en vertikale dimensies het wat onlosmaaklik deel van mekaar is (Oostenbrink & Lotter, 1999:380; vgl. Vorster, 1996:473). "Gemeenskap" (κοινωνία) is daarom ook die kernbestandeel van spiritualiteit. "Gereformeerde spiritualiteit beskryf hoe gelowiges voor die aangesig van God, *in gemeenskap met Hom en medegelowiges* in hierdie wêreld lewe" (Oostenbrink & Lotter, 1999:379, my kursivering).

Die verstaan van die verband tussen gemeenskap en spiritualiteit vanuit die eenwees met die Drie-eenheid het 'n besonder belangrike toepassing vir die verhoudinge van Christene met mekaar. Campbell (1992:404) wys daarop dat die drie Persone van God volmaakte liefde vir mekaar het, alles vir mekaar gee, saam uitreik na die mensdom en mense (veral deur die uitstorting van die Heilige Gees) in hierdie gemeenskap intrek.

*Stelling sewe.* Doop in die Naam van die drie-enige God, getuig daarvan dat Christene deur die krag van die Gees in staat is om soos die Drie-eenheid, eenheid in verskeidenheid te kan uitbou in aktiewe liefde en die gemeenskap van gelowiges.

#### **4.2.6.3.3      Samevatting: die doop van dissipels in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees in SP 2a en SP 2b**

Die omvattende betekenis van die woord "doop" kan alleen binne die volle konteks van die res van die sin in Matteus 28:19 verstaan word. By wyse van opsomming word die kern van stellings een tot sewe nou verder op die tweede binnesport van die trapleer gerangskik. Aan die linkerkant word sake gerangskik wat aan die doophandeling self gekoppel is en aan die regterkant sake wat meer aan "die Naam van die Vader, Seun en Gees" verbind is, sonder om daarmee te kenne te gee dat die sake oor en weer direk met mekaar verband hou.



**SP 2a: “Doop hulle”****SP 2b) “in die Naam van die  
Vader en die Seun en die Heilige Gees”**

|                                                                                                                                |                                                                       |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------|
| 1. Letterlike doophandeling met water aan 'n dissipel deur 'n dissipel                                                         | 1. Geloofsinlywing                                                    |
| 2. Teken van persoonlike geloof vir 'n Christendissipel                                                                        | 2. Rituele inlywing in of inbring in die verhouding met God en sy mag |
| 3. Verstaan dat die bilaterale verbond die grondslag vorm vir die stuur van die dissipels oor die grense                       | 3. Deel wees van die genade van die Vader wat sy beloftes hou         |
| 4. Geloof in die Godheid van en die vryspraak in Jesus asook radikale bekering kan lei tot vervolging en isolasie              | 4. Mistieke eenwees met die drie-enige God                            |
| 5. Die Seun van God begin en sit deur sy Gees sy werk in die dissipel voort                                                    | 5. Eenheid in die verskeidenheid en verskeidenheid in die eenheid     |
| 6. Omdat Christene een is met die Drie-eenheid skep hulle deur aktiewe liefde nuwe strukture in die gemeente en die samelewing | 6. Die belang van “die gemeenskap van gelowiges” (κοινωνία)           |

**4.2.6.4 Leer hulle om alles te onderhou wat Jesus beveel het (SP 3)****4.2.6.4.1 Inleiding**

In hierdie onderafdeling word die laaste van die drie binnesporte bespreek, naamlik “leer hulle” (SP 3a) en “om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (SP 3b). Die begrip “leer hulle” (SP 3a) word eers ontleed, waarna aangetoon word hoe hierdie begrip verder deur SP 3b belig word. Ten opsigte van SP 3b word die verhouding tussen die groot opdrag en die kultuuropdrag ook aangeraak ten einde die gemeente se taak ten opsigte van SP 3b te probeer omlyn.

#### **4.2.6.4.2 Die betekenis van die begrip “leer hulle” (SP 3a) word verder belig deur “om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (SP 3b)**

Dissipels word gemaak deur mense te “leer”. ΔΙΔΑΣΚΟΝΤΕΣ (praes. part. akt. nom. mv. ml. van διδάσκω) (Matt. 28:20) is die derde deelwoord en kwalifiseer die hoofopdrag verder deur nog ’n wyse van dissipelmaking aan te dui (Keener, 1999:720; Floor, 1983:26; Reinecker en Rogers, 1980:87). Soos in die ander twee gevalle word die deelwoord ook verder uitgebrei, hier met “om alles te onderhou wat ek julle bevel het” (πάντα ὅσα ἐνετειλάμην) (v. 20).

“Leer” (διδάσκω) (vgl. v. 20) beteken volgens Louw en Nida (1996) om in ’n formele of informele opset, instruksie of onderrig te gee (33.224; vgl. Luk. 11:1). Die deelwoord is in die teenwoordige tyd en kan daarom vertaal word met “terwyl julle die mense leer/deur mense te leer”. Die aktiewe teenwoordige tyd dui ook op volgehoue aksie. ’n Dissipel leer altyd ander en bly self ook leer (vgl. ook “onderhou” [τηρέω]). Die belangrike beginsel van 2 Timoteus 2:2 (vgl. Ridderbos, 1967:197) is dus nie nuut nie.

“Leer hulle” (SP 3a) word verder belig deur die betekenis van SP 3b. Hieruit kan die volgende beginsels vir die toerusting van dissipels afgelei word:

- Jesus is die gesaghebbende Koning en subjek van die bevel (vgl. “Ek”). Hy onderrig self deur sy dissipels (vgl. IND 1, 2). “The only real teacher is Jesus himself. The church is basically a fellowship of his students” (Kvalbein, 1988:49). Lering gaan dus gepaard met ’n persoonlike dissipelskapverhouding met Jesus, waarin liefde vir Hom die nodige onderskeiding gee – vgl. Fil. 1:10, hfst. 2). Dat hierdie verhouding vooraf getoets moet word voordat iemand toegelaat word om ander te leer, is vanselfsprekend.
- Om te onderhou (τηρέω) beteken volgens Louw en Nida (1996) “to cause a state to continue – to cause to continue, to retain, to keep” (13.32).

Dit is dus die leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat die leerling die leerinhoud behou (vgl. “the law of the learner”, “law of retention” [Wilkinson, 1992:23 e.v., 171 e.v.]).

Uit “onderhou” (τηρέω) volg ook praktiese toepassing van die leerinhoud en begeleiding van die leerling (vgl. “the law of application” en “the law of equipping” [Wilkinson, 1992:119 e.v., 283 e.v.]). Die fokus is op uitkomste eerder as op insette.

Binne die konteks van dissipelskap beteken “onderhou” van die leerling se kant af gehoorsaamheid aan Jesus (kyk Rengstorf by 4.2.4.4.2; “the law of equipping” en “the law of revival” [Wilkinson, 1992:283 e.v., 339 e.v.]). Daarom moet die wilsfunksie van die dissipel aangespreek word:

Any presentation of Christ that leaves the neighbour out and calls us to a purely individualistic spiritual experience, is a false one according to the “Great Commission”. We have many Christians who want “only Jesus” and do not care for the neighbour; they want the King without the Kingdom. And there are other Christians and non-Christians who work and hope for the Kingdom but who do not cultivate the personal relationship and commitment to the King. A holistic gospel has to include both the King and the Kingdom (Arias, 1991:415, na aanleiding van die kleintjies [“little ones”] in Matteus).

- Die leerinhoud word aangedui as “alles wat Ek julle beveel het”. Samehangend met die vorige deel van die opdrag, word ook hier doelbewus inklusief en omvattend gepraat. “Alles” (πάντα) (v. 20) wat Jesus beveel het, moet geleer word (vgl. πάντα in πάντα τὰ ἔθνη [v. 20] en die inlywing of doop in die Vader, Seun en Heilige Gees [v. 19]). Hier is egter ook ’n belangrike perk wat gestel word: *slegs* wat *Christus* beveel het (ὅσα ἐνετειλάμην [v. 20]), moet geleer word. Wanneer daar meer geleer word as wat Jesus beveel het, word teruggegaan op die pad van die Fariseërs wat ondraaglike laste op hulle volgelinge gelê het (vgl. Matt. 23:3–5). Wanneer daar minder geleer word as wat Jesus beveel, word weer terugbeweeg op die pad van die vrysinnige Fariseër (vgl. Matt. 5:17–20; 5:31–33).

Hierbo is opgemerk dat die evangelie van Matteus moontlik ’n missiologiese handboek en ’n pedagogiese samevatting was wat in die “skool van Matteus” vir missiologiese werk met Jode en nie-Jode gebruik is (4.2.4.1). Keener (1999:720) wys daarop dat “the summaries of Jesus’ teachings earlier in Matthew’s Gospel (chs. 5–7; 10; 13; 18; 23–25) work well as a discipling manual for young believers”. Arias (1991:413) wys op die leemte wanneer nagelaat word om die evangelie van Matteus vir doeleindes van die groot opdrag aan te wend:

Strangely enough, most of those who appeal to the “Great Commission,” do not often go to the Gospel of Matthew for the content of the gospel. The most common formulas for the evangelistic message are soteriological summaries taken mostly from selections of verses from Paul’s letters or other parts of the New Testament, such as the so-called “plan of salvation,” “the Fundamentals,” or

the "Four Spiritual Laws". It is unusual for an evangelistic preacher to struggle with the implications of Jesus' ethical commands in the Sermon on the Mount or to explore the implications of the Great Commandment. As Dr. John Stott, the British evangelical leader, said at the Congress on Evangelism in Lausanne, "There is no Great Commission without the Great Commandment" (vgl. 3.2.1 – JP).

- In aansluiting by die uitsprake van bogenoemde skrywers word die aandag daarop gevestig dat Jesus sy dissipels telkens uit die Ou Testament geleer het (vgl. Luk. 24:27). Sy metode is ook deur sy dissipels ten opsigte van Jode (vgl. Hand. 3:22; 7:2) en nie-Jode (vgl. 2 Tim. 3:14–16) gevolg. Belangrik is dat die liefde die een sentrale gebod is wat Jesus as samevatting gegee het (vgl. Matt. 22:40; 3.2.1)
- Die doel van dissipelskap blyk duidelik uit SP 3. Dissipels word op toepassingsvlak geleer om al hoe meer soos hulle Leermeester (Jesus) te word (vgl. Fil. 2:5; Kol 3:16; 4.2.5.13).

Die omvattende leerinhoud laat verdere vrae ontstaan. Hoe omvattend is die terrein van toepassing (vgl. "onderhou" v. 20) en waar eindig die georganiseerde gemeente se rol?

#### **4.2.6.4.3 Die koninkryk as terrein waarop Jesus se bevele "onderhou" moet word – die verhouding tussen dissipelskap en die kultuuropdrag**

Matteus noem die evangelie die "evangelie van die koninkryk" (9:35; 24:14; Arias, 1991:414), dus 'n baie omvattende terrein. In Genesis 2:15 kry die mensdom boonop die sogenaamde kultuuropdrag: "Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (vgl. Van der Walt, 2001:79). Wat is die verhouding tussen hierdie opdrag en die groot opdrag?

Ten einde antwoorde op laasgenoemde vraag te gee word die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag nou bespreek. Dit word hoofsaaklik gedoen deur 'n bespreking van die kritiek van Verster (1997:251–266) op die missioloog D.J. Bosch se boek "Transforming mission" (1991) asook enkele insigte van B.J. van der Walt in sy boek "Transformed by the renewing of your mind" (2001). Die insigte van hierdie skrywers word in die lig van die ondersoek oor die groot opdrag wat tot dusver gedoen is, beoordeel.

Verster (1997:251–266) doen moeite om die standpunte van Bosch objektief en wetenskaplik te bespreek. Hy toon aan dat Bosch se vroeëre standpunt (naamlik dat die *Missio Dei*

allesomvattend is, maar dat alles tog nie “missions” is nie) in “Transforming Mission” na die nuwe ekumeniese paradigma verskuif het. Laasgenoemde paradigma beteken dat “missions” elke lewensterrein waarop Christene hulle bevind, insluit. Hierdie denkskuif het volgens Verster daartoe gelei dat Bosch in sy jongste opvattinge oorleun na die kant van die bevrydingsteologie (Verster, 1997:260). Bosch (aangehaal deur Verster, 1997:254) sê byvoorbeeld “salvation is ‘comprehensive’, ‘total’ and ‘universal’”. Verster (1997:258) haal verder ook vir Yung aan wat sê: “unless some criteria exist then there is nothing to stop everything from becoming mission”.

Verster soek die oplossing vir sy probleem met Bosch se standpunt in die onderskeiding tussen koninkryk en kerk. Hy meen dat sending (“missions”) die taak van die georganiseerde kerk is en dat lidmate bo en behalwe die georganiseerde kerk versoening moet bedien in elke sfeer van die koninkryk:

The wide scope of mission itself may, however, lead to the abandonment of mission itself. If missions must also be seen as God's total involvement on earth the scope for the kingdom diminishes and the church with its mission becomes all-encompassing ... Mission is the primary task of the church, but the deed of social regeneration must be brought about by the citizens of the kingdom in obedience to the Lord of the kingdom (Verster, 1997:260, 264).

Verster (1997:264) haal voorts vir Van der Walt aan wat die kerk beskryf as die “recruiting office, the mobilization field, the preparation center for the training of the warriors of God who have to fight for the good at all the frontiers of the world”.

Van der Walt (2001) se boek is in geheel belangrik vir die derde sport van die groot opdrag-trapleer. Veral sy insigte in die onderrig van mense in Afrika en sy beoordeling van die Christendom in Afrika verdien aandag.

Die ooreenkoms tussen die standpunte van Bosch en Van der Walt is dat beide die opdrag van die Christen as omvattend beskou. Bosch beskou min of meer alles as “missions” en Van der Walt beklemtoon weer die wonder van die omvattende kultuuropdrag.

Tog is daar duidelike verskille. Van der Walt waarsku teen die gevaar van dualisme, wat daarop neerkom dat 'n dissipel eers beleef dat hy/sy met die Here se werk besig is wanneer kerklike aktiwiteite beoefen word. Hy haal vir Bavinck aan wat meen dat die skepping as sodanig nie van minder waarde as genade is nie en dat die koninkryk van God teen niks

behalwe sonde vyandiggesind is nie (2001:16). Daarom is die mens se kultuuropdrag van groot waarde vir God en om dit te onderskei van geestelike werk is 'n sondige dualisme. Hy wys daarop dat die Bybel nie in beginsel van mense vra om hulle werk te los nie (vgl. 1 Kor. 7:17, 21, 24 [2001:27]). "Instead of divided allegiance we can serve God with singlemindedness (*sic*) in *any* work" (Van der Walt, 2001:28).

Oor die werk van die kerk sê Van der Walt (2001:34): "The church is but one 'room' in the kingdom and should not be identified with the whole 'building' of God's reign". Hiermee devalueer Van der Walt nie die kerk nie:

A clear distinction between the institutional church and God's kingdom does not imply a devaluation of the church. It rather relieves the church of an impossible burden, viz. to make its own witness the *total* Biblical witness in society. At the same time it enables the church to concentrate on its specific calling: the nurturing of faith through preaching of the Word during communal worship (Van der Walt, 2001:34; vgl. hierteenoor die standpunt van Bosch wat eintlik 'n onmoonlike taak op die kerk plaas).

Oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag sê Van der Walt:

Another example is the dualistic perspective of God's original cultural mandate (Gen. 1:26–28) and Christ's missionary command (Matt. 28:19). While the cultural mandate is our primary, all-encompassing religious calling, it is often viewed as a secondary, more or less "secular" task over against the primary importance of missions and evangelism. Christ's command is, however, only a reminder of God's very first command! (Van der Walt, 2001:34).

Teen die agtergrond van die groot opdrag is die standpunt van Van der Walt bevrydend en word ook saamgestem met die kritiek en voorstelle van Verster op die standpunt van Bosch. Jesus se opdrag aan die kerk is "om die dissipels te leer om alles te *onderhou* wat Hy beveel het" (Matt. 28:20, my kursivering). Dit beteken dat die plaaslike gemeente se vernaamste funksie is om te leer of toe te rus, in plaas van om self as organisasie, die werk te doen (vgl. Ef. 4:12–13). Om byvoorbeeld hospitale en ouetehuse te bou is nie die georganiseerde gemeente se taak nie. In die gemeente moet die lidmate egter sodanig toegerus word dat hulle dit wat Jesus beveel het, kan *onderhou* op *elke* terrein van die koninkryk. So word die balans (wat in Bosch se standpunt verlore raak) herstel, juis deur Jesus se groot opdrag.

Veral bevrydend is die waarskuwing teen dualisme in die gemoed van lidmate en die waarskuwing teen 'n algemene gevoel dat die ware dissipel eintlik die een is wat sy sekulêre

beroep prysgee om êrens te gaan sendingwerk doen. Lidmate wat op die tuisfront die groot opdrag op elke sport (SP 1–3) bevorder, is net so waardevol vir die kerk as diegene wat uitgestuur word vir 'n spesifieke taak. Kvalbein (1988:50) wys daarop dat Jesus en die twaalf dissipels se taak onmoontlik sou wees sonder die dissipels wat in hulle huise gebly het:

Without such a group of supporters who did *not* leave their homes to follow Jesus, the ministry of Jesus and his disciples would have been impossible. Jesus had the power to multiply the bread and fish in the desert. But he did not use that power every day (Kvalbein, 1988:50).

Tog moet Van der Walt se siening oor die verhouding kultuuropdrag en groot opdrag versigtig gelees word. Van der Walt se standpunt mag nie gebruik word as 'n verskoning om nie oor die grense te gaan nie. Om soos Van der Walt die groot opdrag as sekondêr en die kultuuropdrag as primêr te beskryf is ook onnodig en vatbaar vir misverstand. Lidmate mag en behoort met onverdeelde aandag as dissipels hulle werk van elke dag doen. Lidmate het egter altyd, in elke werkplek en juis binne die sfeer van hulle belangstellingsveld, die taak om “oor die grense te gaan” (SP 1), in die innigste verhouding met die drie-enige God as gedoop met die Heilige Gees te leef (SP 2) en om alles te onderhou wat Jesus beveel het (SP 3). Dan sal Jesus by hulle wees (IND 2) en hiervoor sal hulle krag ontvang (IND 1). Die volgorde van die sporte (SP 1–3) is wel nie dwingend nie. Dikwels bewerkstellig juis 'n leefwyse volgens SP 2 en 'n doelgerigte soeke na Jesus se beginsels vir 'n bepaalde werkterrein soos byvoorbeeld die ekonomie (SP 3), die invalspoort na die hart van 'n nie-dissipel. So kom Jesus saam met sy dissipels (IND 2) weer op die markplein, in die werkswinkel en in die wêreld wat vanweë globalisering klein geword het. Juis hiervoor is die kerk die “toerustingskamer” in die “gebou” van die koninkryk (vgl. Van der Walt, 2001:34).

Kortom: dit is die institusionele kerk se taak en rol wat beperk is, nie die groot opdrag van die dissipels nie. Waarskynlik sinspeel Van der Walt op laasgenoemde wanneer hy sê dat Christus sy dissipels deur die groot opdrag net kom herinner het aan die kultuuropdrag.

Die opmerkings van Kvalbein (1988:51) oor die wyse van dissipelskap is van belang vir die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag. Hy meen dat Jesus se dood en opstanding 'n nuwe era in die kerk inlui wat ook die wyse van dissipelskap beïnvloed. Die draaipunt word volgens hom deur Jesus beskryf in Lukas 22:35–37: “Toe Ek julle uitgestuur het sonder beurs en reissak en skoene, het julle iets kortgekom? En hulle antwoord: Niks nie. Toe

sê Hy vir hulle: maar nou, wie 'n beurs het, laat hom dit neem en so ook die reissak; en wie dit nie het nie, moet sy kleed verkoop en 'n swaard koop. Want Ek sê vir julle dat dit wat geskrywe is, nog aan My vervul moet word: En Hy is saam met misdadigers gereken. Want ook aan die dinge wat betrekking het op My, kom daar 'n einde". Volgens Kvalbein is die verhouding ná die kruis en opstanding anders. Die verhouding is nie meer 'n verhouding met 'n Jesus wat liggaamlik teenwoordig is en fisies sorg en beskerm nie, maar met 'n onsigbare, opgestane Here. Daarom het die werkswyse verander en dit raak volgens Kvalbein ook die beroepslewe:

When the disciples cannot literally 'follow' him from place to place, they don't in the same literal way need to leave profession, family and property (Kvalbein, 1988:51; vgl. Martin, 1985 en Robertson, 1998 [Luk. 22:36, "Changed conditions bring changed needs"]).

Hierdie nuwe era en die nuwe eise wat dit sal stel, is volgens Kvalbein ook die rede waarom die briewe 'n gesinslewe in Christus beklemtoon (vgl. Ef. 5:21–6:9), waarom Christene nou beveel word om te bly in die omstandighede waarin hulle was (vgl. Van der Walt [2001:27] se verwysing na 1 Kor. 7:17, 21, 24), asook om hulle beroepe getrou te beoefen (1 Tes. 4:11; 2 Tes. 3:6–13; vgl. Punt [2000:251–371] oor die werksetiek by Paulus). Volgens Kvalbein is die gebruik in die eerste kerk om besittings te deel nie strydig met die oproep om hard te werk nie, maar handel dit oor die regte gesindheid en doel ten opsigte van werk en geld en kom presies ooreen met die gegewens in die briewe (vgl. 1 Tim. 6:17–19). Die rykes moet hard werk en reg dink oor hulle geld om juis so die armes en die werksaamhede van die kerk finansiële te dra.

Die nuwe lewe word nou volgens Kvalbein figuurlik in die doop beskryf:

Life as a disciple is now 'death and resurrection' with Christ, inaugurated in Christian baptism ... There is a continuity between the concept of discipleship in the gospels and the baptismal exhortations and ethical teachings of the letters (Kvalbein, 1988:52).

Met Kvalbein se opmerkings word grootliks saamgestem. Daar moet egter gewaak word teen die waterdigte onderskeiding van die tydperke voor en na die kruis. Hierbo by 4.2.4.4.2 is aangetoon dat daar ook voor die kruisiging van Jesus dissipels was wat waarskynlik nie hulle beroepe verlaat het toe hulle dissipels van Jesus geword het nie (bv. Saggeus en Josef van Arimathéa).

In die volgende afdeling word die werksterrein van dissipels verder uit Handeling 1:8 beskryf.



#### **4.2.6.5 Samevattend: die verhouding tussen SP 3 en SP 1, 2 help om SP 3 te verstaan**

SP 1–3 beklemtoon dat dissipelskap 'n proses is. Eers word uitgereik/oor die grense gegaan na 'n nie-dissipel. Die persoon word “nader beweeg” na Christus toe en word 'n volgeling of leerling van Jesus. Hy/sy kom tot bekering en word 'n Christendissipel en word gedoop as teken van verlossing (SP 2). Nou word die dissipelskapproses voortgesit en die persoon word verder onderrig in die wonderlike betekenis van sy/haar doop (SP 3).

SP 3 volg logies op SP 2. Die doop is die begin van Christendissipelskap. Hoewel die doop van groot betekenis is, is die dopeling in die Nuwe Testament nog nie hierin onderrig nie, al het hy/sy die teken daarvan ontvang. Verdere onderrig volg met SP 3.

SP 1 en SP 3 “balanseer mekaar”. SP1 sonder SP 3 is onhoudbaar en ongehoorsaamheid aan die groot opdrag. Jesus sê uitdruklik in Matteus 28:19 dat dissipels gemaak moet word deur mense te leer. “Whoever told us that evangelism and Christian education are two separate things? Certainly we didn't get this idea from the 'Great Commission'!” (Arias, 1991:412).

Die leerinhoud is omvattend en die doel daarvan is die voortgesette lewensverandering van die dissipel. 'n Omvattende leerinhoud is nodig want die terrein waarop alles wat Jesus beveel het toegepas moet word, is bykans onbeperk. Uit Jesus se opdrag aan die dissipels om ander te leer sodat hulle alles wat Hy beveel het moet onderhou, kan afgelei word dat die rol van die georganiseerde kerk of gemeente beperk word deur toespitsing op die onderrigfunksie. Sodoende bly die gemeente as toerustingskamer dinamies op koers en kan dissipels op die groot terrein van die koninkryk toepas wat Jesus beveel het. So gesien kan die kultuuropdrag nie sonder die groot opdrag funksioneer nie en is dit onwenslik om die twee opdragte teen mekaar af te speel.

#### **4.2.6.6 Die motivering vir die uitvoering van die groot opdrag**

##### **4.2.6.6.1 Inleidend**

Die twee indikatiewe in Matteus 28:18, 20 word vervolgens ondersoek ten einde te bepaal hoe Jesus sy dissipels motiveer vir die groot opdrag.

#### 4.2.6.6.2 “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (IND 1)

Die feit dat Jesus alle mag het op die hemel en die aarde is die eerste motivering vir die groot opdrag (v. 18). Soos met die deelwoorde (by SP 2, 3) is ook hier 'n stelling en 'n uitbreiding. Die betekenis van Jesus se verklaring kom na vore in die begrippe wat gebruik word.

“Is gegee” (aor. ind. pas. 3e pers. ekv. van δίδωμι), vestig die aandag op God die Vader as subjek (agent van die passief). Die gebruik van die aoristus dui op tydloosheid (Robertson, 1998 [Matt. 28:18]). Die woorde wat volg na “is gegee” dui aan dat Jesus se mag eksklusief en omvattend is en verskaf die basis of indikatief vir sy omvattende of groot opdrag (vgl. weer “al die nasies” en “alles wat Ek julle beveel het”). Let op die volgende:

- Aan Jesus (vgl. μοι) is gegee “alle” mag. Hy delegeer dus nie sy mag nie. Daar is een Koning en Hy het *alle* mag. Dit bemoedig sy dissipels. Die uitvoering van die groot opdrag is nie afhanklik van die mag en vaardigheid van die dissipels nie (vgl. Van't Spijker *et al*, 1990:130).
- Louw en Nida (1996) onderskei agt semantiese velde vir “mag” (ἐξουσία). Al hierdie betekenisonderskeidinge is van toepassing op die koningskap van Jesus. Die betekenis wissel van 'n figuurlike uitbreiding van die woord “troon” (12.44), 'n staat van mag of beheer (37:13), 'n reg en vermoë om regterlik te kan oordeel (30.122; 37.35), jurisdiksie of 'n domein van gesag (37.36), tot 'n simbool van gesag (37.37). Jesus tree dus hier na vore as die groot Koning van al die nasies, wie se heerlikheid oor die hele aarde verkondig moet word. 'n Ander term (δύναμις), wat krag en dinamika beteken, word in Handeling 1:8 gebruik om die krag wat die dissipels sal ontvang te beskryf.
- Die sfeer van sy mag is omvattend (“in die hemel en op die aarde”). Na sy oorwinning aan die kruis verkry Jesus die volledige koningskap. Voor die kruisiging was Hy in sy menslikheid nog enigsins beperk, maar nou is Hy die opgestane Here (κυριός), die Messias-Koning, wat binnekort in heerlikheid sal opvaar na die hemel:

He spoke as one already in heaven with a world-wide outlook and with the resources of heaven at his command. His authority or power in his earthly life had been great (7:29; 11:27; 21:23f). Now it is boundless and includes earth and heaven (Robertson, 1998 [Matt. 28:18]; vgl. MacArthur, 1989:339).

- In 2.4.6 is bespreek wanneer Jesus weer sy volle mag aan die Vader sal oorhandig (kyk Potgieter, 2001:215–223).

- Saamgevat: Jesus is na kruis-en-opstanding die Koning van die ganse heelal (κόσμος; vgl. Joh. 3:16), wat deur Morris (1992:126) beskryf word as “the universe with all its harmonious relationships” en God se “outstanding ornament” en deur Louw en Nida (1996 [1.1]) as “the universe as an ordered structure”. “Alle mag” impliseer ook alle mag oor die Satan as owerste oor hierdie wêreld en oor demoniese magte waarteen die kerk stry (vgl. Gundry, 1994:595; vgl. Heb. 1:1–3; Luk. 4:6; Ef. 6:12). Dat hierdie stelling die basis of indikatief vir die groot opdrag self en SP 1–3 bevat, is duidelik. Aangesien Jesus al die mag het, kan Hy beveel dat dissipels gemaak moet word en dat hulle alles moet onderhou wat Hy hulle beveel het (Keener, 1999:718).

#### **4.2.6.6.3 “En kyk Ek is met julle, al die dae, tot aan die voleinding van die eeue” (IND 2)**

Jesus se belofte om deur die Gees teenwoordig te wees, is die tweede motivering vir die groot opdrag (Matt. 28:20; vgl. Arias, 1991:415). Hierdie motivering onderstreep die aksie wat Jesus vir sy dissipels moontlik maak en die dinamiese onkeerbare aard van die opdrag:

This blessed hope is not designed as a sedative to an inactive mind and complacent conscience, but an incentive to the fullest endeavor to press on to the farthest limits of the world that all the nations may know Christ and the power of his Risen Life (Robertson, 1998 [Matt. 28:20]).

“Kyk” (ἰδου) (v. 20) is ’n demonstratiewe tussenwerpsel en is waarskynlik ’n Hebraïsme (vgl. הִנֵּה) wat gebruik word om die onmiddellikheid of die “hier-en-die-nou” van ’n situasie te beklemtoon en sodoende die aandag te vestig op dit wat aangekondig sal word. Verder lê ἰδου (v. 20) besondere klem op die geldigheid of sekerheid van wat daarna gesê word en καὶ (v. 20) suggereer verrassing/die onverwagte (vgl. Lambdin, 1987:168, 169; Swanson, 1997 [2180]; Louw & Nida, 1996 [91.10; 91.12]).

“Ek is” (ἐγώ εἰμι) (v. 20) is ’n emfatiese term waarmee Jesus al die aandag op Homself vestig. Hy (die Jesus wat hulle geken het, maar ook die Jesus wat nou alle mag het) en niemand minder nie, is by hulle (MacArthur, 1989:349; Hendriksen, 1989:1003). Verder is εἰμι (v. 20) ’n teenwoordige tyd indikatiefvorm en stel dus die teenwoordig wees van Jesus as ’n gerusstellende feit in die hede. Jesus *was* nie net by sy volgelinge nie, Hy *belowe* ook nie dat

Hy by hulle *sal* wees nie, Hy *is* by hulle (Hendriksen, 1989:1003). Robertson (1998 [Matt. 28:20]) verwys na εἶμι as die “prophetic present”.

Die kwalifikasie “al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (v. 20), bevat die volgende troosvolle indikatiewe:

- Dissipelmaking is nie 'n ewigdurende taak nie. Die mens sal daarmee besig wees, slegs vir al sy/haar dae (τὰς ἡμέρας) (v. 20) op die aarde.
- Die werk sal voltooi word, aangesien Jesus by sy dissipels sal wees tot die “voleinding van die wêreld”. Dit beteken dat hierdie opdrag in individuele en in korporatiewe sin voltooi sal word. Jesus sal al sy doelwitte in elke nuwe dissipel bereik, al gebruik hy meer as een dissipel hiervoor. Iemand uit die nasies kan deur een dissipel met die evangelie bereik word. 'n Volgende dissipel kan dieselfde persoon tot geloof begelei en 'n derde kan dieselfde persoon verder onderrig. Jesus delegeer immers nie sy mag nie en sal voortgaan om sy einddoel in mense te bereik. Hy sal uiteindelik sy groot doel met die hele mensdom (korporatief), in al die eeue van sy bestaan (vgl. ἕως τῆς συντελείας τοῦ αἰῶνος [v. 20]), bereik. “Eeu” (αἰών) dui 'n tydperk aan met betrekking tot die heelal (vgl. “eeu” en “ewigheid”, van “eeuwigheid”; Louw & Nida, 1996 [1.2]).
- Die dissipel het dus die dubbele troos dat hy/sy nie alleen in die uitvoering van die omvangryke opdrag is nie. Nie alleen is Jesus self teenwoordig nie, maar Hy sal ook met toekomstige dissipels wees in die uitvoering en voltooiing van dieselfde groot opdrag.

Met IND 2 omraam Matteus sy evangelie, aangesien hy Jesus in 1:23 aangekondig het as Immanuel, die Kindjie wat “God met ons” is (vgl. Keener, 1999:97). Die enigste ander direk vergelykbare verwysing is “in julle midde” in Matteus 18:20. Die konteks van laasgenoemde is hulp met persoonlike konflikhantering, omdat die Vader Hom “oor kindertjies ontferm” (Gundry, 1994:367). Volgens Gundry (1994:370) beklemtoon die verband tussen 1:23 en 18:20 Jesus se nederige teenwoordigheid (vgl. Matt. 11:19). Jesus het dus alle mag maar is tog nederig. In IND 1, 2 kom dieselfde twee gedagtes na vore: Jesus het alle mag in die hemel en op aarde, dus verhef bo alles en almal in die skepping (IND 1) en tog is Hy teenwoordig by sy dissipels (IND 2). Dieselfde twee betekenisse kom in Matteus 11:27, 29b voor. Hierdie bevindings oor Jesus stem ook ooreen met die “swakheid” van die kruis (1 Kor. 1:25; vgl. 2.3.4.4).

#### **4.2.6.7 Ander verbandhoudende sake onmiddellik voor en na die perikoop bellig die groot opdrag**

##### **4.2.6.7.1 Beskikbaarheid**

Die elf dissipels het na Galiléa gegaan, na die berg waarheen Jesus hulle geroep het (Matt. 28:16). MacArthur wys daarop dat die kerk nie sy missie kan vervul as lidmate nie beskikbaar is nie. "As far as the believer's service to God is concerned their greatest ability is availability" (MacArthur, 1989:335). Die mees talentvolle Christen beteken niks vir die koninkryk as hy/sy nie beskikbaar is nie. 'n Dissipel weet dikwels nie vooraf waar en in watter hoedanigheid hy/sy sal dien nie, maar moet beskikbaar wees vir die leiding van God se Gees om die tye en geleenthede (vgl. χρόνος en καιρός in Hand. 1:7) om getuie te wees, op elke terrein van die koninkryk te realiseer (vgl. Henry, 1996b).

##### **4.2.6.7.2 Aanbid Jesus in geloof sonder om te twyfel**

In vers 17 lees ons dat die mense Jesus aanbid het toe hulle Hom sien, maar dat sommige getwyfel het. Verskeie verklarings vir dié twyfel word gegee. Een verklaring is dat Jesus nog te ver van sommige dissipels was en dat hulle Hom nog nie kon sien nie. Die wat Hom wel goed kon sien het nie meer getwyfel nie, maar Hom dadelik aanbid (Keener, 1999:716; vgl. Hendriksen, 1989:997). As aanvaar word dat hierdie die gebeurtenis was waar Jesus aan vyf honderd dissipels verskyn het (vgl. Keener, 1999:716; Robertson, 1998 [Matt. 28:17]; Wiersbe, 1996b) dan maak hierdie verklaring goeie sin en word dit gesteun deur die onmiddellike konteks van "sien" en "aanbid".

Matteus beklemtoon in hierdie vers ook die belang van geloof (Keener, 1999:715). 'n Ander belangrike saak waarop in die volgende hoofstuk uitgebrei word, is die feit dat geloof in Jesus nie in die eerste plek oor die sigbare handel nie (Heb. 11:1). Jesus se woorde moet geglo word en is die groot erflating aan die kerk (vgl. Joh. 20:29).

In hierdie teks word ook 'n duidelike bewys van die Goddelikheid van Jesus gelew. Dat enige iemand behalwe God aanbid mag word, is lynreg teen die Skrif (vgl. Deut. 5:7–9). Jesus laat mense hier toe om Hom (αὐτὸν [akkusatief], v. 17) te aanbid. Jesus is dus die direkte

“voorwerp” van aanbidding. So word Jesus se eenwees met die Vader en die Heilige Gees en dat Hy God is, bevestig (vgl. die motivering hierbo by stelling 4 [4.2.6.3.2]).

Aanbidding en verheerliking (“worship”) van Jesus hoort by dissipelskap. Verheerliking en aanbidding van Jesus in ware geloof is ook ’n bron van motivering vir ander en verleen krag vir die uitvoering van die groot opdrag (Arias, 1991:415). Die afsluiting van die Matteus-evangelie met die woord “amen” deur die Textus Receptus (vgl. DiVietro, 1995) is waarskynlik ’n latere toevoeging tot die teks (Metzger, 1975:72) wat nietemin kerke se geloofsantwoord op die evangelie weerspieël.

Die Here vra vandag nog ’n reaksie van geloof in Hom en gehoorsaamheid aan sy groot opdrag.

#### **4.2.6.8 Gevolgtrekkings**

Uit die ondersoek van SP 1 word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- 4.2.6.8.1 Die rigting van die groot opdrag is uitwaarts. “Nasies” beklemtoon dat dissipels gemaak moet word deur oor die grense te gaan (4.2.6.2; vgl. ook die afleidings uit die sintaktiese struktuur by 4.2.4.2). Die dissipelmaakproses begin dus by uitreiking (SP 1).
- 4.2.6.8.2 Die groot opdrag hou in dat beplan moet word om die grootste denkbare groepe te bereik (4.2.6.2).

Uit die ondersoek van SP 2 word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- 4.2.6.8.3 Die doop moet uitgevoer word deur ’n dissipel en word beveel vir elkeen wat ’n dissipel van Jesus word (vgl. stelling 1 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.4 Doo (βαπτίζω) beteken om heeltemal onder die water te wees (“immerse”, “drench”), om nie weer daaruit te kom nie. Die verskillende fasette van hierdie nuwe verhouding binne die konteks van die groot opdrag blyk uit die begrippe in SP 2b (4.2.6.3.2).

- 4.2.6.8.5 Doop getuig van 'n dissipel se persoonlike geloof en bekering wat lei tot die ritueel van inlywing in of inbring in die verhouding met God en onder sy mag, dus 'n teken van verlossing (vgl. stelling 2 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.6 Doop getuig van die bilaterale aard van die verbond – die Vader kom sy beloftes na (vgl. stelling 3 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.7 Sending is die “binnekant van die verbond” en onlosmaaklik aan die doop verbind. Die verlangende Vader wat sy belofte om sy Seun te stuur gehou het, verwag reaksie van mense nadat Jesus se dissipels met die evangelie oor die grense gegaan het (vgl. stelling 3 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.8 Doop getuig van geloof in die Goddelikheid van Jesus Christus, vryspraak van sondes in Hom en 'n keuse vir radikale bekering of lewensverandering (vgl. stelling 4 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.9 Doop bevestig dat God deur sy Gees verder in 'n dissipel wil werk (vgl. stelling 5 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.10 Doop in die Naam van die drie-enige God getuig van mistieke eenwees met 'n onverklaarbare God (vgl. stelling 6 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.11 Doop in die Naam van die drie-enige God getuig daarvan dat Christene deur die krag van die Gees in staat is om soos die Drie-eenheid, eenheid in verskeidenheid te kan uitbou in aktiewe liefde en die gemeenskap van gelowiges (vgl. stelling 7 [4.2.6.3.2]).
- 4.2.6.8.12 Die sewe stellings oor die doop wat by 4.2.6.3.2 gemaak is, beklemtoon die twee fasette van SP 2a en SP 2b (vgl. 4.2.6.3.3).

Uit die ondersoek van SP 3 word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- 4.2.6.8.13 Nie slegs nuwe dissipels word geleer nie, maar dissipels hou nooit op om self te leer en ander te leer nie (4.2.6.4.2).
- 4.2.6.8.14 “Leer” (διδάσκω) beteken om in 'n formele of informele opset, instruksie of onderrig te gee. Die betekenis hiervan binne die konteks van die groot opdrag blyk uit die betekenis van SP 3b (4.2.6.4.2).
- 4.2.6.8.15 Jesus self onderrig gesaghebbend as Koning deur sy dissipels, daarom is 'n persoonlike dissipelskapverhouding met Hom 'n onontbeerlike kwalifikasie vir elkeen wat 'n ander leer (4.2.6.4.2).

- 4.2.6.8.16 Leer gaan oor uitkomste eerder as oor insette (vgl. "onderhou"). Die verantwoordelikheid om te sorg dat die nuwe dissipel leer, bly by die leermeester, so ook die praktiese toepassing van die leerinhoud en die persoonlike begeleiding van die nuwe dissipel (4.2.6.4.2). Aangesien die persoon wat geleer word begelei moet word tot gehoorsaamheid aan Jesus, is die fasilitering van wilsbesluite onontbeerlik in die leerproses (4.2.6.4.2).
- 4.2.6.8.17 "Alles wat Ek julle beveel het" beklemtoon beide dat die leerinhoud van Jesus omvattend is en dat daarmee nie selektief gewerk mag word nie. Andersyds mag ook nie meer geleer word as wat Jesus beveel het nie – dus, 'n beperking op denkkonstruksies wat uit die mens self voortkom (4.2.6.4.2).
- 4.2.6.8.18 Jesus se leerinhoud vir doeleindes van die groot opdrag sluit die evangelies en die Ou Testament in. Alles kan saamgevat word in die groot gebod, naamlik liefde (4.2.6.4.2; vgl. 3.2.1).
- 4.2.6.8.19 Aangesien die groot opdrag die mens toerus vir sy kultuuropdrag is dit verkeerd om die twee sake teenoor mekaar te stel (4.2.6.4.3).
- 4.2.6.8.20 SP 3a help om die gemeente se rol as dié van toerusting te omlin, sodat dissipels op die groot terrein van die koninkryk kan toepas wat Jesus geleer het (4.2.6.4.3).
- 4.2.6.8.21 Wanneer die fokus op die toerustingstaak van die gemeente ingevolge die groot opdrag uit die oog verloor word, word 'n gemeente ondoeltreffend in die koninkryk en die wêreld omdat die gemeente as organisasie nie toegerus is om elke faset van die koninkryk te behartig nie (4.2.6.4.3).
- 4.2.6.8.22 SP 1–3 beklemtoon 'n onderlinge balans en die verhouding tussen SP 1–3 bevestig die beredenering by 4.2.4.4.4 dat dissipelskap 'n proses is (4.2.6.5).

Uit die ondersoek van IND 1, 2 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- 4.2.6.8.23 Jesus motiveer dissipels vir die nakoming van die groot opdrag met twee troosvolle indikatiewe (IND 1, 2; 4.2.6.6.2; 4.2.6.6.3).
- 4.2.6.8.24 Jesus se mag is eksklusief, Hy delegeer nie sy mag nie, maar werk deur sy Gees deur sy dissipels (4.2.6.6.2).
- 4.2.6.8.25 Jesus se mag is omvattend, Hy is die Koning van die heelal wat sy Koningskap deur die kruis verwerf het. Hy het ook alle mag oor die bose magte waarteen die kerk stry (vgl. Ef. 6:12; 4.2.6.6.2).
- 4.2.6.8.26 Jesus het die gesag om die groot opdrag vir sy kerk te beveel (4.2.6.6.2).



- 4.2.6.8.27 Jesus is nie slegs 'n magtige Koning nie, maar beklemtoon die sekerheid dat Hy ook nederig teenwoordig is by diegene wat sy opdrag uitvoer (4.2.6.6.3).
- 4.2.6.8.28 Die groot opdrag eindig met die wederkoms. Intussen sal Jesus sy doelwitte individueel en korporatief in al sy dissipels bereik (4.2.6.6.3).
- 4.2.6.8.29 Jesus vra van sy dissipels om beskikbaar te wees en te glo in sy mag en teenwoordigheid (4.2.6.7.1; 4.2.6.7.2).

### **4.3 Afdeling twee: die groot opdrag neem verdere vorm aan in die geskiedenis van die eerste gemeentes**

#### **4.3.1 Inleiding**

In hierdie afdeling word die resultate van die ondersoek van die groot opdrag soos uiteengesit in Matteus 28:18–20, met die wyse waarop die groot opdrag in die eerste gemeentes vorm aangeneem het, vergelykend vanuit Handelingse ondersoek. As werkplan word die volgorde van IND 1–2 en die binnespore SP1–3 as indeling gebruik: Eerstens word hermeneutiese vertrekpunte vir die ondersoek van verhaalstof soos Handelingse, uiteengesit. Tweedens word die uitstorting van die Heilige Gees as vervulling van IND 1, 2 en SP 1–3 bespreek. Derdens word vir doeleindes van SP1–3 'n vergelyking getref tussen Handelingse 2:42, 47 en Matteus 28:18–20. Vierdens word die program van Handelingse 1:8 (SP 1) ondersoek. Vyfdens word ondersoek hoe SP 2 in die res van die boek Handelingse figureer. Sisdens word enkele opmerkings gemaak oor die relevansie van “tekens en wonders deur die apostels” vir SP 3. Ten slotte kom enkele voorbeelde van konflik rakende die groot opdrag in die vroeë kerk aan die orde. Twee afdelings oor konflikhantering naamlik op SP 1 (volgens die Hand. 1:8-model) en SP 3, word ondersoek.

#### **4.3.2 Hermeneutiese vertrekpunte vir die verklaring van die boek Handelingse**

Getz (1986:38) maak onderskeid tussen voorskriftelike en beskrywende Skrifgedeeltes, tussen funksie en vorm en tussen beginsels en nie-beginsels (“absolutes” en “non absolutes”):

- “The Bible often teaches function without describing form.
- Where it does describe form it is partial and incomplete.
- What form is described varies from situation to situation ...

It is not possible to absolutize something that is that is *not described* ; that is always *incomplete*; and that is *always changing* from one setting to another. This is why form and structure are not absolutes in the Bible ... On the other hand, functions and principles are absolute – *if* they appear consistently throughout New Testament history and are not self-delimiting. Our challenge is to "look through the lens of Scripture and isolate those functions and derivatives that are absolute and supracultural" (Getz, 1986:38).

Om sy hermeneutiese sleutel te verduidelik gee Getz (1986:42) die volgende vergelykings:

| <b>ABSOLUTES</b>     | <b>NON ABSOLUTES</b> |
|----------------------|----------------------|
| Function             | Form                 |
| Principle            | Pattern              |
| Organism             | Organization         |
| Truth                | Tradition            |
| Message              | Method               |
| <b>SUPRACULTURAL</b> | <b>CULTURAL</b>      |

Die onderskeidinge van Getz is veral van toepassing wanneer verhaalstof (soos in Handeling) ondersoek word en in die besonder gedeeltes wat handel oor doop, waar vorm beskryf word. Wanneer Skrifgedeeltes beskrywend is, moet die Skrifverklaarder buitengewoon versigtig wees om hierdie vorms nie tot tydlose beginsels te verhef nie. Kvalbein (1988:50) wys byvoorbeeld daarop dat Christene nêrens in die Briewe aangemoedig word om die spesifieke dinge wat Jesus gedoen het, op dieselfde wyse te herhaal nie, maar wel om dieselfde beginsels van liefde en nederige selfopoffering gehoorsaam toe te pas. Wanneer raakgesien word dat Skrifgedeeltes beskrywend van aard is, hinder die verskille tussen beskrywings nie die uitleg nie.

Die bostaande opmerkings van Getz en Kvalbein is veral van belang vir die regte verstaan van die doop en dien as waarskuwing om nie vorme en funksies te verwar nie. Dat die doophandeling beskrywend van aard is, blyk uit die karige gegewens in die Bybel daaroor. Handeling 8:39 is die volledige beskrywing van 'n Christelike doophandeling en bevat baie min besonderhede. In Handeling 10:44–48 verskil die volgorde van die doophandeling en die ontvang van die Heilige Gees byvoorbeeld van Petrus se uitspraak in Handeling 2:39.

Die gebruik van metafore en simbole is eweneens belangrik. In 4.2.6.3.2 is byvoorbeeld verwys na die figuurlike betekenis van βαπτίζω (Louw & Nida, 1996 [53.49]). Wanneer die gebruik van die doop as metafoor binne die konteks raakgesien word, verval baie onnodige argumente

en kom die ryke betekenis van die skrywer se bedoeling na vore. 'n Metafoor berus op 'n vergelyking, maar is meer as 'n vergelyking of simbool van die saak waarby aangesluit word. Deur "doop" metafores te gebruik, word die teologiese betekenis van die doop nie beperk nie, maar eerder uitgebrei:

It is rather to affirm that there is some transfer or troping taking place, that something different from the literal referent ('baptized') maybe in view, that the relation between the literal referent and the metaphor may not be one of identity but of transferred association ... The phrase, as a literary form, will (usually) be far more limited in its reference and force than the richer visual and evocative ceremony of Christian baptism ... it may be an important way of bringing out other dimensions of the reality being referred to that complement rather than question a theology of baptism and its symbolism (Dunn, 1999:298).

Ten slotte geld die beproefde beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking (vgl. Jordaan, 1991:22). 'n Skrifgedeelte oor byvoorbeeld die doop, waaruit die beginsels in verband met doop duidelik afgelei kan word, moet derhalwe as sleutel aangewend word om die beskrywende en moeiliker gedeeltes te verstaan. Daarom word Matteus 18:19 en die ontleding daarvan nou verder as sleutel aangewend om die beskrywende gedeeltes in Handelingte beter te begryp.

#### **4.3.3 Die Heilige Gees is die krag vir die groot opdrag (IND 1 en IND 2), vir die oorsteek van grense (SP 1) en vir lering (SP 3)**

Die uitstorting van die Heilige Gees staan direk in verband met al die elemente van die groot opdrag. In die onderstaande paragrawe word die verband tussen die uitstorting van die Heilige Gees en IND 1, 2 en SP 1, 3 kortliks beskryf. Die verband tussen doop (SP 2) en die Heilige Gees kom afsonderlik in 4.3.6 aan die orde.

Die eerste saak wat Jesus noem wanneer Hy die groot opdrag gee, is dat Hy alle mag het (IND 1). In Handelingte 1:8 is die krag wat die dissipels ontvang ook die eerste onderwerp wat genoem word. Die groot opdrag word afgesluit deur Jesus se versekering dat Hy by sy dissipels sal bly (IND 2). Uit Johannes 14:15–20 volg dat Jesus na sy hemelvaart deur sy Gees by die dissipels sal wees (Morris, 1992:648).

Uit die teks van Handelingte 2:1–13 blyk dit duidelik hoe kragtig, omvattend en volledig die Pinksterwonder is. Die krag van die Gees is *hoorbaar* vir almal in die vertrek in die geluid soos van 'n geweldige (vgl. IND 1) rukwind. Die Gees kan *gesien* word en werk individueel in die

"tonge soos van vuur" bo elkeen (vgl. IND 2 en Num. 11:29) se kop. In plaas van 'n gebou (vgl. 2 Kron. 7:1–2), vul die Gees nou elke gelowige self (vgl. IND 2) en kommunikeer verstaanbaar vir etniese groepe regoor die wêreld met die taalwonder (vgl. Wiersbe, 1996d). So word God se sending na die nasies beklemtoon (SP 1). Judaïsme het reeds die geskiedenis van die toring van Babel (Gen. 11) "omgekeer" deur God se boodskap oor die grense te neem en ook nie-Jode te bereik (Gempf, 1994; vgl. Hand. 8:27). Wat met Pinkster nuut is, is dat mense nie weer nodig het om na een sentrale plek (Jerusalem) te kom om te aanbid nie (Gempf, 1994). Die Woord sal dus nou sentrifugaal van Jerusalem na die uithoeke van die wêreld versprei. Hierop word verder in 4.3.5 uitgebrei.

Die uitstorting van die Heilige Gees het ook 'n onmiddellike effek op die dissipels se lering (SP 3). Die belofte van Jesus dat die Gees die dissipels in die "hele waarheid sou lei" en verder deur die dissipels sou "verkondig" (Joh. 16:13, 14; vgl. SP 3) het met Petrus se preek op Pinksterdag 'n aanvang geneem (vgl. Morris, 1992:701; Hand. 2:14). Die gevolge is bekering en doop (Hand. 2:37,38; vgl. 4.3.6) en die ontstaan van die eerste gemeente met unieke waardes (Hand. 2:42; vgl. 4.3.4).

#### **4.3.4 Die waardes van 'n gemeente wat gehoorsaam is aan die groot opdrag: die verband tussen Handeling 2:42, 47 en Matteus 28:18–20 (SP 1–3)**

Die verband tussen Handeling 2:42 en 47 en die groot opdrag in Matteus 28:18–20 via Handeling 1:8, is opvallend. Handeling 2:47 beskryf die toevoeging van nuwe dissipels as die Here se werk en is daarom direk verbind aan die "krag van die Heilige Gees" (Hand. 1:8 en IND 1 in Matteus 28:18).

In Handeling 2:42 word 'n chiasme as stylfiguur gebruik om die gemeente-aktiwiteite ten opsigte van nuwe en bestaande dissipels te beskryf (vgl. Moule, 1963:193). Deur chiasme word twee hoofsaake beklemtoon naamlik a) leer en gebede en b) sigbare gemeenskap van gelowiges. Die verband met die groot opdrag kan as volg voorgestel word:

2:47: Die Here het daagliks nuwe dissipels bygevoeg – SP 1 en IND 1, 2 (vgl. Hand. 1:8)

2:42: SP 3a – (a) leer van die apostels (b) gemeenskap – SP 2b

SP 2a – (b) breking van die brood (a) gebede – SP 3b

Verduidelikende opmerkings:

- SP1 en IND 1, 2: Die grens na nie-dissipels word oorgegaan (SP1). Dit word beskryf as die werk van die Here self (vgl. Matt. 28:18, 20: "Aan my is gegee alle mag" [IND 1] en "Ek is met julle" [IND 2]).
- SP 2a: Die doophandeling (Matt. 28:19) kan vergelyk word met die "nagmaal/gemeenskaplike maaltyd" as sigbare belewenis van eenheid met God en mekaar.
- SP 2b: Die innige gemeenskap met Vader, Seun en Heilige Gees (vgl. "in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" [Matt.28:19]) is die grondslag vir die "gemeenskap" (κοινωνία) van gelowiges (vgl. 3.2.4.8.4).
- SP 3a: die opdrag "leer hulle" (Matt. 28:19) kan vergelyk word met die leer van die apostels (leerinhoud).
- SP 3b: Die gebede is 'n voorbeeld van die toepassing van die leerinhoud in verhouding met God en kan daarom vergelyk word met "om alles te onderhou" (Matt. 28:19).

Gevolgtrekking: die waardes van die eerste gemeente hou direk verband met gehoorsaamheid aan die groot opdrag soos beskryf in Matteus 28. Daarom kan daar na die eerste gemeente as 'n gemeente van dissipels verwys word.

Bostaande gevolgtrekking word verder bevestig deur die ondersoek wat volg.

#### 4.3.5 Handeling 1:8 definieer dissipels as "getuies" en bied 'n program vir die oorsteek van grense (SP1)

By 4.2.1 en 4.2.2 is reeds daarna verwys dat Handeling 1:8 die laaste groot opdrag voor die hemelvaart verwoord en nie dieselfde gebeurtenis is wat Matteus beskryf nie. Die ooreenkomste kan as volg voorgestel word:

| Matteus 28:18–20                                           | Handeling 1:8                                                                              |
|------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------|
| Groot opdrag: "maak dissipels van al die nasies"           | "julle sal my getuies wees"                                                                |
| IND 1: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" | "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom"                       |
| SP 1: "Gaan dan heen (na al die nasies)"                   | "in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde" |

Die groot opdrag self word duideliker deurdat Jesus die wyse waarop dissipels gemaak sal word aandui as "julle sal my getuies wees". Om getuie (μάρτυς [Hand. 1:8]) te wees sluit martelaarskap in en verwys na iemand wat bereid is om sy/haar lewe vir Jesus te gee, "a person who has been deprived of life as the result of bearing witness to his beliefs—'martyr'" (Louw & Nida, 1996 [20.67]; vgl. stelling 4 [4.2.6.3.2]). Verder is μάρτυς 'n forensiese begrip. 'n Getuie is iemand wat persoonlike ondervinding moet hê van die saak waaroor hy/sy getuig en iemand wat oor feite getuig – 'n aspek wat by Lukas behoue bly, al is die persoon 'n geloofsgetuie. Die inhoud van die geloof berus op historiese feite, nie op dogmas, mites of spekulاسie nie:

The proper sphere of μάρτυς is the legal, where it denotes one who can and does speak from personal experience about actions in which he took part and which happened to him, or about persons and relations known to him (Schneider, 1976). At issue are, not doctrines, myths, or speculations, but facts which took place in the clear light of history at a specific time and place, facts which can be established and on which one can rely (Schneider, 1976a).

Wat by 4.2.6.4.2 oor "leer hulle om te onderhou" gesê is, word dus deur die betekenis van "getuie" versterk. In hoofstuk twee is die kern of fokus van hierdie leerinhoud aangedui as "die woord van die kruis". Dat die eerste dissipels ander geleer het (SP 3) en so getuies van Jesus was, is reeds by 4.3.3 met verwysing na Petrus se preek, aangetoon.

Uit Handeling 1:8 volg nou verder dat dissipels ander dissipels sou maak deur hulle getuienis. Die verskillende kategorieë van mense wat bereik moet word, word nou verder ondersoek.

Handeling 1:8 se "program" of "reisplan" is beskrywend van aard en verhaal welke kategorieë van mense bereik is. Verder kan Handeling 1:8 as oorsig ("outline") vir die inhoud van die hele boek aangedui word aangesien die res van die boek die uitdra van die evangelie kronologies volgens die genoemde gebiede beskryf (Hugley, 1999:49; vgl. Gempf, 1994a). Volgens Hugley (1999:49) dui Handeling 1:8 nie net op geografiese areas nie, maar het ook op kategorieë van mense betrekking. In aansluiting by Hugley (1999) word die volgende kategorieë gelys:

- "Jerusalem" verteenwoordig die oorsteek van grense na nabygeleë nie-dissipels wat dieselfde taal en kultuur deel. In die eerste gemeente is "daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is .... en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof" (Hand. 2:47; 5:14;

6:7). Hierdie mense was meestal Jode soos die dissipels. "Jesus nowhere revokes the mission to Israel (10:6)" (Hugley, 1999:49; Keener, 1999:719).

- "*Judéa*" verteenwoordig die oorsteek van grense na nie-dissipels wat verder weg, (hoewel nog in dieselfde provinsie) is en wat dieselfde taal en kultuur deel. Teenoor "Jerusalem" beklemtoon "*Judéa*" dus uitbreiding (vgl. "hele" [πάση, Hand 1:8]; Hugley, 1999:50).
- "*Samaria*" verteenwoordig die oorsteek van grense na nie-dissipels van 'n ander taal, etnisiteit, kultuur of sosiale stand, sonder dat groot afstande afgelê word (Hugley, 1999:50). Die eerste Christene in Jerusalem het kerke begin plant, maar nog slegs onder Jode: "En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig ... tot by Fenícië en Ciprus en Antiochië *sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen*" (Hand. 8:4; 11:19, my kursivering). Jesus het vroeër ook sy dissipels net na die verlore skape van Israel gestuur (Matt. 10:6; 15:21–28). Nou egter, nadat Hy "sy lewe as losprys vir baie gegee het" (Mark. 10:45; Hand. 26:29) en opgestaan het uit die dood, stuur Hy hulle met 'n universele opdrag (Arias, 1991:416; vgl. ook Op. 14:6). Daarom is "andersoortiges" nou ook doelbewus deel van die opdrag.
- *Die uithoeke van die wêreld* (Bybel, 1990, my kursivering) verteenwoordig die "grenslose" oorsteek van grense na nie-dissipels, beide wat afkoms en afstand betref (Hugley, 1999:51). Jesus se opdrag beteken "verder as Rome" (waar die boek Handeling eindig) (Newman & Nida, 1972:18; Witherington, 1998:110, 111). In 1 Timoteus 2:4–5 word die "universele van de goddelijke heilswil" (Ridderbos, 1967:73) beklemtoon: Jesus is Middelaar tussen God en die mensdom, wat "wil hê dat *alle* mense gered word en tot kennis van die waarheid kom". In Antiochië vind die eerste treffende voorbeeld van gehoorsaamheid aan hierdie faset van die groot opdrag plaas. "Gewone Christene" ("lay men") neem aktief deel aan die groot opdrag deurdat hulle die strategiese ligging van die stad vir die nasies van die wêreld benut en sodoende die evangelie doelbewus ook aan nie-Jode te bring (Hand. 11:20–22; Schurb, 2000:36, 37; vgl. "Samaria" hierbo). Hulle gaan egter verder en stuur selfs beide hulle predikante uit op die eerste sendingreis na ander lande! (Hand. 13:1–4; vgl. Schurb, 2000:38).

Die verbinding van die gebiede in Handeling 1:8 deur die woord "en" (καὶ) beklemtoon hoe omvattend hierdie opdrag is (vgl. Hugley, 1999:49–51).

Uit bogenoemde uitreikingsprogram volg ook 'n bepaalde progressie: die gemeente begin by uitreiking (SP 1, Matt. 28:19) en beweeg dan al hoe verder oor hulle eie grense.

Uit bogenoemde program volg as beginsel dat die gemeente se uitreiking omvattend en progressief behoort te wees. Die voorbeeld van die Handeling 1:8-program bied 'n navolgingswaardige metodiek vir moderne gemeentes.

#### **4.3.6 “Doopt hulle” (SP 2) gaan in vervulling in die geskiedenis van die vroeë kerk**

##### **4.3.6.1 Inleiding**

Oor die verband tussen die doop en die uitstorting van die Heilige Gees is reeds baie geskryf (vgl. Floor, 1979, 1983). In hierdie afdeling word die resultate van die ontleding van SP 2 (in die besonder die sewe stellings) aan enkele beskrywings van “doopt” in Handeling getoets. Die hermeneutiese vertrekpunte wat by 4.3.2 gestel is, is hier van toepassing. Daar sal ook aangetoon word dat die sogenaamde reisplan vir dissipelskap (vgl. 4.3.5) ook van belang is om die doop in Handeling te verstaan. In afdeling drie word kortliks aangetoon dat Paulus se uitsprake die stellings en samevattinge oor die doop (4.2.6.3.2; 4.2.6.3.3) verder bevestig en toelig.

##### **4.3.6.2 Doop met die Gees as “God se kant” van die verbond (Handeling 1:5)**

Geleerdes is dit eens dat Handeling 1:5 in die lig van Matteus 3:11 (vgl. Luk. 3:16) na die uitstorting van die Heilige Gees verwys, asook na die eindoordeel deur Christus (vgl. Lev. 23:15,16 en Wiersbe [1996e]; Floor, 1979:5–6; Witherington, 1998:110). Die figuurlike betekenis van “doopt” is hier ter sprake (Louw & Nida, 1996 [53.49]; 4.2.6.3.2). Jesus sal dus in die nuwe bedeling met die Heilige Gees “doopt” (metafories), welke “doopt” met Pinkster 'n aanvang neem (vgl. Floor, 1979:6). Die teenstelling tussen “water” en “Gees en vuur” dui die andersheid van die nuwe bedeling aan.

Die grootste kontras is egter tussen Johannes en Jesus as subjek van die doophandeling. Jesus is God en beklemtoon as Middelaar van die nuwe verbond, God se kant in die bilaterale karakter van die verbond (vgl. stelling 3). Hy verrig self hierdie doophandeling met Pinkster (vgl. Hand. 1:5; stelling 5). So gesien is daar 'n duidelike verband met Matteus 28:19, selfs



kontinuiteit. “Dooop met die Gees” beklemtoon Jesus se eie werk wat met die uitstorting van die Gees ’n aanvang neem. Op dié wyse is Hy wat alle mag het (IND 1) by hulle teenwoordig (IND 2). Die mens se kant in hierdie bilaterale verhouding, word direk na Pinkster in Handeling 2:37–38 beklemtoon en word vervolgens bespreek.

#### **4.3.6.3 Doop as teken van bekering en antwoord op die “doop met die Heilige Gees” (Hand. 2:37–39)**

Daar is kontinuiteit in die teks tussen Handeling 1:5 en Handeling 2:37–39. Beide Handeling 1:5 en Handeling 2:38 verwys na die uitstorting van die Heilige Gees. Laasgenoemde hipotese word bewys deur te vra *wie* in vers 37 aan die woord is en *wanneer* hulle die vraag vra.

Jode, dus mense wat reeds deel is van die verbond, maar wat nog nie dissipels van Jesus is nie, vra nou, direk na Petrus se preek en kort na die uitstorting van die Heilige Gees: “Wat moet ons doen, *broeders*?” (Hand. 2:37 [my kursivering]; Witherington, 1998:140; Stott, aangehaal deur O'Donnell, 1999:319; Floor, 1983:37, 38). Hulle reaksie strook met die program in Handeling 1:8 (kyk “Jerusalem”; 4.3.5). “Peter’s speech is not just an attempt to defend the experience of his fellow disciples, but a call to Jewish repentance, especially of course to those Jews most directly responsible for Jesus’ death” (Witherington, 1998:140; vgl. v. 36 – JP).

Dit is ook opmerklik dat hulle reeds “diep in die hart getref is” (v. 37) – wat alleen as die werk van die Gees beskryf kan word. Petrus se antwoord in vers 38 kan soos volg opgedeel word:

- “Bekeer julle” (hier van μετανοέω) wat beteken “to change one’s way of life as the result of a complete change of thought and attitude with regard to sin and righteousness” (Louw & Nida, 1996 [41.52]; vgl. SP 2a). Die klem is dus op wat hulle moet doen as Petrus se eerste antwoord op hulle vraag.
- “laat elkeen van julle gedoopt word” (v. 38). Dus ingelyf (“immerse”) in Christus (vgl. stellings 1, 2). Jesus doop figuurlik met die Gees (1:5) en die mens moet hom/haar letterlik laat doop.
- “in die Naam van Jesus Christus” (nie in die Naam van die Vader en die Heilige Gees nie) – hiermee word die aanvaarding van die Godheid van Jesus en so weereens ook die mens

se verantwoordelikheid beklemtoon (vgl. die uiteensetting by stelling 4). Floor (1983:35) sonder ἐπὶ in Handeling 2:38 uit omdat hy meen dat die voltooide werk van Christus as grond van die doop op hierdie wyse beklemtoon word en nie bekering nie. Hiermee kan nie saamgestem word nie. Later in sy verklaring van Handeling 10 beskou Floor ἐπὶ gewoon as sinoniem vir ἐν in Matteus 28:19 (Floor, 1983:40; vgl. Louw & Nida [1996]: “ἐπὶ (with the genitive), ἐν (with the accusative), ἐν (with the dative): markers of content as a means of specifying a particular referent—‘concerning, with respect to, with reference to, about, in’” [90.23]). In die konteks van hierdie vers staan bekering voorop en is juis in ooreenstemming met die bilaterale aard van die verbond. Daarom is dit onnodig om hier soveel uit die preposisie (ἐπὶ) af te lei. Die volgende twee frases beklemtoon weer God se kant van die verbond (wat reeds in Hand. 1:5 belowe is).

- “tot vergewing van sondes” – Christus sal hulle skuld afskryf (vanweë die kruisiging; vgl. Witherington, 1998:140 en “woord van die kruis” [2.3.4.4]).
- “en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang”. Met Heyns (1978:295) word saamgestem dat hier verwys word na die korporatiewe werking van die Heilige Gees in die Jode as groep, eerder as met individue. Binne die konteks van Handeling 2 beteken die “gawe” die uitstorting van die Gees. Ook Handeling 2:39 bewys laasgenoemde stelling. “Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep”. Hierdie woorde kan kwalik anders verstaan word as ’n tweede verwysing na die eskatologiese belofte deur die profeet Joël (vgl. Joël 2:28–32; Hand. 2:16–21), dui dus op die uitstorting van die Gees en word nou ook aan hierdie Jode toegesê (vgl. Witherington, 1998:140, 141; Floor, 1983:37).

Petrus se motivering is omvattend: “Julle” en “julle kinders en almal wat daar ver is” ontvang die belofte van die Heilige Gees. Laasgenoemdes verwys waarskynlik na Jode in die diaspora (“chronologically distant descendants or to their geographically remote countrymen” [Holladay, 1996]). Wat in fokus is, is God se omvattende plan. Die vergelyking met Handeling 1:8 is opvallend (vgl. “uithoeke van die wêreld” en “almal wat daar ver is”).

Die resultaat van Petrus se antwoord word in Handeling 2:41 beskryf. Ongeveer drie duisend mense wat Petrus se woord met blydschap aangeneem het, is gedoop.

#### **4.3.6.4 Jesus “doop” ook in Samaria en “die uithoeke” (Hand. 8:14–17; 10:44–48; 19:1–7)**

In bogenoemde gedeeltes word waarskynlik verdere manifestasies van die uitstorting van die Heilige Gees, eerder as 'n nuwe uitstorting, beskryf (Ladd, 1962; vgl. egter Lloyd-Jones, aangehaal deur O'Donnell [1999:320–321] wat die Pinkster en daaropvolgende gebeure as 'n “revival” eerder as die geboorte van die kerk in verskillende fases, sien). Die terminologie “op hulle geval” en “die Heilige Gees ontvang” (8:16–17) dui in die rigting van die Pinkstergebeure as verdere voorbeelde van figuurlike gebruik van “doop” (Louw & Nida, 1996 [53.49]; 4.2.6.3.2). Dit is opvallend dat Handeling 1:8 drie hoofterreine aandui en dat in elkeen van hierdie terreine manifestasies voorkom wat verband hou met mekaar. Die Heilige Gees is in Jerusalem uitgestort, vergelykbare gebeure kom dan in Samaria voor (Hand. 8:14–17; Witherington, 1998:572) en dan in Sesarea (Hand. 10:44–48) en Efese (Hand. 19:1–7) wat die uithoeke van die wêreld verteenwoordig (vgl. Stott, aangehaal deur O'Donnell, 1999:319; Floor, 1979:53).

Ten opsigte van verskille in die detail van die gebeure (soos die hoeveelheid water en die plek, die spreek in tale en handoplegging) moet raakgesien word dat hierdie gedeeltes beskrywend van aard is en dat die redes vir spesifieke vorme nie in die teks verskaf word nie (vgl. 4.3.2).

Beskrywende gedeeltes soos Hand. 8:14–17 is egter nie arm aan betekenis nie en belangrike afleidings kan steeds uit die kultuurhistoriese gegewens en die vorme gemaak word. Baker (1996) wys byvoorbeeld daarop dat die bevestiging dat God ook sy Gees in Samaria uitgestort het, besonder belangrik vir die eenheid van die kerk was, aangesien die Samaritane deur die Jode geminag is. Daarom was dit noodsaaklik dat apostels van Jerusalem (v. 14) die werk van die Gees moes verifieer en was die manifestasie van die Gees anders as in Jerusalem (vgl. 8:15, 17). Dat die Gees nie voorspelbaar en volgens die mens se sistematiese denke sou opereer nie, behoort in die lig van Jesus se uitspraak in Johannes 3:8a, geen verrassing of probleem te wees nie (vgl. Groenewald, 1980:83).

In Handeling 19:1–8 is die elemente van SP 1–3 en daarmee kontinuïteit met die groot opdrag duidelik aanwysbaar. Paulus gaan oor die grense na die Efesiërs (19:1 [SP 1]) en doop dissipels (19:3–5 [SP 2]) en onderrig (19:8 [SP 3]) vind plaas.

Hoewel wetenskaplikes verskil oor die vraag of die Efesiërs reeds Christene was toe Paulus hulle ontmoet het, (vgl. Stott en Lloyd-Jones aangehaal deur O'Donnell, 1999:322–323; Floor, 1979:52) is dit duidelik dat die volgorde van gebeure presies ooreenstem met die gedagtegang in Handeling 1:5; 2:38:

|                                                                                                                             |                                                                                                                                                                                                                                                |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| "Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie"(1:5). | "En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes" (19:3).                                                                                                                                   |
| "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes ..." (2:38).     | "Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus" (19:4–5). |
| "... en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (2:38)                                                             | "En Paulus het hulle die hande opgelê en die Heilige Gees het op hulle gekom en hulle het met tale gespreek en geprofeteer" (19:6; vgl. 2:4).                                                                                                  |

Dit is dus duidelik dat die doop waartoe Petrus voornemende dissipels in Handeling 2:38 beveel, in Handeling 19:3–4 toegepas word. Met Stott (aangehaal deur O'Donnell, 1999:325) word saamgestem dat die "doop met die Gees" die gawe van die Gees is, wat deur God met Pinkster aan die kerk gegee is en wat in die figuurlike sin "doop" genoem word:

The evidence, then, which I have sought to gather from the New Testament in general, and in particular from Peter's sermon in Acts 2 and Paul's teaching in 1 Corinthians 12:13, indicates that the 'baptism' of the Spirit is identical with the gift of the Spirit, that is one of the distinctive blessings of the new covenant, and because it is an initial blessing, is also a universal blessing for members of the covenant (Stott, aangehaal deur O'Donnell, 1999:325).

Aan hierdie gawe het die Efesiërs deur hulle bekering en doop deel gekry. Hulle het hulle laat doop omdat hulle in Jesus geglo het op grond van ten minste ook Paulus se verkondiging (Hand. 19:4). Daarna het "Jesus hulle gedoop" (vgl. die figuurlike betekenis) met die Heilige Gees.

#### 4.3.6.5 Die doop van individue en huisgesinne (Hand. 8:26–39; 9:18; 16:15, 31–33; 18:8)

Onmiddellik na die beskrywing van God se soewereine werk in Samaria, word die individuele doop van die Ethiopiër beskryf (vgl. Hand. 8:26–39). In Handeling 9:18 volg die beskrywing van Paulus se doop na sy bekering.

In Handeling 16:15, 31–33; 18:8 word verwys na huisgesinne wat gedoop is. Hierdie beskrywings laat vrae oor die doop as teken van Christen dissipelskap ontstaan. De Vos (aangehaal deur Witherington 1998:498) wys daarop dat dit 'n verrassing is dat redding beloof word aan ander mense as die een wat glo en dat "huis" die breë *familia* met die slawe kon insluit. Volgens hom word die Grieks-Romeinse gebruik om die huishouding by die geloofsbeskouing van die gesinshoof in te tel, nagevolg.

Floor (1983:38) meen dat Handeling 2:39 'n duidelike verwysing na die verbond inhou (vgl. "julle en julle kinders") en sien in Handeling 16:15, 31–33 'n verdere bevestiging van die verbondsgedagte, aangesien huisgesinne waarskynlik kinders ingesluit het (Floor, 1983:40, 41). Die probleem met Floor se siening is dat die argument op stilswye gegrond is aangesien ons nie weet of kinders teenwoordig was nie (Witherington, 1998:155). Verder is by 4.3.6.2 en 4.3.6.3 daarop gewys dat Petrus in Handeling 2:39 persoonlike bekering beklemtoon en waarskynlik slegs die omvattendheid van die belofte van die Gees in Joël beklemtoon (dus kinders = komende geslagte). Waarom sou Petrus die kinders uitsonder indien hulle in elk geval volgens algemene Joodse opvatting deel was van die verbond (soos Floor tereg aandui)? Verder was die Jode in Handeling 2:39 reeds deel van die verbond, terwyl die mense van Filippi onbesnede heidene was, wat die vergelyking tussen "kinders" (Hand. 2:39) en "huisgesin" (bv. Hand. 16:31) kompliseer.

Waarskynlik lê die antwoord eerder in 'n vergelyking tussen die vrae en antwoorde in Handeling 2:37–38 en 16:30–31 wat ooreenstem. "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" (16:30; vgl. 2:37). Toe sê hulle: 'Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin'" (vgl. 16:31; vgl. 2:38). In vers 31 word dit duidelik gestel dat die evangelie eers aan al die mense in die huis verkondig is en die implikasie is dat hulle ook geglo het en daarna gedoop is (Baker, 1996a). Die teks sê verder niks oor die doop van kinders nie (ook nie dat hulle uitgesluit was nie). Die moontlikheid wat De Vos (aangehaal deur Witherington

1998:498) noem, naamlik die insluiting van ongelowige volwassenes op grond van die gesinshoof se geloof word dus deur vers 31 uitgesluit. Met Witherington (1998:155) word saamgestem dat die fokus op die geloof van die hoofde van die huishoudings is en dat “what Acts does not seem to do is ask or answer the second-and-third-generation question of what was appropriate practice in regard to the children of believers, those raised *within* the church”.

Wat dus ook in Handeling 16 (vgl. ook v. 15) beklemtoon word, is dat bekering/verlossing en doop saamloop as maniere waarop dissipels gemaak word. Om bewyse vir of teen spesifieke en veral latere doopvraagstukke uit hierdie beskrywende gedeeltes af te lei, is ondoenlik.

#### **4.3.6.6 “Doop hulle” volg op “gaan oor die grense” – geen verloop van tyd om eers dissipels te leer nie**

Uit die beskrywings by 4.3.6.3 – 4.3.6.5, volg konsekwent dat SP 2 op SP 1 volg en nie op SP 3 nie. Nadat iemand bereik is as dissipel en 'n Christen geword het, word die persoon so gou as moontlik gedoop, sonder om eers tyd in te ruim om die persoon verder te onderrig (SP 3). Dit gebeur met die koopman van Ethiopië, die tronkbewaarder en sy gesin, ensovoorts. Hoewel die gebeure in Handeling beskrywend van aard is en nie rigoristies oor die volgorde van die stappe in die groot opdrag geoordeel mag word nie, bevestig hierdie volgorde van gebeure die logiese voortgang in dissipelskap as proses. Sodra iemand Christus as Verlosser bely, begin die fase van Christendissipelskap en bestaan die res van die dissipelskapproses uit groei na verdere volwassenheid, nie na groei tot verlossing nie. Doop is dus nie 'n eindpunt nie, maar 'n beginpunt vir groei in dissipelskap.

Uit bogenoemde paragraaf volg ook dat die doop (SP 2) nie aangewend behoort te word as teken van verdere verdieping of geestelike volwassenheid of van nuwe bekeringsmomente nie.

Die waarskuwings wat Bing (kyk by 4.2.4.4.3) oor “Lordship salvation” rig, is ook van toepassing op 'n praktyk waar persone eers toegelaat word om die doop as teken van Christenskap te ontvang, indien hulle uit 'n lewe van dissipelskap kan bewys dat hulle Christus se Koningskap aanvaar het. Laasgenoemde gebruik is vreemd aan die boek Handeling.

#### **4.3.6.7 Samevatting**

Samevattend kan gestel word dat die soewereine en vrye werk van God se Gees, die groot saak van dissipelskap wat besig is om te ontvou en die bilaterale aard daarvan beklemtoon. Soos met die Ou Testamentiese verbond met Israel wys God dat Hy Homself aan die nuwe mensdom wat in Christus regoor die wêreld verlos sal word, verbind (vgl. stellings 3–5). Sy eensydige inisiatief met die gee van die Heilige Gees word ook “doop” genoem, naamlik “doop met die Heilige Gees”. Figuurlike gebruik van die woord “doop” is ter sprake en beklemtoon dat die kerk deurdrenk (vgl. “immerse”) word met die Gees, soos wat iemand in die waterdoop deurdrenk word. Die doop met die Gees word uitgevoer deur Jesus Christus, die Middelaar van die nuwe verbond (Heb. 8:6). Christus “doop” in Jerusalem, Samaria en die uithoeke van die wêreld (vgl. O'Donnell, 1999:334; Floor, 1979:45).

Die mens se kant van die verbond word ook beskryf. Die geloofsreaksie van groepe en individue wat hulle laat doop word beskryf, presies volgens die plan wat Jesus uiteengesit het in Handeling 1:8 (vgl. Bruce, 1986:71).

Die betekeniselemente van die groot opdrag, in die besonder SP 2a, b is die sleutel om die doop in Handeling te verstaan.

#### **4.3.7 Tekens en wonders bevestig die lering (SP 3) van die dissipels**

Hierbo is reeds aangetoon dat SP 3 letterlik uitgevoer is deur die dissipels (vgl. Hand. 19:1–8; 4.3.6.4).

Die Here het deur tekens en wonders wat op verskeie plekke beskryf word (vgl. Hand. 4:30; 5:12; 6:8; 7:36; 14:3; 15:12) die “leeropdrag” (SP 3) van die apostels bevestig en mense met ontsag vervul (Hand. 2:43). Hierdie wonders en tekens neem verskeie vorme aan. In Handeling 3 word die genesing van ’n verlamde man beskryf. Handeling 5 verhaal hoe Ananias en Saffira sterf. Nie net die apostels doen tekens en wonders nie en die tekens en wonders kom ook nie slegs onder Jode voor nie, hoewel ’n Joodse kwota feitlik deurgaans teenwoordig is (vgl. Hand. 8:13; Holladay, 1996a).

In Handeling 14:3 word die doel van tekens en wonders beskryf: "Ten spyte hiervan het die apostels 'n geruime tyd in die stad gebly en in vertroue op die Here onbevrees gepreek. Die Here het ook die *boodskap van sy genade bevestig* deur die apostels tekens en wonders te laat doen" (my kursivering; vgl. ook Heb. 2:3–4).

Soos die doop het die beoordeling van tekens en wonders 'n twispunt tussen Christenleiers geword (vgl. Doyle *et al.* 1987:13 e.v.; Deere, 1993:33 e.v.; Deere, 2000:282–285). Die hoofstrome is die "continualists" (tekens en wonders gaan voort) en die "cessationists" (tekens en wonders het opgehou met die apostels), met selfs 'n middelgroep, die "approximationists" (vandag se tekens en wonders is nie dieselfde nie, maar kom naby die tekens en wonders van die apostels) (Walston, 2000:16–19).

Dit val buite die veld van hierdie studie om die beoordeling van "tekens en wonders" in Handeling volledig te ondersoek. In aansluiting by Floor (1979:98, 99) word gestel dat die gemeente hierin "eerbiedig moet bly staan voor die almag van God". In die lig van die feit dat dissipel-making 'n voortgaande proses is, is die siening van die "cessationists" onwaarskynlik (vgl. ook "alles" in SP 3).

Verder word volstaan by die aanbeveling om die groot fokus as sleutel te gebruik om laasgenoemde saak te evalueer (vgl. die voorbeelde van konflikhantering in bv. 2.3.5.4.2.3).

#### **4.3.8 Samevatting: die groot opdrag word in Handeling verder uitgevoer**

In die boek Handeling word die verdere uitvoering van die groot opdrag beskryf. Met die uitstorting van die Heilige Gees wys die opgestane Here dat Hy al die mag in die hemel en op die aarde het (IND 1). Deur die doop met die Heilige Gees (figuurlike gebruik van βαπτίζω) toon die opgestane Here dat Hy met sy dissipels is (IND 2). Die waardes van die eerste gemeentes toon inhoudelike ooreenstemming met die belangrikste fasette van die groot opdrag in Matteus 28:18–20 (vgl. Hand. 2:42). Volgens die reisplan in Handeling 1:8 gaan die dissipels uitwaarts "oor die grense" na die nasies (SP 1). As volgende stap in die proses van dissipel-maak word dissipels gedoop as openbare teken van verlossing. Hierdie letterlike doophandeling deur water hou verband met die figuurlike doophandeling deur die Gees en bevestig die ryke betekenis van God se bilaterale verbond. Deurlopend in Handeling word



dissipels verder geleer om te onderhou wat Jesus beveel het. Soos in die geval van die doop (SP 2), bevestig die Heilige Gees die lering deur “tekens en wonders” (SP 3).

Vervolgens word kortliks ondersoek hoe die groot opdrag binne die konteks van konflik in die vroeë kerk figureer.

#### **4.3.9 Om oor die grense te gaan (SP 1) bring konflik vir die dissipels en in die eerste gemeentes**

##### **4.3.9.1 Inleiding**

In onderstaande gedeeltes word die voorkoms en hantering van konflik wanneer grense oorgesteek word (SP1) ondersoek. Voorbeelde uit Jesus se lewe en in die vroeë kerk word ondersoek. Voorbeelde is gekies om aan te sluit by die volgorde van die “Handelinge 1:8-plan”. Aansluiting is ook gevind by die terminologie van hierdie plan (bv. “Jerusalem” en “Judéa”). Verskillende tipes konflik word uitgewys (bv. intrapersoonlike, interpersoonlike en intragroepskonflik).

##### **4.3.9.2 Jesus is betrokke by konflik wanneer grense oorgegaan word**

Jesus het self doelbewus grense oorgesteek na nie-Jode (vgl. Joh. 4:4 en “Samaria” in die Handelinge 1:8 model). Jesus se prediking in Nasaret (Luk. 4:14–30) is ’n voorbeeld van die oorsteek van grense in “Jerusalem” (eie mense, taal en kultuur) en die toepassings in sy boodskap handel oor “Samaria” (andersoortiges) en “die uithoeke”. Die Lukas 4-gebeure is verder ’n voorbeeld van intragroepskonflik.

Wanneer Jesus in sy tuisdorp Nasaret preek, pas Hy die boodskap in Jesaja 61:1–2 op Homself en op mense buite Israel, toe. Dat die gunstige toepassing van die Skrif op nie-Jode, aanleiding gegee het tot die konflik wat uitgebreek het, is duidelik uit Lukas se vertelling. Vergelyk die volgende woorde van Jesus: “En daar was baie melaatses *in Israel* in die tyd van Elísa, die profeet en *nie een van hulle* is gereinig nie, behalwe *Naāman, die Síriër*. En almal in die sinagoge is *met woede vervul toe hulle dit hoor*, en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was om Hom van die krans af te gooi” (Luk. 4:27–29, my kursivering). Ongetwyfeld het die ongeloof in Jesus

as Messias, aanleiding gegee tot die konflik. Hulle het Jesus sedert sy kinderdae immers geken as die seun van Josef en dit was daarom vir hulle moeilik om nou aan Hom te dink as die Messias (Luk. 4:24; Mark. 6:3 en MacArthur, 1997). Daar was op hierdie stadium nog gemengde gevoelens oor Jesus (Craddock, 1996). Wanneer Jesus egter hulle ongeloof met twee vergelykings “oor die grense van Nasaret” aanspreek, eskaleer die interne konflik tot openlik verset. Jesus verwys naamlik na sy wonderwerke in Kapernaum (’n ander dorp in Galilea, dus “Judéa” in die Handeling 1:8-program) en op God se werk buite die grense van Israel (dus “uithoeke van die wêreld” in die Handeling 1:8-program). Met verwysing na God se werk buite Israel doen Jesus twee dinge: eerstens herinner hy die hoorders aan God se oordeel oor Israel vanweë hulle ongeloof en tweedens suggereer Jesus dat die evangelie na die heidene sal gaan (Marshall, 1994).

Jesus se verwerping deur die mense van sy eie dorp, vorm maar die inleiding tot sy verwerping deur Israel toe hulle ontdek het dat sy koninkryk Israel nie in politiese en nasionale sin sou verlos nie (vgl. Gruenler, 1996). Vir sy dissipels voorspel Jesus ook vervolging (Joh. 15:20, 21). Uit die konflik by Nasaret kan belangrike afleidings oor dissipelskap en konflik gemaak word.

- Hierdie optrede van Jesus illustreer dat konflik ontstaan en verwag kan word wanneer mense in eie kring aangespoor word om oor die grense van daardie kring te beweeg.
- Die grondoorsaak van die konflik was ongeloof in Jesus self (Luk. 4:22).
- Sonder geloof is die doel van dissipelskap buite die mens se bereik, want fokus op God se heerlikheid is onmoontlik (vgl. 4.2.5.11; 4.2.5.13; 4.2.6.8.29). Sonder geloof bly die mens selfgesentreerd en stel hy/sy in God belang vir wat God vir die mense wat in eie kring geliefd is, kan beteken.
- Sonder geloof is die gedagte aan God se genade en seën aan mense wat nie in eie kring kosbaar is nie, verwerplik.

#### **4.3.9.3 Intragroepskonflik nadat grense na “die uithoeke” oorgesteek is open nuwe geleenthede in die plaaslike gemeente**

Handeling 6:1–7 kan beskryf word as ’n voorbeeld van intragroepskonflik, nadat grense tussen nasies oorgesteek is. Die Joodse groep diskrimineer teen weduwees wat nie Aramees magtig was nie en waarskynlik Christene uit Joodse proseliete was (Baker, 1996b; vgl. Toussaint, 1985). Daarom kan die voorval as rassisme in die vroeë kerk bestempel word.

Hierdie afskeep van die Griekssprekende weduwees staan in skille kontras met Handeling 2:44 en 4:32 waarin berig word dat die eerste gemeente alles met mekaar gedeel het (Gempf, 1994b).

Die geskiedenis van Ananias en Saffira (Hand. 5:1–11) gaan hierdie gebeure vooraf. Die integriteit van die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges waarin die Heilige Gees woon (Witherington, 1998:215) kom in gedrang. In Handeling 6:1–7 volg die tweede voorval waarin die gemeenskap van die gelowiges ter sprake kom. Twee verskille met die vorige gebeurtenis val op. Eerstens is daar by die Ananias-en-Saffira-voorval 'n direkte ingryp van God, wat sy erns oor die gemeenskap van gelowiges illustreer (5:5, 10). In die Handeling 6-voorval tree die apostels na vore met die oplossing (6:2). Tweedens is die Ananias-en-Saffira-gebeurtenis 'n negatiewe ervaring van mense wat sterf en vrees wat volg, terwyl die Handeling 6-gebeure 'n positiewe uitslag het (vgl. 5:11 en 6:5). Die opvallende ooreenkoms is dat in beide gevalle groot getalle nuwe dissipels by die kerk gevoeg is (5:14; 6:7).

Die positiewe in Lukas se verhaal in Handeling 6 is verder dat die konflik as 'n nuwe geleentheid benut word. Ampsdraers word verkies (v. 3, 5). In 'n omvattende studie wat oor die diakenamp gedoen is, toon die studiedeputate van die nasionale sinode van die GKSA aan dat Handeling 6 nie as *locus classicus* vir die moderne diakenamp beskou kan word nie, maar eerder illustreer hoedat die kerk op die vier hoekpilare wat in Handeling 2:42 aangedui word, gebou word (vgl. die uiteensetting oor die waardes van die gemeente by 4.3.4). Die gemeenskap van die gelowiges kry hier besonder praktiese aandag (vgl. Acta, 1970:338–349, veral 342).

Die stelling van die apostels in Handeling 6:2 illustreer dat die groot opdrag hulle verwysingsraamwerk of paradigma gevorm het: "Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie". In aansluiting by die uiteensetting oor die waardes van die gemeente by 4.3.4, kan die verband met die groot opdrag in Matteus 28 as volg uiteengesit word:

- Die rassekwessie (6:1; vgl. SP 1),
- lei tot 'n probleem op die terrein van die gemeenskap van gelowiges: "Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie" (Hand. 6:2, my kursivering; vgl. SP 2b en "gemeenskap van die gelowiges" in Hand. 2:42).

- Die onderrig deur die apostels word dus direk deur die konflik geraak (vgl. “Woord van God nalaat” met SP 3 en “leer en gebede” in Hand. 2:42).
- Ampsdraers word verkies om die konflik op die terrein van die gemeenskap van gelowiges op te los (Hand. 6:3).
- Hierdie strategie het ’n direkte positiewe impak op die verdere uitdra van God se Woord (Hand. 6:7; vgl. SP 1 en Hand. 2:47).

Saamgevat: Handeling 6:1–7 illustreer die verband tussen die groot opdrag in Matteus 28 en die waardes van die eerste gemeentes (soos beskryf in Handeling 2:42, 47). Bewustelik of onbewustelik dien die groot opdrag as paradigma vir die hantering van konflik in die vroeë kerk. Die voorval illustreer ook dat SP 1–3 interafhanklik is, met die gevolg dat konflik op die een sport die ander sporte affekteer en ’n negatiewe kettingreaksie kan veroorsaak.

#### **4.3.9.4 Petrus en Christene van Jerusalem: konflik wanneer grense oorgesteek word na “Jerusalem” en “die uithoeke”**

Handeling 10 beskryf die eerste voorbeeld waar die grens oorgesteek word na “die uithoeke van die wêreld”. Petrus bereik vir Kornelius, ’n nie-Christen, nie-dissipel en nie-Jood (hoewel hy ’n baie godsdienstige persoon was [vgl. Wiersbe, 1996f]). Daarna moes Petrus die grens oorsteek na “Jerusalem” (sy eie kring) om hierdie gebeurtenis te verduidelik (Hand. 11). Hierdie gebeurtenisse bevat voorbeelde van intrapersoonlike konflik by Petrus, intragroepskonflik (Petrus en Joodse Christene in Jerusalem), sowel as aanpassing van metodes met die oorsteek van grense.

Intrapersoonlike konflik by Petrus word beskryf in Handeling 10:14: “En Petrus sê: ‘nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie’”. “At this moment he is in spiritual and intellectual turmoil” (Robertson, 1998 [Ac. 10:14]). Selfs na die duidelike groot opdrag (vgl. Matt. 28:19 en Handeling 1:8) en Jesus se eie onderrig (Mark. 7:14–23), is dit nodig dat Petrus intens (vgl. die herhaling van die gesig – en Joh. 21:17) onderrig moet word om oor die grense te gaan. Tien jaar na die uitstorting van die Heilige Gees is al verby (Wiersbe, 1996f) en baie dissipels verstaan nog nie dat die heidene gered sal word, sonder dat hulle Jode word nie (Robertson, 1998 [Ac. 10:14]). Die aankoms van Kornelius se manne (10:17) wys dat nou ook oor afstandsgrense na ander streke uitgereik sal word. Romeine wat in Sesarea woon word

nou dissipels van Jesus (Hand. 10:34). Petrus se woorde in 10:34–36 is van die grootste belang om die groot opdrag te verstaan: “Ek sien waarlik dat God *geen aannemer van die persoon is nie*, maar dat in *elke nasie* die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is. Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus — Hy is die Here *van almal* (my kursivering).

Die optrede van Petrus veroorsaak konflik met die Joodse gelowiges in Jerusalem: “En die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het. En toe Petrus opgaan na Jerusalem, het die wat uit die besnydenis was, met hom *getwis*” (Hand. 11:1–2, my kursivering). Die konflik word opgelos toe Petrus die gesig wat hy van God ontvang het, verduidelik (11:4–14) en die Joodse gelowiges hoor dat:

- die Heilige Gees as gawe ook op Kornelius en sy mense uitgestort is; net soos op die Jode (11:15–17; vgl. SP 2b – doop in die Naam van die Heilige Gees),
- Jesus se woorde oor die doop met die Heilige Gees (Hand. 1:5) ook op die nie-Jode van toepassing is (SP 1),
- die nie-Jode nes diegene in eie kring in Jesus glo (vgl. SP 2a),
- Petrus-hulle daarom nie God se werk moes verhinder nie (11:17 vgl. IND 1, 2).

Die reaksie van die Joodse dissipels is dat hulle hulle argumente staak en God verheerlik (v. 18) – die doel van dissipelskap is dus bereik!

Uit Petrus se gehoorsaamheid in die oorsteek van grense ten einde die groot opdrag uit te voer, kan samevattend die volgende geleer word oor die hantering van konflik in die lig van dissipelskap (SP1):

- Christene se gevestigde verwysingsraamwerk en agtergrond bemoeilik soms gehoorsaamheid aan hierdie aspek van die groot opdrag en kan tot intrapersoonlike konflik lei. Die Here help sy dissipels egter hiermee (vgl. IND 1).
- Ook intergroepsconflik kan ontstaan wanneer oor die grense gegaan word.
- Dit is belangrik om die aandag te vestig op Jesus en die Heilige Gees se werk, nie op eie insigte en eie arbeid nie (vgl. Petrus se vertelling oor die visioen en die verwysings na die elemente van die groot opdrag wat hierbo in hakies aangedui is en IND 1, 2).

- In eie geledere moet dissipels se oë deur getuïenis van wat Jesus reeds onder gelowiges buite die eie kring gedoen het, geopen word.
- In eie geledere moet dissipels begelei word om te ontdek dat presies dieselfde gawe van geloof en van die Heilige Gees ook aan andere gegee is.
- Die “doop met die Gees” is ’n belangrike sleutel vir eenheid en om konflik te hanteer.

#### **4.3.9.5 Paulus se konflik met Jode en nie-Jode as dissipel van die Here na “die uithoeke van die wêreld”**

Paulus se vernaamste konflik was met die Jode wat die evangelie van Jesus Christus teengestaan het en die Christendom as ’n sekte beskou het. Die spoor van fisiese vervolging, opsweping van die massas en verbale teenstand wat Paulus van sy eie volksgenote moes verduur word telkens in Handeling beskryf (vgl. 13:50; 14:2, 19; 17:5, 13; 18:6, 12–17; 20:3; 22:21–22). Een van die duidelikste voorbeelde is opgeteken in Handeling 22:21–22. Paulus is besig met sy laaste boodskap in Jerusalem, voordat hy met die byna noodlottige seereis as gevangene na Rome is. In sy boodskap verwoord hy die groot opdrag en veral die evangelisering van die nasies. Konflik volg. “En Hy (Jesus – JP) het vir my (Paulus – JP) gesê: ‘Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene. *Tot by hierdie woord het hulle na hom geluister*, toe verhef hulle hul stem en sê: Weg van die aarde met so ’n mens, want hy behoort nie te lewe nie!’” (my kursivering).

Die ooreenkoms met Jesus se ervaring in Nasaret is opvallend: “En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van Elísa, die profeet en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Naäman, die Síriër. En almal in die sinagoge is met woede vervul toe hulle *dít* hoor; (Luk. 4:27–28, my kursivering). Dus konflik wanneer oor uitreiking (SP 1) gehandel word.

Paulus se reise “na die nasies toe” het hom ook in groot konflik met nie-Jode gebring. Die Jode was dikwels direk hiervoor verantwoordelik, aangesien hulle die heidense owerhede in hulle stryd teen die Christendom gebruik het (vgl. Hand. 12:1–3). Voorbeelde van Paulus se konflik met nie-Jode was die volgende: ’n ooreenkoms tussen Jode en heidene om Paulus en Barnabas te vermoor (Hand. 14:4, 19), opstand en gevangenskap omdat die evangelie die besigheidsbelange van heidene bedreig het (Hand. 16:19–24; 19:23–40) en Paulus se rede op die Areopagus (Hand. 17:16–34).

Hierdie voorvalle word nie in besonderhede bespreek nie. Enkele opmerkings oor die wyse waarop konflik hanteer is en die resultate daarvan, word gemaak:

- Soms word sigbare protes aangeteken in reaksie op openlike teenstand van die Jode. Stof word van die voete afgeskud en klere word uitgeskud (Hand. 13:51; 18:6; vgl. Jesus se opdrag in Matteus 10:14). Hierdie demonstratiewe optrede was slegs gemik teen die Jode (De Villiers, 1983:275).
- Die keuse om nie onbepaald in 'n situasie waar daar weerstand teen die evangelie was, aan te bly nie, het verdere oorsteek van grense moontlik gemaak (vgl. Hand. 18:6: "Van nou af sal ek na die heidene gaan"). Sodoende bly Paulus volgens die groot opdrag op die "nasies" gerig (vgl. Matt. 18:19).
- Dikwels moet die dissipels wat die Woord uitdra vlug vir hulle lewe en dan op ander plekke voortgaan (vgl. 14:6). Om te vlug neem die dissipels oor ander grense en val steeds binne die werkswyse van die groot opdrag.

Die onderstaande resultate het gevolg:

- Almal (Jode en nie-Jode) wat vir die ewige lewe bestem was, word gered (13:48; 17:12, 34), selfs die leier van 'n sinagoge (18:8) en nuwe, kragtige dissipels tree toe tot die arbeidsveld (16:1–2, 14; 18:24).
- Sommige nie-Jode spot en stel uit (17:32).
- Geleenthede om te getuig voor verneme en invloedryke mense doen hulle voor (24:10; 25:11; 26:1).
- Wonderwerke vind plaas (14:8–10; 20:10–12; 28:1, 3–6).
- Rampe bly nie uit nie (27:15), maar God bly in beheer (27:23–24; 28:1).

Saamgevat: Paulus en diegene saam met hom fokus op die groot opdrag deur gehoorsaam oor die grense te bly gaan en op die nasies te fokus. Die resultate varieer. Nie net voorspoed nie, maar ook teenspoed volg. Tog bly God deur die dissipels aan die werk in mense se lewens. Gehoorsaamheid aan die eerste binnesport van die groot opdrag-trapleer is 'n dinamiese proses vol uitdagings, struikelblokke en die belewings dat Jesus "met sy dissipels is" soos Hy belowe het (IND 2).

#### **4.3.10 Konflik oor leerinhoud (SP 3) – dwaalleer in die gemeente van Antiochië**

Die gemeente van Antiochië kan as uitnemende voorbeeld van dissipelskap genoem word, asook van 'n gemeente wat vroeg al konflik oor die leer van die kerk beleef het. Die gemeente is bereik nadat oor Judéa se grense gegaan is (SP 1). Die mense is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem – hulle was ingelyf in Jesus Christus en het so geïdentifiseer met Hom dat hulle na Hom genoem is (Hand. 11:26, SP 2). In Handeling 11:26–30 word beskryf hoe die derde sport van die trapleer gefigureer het. Aan hierdie Christene en aan 'n aansienlike skare word vir 'n jaar lank onderwys gegee (v. 26; vgl. 4.2.5.12 – 4.2.5.14; 4.2.6.8.14). Hierdie onderwys het tot optrede in die praktyk gelei (SP 3b). Die gemeente stuur bydraes vir medegelowiges in nood (11:27–30). Daar is dus konkrete gemeenskap van die gelowiges en lewensverandering by hulle (SP 2, 3; 4.6.2).

Konflik het egter nie uitgebrei nie. In Handeling 14:19–20 vertel Lukas hoe die Jode in Antiochië 'n skare mense “gewen” het vir hulle saak. Die skare (Jode ingesluit) het Paulus gestenig en vir dood agtergelaat.

Die aanslae word egter 'n geleentheid vir verdere groei. Na sy herstel het Paulus later teruggekom na Antiochië en “die siele van die dissipels versterk en hulle vermaan om in die geloof te bly deur te sê: ‘Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan’” (14:22). Die Griekse woord wat hier vir “versterk” gebruik word is die woord wat in Handeling gebruik word vir die nasorg van nuutgestigte gemeentes (De Villiers, 1983:286). Verder het hulle in elke gemeente ouderlinge laat kies (vgl. 14:23, De Villiers, 1983:287) en hulle na gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.

Dit is dus duidelik dat konflik verwag kan word en dat onderrig 'n taak is wat volharding en bemoediging verg. Soos in die bespreking van Handeling 6 aangetoon is, het nuwe geleenthede juis te midde van konflik in Antiochië oopgegaan. Die gemeente word bemoedig en nuwe leiers word gekies (14:22–23).

#### **4.3.11 Gevolgtrekkings**

4.3.11.1 Wanneer verhaalstof (soos in Handeling) ondersoek word, is onderskeiding tussen beskrywende en voorskriftelike gedeeltes asook tussen funksie en vorm



belangrik om te bepaal of beginsels of nie-beginsels ter sprake is. Onderskeid tussen letterlike en figuurlike woordgebruik is van belang veral wanneer gegewens oor die doop ontleed word. Skrif-met-Skrif-vergelyking is 'n belangrike hermeneutiese beginsel (4.3.2).

- 4.3.11.2 Vir doeleindes van die ondersoek van die doop as wyse van dissipelmaking, behoort ingevolge die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking, die voorskriftelike opdrag van Jesus in Matteus 18:19 as sleutel aangewend word om die beskrywende gedeeltes in Handelingte oor die doop en uitreiking te verstaan (4.3.2).
- 4.3.11.3 Die uitstorting van die Heilige Gees staan direk in verband met die uitvoering van die groot opdrag. Die krag van die opgestane Here word sigbaar teenwoordig in die kerk (IND 1, 2). Uitreiking met die evangelie word veral deur die taalwonder geïnisieer (SP 1). Nuwe bekeerlinge word gedoop (SP 2) en die evangelie word verduidelik en verkondig (SP 3) (4.3.3).
- 4.3.11.4 'n Vergelyking tussen Handelingte 2:42, 47 en Matteus 28:18–20, toon dat die waardes van die eerste gemeente ooreenstem met die betekeniselemente van die groot opdrag. Daarom kan daar na die eerste gemeente as 'n gemeente van dissipels verwys word (4.3.4).
- 4.3.11.5 'n Vergelyking tussen Handelingte 1:8 en Matteus 28:18–20 toon dat die kernelemente van die groot opdrag in Handelingte 1:8 voorkom (4.3.5).
- 4.3.11.6 Die bereidheid wat Jesus van sy dissipels vra om hulle lewe vir hom te gee en ook ander te leer (SP 3) word deur die gebruik van die woord "getuie" (μάρτυς) in Handelingte 1:8, verder bevestig (4.3.5).
- 4.3.11.7 Die beskrywing van die gebiede in Handelingte 1:8 dien as 'n struktuur vir die hele boek en illustreer hoe die oorsteek van grense na nie-dissipels in die vroeë kerk uitgevoer is. Aangesien hierdie onderskeidings tussen mense steeds geld, kan uit laasgenoemde baie geleer word vir 'n eietydse program vir die uitvoering van die groot opdrag (4.3.5).

Op welke wyse die groot opdrag in Matteus 28:18–20 (as voorskrif) die sleutel is om die beskrywende gedeeltes oor doop in Handelingte te verstaan, blyk uit onderstaande gevolgtrekkings:

- 4.3.11.8 Jesus se mag (IND 1) kom na vore met die uitstorting van die Heilige Gees (4.3.6.2).
- 4.3.11.9 "Dooop met die Gees" (Hand. 1:5) beklemtoon figuurlik/metafories dat Jesus op 'n nuwe wyse by sy dissipels is (IND 2). So word God se nakoming van sy kant van die bilaterale verbond beklemtoon (4.3.6.2; vgl. 4.2.6.8.6).
- 4.3.11.10 Die opdrag tot 'n letterlike doophandeling in Handeling 2:38, beklemtoon weer die mens se verantwoordelikheid tot geloof en bekering in hierdie bilaterale verhouding en dien as openbare teken dat iemand 'n Christendissipel geword het (SP 2a; 4.3.6.2; 4.3.6.3; 4.2.6.8.4; 4.2.6.8.5).
- 4.3.11.11 Die kontinuïteit tussen Handeling 1:5; 1:8 (vgl. die gebiede Judéa, Samaria ens.), 2:37–39 en 19:1–8, illustreer op welke wyse Jesus as Middelaar van die nuwe verbond, nuwe dissipels met sy Gees "dooop" op grond van sy verlossingswerk aan die kruis, en hoe dissipels hulle laat doop as getuie van geloof in sy vrypraak en bekering tot 'n nuwe lewe as dissipel (4.3.6.4).
- 4.3.11.12 Verskille in die detail van die beskrywende doopgebeure (soos die plek, hoeveelheid water en volgorde van gebeure) bevestig Jesus se uitspraak in Johannes 3:8 oor die vrymagtige werk van die Gees en behoort nie gebruik te word om standpunte oor die vorm van doop te bewys nie (4.3.6.4; 4.3.6.5).
- 4.3.11.13 Dat tyd moet verloop weens verdere onderrig na bekering, voor doop mag plaasvind, word nie in Handeling beskryf nie. Die doophandeling in Handeling strook met die beginsel in Matteus 28:19 (vgl. 4.2.6.8.5). SP 2 volg op SP 1 en nie op SP 3 nie. Doop is die beginpunt van Christendissipelskap en nie 'n teken van verdieping, geestelike groei of verdere bekeringsmomente nie (4.3.6.6).
- 4.3.11.14 Gedeeltes waarin die doop van individue en huisgesinne beskryf word, beklemtoon eweneens die mens se verantwoordelikheid tot geloof en bekering in terme van die groot opdrag (4.3.6.5).
- 4.3.11.15 Tekens en wonders het die lering (SP 3) van die eerste dissipels bevestig (4.3.7).

Oor die hantering van konflik in die uitvoering van die groot opdrag kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- 4.3.11.16 Die verwerping van Jesus in Nasaret (Luk. 4) illustreer dat konflik ontstaan en vermag kan word wanneer mense in eie geledere aangespoor word om oor eie grense te beweeg (4.3.9.2).

- 4.3.11.17 Sonder geloof in Jesus is die gedagte aan God se genade en seën aan mense wat nie in eie kring kosbaar is nie, verwerplik (4.3.9.2).
- 4.3.11.18 As voorbeeld van intragroepskonflik illustreer die hantering van konflik in Handeling 6:1–7 hoe die groot opdrag as paradigma vir konflikhantering in die vroeë kerk figureer. Die waardes van die gemeente hou direk verband met die groot opdrag (vgl. 4.3.4) en bepaal die optrede in die konfliksituasie (4.3.9.3).
- 4.3.11.19 Die voorval in Handeling 6:1–7 illustreer dat SP 1–3 interafhanklik is, met die gevolg dat konflik op die een sport die ander sporte affekteer en 'n negatiewe kettingreaksie tot gevolg mag hê (4.3.9.3).
- 4.3.11.20 Voortgesette gehoorsaamheid aan die groot opdrag (SP 3) bring mee dat die konflik benut word deur byvoorbeeld leiers te kies om die probleme aan te spreek (4.3.9.3).
- 4.3.11.21 Die gebeure in Handeling 10 illustreer dat die oorsteek van grense beide intrapersoonlike konflik (Petrus) en intragroepskonflik (Petrus en ander Christene) veroorsaak (4.3.9.4).
- 4.3.11.22 Anders as met die verwerping van Jesus in Nasaret (Luk. 4), kon konflik oor die oorsteek van grense in Petrus se geval suksesvol hanteer word, aangesien persoonlike geloof in Jesus teenwoordig was (4.3.9.4; 4.3.11.10).
- 4.3.11.23 Konflik wat ontstaan wanneer grense oorgesteek word, moet hanteer word deur getuïenis te lewer van Jesus en die werking van die Heilige Gees, nie getuïenis van eie insigte en eie arbeid nie (4.3.9.4).
- 4.3.11.24 Dit is opmerklik dat voorvalle van konflik oor die wyse van doop nie in Handeling beskryf word nie (vgl. SP 2).
- 4.3.11.25 Die “doop met die Gees” is 'n belangrike sleutel vir eenheid en om konflik te hanteer (vgl. stelling 7 [4.2.6.3.2]). Dissipels in eie geledere moet begelei word om te ontdek dat presies dieselfde gawe van geloof en van die Heilige Gees ook aan andere gegee is (4.3.9.4).
- 4.3.11.26 Die hantering van konflik in die uitvoering van die groot opdrag lei tot 'n variasie van metodes – die hoofsaak is om aan die opdrag getrou te bly (4.3.9.5).
- 4.3.11.27 Vertroue op wat God doen (“almal wat vir die ewige lewe bestem is word gered” [Hand. 13:48]; vgl. IND 1, 2) en 'n bereidheid om swaar te kry vir die uitvoering van die groot opdrag is in die dissipelmaakproses noodsaaklik (4.3.9.5).

4.3.11.28 Wanneer dissipels geleer word om Jesus se opdragte prakties uit te voer en resultate volg, kan aanvalle van valse leer teen die leerinhoud van Christus verwag word (4.3.10).

#### **4.4 Afdeling drie: die groot opdrag in die res van die Skrif**

##### **4.4.1 Inleiding**

Hieronder word die groot opdrag soos beskryf in Matteus 28:18–20 kortliks vergelyk met die res van die Skrif. Ooreenkomste word kursief aangetoon en vergelykings word getref met verwysing na die groot opdrag-trapleer. Die doel van hierdie afdeling is om aan te toon dat die groot opdrag nie 'n nuwe gedagte van Jesus (of Matteus) was nie, maar die vervulling van een van die groot temas in die Skrif aandui.

##### **4.4.2 Waarom is die benaming “dissipel” afwesig ná die boek Handeling?**

Handeling is die laaste boek in die Bybel waarin die werkwoord μαθητεύω en die naamwoord μαθητής voorkom. Dit laat die vraag ontstaan of dissipelskap na die boek Handeling in die Godsopenbaring uitgedien is as belangrike imperatief aan die kerk en of die term vandag nog veel aandag moet geniet?

Waarom kom die begrip “dissipel” nie in die Briewe voor nie?

Een moontlike rede is dat die Briewe primêr aan nie-Joodse lesers gerig is. Daarom sou die begrip dissipel wat 'n tipies Joodse aksent dra, waarskynlik nie veel aanklank vind nie en kon selfs teenproduktief wees. Die gelowiges uit die nie-Jode moes nie die indruk kry dat hulle nou die dissipels van 'n Joodse rabbi was nie, maar gelowiges wat aan die Seun van God behoort. Daarom word ander begrippe, soos “heiliges” (Rom. 1:7; Ef. 1:1; Kol.1:2) en “gemeente(s)” (Gal. 1:2; 1 Kor. 1:2) gebruik, wat inhoudelik baie met die term “dissipels” ooreenstem.

'n Meer waarskynlike rede blyk uit Handeling 11:26: “en die *dissipels* is in Antiochië vir die eerste keer *Christene* genoem” (my kursivering). Die eerste benaming vir volgelinge van Jesus was dus dissipels en die identifikasie met die eerste dissipels van Jesus deur nie-Jode is

duidelik (Kvalbein, 1988:49). Die benaming “Christen” het toe meer algemeen geword, moontlik om die redes in die vorige paragraaf genoem.

Juis die gebruik van die benaming “Christen” illustreer dat nie te veel waarde aan die frekwensie van ’n woord in die Bybel, of in besondere boeke van die Bybel, geheg mag word nie. Die woord Christen is ’n baie algemene en baie belangrike benaming wat “volgeling van Christus” en “gelowige” beteken (Louw & Nida, 1996 [11.35]). “Christen(e)” kom slegs maar drie keer in die Nestlé-Alandteks en in die Nuwe Afrikaanse (Bybel, 1990) vertaling voor (vgl. Els & Deacon, 2001 [5546]). Dit wil daarom eerder voorkom of Paulus en die ander briëfskrywers meer algemene terme soos “Christen” en “dissipel” vermy en eerder vir meer spesifieke benamings (soos “heiliges”) kies ter wille van ’n bepaalde teologiese betekenis. Hiermee word begrippe soos “Christen” en “dissipel” aangevul.

#### **4.4.3 Genesis 12 lui die groot opdrag in die res van die Skrif in**

Robison (2001) illustreer dat die groot opdrag nie ’n nuwe saak is wat deur Jesus aangekondig word nie. Hy verwys na “top line blessings” (God se seëninge – die indikatiewe in die Matteusperikoop) en die “bottom line blessings” (dat hierdie seëninge bedoel is om deur God se kinders tot seën vir ander te wees). Volgens Robison (2001) vorm Genesis 1–11 die inleiding vir die hele Bybel en eindig met ongehoorsaamheid aan die groot opdrag. Die mensdom weier om die hele aarde te vul soos die Here in Genesis 9:1 beveel het (vgl. Gen. 1:28, Jamieson, 1997). Die sonde met die bou van ’n toring hou verband met die doel van die groot opdrag. Die mens het verhoed dat God se heerlikheid oor die hele aarde versprei (Gen. 11:4; vgl. “al die nasies” in Matt. 28:19; “uithoeke van die wêreld” in Hand. 1:8 en die uiteensetting oor die doel van die groot opdrag). Strydig met die belydenis van die Naam van God (vgl. die drie-enige God by SP 2b) wou hulle *vir hulleself* ’n naam maak (Gen. 11:4b) (my kursivering). “The sin comes in the purpose: ‘so that we may make a name for ourselves and not be scattered’. ‘Name’ means reputation” (Hamilton, 1996).

In Genesis 12 maak God egter ’n nuwe begin wat tematies deurlopend in die Skrif voorkom en die liggaam van die verhaal inlui (vgl. die uiteensetting oor die betekenis van “doop in die Naam van die Vader” by 4.2.6.3.2). Jahwe (יהוה) die God van die verbond wil al die nasies seën. Daarom maak Hy ’n nuwe begin met Abram (Gen. 12). Die fokus is egter nie alleen op seëninge vir Abram nie, maar ook (en veral) op God se sending na die nasies. Wiersinga

(aangehaal deur Du Preez, 1998:267) noem Genesis 12 God se program wat “boven Israel's historie staat”.

Die ooreenkomste met die groot opdrag in Matteus 28 is duidelik: “EN die HERE het aan Abram gesê: *Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys* (SP 1). En Ek sal jou 'n groot nasie maak en *jou seën* en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees (vgl. IND 1, 2). Ek sal seën diegene wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek (vgl. die geloofsappél in Mark. 16:16), en in jou sal *al die geslagte van die aarde* (SP 1) geseën word” (Gen.12:1–3, my kursivering). God se opdrag is dus gerig op die grootste moontlike teikengroep, “al die geslagte van die aarde” (vgl. “al die nasies”, SP 1). Israel het egter telkens hulle rol verkeerd verstaan en God so onteer. Grosheide (aangehaal deur Du Preez, 1998:267) sê: “het onteert den Here als slechts één klein volk Hem prijst”.

Daar is ook heelwat voorbeelde in die Bybel waar Israel hulle rol reg verstaan het. Psalm 67 is feitlik in geheel 'n missionêre Psalm. Du Preez (1998:259–275) bespreek die Psalm vers- vir-vers onder die volgende opskrifte: “Israel bid om God se seën oor hulleself ter wille van ander volke (v. 2–3)”; “Versugting dat die nasies God met blydschap as regverdige Koning en Leidsman sal loof (v. 4–6)”; “Versekering van seën oor Israel skep voortgaande vertroue dat alle volke God sal dien (v. 7–8)”:

Op aangrypende wyse toon die bondsvolk hier die onlosmaaklike verband tussen God se vroeëre universele belofte aan Abraham en die latere Aäronitiese seën oor hulleself. As gelowige verbondsnasate verstaan hulle dat die Aäronitiese seën oor hulleself wesenlik voortvloei uit die universele belofte aan Abraham dat sy nasate tot seën vir die nasies sou wees. Hulle verstaan hoedat die God van die verbond hulle, deur die Aäronitiese seën oor hulleself, wil toerus vir die Abrahamitiese tot-seën-wees vir alle nasies (Du Preez, 1998:267).

Psalm 67 staan nie alleen in die Ou Testament nie. Die twee dele van God se verbond (sy seën en dat sy volk tot seën vir die nasies moet wees) wat Robison (2001) as “top line” en “bottom line” seëninge beskryf loop soos 'n goue draad deur die hele Skrif tot en met Openbaring. Die volgende Skrifgedeeltes dien as enkele voorbeelde (deurgaans my kursivering):

- Wanneer Salomo die tempel inwy sê hy wat sy doel is: “wil U dan hoor uit die hemel, U vaste woonplek en doen volgens alles waaroor die uitlander U sal aanroep, *sodat al die volke van die aarde u Naam mag ken*, om U te vrees soos u volk Israel en mag gewaar

word dat u Naam uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het" (1 Kon. 8:43) ... "sodat *al die volke van die aarde kan weet dat die HERE God is*, niemand meer nie" (1 Kon. 8:60).

- "Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders"... "Laat die hemele bly wees en die aarde juig en laat hulle *onder die volke sê: Die HERE is Koning!* (1 Kron. 16:23, 31) (vgl. IND 1: "aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde").
- *Alle volke*, klap met die hande; juig tot eer van God met 'n stem van gejubel! Want die Here, die Allerhoogste, is gedug, 'n groot Koning oor die *hele aarde*. God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon. Die edeles van die *volke* het vergader — 'n volk van die God van Abraham; want aan God behoort die skilde van die aarde. Hoog verhewe is Hy! (Psalm 47:1–2, 8–9).
- "Loof die HERE van die aarde af ... *konings van die aarde en alle volke*, vorste en alle regters van die aarde" (Ps. 148:7, 11).
- "En *baie volke* sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons *sy weë kan leer* (vgl. SP 3) en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jes. 2:3).
- "En die HERE van die leërske sal op hierdie berg *vir al die volke* berei 'n maaltyd ..." (Jes. 25:6).

Waar Genesis 1–11 die inleiding vorm, is Openbaring die slot van die verhaal. "U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit *elke stam en taal en volk en nasie*" (Op. 5:9, my kursivering; vgl. Op. 21:24). Profeties is die groot opdrag nou afgehandel en dit is duidelik dat Christus alle mag het, verwerf deur die kruis en dat God daardeur verheerlik word (vgl. Mounce, 1992:149).

#### 4.4.4 Daniël 7:13–14

In die onderstaande vergelyking word Matteus 28:18–20 en Daniël 7:13–14 met mekaar vergelyk om aan te toon dat eersgenoemde 'n merkwaardige vervulling van profesie is. Die verband tussen die Skrifgedeeltes word volgens Gundry (1994:595) algemeen deur Skrifverklaarders aanvaar (vgl. Keener, 1999:716; France, 1994; Senior, 1997:174). Die ooreenkomste is opvallend:

**Daniël 7:13–14 (Bybel, 1990)****Matteus 28:18–20 (Bybel, 1990)**

|                                                                                                                                   |                                                                                                                                                         |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| "My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese.                       | "Jesus kom toe nader en sê vir hulle:                                                                                                                   |
| Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee | 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde                                                                                                  |
| sodat al die volke, nasies en taalgroepe                                                                                          | Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels                                                                                            |
| hom sou dien.                                                                                                                     | doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle <i>om alles te onderhou</i> wat Ek julle beveel het (my kursivering) |
| Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie".                            | En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld".                                                                                |

Gundry (1994:595) wys ook op die verband met Lukas 4:6b en is van mening dat die tradisie agter die Lukasteks waarskynlik Matteus se bron was.

Matteus 28:18–20 kan met beide die Daniël- en Lukastekste verband hou. Die Satan wat in Lukas 4:6 aan die woord is het die Skrif goed geken (vgl. Luk. 4:10) en sou ook van die profesie van Daniël geweet het. Hier is dus 'n dubbele vervulling van profesie. Jesus is die magtige Seun van die mens wat deur Daniël in die visioen gesien is. "Alle mag in die hemel" (Matt. 28:18) beteken sy volledige mag oor die Satan en bose geeste. Hy het sy mag alreeds gedemonstreer toe Hy die versoekings van die Satan deurstaan het (Luk. 4:1–13) en nou maak Hy as opgestane Koning, wat sy mag oor die dood bewys het, sy magsaankondiging.

#### **4.4.5 Die groot opdrag in Johannes 20:19–23**

Die gebeurtenis wat Johannes beskryf (20:19–23) hou verband met Matteus 28:18–20 en Handeling 1:8. Jesus tree by 'n ander geleentheid op naamlik die verskyning aan die tien



dissipels (sonder Thomas vgl. Joh. 20:24). Vergelykings met Matteus 28:18–20 en Handeling 1:7–8 word kursief en tussen hakies aangetoon:

“Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: ‘Vrede vir julle!’ En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien (gebeure ná die opstanding word beskryf – vgl. Matt. 28:16–17). Jesus sê toe weer vir hulle: ‘Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, (vgl. IND 1) *stuur Ek julle ook*’ (vgl. SP 1). En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: ‘Ontvang die Heilige Gees’ (vgl. SP 2b; Hand. 2:1 en 1:8). As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou” (vgl. Matt. 18:18; SP 3).

Johannes vestig dus ook die aandag op die gesag waaroor dissipels beskik omdat Jesus deur hulle werk (v. 21; vgl. ook Matt.18:18) en die Gees as gawe aan die hele kerk om die Woord te bedien (Morris, 1992:848; vgl. SP 3).

#### **4.4.6 Die groot opdrag in die Briewe – die relevansie van Efesiërs 4:3–6 vir SP 2 en 2 Timoteus 2:2 vir SP 3**

Die kernaspekte van die groot opdrag kom op talle plekke in Paulus se briewe voor (vgl. bv. Ef. 2:11–14; Rom. 11:17 [SP 1]; 2 Tim. 3:16–17 [SP 3]). Hier word volstaan met ’n kursoriese ondersoek na die relevansie van Efesiërs 4:3–6 vir die betekenis van “doop” in die groot opdrag (SP 2).

Geleerdes soos Stott, Lloyd-Jones en Bruce is eenstemmig dat Handeling 19:1–6, waar Paulus die Efesiërs gedoop het, belangrike agtergrond vorm vir die doopuitspraak in Efesiërs 4:5 (vgl. Stott en Lloyd, Jones aangehaal deur O’Donnell, 1999:322; Bruce, 1993:336–337). In Efesiërs 4:1–6 spoor Paulus nou dieselfde gemeente aan tot liefde en eensgesindheid (vgl. Hand. 19:8): “Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om *te wandel waardig* die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar *in liefde verdra en ernstig strewe* om die *eenheid van die Gees* te bewaar deur die band van die vrede. Dit is *een liggaam* en *een Gees*, soos julle ook geroep is in een

hoop van julle roeping; *een Here, een geloof, een doop, een God en Vader* van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is” (my kursivering).

Die teks maak nie melding van waterdoop nie en die konteks dui eerder op metaforiese gebruik van die woord “doop” (vgl. 4.2.6.3.2). Tog herinner die terminologie wat Paulus gebruik aan die bewoording van die doop in Matteus 28:19 en aan mistieke eenwees met die drie-enige God. Hy verwys na “een Gees, een Here, een God en Vader” (vgl. stelling 6 [4.2.6.3.2]). Hierdie doop moet lei tot ware eenwees (κοινωνία) met mekaar (vgl. Ef. 4:1–3: “wandel waardig die roeping ... mekaar in liefde verdra en ernstig strewe” – stelling 7 [4.2.6.3.2]). Hulle glo immers almal in een Here (vgl. stelling 4 [4.2.6.3.2]) en is deel van die genade van een God en Vader (vgl. stelling 3 [4.2.6.3.2]; 4.2.6.3.3, veral punte 3–6 in die regterkolom). ’n Vergelykbare oproep verskyn ook in 1 Korintiërs 12:13. Die doop was dus in die vroeë kerk ’n simbool van eenheid. Indien daar konflik oor die doop sou bestaan het, sou Paulus nie die doop metafores as simbool vir eenheid kon gebruik het nie.

In 2 Timoteus 2:2 stel Paulus die belangrike beginsel van voortgaande toerusting wat presies strook met SP 3 (vgl. ook Ef. 4:12): “en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om *ook ander te leer*” (my kursivering). Elders word die vereistes van hierdie toerusters verduidelik (vgl. Tit. 1:5 e.v.). Wanneer die kerk se ampsdraers hierdie fokus in hulle bediening het, neem die onderrig eksponensieel toe (Hendriksen, 1991:246). Hoewel hier in die eerste plek van formele onderrig sprake is (Ridderbos, 1967:197), is by 4.2.6.4.2 aangetoon dat dissipels mekaar ook informeel moet onderrig, welke onderrig die taak is van elke dissipel. Die belangrikste kwalifikasie om ander te onderrig bly ’n persoonlike verhouding van dissipelskap met Jesus (vgl. 4.2.6.8.15).

#### **4.4.7 Gevolgtrekkings**

- 4.4.7.1 Die afwesigheid van die begrip “dissipel” ná die boek Handelingte doen nie afbreuk aan die betekenis van hierdie begrip nie, maar is eerder aanvullend (4.4.2).
- 4.4.7.2 Die groot opdrag van Jesus is reeds in Genesis 12 as belangrike tema aangekondig, kom op verskeie plekke in die Ou Testament voor en word in Openbaring finaal “afgerond” (4.4.3).

- 4.4.7.3 'n Vergelyking tussen Daniël 7:13–14 en Matteus 28:18–20 toon dat laasgenoemde die magtige vervulling van profesie deur Jesus Christus verwoord (4.4.4).
- 4.4.7.4 Johannes (in 20:19–23) beskryf 'n ander geleentheid as Lukas en Matteus waarin die kernelemente van die groot opdrag ook voorkom (4.4.5).
- 4.4.7.5 Paulus gebruik in Efesiërs 4:1–6 die doop (SP 2) as sleutel vir eenheid tussen Christene op grond van die eenheid met Vader, Seun en Heilige Gees (4.4.6).
- 4.4.7.6 Wanneer dissipels ander dissipels onderrig (formeel en informeel) neem die onderhouding van dit wat Jesus beveel het, eksponensieel toe (2 Tim. 2:2; Ef. 4:12) (4.4.6).

## 4.5 Finale gevolgtrekkings

- 4.5.1 Die Matteus-evangelie kan beskryf word as missiologiese handboek wat die groot opdrag as belangrikste missie ("comission") van die gemeente beklemtoon. Matteus skryf vir hoorders met 'n Joodse agtergrond en bevestig deur sy beklemtoning dat die groot opdrag 'n belangrike tema is wat reeds met die verbondsluiting aangedui word. Die tema figureer ook deurlopend in die Skrif. Die groot opdrag word ook in al die ander evangelies beskryf. Die boek Handelingte vertel van die uitvoering daarvan in die eerste gemeentes (4.2.5.1 – 4.2.5.3; 4.4.7.1 – 4.4.7.6).
- 4.5.2 In die bewoording van die groot opdrag in Matteus 28:18–20 staan die imperatief om dissipels te maak, sentraal. Die wyse waarop dissipels gemaak moet word (SP 1–3) is sketsmatig met 'n trapleer voorgestel waarin die indikatiewe ook aangedui is (IND 1, 2 [4.2.5.4]).
- 4.5.3 Oor die vraag wat 'n dissipel is, behoort volstaan te word met die betekenis van μαθητής as 'n volgeling en leerling van Jesus, sonder om sake soos geloof en gehoorsaamheid en bereidheid om te sterf, voorvereistes van dissipelskap te maak (4.2.5.5 – 4.2.5.9).
- 4.5.4 Dissipelskap behoort ook nie (soos volgens die "Lordship salvation"-opvatting) as 'n voorvereiste of bewys vir verlossing te dien nie. Daarmee kom verlossing, uit genade alleen, in gedrang (vgl. "woord van die kruis" [2.3.4.4]; 4.2.5.10).
- 4.5.5 Die imperatief μαθητεύω beskryf 'n lewenslange proses op aarde eerder as 'n identiteit of status. In hierdie proses word grense oorgesteek (SP 1). Die potensiele dissipel word deur lering/verkondiging na Jesus toe aangetrek. Die dissipel word

- begelei tot verlossing in Christus en gedoop (SP 2) en vervolgens as volwasse toegewyde dissipel verder onderrig (SP 3) (4.2.5.12; 4.2.5.14; 4.2.6.8.1 – 4.2.6.8.19).
- 4.5.6 Die doel van dissipelskap is om meer en meer soos Jesus te word en bevestig ook dat dissipelskap 'n lewenslange proses op aarde is (vgl. IND 2; 4.2.5.13).
  - 4.5.7 Verlose dissipels is die subjek van SP 1–3 (4.2.5.11; 4.2.6.8.3; 4.2.6.8.13).
  - 4.5.8 Die korrekte verstaan van dissipelskap as proses het belangrike praktiese implikasies vir die strategiese beplanning in die gemeente (kyk 4.2.5.15 – 4.2.5.17).
  - 4.5.9 SP 1 (vgl. Hand. 1:8) bevestig die uitwaartse strategie en noodsaak 'n visie en beplanning om die grootste denkbare groepe te bereik (4.2.6.8.1; 4.2.6.8.2; 4.3.11.7; 4.3.11.26; 4.4.7.2 – 4.4.7.3; 4.4.7.6).
  - 4.5.10 Met die uitstorting van die Heilige Gees val die klem onmiddellik op die oorsteek van grense (vgl. verskillende tale en die verband met Gen. 11). Die Gees verleen ook die krag om getuies te kan wees (4.3.11.3; 4.3.11.6; 4.3.11.7).
  - 4.5.11 Vervolging en konflik gaan gepaard met die oorsteek van grense, maar open nuwe geleenthede (4.3.11.6; 4.3.11.16 – 4.3.11.18; 4.3.11.20 – 4.3.10.23).
  - 4.5.12 Die begrip “doop” (βαπτίζω) beteken om heeltemal onder die water te wees, (“immerse”, “drench”), om nie weer daaruit te kom nie (4.2.6.8.4).
  - 4.5.13 Waar die onmiddellike konteks van die doop die groot opdrag is, is die breë konteks van die doop die bilaterale aard van die verbond met die klem op sending (4.2.6.8.6; 4.2.6.8.7).
  - 4.5.14 Om die Seun van God as Middelaar van die nuwe verbond se “kant” van die bilaterale verbond te beklemtoon word “doop” metafores gebruik om aan te toon dat God die kerk deurdrenk met sy Gees tydens en na Pinkster. So is Jesus by sy dissipels teenwoordig (IND 2) (4.2.6.8.24; 4.3.11.8 – 4.3.11.11).
  - 4.5.15 Binne die konteks van die groot opdrag is doop die letterlike (H<sub>2</sub>O) teken van openbare aanvaarding van verlossing in Christus (Christendissipelskap), selfs wanneer daar na huishoudings verwys word (4.2.6.8.5; 4.2.6.8.8 – 4.2.6.8.12; 4.3.11.14).
  - 4.5.16 Die doopformule in Matteus 28 beklemtoon die ryke betekenis van die verlose mens wat nou in 'n nuwe verhouding met God drie-enig en mede-Christene staan (4.2.6.8.5; 4.2.6.8.8 – 4.2.6.8.12).

- 4.5.17 Konflikt oor die wyse van doop word nie in Handeling beskryf nie en die doop word as metafoor aangewend om die eenheid tussen Christene in konfliktsituasies te beklemtoon (4.3.11.24; 4.3.11.25; 4.4.7.5).
- 4.5.18 Geleerdes wat van mekaar verskil oor die interpretasie van die vorm en volgorde van die doophandeling behoort rekening te hou met die beskrywende aard van die verhaalstof in Handeling en die vrye werk van die Heilige Gees (4.3.11.1; 4.3.11.2; 4.3.11.12).
- 4.5.19 Dat tyd moet verloop weens verdere onderrig na bekering, voor doop mag plaasvind, word nie in Handeling beskryf nie. Die doop in Handeling is in ooreenstemming met die beginsel in Matteus 28:19 bedien (vgl. 4.2.6.8.5). SP 2 volg op SP 1 en nie op SP 3 nie. Doop is die beginpunt van Christendissipelskap, nie 'n teken van verdieping, geestelike groei of verdere bekeringsmomente nie (4.3.11.13).
- 4.5.20 "Leer" (διδάσκω) beteken om in 'n formele of informele opset, instruksie of onderrig te gee en beskryf die laaste fase in die proses van dissipels-maak (SP 3) (4.2.6.8.13 – 4.2.6.8.15; 4.2.6.8.19).
- 4.5.21 "Leer hulle" gaan oor uitkomst eerder as oor insette en die verantwoordelikheid van die dissipel wat ander leer, is om die hele mens tot lewensverandering met die Woord te bedien (vgl. SP 3b, "onderhou"; 4.2.6.8.16).
- 4.5.22 Die leerinhoud is omvattend ("alles wat Jesus beveel het"), maar kan saamgevat word in die groot gebod en die groot fokus (2.6.8.17; 4.2.6.8.18).
- 4.5.23 Die toepassingsterrein vir toegeruste dissipels is onbeperk, maar die georganiseerde gemeente is toegespits op lering/toerusting sodat dissipels op elke lewensterrein Christus se bevele kan ervaar (SP 3a, SP 3b; 4.2.6.8.19 – 4.2.6.8.21).
- 4.5.24 Jesus bevestig met tekens en wonders dat Hy in die leerproses by sy dissipels is (SP 3; IND 2; 4.3.11.15).
- 4.5.25 Konflikt oor valse leer in die gemeente kan verwag word (4.3.11.28).
- 4.5.26 Wanneer dissipels mekaar leer, volg eksponensiële groei (4.4.7.6).

#### **4.6 Samevatting: basisteoretiese perspektiewe uit die groot opdrag**

- 4.6.1 Die groot opdrag om dissipels te maak (soos sketsmatig in figuur 1 uiteengesit [IND 1–2; SP 1–3]) is die belangrikste missie ("comission") van die Here aan sy gemeente (4.5.1; 4.5.2; 4.2.4.3).

- 4.6.2 'n Dissipel is 'n volgeling en leerling van Jesus en kan 'n onverloste, verlose en toegewyde persoon beskryf (4.5.3).
- 4.6.3 Om dissipels te maak beskryf 'n lewenslange proses op aarde, waarin die gemeente primêr uitwaarts beweeg (SP 1). In hierdie proses word die potensiele dissipel deur verkondiging/lering nadergebring na Jesus. Die dissipel word begelei tot verlossing in Christus en gedoop (SP 2) en vervolgens geleer om as volwasse dissipel steeds meer en meer soos Jesus te word (SP 3) (4.5.2; 4.5.5 – 4.5.9).
- 4.6.4 Om oor die grense te gaan, noodsaak 'n strategie om uitwaarts te beweeg en die grootste denkbare groepe mense met die evangelie te bereik (4.5.10).
- 4.6.5 Binne die konteks van die groot opdrag is doop vir 'n dissipel die teken van die openbare aanvaarding van verlossing in en oorgawe aan Christus en simboliseer ook die ryke betekenis van 'n nuwe verhouding in die drie-enige God (4.5.12; 4.5.15; 4.5.16; vgl. "woord van die kruis" [2.3.4.4]).
- 4.6.6 Dissipelskap mag op geen wyse as voorvereiste vir verlossing gestel word nie, aangesien alle mense alleen deur Christus se verdienste gered word (vgl. die groot fokus [hfst. 2]). Daarom kan iemand al 'n dissipel wees en nog nie 'n verlose nie en behoort 'n dissipel wat in Christus as Verlosser glo, sonder tydsverloop vir verdere onderrig gedoop te word (4.5.4; 4.5.5; 4.5.19).
- 4.6.7 Of dissipels reg geleer word, moet gemeet word aan lewensverandering as doel en kan wat leerinhoud betref, saamgevat word as die groot gebod met die fokus op Christus as vertrekpunt (4.5.20; 4.5.21; 4.5.22; 4.5.26).
- 4.6.8 Die georganiseerde gemeente behoort sigself toe te spits op onderrig sodat dissipels toegerus kan wees vir elke taak op elke terrein van die koninkryk (4.5.23).
- 4.6.9 Met die SP 1 word uitwaarts oor die grense beweeg. Met SP 2 word vanuit die samelewing inwaarts in die gemeente in beweeg as iemand 'n Christendissipel word. Met SP 3 word beide na binne beweeg (toerusting van lidmate in die gemeente) en na buite (toegeruste dissipels onderhou wat Jesus beveel het op elke lewensterrein) (4.5.9; 4.5.10; 4.5.15; 4.5.16; 4.5.23).
- 4.6.10 As roeping van die gemeente, is die groot opdrag 'n sleutel om koers te verleen te midde van konflik. So byvoorbeeld kan die groot opdrag bydra om groter eenheid oor die betekenis van die doop te bewerk (4.5.11; 4.5.17; 4.5.18; 4.5.25).
- 4.6.11 Die groot opdrag kan met die grootste entoesiasme aangepak en volgehou word omdat die opgestane Here deur sy Gees al die krag gee wat nodig is en deur sy

Gees by diegene is wat die opdrag uitvoer. Die beskrywing van hierdie proses in die boek Handeling is die bewys vir laasgenoemde (4.5.10; 4.5.13; 4.5.14; 4.5.24).





## HOOFSTUK 5

### **DIE VERWANTSKAP EN PROGRESSIE TUSSEN DIE GROOT FOKUS, DIE GROOT GEBOD EN DIE GROOT OPDRAG**

#### **5.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik vanuit die basisteoretiese perspektiewe van hoofstuk 2–4 'n vergelyking getref tussen die groot fokus (2.5.3; 2.6.1), die groot gebod en die groot opdrag as drie sleutels (afgekort as GF, GG en GO). Konflikhantering dien as die onmiddellike konteks vir die basisteoretiese navorsing.

Die doel van hierdie hoofstuk is om deur vergelyking die verwantskap van die drie sleutels aan te toon en finale basisteoretiese perspektiewe te gee. Die doel is ook om sigbaar en eenvoudig die gesamentlike effektiwiteit van hierdie sleutels aan te toon, sodat die gemeente tot 'n duideliker verstaan van 'n Godgegewe roeping kan kom. 'n Praktiese model kan dan verder ontwikkel word deurdat gemeentes hulle huidige leemtes in die lig van die model identifiseer en nuwe strategieë ontwikkel.

Wat metode betref, word eerstens die basisteoretiese perspektiewe uit die GF, GG en GO as boustene vir die verdere bespreking saamgelys. Tweedens volg 'n bespreking oor die verwantskap tussen die sleutels aan die hand van laasgenoemde perspektiewe. Van drie sketsmatige voorstellings word gebruik gemaak (figuur 2–4). Figuur twee wys hoe die sleutels tematies verweef is om die lewe van 'n gemeente in Christus te teken. Figuur een (4.2.4.3) vorm deel van figuur twee. Figuur drie is 'n variasie op figuur twee en wys die progressie tussen die sleutels duideliker. In figuur vier word die interaksie tussen die gemeente (wat met die sleutels werk) en die samelewing en wêreld uitgebeeld. Ten slotte volg 'n finale samevatting van basisteoretiese perspektiewe.


## **5.2 Basisteoretiese perspektiewe uit die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag**

- 5.2.1 Die fokus op Christus en sy voltooide verlossingswerk is 'n onontbeerlike hermeneutiese vertrekpunt in die gemeentebouproses en vir die hantering van konflik (2.6.1).
- 5.2.2 Die fokus op Christus die gekruisigde beteken dat leiers en lidmate Jesus Christus en sy voltooide verlossingswerk persoonlik ken, *in* Hom is en met sy wysheid en Gees leef. So alleen kom die dianoëtiese en dinamiese dimensies van die "woord" na vore (2.6.2).
- 5.2.3 Die fokus op wysheid en mag/tekens is valse roem of roem buite Christus. Die Bybel leer ook 'n fokus op Christus eerder as op die Vader en die Heilige Gees. Wanneer Christus geken word, kom die regte perspektief oor die verhouding met die Vader en die Gees na vore (2.6.3).
- 5.2.4 Tensy die omliggende samelewing ook op Christus en die kruis fokus, is die gemeente 'n *alternatiewe* geloofsgemeenskap wat *alle* geroepenes/mense wat gered word, wil insluit (inklusief), maar tegelyk die mag en wysheid van die sekulêre gemeenskap verstaan en vermy (eksklusief) (2.6.4).
- 5.2.5 In die gemeente as alternatiewe gemeenskap is die kruis 'n sentrale simbool. Die kruis simboliseer dat die mens se inherente vermoëns (sy hoër siel, νοῦς en πνεῦμα) nie tot by God kan vorder nie (2.6.5).
- 5.2.6 Die kruis beteken ook dat die gemeente nie verlei word om op die wysheid en heerlijkheid/krag van Jesus te fokus om sodoende weer wysheid en mag vir hulleself te bekom nie, maar om op Christus self te fokus (2.6.6).
- 5.2.7 Daarom is leiers en gemeentelede deursigtig oor hulle eie swakheid en sonde. Sondaars kan met hulle identifiseer. Leiers fasiliteer, eerder as forseer, die werk van die Gees (2.6.7).
- 5.2.8 Die gemeente wat Jesus ken word nie gekenmerk deur onsekerheid (soek en vra) nie, maar deur sekerheid in Christus en sy voltooide boodskap wat verkondig word. Die gemeente roem sodoende in die wysheid en mag van Christus die gekruisigde (2.6.8).
- 5.2.9 Om die evangelie te bevorder in die gemeentebouproses en in konflikhantering moet die groot gebod op grond van progressiewe Skrifopenbaring verbesonder word as voortdurende toename van oorvloedige liefde in kennis/die ken van Jesus en fyn aanvoeling of optrede (3.6.1).

- 5.2.10 Die groot gebod is verweef met die fokus of ken van Christus en gemeenskap of deelname aan sy evangelie. Omgekeerd, die evangelie word bevorder deur die werklike vertikale en horisontale impak van Jesus se liefde (3.6.2).
- 5.2.11 Gebed (ook voorbidding) vir die toename van oorvloedige liefde is noodsaaklik en vorm saam met die groot fokus strategiese *vertrekpunte* in die gemeentebouproses en die hantering van konflik (3.6.3).
- 5.2.12 Gebed om liefde wat toeneem in kennis/die ken van Christus en fyn aanvoeling is effektief vir nou en vir die ewige lewe, daarin dat die sake wat vir God belangrik is onderskei word, kritiek voor God se troon vermy word en die vrug van Jesus se kruis na vore kom (3.6.4).
- 5.2.13 Elke lidmaat wat hierdie gebed bid, kan verwag dat die rykdom van die betekeniselemente daarvan toenemend 'n integrale deel van sy/haar lewe sal word, konflik tot eer van die Here hanteer sal kan word; die gelowige sy/haar eie optrede as voorbeeld van die gesindheid van Christus aan ander sal kan voorhou (3.6.5).
- 5.2.14 Die groot opdrag om dissipels te maak (soos sketsmatig in figuur 1 uiteengesit in IND 1–2; SP 1–3) is die belangrikste missie ("co-mission") van die Here aan gemeente (4.6.1).
- 5.2.15 'n Dissipel is 'n volgeling en leerling van Jesus en kan 'n onverloste, verlore of toegewyde ("committed") verlore persoon beskryf (4.6.2).
- 5.2.16 Om dissipels te maak beskryf 'n lewenslange proses op aarde, waarin die gemeente primêr uitwaarts beweeg (SP 1). In hierdie proses word die potensiële dissipel deur verkondiging/lering nadergebring na Jesus. Die dissipel word begelei tot verlossing in Christus en gedoop (SP 2) en vervolgens geleer om as volwasse dissipel steeds meer en meer soos Jesus te word (SP 3) (4.6.3).
- 5.2.17 Om die grense oor te steek, noodsaak 'n strategie om uitwaarts te beweeg en die grootste denkbare groepe mense met die evangelie te bereik (4.6.4).
- 5.2.18 Binne die konteks van die groot opdrag is doop vir 'n dissipel die teken van die openbare aanvaarding van verlossing in en oorgawe aan Christus en simboliseer ook die ryke betekenis van 'n nuwe verhouding in die drie-enige God (4.6.5).
- 5.2.19 Dissipelskap mag op geen wyse as voorvereiste vir verlossing gestel word nie, aangesien alle mense alleen deur Christus se verdienste gered word (vgl. GF [hfst. 2]). Daarom kan iemand al 'n dissipel wees en nog nie 'n verlore nie en behoort 'n dissipel wat in Christus as Verlosser glo, sonder tydsverloop vir verdere onderrig, gedoop te word (4.6.6).

- 5.2.20 Of dissipels reg geleer word moet gemeet word aan lewensverandering as doel en kan wat leerinhoud betref, saamgevat word as die groot gebod met die fokus op Christus as vertrekpunt (4.6.7).
- 5.2.21 Die georganiseerde gemeente behoort sigself toe te spits op onderrig sodat dissipels toegerus kan wees vir elke taak op elke terrein van die koninkryk (4.6.8).
- 5.2.22 Met die SP 1 word uitwaarts oor die grense beweeg. Met SP 2 word vanuit die samelewing inwaarts in die gemeente in beweeg as iemand 'n Christendissipel word. Met SP 3 word beide na binne (toerusting van lidmate in die gemeente) en na buite (toegeruste dissipels onderhou wat Jesus beveel het op elke lewensterrein) beweeg (4.6.9).
- 5.2.23 As roeping van die gemeente, is die groot opdrag 'n sleutel om koers te verleen te midde van konflik. So byvoorbeeld kan die groot opdrag bydra om groter eenheid oor die betekenis van doop te bewerk (4.6.10).
- 5.2.24 Die groot opdrag kan met die grootste entoesiasme aangepak en volgehou word omdat die opgestane Here deur sy Gees al die krag gee wat nodig is en deur sy Gees by diegene is wat die opdrag uitvoer (IND 1, 2). Die beskrywing van hierdie proses in die boek Handeling is die bewys vir laasgenoemde (4.6.11).

Die verwantskap en progressie tussen die sleutels word vervolgens in figuur 2 voorgestel en in 5.3 verder bespreek.



Figuur 2. Lewensaar van die liggaam: die verwantskap en progressie tussen die sleutels




### 5.3 Die verwantskap en progressie tussen die drie sleutels

In figuur twee word die gesonde uitlewing van roeping deur die gemeente voorgestel as 'n groter-/sterkerwordende slagaar van die liggaam (n.a.v. die liggaambeeld in 1 Kor. 12 en Ef. 4; vgl. laaste par. by 2.1.4). Die GF, GG en GO word voorgestel as drie lewensbelangrike are wat van links na regs in die slagaar van die liggaam uitmond (vgl. figuur 3 hieronder). Deur hierdie are is die lewende Christus, die Hoof (Ef. 4:15), verbind aan sy liggaam (gemeente) en die gemeente aan Hom en word die gemeente en gemeenskap bedien.

Deur die rooi blokke word aangetoon hoe die lyn van die groot fokus deur die hele gemeente-aar loop.

Die gemeente-aar groei van links na regs omrede die sleutels progressief op mekaar bou om meer van die lewe/bloed van Christus in die gemeente te kanaliseer. So word die gemeente en uiteindelik ook die gemeenskap al hoe meer soos Christus. Die groei van die gemeente se lewensaar met Christus die gekruisigde in die fokuspunt, lyk van die kant gesien soos volg:



**Figuur 3. Dwarssnit van die lewensaar van die groeiende gemeente**

Die membrane van die aar is met stippellyne aangedui om beweging, groei en deursigtigheid voor te stel. In figuur vier (hieronder) word aangetoon dat die gemeente vanuit die GF uitwaarts groei.

Sondige oorsake van konflik (vgl. stervormige "virus" in figuur 2, 3) in die onderskeie hoofstukke toon ooreenstemming. So is "roem buite Christus" in hoofstuk twee geïdentifiseer (5.2.3). "Roem" neem veral twee vorme aan naamlik enersyds 'n fokus op wysheid en andersyds 'n fokus op tekens (5.2.3; 5.2.6). "Roem buite Christus" kom in hoofstuk drie (3.3.5.3) weer aan die orde as "leë eer" (κενοδοξίαν; vgl. Robertson, 1998 [Philip. 2:3]). In al drie hoofstukke word ook verwys na teenstanders van die evangelie (2.2.1; 2.3.5.4.3; 3.3.5.2; 4.3.9.5; 4.3.10). 'n Gebrek aan eenheid kom ook pertinent in al drie hoofstukke na vore (vgl. 2.2.1; 3.3.5; 4.3.9.3).

In figuur twee is slegs twee van die vernaamste oorsake van konflik, naamlik "roem" (met twee variasies daarvan uit 1 Kor. 1:22 en κενοδοξία) en die werk van "teenstanders" (wat in die skets dreig om binne te kom, maar buite hoort [vgl. "honde", 3.3.5.2.2]) as stervormige virusse of indringers in die lewensaar, voorgestel.

Die verhouding tussen die betekeniselemente van die sleutels word vervolgens aan die hand van die basisteoretiese perspektiewe in 5.2 en figuur 2–3, vollediger toegelig:

Die sleutels is verweef vanweë die gemeenskaplike fokus op Christus. In hoofstuk twee is die groot fokus uiteengesit as 'n fokus op die "woord van die kruis", "Christus die gekruisigde" (5.2.1; 5.2.8). Die dianoëtiese (verstaan) en dinamiese (doen/aksie) betekeniselemente van "woord" (by GF, 5.2.2), kan vergelyk word met die begrippe weerskante van Filippense 1:9 wat mekaar telkens van die innerlike na die uiterlike/doen/aksie aanvul (vgl. 3.2.4.3.4.3.7). Die dinamika van die groot fokus word verder beklemtoon deur 1 Korintiërs 2:2 ("niks anders [dus fokus] onder julle te weet/ken, behalwe Christus die gekruisigde"). So word beklemtoon dat dit nie genoeg is om slegs van Jesus en sy verlossingswerk te weet nie, maar Hy moet persoonlik geken word (GF). Al wat Paulus wens is om in Hom gevind te word (Fil. 3:8; vgl. 3.5.3 [GG]). Alle gelowiges kan met sy (Christus se) verstand/denke (νοῦς [dianoëties]) en sy Gees (πνεῦμα [dinamies]) opereer (5.2.2; vgl. 5.2.5). Die fokus op Christus bring sekerheid van verlossing wat as alternatief in die gemeenskap, wat soekend is na eie roem en mag (5.2.4; 5.2.8), verkondig kan word (5.2.8). Enige ander fokus belemmer die "bloedsomloop" in die lewensaar van die gemeente (vgl. 5.2.3; 5.2.6).

Die dinamiek van die groot fokus blyk ook uit die ondersoek in hoofstuk drie. In hierdie hoofstuk is op Filippense 1:9–11 as progressiewe openbaring van die Gees oor die groot gebod, toegespits (vgl. 5.2.9). Die sentrale tema van die Filippensebrief is gemeenskap (κοινωνία [1:5]) aan dieselfde evangelie waarop Paulus in 1 en 2 Korintiërs fokus. Die groot gebod is dus verweef met die fokus op Christus en die liefdevolle bevordering van sy evangelie. Liefde handel oor meer as “fellowship” en atmosfeer in die gemeente. Liefde gaan hand aan hand met κοινωνία as aksiewoord (3.2.4.3.3.2) en beteken die daadwerklike bevordering van die evangelie deur verskeie bedienings (vgl. 5.2.10).

Gebod dat die liefde van die gemeente oorstroom sal toeneem is noodsaaklik en effektief vir die bevordering van die evangelie (5.2.9; 5.2.11; 5.2.12; vgl. die woordpare wat met pyle in figuur 2 verbind is).

Die volgende voorbeeld illustreer die verwantskap tussen die groot fokus en die groot gebod (verbesonder as ’n gebed om meer oorstroomende liefde): in 1 Korintiërs 2:2 sê Paulus dat hy voornemens was om slegs vir Christus te ken. In 1 Korintiërs 2:16 konkludeer hy dat om Jesus te ken nie net vir hom nie, maar ook vir die gemeente moontlik is. Gelowiges het die verstand (νοῦς) van Christus. In Filippense 1:9 tree hy as intersessor vir die gemeente op en bid dat hulle liefde in “kennis” van Christus en sy boodskap (vgl. ἐπιγνώσει [3.2.4.3.4.3.3] met νοῦς in 1 Kor.2:16 en die dianoëtiese en dinamiese betekenis van λόγος) sal toeneem. Die gevolg van so ’n verhoorde gebed is toename in oorstroomende liefde wat praktiese estetiese gevolge in die gemeente het (vgl. αἰσθήσει [3.2.4.3.4.3.3]), wat die evangelie bevorder te midde van teenstanders en konflik (vgl. 5.2.11). Op so ’n wyse word die gelowiges as gevolg van hierdie gebed “vervul met die vrugte van geregtigheid van Christus” (Fil. 1:11; vgl. 5.2.12) en verkry die fokus op Christus verdere momentum.

Die momentum van die impak van Christus se liefde neem steeds toe namate die gemeente gehoorsaam word aan die uitvoering van Jesus se opdragte (vgl. 5.2.24; “geloofsgehoorsaamheid” in Rom 1:5). Om dissipels van al die nasies te maak (hfst. 4) is die groot opdrag wat die ryke verskeidenheid van die liefde verder en prakties na vore bring. Wanneer raakgesien word dat die maak van dissipels ’n proses is en dat ’n dissipel iemand is wat meer en meer soos Jesus word, is die verband tussen die GO, GG en GF meteens duidelik. So gesien is die voorbeeld van die voorafgaande paragraaf ook hier van toepassing. Paulus wil Christus ken (GF), bid vir toename in liefde sodat die Filippense sal toeneem in hulle



kennis van Jesus en voller sal wees van Christus se geregtigheid (GG). Sodoende is Paulus besig om verder dissipels te maak (GO; vgl. sy aanvanklike werk in Filippi; 3.2.4.1) en die Filippense te "beweeg" om al hoe meer soos Christus te word, wat die doel van die dissipelskapproses is (5.2.15; 5.2.16; 5.2.20).

SP 2 is gemerk om die onmiddellike verband met die GF aan te toon. Binne die konteks van dissipelskap is doop die teken van die openbare aanvaarding van verlossing in en oorgawe aan Christus. Die doop simboliseer ook die ryke betekenis van 'n nuwe verhouding in die drie-enige God (5.2.18). Met persoonlike belydenis van verlossing alleen uit genade (5.2.19) tree die Christendissipel nou bewustelik en persoonlik toe tot die lewensaar van die gemeente. Na hierdie openbare fokus op Christus volg 'n lewe gebaseer op toename in oorvloedige liefde (GG), bevordering van die evangelie (5.2.10) en voortgesette toerusting om op alle lewensterreine (ook "gewone" beroepslewe) meer met Christus se Gees en verstand op te tree (SP 3; 5.2.20 – 5.2.22).

SP 1 beskryf dus die "uitreiking", SP 2 die "inlywing" en SP 3 die verdere "uitlewing" in die dissipel-maakproses (5.2.22).

Die motivering vir die groot opdrag laat weer die fokus op Christus val (vgl. IND 1–2; 5.2.24). In Handeling word beskryf hoe Christus as Middelaar van die nuwe verbond, sy kerk met sy Gees deurdrenk het en hulle lering (SP 3) met tekens en wonders bevestig het (5.2.24).

Die beskrywing van die proses van dissipelskap eindig klimakties deurdat 'n dissipel 'n "getuie" (μάρτυρες in Hand. 1:8) en "Christen" (Hand. 11:26) genoem word (vgl. 4.3.5). Dat die proses van dissipelskap soos deur Jesus in die vooruitsig gestel is, besonder geslaagd was, volg uit die beskrywing daarvan in Handeling (vgl. 4.3). Talle dissipels was ook bereid om (anders as die Twaalf vóór die kruis) hulle kruis op te neem, dit wil sê vir Christus te ly en selfs te sterf (vgl. 4.3.9.5; Fil. 3:10; 2 Kor. 11:16–33). Die identifikasie met Christus is nou reeds so volledig dat die dissipels "Christene" genoem word (4.3.10). Dissipelskap as proses beskryf so die ware roem in Christus (1 Kor 1:30–31; vgl. 5.2.5 – 5.2.7 oor "valse roem").

In die voorafgaande hoofstukke is op talle plekke geïllustreer dat dissipels wat deur hierdie drie lewensare van geloof, liefde en gehoorsaamheid aan die groot opdrag (GF, GG en GO) leef en


ander bedien, allerlei konflik en teenstand van die Satan tot eer van God kan hanteer (5.2.1 [vgl. 2.5.23]; 5.2.9 [vgl. 3.5.9]; 5.2.23).

Al drie sleutels kom op een of ander wyse tot die gesamentlike slotsom, naamlik die eer van God (5.2.5 [nie die mens se roem nie, maar God se eer]; 5.2.13 [vgl. δόξαν in Fil.1:11]; 5.2.17; 5.2.20 [om God te verheerlik moet soveel as moontlik dissipels meer en meer soos Christus word]).

God kan alleen toenemend verheerlik word as die gemeente deur die groot opdrag die samelewing en die wêreld bereik en verander. Die interaksie tussen die gemeente en die samelewing en die wêreld word vervolgens in figuur vier aangetoon.

#### **5.4 Hoe die gemeente met die sleutels in die samelewing en wêreld funksioneer**

Die kruis en die boekie in die onderstaande figuur stel die fokus op “die woord van die kruis/Christus die gekruisigde” voor. Die ander twee sleutels (GG en GO) word onderskeidelik as 'n hart en 'n trapleer (kyk figuur 1 [4.2.4.3]) voorgestel. Die kruis staan sentraal in die gemeente wat as die kleinste sirkel voorgestel word. Vanweë die impak van die verhouding met Christus die gekruisigde is die gemeente as alternatiewe gemeenskap onderskeibaar van die sekulêre gemeenskap (beroepswêreld ingesluit, vgl. SP 3b) wat deur die res van die sirkels voorgestel word.



**Figuur 4. Van die gemeente na die samelewing**

Die vertikale bewegende pyle vanuit die gemeente na die samelewing stel voor dat die gemeente besig is om uitwaarts die grense oor te steek (SP 1)). Die proses van dissipelskap bring die nuwe dissipels ook in die gemeente in (SP 2), vandaar die vertikale bewegende pyle vanuit die samelewing na die gemeente. Die dissipels word ook verder toegerus vir hulle bediening in die koninkryk, na binne in die gemeente en na buite in die samelewing (SP 3), vandaar die vier horisontale pyle (5.2.22).

Die gemeente se uitwaartse beweging is omvattend: die beweging begin in Judéa (onmiddellike omgewing), brei uit na Samaria (ander taal- en kultuurgroepe) en uiteindelik beweeg die evangelie na die uithoeke van die wêreld (Hand. 1:8; 4.3.5; 5.2.17).

## 5.5 Samevatting: die verwantskap en progressie tussen die sleutels

Al drie sleutels karakteriseer die gemeente as alternatiewe liefdesgemeenskap wat in Christus en gehoorsaam aan Hom leef. Waar die GF die *waardes* van die gemeente afgrens teenoor die gemeenskap, skep die GG 'n alternatiewe *gesindheid* wat effektiewe meewerking aan hierdie alternatiewe waardes bewerkstellig. Vir 'n al hoe groter impak van Christus se liefde ter wille van die evangelie word toenemend gebid. Die GO beskryf 'n haalbare *proses* om voltyds na die samelewing toe uit te reik (SP 1; SP 3). Die proses is 'n dinamiese groeiproses namate al hoe meer mense in die sekulêre samelewing Christendissipels in die nuwe geloofsgemeenskap word (SP 2). Daar is verdere groei namate dissipels mekaar toerus om weer na die samelewing en wêreld uit te reik en om in die samelewing die beeld van Christus te vertoon (SP 1; SP 3).

## 5.6 Finale basisteoretiese perspektiewe uit die verwantskap en progressie tussen die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag

- 5.6.1 Die drie sleutels (GF, GG en GO) is verwant en bou progressief op na die uitlewing van die groot opdrag as uiteindelijke praktiese roeping van die gemeente as alternatiewe liefdesgemeenskap van dissipels in die gemeenskap en die wêreld (figuur 2–4; 5.3; 5.2.4; 5.2.5).
- 5.6.2 Om Christus te ken/in Christus te wees, beskryf die ware lewe van die gemeente as dinamiese gemeenskap van dissipels en veroorsaak waardes (“values”) soos verkondiging (sekerheid), optrede met die wysheid (vgl. “dianoëties”) en krag van Christus (vgl. “dinamies”; IND 1 en 2), fasiliterende leierskap (figuur 2; 5.3; 5.2.1 – 5.2.8).
- 5.6.3 Om Christus te ken noodsaak gebed om en voorbidding vir meer en meer oorvloedige liefde as gesindheid van Christus waarin effektiewe meewerking aan die evangelie kan plaasvind (figuur 2; 5.3; 5.2.11; 5.2.12).
- 5.6.4 Die groot opdrag beskryf die uiteindelijke praktiese roeping van die gemeente as 'n uitwaartse proses wat begin by *uitreiking* (vgl. “al die nasies”; SP 1), dan *inlywing* in Christus en in die gemeente (en daarmee in die volheid van “Vader, Seun en Heilige Gees”; SP 2b) en toerusting tot omvattende *uitlewing* van al sy bevele (vgl. “alles” en “onderhou”; SP 3b) (figuur 2 [met figuur 1 ingesluit]; 5.3; 5.2.16 – 5.2.18; 5.2.20 – 5.2.22).

- 5.6.5 Dissipelskap behels dat iemand op 'n gegewe stadium 'n volgeling en leerling van Jesus is en dui nie op 'n formele amp nie. Onderskeid tussen 'n dissipel, 'n verlose dissipel en 'n toegewyde dissipel, kan gemaak word. Namate gelowiges groei in geloof word dissipel-wees en dissipel-maak al hoe meer 'n vanselfsprekende identiteit (5.2.15; 5.2.16; 5.2.18; 5.2.21).
- 5.6.6 Die omgekeerde fokus (van 'n lewe in Christus) manifesteer as valse roem/eie eer in 'n verskeidenheid vorme soos die soeke na tekens en mag (selfs in die teenwoordigheid van Christus), verdeeldheid, dwaalleer, vyandskap teen die evangelie, maar kan effektief deur genoemde sleutels voorkom en bestry word (figuur 2 – 3; 5.3; 5.2.1; 5.2.11; 5.2.13; 5.2.23).
- 5.6.7 Die gemeente word gemotiveer deurdat hulle Christus ken (GF), met sy gees en verstand mag optree (GF), die impak van sy liefde beleef (GO) asook deur sy beloftes dat Hy al die mag het en met hulle is (GO) (5.2.2; 5.2.12; 5.2.13; 5.2.24).



## **AFDELING B: METATEORETIESE GEGEWENS**

### **HOOFSTUK 6**

#### **ONTLEDING VAN STRATEGIEË**

##### **6.1 Inleiding**

###### **6.1.1 Situasië-analise in die lig van die basisteorie**

Venter (1995:198) verduidelik dat diakonologiese teorievorming plaasvind deur besinning oor die hermeneutiese wisselwerking tussen twee refleksiedomeine, naamlik eerstens die kommunikatiewe handeling in die opskrifgestelde openbaring en tweedens die kommunikatiewe handeling in die konkrete bediening van eersgenoemde in die kerk. Aan die eerste refleksiedomein is in die basisteoretiese afdeling A, aandag gegee. Vir doeleindes van genoemde hermeneutiese wisselwerking, word die konkrete situasie in die kerk wat op afdeling A betrekking het, nou ondersoek. Twee gemeenteboumodelle of kerkgroeiëbewegings wat tot 'n meerdere mate die beginsels van die basisteorie in afdeling A toepas, is derhalwe as ondersoekveld vir hierdie hoofstuk gekies. Deur kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese navorsing in hoofstuk sewe word die basisteorie verder op metateoretiese vlak getoets (vgl. Venter, 1995:198).

###### **6.1.2 Doel van die ontleding van metateoretiese gegewens**

Die onmiddellike doel is om die basisteoretiese perspektiewe van afdeling A in 'n beskrywing en evaluering van twee verbandhoudende modelle te integreer om sodoende gemelde perspektiewe verder te toets. In die proses word tot 'n metateoretiese beskrywing van die werklikheid waarin die verbandhoudende modelle toegepas word, gekom. In aansluiting by die metode wat Zerfass (aangehaal deur Venter, 1995:199) ontwerp het, is die verdere doel om uit die wisselwerking tussen die metateoretiese werklikheid en die basisteoretiese perspektiewe van afdeling A, tot 'n versterkte praktykteorie in afdeling C te kom (vgl. Venter, 1995:199).

Deur die vergelykende studie word ook gepoog om die kwaliteit van die vergelykbare strategieë of modelle te verhoog deur konkrete voorstelle en gevolgtrekkings, wat die waarde van die

resultate in afdeling A, verder demonstreer. Stadelmann (1998:223) beklemtoon die waarde van norme waaraan die bestaande praktyk beoordeel kan word:

Quality is not something absolute and self-evident. What quality is can also not be left to the subjective judgment of the individual observer. Quality has, in each instance, to be measured over against a legitimate norm. If an action, institution, or relationship measures up to this norm, its quality is high; if it doesn't, its quality is low; and if theoretical reflection can help to bring a given practice into closer conformity to the legitimately applicable norm, its quality can be said to have improved (Stadelmann, 1998:223).

In aansluiting by hoofstuk een word weer gestel dat die uiteindelijke doel van die studie nie is om slegs die Skrif of die konkrete kerklike situasie in die lig van die Skrif te ondersoek nie, maar om uiteindelik 'n praktiese bydrae te lewer, sodat gemeentes toenemend geloofsgemeenskappe kan word wat hulle Godgegewe roeping uitleef.

Practical theology, of course, did not see its task only in investigating what was there in the empirical church. It wanted to bring about change and to open up the horizon of the church from its present to the realization of its possible form (Stadelmann, 1998:226).

### **6.1.3 Die metode wat gevolg word**

Die twee modelle of strategieë wat as voorbeelde gekies is, is die sogenaamde “seeker services” van Bill Hybels se Willow Creek-assosiasie, hier genoem die Willow Creek-soekerdienstrategie (WCS) en die doelstellingstrategie van Rick Warren se Purpose-Driven Ministries (PDM).

Die WCS en PDM word veral in die lig van die samevattende inligting en verband tussen die GF, GG en GO in hoofstuk vyf, beoordeel. Telkens sal daar verwys word na die finale basisteoretiese perspektiewe uit hoofstukke 2–4 (5.2), asook na figure 1–4 (veral SP 1–3, kyk 4.2.4.3). Waar nodig word bykomende inligting uit afdeling A bygehaal.

Na 'n kort beskrywing van die WCS en PDM, volg eers positiewe waardering in die lig van die drie sleutels (GF, GG en GO) en daarna die identifisering van tekortkominge. Na elke beoordeling van die modelle word gevolgtrekkings oor die spesifieke model of strategie gemaak. Ten slotte word 'n finale gevolgtrekking gemaak oor die bruikbaarheid van die GF, GG



en GO as sleutels en aangetoon in hoe 'n mate die WCS en PDM daarin slaag om die beginsels van afdeling A in praktyk te bring.

#### **6.1.4 Motivering vir die spesifieke keuse van die vergelykbare modelle**

WCS en PDM is om die volgende redes gekies:

Eerstens is WCS en PDM relevant omdat gemelde modelle in 'n groot mate reeds die beginsels van die basisteorie in afdeling A prakties toepas.

Tweedens is die modelle van toepassing omdat hulle wêreldwyd gewild geword het as hulpmiddels of strategieë in gemeentes. PDM het byvoorbeeld in Mei 2003 aanbiedings in Suid-Afrika gedoen en 290 gemeentes vanuit 15 denominasies (onafhanklikes as 'n groep getel) het hulle materiaal bestel (Admin, 2003).

Derdens, 'n persoonlike motivering. Die navorser is 'n lid van die WCA, het konferensies deur Bill Hybels en Rick Warren in Suid-Afrika bygewoon en inspirerend gevind. Om die bydraes van hierdie kerkleiers verder te bestudeer, is dus 'n voorreg.

### **6.2 Die Willow Creek-assosiasie se soekerdienstrategie**

#### **6.2.1 Inleidend: Willow Creek en die soekerdienbeweging**

Volgens Hamilton (2000:par. 44, 45) is die Willow Creek-assosiasie (WCA) nie 'n denominasie in wording nie, maar 'n parakerklike organisasie wat gemeentes aangaande leierskap en gemeentestrategie toerus. Bill Hybels het die WCA in 1991 gestig nadat 'n groeiende aantal gemeentes begin het om die basiese strategieë van sy Willow Creek megagemeente in South Barrington, Illinois, na te volg (vir die ontstaansgeskiedenis van Willow Creek-gemeente, kyk Pritchard, 1996:30–58). Die WCA bied 'n verskeidenheid konferensies, werksinkels en toerustingsmateriaal en bly deur gereelde nuusbriewe en e-pos in kontak met gemeentes (Hamilton, 2000:par. 44; vgl. Howie, 2003:1). In die meer as ses duisend gemeentes wat wêreldwyd deur die WCA bedien word, word getallegroei direk aan laasgenoemde toerusting gekoppel (vgl. Nyberg, 1999:par. 4, 5; Anon., 2002:4).

Die WCA is die organisatoriese arm van die "seeker sensitive movement" (Gilbreath, 1994:par. 12, 13). Hybels (aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 13) beskryf die "seeker sensitive movement" as "a growing awareness among thousands of church leaders that local churches lost their evangelistic effectiveness many decades ago and that something should be done about it".

## **6.2.2 Navorsing oor Willow Creek**

Talle positiewe en negatiewe artikels oor Willow Creek is gepubliseer. Senior personeel van Willow Creek en leiers in die WCA is deursigtig oor hulle metodes en skryf daaroor in boeke oor kerkgroei en evangelisering (vgl. Cousins, 1996; Hunt, 1996). Die beste woordvoerder vir Willow Creek is Bill Hybels self, daarom word sover moontlik na sy eie sienings verwys (vgl. Banks, 1997:par. 1).

Onder die fel kritici wat boeke teen die soekersensitiewe beweging geskryf het, tel skrywers soos John MacArthur, Douglas Webster, Os Guinness en John Seel (vgl. Gilbreath, 1994:par. 5).

In 6.2 word veral by Pritchard (1996) se boek "Willow Creek seeker services. Evaluating a new way of doing church" aan gesluit omdat geoordeel word dat sy navorsing as objektief en wetenskaplik uitstaan. Pritchard (1996:14,15) het van metodes uit die sosiologie gebruik gemaak en stel dat hy navorsing vir 'n Ph.D. wou doen sonder om voorstanders of kritici van Willow Creek te ondersteun. Die vraag wat hy wou beantwoord was: "hoe probeer Willow Creek buitekerklike individue help om hulle tot die evangelie te bekeer?" Ongeveer twee derdes van sy boek is 'n beskrywing van wat Willow Creek doen en waarom hulle dit doen. As teoloog en sosioloog het hy moeite gedoen om te luister na die voltydse personeel. Hy het onderhoude gevoer met ongeveer sewentig leiers, personeellede, persone wat dienste bywoon en honderde ander deelnemers. Hy het die interne navorsing wat die gemeente aan hom beskikbaar gestel het, bestudeer en vir ongeveer twee en 'n half jaar Willow Creek se dienste en programme bygewoon. Vanaf Junie 1989 tot Mei 1990 het hy met behulp van rekenaartegnologie 'n konkordansie oor die woordgebruik in die preke en boodskappe saamgestel. Oor die algemeen het personeellede van Willow Creek saamgestem dat sy beskrywings van hulle en die gemeente akkuraat en regverdig was (Pritchard, 1996:15). Pritchard sê:

I don't list these comments to pat myself on the back. The point is that those I have described generally believe I have succeeded in accurately representing them. When they haven't agreed with my understanding, I have often put their responses in the text or endnotes to give an alternative perspective. This openness to others' feedback is an acknowledgment that Willow Creek is very complicated ... The best sociologists acknowledge that empirical reality is very messy. It is not easy to describe a church with fifteen thousand weekly attenders (Pritchard, 1996:16).

### **6.2.3 Eienskappe van die WCS**

Soos die benaming "seeker sensitive movement" aandui, is "soekers" as synde buitekerklike ongelowiges en soekersensitiewe byeenkomste/dienste, in die kollig. "From the day Willow Creek Community Church opened the doors of a rented movie theater, those doors have been wide open to seekers – unchurched people who do not yet know God" (Anon., 1999a:1).

Die klem op soekers is ook duidelik uit die missiestelling van die WCA: "Helping churches turn irreligious people into fully devoted followers of Christ" (Anon., 1999a:1). Die WCA in Suid-Afrika het die volgende visie en missie: "that each church would reach its redemptive potential" (visie), "to envision, equip and encourage Christian leaders to build prevailing local churches" (missie) (Anon., 2003a:1).

Die Willow Creek-gemeente in Illinois het 'n viervoudige doelstelling en gee ook prominensie aan die sogenaamde "Handelinge 2-model" van die eerste gemeente:

One way we describe it is that the church exists for the four-fold purpose of exaltation, evangelism, edification, and social action. Then there's the Acts 2 model, where the first-century church devoted itself to teaching, fellowship, prayer, and Communion. Sometimes we just go down these grids looking for those marks of a biblical church, then we keep lining Willow Creek up against them to see how we're doing (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 19; vgl. Cousins *et al*, 1990).

Laasgenoemde doelstelling word verder met die volgende vyf G's strategies uitgebou:

GRACE The individual has appropriated the saving work of Christ (Ephesians 2:8–9)

GROWTH There is ongoing evidence of a changing life and a pursuit of Christ-likeness (2 Peter 3:18)

GROUPS Participating in the body of Christ and connecting with others in significant relationships (Acts 2:46)

GIFTS Serving Christ's body according to spiritual giftedness and passion (Romans 12:6–8)

GOOD STEWARDSHIP Honoring God with material resources and supporting the church in appropriate ways (Philippians 4:11–19) (Hybels, 1999:3).

Verder lys Hybels vier sake as “non negotiables”, waarvan die eerste twee oor Skrifgesag handel (Hybels, 1997):

- 'n Hoë premie op Skrifgesag:

First, we at Willow Creek will not tolerate biblical infidelity, a discounting of the clear teachings of Christ. Second, we insist on the enforcement of Scripture, the living out of the teachings of Christ. We'll defend not only the inerrancy and authority of Scripture, but also the indisputable importance of applying biblical teaching to our daily lives in practical ways (Hybels, 1997).

Wat teologie en Skrifbeskouing betref, gee Hybels die volgende tipering in 'n onderhoud met *Christian Century*:

It would be the classic historic Christian theology. We would fall right in line with the Billy Graham Evangelistic Association or Wheaton College or any of these classic evangelical institutions. Our statements of faith would probably be almost identical (Banks, 1997:par. 5; vgl. ook die tipering as “theologically conservative” [Nyberg, 1999:par. 7]).

- Instemming met die visie van Willow Creek (Hybels, 1997).
- “Verbal discipline” wat beteken 'n hoë premie op akkurate kommunikasie en waarheid (Hybels, 1997).

In 'n onderhoud met *Christianity Today* antwoord Hybels die vraag hoe die meer tradisionele gemeentes van die soekergemeente (in dié geval Willow Creek) verskil, as volg:

I find most traditional churches are not organized according to spiritual gifts. They don't have a discipleship and small-group emphasis. I find that most traditional churches do not understand or practice biblical worship. I see most traditional churches as teaching centers that seek to influence people primarily for an hour a week, as opposed to a biblically functioning community that has a full-orbed approach to bringing people to Christ, assimilating them into the body of Christ, discipling them, helping them find their spiritual gifts, and sensitizing them to the needs of the world (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994: par. 15).

#### 6.2.4 Die verloop van die proses van die WCS

Voorstanders van die WCS stel dit onomwonde dat hulle op die buitekerklike/soeker en sy/haar behoeftes fokus:

Its leaders insist that churches need to shift their concern from programming and growth to the real needs of those they are called to serve. Willow Creek's ultimate goal is not to grow churches, nor to spawn a thousand imitators; it is to renew Christianity by encouraging every church to *focus on the people to whom God has sent it* (Hamilton, 2000:par. 51, my kursivering).

Hoe doelgerig daar op die behoeftes van die buitekerklike gefokus word, blyk uit die opmerkings van Cousins, 'n vorige "associate pastor" van Willow Creek (Shelley, 1996). Die opmerkings van Cousins *et al* (1990a) illustreer verder hoe die proses om die buitekerklike te begin bereik, dikwels 'n aanvang neem:

Having a *single focus* also benefits workers by helping them gauge their effectiveness. Our food pantry has one purpose: to get food and clothing to people in need. If it does nothing else but provide those necessities, it's a success. So, every time a pantry volunteer receives a thank-you note saying, "I don't know what I'd do without you", we know the pantry is reaching its goal. But suppose the workers sensed the unspoken goal of leading every pantry walk-in to the Lord. Frustration would run high unless many people were coming to Christ. We wouldn't attach that purpose to the pantry without making it clearly the primary purpose and then training the workers so they could be effective witnesses. It happens that as a result of distributing food, people have heard the gospel and become Christians. We've also discovered financial needs and marriages falling apart, and sent people to appropriate counseling. But these are side benefits. They don't have to happen for the ministry to be considered a success (Cousins *et al*, 1990a).

Cousins *et al* (1990a) se opmerkings gaan oor effektiewe bestuur en dit sou verkeerd wees om hieruit af te lei dat Willow Creek nie die evangelie uitdra nie. Die teendeel is waar. Deur buitelanders in liefde te dien, het dikwels ontvanklikheid vir die evangelie tot gevolg. Cousins *et al* (1990a) se voorbeeld illustreer ook dat die skep van 'n dualisme tussen die uitdra van die evangelie en hulp aan mense, vals is (vgl. 5.2.21). Verder word die moontlike persepsie by die buitekerklike dat die kerk eintlik geen verskil in die samelewing maak nie, afgebreek. Die kerk is inderdaad anders as wat hy/sy gedink het.

Die buitekerklike wat geprikkel is deur die opregte liefde van die diensgroep in bogenoemde voorbeeld, begin vervolgens om die soekerdienste by te woon. Die strategie van die soekerdienste is dat die buitekerklike en soeker weereens 'n ander scenario moet ontdek as wat hy/sy verwag het (soos ook in Cousins *et al* [1990a] se voorbeeld). In plaas van 'n enigszins intimiderende en formele eredienste ontdek hy/sy dat die eredienste glad nie wêreldvreemd is nie. So word die "cultural chasm" tussen kerklikes en buitekerklikes oorbrug (vgl. Pritchard, 1996:122). In so 'n diens word baie moeite gedoen om die soeker gemaklik te laat voel. Die oorheersende atmosfeer is "we are the same" (vgl. Pritchard, 1996:123). Die spreker doen groot moeite om die ooreenkomste tussen hom en die soeker te beklemtoon. Dit word gedoen deur die beklemtoning van worsteling met soortgelyke probleme en sondes en die onderklemtoning van die andersheid van die spreker as 'n geroepe predikant. Pritchard (1996:125,126) illustreer hoe Hybels doelbewus spot met die persepsie dat predikante nie ook worstel met al die gewone sondes nie en dat hyself eintlik verbaas is dat hy 'n predikant geword het. Verder sê Hybels pertinent dat hy nie nou as 'n predikant wil praat nie en gebruik hy doelbewus die gesprekstyl wat die buitekerklike self gebruik. Hybels praat normaal, hy preek nie, gebruik uitdrukkings wat "unchurched Harry" gebruik, elimineer Christelike clichés, vereenvoudig teologiese begrippe en maak ruim van humor gebruik (Pritchard, 1996:125–136).

Die spreker probeer ook doelbewus aantoon dat hy geloofwaardig is, dit wil sê moreel bo verdenking is, iemand wat baie eerlik met die hoorder omgaan (Pritchard, 1996: 116–121). Identifikasie met die hoorder vind verder plaas deur te kommunikeer dat die leiers en gemeente in terme van die wêreld se standaarde suksesvol is:

Instead of verbally pointing his finger at Harry, Hybels emphasizes how similar he and Harry are. And there is a great deal of truth in Hybels' claim of similarity with Harry. Hybels in many ways would enjoy being a business executive like Harry. "I'm a lot like unchurched Harry," he says. In fact Hybels reveals he has selected Harry as his target audience because he likes him. Yet this identifying with Harry is also purposeful ... Hybels then has opportunity to appeal to these common characteristics in order to persuade Harry (Pritchard, 1996:124).

Verder word deur doelgerigte programmering gepoog om die buitekerklike te oortuig dat Christenskap relevant is (Pritchard, 1996:100–115, 137). Dit word gedoen deur op die ervarende behoeftes ("felt needs") van die hoorder te konsentreer en te bewys dat die Christelike geloof die enigste weg na persoonlike vervulling ("personal fulfillment") is (Pritchard, 1996:139–144). Hoewel Hybels nie 'n welvaartsteologie verkondig nie, is die groot klem in die soekerdienste wel

op persoonlike vervulling. Persoonlike vervulling kom deur 'n intieme verhouding met God, deur te ontdek dat die Christelike lewe 'n avontuur is en deur die ontdekking dat vervulling alleen plaasvind wanneer ander gedien word (Pritchard, 1996:141–144).

Hybels verwys na die relevansie en waarde van Christenskap as “Christianity 101” of “User friendly doctrine”. “Hybels argues that Christianity is the best means for Harry to satisfy his felt needs and be happy. Hybels calls this helpful teaching ‘Christianity 101’ or ‘User friendly Doctrine’” (Pritchard, 1996:145).

Ten einde die doelstellings van “Christianity 101” of “User friendly Doctrine” te bereik, word van tematiese prediking gebruik gemaak, die Skrif word dikwels geparafraseer en 'n verskeidenheid illustrasies en praktiese “howtos” word gebruik (Pritchard, 1996:147–153).

Wat die inhoud van die boodskappe betref, het Pritchard vir 'n jaar lank Skrifgedeeltes gekoppel aan temas, geïndekseer. Sy bevinding was dat al die temas verband gehou het met persoonlike vervulling. Daarom konkludeer hy: “Willow Creek’s canon within the canon is how human beings can be fulfilled” (Pritchard, 1996:148).

Ten einde met “unchurched Harry” te identifiseer, speel begrippe en beginsels van die sielkunde 'n groot rol:

Hybels not only teaches psychological principles, but often uses the psychological principles as interpretative guides for his exegesis of Scripture. We learn in the above quotes that King David had an identity crisis, the apostle Paul encourages Timothy to do self-analysis, and Peter had a problem with boundary issues. The point is, psychological principles are regularly built into Hybels’ teaching (Pritchard, 1996:156).

Verder word aandag gegee aan die verdediging van die geldigheid van die Bybel (Pritchard, 1996:157–171). Wat die evangelie betref, word duidelik geleer dat die mens slegs uit genade gered word. Hybels leer dat die Bybelse Christendom duidelik te onderskei is van alle ander godsdienste. Ander godsdienste word gespel “D-O” (Pritchard, 1996:179).

Christianity is not merely a religion. Christianity is spelled differently. It’s spelled *D-O-N-E*. The reason it’s the word *done* is because Christ has done for us what we could not do for ourselves (Hybels, aangehaal deur Pritchard, 1996:179).

## **6.2.5 Positiewe waardering van die WCS**

### **6.2.5.1 Inleiding**

Om 'n lang lys van positiewe aspekte van WCS en WCA saam te stel, is ondoenlik. Enkele sake word beklemtoon met verwysings na afdeling A in hakies.

### **6.2.5.2 Die WCS en die verkondiging van Christus die gekruisigde**

Wat die groot fokus betref, behoort allereers erkenning gegee te word aan die feit dat duisende mense deur hierdie strategie bereik is om Christus as Verlosser aan te neem (vgl. SP 2a; 5.2.8; 5.2.18):

Why do people make commitments to Christ at Willow Creek? I believe that the Holy Spirit is using this persuasive process to convince nonbelievers. The result? Thousands of unchurched Harrys and Marys made commitments to Christ at Willow Creek during the years of my research and writing ... We should honor them for their efforts and the resulting fruit of their labor. The Lord has used them and is using them (Pritchard, 1996:190, 205).

Die feit dat WCS se eerste "G" vir "Grace" staan, is betekenisvol. WCS bely dus dat genade die eerste stap vir lewensverandering is. Sonder genade kan die ander G's (soos Growth ens.) nie volg nie (vgl. 6.2.3). Hybels se tipering van Christenskap as "D-O-N-E" (hierbo) teenoor die "D-O" van ander godsdienste is 'n treffende getuienis dat Willow Creek die evangelie wil oordra (6.2.4).

### **6.2.5.3 Die WCS gee praktiese uitvoering aan die groot gebod**

Wat die groot gebod betref, gaan die WCS hand aan hand met 'n doelbewuste poging om die evangelie te bevorder deur vriendelike liefdevolle verhoudinge (Pritchard, 1996:21, 118). Lidmate word ook aktief begelei om mee te werk aan die evangelie deur met hulle gawes te dien (vgl. die Netwerk-kursus [Malan, 2003:4], "gifts" [6.2.3] en "aktiewe meewerking" by 5.6.3). Die belang van gebed (vgl. 5.6.3) word beklemtoon in Hybels (1999) se boek "Net té besig om nie te bid nie".



#### 6.2.5.4 Die WCS gee praktiese uitvoering aan die groot opdrag

WCS word aanbeveel vir daadwerklike pogings om die groot opdrag uit te voer. Wat laasgenoemde aangaan, kan die volgende uitstaande kenmerke genoem word:

- Willow Creek se uitreikingsprogram is doelgerig en 'n integrale deel van hulle beplanning. Die WCS is die vernaamste voertuig om doelgerig oor die grense van die gemeente te beweeg en buitekerklikes te bereik (vgl. die visie en missie by 6.2.3; SP 1 [figuur 1]; 5.6.1; 5.6.4; 5.2.17).
- Willow Creek verstaan dat dissipelskap 'n proses is, is sensitief vir waar iemand hom- of haarself op 'n gegewe moment in die proses bevind en doen fyn beplanning in die lig van laasgenoemde (vgl. 5.6.4; 5.2.16):

In thinking through evangelism for Willow Creek, we began by asking, "What do we know about the average unbeliever?" We agreed that he probably will not change his life and world-view in one hour. He doesn't know who God is: he thinks God's outdated, a rule maker, a killjoy, no fun. He's busy enough without church, and soon (*sic*) Then we asked, "What do we know about effective evangelism?" We decided it doesn't pressure people to change quickly, because that's unrealistic. It usually isn't as effective in a single event as through a *continuing process*. It helps people *process* truth systematically, so they can make a rational decision that will lead to *long-term commitment*. This helped us circle in on the evangelistic approach that would be most effective at Willow Creek. We dedded (*sic*) that our overall thrust in evangelism would be *gradually to change unbelievers' concepts of God* (Cousins *et al*, 1990b, my kursivisering; vgl. Pritchard, 1996:24, 106).

Willow Creek se "evangelism think tank" (Cousins *et al*, 1990c) lewer verdere getuienis dat hulle moeite doen om te probeer verstaan waar persone hulleself in hierdie dissipelskapproses bevind. Die hoorders word in vier kategorieë ingedeel, aldus Cousins *et al* (1990c):

- "non churched Harrys" (persone wat nie in God belangstel nie en nie Willow Creek of enige ander gemeente bywoon nie),
- "seekers" (persone wat reeds geestelik sensitief is en soms dienste bywoon, maar nog nie Christene is nie),
- "average believers" (hulle word nog afgeskrik deur die opdrag om ander te evangeliseer en het nie die wil of die opleiding vir laasgenoemde taak nie),

- "zealots" (hulle het die gawe van evangelisering en wil ander evangeliseer. Die uitdaging is om hulle te begelei om hulle gawe reg te gebruik sodat hulle nie mense afskrik nie).

Die strategie om hierdie kategorieë van persone te laat vorder in die proses, word deur Cousins *et al* (1990c) as volg beskryf:

How can we involve all these people in evangelism? Obviously it requires four different approaches.

So we formulated a goal for each group:

- To get Nonchurched Harry seeking.
- To help the seeker become a believer.
- To take the fear out of evangelism for the average believer and to make witnessing a natural part of life.
- To organize the zealots so they aren't randomly alienating people but are wisely deployed for concerted evangelism.

Ten einde relevant te wees vir die buitekerklike beklemtoon die WCS die noodsaaklikheid van 'n verskeidenheid hulpmiddele, byvoorbeeld musiek, drama en humor (Pritchard, 1996:89, 130).

Die vyf G's wat by 6.2.3 beskryf is, is 'n praktiese wyse van begeleiding in 'n proses van dissipelskap. Wanneer iemand die genade van Christus aanvaar het ("grace"; vgl. SP 2a), word die persoon verder begelei tot groei ("growth"; vgl. SP 3), om deel te wees van 'n groep ("groups"; vgl. SP 2b), om gawes te gee ("gifts") en dienswerk te doen ("good stewardship"; vgl. SP 2b en SP 3b).

Die WCA se missiestelling impliseer ook dat dissipelskap 'n proses is: "Helping churches turn irreligious people into fully devoted followers of Christ" (vgl. 6.2.3). Die ontwikkeling van "redemptive potential" (die visie van WCA in Suid-Afrika [vgl. 6.2.3]) bring ook die verband tussen die groot fokus en dissipelskap as proses, treffend onder woorde.

- In aansluiting by wat in 6.2.3 oor Skrifgesag gestel is (vgl. SP 3a [figuur 1]) doen Willow Creek moeite om te monitor en te beplan of hulle boodskappe toepaslik is en werklike lewensverandering veroorsaak (vgl. SP 3b [figuur 1], "om te onderhou" en "uitlewing" by 5.6.4; 5.2.20). Die WCS veronderstel dat met spanne gewerk word wat boodskappe vooraf

en na afloop daarvan deeglik toets en evalueer (vgl. Pritchard, 1996:83–88, 137, 145, 198). Elke boodskap van Hybels word byvoorbeeld skriftelik deur sy ouderlinge geëvalueer (Hybels, 1990; vgl. SP 3b en 4.2.6.8.16).

Kursusse om lidmate toe te rus om met hulle gawes te dien (Netwerk-kursus) en hoe om uit te reik ("Becoming a contagious Christian"-kursus) is reeds goed bekend in Suid-Afrikaanse gemeentes (vgl. Malan, 2003:4; Anon., 2003:6; vgl. ook "gifts" by 6.2.3). Verder is "Promised Land" 'n uitgebreide program om kinders met die evangelie toe te rus (Walker, 2003:2). Al hierdie sake getuig van 'n erns en effektiwiteit om lidmate toe te rus om self die groot opdrag na te kom (SP 3b; 5.6.4).

### **6.2.5.5 Samevatting**

WCS is 'n gevestigde en beproefde model wat van groot nut kan wees om die drie sleutels wat in afdeling A genoem is verder uit te bou. Erkenning moet gegee word vir die feit dat talle mense deur die WCS na Christus gelei is. Die WCS leer dat liefde prakties uitgeleef moet word. Die WCS skep praktiese strategieë en kategorieë wat gemeentes kan help om meer effektief te wees in die implementering van 'n dissipelmaakproses. Die WCS het die gesag van die Skrif as basis en het uitstekende materiaal geskep wat deur gemeentes gebruik kan word om lidmate toe te rus.

## **6.2.6 Tekortkominge in die WCS**

### **6.2.6.1 Inleiding**

Met behulp van die resultate van afdeling A, word vervolgens leemtes in die WCS aangedui. Die bedoeling is om te illustreer hoe die sleutels van afdeling A gebruik kan word deur elkeen wat van WCS gebruik maak, om leemtes en potensiële leemtes te identifiseer en te probeer voorkom. Die WCS self word geëvalueer en verwysings na en besprekings oor die Willow Creek-gemeente is slegs ter illustrasie. Vir inligting is hoofsaaklik gebruik gemaak van Pritchard se navorsing vir die redes wat by 6.2.2 aangedui is. Sover as moontlik is ook gekonsentreer op probleme wat deur die Willow Creek-gemeente self erken is en waaraan hulle aandag geskenk het. Laasgenoemde was moontlik omdat veral Hybels deursigtig is oor sy eie foute en dié van Willow Creek (vgl. Hybels oor "Being transparent" [Hybels, 1990a]).

### 6.2.6.2 Is die fokus op die buitekerklike 'n Skriftuurlike fokus?

Die verskillende soorte eredienste (bv. meer formeel of informeel) word nêrens as fenomeen volledig in die Bybel beskryf nie. Gegewens oor eredienste is beskrywend van aard en daarom geld dieselfde waarskuwings wat in verband met die doop gerig is ook hier (vgl. 4.3.2). Daar kan derhalwe nie geargumenteer word dat 'n soekerdienst onskriftuurlik is omrede die beskrywing daarvan in die Bybel ontbreek nie. Tog kan gevra word of die fokus op buitekerklikes en soekers in die Woord as beginsel gestel word?

Kan die groot opdrag aangevoer word as rede vir die fokus op die buitekerklike? By die ontleding van “gaan oor die grense” en “nasies” is aangetoon dat die “rigting” van die groot opdrag duidelik uitwaarts na die buitekerklike is (4.2.6.2), maar 'n *fokus op die buitekerklike* was nie een van die bevindings in afdeling A nie. Intendeel, pogings is aangewend om die balans tussen die binnesporte van figuur een aan te toon (vgl. 4.2.6.5). Verder is bevind dat die “rigting” van die groot opdrag nie slegs uitwaarts is nie, maar as stappe in 'n proses in wisselwerking is tussen die gemeente en die samelewing (vgl. 5.2.22; 5.6.4). Daarom sal dit verkeerd wees om met 'n beroep op die groot opdrag te beweer dat die gemeente se fokus op die buitekerklike moet wees.

Die WCS wil graag 'n “Acts 2 church” herskep en doen veral 'n beroep op Handeling 2:42 (vgl. 6.2.3). Hybels sê dat Willow Creek-gemeente 'n suiwerder weergawe van die Nuwe Testamentiese kerk is as gemeentes wat 'n meer tradisionele model gebruik (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 14, 15). Tog word 'n doelbewuste strategie om op die buitekerklike, sy ervare behoeftes (“felt needs”) en op persoonlike vervulling te fokus, nie in Handeling 2 of elders in die boek Handeling teruggevind nie. Die waardes van die eerste gemeente is by 4.3.4 beredeneer. Die gemeente het volhard in die “leer” en die “gemeenskap”, met die gevolg dat die Here nuwe mense by die gemeente gevoeg het.

Het die eerste gemeentes die buitekerklikes bereik? Beslis. Die boek Handeling beskryf selfs 'n program van hoe die vroeë kerk oor hulle grense gegaan het (vgl. 4.3.5). Hoe het hulle dit egter gedoen? Hulle het skynbaar spontaan daadwerklike hulp en liefde aan mekaar bewys en daarmee ongedwonge aangetoon dat hulle anders as die samelewing was. Hulle was reg van die begin inherent 'n alternatiewe gemeenskap, met 'n duidelike alternatiewe boodskap (vgl.

Hand. 2:38; 4.3.6.3) en buitelanders het selfs nie gewaag om goetdinkers by hulle aan te sluit nie (Hand. 5:13).

Handelinge beskryf ook hoe die hele proses van die groot opdrag in die geskiedenis van die vroeë kerk gestalte gekry het (4.3.8). Aan die hand van figuur twee is aangetoon hoedat hierdie proses van dissipelskap een besondere fokus gehad het, naamlik om meer soos Christus te word (vgl. die verwysings na "Christene" en μαρτυρες in 5.3).

Die eerste gemeentes het dus doelgerig oor hulle grense beweeg (soos die WCS), maar met 'n fokus op Christus. Dat die vervulling van behoeftes die belangrikste boodskap van die vroeë kerk aan die buitekerklike was, kan nie uit Handelinge afgelei word nie.

Wat die kanon binne die kanon behoort te wees is in hoofstuk twee beredeneer, naamlik die fokus op Christus die gekruisigde (vgl. 5.2.1; 5.6.2). Die Pauliniese korpus is ingebed in dieselfde geskiedenis en tydperk as Handelinge. Progressiewe openbaring van die Gees wat grootliks voorskriftelike materiaal bevat, word gevind. Anders as die beskrywende materiaal in Handelinge, word dus merendeels teologiese beginsels aan die eerste gemeente gegee (vgl. 3.2.2 en die linkerkantste kolom van Getz by 4.3.2). Daarom behoort gevra te word of Paulus die fokus van die WCS in genoemde progressiewe openbaring bevestig? Op laasgenoemde vraag moet ontkennend geantwoord word. Die omgekeerde fokus geld in Korintiërs. Die Korintiërs kry die teenoorgestelde boodskap as "we are the same" (vgl. Pritchard, 1996:123) en as persoonlike vervulling wat in die gemeenskap hoogty gevier het. By 2.2.5 is aangetoon dat die Korintiërs se groot probleem was dat hulle die waardes van die samelewing (veral "roem" en/of persoonlike status, in allerlei variasies, [vgl. 1 Kor 1:29, 31]) deel van hulle godsdiens gemaak het. Hulle probleem was ook dat hulle Christus aangewend het om suksesvol, vervuld, wys en magtig te wees (vgl. 5.2.6).

Die "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18) verkondig 'n teenoorgestelde fokus as persoonlike vervulling, naamlik die sondenoed en swakheid van die mens (2.3.4.6.7 – 2.3.4.6.9; 5.2.5; 5.6.1 ["alternatiewe"]; 5.6.6). Daar is slegs twee groepe mense in die wêreld, dié wat gered word en dié wat verlore gaan en hulle is nie dieselfde nie (2.3.4.6.3). Die "kruis" (vgl. "woord van die kruis" [1 Kor. 1:18]) staan vir lyding en selfverloëning en waarborg nie persoonlike vervulling ("a life of fulfillment" [vgl. Pritchard, 1996:139–144]) nie (kyk Paulus se peristasis-lyste [2.3.5.4.3]).

Verder neem mense wat volgens die samelewing se norme leef, aanstoot en hulle struikel oor die kruis. Die kruis polariseer dus (vgl. 1 Kor. 1:23; 2.5.14).

Sonder om verskoning daarvoor te maak, is Paulus 'n gestuurde van die Here. Hy maak uit die staanspoor sy fokus op Christus bekend en verdedig sy apostoliese gesag as iemand wat die verstand en gees van die Here het (1 Kor. 2:2, 4; vgl. 2:16; 2.3.4.6.27 – 2.3.4.6.30; 2.3.4.38). In die proses kies hy om eerder mislukking as sukses (in wêreldse terme) te benadruk (vgl. 2.3.5.5.16). Hy verkeer in “swakheid”, “vrees” en “bewing” (1 Kor. 2:2), nie primêr vanweë die druk van die samelewing nie, maar omdat hy God vrees (vgl. 2.3.4.6.27 – 2.3.4.6.30). Sy fokus op Christus veroorsaak 'n gesindheid van nederigheid en afhanklikheid wat min byval gevind het in 'n samelewing wat groot waarde aan hoë persoonlike status geheg het (2.3.4.6.31; 2.3.4.6.32; 2.3.4.6.34; 2.3.4.6.39). Hy wil verder hê dat sy hoorders met hom moet identifiseer, hy wil fasiliteer en nie forseer nie. Diegene wat nie op hulleself vertrou nie, maar hulle swakheid erken, kan met Paulus en sy nederige ingesteldheid identifiseer (1 Kor. 1:26–28; vgl. 2.3.4.6.39; 2.3.4.6.40). Paulus word juis verwyt omdat hy so anders opgetree het as sy indrukwekkende teenstanders, wat uitmuntend gevaar het volgens die norme en metodes van die samelewing, te wete die retoriek en kragdadige optrede.

Wanneer die mense in die samelewing in Christus die gekruisigde glo, word hulle 'n *alternatiewe* gemeente van geroepenes met die kruis as teken van hulle swakheid (5.6.1; 5.6.6).

Die leerinhoud wat Paulus en die ander skrywers in die Briewe gee, is nie primêr gerig op die buitekerklikes en nie-Christene nie, maar op Christendissipels (vgl. die aanspreekvorm “heiliges”, aan die begin van die briewe, dus ten minste gerig aan mense wat reeds op SP 2 is). Anders gestel, die klem in die Briewe is eerder op SP 3b as op SP 1 in die proses van dissipelskap, dus gerig op iemand wat reeds 'n Christendissipel is.

In die lig van bogenoemde bespreking is dit ironies dat Hybels juis die strategie van WCS met 'n beroep op 1 Korintiërs 9:22b (“... vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red”), verdedig (vgl. Pritchard, 1996:122). Paulus leer nie in hierdie verse dat op die behoeftes of op persoonlike vervulling van buitekerklikes gefokus moet word nie. Die onmiddellike konteks is dat Paulus skryf oor die vryhede en die regte van die apostel en hy is besig om sy leierskap in die gemeente te verdedig (vgl. 9:1). Sy argument is dat hy ter wille daarvan om die

hoorders aan te spreek in die situasie waarin hulle hulleself bevind het (vgl. "vir die Jood soos 'n Jood te word" [1 Kor. 9:20]) bereid was om op vormvlak sy tradisies prys te gee. Laasgenoemde beteken nie dat hy op die hoorders se behoeftes fokus nie, maar op Christus. Juis sy fokus op Christus maak hom vry van sy tradisies. Twee keer in die diskoers herhaal hy sy fokus duidelik (vgl. "om die evangelie te verkondig" [v. 16, 23]). In 1 Korintiërs 1:23 het hy aangetoon dat juis hierdie fokus 'n struikelblok vir die Jode was (vgl. 2.3.4.4.3). Verder moet in ag geneem word dat Paulus hier vir die Korintiërs skryf en juis besig is om die argumente aan te haal waarvoor die hoorders hom verwyt het (vgl. weiering om te spog [v. 16], weiering van vergoeding [v. 18] en swakheid [v. 22; 2.2.5]). Hierdie mededelings van Paulus sou dus nie deur die Korintiërs as gebruikersvriendelik beskou gewees het nie. Paulus sê glad nie wat hulle volgens die destydse populêre opvatting wou hoor nie en is steeds besig met sy hoofargument oor die "woord van die kruis" soos by 2.3 aangetoon is.

In bostaande paragrawe is die verskille tussen die tipiese fokus van die WCS en veral Paulus se fokus in Korintiërs aangetoon. Die vraag is nou verder hoe hierdie verskille beoordeel moet word.

### **6.2.6.3 Oorreaksie teen die soekermodel negeer die belang van relevansie**

In die beoordeling van die verskille wat in 6.2.6.2 aangetoon is, moet gewaak word daarteen om die verskille te oordryf en sodoende die waarde (vgl. 6.2.5) van die WCS te negeer. Die WCS het nie die bedoeling om 'n valse of afgewaterde evangelie te bring nie (vgl. 6.2.5.2). Die fokus op die buitekerklike en die gebruik van alternatiewe metodes (soos drama) word gesien as metodes om die evangelie te bring:

A Willow Creek proponent reports that the "leadership of Willow Creek has expressed its deep sense of hurt at the comments of those who have inaccurately accused them of offering entertainment instead of *proclamation* ... Harry needs to hear the "unsafe message in a safe place" (Pritchard, 1996:98, 105, my kursivering).

Om soos MacArthur te oordeel dat beklemtoning van relevansie outomaties tot 'n kompromis oor die evangelie lei, is nie korrek nie (Pritchard, 1996:198). Die oordrewe fokus op ervare behoeftes ("felt needs") veroorsaak probleme, nie die poging om aktueel te wees nie. Pritchard (1996:199) wys daarop dat Jesus nooit met 'n irrelevante, geblikte boodskap ("canned

message”) na sy hoorders gegaan het nie. Jesus het met mense gekommunikeer in die situasie waarin hulle bevind het (Pritchard, 1996:199). Om mense te ontmoet waar hulle hul in die dissipelskapproses bevind, beteken egter nie noodwendig dat hulle behoeftes bevredig word nie:

Relevance, understood in this way, starts with people – but not necessarily with their felt needs. The ultimate goal of Jesus’ ministry was to glorify his Father in heaven. To glorify means in part to reflect. Jesus reflected his Father’s character and concerns in every situation he encountered. At times this meant he tenderly held the little children ... But Jesus also had a ministry of confrontation and regularly rebuked those he came into contact with. One can hardly describe Jesus as having a ministry of only felt needs when he called some people “whitewashed sepulchers” ... (Pritchard, 1996:199).

Pritchard onderskei in laasgenoemde aanhaling nie genoegsaam tussen volgelinge van Jesus en leiers wat in verzet teen Hom was nie. Die gesprek tussen die Here en die ryk jongman is waarskynlik ’n beter voorbeeld aangesien ’n erkende kerkleier nie betrokke was nie (vgl. Matt. 19:16–22).

#### **6.2.6.4 Die belangrikste kritiek: slaag die soekermodel daarin om die lewens- en wêreldbeskouing van die buitekerklike te verander?**

Die WCS kan egter nie onkrities toegepas word nie. Uit 6.2.6.2 volg dat ’n fokus op die geluk, behoeftes en die persoonlike vervulling van die buitekerklike daartoe kan lei dat die samelewing se norme bevestig word en ware lewensverandering ingeboet word. Die probleem dat die Korintiërs verlei is om nie ’n alternatiewe geloofsgemeenskap te wees nie, is vandag net so van toepassing as destyds. Witherington (1995:119) het die raakpunte tussen die Korintiërs en die Amerikaanse en Westerse samelewing as volg saamgevat:

1 Corinthians 1 raises deep and abiding questions for our own culture, which is in many ways very much like the culture of Roman Corinth. For instance, this chapter requires that we ask how much of our sense of self-worth and identity is grounded in our culture’s evaluation of us in terms of wealth, education, and the like, and how much of it is grounded in our identity as sinners saved by grace. It also requires us to ask how much our values in life, what we really long for, are dictated by culture and how much by the gospel. Christian attitudes about wealth, family, country, and other things held dear are often more grounded in certain cultural assumptions than in any Christian teaching. Demographic studies of Christian congregations show that race, class, occupation, and numerous other factors often *determine*



where one goes for worship. Whatever else one may say about Corinthian Christianity, it was not ethnically, racially, sexually, or socially monochrome.

Witherington se kommentaar op 1 en 2 Korintiërs bevestig die gevaar van 'n fokus op ervaarde behoeftes en persoonlike vervulling juis wanneer laasgenoemde sake die afgode van die heersende kultuur is. Hierdie gevaar is ook die vernaamste kritiek van Pritchard op die WCS. Sy analise van die Amerikaanse samelewing vertoon ooreenstemming met die bogenoemde siening van Witherington:

The problems of the Willow Creek seeker service are the mishaps of an inadequate Christian response to the American culture ... In essence then, a Christian worldview is Christ's view of the world. Willow Creek's unintended failures result from an uncritical use of various cultural tools and ideas ... As various staff explained to me, "We are activists and pragmatists". They know what they are seeking to do (reach unchurched Harry with the gospel) and have developed an intuitive and pragmatic understanding of their culture to do this. Their zeal and ingenuity in their efforts need to be applauded by the broader church. As I have already noted, I believe that the evangelical church has much to learn from Willow Creek. Yet the failure of Willow Creek is significant. The lack of thoroughly Christian understanding of the dynamics of American culture results in significant compromises. Hybels and his staff approach the various aspects of culture as merely pragmatic tools to further the communication of the gospel. They do not understand that these cultural tools are double edged swords and often cut those who wield them (Pritchard, 1996:207, 208).

Verder kan gevra word of die beredenering in 6.2.6.2 nie op oordrewe semantiese onderskeidinge neerkom wat deur die praktiese sukses van die WCS weerlê word nie. Uit die navorsing van Pritchard (1996) en uit die erkennings en antwoorde deur Hybels self, volg dat laasgenoemde vraag negatief beantwoord moet word.

Pritchard (1996:208) noem vyf negatiewe gevolge wat daaruit voortspruit dat die WCS nie die heersende lewens- en wêreldbeskouing genoegsaam verdiskonteer nie:

- Die versoeking van reputasie ("the temptation of image").
- Die gebruik van sielkunde verdraai die etiek van die hoorders.
- Bemakingstrategieë vorm ("shape") die geloofsgemeenskap.
- Die behoeftes en voorkeure van "unchurched Harry" beïnvloed die boodskap oor wie God is.
- Verlies van waarheid, omdat op pragmatiese meetbare doelstellings gekonsentreer word ten koste van die rol van die verstand en die belang van lering.

Van die sake wat Pritchard hierbo noem word kortliks nader ontleed met verwysing na die sleutels in afdeling A.

#### **6.2.6.5 Nader ontleding van tekortkominge wat inherent is aan 'n verkeerde fokus**

##### **6.2.6.5.1 Die versoeking om doelbewus en selfbewus 'n goeie reputasie ("image") by die buitekerklike te probeer skep**

Deur te fokus op die buitekerklike kan 'n ongesonde klem op eie goeie reputasie ("image") geplaas word in 'n wêreld waarin 'n goeie reputasie vir die buitekerklike allesoorheersend is. Pritchard (1996:209) toon aan dat die WCS baie bewus is van persepsies oor hul reputasie ("image") en hierdie persepsies doelbewus bestuur, 'n saak waarvoor Barna pleit:

George Barna explicitly encourages churches to think of representing their image to the unchurched. "You should be able to develop the image you want and more persuasively alert people to what you, as a church, are all about, and what they can benefit from what you offer". This is a part of the modern image management in our culture (Pritchard, 1996:211).

In this community image is a real big deal ... When he (Harry) drives on the campus he is already assessing our corporate image and the effectiveness of our organization before the message has any bearing on his life (Hybels, aangehaal deur Pritchard, 1996:209).

Pritchard (1996:213) toon aan dat die bestuur van reputasie en persepsies nie net doelbewus is nie, maar ook 'n selfbewuste proses is. Spanlede staan die spreker by en gee hom raad oor watter persepsies sekere optredes kan veroorsaak. Die boodskappe word dan haarfyn beplan en gelewer om die regte indruk by die buitekerklike te skep:

Hybels and Willow Creek do not follow Schuller's advice to use popular heroes to impress the audience but they have chosen a format of programming and speaking that requires constant self-conscious examination. The roles that people play are scripted down to the tears shed during a drama or hand motion during an emotional song. I was interested in finding out if Hybels' messages were also identical in the different services. When I stayed to hear Hybels give the same message to a new audience, the similarities were startling – a virtual mirror image. Hybels not only used the same script and gestures, but even the pregnant emotional pauses were identical. His messages are scripted and honed to a razor edge of excellence (Pritchard, 1996:214).

Uit die waarneming van Pritchard is die gevare van hierdie benadering aanwysbaar. Haarfyn programmering ter wille van 'n bepaalde persepsie hou die gevaar in dat die gehoor gemanipuleer word en dat opregtheid ingeboet word (Pritchard, 1996:215, 216). Om fyn te beplan is noodsaaklik en dat lewens moet verander is 'n belangrike doelwit van die groot opdrag (vgl. SP 3b [figuur 1; 4.2.4.3]). Die vraag is of gefokus word op dit wat Christus wil hê of op dit wat by die gehoor 'n positiewe indruk sal skep. Laasgenoemde mag nooit die fokus wees nie. Die verleiding van 'n soeke na eer en roem (die probleem in Korinte; vgl. die uiteensetting by 6.2.6.2) is immers steeds aktueel.

Berekende professionele programmering om 'n positiewe indruk te skep kan 'n aanduiding wees dat die fokus verkeerd was. Paulus openbaar nie hierdie metode nie. Hy tree op in "swakheid", "vrees" en "veel bewing" en sy "rede en prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag" (1 Kor. 2:3–4; vgl. 2.3.4.4.5; 2.3.4.6.28–2.3.4.6.32). Hy het as leier die werk van die Gees gefasiliteer en mense nie geforseer of gemanipuleer nie (vgl. 5.2.7). Hierdie styl het direk voortgespruit uit sy fokus op Christus (2.3.4.4.5; 5.2.7). Paulus het geen doelwit gehad om homself as geloofwaardig te probeer bewys nie, maar het eerder verkies om in sy swakhede te roem, 'n saak wat hom ongeloofwaardig in die denksisteem van sy leefwêreld gemaak het (vgl. 2.3.5.5.16; 2.3.5.5.17). Pritchard (1996:196) sê tereg dat hoe meer iemand beplan om geloofwaardig te wees, hoe skraler is die kanse om dit reg te kry:

The potential pitfalls of pursuing credibility do not invalidate its importance. But biblical credibility (respect and honor) cannot be achieved as a goal. Ironically, the more one focuses on gaining credibility, the less likely one will have it (Pritchard, 1996:196).

Hoe moet die gemeente geloofwaardig word en 'n goeie reputasie in die samelewing opbou? Hier word voorgestel dat die antwoord in die uitvoering van die groot gebod gesoek moet word. In hoofstuk drie is in die ontleding van Filippense 1:9–11, aangetoon dat oorvloedige liefde effektief is. Oorvloedige liefde is effektief want die dinge waarop dit werklik aankom, word onderskei. Oorvloedige liefde beteken dat iemand vol is van die vrug van geregtigheid van Christus. Voor die troon van Christus sal niemand wat in liefde opgetree het, verwyt kan word nie. Liefde sal egter nie net 'n impak hê op die eskatologiese gebeure nie. Liefde is ook in hierdie lewe effektief want dit het nie net 'n innerlike komponent nie, maar gaan oor in uiterlike optrede. Wanneer gemeentes met oorvloedige liefde optree kry hulle spontaan die beeld

("image") in die samelewing wat die regte indruk skep om die evangelie te bevorder. Gebed om meer en meer oorstroomende liefde mag meer produktief wees as haarfyn bestuur van die persepsies van mense. Wanneer met die kennis van Christus opgetree word, word met fyn aanvoeling opgetree en is pogings om geloofwaardig te probeer voorkom, oorbodig. In die bespreking van Paulus se advies aan die Filippense is aangetoon dat sy advies herleibaar is na die werklike impak van Christus se liefde (Vgl. 5.2.10; 5.2.12; 5.2.13; 5.6.3; figuur 2).

Doelbewuste bestuur van die persepsies oor die gemeente is des te meer onnodig in die lig van Cousins *et al* (1990a) se illustrasie (kyk by 6.2.4). Spontane praktiese liefde is 'n sterkpunt by Willow Creek. Die lidmate wat byvoorbeeld kospakkies voorsien, doen dit opreg. Sulke bedienings bepaal op geloofwaardige wyse die reputasie of "image" van die gemeente.

#### **6.2.6.5.2 Begrippe en kategorieë uit die sielkunde kan nadelig wees**

Pritchard (1996:6) erken die waarde van die sielkunde, maar waarsku teen 'n groeiende "psychological worldview" onder Amerikaners en dat sielkunde gebruik word om lig op die Bybel te werp in plaas van die omgekeerde. Hy toon met talle voorbeelde aan hoe die kategorieë en begrippe uit die sielkunde, eerder as Bybelse taal, in boodskappe, boeke en lering vervleg word. Die rede hiervoor is dat die buitekerklike volgens hierdie kategorieë dink en redeneer en met hierdie begrippe omgaan (vgl. Pritchard, 1996:226–236). So verklaar 'n beroemde sportpersoonlikheid dat hy bekommerd begin raak het, omdat daar volgens hom groter klem was op positiewe denke uit 'n Robert Schuller- en Norman Vincent Peale-benadering as op die Woord van God (vgl. Singletary, aangehaal deur Pritchard [1996:226]). Pritchard som die gevaar van hierdie benadering as volg op:

When someone starts using psychological categories as basic elements of self perception, he or she has also accepted a psychological ethic. Individuals feel a moral pressure not to be "codependent" nor to violate others' "boundaries". This terminology, instead of encouraging Creekers to know and love God encourages them to know and accept themselves and develop a strong self-esteem. The goals and means of one's ethics change from a God-centered to a human centered orientation (Pritchard, 1996:234).

Hybels' and Willow Creek's reliance on psychology, although not as strong as Schuller's, is still very real. While Schuller has emphasized "self esteem," Hybels has stressed "personal fulfillment". While Schuller

uses the category of meeting "human needs," Hybels uses the idea of "Christianity 101" or "user friendly doctrine" (Pritchard, 1996:58).

In hoofstuk twee is aangetoon dat Paulus die wysheid van hierdie wêreld verwerp as dwaasheid by God (1 Kor. 1:21, 23; vgl. 2.3.4.4.1; 2.3.4.4.2; 5.2.4; 5.2.5; 5.6.1). Daarom moet sorg gedra word dat kategorieë en begrippe uit die sielkunde deeglik aan die Bybel getoets word. Indien dit nie die geval is nie, is die gevaar waarteen Pritchard in bogenoemde aanhaling waarsku, wesenlik.

#### **6.2.6.5.3 Die gevare van 'n bemarkingstrategie om die buitekerklike te bereik**

In 'n onderhoud met *Christianity Today* oor Willow Creek en die "seeker movement" beantwoord Hybels die vraag of Willow Creek bemarkingstegnieke gebruik:

That's a mischaracterization, especially at Willow Creek. We have a \$15 million annual budget; less than a fraction of i (sic) percent is spent on any form of marketing. We don't do advertising blitzes. We don't use radio or television spots. We don't put signs on billboards. We don't pass pamphlets through the neighborhood. We just don't do marketing. My feeling is that *if you have to resort to marketing, you're probably overlooking fundamentals that deserve more attention* (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 25, my kursivering).

Willow Creek omhels dus volgens Hybels nie bemarkingstegnieke nie en beskou sulke metodes as 'n gevaarteken. Pritchard (1996:241) hierteenoor meen dat Willow Creek doelbewus 'n bemarkingsbenadering ("marketing approach") gebruik, hoewel hy nie aanvoer dat Willow Creek die bemarkingstegnieke waarna Hybels verwys, gebruik nie. Hy gee die volgende definisie oor bemarking, wat hy toepas op die WCS: "Seen from the perspective of modern business, marketing is the science and art of understanding customers and markets and creating or adapting products to meet their needs" (Pritchard, 1996:241). Volgens Pritchard (1996:241, 242) werk die WCS ook met bemarking:

Creekers argue that they are in the business of God's work. They believe that like any business, if their business is going to be successful they need to understand their customers (and their needs), clarify a target market profile, and develop or package products to meet these needs (Pritchard, 1996:241).

Pritchard beoordeel 'n bemarkingsbenadering deels in 'n positiewe lig. So 'n benadering help om die visie in die gemeente duidelik te maak, dat rentmeesterskap van bronne en gawes aanvaar word, strategieë ontwerp en gebruik word en dat ooredende kommunikasie beoefen word (Pritchard, 1996:242).

Waarteen Pritchard waarsku is dat bemarkingstrategieë daartoe kan lei dat die produk ook aangepas word, soos wat tipies in sekulêre bemarking gebeur. Waar die kliënt die soeker of buitekerklike is, is die produk die evangelie en kan die evangelie aangepas word:

As Willow Creek markets Christianity, marketing shapes Willow Creek's Christianity. Marketing logic does not leave the product alone. In fact changing the product is one of the crucial elements of a consistent marketing method. The difficult unpopular elements of the Christian message get shaved off by a marketing method. As the gospel is processed, packaged, and priced, the gospel assumes the image of the marketer's target audience (Pritchard, 1996:251).

Pritchard (1996:250) is van mening dat die aanpassing van die boodskap om die buitekerklike beter te bereik, 'n direkte gevolg van die invloed van Robert Schuller (met sy klem op "self-esteem") is:

Hybels is more sociologically accurate concerning what is the greatest priority to the typical unchurched Harry (fulfillment) and thus has a more attractive message than Schuller ... By Willow Creek's using the marketing approach adopted from Schuller, their understanding of unchurched Harry necessarily highlights his felt needs. As illustrated in chapter 10 and 11, Hybels teaches that Christianity will satisfy Harry's felt needs and provide fulfillment (Pritchard, 1996:250; vgl. Mayhue, 1995:45).

Dit val buite die onderzoekveld van hierdie studie om finale bevindings oor Willow Creek-gemeente se bemarkingstrategie te maak. Die doel is om aan te dui dat iemand wat die WCS gebruik, bewus moet wees van potensiële leemtes. Die gevare wat Pritchard uitgewys het, is nie oordrewe nie. Hybels (1990a; 1996) self motiveer predikers onkrities om terdeë bewus te wees van die verbruikersmentaliteit van die buitekerklike en hierdie mentaliteit in die boodskap te verreken:

Unchurched people today are the ultimate consumers. We may not like it, but for every sermon we preach, they're asking, *Am I interested in that subject?* If they aren't, it doesn't matter how effective our delivery is; their minds will check out (Hybels, 1990b; Hybels, 1996).

Wat Hybels sê is waar en belangrik, maar beklemtoon terselfdertyd die wesenlike gevaar van 'n fokus op die behoeftes van die hoorders as "verbruikers" in plaas van 'n fokus op dit wat Christus wil hê. Hybels self waarsku teen laasgenoemde met sy persoonlike belydenis dat hy die evangelie ten koste van die waarheid aangepas het. Hy vertel self hoedat hy die Here om vergiffenis gevra het omrede hy nagelaat het om oor sonde te preek:

I had failed God by representing him inaccurately before people, and I felt deep pangs of guilt. Not only did I feel foolish, I felt remorseful and embarrassed. Frequently I broke down before the Lord and said, "You're absolutely right. It's my fault. I was more concerned about people liking this church and becoming a part of it than I was about their understanding the true identity of God. I distorted who You are to make You more acceptable to them" (Hybels, aangehaal deur Pritchard, 1996:57).

Na bogenoemde belydenis vertel Hybels dat hy aan Schuller gesê het: "At Willow Creek I preach about sin. I use the S word, Bob" (Hybels, aangehaal deur Pritchard, 1996:57). Pritchard getuig dat hy na hierdie belydenis nie weer gehoor het dat sonde as onderwerp vermy word nie, maar is van mening dat die klem op persoonlike vervulling volgehou is (Pritchard, 1996:58).

'n Volgende gevaar in 'n bemarkingstrategie lê op die vlak van die motivering vir die groot opdrag. Die motivering wat die Skrif vir die groot opdrag gee is by 4.2.6.6 bespreek (vgl. 5.6.7). Christus beskik oor die mag en Hy is teenwoordig by elkeen wat dissipels maak. Alleen deur die Heilige Gees kan iemand verander en mense word verlos slegs deur God se genade (vgl. IND 1; IND 2; figuur 1; 4.2.4.3; 5.2.24). Die Skrif gee dus self die motivering om vol te hou met uitvoering van die groot opdrag en die motivering is nie daarin geleë hoeveel mense die produk (evangelie) gekoop het nie. "Sukses" behoort ook nie slegs gemeet te word aan SP 2 (iemand kom tot bekering en word gedoop) nie. "Sukses" behoort gemeet te word aan gehoorsaamheid aan en vordering in die omvattende dissipelskapproses. Elke keer wanneer iemand 'n tree nader skuif aan Christus is daar "sukses" in terme van die groot opdrag (vgl. 5.6.4). Wanneer hierdie omvattende proses nie in ag geneem word nie, kan maklik gefokus word op die bekering (verlossing) van mense as maatstaf van sukses en word buitekerklikes objekte in 'n strategie. So kom die groot gebod ook in gedrang:

The marketing perspective connects a believer's value to his ability to convert spiritual customers. The result is that such a marketer is tempted to view a nonbeliever as an opportunity to add another spiritual notch to his Bible. This marketing perspective is a subtle but deadly shift in Christianity. To love

someone in order to communicate the gospel distorts the very gospel we communicate. Our love is not genuine if we use it to engender openness in our prospective spiritual targets. We need to love others because God has loved us and also loves them. And because we love them, we share the good news about Jesus. Manipulation is a failure to have compassionate respect for the individuals addressed (Pritchard, 1996:248; vgl. die verhouding tussen die groot fokus en die groot gebod soos bespreek in 5.3).

Soos by 6.2.6.5.1 word ook ten opsigte van die tekortkominge in 'n bemarkingstrategie aanbeveel dat die evangelie bevorder moet word met die fokus op Christus. Met die groot fokus as paradigma, sal korreksies op 'n strategie wat fokus op die behoefte van die soeker as "verbruiker", dikwels nodig wees. Op die wyse sal daar ook proaktief gereageer kan word teen die gevare van 'n onskriftuurlike lewensbeskouing wat in die samelewing heers. Soos by 6.2.6.5.2 aangetoon is, behoort enige bemarkingstrategie krities ondersoek te word vir "wysheid" wat nie van God is nie. Die groot opdrag (spesifiek SP 1) vra dat gemeentes effektiewe strategieë gereed moet hê om die buitekerklike te bereik. Sonder opregte inagneming van die behoeftes van die buitekerklike kan hy/sy kwalik bereik word (vgl. die verwysings na die groot gebod by 6.2.6.5.1). Met die groot fokus as paradigma en die groot gebod as gesindheid, moet die lewensvrae van mense wel besondere beklemtoning ontvang:

Leaders do not usually know, through intuition, what direction people need to be led. Most effective leaders pick up cues from their people's needs. In the business world, Ted Levitt described the difference between sales and marketing. If you're oriented to selling, you start by deciding to manufacture a product—say, baby carriages—and you get the sales force to go out and sell them. In marketing, you go out and find what customers would like to buy; *then* you make that product. You start near the end of the process and work backwards ... The church is a combination of sales and marketing. The gospel is fixed, but not the emphasis. If you read Paul's letters, he spent much of the space dealing with what his readers wanted to talk about. They had written him with questions, and he was answering them. He always included the gospel, but he applied it to their specific needs (Smith, 1986).

Die opmerkings van Smith het waarde vir die gemeente wat strategies oor die grense wil gaan, solank die volgende uitgangspunt altyd geld, naamlik: "wat verlang Christus in hierdie behoeftes?" Indien nie, sal die gemeente 'n groep religieuse verbruikers bly:

Have we created a congregation of religious consumers who come to us for help with problems, even as they visit doctors and psychologists and exercise therapists, but all the while maintain control of their lives on their quest toward personal fulfillment? (McCullough, 1996).



Met die groot fokus as paradigma en oorvloedige liefde as strategie sal geslaagd oor die grense gegaan word en sal die prediker telkens beseft wanneer hy of sy fokus verloor. Volgelinge van die WCS sal goed vaar as belydenisse soos dié van Hybels hierbo en Rowell (1998, kyk hiemaas) lewend gehou word:

I learned early that making people like me and making people laugh were effective ways to keep me from getting beat up. It was easy to apply those principles to the sermon — *What these folks need is a message of encouragement*. Encouragement is one of my dominant spiritual gifts, so, when it comes to messages that cheer people up, I can deliver the mail. But, after a while, the Jesus I preach begins to sound like the keynote speaker at a multilevel marketing convention. Preaching the whole counsel of God means occasionally putting on the mantle of the prophets and saying unequivocally, "Thus saith the Lord". It means overturning a few tables and, at times, taking up a whip in the temple. That's not easy for me. People don't like prophets or people who meddle with profits (Rowell, 1998).

#### **6.2.6.5.4 Word Christendissipels genoegsaam bereik?**

Ten slotte word gevra of die dissipel wat reeds gevorder het op die pad van dissipelskap nie afgeskeep word wanneer 'n gemeente die WCS volg nie? Anders gestel: kry SP 3 (figuur 1; 4.2.4.3) voldoende aandag?

Hier word volstaan met verwysing na die empiriese navorsing van Pritchard (1996:268) wat bewys dat twee derdes van die persone wat naweke die soekerdienste bywoon, nie "unchurched Harrys" is nie, maar "churched Larrys" (synde reeds Christendissipels wat verder moet groei). Hierdie "churched Larrys" woon ook nie genoegsaam die diens vir lidmate in die week by nie. Die gevolg is dat hulle vervlak in hulle geestelike groei. Die dissipelskapproses word dus vertraag ten opsigte van SP 3. Hybels self erken laasgenoemde probleem:

What I didn't notice, because it happened so subtly over time, was that I was not being contacted by the 85 percent of the congregation who are fairly functional, normal people who want to get on with their lives and grow. The preponderance of my interaction was with the 15 percent: wounded, needy people who were screaming out for me to be helpful. They did not want me to talk about picking up a cross and carrying it to serve Jesus Christ. They did not want me to talk about denying themselves. They did not want me to talk about making a difference with their lives. They wanted to be helped and loved and encouraged and nurtured ... As I evaluated the past five years of sermons, I began noticing subtle shifts. *Five years ago, I realized, 70 percent of my messages were what I would call firm discipleship or gospel-oriented messages. Only 30 percent were more general, helpful messages. But over the years, those numbers have almost flipped.* I was floored. I reread *Loving God*, and when I finished, it dawned on me,

*Chuck Colson thinks we ought to be producing fully devoted followers of Jesus Christ in our churches. All I'm trying to do is patch up people's lives. All I'm trying to do is lift burdens off sagging shoulders. I began to ask myself. What about the 85 percent? Who is challenging these people to full discipleship? And who is asking these people to become kingdom men and women? Who's asking these people to lay down their lives for the cause of Christ? I'm not. And I'm the only preacher they have. I could say very honestly I had not done anything consciously to preach a cheap gospel. I was trying to proclaim a compassionate gospel (Hybels, 1990c).*

Die oplossing wat Hybels aanbeveel het, was om gereelde seminare en werksinkels aan te bied, beradingsmoontlikhede uit te brei en om sy prediking op te skerp:

*We want to develop fully devoted followers of Jesus Christ. They should think Christianly, act Christianly, relate Christianly. I know I haven't drawn that target on the wall often enough. Too often I've been caught preaching as if the goal of my ministry were to help people lead happy, well-adjusted lives and be more helpful to each other. Baloney! We have to shoot much higher than that. I want to preach in such a way that I help produce people who can rise above petty scrapes and get on with following Jesus Christ. Second, I rigorously and regularly have to measure my preaching against this bull's-eye. Are the messages I'm preaching contributing to that? Are they really leading people to become more devoted to Christ? It's so easy to drift, incrementally and unconsciously, from that goal. But when that happens, my preaching, no matter how clever or prayed over or prepared, is undermined (Hybels, 1990c).*

#### **6.2.6.6 Samevatting**

Die kern van die WCS is om die buitekerklike met soekerdienste te bereik. Soekerdienste as fenomeen word nie in die Skrif beskryf nie, maar is nie daarom verkeerd nie. Om op die vervulling van die buitekerklike se persoonlike behoeftes te fokus, is nie 'n Skriftuurlike fokus volgens die groot gebod nie en kan ook nie uit Handeling of die briewe van Paulus afgelei word nie. In Paulus se briewe aan die Korintiërs word beklemtoon dat die gemeente 'n alternatiewe geloofsgemeenskap moet wees en daarom moet waak daarteen om die lewens- en wêreldbeskouing van die buitekerklike te endosseer. Wanneer op die vervulling van die persoonlike behoeftes van die buitekerklike gefokus word, ontstaan verskeie ander tekortkominge wat hieronder in die finale gevolgtrekkings verder toegelig word.

## 6.2.7 Gevolgtrekkings

- 6.2.7.1 Soos die benaming “seeker sensitive movement” aandui, konsentreer die WCS op “soekers” as synde buitekerklike ongelowiges en soekerssensitiewe byeenkomste/dienste (6.2.3).
- 6.2.7.2 Die Willow Creek-gemeente beskryf hulleself as ’n “Handelinge 2-gemeente” wat ongelowiges wil begelei om toegewyde volgelinge van Christus te word (6.2.3).
- 6.2.7.3 Die Willow Creek-gemeente gee praktiese uitvoering aan ’n viervoudige doelstelling van lofprysing (“exaltation”), evangelisering, opbou en sosiale aksie met vyf G’s (“grace”; “growth”; “groups”; “gifts”; “good stewardship”) (6.2.3).
- 6.2.7.4 In die proses van die WCS word ondubbelsinnig, deur sake soos opregte dienslewering/hulp, informele eredienste asook pogings tot identifikasie deur onderbeklemtoning van die feit dat die spreker ’n geroepe predikant is, op die buitekerklike gefokus (6.2.4).
- 6.2.7.5 Deur doelgerigte programmering met die klem op ervaarde behoeftes (“felt needs”) en persoonlike vervulling (“personal fulfillment”), word gepoog om die buitekerklike te oortuig dat Christenskap relevant is. Laasgenoemde twee sake is die WCS se “kanon binne die kanon” (kyk Pritchard by 6.2.4).
- 6.2.7.6 Die relevansie en waarde van Christenskap (genoem “Christianity 101” of “User friendly doctrine”) word verder uitgebou deur tematiese prediking en die verdediging van die waarheid van die Bybel (6.2.4).
- 6.2.7.7 Die WCS wil die evangelie van verlossing uit genade aan die buitekerklike verkondig (GF), bevorder die evangelie met praktiese liefdevolle bedienings (GG) en verstaan dissipelskap as ’n proses (GO) (6.2.5).
- 6.2.7.8 Die WCS se fokus op die ervaarde behoeftes (“felt needs”) van die buitekerklike en op persoonlike vervulling, kan nie Skriftuurlik gefundeer word nie en is strydig met die bevindinge oor die GF van Paulus in Korintiërs soos uiteengesit in afdeling A (6.2.6.2).
- 6.2.7.9 Hoewel gewaak moet word teen oorreaksie, is die vraag of die WCS daarin slaag om die lewens- en wêreldbeskouing van die buitekerklike te verander en die gemeente as alternatiewe geloofsgemeenskap in die samelewing te vestig, van deurslaggewende belang (6.2.6.3; 6.2.6.4).
- 6.2.7.10 Die doelbewuste en selfbewuste bestuur van die goeie reputasie (“image”) van die gemeente deur onder andere haarfyn programmering van die boodskappe, word

noodsaaklik wanneer die fokus op die vervulling van die buitekerklike se behoeftes val (6.2.6.5.1).

- 6.2.7.11 Laasgenoemde is teenstrydig met die metodes wat Paulus in Korinte toegepas het en kan die fokus op Christus die gekruisigde ondermyn (6.2.6.5.1).
- 6.2.7.12 Optrede in oorvloedige liefde, wat gepaard gaan met kennis en fyn aanvoeling, word as oplossing voorgestel om effektief en spontaan die verlangde persepsie ("image") by die buitekerklike te skep (6.2.6.5.1).
- 6.2.7.13 Geneigdheid in die WCS om tydens prediking en lering begrippe uit die sielkunde onkrities te gebruik is teenproduktief om ware lewensverandering teweeg te bring en 'n alternatiewe gemeenskap tot stand te bring (6.2.6.5.2).
- 6.2.7.14 Bemarkingstrategieë kan daartoe lei dat die evangelie "as produk" gewysig word om die buitekerklike (verbruiker) se behoeftes te pas (6.2.6.5.3).
- 6.2.7.15 Die buitekerklike kan deur die onkritiese gebruik van 'n bemarkingstrategie tot 'n blote objek van evangelisering gereduseer word (6.2.6.5.3).
- 6.2.7.16 Oordrewe beklemtoning van die behoeftes van die buitekerklike kan daartoe lei dat die Christendissipel se verdere groei verwaarloos word (6.2.6.5.4).

### **6.3 Purpose-Driven Ministries en die doelstellingstrategie**

#### **6.3.1 Inleidend: Saddleback en PDM**

Soos met die WCS het PDM se doelstellingstrategie 'n model geword vir ander gemeentes vanweë die sukses van 'n plaaslike gemeente, in hierdie geval die Saddleback Community Church in Orange County, California (Shelley, 1997).

Dat Willow Creek en Saddleback baie in gemeen het blyk uit die feit dat Lee Strobel, 'n senior leraar van Willow Creek, met goeie wense van Willow Creek in 1999 'n roeping by Saddleback aanvaar het (Anon., 1999:1). Strobel skryf in Willow Creek se nuusblad dat hy verwag dat die "Willow Creek-DNA" hom baie sal help om Saddleback as snelgroeiende gemeente te dien om nog meer soekers met die evangelie te bereik (Strobel, 1999:4).

Soos die Willow Creek-gemeente dui Saddleback se naam aan dat die gemeente uitwaarts op die gemeenskap ("community") gerig is (vgl. 6.2.1). Soos Bill Hybels met Willow Creek gedoen het, het Rick Warren die Saddleback-gemeente nuut geplant. Binne die eerste vyftien jaar

sedert die eerste diens in 1980 het die gemeente gegroei van Warren en sy vrou tot sewe duisend Christendissipels (Warren, 2002:46) en was in 2000 'n megagemeente van meer as vyftien duisend lede (vgl. Hamilton, 2000:par. 48). Soos Hybels het Warren die gemeente begin deur ondersoek in te stel na die behoeftes van buitekerklíkes in die gemeenskap en begin om soekerdienste te hou (Warren, 2002:190; Hamilton, 2000:par. 49). Soos die WCA bied PDM ook verskeie werkswinkels en seminare aan en verskaf materiaal aan plaaslike gemeentes wat ook binne bestaande denominasies gebruik kan word (vgl. Hamilton, 2000:par. 50).

Vervolgens word uiteengesit wat PDM behels, waarna positiewe waardering en kritiek volg.

### **6.3.2 Eienskappe en proses van PDM**

Soos die WCS verklaar PDM dat die Skrif die onfeilbare bron is waarop die gemeente se metodes gebaseer moet word (vgl. Warren, 2002:30, 49, 189). PDM werk ook met 'n soekerdienmodel as belangrike metode (vgl. Warren, 2002: 251–277).

Soos die naam "Purpose-Driven Ministries" aandui, stel PDM voor dat gemeentes vanuit spesifieke doelstellings gebou word.

Die proses wat voorgestel word is eerstens dat doelstellings vasgestel en gedefinieer word, tweedens dat doelstellings gekommunikeer word, derdens dat rondom doelstellings georganiseer word en laastens dat die doelstellings op elke aspek van kerkwees toegepas word (Warren, 2002:94).

Ten einde die doelstellings vas te stel beveel Warren aan dat gemeentes selfstandige Skrifstudie uit die hele Bybel doen aan die hand van veral vier vrae, naamlik: waarom bestaan die kerk? Wat moet ons as kerk wees? Wat moet ons as kerk doen? Hoe moet ons dit doen? (Warren, 2002:98). Saddleback het verskeie Skrifgedeeltes bestudeer en bevind dat twee Skrifgedeeltes, Matteus 22:37–40 (die groot gebod) en Matteus 28:18–20 (die groot opdrag), al hulle bevindinge opsom (Warren, 2002:102).

Op grond van die groot gebod en die groot opdrag word vyf doelstellings vasgestel (Warren, 2002:102).

- 1) Volgens die groot gebod: om God lief te hê met jou hele hart. Warren vat hierdie doelwit saam as “worship” (Warren, 2002:103).
- 2) Volgens die groot gebod: om jou naaste lief te hê soos jouself. Warren vat hierdie doelwit saam as “ministry” (Warren, 2002:104).
- 3) Volgens die groot opdrag: gaan en maak dissipels. Warren vat hierdie doelwit saam as “evangelism” (Warren, 2002:104).
- 4) Volgens die groot opdrag: doop hulle. Warren vat hierdie doelwit saam as “fellowship” (Warren, 2002:105).
- 5) Volgens die groot opdrag: leer hulle om te onderhou. Warren vat hierdie doelwit saam as “discipleship” (Warren, 2002:106).

Bogenoemde doelstellings word saamgevat in 'n slagspreuk wat duidelik en maklik memoriseerbaar is:

I believe that every church is defined by what it is committed to, so I came up with this slogan: “A Great Commitment to the Great Commandment and the Great Commission will grow a Great Church” (sic). It became Saddleback's motto (Warren, 2002:103).

Die doelstellings word vir doeleindes van kerkgroei uitgedruk in vyf dimensies:

Churches grow *warmer* through fellowship.  
 Churches grow *deeper* through discipleship.  
 Churches grow *stronger* through worship.  
 Churches grow *broadier* through ministry.  
 Churches grow *larger* through evangelism (Warren, 2002:49).


Verder word vyf sleutelwoorde gebruik om die doelstellings verder op te som:

**Magnify:** We celebrate God's presence in worship  
**Mission:** We communicate God's Word through evangelism  
**Membership:** We incorporate God's family into our fellowship  
**Maturity:** We educate God's people through discipleship  
**Ministry:** We demonstrate God's love through service (Warren, 2002:107).


Die vyf sleutelwoorde word gebruik om een missiestelling te vorm: “To bring people to Jesus and *membership* in his family, develop them to Christlike *maturity*, and equip them for their

*ministry* in the church and life *mission* in the world, in order to *magnify* God's name" (Warren, 2002:107). Hierdie missie word deur 'n praktiese program verder uitgebou, wat hieronder slegs oorsigtelik beskryf word.

PDM onderskei tussen verskillende vlakke van verbintenis en beplan strategies vir elkeen van hierdie vlakke. 'n Belangrike deel van die beplanning is om mense met toerusting in verskillende "klasse" (voorgestel as Amerikaanse bofbalbowwe) te bereik. Die vlakke van verbintenis en die klasse wat Warren (2002:130) onderskei, word hieronder weergegee.



**Figuur 5. Warren (2002:130) se voorstelling van die vyf vlakke van verbintenis**



Figuur 6. Die lewensontwikkelingsproses (Warren, 2002:130)

Met "community" bedoel PDM die poel van verlore mense wat binne ryafstand van die kerkgebou woon en wat nog geen verbintenis tot Jesus Christus of 'n gemeente gemaak het nie (Warren, 2002:131). In die "community" word, volgens PDM, evangelisasie as doelwit beoefen. Met die "crowd" bedoel PDM elkeen wat Sondae opdaag vir die dienste by die kerk. Hulle is gereelde bywoners van dienste en bestaan uit gelowiges en ongelowiges. Al verbintenis wat hulle het, is bywoning van die diens (Warren, 2002:131). "Congregation" dui persone aan wat amptelik lidmate van die gemeente is. Hulle is gedoop en is verbind tot meer as bywoning. Hulle het hulle verbind tot die gemeenskap van gelowiges ("fellowship") en verstaan dat kerkwees nie slegs oor "believing" gaan nie, maar ook oor "belonging" (Warren, 2002:132). "Committed" dui 'n groep ernstige gelowiges aan wat om een of ander rede nog nie in die praktiese bediening in die gemeente staan nie. Hulle glo, gee offergawes en is verbind tot groei in dissipelskap. Diegene wat reeds klas 201 voltooi het, word beskou as deel van hierdie groep (Warren, 2002:133). "Core" is die kleinste groep met die diepste vlak van verbintenis. Hulle het hulleself reeds verbind en staan in aktiewe bediening binne die gemeente (Warren, 2002:134). Saddleback het byvoorbeeld in 1995, een duisend vyf honderd lekebedienaars ("lay ministers") in verskillende bedieninge gehad (Warren, 2002:134).

PDM se strategie is om te begin by iemand se spesifieke vlak van verbintenis. Hulle verwag dus nie van mense wat in die "crowd" is om al in bediening in die gemeente te wees nie, maar



sal tipies eers iemand "skuif" van die "crowd" na die "congregation" na die "committed" (vgl. Warren, 2002:135).

Waar begin PDM in die proses van kerkplanting in die breë, by die "core" of die "community"? PDM begin by die "community":

Start with your community, not your core! This is opposite the advice given by most books on church planting. The traditional approach to beginning a new church is to build a committed core first, and then start reaching out to the community (Warren, 2002:138).


Die beweging is dus eerstens uitwaarts. Warren (2002:138) beskryf hoe die strategiese "beweging" van die gemeente gekoppel aan die doelstellings plaasvind. Vanaf die gemeenskap ("community") word mense deur lofprysing ("worship") beweeg na die "skare" ("crowd") wat die diens bywoon. Die "skare" word in die gemeente ("congregation") geïntegreer deur omgee ("fellowship"). Vanaf die gemeente word lidmate tot die vlak van verbintenis ("committed") beweeg deur dissipelskap ("discipleship") en uiteindelik ook van verbintenis na die binnekring ("core").

Die rede vir laasgenoemde benadering is dat Saddleback geleer het dat 'n strategie wat van binne na buite werk, veroorsaak dat die gemeente en leierskap spoedig kontak met en gerigtheid op die gemeenskap verloor. Soos Warren (2002:138) dit stel: "the fire of evangelism dies out". Alhoewel met die gemeenskap ("community") *begin* word, word daarna doelbewus op die ander vlakke gewerk en beplan soos in die vorige paragraaf uiteengesit. Warren verduidelik hoe Saddleback in die eerste jaar gekonsentreer het op die gemeenskap om 'n "crowd" in te bring, in die tweede jaar is daar strategies daaraan gewerk om van die "crowd" 'n "congregation" te maak ensovoorts.

PDM doen al die beplanning, inskakeling van nuwe lede, toerusting van leiers, kleingroepe en begrotings rondom hulle vyf spesifieke doelstellings (Warren, 2002:138–152).

PDM raai gemeentes aan om die gemeenskap te bereik nadat en deurdat die "teikenpersone" duidelik gedefinieer en omskryf is. "The Bible determines our message, but our target determines when, where, and how we communicate" (Warren, 2002:157). Die teikengroep in die gemeenskap word geëksegetiseer deur sy/haar geografiese, demografiese, kulturele en

geestelike agtergrond na te vors en 'n persoonlike profiel van die "teiken" op te stel (Warren, 2002:161–169). Saddleback se "Saddleback Sam" (vgl. "unchurched Harry" van Willow Creek) word in die onderstaande figuur aangedui (Warren, 2002:170).



**Figuur 7. Saddleback Sam (Warren, 2002:170)**

PDM beveel aan dat elke gemeente sy eie persoonlike profiel van die "teiken" moet opstel. Hulle adviseer dat gemeentes by persone begin wat hulle die waarskynlikste sal bereik, omdat hulle en die bestaande lidmate van die gemeente die meeste in gemeen het (Warren, 2002:173). "You will attract who you are, not who you want" (Warren, 2002:177). Daarom moet die gemeente hulleself analiseer na aanleiding van vrae soos "wie besoek graag ons gemeente?" en "watter tipe mense is die leiers in die gemeente?" (Warren, 2002:174, 175). Indien die gemeente nie die gemeenskap reflekteer nie, word aanbeveel dat die gemeente eers op sy sterkpunte bou en nie iemand probeer wees wat hulle nie is nie. Sodoende sal die gemeente wel 'n verteenwoordigende deursnit van die samelewing bereik wat met hierdie

sterkpunte identifiseer (Warren, 2002:179). Indien die gemeente 'n nuwe "teikenpersoon" geïdentifiseer het wat nie met die deursnee-profiel van die gemeentede ooreenstem nie, kan die gemeente besluit om hulleself te herskep ("reinvent"). Warren beveel dit egter nie aan as die gemeente meer as 100 lidmate sterk is nie, aangesien groot konflik met so 'n proses gepaard kan gaan (Warren, 2002:180). 'n Beter opsie is volgens Warren om 'n nuwe gemeente te begin met die spesifieke persoonlike profiel van die teikenpersoon in gedagte (Warren, 2002:180). Bestaande gemeentes kan self ook nuwe gemeentes plant met 'n ander teikengroep as hulle eie. In die eerste vyftien jaar van Saddleback se bestaan het hulle vyf en twintig nuwe gemeentes geplant (Warren, 2002:181).

Verdere strategieë wat PDM voorstel om die gemeenskap te bereik word in opgesomde formaat weergegee met die terminologie van "visvang" wat Warren gebruik:

- "Know what you are fishing for" (Warren, 2002:186; vgl. bostaande paragrawe en Saddleback Sam hierbo).
- "Go where the fish are biting", dus raak aktief waar reeds tekens is dat die Heilige Gees werk en fokus op mense wat ontvanklik is in plaas daarvan om onaktiewe lidmate te probeer aktiveer (Warren, 2002:13, 14, 183, 187).
- "Learn to think like fish". Hiervoor is kontak met ongelowiges nodig. Hoe langer gelowiges verwyder is uit die geselskap van ongelowiges hoe minder weet hulle hoe ongelowiges dink en redeneer (Warren, 2002:188–190).
- "Catch fish on their terms" en "Use more than one hook". Die teiken moet jou benadering ("approach") bepaal. Begin met die ervaaarde behoeftes ("felt needs") van die buitekerklike en maak aanpassings waar nodig (Warren, 2002:195–201).

PDM gee ook praktiese raad oor sake soos hoe preke daar moet uitsien, die gebruik van 'n verskeidenheid musiek, hoe om 'n soekerdien saam te stel en ook hoe om persone verder na geloofsvolwassenheid te begelei (vgl. Warren, 2002:207–392).

### **6.3.3 Postiewe waardering van PDM**

#### **6.3.3.1 Inleiding**

Warren (2002) se boek "The Purpose-Driven Church", is 'n volledige handleiding van die metodiek van PDM. In onderstaande paragrawe word slegs enkele sake wat by PDM geleer

kan word, uitgelig. Sake wat oorvleuel met die WCS (bv. die belang van die ervaarde behoeftes van buitekerklikies ["felt needs"]) word nie in hierdie afdeling herhaal nie.

### **6.3.3.2 Die belangrikheid van doelstellings gekoppel aan die groot gebod en die groot opdrag**

Doelstellings is van kardinale belang in die gemeenteboustrategie (vgl. Nel, 1994:185; Hendriks, 1992:186). Warren (2002:25–94) se beklemtoning van doelstellings en die omskrywing van 'n proses om die doelstellings tot doelwitte te verwerk, is bruikbaar en belangrik vir gemeentes.

Soos met die vyf G's van Willow Creek, kan van PDM geleer word dat die memoriseerbaarheid van doelstellings deur allerlei trefwoorde en gesegdes vergemaklik word (vgl. die sleutelwoorde en missie en die beeld vir die klasse wat aan Amerikaanse bofbal ontleen is (figuur 6 [6.3.2])).

Slegs vier voordele (Warren noem verskeie) van duidelike doelstellings word beklemtoon. Eerstens kan die nastreef van die regte doelstellings gesonde en ongedwonge groei in die gemeente veroorsaak (Warren, 2002:16, 17).

Tweedens bewaar doelstellings die gemeente daarvan om te verval in die nastreef van onbelangrike agendas, veral op vormvlak:

One of the common temptations I see many churches falling for today is the trap of majoring in minors. They become distracted by good but less important, agendas, crusades, and purposes. The energy of the church is diffused and dissipated; power is lost (Warren, 2002:89).

Derdens help duidelike doelwitte, wat deel van 'n program vorm, om te voorkom dat die gemeente ongebalanseerd rondom die voorkeure en gawes asook die passie van die leierpredikant gebou word (Warren, 2002:122).

Vierdens werk duidelike doelstellings energiewekkend en motiverend op die gemeente in:

Nothing discourages a church more than not knowing why it exists. On the other hand, the quickest way to reinvigorate a plateaued or declining church is to reclaim God's purpose for it and help members understand the great tasks the church has been given by Christ (Warren, 2002:87).

### 6.3.3.3 PDM en die groot fokus

Soos WCS wil PDM 'n model bied om gemeentes te help om die evangelie van Christus aan die buitekerklike te verkondig en plaas ook 'n hoë premie op prediking. "You've been given the Gospel of eternal life to share, which is the greatest news of all!" (Warren, 2002:105; vgl. Warren, 2002:306).

Anders as die WCS-model kan moeilik van die PDM-model beweer word dat die fokus te swaar op die buitekerklike se persoonlike geluk en vervulling geplaas word. Inteendeel, Warren waarsku pertinent teen so 'n fokus. Hy begin by Christus in plaas van die soeker en beklemtoon dat Jesus die buitekerklike altyd ontmoet het waar daardie persoon hom/haar bevind het, maar nooit sy (Jesus) standarde verlaag het nie (Warren, 2002:56). Daarom is die ervaarde behoeftes ("felt needs") volgens Warren (2002:40) slegs maar 'n beginpunt:

It is *not* the church's task to give people whatever they want or even need. But the fastest way to build a bridge to the unchurched is to express interest in them and show that you understand the problems they are facing. Felt needs, whether real or imaginary, are a starting point for expressing love to people (Warren, 2002:40).

Jesus never lowered his standards, but he always started where people were. He was contemporary without compromising the truth (Warren, 2002:56).

Warren onderskei tussen 'n soekers*sensitiewe* en 'n soekers*gedrewe* gemeente en verwerp laasgenoemde in 'n duidelike uitspraak wat ooreenstem met die kritiek van Pritchard (vgl. 6.2.6.4) op soekerdienste:

In an honest attempt to reach unbelievers for Christ and be relevant in today's culture, some churches allow the needs of the unbelievers to become their driving force. The primary question asked is, "What do the unchurched want?" While we must be sensitive to the needs, hurts, and interests of seekers, and while it is wise to design evangelistic services that target their needs, we cannot allow seekers to drive the total agenda of the church. God's purposes for his church include evangelism – but not to the exclusion of his other purposes. Attracting seekers is the first step in the process of making disciples, but it should not be the driving force of the church. While it is fine for a business to be market driven (give the customer what he wants), a church has a higher calling. The church should be *seeker sensitive* but it must not be seeker driven. We must adapt our communication style to our culture without adopting the sinful elements of it or abdicating to it (Warren, 2002:79, 80).

Warren is baie nugter oor die buitekerklike se soeke en stel dit duidelik dat soekers ook na Jesus gekom het om leniging in plaas van die waarheid te vind. "Most unbelievers are looking for *relief*, not truth" (Warren, 2002:227). Laasgenoemde soeke van die buitekerklike is egter volgens Warren op grond van Efesiërs 4:29 'n geleentheid om God se wil aan hulle bekend te maak (Warren, 2002:227).

Warren (2002:71) lys wat hy as primêr en sekondêr beskou in die beoordeling van kerkgroei Modelle:

The primary issues of church health and growth:

- Who is the master ?
- What is our message?
- What is our motive?

Secondary issues of church health and growth:

- Who is our market?
- What are the models?
- What are our methods?

#### **6.3.3.4 PDM en die groot gebod en die groot opdrag**

By 6.3.2 is aangetoon hoe PDM se doelstellings aan die groot gebod en die groot opdrag gekoppel word. In hoofstuk vyf is die belang van laasgenoemde twee sleutels vir die gemeentebouproses beklemtoon.

PDM beklemtoon die belang van liefdevolle verhoudinge en dat liefde in praktiese optrede, wat die uitdra van die evangelie bevorder, vergestalt moet word:

One of the primary reasons for Saddleback's growth is that we love new people. We love visitors. We love the lost. For fifteen years I've watched our members express that love in practical ways: setting up and taking down chairs ... The reason why some churches remain small is because they *aren't* loving. Love draws people in like a powerful magnet. A lack of love drives people away (Warren, 2002:210).

Warren (2002:209) kritiseer tereg die verskynsel dat baie gemeentes merendeels liefde na binne toe, of slegs tussen bestaande lidmate bewys, terwyl daar nie werklike liefde vir die buitekerklike is nie:

They love the people they feel comfortable with, but that warm fellowship doesn't automatically translate into love for unbelievers or visitors ... The honest reason many churches do not have a crowd is because they don't want one! They don't like having to relate to unbelievers and feel that attracting a crowd would disturb their comfortable routine (Warren, 2002:209).

Met laasgenoemde opmerking word die verband tussen die GG en die GO duidelik geïllustreer.

Soos WCS bied PDM praktiese insigte om dissipelskap as proses te kan implementeer. Warren beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n proses om die doelstellings (gebaseer op die groot gebod en groot opdrag) uit te voer. Hy maak ook duidelik dat in ag geneem moet word waar 'n persoon hom-/haarself op 'n gegewe tyd in die proses bevind:

... this paradigm requires a *process* for fulfilling the purposes of the church (Warren, 2002:80). Don't focus on growing a *church* with *programs*, focus on growing *people* with a *process* (Warren, 2002:108). We cannot expect unbelievers to act like believers until they are believers (Warren, 2002:216).

Gedefinieerde onderskeidings (bv. die "community", "crowd" ens., kyk by 6.3.2) beklemtoon verder dat persone ontmoet moet word waar hulle hulleself bevind en dat onrealistiese verwagtinge vermy kan word. Ook die toerustingsklasse waarna by 6.3.2 verwys is, is praktiese hulpmiddels wat daarop dui dat mense in 'n proses begelei word.

Die gedefinieerde onderskeidings hierbo bied ook 'n praktiese werkplan oor waar die proses moet begin (by die "community" in plaas van die "core") en bevestig so die doelwit om voortdurend "oor die grense te gaan" (vgl. SP 1). PDM se metode om eers na buite te beweeg (vgl. die verduideliking van die proses waarmee vanaf die "community" na die "core" beweeg word, by 6.3.2) stem ooreen met die besondere klem van die groot opdrag, soos uiteengesit in 4.2.6.2 (vgl. ook die verduideliking by figuur 4 [5.3]).

Die beeldspraak wat uit "visvang" ontleen is, beskryf belangrike praktiese stappe wanneer oor die grense gegaan word (SP 1), asook die beklemtoning van die verstaan van die ervare behoeftes ("felt needs") van die buitekerklike (vgl. 6.3.2). Soos die WCS beklemtoon PDM tereg dat gemeentes kontemporêr en relevant moet wees vir die buitekerklike (vgl. Warren, 2002:396).

Wat SP 3a ("leer hulle") betref, gee PDM verskeie praktiese wenke oor hoe lering en prediking moet geskied ten einde effektief te wees (vgl. Warren, 2002:223, 224, 245). Warren (2002:231) wys byvoorbeeld daarop dat wanneer God se Woord op 'n oninteressante wyse verkondig word, die hoorders nie net dink dat die leraar vervelig is nie, maar ook dink dat God vervelig is. Saddleback beskik oor 'n program met die akroniem "W.O.R.D", wat lidmate help om hulle kennis van die Skrif te ontwikkel (W = "wonder" [vra vrae aan die teks]; O = "observe" [waarneem]; R = "reflect on it" [daaroor nadink]; D = "do it" [gaan doen dit]) (Warren, 2002:351, 352).

PDM gee besondere aandag aan SP 3b ("om alles te onderhou", d.w.s. uitkomste/, lewensverandering. Warren (2003) stel prediking voor wat op uitkomste gebaseer is (vgl. 4.2.6.8.16; 5.2.20; 5.2.21): "My goal when I preach is not to inform; it's to **transform**. Unless you understand that, your messages will tend to be based on the traditional style of teaching". Verder word geestelike volwassenheid volgens PDM meer gedemonstreer deur iemand se dade as deur sy/haar kennis (Warren, 2002:337).

PDM onderskei vyf vlakke van toerusting as maatstawwe van geestelike volwassenheid: eerstens kennis; tweedens perspektief (die vermoë om die groot raamwerk van sake raak te sien en die "hoe?" vraag te kan beantwoord [Warren, 2002:352]), derdens oortuiging ("conviction"), vierdens vaardighede ("skills") en vyfdens karakter. Lewensverandering moet deel word van die dissipel se gewoontes (Warren, 2002:348). Gewoontes lei tot karakter en karakter word nie in die klaskamer gebou nie, maar in die omstandighede van die lewe (Warren, 2002:360).

Hoe duidelik PDM ten opsigte van SP 3 op uitkomste en lewensverandering as doel konsentreer, word geïllustreer in die volgende opmerkings van Warren (2002:145):

Our ultimate goal at Saddleback is to turn an audience into an army. You don't judge the strength of an army on how many soldiers sit and eat in the mess hall but by how they perform on the front line. Likewise a church's strength is not seen in how many show up for services (the crowd) but how many serve in the core.

Warren (2002:222) dui die verband tussen SP 3 en SP 1 duidelik aan. Lewens wat verander (SP 3b) is die gemeente se belangrikste "advertensie" na buite (SP 1). Hy beklemtoon ook die



effektiwiteit van persoonlike getuienisse oor lewensverandering, in die erediens en daarbuite, om buitekerklikes te bereik (Warren, 2002:247, 248).

#### **6.3.3.5 Samevatting**

PDM beklemtoon die belang van die uitvoering van die groot gebod en die groot opdrag aan die hand van praktiese doelstellings. 'n Duidelik gedefinieerde proses verhoog die uitvoerbaarheid van laasgenoemde doelstellings. Die groot gebod is nie slegs 'n teorie nie, maar vorm die impetus vir praktiese optrede wat die uitdra van die evangelie bevorder. Die uitvoering van die doelstellings word gesien as 'n proses. In laasgenoemde proses is dit belangrik dat begin word deur 'n teikengroep aan die hand van 'n persoonlike profiel te identifiseer, dat die gemeente begelei word om eers oor die grense te gaan, alvorens na binne gewerk word en dat mense telkens ontmoet moet word waar hulle hul in die proses bevind. PDM beklemtoon lewensverandering as uiteindelijke doelwit.

#### **6.3.4 Tekortkominge in PDM se doelstellingstrategie**

##### **6.3.4.1 Inleiding**

Aangesien PDM ook 'n soekerdiensmodel volg, behoort die tekortkominge wat in die ondersoek van WCS uitgewys is, ook by PDM in aanmerking geneem te word (vgl. 6.2.6). In hierdie onderafdeling is gepoog om nie gevare wat by die WCS aangetoon is, onnodig te herhaal nie. Die tekortkominge wat uitgewys is, is inherent aan die model wat gevolg word, eerder as aan spesifieke gemeentes soos Willow Creek en Saddleback. Warren (2002: 56, 79, 80) waarsku byvoorbeeld teen 'n oordrewe fokus op die behoeftes van die buitekerklike, juis omdat PDM ook besondere klem op die ervare behoeftes van buitekerklikes plaas. 'n Tweede voorbeeld is Warren (2002:157) se ongekwalfiseerde gebruik van bemarkingsterminologie, wat illustreer dat die kritiek wat by 6.2.6.5.3 uitgespreek is, ook van toepassing is op PDM.

Hieronder word vervolgens tekortkominge uitgewys wat merendeels inherent is aan PDM as model.

#### 6.3.4.2 Oordrewe fokus op doelstellings en 'n proses

Lewis (2000:56) se kritiek dat die boodskap van die kruis en opstanding in "The Purpose-Driven Church" (Warren 2002:1–399) ontbreek, is onbillik wanneer in ag geneem word dat Warren (2002:304) byvoorbeeld praktiese stappe noem om iemand na Christus te lei (6.3.3.4; vgl. 6.3.3.3). Gesien die subtitel van die boek "Growth without compromising your *message & mission*" (Warren, 2002, my kursivering), is die boodskap van die kruis egter wel in Warren se uiteensetting onderbeklemtoon. Met Lewis (2000:56) word dus saamgestem dat die fokus op Christus die gekruisigde as doelstelling, meer pertinente aandag moes kry: "Not once does *The Purpose-driven Church* give a clear gospel message. Is this not one of the most fundamental activities of the local church?"

Warren (2002:79, 80) wys "seeker driven-gemeentes" af en meen dat gemeentes eerder "seeker sensitive" moet wees. In die plek van "seeker sensitive-gemeentes" bepleit Warren doelstellinggedrewe- ("purpose-driven") gemeentes, soos die benaming "The Purpose-Driven Church" aandui. Doelstellings is die dryfkrag ("driving force") van alles wat in die gemeente gebeur (vgl. Warren, 2002:77).

Die vraag is of doelstellinggedrewenheid nie ook 'n verarming (vanweë vergelykbare verkeerde beklemtoning) kan veroorsaak nie? Behoort gemeentes nie deur 'n fokus op Christus die gekruisigde gedryf te word en (ter wille van die vergelyking) tegelyk soeker- en doelstelling-sensitief te opereer nie (vgl. 5.6.2; 5.2.1–5.2.2)? Rondom Christus die gekruisigde, of met Christus die gekruisigde as sentrum, behoort doelstellings geformuleer te word as deel van die proses van strategiese teologiese beplanning (vgl. Hendriks, 1992:129).

Om deur doelstellings gedryf te word, het die inherente tekortkoming dat 'n gemeente onpersoonlik en prosesgedrewe kan raak. Sekulêre maatskappye is prosesgedrewe, maar die gemeente is meer as 'n prosesgedrewe fenomeen. 'n Gemeente word ten diepste gedryf deur die persoonlike ken van Christus en dat Hy die sin/denke en die gees van die gemeente as sy liggaam, is (vgl. 5.2.2; 5.6.2). Die ken van Christus lei tot liefde as gesindheid en dissipelskap as proses van dankbare gehoorsaamheid aan Hom (vgl. 5.3).

Warren (2002:108) waarsku tereg teen die fokus op programme, maar gee steeds (soos die WCS) 'n verkeerde fokus ("people") as alternatief: "Don't focus on growing a *church* with *programs*, focus on growing *people* with a *process*".

Dat 'n fokus op bepaalde doelstellings nie 'n gemeente vrywaar van 'n onpersoonlike fokus op stappe in 'n proses nie, volg uit die onderstaande stelling van Warren (2002:109):

Our process for implementing the purposes of God involves four steps: We bring people in, build them up, train them, send them out. We bring them in as *members*, we build them up in *maturity*, we train them for *ministry*, and we send them out on *mission*, *magnifying* the Lord in the process. That's it! This is the total focus of Saddleback. We don't do anything else.

Met bogenoemde opmerking stel Warren die fokus van PDM ondubbelsinnig. Die probleem met hierdie fokus is dat daar ook ondubbelsinnig op stappe in 'n proses gefokus word.

Ook uit die kader van die WCS volg 'n waarskuwing teen die fokus op 'n proses en tegniek:

But there is one huge difference between PDM and the Willow Creek Association. Purpose-Driven Ministries *unblushingly preaches technique*. Its conferences, workshops, and teaching materials give clients a specific formula designed to replicate the Saddleback experience. To reinforce the message that the formula works, PDM gives annual awards to churches that achieve outstanding results by following the program (Hamilton, 2000:par. 50, my kursivering. Vir kritiek op Willow Creek se fokus, kyk 6.2.6.2).

### **6.3.4.3 Onvoldoende teologiese begronding vir PDM se vyf doelstellings**

#### **6.3.4.3.1 Inleiding**

Die sukses van Saddleback en PDM dien as empiriese bevestiging vir 'n groot deel van hierdie studie, aangesien Warren met twee van die drie sleutels wat in afdeling A ondersoek is, werk (vgl. verwysings na Matt. 22:37–40; 28:19–20 by 6.3.2). "The Purpose-Driven Church" word des te meer waardeur as bevestiging van afdeling A, aangesien die navorser laasgenoemde boek vir die eerste keer gelees het, nadat afdeling A reeds voltooi is. Uit die geskiedenis van Saddleback as een van die snelgroeiende megagemeentes in die VSA en die sukses van

PDM, word ook die afleiding gemaak dat die Here die doelstellings van Saddleback geseën het (vgl. Warren, 2002:44).

Tog kan Warren se Skrifhantering en die begronding van die vyf doelstellings (vgl. 6.3.2) nie onkrities aanvaar word nie. Hieronder word eerstens meer algemene probleme in Warren se Skrifhantering aangetoon. Daarna word sy hantering van die groot gebod in meer besonderhede bespreek.

#### **6.3.4.3.2 Algemene kritiek op Warren se Skrifhantering**

Wetenskaplik-teologiese begronding is noodsaaklik in die beoefening van praktiese teologie. Stadelmann (1998:225) waarsku teen die gevare verbonde aan praktiese teorieë sonder om 'n duidelike Skriftuurlike basis aan te toon:

... practical theology and practical theologians quite generally need to be rooted deeply in biblical foundations. It will not be enough just to adorn historically or empirically derived theories with seemingly suitable verses from Scripture. Rather, on any biblically relevant subject touched upon by practical theology the Bible must be allowed to speak in its own right. This means that its verses and passages are not to be forced to say something which does not correspond to the original meaning of the text in its literary context. Practical theologians always have to remember that they too are not exempted from a hermeneutically responsible and exegetically sound interpretation of Holy Scripture (Stadelmann, 1998:225).

Wetenskaplik-teologiese begronding vir die doelstellings deur die ontleding van Skrifgedeeltes is des te meer belangrik omdat die vyf doelstellings die "kanon binne die kanon" (vgl. Pritchard, 1996:109) of geestelike DNA van PDM is. Warren beskou die vyf doelstellings as "the five New Testament purposes for the church" waaraan alle ander doelstellings gemeet behoort te word, ten einde te bepaal of 'n gemeente strategies 'n gesonde balans openbaar. Selfs die implementeringsproses van die vyf beginsels word as maatstaf vir die gesondheid van ander gemeentes aangelê:

Health is the result of balance. Balance occurs when you have a strategy and a structure to fulfill what I believe are *the five New Testament purposes for the church*: worship, evangelism, fellowship, discipleship, and ministry. If you don't have a strategy and a structure that intentionally balances the purposes of the church, the church tends to overemphasize the purpose the pastor feels most passionate about. In evangelicalism, we tend to go to seed on one truth at a time. You attend one

seminar and hear, "The key is seeker services". You go to another and "the key is small groups" or "discipleship" ... The fact is, they're all important. When a church emphasizes any one purpose to the neglect of others, that produces imbalance — it's unhealthy. It stunts a lot of churches. To keep things balanced, four things must happen. You've got to move people into membership, build them up to maturity, train them for ministry, and send them out on their mission. We use a little baseball diamond to illustrate that. We've got a scorecard to evaluate progress (Warren [1997], my kursivering).

Warren moedig gemeentes sterk aan om die beginsels van Saddleback te volg en te leer uit die Saddleback-model:

Let me warn you: if you implement the strategy and ideas in this book in your church, someone is bound to say, "You got that from Saddleback". You should respond, "So what!" They got what they know from hundred other churches". Remember we're all on the same team. I believe people who can't learn from models have an ego problem (Warren, 2002:69; vgl. Hamilton, 2000:par. 50).

Die vraag of geleer kan word by PDM is reeds bevestigend geantwoord (vgl. 6.3.3). Die vraag wat hier gevra word is of PDM daarin slaag om aan te toon dat die vyf doelstellings die enigste en belangrikste doelstellings in die Nuwe Testament is. Hiervoor is deeglike wetenskaplike begronding noodsaaklik. Die Willow Creek-gemeente het byvoorbeeld ook op Skriftuurlike basis "exaltation, evangelism, edification, social action" as viervoudige doelwit gestel en opgesom in die vyf G's (vgl. 6.2.3). Daar is duidelike oorvleueling, maar ook verskille. Gevolglik word ondersoek hoe Warren die vyf doelstellings uit die Skrif motiveer.

Eerstens word die korrektheid van Warren en Saddleback (1995:102) se bevinding dat die twee stellings van Jesus (Matt. 22:37–40, 28:19–20) *alles* opsom wat die kerk moet wees en doen, as oordrewe bevraagteken. Lewis (2000:52, 53) is byvoorbeeld van mening dat die gemeente se hoofdoel vervat is in 1 Timoteus 3:15 en dat die vyf doelstellings eerder funksies is van 'n gemeente waarvan die lede weet hoe om hulle te gedra en sodoende die pilaar en grondslag van die waarheid is (vgl. Warren [2002:71, 314] se verwysing na 1 Tim. 3:15).

Warren toon nie aan of en hoe hy deur middel van wetenskaplik-verantwoordbare metodes by sy stelling (vorige par.) oor die groot gebod en groot opdrag uitkom nie. In afdeling A is aangetoon dat die proses om die gemeente se roeping te ontdek by die groot fokus moet begin, welke fokus soos 'n goue draad deur die ander twee sleutels loop (vgl. 5.3, veral figuur 2). (In hierdie studie word ook nie beweer dat die drie sleutels alles opsom wat "die kerk moet

wees en doen nie", wel dat die drie sleutels van groot belang en werkbaar is om die roeping van die gemeente te ontdek).

Tweedens word daar geen Skriftuurlike basis gelê waarom juis in die gemeentebouproses by die groot gebod begin moet word nie. Warren (2002:71) stel die eerste belangrike vraag vir die evaluering van die "gesondheid" van gemeentes as "who is the master?" (6.3.3.3), maar begin dan die hele strategie van PDM by sy tweede vraag: "what is the message?" (vgl. Warren, 2002:71).

Nie die groot gebod of die groot opdrag nie, maar Christus, die Gewer van laasgenoemdes, behoort ten diepste die dryfveer van die gemeente te wees. Warren (2002:103) se uitspraak "we are driven by the Great Commandment and the Great Commission" moet in die konteks waarin hy dit bedoel het (gehoorsaamheid aan Christus) verstaan word, maar dat hy by gehoorsaamheid as eerste stap begin, is nie korrek nie. Sonder 'n duidelike fokus op Christus die gekruisigde kan die fokus verkeerdelik op die mens se prestasies, op doelstellings as sodanig of op 'n proses wees. Die nadelige gevolge van 'n verkeerde fokus is by 6.3.4.2 aangedui.

Derdens is die motivering vir die vyf doelstellings wat Warren aan die groot gebod en die groot opdrag koppel, sonder behoorlike teologies-wetenskaplike begronding. Die volgende dien as voorbeeld: sonder begripsontleding van die woord "worship" of eksegetiese ontleding van Matteus 22:37a, verklaar Warren (2002:103) uit die staanspoor dat "worship" die doelstelling "om God met jou hele hart lief te hê", omskryf. Sy afleiding mag inhoudelik korrek wees, maar die kritiese leser kry die gevoel dat die woord "worship" eisegeties "geplak" word op Matteus 22:37a. Kan "worship" nie ewe gemaklik verbind word met 1 Korintiërs 1:31 (vgl. 2.2.5), of met Matteus 28:17 nie? As 'n verdere voorbeeld kan Warren se onkritiese gebruik van die partisipium "gaan" (πορευθέντες) in Matteus 28:19 met die bespreking by 4.2.4.2 vergelyk word.


Omdat onvoldoende teologiese begronding vir PDM se doelstellings die duidelikste na vore kom uit die bespreking van die doelstellings wat gebaseer is op die groot opdrag, word doelstellings 3–5 afsonderlik bespreek.

#### 6.3.4.3.3 Kritiek op die wyse waarop doelstellings 3–5 op die groot opdrag gebaseer word

In aansluiting by wat by 6.3.4.3.2 as 'n gebrek aan teologiese begroning uitgewys is, word vervolgens krities gekyk na PDM se uiteensetting van die groot opdrag.

Warren (2002:104, 106) verduidelik “Go and make disciples” (SP 1) as “evangelism”, “baptizing them” as “fellowship” en “teaching them to obey” (SP 3) as “discipleship” en baseer sodoende doelstellings 3–5 op die groot opdrag.

Figuur een kan as volg aangepas word om Warren se uiteensetting voor te stel (P # 3 = purpose # 3)



Figuur 8. PDM se doelstellings op grond van die groot opdrag

Eerstens dui Warren die beginpunt in die proses van dissipelskap verkeerdelik aan as “evangelism” en wedergeboorte: “Discipleship is the process of helping people become more

like Christ in their thoughts, feelings and actions. This process *begins when a person is born again* and continues throughout the rest of his life" (Warren, 2002:106, my kursivering).

Bogenoemde uiteensetting kan verwarring skep in die strategiese dissipelmaakproses van die gemeente. By 4.2.4.4.2–4.2.4.4.6 (kyk veral 4.2.4.4.5; vgl. 5.6.5) is aangetoon dat volstaan moet word met die basiese betekenis van die woord dissipel as "leerling en volgeling" en dat dissipel-wees en verlossing van mekaar onderskei moet word. Onduidelikheid oor laasgenoemde kan demotivering veroorsaak. Die persoon wat gehoorsaam is aan die groot opdrag dink dat hy/sy eers sukses behaal het in terme van die groot opdrag wanneer iemand Christus as Verlosser aangeneem het (vgl. "become a reborn Christian", Warren, 2002:106). Dit kan jare neem voor iemand hierdie punt bereik. Hierteenoor is aangetoon dat sodra iemand Jesus begin volg en van Hom geleer word, alreeds 'n dissipel gemaak is. Verder kan hierdie verkeerde definisie veroorsaak dat iemand op die eerste sport nie met genoeg deernis as volgeling en leerling van Christus behandel word nie (vgl. 4.6.4; 4.6.5).

Om dus "evangelism" as noemer vir SP 1 te gebruik is verwarrend. In afdeling A is by 4.2.6.2 (SP 1) aangetoon dat die dissipelskapproses begin deurdat "oor die grense gegaan word". Die eerste stap of doelstelling (i.t.v. PDM) is dus nie "evangelisering" nie, maar "uitreiking". Evangelisering of getuieis dat iemand geëvangelseer is (dus 'n Christendissipel geword het) volg by SP 2, soos uiteengesit by 4.2.6.3. Iemand is eers geëvangelseer wanneer hy/sy Christus as Verlosser aangeneem het. Getuieis hiervan in die openbaar gaan met die doophandeling gepaard en hoort dus by "baptizing them" (vgl. 5.2.18; 5.6.4). Warren (2002:303) self beskryf die doop as die moment van openbare belydenis van geloof.

Tweedens word met Warren saamgestem dat "fellowship" op "baptizing them" gebaseer kan word:

As Christians we're called to *belong*, not just to *believe*. We are not meant to live lone-ranger lives; instead, we are to belong to Christ's family and be members of his body. Baptism is not only a symbol of salvation, it is a symbol of fellowship (Warren, 2002:105).

By 4.2.6.3.2 is veral op grond van Campbell (1991:403) aangetoon dat die trinitariese formule integraal deel is van die argument om "fellowship" (κοινωνία) aan doop te verbind. Waarom Warren nie na die Triniteit ook verwys nie, is onseker. Die besef van die betekenis van



eenwees met die drie-enige God en daarom ook die eenwees met die hele liggaam van Christus, is die diepste moontlike begroning vir die gemeenskap van gelowiges (κοινωνία) en spiritualiteit.

Verder is by 3.2.4.3.3.2 en 4.2.6.3.2 beredeneer dat κοινωνία meer is as “fellowship” (vgl. “belong” [Warren, 2002:105]) of omgee, maar primêr ’n aksiewoord is wat konkrete dade ter bevordering van die evangelie aandui. Warren verskraal dus die betekenis van κοινωνία, hoewel hy (sonder voldoende begroning) inhoudelik die saak deur doelstelling nommer twee (“ministry”) ondervang.

’n Volledige verstaan van κοινωνία is noodsaaklik aangesien die oorgang van modernisme na postmodernisme veroorsaak dat die postmoderne mens toenemend die belang van verhoudinge ontdek (Vorster, 1999:112). Die tydsgees bied dus ’n besondere geleentheid wat benut moet word om die volle en ryke betekenis van die gemeenskap van gelowiges in die gemeente te leer:

Die eise van die Bybel en die eise van die tyd maak dit dus vir die kerk noodsaaklik om weer te besin oor hoe die gemeenskap van die gelowiges so ingeklee kan word dat die *koinonia* vandag en in die toekoms aan sowel die beginsel as die praktyk kan beantwoord (Vorster, 1999:112).

Derdens is dit verwarrend om “lering/toerusting” (SP 3) as “discipleship” te omskryf. “Discipleship” beskryf die hele proses en kan nie slegs aan lering (SP 3) verbind word nie (vgl. 5.6.4). Uit Warren se verduideliking volg ’n verkeerde afleiding, naamlik dat iemand eers met dissipelskap besig is wanneer hy/sy vérder leer om meer soos Jesus te wees. Behalwe dat so ’n siening nie strook met Warren se eie (onjuiste) verklaring dat dissipelskap by wedergeboorte al begin nie, kan hierdie siening demotiverend werk, soos hierbo verduidelik is. Wie is dissipels volgens hierdie siening? Is dit alleen die “core” wat al in die bediening staan en sodoende “onderhou wat Jesus beveel het” (vgl. SP 3b; 6.3.2)?

Ten slotte is dit opvallend dat die motivering of indikatief wat Matteus in die groot opdrag-perikoop self gee, deur Warren (2002:102) in sy aanhaling van die teks weggelaat word en nêrens in die res van sy uiteensetting aandag geniet nie. Die belangrikste indikatief vir die uitvoering van die groot opdrag is dat Jesus al die mag in die hemel en op aarde besit en deur sy Gees by sy dissipels teenwoordig is (Matt. 28:18, 20; IND 1, 2 [figuur 1]). Ook in die

dagstukkies van "The Purpose-Driven Life", waarin Matteus 28:19–20 aangehaal word, ontbreek verwysings na IND 1, 2 (vgl. Warren, 2002a:283).

By 4.2.6.6 is die belang van die motivering vir die groot opdrag (in dieselfde perikoop) ondersoek en in die finale gevolgtrekkings vervat (vgl. 5.2.24; 5.6.7). Die gemeente word gemotiveer deurdat hulle Christus ken (GF), sy gees en verstand het (GF), die impak van sy liefde beleef (GO) en deur sy beloftes dat Hy al die mag het en met hulle is (GO) (5.6.7). Warren se eklektiese Skrifgebruik in hierdie geval laat die vraag ontstaan of hy nie onbedoeld 'n ander motivering beklemtoon nie. In aansluiting by 6.3.4.2 word die vraag gevra of die motivering wat Warren vind in die ontdekking en nakoming van doelstellings, nie die motivering van die teks self op die agtergrond skuif nie? Warren (2002:81, 82) sê:

Nothing precedes purpose. The starting point for every church should be the question, "Why do we exist?" Until you know what your church exist for, you have no foundation, no motivation, and no direction for ministry ... Absolutely nothing will revitalize a discouraged church faster than discovering its purpose.

In bostaande paragrawe is die gebreke in PDM se Skriftuurlike fundering van die vyf doelstellings aangetoon. Die doelstellings self is Skriftuurlik en bruikbaar. In hoofstuk 8 word voorgestel hoe PDM se doelstellings, veral in die lig van die groot opdrag, aangepas kan word.

#### **6.3.4.3.4 Samevatting**

Alhoewel daar waardering is vir Warren en PDM se werk behoort krities ondersoek te word of PDM daarin slaag om 'n duidelike Skriftuurlike basis vir die vyf doelstellings aan te toon. Om te beweer dat die groot gebod en die groot opdrag alles omvat wat die kerk behoort te wees en behoort te doen, is oordrewe. Warren toon nie voldoende, deur teologies-wetenskaplike beredenering aan hoe die doelstellings van PDM op die groot gebod en groot opdrag gebaseer word nie. Op grond van die resultate van afdeling A word bevind dat Warren grotendeels verkeerdlik sekere kernbegrippe aan doelstellings 3–5 (van die groot opdrag) koppel. Warren se siening dat dissipelskap by wedergeboorte en evangelisering begin, is strydig met die bevindings in afdeling A. Laasgenoemde opvatting kan demotiverend inwerk op die persoon wat gehoorsaam wil wees aan die groot opdrag omdat die aanvaarding van Christus as Verlosser nie altyd gou gebeur nie. Die eerste stap in die dissipelskapproses is uitreiking.

Evangelisering as doelstelling behoort met “doop hulle” verbind te word. Om “fellowship” as doelstelling op “doop hulle” te baseer is korrek, maar daar moet gewaak word teen die verskraling van die betekenis van κοινωνία. Waarom Warren nie ook “fellowship” aan die trinitariese doopformule verbind nie, is onseker. Om “leer hulle” met “discipleship” te beskryf, skep verwarring aangesien dissipelskap die hele proses tipeer. Die motivering wat die Skrif self vir die nakoming van die groot opdrag gee (IND 1,2), ontbreek in Warren se uiteensetting. Warren gee die identifisering en uitvoering van doelstellings aan as vernaamste motivering.

#### **6.3.4.4 Beoordeling van die strategie om ’n homogene teikengroep volgens ’n persoonlike profiel te identifiseer**

##### **6.3.4.4.1 Inleidend: die werklikheid van etniese, taal-en kultuurverskille noodsaak strategiese besinning**

Die beskrywing van Saddleback Sam aan die hand van ’n persoonlike profiel (vgl. 6.3.2) toon ooreenstemming met die sogenaamde “homogeneous unit principle” (vgl. Bakke, 1995).

Die beginsel van homogene eenhede het beslag gekry nadat McGavran (van die kerkgroei-beweging) deur navorsing bevind het dat gerigtheid op een groep, vinniger kerkgroei veroorsaak as wanneer ryk en arm, geleerd en ongeleerd, jonk en oud, saam in een gemeente probeer saamleef (Stadelmann, 1998:224).

Die gebruik van ’n persoonlike profiel om die buitekerklike “teiken” te identifiseer en te bereik, word deur PDM as ’n belangrike metode eerder as ’n beginsel gestel. Dat die buitekerklike as ’n “teiken” beskryf word, moet waarskynlik binne die doelstellinggedrewe proses van PDM verstaan word (vgl. Warren, 2002:156, 157).

Hieronder sal verwys word na die “teikengroepstrategie aan die hand van ’n persoonlike profiel” of die Saddleback Sam-benadering/strategie. Eerstens word PDM se fundering vir laasgenoemde strategie beoordeel. Daarna word die Saddleback Sam-benadering en die beginsel van homogene eenhede in die lig van die GF, GG en GO beoordeel. Volledige bestudering van die “homogeneous unit principle” val egter buite die veld van hierdie studie.

Warren (2002:156, 159) se aansporing dat die gemeente die evangelie alleen effektief sal kan uitdra deur te identifiseer met mense, is 'n belangrike beginsel wat uit verskeie voorbeelde in die Skrif afgelei kan word (vgl. Hand. 22:2). 'n Gemeente wat nalaat om kulturele en ander verskille in ag te neem, sal oneffektief wees in die uitvoering van die groot opdrag en kan onnodige konflik te wagte wees.

PDM staan nie alleen in daadwerklike strategiese besinning oor die verskeidenheid van persone wat die gemeente kan bereik nie. Mains en Yancey (1995) beskryf die probleme wat in 'n multikulturele gemeente in die VSA rondom etnisiteit ontstaan het. Mains beskryf hoe harmonie tussen wit en swart lidmate kortstondig was:

... with the first flush of success, as blacks and whites achieved real harmony in worship and fellowship, I naively chalked up a huge breakthrough. The racial area, which we had pointed to with greatest pride, directly led to a dissolution in Circle (Mains & Yancey, 1995).

Hy vertel verder hoe die minderheid in die gemeente die rassekwessie op die spits gedryf het en dat kerkskeuring byna gevolg het. Mains en Yancey beskryf ook hoe probleme met die liturgie en kerkprogramme opgeduik het omdat daar verskillende groepe mense verteenwoordig was:

We would work for scores of hours on a creative, God-honoring worship service or a beautiful anthem and find it went over the heads of the uneducated people we had worked so hard to bring into church. Or we would gear programs to them and find another segment bored or resentful (Mains & Yancey, 1995; vgl. Beyerlein, 1997).

Bogenoemde verskille geld nie net vir etniese groepe nie, maar ook vir mense wat tot verskillende generasies behoort, al is hulle in dieselfde etniese groepering. Dobson (1997) sê: "My point is that the Western world has moved away from the Judeo-Christian heritage, and no one is more vulnerable to that departure than teenagers, who live on the cutting edge of culture".

Konflik omdat mense taal-, kultuur- en generasieverskille het, is nie beperk tot gemeentes in die VSA nie. Van Wyk (1998:416, 417) bespreek die siening van sommige Afrikaners dat slegs mede-Afrikaners as hulle "naaste" beskou word. Van Wyk (1998:424–425) wys verder daarop dat dit "moeilik is om in Afrika lief te hê". Hy verwys na Attie van Niekerk wat drie probleme aan

die hand van die ontleding van letterkundige werke uitlig naamlik a) die onbegryplikheid dat mense in Afrika diegene wat hulle met goeie bedoelings wil help, uiteindelik tog verwerp en selfs vernietig; b) die oormaat van lyding en ellende; c) die tradisionele Afrikakultuur dat 'n mens in sommige gevalle niks vir sekere mense in nood mag doen nie, omdat hulle as offer gelos moet word om te sterf. Ook Van der Walt beskryf die komplekse aard van die Afrikafilosofie (1998:381–388) en die strominge in kontemporêre Afrika-Christendom (2001:17–22).

#### **6.3.4.4.2 Tekortkominge in PDM se fundering vir die teikengroepstrategie aan die hand van 'n persoonlike profiel**

Warren (2002:158, 186, 187) motiveer die identifisering van Saddleback Sam as spesifieke teikengroep met verwysing na Matteus 10:5–6, 15:22–25 en Galasiërs 2:7. Hy wys daarop dat Jesus die Jode as teiken gekies het om effektief eerder as eksklusief te wees (Warren, 2002:158). Warren haal vervolgens die begrip “nasies” (τὰ ἔθνη) aan om verder te illustreer dat spesialisering groter effektiwiteit in die hand werk:

The concept of evangelistic targeting is build into the Great Commission. We are to make disciples of “all nations”. The Greek term *ta ethne*, from which we derive the word *ethnic*, refers literally to “all people groups”. Each of these unique people groups needs an evangelistic strategy that communicates the Gospel in terms that their specific culture can understand (Warren, 2002:159).

Om die persoonlike profiel van Saddleback Sam as teikengroep met Jesus se verwysing na die Jode (Matt. 10:5–6; 15:22–25) of Paulus se toespitsing op nie-Jode (Gal. 2:7), gelyk te stel, is problematies. Die Jode is 'n bevolkingsgroep wat uit 'n groot verskeidenheid mense bestaan. Hierteenoor verteenwoordig Saddleback Sam 'n baie spesifieke profiel van persone en persoonlikheidstipes binne 'n bestaande bevolkingsgroep. Saddleback Sam is goed opgelei, hou van sy beroep en sy woonbuurt. Hy is die tipiese suksesvolle welvarende middeljarige persoon wat aansien geniet in die samelewing (vgl. Warren, 2002:170, 171). Hoewel Jesus Hom toegespits het op die Jode as bevolkingsgroep, kan eerder 'n teenoorgestelde strategie as die Saddleback Sam-benadering, uit sy optrede afgelei word. Deeglik bewus van die nadelige gevolge vir sy reputasie, het Jesus doelbewus moeite gedoen om nie net die vername persone soos Nikodemus (vgl. Joh. 3) te bereik nie, maar was Hy die vriend van randfigure, van tollenaars en sondaars, van uitgeworpenes in die samelewing (vgl. Luk. 15:1–2). Jesus het wel

ook na die vername mense in die samelewing uitgereik (vgl. Luk. 7:36 e.v.), dus na 'n verskeidenheid mense. Toespitsing op 'n bepaalde persoonlike profiel, is gevolglik vreemd aan Jesus se optrede.

Jesus se strategie om by die Jode te begin, was deel van die program vir die groot opdrag (vgl. 4.3.5). In 4.3.9.2 is aangetoon hoe Jesus ook doelbewus oor kulturele grense gegaan het en daardeur ernstige intragroepskonflik veroorsaak het. Jesus het die beginsel gestel dat geloof nodig is om te aanvaar dat God se genade en seën ook geld vir mense wat nie in eie kring kosbaar is nie (vgl. 4.3.9.2). In 4.3.9.3 is bespreek hoe die vroeë kerk intragroepskonflik hanteer het toe Griekssprekende weduwees oor die hoof gesien is. Ampsdraers is gekies om die behoeftes van die weduwees binne die bestaande gemeente aan te spreek. In 4.3.9.4 en 4.3.9.5 is aangetoon dat die oorsteek van grense na andersoortige mense juis konflik vir Petrus en Paulus veroorsaak het. Hoewel Paulus begin het deur die Jode in hulle sinagoge te leer, veroorsaak hy, soos Jesus, konflik deur die Jode se siening oor God se eksklusiewe genade te verwerp. Om dus uit Paulus se optrede die beginsel van homogene groepe te regverdig, verg dus meer motivering as bloot die verwysing na Galasiërs 2:7.

Warren (2002:159) se beroep op τὰ ἔθνη in Matteus 28:19 om die toespitsing op Saddleback Sam te regverdig, is eweneens 'n ongeldige gelykskakeling van "nasies" ('n groot groep; vgl. die meervoud) en die Saddleback Sam-groep as kleiner homogene groep binne 'n nasie en selfs spesifieke area. Meer nog, die greep wat Warren op grond van die semantiese onderskeiding van τὰ ἔθνη uitoefen, berus nie op goeie eksegetiese nie. Warren kies om hierdie uitdrukking te gebruik om 'n kleiner teikenarea aan te dui, terwyl by 4.2.6.2 aangetoon is dat "nasies" op "the *largest* unit into which the people of the world are divided" (Louw & Nida, 1996 [11.55]) dui. Om verder, soos Warren (2002:159), slegs op "nasies" klem te lê en "alle" (πάντα) te ignoreer, misken die spesifieke konteks van Jesus se woorde as synde 'n opdrag aan 'n homogene groep om juis oor hulle grense te gaan (vgl. 4.2.6.2).

Warren (2002:171) doen tereg 'n beroep op 1 Korintiërs 9:20 ("Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win") as begroning daarvoor dat verskillende metodes gebruik moet word om die buitekerklike te bereik. Om egter binne die konteks van Saddleback Sam of die beginsel van homogene eenhede slegs na 1 Korintiërs 9:20 te verwys, hou nie stand nie. In vers 22 eindig Paulus die gedagte-eenheid met: "vir *almal* het ek alles geword om in alle geval

sommige te red" (my kursivering). Paulus sluit dus af met 'n verklaring oor die inklusiwiteit van sy bediening (vgl. "vir almal"), in plaas van om 'n eksklusiewe teken te definieer (vgl. 6.2.6.2).

Warren se aanvanklike motivering vir die Saddleback Sam-benadering is op bemarkingsbeginsels gefundeer:

Successful radio stations select a target audience. They research their broadcast area, figure out which segments of the population are not being reached by other stations, and then choose a format that reaches their target. Defining our evangelistic target has been the second most important factor behind Saddleback's growth. After figuring out who our church was best capable of reaching for Jesus Christ, we intentionally went after those people (Warren, 2002:157).

Kritiek op Warren se fundering vir die Saddleback Sam-metode, negeer nie die belangrikheid van sy stelling dat "each of these unique people groups needs an evangelistic strategy that communicates the Gospel in terms that their specific culture can understand" nie (Warren, 2002:159). Die opmerkings van Mains en Yancey (1995) en Van Wyk (1998:424–425) (kyk 6.3.4.4.1), bevestig dat strategiese besinning in die lig van die verskeidenheid groepe mense wat bereik moet word, baie noodsaaklik is. Gevolglik word die beginsel van homogene eenhede en die Saddleback Sam-benadering verder in die lig van die GF, GG en GO beoordeel.

#### **6.3.4.4.3 Beoordeling van PDM se teikengroepstrategie aan die hand van 'n persoonlike profiel, in die lig van die groot fokus, groot gebod en groot opdrag**

In afdeling A van die studie is bevind dat 'n gemeente wat op Christus fokus met sy (Christus) verstand en gees kan optree (vgl. 5.6.2) en dat oorstroomende liefde wat toeneem, effektiewe medewerking aan die uitdra van die evangelie veroorsaak (vgl. 5.6.3). Op grond van die gevolgtrekkings van afdeling A word die Saddleback Sam-benadering en die benadering van homogene eenhede, nou verder getoets.

Eerstens moet gevra word wat Jesus se gesindheid oor etniese taal-en kultuurverskille was (vgl. GF, 5.6.2). In Handeling 10:15 verklaar Jesus na sy opstanding aan Petrus dat die verskeidenheid van nasies en kulture, "rein" is (vgl. 4.3.9.4). Ook die groot opdrag vra 'n

positiewe oorweging van die verskeidenheid en verskille. Scudieri motiveer 'n positiewe gesindheid oor etnisiteit onder andere met verwysing na die Triniteit (vgl. SP 2b):

Our usual thinking about ethnicity is that it is bad. And it can be bad if all it does is divide people. But let me suggest another way of looking at ethnicity, a way that says ethnicity is good: ethnicity may distinguish, but it need not divide ... There is diversity from the beginning, as God revealed Himself as three in one ... No one ethnic group has every gift, all must contribute for the commonwealth. God's desire for the catholicity of His church includes people groups with varieties of practice sharing the best from their backgrounds with each other ... The ethnoi play a role in God's salvation plan. Jesus the Savior of God, was born in Bethlehem of Judea, but grew up and lived His life in "Galilee [Hebrew region] of the Gentiles". What a surprise for the priests who looked for a purely Jewish Messiah that the Redeemer had a Pluricultural homeland (Scudieri, 1996:19–23).

Tweedens is aangetoon dat oorfloedige liefde effektief is (vgl. 5.2.12; 5.6.3). Besluite oor strukture behoort dus te volg uit oorfloedige liefde vir God en die medemens. Liefde, gepaard met kennis en fyn aanvoeling, behoort die dryfveer te wees om in elke unieke situasie die strukture te onderskei wat werklik nodig is (vgl. Fil. 1:9–11; 5.2.12). 'n Klakkelose "oorplak" van ander gemeentes se strategieë of van bemarkingstrategieë, mis die werklike impak van Christus se liefde. Trumble (1995) en Bakke (1995a) waarsku teen die oorneem van strategieë wat by ander gemeentes gewerk het:

The hard questions and strong challenges racial change poses, vary from community to community. The right choice for one church may well be unworkable for another. So each option must be thoroughly explored by any given congregation (Trumble, 1995).

Back in Humboldt Park, I saw churches doing the same thing. Pastors were franchising programs rather than doing what an anthropologist does — learn the language and communicate Jesus with concepts people understand (Bakke, 1995).

Ook Warren (2002:67) waarsku dat die Amerikaanse konteks nie oordraagbaar is op ander kontekste nie: "To artificially plant a Saddleback clone in a different environment is a formula for failure. Despite my clear warning, some have tried this anyway and then wondered why things didn't work out". Gemeentes behoort daarom ook versigtig te wees om die Saddleback Sam-strategie oor te neem, sonder om hierdie strategie deeglik teen die agtergrond van die spesifieke gemeenskap te toets.



Saddleback-gemeente het daarin geslaag om duisende buitekerklikes met die evangelie te bereik en het ook in hulle eerste vyftien jaar vyf en twintig nuwe gemeentes geplant (vgl. 6.3.2). Volgens Warren (2002:157) was die Saddleback Sam-strategie "the second most important factor behind Saddleback's growth". Tog moet onthou word dat laasgenoemde strategie deur PDM as 'n praktiese metode gesien word en het waarskynlik goed gewerk vanweë doelgerigte praktiese en eerlike pogings om liefde aan die buitekerklike te betoon (vgl. die opmerkings by 6.3.3.4 oor die groot gebod; Warren, 2002:208–210, 214). Warren (2002:218) sê tereg dat geen metode of program kan vergoed vir 'n gebrek aan liefde vir buitekerklikes nie.

Derdens vereis die groot opdrag (SP 1, SP 2) dat doelbewus oor grense soos taal en kultuur, kontak gemaak word (SP 1; vgl. die bespreking van πάντα τὰ ἔθνη by 4.2.6.2 asook 4.3.9.2–4.3.9.5). Hierteenoor word die beginsel van homogene eenhede soms deur leiers misbruik om juis nie na sekere groepe uit te reik nie. So word liefdeloos (vgl. die GG) en teenstrydig met die groot opdrag (SP 1) opgetree:

The homogeneous-unit principle popularized by the church-growth movement is another aspect of the seeker model that is raising eyebrows. "Theoretically there are many groups to choose from," writes Douglas Webster, "including the poor, the aged, students, Afro-Americans and Hispanics, but practically, church marketers exclusively target white, middle-class, college-educated baby boomers (Gilbreath, 1994:par. 10).

Lewis (2000:56) kritiseer PDM se Saddleback Sam-benadering met 'n beroep op Jakobus 2:1 en 2:9 waarin aanneming van die persoon en partydigheid afgewys word. Hy is van mening dat die praktyk wat PDM voorstel maklik daartoe kan lei dat sommige groepe in die gemeenskap oor die hoof gesien word:

Third, is targeting specific groups in the community biblically sound? James 2:1 warns: *My brethren, do not hold the faith of our Lord Jesus Christ, the Lord of glory, with partiality*. Targeting eventually leads to discrimination or *partiality*. To a local church focused on growth, is a low-income government subsidized housing project as attractive as an affluent, gate-guarded community? People have a pronounced tendency to target those who can contribute more to the church. They have the most education, talents, social standing, and wealth. For this reason, James 2:9 warns believers that *if you show partiality, you commit sin, and are convicted by the law as transgressors*. On what biblical grounds is the local church to adopt a practice that so easily degenerates into sin? (Lewis, 2000:56).

Hybels verwerp die beginsel van homogene eenhede omdat hy meen dat die gemeente 'n verteenwoordigende deursnit van die samelewing behoort te wees en nie self die deursnit mag beperk nie: "We want to be as inclusive and as integrated as we can possibly be" (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 46). In antwoord op 'n vraag of hy die beginsel van homogene eenhede onderskryf, antwoord Hybels as volg: "I never have. I think a church ought to reflect its neighborhood. If the neighborhood is diverse, I hope the church would be. If the neighborhood is not diverse, it's pretty hard for a church to be" (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994: par. 48).

Die geval wat Bakke ('n voorstander van 'n multikulturele gemeente) beskryf, word aangehaal om te demonstreer dat die identifisering van 'n teikengroep diensbaar moet wees aan 'n daadwerklike voorneme om grense na die buitekerklike oor te steek. Bakke (1995) beskryf hoe die beginsel van homogene eenhede suksesvol in "Chicago's Loop" toegepas is:

Before he started, he asked, "Who is unreached in the Loop? " He profiled a twenty-five- to forty-five-year-old, bar-hopping, wine-and-cheese-party-going, vocationally-identified professional. After getting a feel for these people, he asked himself, "What would a church have to look like to reach them, and how would I have to pastor it?" That's using the homogeneous principle to good advantage. I have trouble, however, when the principle is misused to resegregate the body of Christ. I've seen pastors work in just the opposite way Craig did. They say, "I'm going to find out what I'm comfortable with and then build a church out of those people". That cuts the nerve of any sense of mission into the world (Bakke, 1995).

Vierdens vereis die groot opdrag dat Christendissipels midde in die gemeente ingelyf moet word (vgl. βαπτίζω by 4.2.6.3.2; 5.2.18; 5.6.4). Gemeentes mag hulleself dus nie beperk tot uitreiking nie, maar moet op een of ander wyse ook mense akkommodeer deur aan hulle in die liggaam van Christus 'n geestelike tuiste te verleen (vgl. figuur 4 en die gepaardgaande beskrywing).

By 2.3.5.4.2.3 is op grond van 1 Korintiërs 12–14 aangetoon dat Paulus beklemtoon dat daar 'n verskeidenheid gawes in die een liggaam van Christus is. Paulus hanteer konflik wat deur geestelike hoogmoed veroorsaak is, deur te wys op die krag van die belydenis dat Jesus die Here is (GF; vgl. 1 Kor. 12:3). Verder stel hy die liefde sentraal (1 Kor. 13) om die verskille te hanteer. In die uiteensetting van SP 2b (4.2.6.3) is beredeneer dat die Triniteit (vgl. Matt. 28:19) 'n model bied vir die verwerkliking van eenheid binne die verskeidenheid in die gemeente. Uit laasgenoemde word afgelei dat gemeentes 'n verskeidenheid metodes moet

oorweeg (byvoorbeeld selgroepe en verskillende soorte eredienste) om lidmate in dieselfde gemeente te akkommodeer.

Vyfdens noodsaak gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag "leer hulle om alles te onderhou" (SP 3) dat stappe geneem word sodat dissipels effektief toegerus kan word vir lewensverandering en om 'n verskil op hulle werkterrein te maak (vgl. die bespreking van die uitbreiding op διδάσκοντες by 4.2.6.4.2 en die beredenering oor die relevansie van SP 3b vir die kultuuropdrag by 4.2.6.4.3). Daarom behoort gemeentes die uitwerking van taal-en kultuurverskille op die effektiwiteit van die leerproses ernstig te weeg. Verskille soos deur Mains en Yancey (1995) en Van Wyk (1998:424–425) (vgl. 6.3.4.4.1) aangetoon is, mag nie geïgnoreer word nie. In die lig van SP 3 is die praktiese voorstelle in deel vier van Warren (2002:207, e.v.) bruikbaar, selfs al word 'n strategie van homogene eenhede nie gevolg nie.

Sedens, PDM stel voor dat gemeentes hulle eie teikenprofiel moet opstel omdat gemeenskappe van mekaar verskil (Warren, 2002:168). Hier word voorgestel dat 'n bykomende stap nodig is, naamlik dat die effek van die opgestelde profiel vooraf in die lig van die GF, GO en GG beoordeel word. Watter potensiële nadele hou die Saddleback Sam-profiel byvoorbeeld vir die bereiking van die buitekerklike in? Twee potensiële nadele word ter oorweging gegee:

- Die profiel kan nadelig inwerk op mense wat soos Saddleback Sam is. Sy profiel (figuur 7) word gepubliseer. Die buitekerklike lees van homself: "he is selfsatisfied, even smug, about his station in life" en "Saddleback Sam is overextended in time and money. His credit card is used to the limit" (Warren, 2002:170, 171). Dit is 'n ope vraag of die postmoderne mens, selfs al word hy/sy raak beskryf daarvan hou om deur iemand anders, veral 'n kerk (waaroor hy/sy skepties is, [Warren, 2002:170]) in 'n bepaalde kategorie geplaas te word. Hoe sal die persoon wat skepties is oor die kerk daarvoor voel om beskryf te word as "our target" (Warren, 2002:170)? Al is die bedoelings opreg, kan die persepsie van die redusering van 'n mens tot 'n bemarkingsteiken juis 'n hindernis wees vir uitreiking (SP 1).
- Buitekerklikes in die omgewing wat ander as Saddleback Sam is, kan uit die profiel die afleiding maak dat die gemeente liefdeloos en eksklusief is. Warren (2002:231) sê: "when God's Word is taught in an uninteresting way, people don't just think the pastor is boring, they think God is boring". Insgelyks kan die buitekerklike wat arm of minder intelligent is, uit die gepubliseerde profiel van Saddleback die afleiding maak dat God primêr geleerde en suksesvolle mense as die teiken van sy liefde verkies.

#### **6.3.4.4.4 Samevattend: bevindings en voorstelle vir die beoordeling van PDM se teikengroepbenadering**

Die werklikheid van 'n verskeidenheid van groeperinge in die samelewing, noodsaak deeglike voorafgaande strategiese beplanning vir bereiking van die buitekerklike (6.3.4.4.1). PDM se begroting vir 'n benadering van homogene teikengroepe op grond van Jesus en Paulus se optrede, hou nie stand nie. Om by 'n bepaalde bevolkingsgroepe te begin in 'n proses om dissipels te maak, verskil drasties van die identifisering van 'n homogene teikengroep binne 'n bevolkingsgroepe. Jesus het 'n verskeidenheid mense en groepe bereik en ook doelbewus oor die kultuurgrense van die Jode uitgereik. Om 'n beroep op die betekenis van "nasies" in Matteus 28:19 te doen, is ongeldig aangesien laasgenoemde op inklusiwiteit eerder as eksklusiwiteit dui (vgl. ook 1 Kor. 9:22; 6.2.6.2).

Dit word voorgestel dat leiers wat PDM se praktyk wil volg hulle motiewe in terme van al drie sleutels moet ondersoek aan die hand van die volgende vrae (vgl. 6.3.4.4.3):

- Dink ek eerlik soos Jesus oor die verskeidenheid van mense in die samelewing (GF)?
- Is die impak van Christus se oorvloedige liefde die bepalende faktor in die daarstelling van strategieë om die buitekerklike te bereik (GG)?
- Is ek eerlik bereid om oor die grense te gaan, of wil ek net mense bereik waarmee ek kan identifiseer (GO, SP 1)?
- Wat kan gedoen word sodat Christendissipels wat van mekaar verskil in een gemeente in harmonie saamleef (SP 2, veral SP 2b)?
- Hoe kan ons dissipels op die beste manier leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het (SP 3)?

Die teikenprofiel self behoort ook vir potensiële nadele vir die uitreikingsaksies van die gemeente getoets te word. Baie kan geleer word uit die metodes van Saddleback en ander gemeentes wat daarin slaag om buitekerklikes te bereik. Die bostaande standpunt van Hybels (1994:20) dat 'n gemeente moet poog om 'n verteenwoordigende deursnit van die omliggende samelewing te wees, lyk in die lig van die bespreking by 6.3.4.4.3 na die beste opsie.

#### **6.3.5 Gevolgtrekkings**

6.3.5.1 PDM is 'n invloedryke beweging wat baie voordele inhou vir plaaslike gemeentes wat ernstig is oor die uitvoering van die groot gebod en groot opdrag (6.3.2).

- 6.3.5.2 Soos die benaming "Purpose-Driven Ministries" aandui, is PDM doelstellinggedrewe en volg verder ook soos die WCS 'n soekerdien-benadering (6.3.2; 6.3.3.2).
- 6.3.5.3 Op grond van die groot gebod en die groot opdrag stel PDM vyf Skriftuurlike doelstellings voor, naamlik "worship", "ministry" (die groot gebod) en "evangelism", "fellowship" en "discipleship" (die groot opdrag) (6.3.2).
- 6.3.5.4 Laasgenoemde doelstellings word verder prakties omskryf met die beskrywing van dimensies vir groei, sleutelwoorde, 'n slagspreuk as missie en praktiese beeldryke beskrywings (6.3.2).
- 6.3.5.5 PDM hanteer dissipelskap as 'n proses en identifiseer of potensiële dissipels hulleself in die kategorie van of "community", of "crowd", of "congregation", of "committed", of "core" bevind (6.3.2).
- 6.3.5.6 PDM stel voor dat die dissipelmaakproses eerste by die "community" begin in plaas van die "core" (dus beweging van buite na binne) (6.3.2).
- 6.3.5.7 PDM bied doelgerigte lering en toerusting deur middel van vier "klasse" en afhangende van waar 'n dissipel hom-/haarself in die dissipelskapproses bevind (bv. in die "congregation" of "crowd") (6.3.2).
- 6.3.5.8 'n Belangrike strategiese metode in die doelstellinggedrewe proses is die identifisering van 'n teikengroep aan die hand van 'n persoonlike profiel (genoem "Saddleback Sam", kyk figuur 7) (6.3.2).
- 6.3.5.9 PDM stel voor dat 'n gemeente soekersensitief in plaas van soekergedrewe moet wees (6.3.3.3).
- 6.3.5.10 Hoewel PDM op grond van 6.3.5.1 – 6.3.5.9 oorwegend positief waardeur word, toon die beweging en model ook ernstige tekortkominge (soos vervolgens hieronder aangedui word).
- 6.3.5.11 PDM hou die gevaar in dat gemeentes doelstelling- en prosesgedrewe sal funksioneer in plaas van gefokus op Christus die gekruisigde en gedryf deur sy sin/verstand en Gees (6.3.4.2).
- 6.3.5.12 Warren bied die vyf doelstellings van PDM as "the five New Testament purposes for the church" aan, maar slaag nie voldoende daarin om gemelde doelstellings op wetenskaplik-teologiese basis op die groot gebod en groot opdrag te fundeer nie (6.3.4.3.2; 6.3.4.3.3).
- 6.3.5.13 Warren toon geen Skriftuurlike fundering aan vir sy stelling dat die gemeentebouproses by die groot gebod moet begin nie. Laasgenoemde oorsig

- versterk die afleiding van prosesgedreweheid in plaas van 'n fokus op Christus (6.3.4.3.2).
- 6.3.5.14 Warren se siening dat dissipelskap by wedergeboorte begin, is strydig met die bevindings in afdeling A en kan demotiverend inwerk (6.3.4.3.3).
- 6.3.5.15 Op grond van die resultate van afdeling A word bevind dat Warren grotendeels verkeerdlik sekere kernbegrippe aan doelstellings van die groot opdrag koppel (6.3.4.3.3).
- 6.3.5.16 Warren verwar "uitreiking" (SP 1) met "evangelisering", stel "lering" (SP 3) verkeerdlik gelyk met "dissipelskap" en verskraal "doop hulle" tot "fellowship" (met laasgenoemde as 'n verenging van die betekenis van  $\kappa\omicron\lambda\upsilon\nu\omega\nu\lambda\alpha$ ) (6.3.4.3.3).
- 6.3.5.17 Die motivering wat Warren vir die uitvoering van die groot opdrag gee, berus op die identifisering en uitvoering van doelstellings, sonder om die Skriftuurlike motivering in die teks self (IND 1, 2) weer te gee (6.3.4.3.3).
- 6.3.5.18 Omdat gemeentes in hulle uitreikingstrategie voldoende rekening moet hou met die werklikheid van 'n verskeidenheid groeperinge in die samelewing, is besinning oor PDM se benadering van homogene teikengroepe noodsaaklik (6.3.4.4.1).
- 6.3.5.19 PDM se begronding vir 'n benadering van homogene teikengroepe op grond van Jesus en Paulus se optrede, is op eksegetiese gronde onoortuigend (6.3.4.4.2).
- 6.3.5.20 Die persoonlike profiel wat die Saddleback-gemeente as "teiken" opgestel het, hou potensiële nadele in vir die uitvoering van die groot opdrag (kyk "sesdens" by 6.3.4.4.3). Selfs akkurate persoonlike profiele behoort dus ten opsigte van hulle effektiwiteit in terme van uitreiking, geëvalueer te word (6.3.4.4.4).
- 6.3.5.21 In die lig van die GF, GG en GO behoort PDM se Saddleback Sam-strategie nie onkrities aanvaar te word nie. Strategieë wat die voorbeeld van die Saddleback Sam-benadering volg, behoort aan die hand van die vrae wat by 6.3.4.4.4 aangedui is, getoets te word (vgl. 6.3.4.4.3).
- 6.3.5.22 Dat 'n gemeente moet poog om 'n verteenwoordigende deursnit van die onmiddellike omgewing te wees, blyk 'n beter benadering te wees as die sogenaamde beginsel van homogene eenhede (6.3.4.4.4).

#### **6.4 Finale gevolgtrekkings uit die metateoretiese gegewens oor die WCS en PDM as voorbeelde om die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A te toets**

- 6.4.1 Uit 6.2.7 en 6.3.5 en onderstaande finale gevolgtrekkings volg dat die sleutels in afdeling A as praktiese meetinstrument bruikbaar is om bestaande modelle te beoordeel.
- 6.4.2 Beide die WCS en PDM slaag daarin om die buitekerklike met 'n soekerdienstrategie wat eietyds is, te bereik en sluit by die persoonlike behoeftes van die buitekerklike aan as geleentheid vir die evangelie (6.2.7.1; 6.3.5.2).
- 6.4.3 Beide die WCS en PDM het strategieë beskikbaar om op grond van die gesag van die Skrif Christus se evangelie te bring (GF; vgl. 5.6.2; 6.2.7.2; 6.2.7.3; 6.3.5.7).
- 6.4.4 Beide die WCS en PDM het strategieë ontwikkel om in liefde vir die buitekerklike om te gee ten einde die evangelie te bevorder (GG; vgl. 5.6.3; 6.2.7.3; 6.2.7.4; 6.2.7.7; 6.3.5.3).
- 6.4.5 Beide die WCS en PDM hanteer dissipelskap as proses en het verskeie praktiese beginsels en programme wat van groot hulp vir ander gemeentes kan wees (6.2.7.3; 6.2.7.4; 6.2.7.7; 6.3.5.3–6.3.5.5).
- 6.4.6 Beide die WCS en PDM slaag daarin om die buitekerklike te bereik vanweë 'n uitwaartse strategie, dit wil sê die gemeentestrategie begin by uitreiking (vgl. 5.6.4; 6.2.7.4–6.2.7.7; 6.3.5.6).
- 6.4.7 Beide WCS en PDM toon veral tekortkominge in terme van die groot fokus omdat die modelle onderskeidelik soeker- en doelstellinggedrewe is (vgl. 5.6.2; 6.2.7.1; 6.2.7.5; 6.2.7.8; 6.3.5.2).
- 6.4.8 In terme van die groot fokus en die groot opdrag (SP 3b) is die vraag of die gemeente 'n alternatiewe geloofsgemeenskap word, die uiteindelijke toets vir die geslaagdheid van die model wat gevolg word (6.2.7.9).
- 6.4.9 Hoewel die persoonlike behoeftes van die buitekerklike 'n belangrike geleentheid vir evangelieverkondiging is (vgl. 6.4.2), benadeel 'n fokus op persoonlike vervulling die evangelieboodskap en verdere groei as Christendissipel (6.2.7.5–6.2.7.8; 6.3.5.9; 6.2.7.13; 6.2.7.16).
- 6.4.10 Om op doelstellings te fokus hou die gevaar in dat gemeentes doelstelling- en prosesgedrewe sal funksioneer in plaas van gefokus op Christus die gekruisigde en gedryf deur sy sin/verstand en Gees (6.3.4.2).

- 6.4.11 Korrekte toepassing van die groot gebod, maak die doelbewuste en selfbewuste bestuur en programmering van die reputasie ("image") van die gemeente, oorbodig (6.2.7.10–6.2.7.12).
- 6.4.12 Onkritiese aanvaarding van bemarkingsbeginsels en strategieë lei tot die wysiging van die evangelie as "produk" en reduceer die buitekerklike tot 'n "kliënt" wat geëvangelizeer moet word (6.2.7.14; 6.2.7.15; vgl. ook Warren se motivering van die Saddleback Sam-benadering [6.3.4.4.2]).
- 6.4.13 Die Skriftuurlike fundering vir die vyf doelstellings van PDM (veral doelstelling 3–5) behoort in die lig van afdeling A hersien te word (6.3.5.12–6.3.5.17).
- 6.4.14 Voor- en nadele van die sogenaamde beginsel van homogene eenhede kan in die lig van die GF, GG en GO geïdentifiseer word (6.3.5.18–6.3.5.20).



## HOOFSTUK 7

### EMPIRIESE GEGEWENS

#### 7.1 Inleidend: doel en metode

Teologiese teorieë word altyd beïnvloed deur die konteks waarin geteologiseer word (vgl. Heystek, 2000:168). In die praktiese teologie is hierdie konteks die empiriese werklikheid van die plaaslike gemeente (Stadelmann, 1998:225; Heyns & Pieterse, 1990:73). Die doel van empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie (werklikheid) na meer aanvaarbaar te verander (Heitink, 1999:223–225).

Heitink (1999:221) toon aan dat die woord “empiries” afgelei is van die Griekse woord *empeira* – wat ervaring beteken. Met empiriese navorsing word dus deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktykteorie funksioneer. Hierdie empiriese perspektief koppel die basisteorie aan die praktykteorie (vgl. Leuschner, 2001:50; Erasmus, 2001:86).

Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing: beskrywend, verkennend en die toets van hipoteses. Heitink (1999:229–231) beskryf hierdie metodes soos volg:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.
- Verkennende navorsing beklemtoon die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daar rondom ontwikkel is nie.
- In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of daar geldige verbande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan.

In hierdie studie is hoofsaaklik van laasgenoemde metode gebruik gemaak. Sake soos die fokus op Christus, die uitlewing van die groot gebod en gehoorsaamheid aan die groot opdrag is nie onbekend vir Christelike gemeentes nie en is in die basisteoretiese afdeling A beredeneer. Die hipotese is dat hierdie sake nie geïntegreerd in 'n model gebruik word nie, of dat daar gebrekkige verstaan en uitlewing van hierdie sake is. In hoofstuk ses is reeds

aangetoon dat selfs modelle wat pertinent aan die groot gebod en groot opdrag aandag skenk, tekortkominge openbaar.

Soms is vermoed dat die gebrekkige verstaan van genoemde sake so wesenlik is dat die metode wat gebruik is eerder verkennend as toetsend was. Die empiriese navorsing was byvoorbeeld merendeels verkennend toe gepoog is om vas te stel of gemeentes met 'n bepaalde fokus of vertrekpunt opereer en indien wel, wat hulle fokus was.

Saamgevat: die doel van hierdie hoofstuk is om in die lig van kemaspekte van die groot fokus (GF), groot gebod (GG) en groot opdrag (GO), die praktiese situasie in 'n snit uit moderne gemeentes te beskryf. Met empiriese vrae is gepoog om te bepaal watter funksionele leemtes die situasie in moderne gemeentes openbaar (vgl. Venter, 1995:199). Die oorkoepelende vraag is dus: in hoe 'n mate slaag gemeentes, in die werklikheid van die gemeentebouproses, self daarin om uitvoering aan die GF, GG en GO te gee? Indien duidelike gebreke uit die antwoorde op laasgenoemde vraag na vore kom, kan die integrasie van genoemde sleutels in 'n verstellde praktykmodel as oplossing, verder ontgin word.

Die vraelys wat gebruik is, word kortliks bespreek. Die ontleding van die antwoorde deur die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO word daarna geïnterpreteer en gevolgtrekkings word gemaak. Antwoorde wat nie met behulp van kodering ontleed kon word nie, word met die gekodeerde gegewens geïntegreer.

## **7.2 Vraelys op grond van die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A**

### **7.2.1 Beskrywing van die gemeentes in groep een en twee**

Die eerste afdeling van die vraelys het handel oor persoonlike gegewens en besonderhede oor die betrokke gemeente.

Die vraelys is in tien gemeentes gebruik. Meer gewig is verleen aan 'n ondersoek in die GKSA (vier gemeentes). Twee gemeentes in onderskeidelik die NGK, onafhanklike gemeentes en charismatiese gemeentes is gekies. Na die gemeentes sal verwys word as *groep een* (GKSA en NGK) en *groep twee* (Charismate en Onafhanklikes).

Al die gemeentes is stadsgemeentes. In groep een is al die gemeentes 400 of meer lidmate sterk. In beide die GKSA en die NGK is een van die gemeentes wat gekies is, meer as 800 lidmate sterk. In die charismatiese groep is een kleiner ( $\pm 120$  lidmate) en een groter gemeente ( $\pm 450$  lidmate) gekies. Dieselfde indeling geld vir die onafhanklike gemeentes wat onderskeidelik  $\pm 140$  en  $\pm 750$  lidmate sterk is.

Uit die gegewens wat deur die leiers (die A-groep op die vraelys) ingevul is en uit onderhoude, blyk dat met die uitsondering van een gemeente, al die gemeentes se leierskap die een of ander gemeenteboumodel of 'n variasie van verskeie modelle gebruik het, of dat die leierskap besig was om te besin oor die gebruik van 'n gemeenteboumodel. Ses van die tien leiers het aangedui dat hulle reeds besig was, of beplan het om Willow Creek se soekerdienstrategie (WCS) en/of Purpose-driven Ministries (PDM) se doelstellingstrategie te gebruik (PDM [3]; beide WCS en PDM [2]; WCS [1]).

## **7.2.2 Metode en veld van ondersoek**

Op grond van die basisteoretiese perspektiewe wat in hoofstuk vyf gelys is (kyk 5.2) is 'n vraelys met 23 vrae, vir gebruik in die tien gemeentes opgestel. Twee en dertig respondente (20 van groep een en 12 van groep twee) het aan die ondersoek deelgeneem. Daar is van persoonlike onderhoude, telefoniese onderhoude en e-pos gebruik gemaak om die inligting te bekom. In elkeen van die gemelde gemeentes is drie respondente genader, naamlik eerstens 'n predikant, tweedens 'n vrouelidmaat (verkieslik met 'n gesin) en derdens 'n ongetroude jongmens wat reeds sy/haar skoolopleiding voltooi het. Elke respondent moes eerstens sy/haar eie mening oor die vraag gee (A), vervolgens 'n mening oor hoe die meerderheid gemeentelede die vraag sou antwoord (B) en laastens hoe die vraag in die kerkverband (onafhanklike gemeentes uitgesluit) beantwoord sou word (C).

Die vrae wat in die vraelys gebruik is, word vervolgens kortliks toegelig. Verwysings na die gevolgtrekkings en basisteoretiese perspektiewe in afdeling A (vgl. 5.2; 5.6) wat die betrokke vraag begrond, word in hakies aangebring. In sommige gevalle is ook spesifieke verwysings na afdelings in vorige hoofstukke ter wille van groter duidelikheid aangebring.

### 7.2.3 Vrae wat gehandel het oor die groot fokus

Die volgende vrae is na aanleiding van die basisteoretiese perspektiewe oor die groot fokus gestel (antwoordspasie word ter wille van illustrasie net by vraag 1 ingesluit):

1. Die fokus van die leierskap in die gemeente is op :
  - 1) Die Heilige Gees en sy kragtige werkinge en gawes;
  - 2) Kennis van die suiwer leer en omhelsing van Skrifgesag;
  - 3) Jesus Christus en verlossing uit genade;
  - 4) Die Goddelike Drie-eenheid;
  - 5) Persoonlike beleving van God se mag;
  - 6) Die Vader, sy verbond en verkiesing en sy soewereine sorg;
  - 7) Daar is geen besondere fokus nie.

A \_\_\_\_; B \_\_\_\_; C \_\_\_\_.

*(Gee een van die kodes 1–7 by elk van A, B en C. Merk asb net een van bogenoemde. Dit mag moeilik voel om hier 'n keuse te maak omdat u meen dat 'n kombinasie van antwoorde korrek is. Vra uself egter af watter een van hierdie sake geniet die meeste aandag, word die meeste gekommunikeer of beklemtoon in byvoorbeeld prediking en by byeenkomste van die gemeente).*

2. Ons gemeente is wat waardes, leer en lewe betref, 'n alternatiewe gemeenskap binne die samelewing (Gee 'n punt hiervoor tussen 1 en 5, waar 1 = baie alternatief en 5 = verskil in wese nie veel van die samelewing nie).
  3. Word die boodskappe en waardes in die gemeente gekenmerk deur sekerheid oor wat God sê of deur saam te soek na die waarheid? (Gee 'n punt hiervoor tussen 1 en 5, waar 1 = sekerheid en 5 = soeke).
  4. Hoe sou jy die styl van leierskap in die gemeente en denominasie beskryf? (Gee 'n punt uit 5, waar 1 = forserend, dit wil sê leierskap se woord is wet en daar is min tot geen ruimte vir inisiatief van lidmate nie, 3 = fasiliterend, daar is ruimte vir eie inisiatief en bedienings, 5 = futloos, leierskap bestaan eintlik nie en elkeen doen, maar wat hy/sy wil.
- Met behulp van vraag 1 is gepoog om vas te stel wat die oorwegende fokus in die betrokke gemeente en kerkverband is (5.2.1 – 5.2.3; vgl. ook 5.2.6).
  - Vraag 2: 'n Gemeente wat op Christus fokus, met sy denke en Gees opereer, behoort alternatiewe waardes uit te leef in die samelewing, tensy die samelewing grotendeels Christelik is (5.2.4; vgl. ook 5.2.5). Die agtergrond van hierdie vraag is veral die problematiek van die Korintiërgemeente soos uiteengesit deur Savage (vgl. 2.2.5). By 2.2.5 is aangetoon dat die Korintiërs toegegee het aan die heidense denksisteme van die destydse samelewing en daarin gefaal het om 'n alternatiewe samelewing te wees.

In hoofstuk vier is aangetoon dat die doel van dissipelskap is om meer en meer die beeld en gesindheid van Christus te vertoon (vgl. 5.2.16; 5.2.20). In hoofstuk ses is aangetoon dat die onkritiese toepassing van Willow Creek se soekdiensstrategie (WCS) en Purpose-driven Ministries (PDM) se doelstellingstrategie, kan veroorsaak dat die gemeente nie genoegsaam die gesindheid en beeld van Christus vertoon nie (vgl. 6.4.7; 6.4.8).

- Vraag 3 toets die postmodernistiese neiging tot relativisme en onsekerheid (vgl. Vorster, 1999:106–107). Daarteenoor behoort 'n gemeente wat op Christus fokus, te opereer vanuit die sekerheid van sy Persoon en die verlossing wat verkondig kan word, in plaas van gekarakteriseer te word as primêr soekend en onseker (vgl. 1 Kor. 1:22–23; 5.2.8).
- Vraag 4 toets die oorwegend die styl van leierskap in die gemeente, welke styl 'n aanduiding kan wees in hoe 'n mate op Christus gefokus word. Leiers wat op Christus fokus behoort die werk van die Gees te fasiliteer in plaas van te forseer (waarmee nie te kenne gegee word dat leiers nie ook direkief mag optree nie) (vgl. 5.2.7).

#### **7.2.4 Vrae wat gehandel het oor die groot gebod**

Die volgende vrae is na aanleiding van die basisteoretiese perspektiewe oor die groot gebod opgestel:

5. Hoe liefdevol is die onderlinge verhoudinge en atmosfeer in die gemeente? (Gee 'n punt uit 5, waar 1 = die liefde is oorvloedig, borrelend en neem steeds toe, 5 = die liefde is koel en beweeg na vriespunt).
  6. In hoe 'n mate dien lidmate met hulle gawes om die evangelie te bevorder (Gee 'n punt uit 5, waar 1 = baie lidmate, spontaan, ons kan nie voorby om ruimte te skep vir nuwe bedienings nie, 5 = dit is, maar dieselfde ou groepie en hulle is nie eers meer lus nie).
  7. Hoe effektief is die gebedstrategie in terme van die groot gebod? Meer spesifiek, in hoe 'n mate word daar bo en behalwe die kanselgebode gebid vir meer en meer liefde in die gemeente? (Liefde in die gemeente sluit in liefdevolle verhoudinge, liefdevolle deelname aan bedienings in die gemeente). (Gee 'n punt uit 5, waar 1 = daar is gebedsgroepe hiervoor wat op 'n gereelde basis byeenkom, 3 = gebede vir meer liefde is sporadies, ad hoc, 5 = ek is nie bewus van enige sodanige gebedsaksies nie/ek dink die saak is erg afgeskeep).
- Vraag 5 toets die basisteoretiese perspektief soos uiteengesit in 5.6.3 (vgl. 5.2.10 – 5.2.13).

- Vraag 6 toets in hoe 'n mate die liefde van die gemeente bewys word deur praktiese deelname aan en bevordering van die evangelie. In hoofstuk 3 is onder andere bevind dat die begrippe in die gebed in Filippense 1:9–11 aantoon dat innerlike aspekte van liefde (soos kennis) telkens uitgebrei word deur 'n tweede begrip wat optrede of deelname aan die evangelie bevorder (soos optrede in fyn aanvoeling) (vgl. 3.2.4.3.4.3.7; 5.2.10; 5.2.12 – 5.2.13; 5.6.3).
- In vraag 7 word die daadwerklike beplanning en uitvoering van gebedsaksies getoets (vgl. 5.2.11 – 5.2.13; 5.6.3).

### 7.2.5 Vrae wat gehandel het oor die groot opdrag

Die meerderheid van die vrae handel oor die groot opdrag, aangesien die groot fokus en groot gebod prakties gestalte in die groot opdrag vind (vgl. 5.3, veral figuur 2, 3). Daar is gepoog om 'n gelyke hoeveelheid vrae aan die verskillende aspekte van die groot opdrag te wei.

8. Hoe bekend is die woord dissipel? (Gee 'n punt uit 5, waar 1= baie bekend, word gereeld oor gepreek, 5= gemeente opereer glad nie met hierdie term nie).
  9. Wat is die gangbare opvatting oor die definisie van 'n dissipel *in die gemeente*?  
'n Dissipel kan iemand wees wat :  
1) Nog nie verlos is nie/Jesus nog nie aangeneem het as Verlosser nie.  
2) 'n Verloste mens wat nog verder moet groei in Christus.  
3) 'n Toegewyde ("committed") verlose mens. Kies een van die volgende moontlikhede : 1= aldrie van bogenoemde kan 'n dissipel genoem word, 2= slegs nommer twee kan 'n dissipel genoem word, 3= slegs nommer drie kan 'n dissipel genoem word , 4 = nommer twee en drie kan 'n dissipel genoem word.
  10. Hoe sien u, die gemeente en die denominasie die verhouding tussen die verbond en uitreiking? (Byvoorbeeld, ek het nog nooit hieroor gedink nie. Ek dink daar is 'n verband, die verband is ... Ek dink nie daar is werklik 'n verband nie. By B, die gemeente sien ....)
- Onderliggend aan vraag 8 en 9 is die vraagstuk wat 'n dissipel is en die verwarring wat oor die definiëring van dissipelskap heers. Uit die navorsing in afdeling A volg dat die korrekte antwoord op vraag nege, kode 1 moet wees (vgl. 4.2.4.4; 5.2.14 – 5.2.16; 5.2.19; 5.6.5).
  - Die agtergrond van vraag 10 is die uiteensetting by 4.2.6.3.2 waar telkens na die verbond verwys word en die direkte verband tussen die verbond en uitreiking aangetoon word. God se oogmerk met die verbond dat sy heerlijkheid verder moes uitkring (vgl. veral stelling drie by 4.2.6.3.2 en die uiteensetting bo-aan laasgenoemde

stelling) dui die belangrikste verband tussen verbond en uitreiking aan. In 4.3.3 is uiteengesit hoe Jesus sy kerk ná sy hemelvaart met sy Gees gedoop het en op dié wyse God se sending na die nasies verder uitgevoer het. Vraag 10 is dus op die spesifieke plek in die vraelys ingevoeg vanweë die relevansie vir SP 1 (vgl. figuur 1; 4.2.4.3).

- Die hipotese vir vraag 10 was dat veral gereformeerde kerke (soos GKSA en NGK) nie die verband tussen verbond en uitreiking genoegsaam verstaan en verdiskonteer nie, aangesien verbond primêr op die doop van kinders/babas en verbondsonderrig afgestem is.
11. Wat doen die gemeente om mense wat nog op die lidmaatregister is, maar eintlik kerklos is, te bereik en te bedien? *(Antwoord slegs vir plaaslike gemeente).*
  12. Wat doen die gemeente om mense wat kerklos is en wat in die onmiddellike woonarea van die gemeente is, te bereik en te bedien? *(Antwoord slegs vir plaaslike gemeente).*
  13. Wat doen die gemeente om mense wat 'n ander taal, kultuur en etniese afkoms het, te bereik en te bedien? *(Antwoord slegs vir plaaslike gemeente).*
  14. Wat doen die gemeente om mense wat buite Suid-Afrika woon te bereik en te bedien? *(Antwoord slegs vir plaaslike gemeente).*
- Vraag 11–14 handel oor SP 1 soos met die groot opdrag-trapleer verduidelik, asook die program vir die oorsteek van grense in Handeling 1:8 (figuur 1; 4.2.4.3; 4.2.6.2; 4.3.5; 5.2.17).
15. Wat dink jy is die onmiddellike konteks in die Skrif van die doopsformulier se bewoording “ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”? Probeer in een sin neerskryf. *(Met onmiddellike konteks word bedoel wat die betekenis van die paragraaf is waar die gedeelte in die Bybel staan. Byvoorbeeld, die onmiddellike konteks van “prys die Heer” is 'n Psalm en wel 'n loflied tot eer van God. NB – Gee die antwoord sonder om te gaan opkyk in die Bybel. As jy nie weet nie, is dit jou antwoord, of jy kan ook gewoon sê wat jy dink, byvoorbeeld: ek weet glad nie wat die onmiddellike konteks is nie, ek weet nie verseker nie, maar ek dink die onmiddellike konteks is ... Gee ook die antwoord wat jy dink die gemiddelde lidmaat in die gemeente en denominasie sal gee).*
  16. Wat is die gebruikelike tydsverloop vandat iemand Jesus as Verlosser aanneem tot die persoon toegelaat word om openbare belydenis van geloof te doen (of gedoop word indien laasgenoemde met belydenis gepaardgaan in u gemeente)? Kies een van die volgende:
    - 1) Daar is geleentheid om binne 'n week of twee belydenis te doen/gedoop te word.
    - 2) Daar is eers 'n tydsverloop om die gelowige persoon verder te onderrig.
 Ons het plaaslik 'n ander gebruik, daarom het ek B nie geantwoord nie en ek skryf nou hier wat ons gebruik is:

17. Watter plek neem die doop in, in die gemeente en denominasie se strategie om uit te reik?  
(By A, gee asseblief jou mening oor watter plek die doop volgens jou behoort in te neem)
18. Word wederdoop ('n verbondskind wat al gedoop is, word weer gedoop) as dwaalleer en sonde beskou?  
Gee 'n punt uit 5, waar 1= baie beslis, 5 = beslis nie).  
(By A gee u weer u eie mening wat vir doeleindes van die vraelys van die gangbare opvatting in die gemeente en denominasie kan verskil).  
(Skryf by "opmerking onder A" 'n motivering vir u persoonlike siening in een of twee sinne).
19. Word die gebruik om vir die eerste keer die doop te bedien aan iemand wat getuig dat hy/sy glo (die sogenaamde grootdoop, waar babas nie gedoop word nie, maar ingeseën word en die doop later volg), as dwaalleer en sonde beskou. Gee 'n punt uit 5, waar 1 = baie beslis en 5 = beslis nie).  
(By A gee u weer u eie mening wat vir doeleindes van die vraelys van die gangbare opvatting in die gemeente en denominasie kan verskil).  
(Skryf by "opmerking onder A" 'n motivering vir u persoonlike siening in een of twee sinne).
- Vraag 15–19 handel oor verskillende aspekte van SP 2 (figuur 1; 4.2.4.3; 4.2.6.3.2; 5.2.18).
  - Die basisteoretiese perspektief wat in 5.6.4 (vgl. 5.2.19) uiteengesit is, vorm die agtergrond vir vraag 16. Vraag 16 handel in die besonder oor die inlywing in die gemeente deur openbare belydenis dat Jesus Christus sy/haar Verlosser is, sodra 'n persoon 'n Christen word, sonder dat daar eers tyd verloop voor doop/belydenisaflegging sodat verdere onderrig kan plaasvind (vgl. 4.5.19).
  - Die gevolgtrekking in 5.2.23 (vgl. 5.6.6) vorm die agtergrond vir vraag 17–19.
  - Vraag 15 en 17 oorleuel ten opsigte van SP 1 en SP 2 aangesien die vroeë implikasies inhou, nie alleen vir doop nie, maar veral vir die uitreikingstrategie van die gemeente.
  - In hierdie hoofstuk word deurgaans die terme "wederdoop" en "grootdoop" gebruik om verskillende sake aan te dui. Met wederdoop word bedoel dat die kinderdoop of verbondsdoopt later opgevolg word met 'n tweede doophandeling (vgl. König, 1997:15 wat die term "oordoopt" verkies). Die term "grootdoop" verwys na die gebruik in veral charismatiese gemeentes om kindertjies slegs in te seën en die doop eers na bekering te bedien. Vraag 18 handel oor wederdoop en vraag 19 oor grootdoop.
20. Ek/ons gemeente/die denominasie dink as volg oor die gesag van die Bybel. Antwoord op 'n skaal van 1–5, waar 1 = besonder gesaghebbend, God se geopenbaarde Woord geïnspireer deur sy Gees, waarvoor ons moet buig, 3= gesaghebbend, maar die Bybel is mense se verhale oor God en sê meer van mense se menings as van God se openbaring, 5 = niks meer gesag as enige ander boek nie).



21. In hoe 'n mate hou toerusting en prediking in die gemeente rekening met waar mense staan in hulle verhouding met Christus? (Byvoorbeeld, die dominee preek nie vir gelowiges asof hulle ongelowiges is nie en andersom). Skryf jou mening en motiveer jou siening in een of twee sinne.
22. Evalueer of die dominee/pastoor ruimte skep sodat doelbewuste keuses ("commitment") vir lewensverandering tydens die erediens gemaak kan word. Gee 'n punt uit 5, waar 1 = altyd tydens die diens en 5 = beslis nie. (C moet u nadink oor die gangbare praktyk in u denominasie. As mense bloot kerk toe kom om 'n preek te hoor en dan later by die huis verder daaroor dink, sal jy 'n 5 gee).
23. Lewer in een of twee sinne kommentaar oor die volgende stelling : "Ek voel skuldig dat ek nie die groot opdrag (om dissipels te maak) kan nakom nie, maar ek kan nie, want my beroep vra te veel van my". Dink jy die stelling van die persoon is geldig? Motiveer in een of twee sinne.  
(Antwoord slegs namens uself en hoe mense in die gemeente sal voel )

- Vraag 20–23 handel oor verskillende aspekte van SP 3 (figuur 1; 4.2.4.3; 4.2.6.4; 5.2.20 – 5.2.22).
- Vraag 20 handel oor die gesag van die Skrif (vgl. Matt. 28:19, "alles wat ek julle beveel het").
- Vraag 21 vra kommentaar oor die mate waarin die prediker daarin slaag om die hoorders te bereik waar hulle hulleself in die proses van dissipelskap bevind (5.6.4; 4.6.5; 5.2.20).
- Vraag 22 handel oor die vraag of onderrig aan die vereistes van SP 3b voldoen. Onderrig moet relevant wees vir die dissipel en hom/haar ontmoet waar hy/sy in die verhouding met Christus staan (vgl. 5.6.4; 5.2.20; 5.2.21).
- Die uiteensetting oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag vorm die spesifieke agtergrond vir vraag 23 (vgl. 4.2.6.4.3; 5.2.22; 5.2.24).

### **7.3 Resultate van die vraelys**

#### **7.3.1 Metode**

Hieronder word die resultate van die vraelyste, na verwerking deur die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO, weergegee. Verskeie vergelykings sou met die resultate getref kon word, byvoorbeeld wat die verskille was in antwoorde deur predikante, jongmense en vrouelidmate met gesinne. Vir doeileindes van hierdie studie word grootliks volstaan met 'n lys van die gemiddelde antwoorde wat vir A (persoonlike mening), B (mening oor hoe die

gemeente sou antwoord), C (hoe die kerkverband sou oordeel) verskaf is. Waar nodig word vergelykings tussen die resultate deur groep een en twee getref.

Omdat vraag 1, 9, 16 nie op 'n skaal beantwoord is soos die ander vrae nie, maar spesifieke antwoorde vereis het, word die antwoorde in persentasies weergegee. Omdat vraag 1 oor 'n spesifieke fokus gehandel het en die vraelyste en onderhoude aangedui het dat die GKSA betekenisvol van die NGK verskil, is die GKSA en NGK afsonderlik in die resultate gelys. By vraag 15–19 was dit soms nodig om na verskillende gemiddeldes tussen die GKSA- en die NG-respondente te verwys.

Gemiddeldes van vrae op 'n skaal word in 'n tabel gelys. Vrae waarin respondente met kort sinne moes antwoord word afsonderlik in opgesomde formaat weergegee.

### 7.3.2 Resultate van vrae wat spesifieke antwoorde vereis het en nie by wyse van die gemiddeld van die skaal uitgedruk kan word nie

Die volgende antwoorde word in persentasie uitgedruk:

#### Vraag 1 A

| Kodes                        | 1     | 2     | 3     | 4     | 5     | 6  | 7    |
|------------------------------|-------|-------|-------|-------|-------|----|------|
| GKSA                         | 27.3% | 0%    | 45.5% | 0%    | 18.2% | 0% | 9.1% |
| NGK                          | 57.1% | 0%    | 28.6% | 14.3% | 0%    | 0% | 0%   |
| Charismate;<br>Onafhanklikes | 36.4% | 27.3% | 27.3% | 9.1%  | 0%    | 0% | 0%   |

#### Vraag 1 B

| Kodes                        | 1     | 2     | 3     | 4     | 5    | 6  | 7    |
|------------------------------|-------|-------|-------|-------|------|----|------|
| GKSA                         | 9.1%  | 45.5% | 27.3% | 0%    | 9.1% | 0% | 9.1% |
| NGK                          | 28.6% | 0%    | 57.1% | 14.3% | 0%   | 0% | 0%   |
| Charismate;<br>Onafhanklikes | 36.4% | 27.3% | 18.2% | 9.1%  | 0%   | 0% | 9.1% |

### Vraag 1 C

| Kodes                        | 1     | 2     | 3     | 4     | 5    | 6  | 7     |
|------------------------------|-------|-------|-------|-------|------|----|-------|
| GKSA                         | 0%    | 91.7% | 0%    | 0%    | 8.3% | 0% | 0%    |
| NGK                          | 0%    | 42.9% | 14.3% | 14.3% | 0%   | 0% | 28.6% |
| Charismate;<br>Onafhanklikes | 33.3% | 66.7% | 0%    | 0%    | 0%   | 0% | 0%    |

### Vraag 9 B

| Kodes                                      | 1    | 2  | 3     | 4     |
|--------------------------------------------|------|----|-------|-------|
| Groep 1: (GKSA;<br>NGK)                    | 5.3% | 0% | 26.3% | 68.4% |
| Groep 2:<br>(Charismate;<br>Onafhanklikes) | 0%   | 0% | 8.3%  | 91.7% |
| Almal                                      | 3.2% | 0% | 19.4% | 77.4% |

### Vraag 9 C

| Kodes   | 1     | 2    | 3     | 4     |
|---------|-------|------|-------|-------|
| Groep 1 | 10.5% | 5.3% | 15.8% | 68.4% |
| Groep 2 | 0%    | 0%   | 0%    | 100%  |
| Almal   | 8%    | 4%   | 12%   | 76%   |

### Vraag 16 B

| Kodes   | 1     | 2     |
|---------|-------|-------|
| Groep 1 | 5.6%  | 94.4% |
| Groep 2 | 44.4% | 55.6% |
| Almal   | 18.5% | 81.5% |

Addisionele inligting wat by vraag 16 verskaf is (sien vraag oor "ander gebruik") het nie relevante inligting gelewier nie en is buite rekening gelaat.

### Vraag 16 C

| Kodes                         | 1     | 2     |
|-------------------------------|-------|-------|
| Gereformeerdes<br>(GKSA; NGK) | 0%    | 100%  |
| Charismate;<br>Onafhanklikes  | 60%   | 20%   |
| Almal                         | 12.5% | 83.3% |

### 7.3.3 Gemiddeldes by vrae op skale

Die volgende tabel gee die gemiddeldes volgens die skale op die vraelyste vir groep een (gereformeerdes), groep twee (Charismate en Onafhanklikes) en almal saam:

| Vraag      | Groep 1 | Groep 2 | Almal |
|------------|---------|---------|-------|
| Vraag 2 A  | 2.7     | 2.7     | 2.7   |
| Vraag 2 B  | 3.1     | 2.3     | 2.8   |
| Vraag 2 C  | 3.3     | 2.0     | 3.1   |
| Vraag 3 A  | 2.1     | 1.9     | 2.0   |
| Vraag 3 B  | 2.1     | 1.9     | 2.0   |
| Vraag 3 C  | 1.8     | 2.3     | 1.9   |
| Vraag 4 A  | 2.8     | 2.8     | 2.8   |
| Vraag 4 B  | 2.7     | 2.7     | 2.7   |
| Vraag 4 C  | 2.3     | 3.0     | 2.4   |
| Vraag 5 A  | 2.4     | 2.3     | 2.3   |
| Vraag 5 B  | 2.7     | 1.9     | 2.4   |
| Vraag 5 C  | 3.4     | 2.3     | 3.3   |
| Vraag 6 A  | 3.4     | 3.1     | 3.3   |
| Vraag 6 B  | 3.4     | 3.0     | 3.3   |
| Vraag 6 C  | 4.3     | 3.0     | 4.1   |
| Vraag 7 A  | 2.8     | 2.3     | 2.6   |
| Vraag 7 B  | 2.7     | 2.5     | 2.6   |
| Vraag 7 C  | 3.8     | 3.0     | 3.7   |
| Vraag 8 A  | 2.4     | 2.0     | 2.3   |
| Vraag 8 B  | 2.7     | 2.3     | 2.5   |
| Vraag 8 C  | 3.5     | 1.3     | 3.2   |
| Vraag 18 A | 3.6     | 5.0     | 4.2   |
| Vraag 18 B | 2.2     | 4.8     | 3.2   |
| Vraag 18 C | 1.4     | 5.0     | 1.9   |

|            |     |     |     |
|------------|-----|-----|-----|
| Vraag 19 A | 3.6 | 5.0 | 4.1 |
| Vraag 19 B | 2.4 | 4.8 | 3.4 |
| Vraag 19 C | 1.4 | 5.0 | 1.9 |
| Vraag 20 A | 1.1 | 1.0 | 1.1 |
| Vraag 20 B | 1.2 | 1.3 | 1.2 |
| Vraag 20 C | 1.1 | 1.0 | 1.1 |
| Vraag 22 B | 3.5 | 2.1 | 2.9 |
| Vraag 22 C | 4.4 | 2.3 | 3.9 |

Langer skriftelike antwoorde word vervolgens opgesom:

### 7.3.4 Antwoorde oor die verband tussen uitreiking en die verbond (vraag 10)

Die verskeidenheid antwoorde by vraag 10 A (persoonlike mening van respondente) word as volg opgesom:

- Vier respondente (drie in groep een en een in groep twee) het geantwoord dat daar nie 'n duidelike verband tussen verbond en uitreiking is nie aangesien verbond oor God se genade, die mens se insluiting in die gemeente en oor kinderdoop (groep een) handel. Uitreiking handel volgens hierdie respondente oor die volwasse mens se verantwoordelikheid om ander te bereik en oor die opdrag om dissipels te maak. Een respondent (in groep een) het uitreiking ook gesien as die beweging van God se Gees in mense se harte en sien daarom nie 'n verband met die verbond nie.
- Een respondent uit groep een het krities geantwoord dat die verbond gebruik word as "hipercalvinisme" (God doen alles en ons doen niks vir ons saligheid nie), dus dat die verbondsbeskouing in gereformeerde kerke nie bevorderlik is vir uitreiking nie.
- Die oorgrote meerderheid van die respondente se antwoorde stem grootliks inhoudelik ooreen en kom daarop neer dat God deur die verbond genade aan die mens bewys. Derhalwe is die mens onder die verpligting om hierdie genade uit dankbaarheid ook met ander te deel. Daarom sluit verbond en uitreiking mekaar nie uit nie, maar die een veronderstel die ander.
- Twee respondente (vrouelidmaat; jongmens [GKSA]) uit groep een het die spesifieke verband tussen God se woorde aan Abraham "in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12:3) as die begroning vir uitreiking aangedui.

- Uit groep een is ook geantwoord dat die doop van kindertjies 'n sigbare getuienis is van God se verbond en genade wat 'n nie-Christen wat teenwoordig is, tot heil kan strek.
- Twee respondente het nie geweet of daar 'n verband bestaan nie, maar het wel beklemtoon dat Christene na ongelowiges moet uitreik.

Die respondente het die volgende menings gegee oor die algemene siening in die gemeente en kerkverband (vraag 10 B en C):

- Die meerderheid respondente in groep een en twee (14) was dit eens dat die deursnee-lidmaat nie oor die verband tussen verbond en uitreiking sou dink of sou weet dat so 'n verband bestaan nie.
- 'n Beduidende groep (12) van die respondente meen dat die gemiddelde lidmaat sal antwoord dat verbond oor God se genade handel en dat verbondsmense daarom ook uit dankbaarheid na ander moet uitreik.
- Volgens vier respondente word uitreiking in die gemeente nog gesien as 'n losstaande saak wat deur spesifieke persone en groepe soos predikante, sending- en evangelisasiekommissies en kleingroepe behartig word (dus geen direkte verband met die verbond nie).
- Die geskatte algemene mening in die kerkverband stem grootliks ooreen met die siening oor wat die gemiddelde reaksie in die plaaslike gemeente sal wees.

### **7.3.5 Die program vir die uitreiking van die gemeente, afgelei uit Handeling 1:8 (SP 1, vraag 11 – 14)**

Antwoorde oor uitreiking na mense wat kerklos is, maar nog op die lidmaatregister is (vraag 11) word as volg opgesom:

- Die meeste gemeentes het een of ander aksie wat wissel van huisbesoek deur ouderlinge tot kontak deur selgroepe of diensgroepe.

Die volgende antwoorde het gehandel oor uitreiking na kerklose mense/ongelowiges in die onmiddellike woonarea van die gemeente (vraag 12):

- Twee gemeentes in die GKSA het geen spesifieke aksie nie, hoewel van lidmate wat die missie van die gemeente verstaan, verwag word om uit te reik.
- Een gemeente in die GKSA bedryf 'n suksesvolle beradingsentrum met die doel om buitekerklikes in die omgewing te bereik. Die meerderheid respondente in groep een is nie bewus van enige aksies nie.
- Een gemeente in die GKSA het 'n taakspan saamgestel om inligting oor buitekerklikes in te samel met die spesifieke doel om in die gemeenskap uit te reik.
- Een NG-gemeente het 'n verskeidenheid projekte van hulpverlening na die onmiddellike gemeenskap asook uitgebreide bemaking (bv. deur duidelike kennisgewingbord; spesiale dienste wat bemark word; gebruikmaking van die plaaslike koerant). Lidmate nooi buitekerklikes persoonlik uit ("word of mouth").
- Die ander NG-gemeente het geen besondere aksie nie, maar beplan wel om die EE 3-evangelisasiekursus aan te bied.
- Onafhanklike gemeentes maak veral van soekerdienste gebruik en moedig lidmate aan om ander persoonlik uit te nooi.
- Charismatiese gemeentes: Een gemeente het nie 'n duidelike strategie nie, wel ad hoc aksies in die onmiddellike gemeenskap en het met 'n aksie by 'n plaaslike polisiestasie begin. Die ander gemeente maak van 'n kennisgewingbord gebruik, plaas advertensies in posbusse, is betrokke by 'n skool en 'n ouetehuis en selgroepe probeer na die gemeenskap uitreik deur mense persoonlik uit te nooi.

Die volgende antwoorde het gehandel oor uitreiking na buitekerklikes van 'n ander taal en kultuur, maar steeds in die nabye omgewing van die gemeente (vraag 13):

- Die vier gemeentes van die GKSA is onderskeidelik met die volgende aksies besig: betrokkenheid by 'n teknikon in 'n swart gemeenskap, samewerking met 'n onafhanklike swart gemeente wat deur die gemeente geplant is, bruin lidmate wat eredienste bywoon, finansiële bydraes en bediening aan huishulpe.
- NGK: Geen aksies in die een gemeente nie. Die ander gemeente het 'n verskeidenheid aksies en uitreikaksies na omliggende swart gemeenskappe, asook eredienste in swart tale.
- Een van die onafhanklike gemeentes het geen spesifieke strategie om deur middel van eredienste na mense van 'n ander taal en kultuur uit te reik nie, omrede hierdie mense

volgens die respondent nie in die onmiddellike omgewing van die kerk woon nie. Enigeen is egter welkom om die dienste by te woon. Die gemeente reik wel uit na haweloses en maak finansiële bydraes. Die ander onafhanklike gemeente het 'n bediening van hulpverlening in die swart gemeenskap, vertoon die Jesus-film en het 'n bediening in tronke; kospakkiebediening; vigsbediening.

- Charismatiese gemeentes: Die een gemeente is multikultureel. Die ander gemeente het dienste in swart tale en bied geletterdheidsklasse aan.

Die volgende antwoorde oor uitreikaksies buite Suid-Afrika is ontvang (vraag 14):

- Drie van die gemeentes van die GKSA het geen aksie in die verband nie. Een gemeente se predikant besoek saam met "Geopende Deure", lande waar daar vervolging van Christene plaasvind.
- Die een NG-gemeente het geen aksie in die buiteland nie. Die ander NG-gemeente ondersteun verskeie sendelinge in die buiteland, onder andere in Rusland, die Midde-Ooste, Botswana en Mosambiek.
- Onafhanklike gemeentes: Beide gemeentes ondersteun 'n sendingpredikant in die Oekraïne. Een gemeente rus mense deur YWAM toe vir uitreiking in/na ander lande.
- Charismatiese gemeentes: Die klein gemeente ( $\pm$  140) het verskeie aksies in Brasilië, Hong Kong en Madagaskar. Die groter gemeente stuur gereeld sendelinge oorsee en onderhou ook sy eie sendelinge oorsee.

### **7.3.6 Die onmiddellike konteks van die doopsformulier se bewoording "ek doop jou in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees" (SP 1, SP 2, vraag 15 A – C)**

- Drie respondente wat nie predikante is nie (1 GKSA; 1 NGK; 1 charismaties) het geweet dat die groot opdrag om dissipels te maak, die onmiddellike konteks is.
- Behalwe vir een predikant wat sê dat hy onlangs oor die saak gepreek het, stem die predikante en die oorgrote meerderheid ander respondente se antwoorde daarin ooreen dat die deursnee-lidmaat nie aan die groot opdrag nie, maar aan sake soos die doop van kinders/babas en inlywing in die gemeente en die Drie-eenheid, sal dink as onmiddellike konteks. Laasgenoemde geld ook vir die kerkverband.



- Die antwoorde van die NG-respondente stem grootliks ooreen met die van die GKSA. Antwoorde wissel tussen kinderdoop, aanneming en Drie-eenheid.
- Al die respondente van onafhanklike gemeentes se antwoorde het inhoudelik neergekom op doop as teken van die wedergeboorte en bekering.
- Charismatiese gemeentes: Op een na het nie een van die respondente (pastore uitgesluit) geweet wat die onmiddellike konteks van die woorde is nie.

### **7.3.7 Die plek van die doop in die uitreikingstrategie (SP 1, 2, vraag 17)**

By A moes respondente hulle mening gee oor watter plek die doop *behoort* in te neem.

In groep een het die respondente wat aan die kinderdoop gedink het se antwoorde gewissel van “geen verband” tot dat daar ’n getuienis van God se genade deur die kinderdoop uitgaan na ander en gemeentelede sodoende oproep om die evangelie uit te dra. Doopkategeese kan ook ’n manier wees om mense te bereik. Diegene wat aan die doop van mense wat nog nooit voorheen gedoop is nie gedink het, was van mening dat die doop belangrik was as deel van die uitreikingstrategie omdat so ’n persoon tot bekering gekom het en deur die doop in Christus ingelyf word. Kinderdoop en die doop van volwassenes wat nie voorheen gedoop is nie, is ’n teken dat mense by die geloofsgemeenskap bygevoeg is. Vier respondente (2 in die GKSA en 2 in die NGK) was van mening dat die doop bedien behoort te word as bevestiging van ’n geloofskeuse en sodoende deel kan vorm van die strategie om uit te reik. Drie respondente het gewaarsku dat die doop nie ligtelik bedien moet word nie.

By B was die algemene antwoord in die GKSA dat so ’n strategie nie werklik bestaan nie, behalwe vir die doop van volwassenes wat nie voorheen gedoop is nie.

Volgens die statistieke van die Almanak van die GKSA sien die doop van volwassenes ná belydenis (grootdoop) as volg daaruit: die gemiddelde aantal doper per gemeente die afgelope ses jaar (1998 – 2003) was 0,2%, dit wil sê veel minder as een persoon per gemeente per jaar (Almanak, 1999:260; 2000:266; 2001:299; 2002:282; 2003:276). Volgens König (1997:10) word lidmate in die NGK ook “byna nooit” aan doop na belydenis blootgestel nie.

In die NGK is wel voorbeelde genoem waar die doop aan volwassenes bedien is om hulle geloofskuse te bevestig (wederdoop) en sodoende deel was van 'n uitreikingstrategie. Mense word egter nie geforseer om hulle te laat doop nie.

By C (kerkverband) was die algemene antwoord in groep een dat doop nie deel vorm van 'n uitreikingstrategie nie (vgl. König, 1997:10 t.o.v. die NGK).

In groep twee was die algemene antwoord dat doop deel is van die strategie om uit te reik, aangesien mense gedoop moet word na wedergeboorte en bekering. In beide onafhanklike en charismatiese kerke het respondente aangedui dat die doop nie 'n voorvereiste is vir toetrede tot die gemeente nie en dat die fokus nie op die doop is nie. Mense word genooi om gedoop te word wanneer hulle voel dat hulle gereed is daarvoor. Doop word nietemin as belangrike simbool van bekering verstaan.

### 7.3.8 Antwoorde oor “wederdoop” en “grootdoop” (SP 2; vraag 18 en 19)

Die gemiddelde antwoorde by vraag 18 en 19 is reeds by 7.3.3 gelys. Hieronder word resultate, uitgedruk in persentasies en langer skriftelike antwoorde gelys.

#### Vraag 18 A

| Kode    | 1     | 2  | 3     | 4     | 5     |
|---------|-------|----|-------|-------|-------|
| Groep 1 | 21.1% | 0% | 21.1% | 10.5% | 47.4% |
| Groep 2 | 0%    | 0% | 0%    | 0%    | 100%  |

#### Vraag 18 B

| Kode    | 1     | 2     | 3     | 4     | 5     |
|---------|-------|-------|-------|-------|-------|
| Groep 1 | 52.6% | 10.5% | 15.8% | 10.5% | 10.5% |
| Groep 2 | 0%    | 0%    | 8.3%  | 0%    | 91.7% |

#### Vraag 18 C

| Kode    | 1     | 2     | 3     | 4  | 5  |
|---------|-------|-------|-------|----|----|
| Groep 1 | 73.7% | 15.8% | 10.5% | 0% | 0% |

**Vraag 19 A**

| Kode    | 1     | 2    | 3     | 4     | 5     |
|---------|-------|------|-------|-------|-------|
| Groep 1 | 21.1% | 5.3% | 15.8% | 10.5% | 47.4% |
| Groep 2 | 0%    | 0%   | 0%    | 0%    | 100%  |

**Vraag 19 B**

| Kode    | 1     | 2     | 3     | 4    | 5     |
|---------|-------|-------|-------|------|-------|
| Groep 1 | 42.1% | 21.1% | 10.5% | 5.3% | 21.1% |
| Groep 2 | 0%    | 0%    | 8.3%  | 0%   | 91.7% |

**Vraag 19 C**

| Kode    | 1   | 2    | 3     | 4  | 5  |
|---------|-----|------|-------|----|----|
| Groep 1 | 79% | 5.3% | 15.8% | 0% | 0% |

Slegs die antwoorde van groep een word in meer besonderhede opgesom aangesien daar 100% eenstemmigheid in groep twee bestaan dat wederdoop (vraag 18) en grootdoop (vraag 19) nie sonde is nie, maar 'n teken is van wedergeboorte en bekering:

- By wederdoop betwyfel die dopeling die oorspronklike genadebeloftes van God aan hom/haar (predikant; vrouelidmaat [GKSA]).
- Sou meer wesentlike krag aan so 'n doop toegeken word? Sou die menslike deelname 'n oorweging wees? Of het mense 'n behoefte aan 'n emosionele ervaring rondom die doop? (predikant [GKSA]).
- Ek weet die kerkverband sê dit is sonde, maar tensy dit duidelik so in die Skrif staan is ek huiwerig om te sê dat wederdoop sonde is (jongmens [GKSA]). In die Bybel lyk dit vir my gaan doop oor bekering en dit klink of van volwassenes gepraat word (vrouelidmaat [GKSA]). Ek het geleer dit is sonde en is daarom nie van harte oortuig om myself weer te laat doop nie. Ek het geen probleem met iemand anders wat dit doen nie, solank dit uit geloofsoortuiging gedoen word. Om 'n grootdoop te sien, versterk my geloof meer as 'n kleindoop (jongmens [GKSA]).
- Ek dink nie dis sonde nie, maar onnodig. Jou kinderdoop geld vir altyd (jongmens [GKSA]).
- Wederdoop kan 'n diep innerlike begeerte van 'n persoon wees wat die genadebeloftes van die kinderdoop bevestig en teken wees van toewyding aan en aanvaarding van hierdie

beloftes. Die dopeling kanselleer ("oorskryf") nie met wederdoop die genadebeloftes van die kinderdoop nie. Wederdoop is 'n teken van geloof en wedergeboorte in die nuwe mens (predikant; vrouelidmaat [GKSA]; predikant [NGK]; 3 vrouelidmate; jongmens [NGK]). Waar sommige mense 'n diep innerlike behoefte tot wederdoop ervaar, byvoorbeeld iemand wat uit Satanisme bekeer is, behoort so 'n persoon die geleentheid vir 'n tweede doop te ontvang (predikant; vrouelidmaat; jongmens [GKSA]; jongmens [NGK]).

- Daar is verskillende vlakke in 'n mens se verhouding tot God, daarom kan wederdoop dien as vernuwing van 'n verbintenis met God (jongmens [NGK]).
- Daar is drie vorme van doop, wederdoop is die doop van Johannes (predikant [NGK]).
- Wederdoop mag nie 'n "fix all" wees nie, maar behoort slegs na baie deeglike gesprek bedien te word (vrouelidmaat [NGK]).

Die opmerkings onder vraag 19 (grootdoop) word as volg opgesom:

- In Handeling 1 lees ons van huisgesinne wat gedoop is. Doop berus nie op 'n ooreenkoms waarin die mens 'n gelyke sê het nie (predikant [GKSA]). Ek onderskryf steeds die kinderdoop op grond van die Skrif (predikant [GKSA] wat by vraag 18 kode 5 geantwoord het).
- Inseën is 'n verskraling van die betekenis van God se genade, want die doop word nou 'n teken van die mens tot God in plaas van God aan die mens (predikant; jongmens [GKSA]). Inseën kan nie die plek van doop wat met water bedien word, inneem nie (predikant [GKSA]).
- Daar is nie 'n wesenlike verskil nie. Ook by grootdoop word erken dat die persoon slegs deur God se verbondenheid tot bekering gekom het (predikant [NGK]).
- Die belangrike is dat die kind aan die Here opgedra word en die Here sal nie die kind verwerp omdat die kind nie gedoop is nie (vrouelidmaat [GKSA]). Verskillende name of vorme word vir dieselfde saak gebruik (jongmens [GKSA]).
- Inseën en later doop is nie sonde nie want die kind word aan die Here gewy en ontvang later die teken van bekering (vrouelidmaat; jongmens [GKSA]).
- Die vorme van doop is nie vir my so belangrik nie, wat eerder belangrik is, is waar 'n mens in jou verhouding met God staan. Paulus sê in Filippense hy maak hom los van wat agter is (jongmens [GKSA]).

- Ek glo dat ons kinders van baie meer bewus is as waarvoor hulle krediet kry en dus klein gedoop kan word. Ek kies vir die kleindoop want kinders hoor byvoorbeeld al hulle moeders se stemme in die baarmoeder (vrouelidmaat [NGK]).
- Ek vind die begrip moeilik dat ouers “on behalf of their children” ’n belofte aan God maak dat die kind Jesus sal volg. Daarom moet die ouers ’n onderneming maak, maar die kind die teken van verlossing ontvang wanneer hy/sy die besluit geneem het (jongmens [NGK]).

### **7.3.9 Antwoorde oor die mate waarin die prediking daarin slaag om rekening te hou met waar hoorders hulleself in die proses van dissipelskap bevind (SP 3b, vraag 21)**

- Die antwoorde by B (gemeente) stem grootliks ooreen met die resultate by A. Ten opsigte van die kerkverband was daar meer kritiek, byvoorbeeld dat preke oor mense se koppe gaan.
- In groep een was die algemene opvatting dat predikers probeer om toepaslik te preek en selfs groot moeite doen om vas te stel waar hoorders in hulle verhouding met Christus is.
- Predikers preek merendeels asof die hoorders almal reeds Christene is, maar probeer rekening hou met huigelaars. Daar word aanvaar dat al die hoorders verbondskinders is.
- Een respondent het wel aangedui dat die hoorders soms direk gevra word of hulle wel Christene is.
- In groep twee was die terugvoer by A (persoonlike mening) deurgaans besonder positief oor die geslaagdheid van preke om die hoorders te bereik waar hulle in hulle verhouding met Christus is. Een respondent uit die onafhanklike gemeentes het die uitdrukking “spot on” gebruik om die prediking te beskryf en verduidelik dat die prediker sensitief is vir die leiding van die Gees om vas te stel waar mense op ’n gegewe moment in hulle verhouding met Christus staan.
- Van die predikers self het gestel dat dit moeilik is om almal in ’n preek te bereik en dat verdere toerusting daarom ook op verskillende vlakke aangebied word.
- Predikers in groep twee aanvaar oor die algemeen nie dat die hoorders almal gered is nie en nooi mense uit om Christus as Verlosser aan te neem.
- Tydens soekerdienste word gefokus op diegene wat nie gered is nie.
- Een respondent het aangedui dat daar klagtes in die gemeente sal wees dat daar nie genoeg “vaste kos” is vir mense wat reeds gered is nie.

- In die multikulturele gemeente was 'n respondent van mening dat die preke vir sommige hoorders te ingewikkeld is.

#### **7.3.10 Kommentaar oor moontlike spanning tussen die groot opdrag en die kultuuropdrag (SP 3, vraag 23)**

- Volgens die meerderheid van die antwoorde in groep een en twee is die stelling in vraag 23 ongeldig.
- Die oorgrote meerderheid (almal behalwe drie) in beide groep een en twee voel nie skuldig dat hulle nie die groot opdrag uitvoer nie.
- Die redes wat in beide groepe verskaf word kom daarop neer dat die groot opdrag ook in werksomstandighede uitgevoer kan word.
- Wat B (hoe sal mense in die gemeente voel?) betref, is daar 'n beduidende verskil tussen groep een en twee: die meerderheid respondente in groep een is van mening dat baie lidmate in die gemeente wel skuldig sal voel, omdat hulle vanweë hulle werksomstandighede nie die groot opdrag uitvoer nie. Volgens een respondent is die rede daarvoor dat die deursnee-lidmaat sy/haar Christenskap en werk van mekaar skei. Twee respondente uit dieselfde gemeente (GKSA) het aangedui dat daar spanning in die gemeente is omdat te veel oor uitreiking gepreek word. Vier van die 20 respondente in groep een was van mening dat meer mense in die gemeente skuldig behoort te voel omdat baie hulle werksomstandighede as verskoning gebruik om nie die groot opdrag uit te voer nie. Van die respondente in groep een was verder van mening dat beter toerusting om by die werk te kan getuig, gegee behoort te word. Daarteenoor stem die meerderheid respondente in groep twee se antwoorde daarin ooreen dat die meerderheid in die gemeente nie skuldig sal voel nie. Die rede wat gegee word is dat lidmate goed toegerus word om die groot opdrag in hulle werksomstandighede te kan uitleef.

## **7.4 Beoordeling van die resultate volgens die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A**

### **7.4.1 Inleiding**

Beoordeling geskied vraag vir vraag en binne die GF, GG en GO as velde van ondersoek. Gemiddeldes en persentasies van groep een en twee word met mekaar vergelyk waar beduidende verskille bestaan (C uitgesluit). Waar nodig sal ook in die geval van glyskale (7.3.3) verwys word na persentasies (bv. 30% van die respondente in groep een het by vraag 4 A nommer drie gekies). Aangesien laasgenoemde verwysings baie beperk is, is volstaan met die lys van gemiddeldes by 7.3.3 – volledige statistieke is op aanvraag beskikbaar). By groep twee word die mening oor die kerkverband (C) grootliks buite rekening gelaat, aangesien slegs een gemeente uit hierdie groep van vier aan 'n kerkverband behoort.

Die resultate word deurgaans in die lig van die basisteoretiese perspektiewe, soos samevattend uiteengesit in hoofstuk vyf, beoordeel.

### **7.4.2 Beoordeling van resultate wat handel oor die groot fokus**

#### **7.4.2.1 Die fokus van die leierskap (vraag 1)**

Die ontleding van die resultate (7.3.2) toon aan dat die grootste persentasie respondente van die GKSA se persoonlike mening (A) oor waar die fokus van die leierskap in die gemeente lê "Jesus Christus en verlossing uit genade" is (45.5%). Laasgenoemde fokus van die leierskap in die gemeente stem met die groot fokus soos uiteengesit in hoofstuk twee (vgl. 5.2.1; 5.6.2) ooreen. Dieselfde persentasie (45.5%) van die respondente meen egter dat die deursnee-lidmaat (vgl. vraag 1 B) van mening is dat die leierskap op "kennis van die suiwer leer en omhelsing van Skrifgesag" fokus. Laasgenoemde persepsie leef volgens die respondente besonder sterk in die kerkverband (91.7%).

Die voorlopige afleiding uit die vraelyste, naamlik dat die fokus van die respondente in die GKSA-gemeentes van die NG-gemeentes verskil, word deur die resultate bevestig. Hoewel in ag geneem moet word dat 'n snit van slegs twee NG-gemeentes (teenoor vier uit die GKSA) getoets is, is die verskille nietemin insiggewend. Die grootste persentasie van die NG-

respondente (57.1%) is van mening dat die leierskap in die twee gemeentes op die “die Heilige Gees en sy kragtige werkinge” fokus. Dieselfde persentasie respondente (57.1%) meen egter dat die deursnee-lidmaat in die NG-gemeente van mening is dat die leierskap op “Jesus Christus en verlossing uit genade” fokus (die hooftfokus in die GKSA by vraag 1 A). Soos in die GKSA is die oorwegende persepsie oor die leierskap in die breë NG-kerkverband ook dat op “kennis van die suiwer leer en omhelsing van Skrifgesag” gefokus word (vgl. 42.9%). 28.6% van die NG-respondente (teenoor 0% in die GKSA) was ook van mening dat die leierskap in die NG-kerkverband geen besondere fokus het nie.

Die vergelyking tussen die GKSA en NGK is betekenisvol, aangesien die betrokke gemeentes oorwegend dieselfde tipe bedieningsmilieu deel.

Die meerderheid respondente in groep twee (36.4%) het aangedui dat die leierskap op “die Heilige Gees en sy kragtige werkinge en gawes” fokus. Laasgenoemde fokus sal ook die mening van die deursnee-lidmaat in hierdie gemeentes (B) verteenwoordig (weer 36.4%). Die twee NG-gemeentes se leierskap beweeg dus volgens die persoonlike mening van die respondente strategies nader aan die fokus van leiers in die charismatiese en onafhanklike gemeentes.

Resultate van die vraag na die fokus van die leierskap bewys dat verskillende persepsies in dieselfde gemeentes, tussen soortgelyke kerkverbande en tussen groep een en twee bestaan. Daar is wel aansienlike ooreenstemming in die GKSA se respondente oor die persepsie wat in die kerkverband oor die fokus van die leierskap leef (91.7% [kode 2, vraag 1]) en daar is geen onderlinge verskille (tussen persoonlike siening en geskatte siening in die gemeente) in groep twee aangedui nie (vgl. 36.4% [kode 1, vraag 1]). Die probleem met die enigste eenheidstandpunte is dat die fokus in beide gevalle teenstrydig is met die resultate in afdeling A (vgl. 5.2.1 – 5.2.3; 5.2.6; 5.6.2) waarin aangetoon word dat ’n fokus op Jesus Christus en verlossing uit genade die fokus of vertrekpunt behoort te wees.

In die lig van die resultate van afdeling A (vgl. 5.2.1 – 5.2.3; 5.2.6; 5.6.2) behoort die fokus van die plaaslike leierskap in die GKSA-gemeentes in ’n positiewe lig beoordeel te word en die fokus van die leierskap in die twee NG-gemeentes en in groep twee, bevraagteken te word. Die geskatte mening van die breë kerkverband oor die fokus van die leierskap, kan in die lig van die resultate in afdeling A nie gunstig beoordeel word nie en beklemtoon die noodsaaklikheid



van 'n duidelike Skriftuurlike fokus vir alle Christene. Uit die lae gemiddelde persentasies in groepe een en twee volg ook dat daar tussen gemeentede en leierskap nie eenstemmigheid heers oor waar die fokus behoort te wees nie.

#### **7.4.2.2 In watter mate is Christelike gemeentes geloofsgemeenskappe met alternatiewe waardes, leer en lewe? (vraag 2)**

Die gemiddelde waardes by 7.3.3 dui daarop dat die snit uit gemeentes in groep een hulle gemeentes en die kerkverband as ondergemiddeld (meer as kode 3) beskou. Groep twee evalueer hulleself meer positief, maar dui aan dat die situasie steeds nie bevredigend is nie (gemiddelde kodes is tussen 2 en 3).

#### **7.4.2.3 Sekerheid in Christus wat verkondig word, in plaas van relativisme (vraag 3)**

Die gemiddelde waardes van 2.0 ten opsigte van die snit van die plaaslike gemeentes (B) by 7.3.3 dui daarop dat gemeentes volgens die respondente grootliks in die sekerheid van Christus se Persoon en verlossing opereer en word in die lig van 5.2.8 en 5.6.2 positief beoordeel.

#### **7.4.2.4 Die styl van leierskap (vraag 4)**

Die gemiddelde waardes by 7.3.3 toon aan dat die styl van leierskap meer aan die forserende kant geskat word (vgl. 2.8 by vraag 4 A). 'n Afleiding dat leiers dominerend is (in die sin van die dwaalleraars in Korinte; vgl. 2.3.5.4.3) sou egter nie op die gemiddelde waardes gegrond kon word nie. Nader ontleding deur die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO ten opsigte van vraag 4 A toon aan dat 84% van een en 75% van groep twee, nommer drie (gebalanseerd tussen forserend en fasiliterend) gekies het.

Verdere studie oor die styl van leierskap teen die agtergrond van die groot fokus, met inagneming van die spesifieke konteks van 1 en 2 Korintiërs, kan belangrike rigtingwysers vir leierskap in gemeentes bied.

### **7.4.3 Beoordeling van resultate wat handel oor die groot gebod**

#### **7.4.3.1 Onderlinge verhoudinge en atmosfeer in die gemeente (vraag 5)**

Die gemiddelde skaalwaardes by 7.3.3 toon aan dat daar 'n liefdevolle atmosfeer in die gemeentes van groep een en twee heers. Die gemiddeldes toon verder aan dat die liefde in die gemeentes en veral in die kerkverband steeds kan toeneem. By groep een het die respondente die algemene persepsie van liefdevolle verhoudinge in die kerkverband aansienlik laer geskat as in die snit van die plaaslike gemeentes. Daar is nie beduidende verskille tussen groep een en twee nie.

Bogenoemde bevindinge herbevestig die Skrifbeginsel dat gebede om meer en meer oorvloedige liefde (veral in die kerkverband [groep een]) noodsaaklik is (vgl. 5.6.3; 5.2.11).

#### **7.4.3.2 Praktiese deelname aan die bevordering van die evangelie deur bedienings van lidmate (vraag 6)**

Die gemiddelde skaalwaardes (vgl. 7.3.3) is nader aan skaalwaarde 5 as 3, wat beteken dat beide groepe meer tekortkominge as sukses waarneem ten opsigte van deelname aan praktiese bedienings deur gemeentelide (vgl. kodes by vraag 6; 7.2.4). Die respondente in groep een oordeel boonop dat die algemene indruk van binne die kerkverband aansienlik slegter is as dié van die plaaslike gemeentes.

Bogenoemde resultate bevestig die noodsaaklikheid van gebed om meer en meer oorvloedige liefde, sodat liefde nie slegs in gesindhede en atmosfeer gemeet sal word nie, maar ook in praktiese deelname aan die bevordering van die evangelie deur verskillende gawes (vgl. die uiteensetting onder vraag 6 (7.2.4)).

#### **7.4.3.3 Gebed as strategie in die gemeentes en kerkverband (vraag 7)**

Hoewel gebedsaksies aangedui word in die snit van die plaaslike gemeentes wat deelgeneem het aan die navorsing, grens hierdie strategie by groep een aan sporadiese aksies eerder as 'n permanente strategie (vgl. 7.3.3). Die respondente oordeel dat die situasie in die breë kerkverband heelwat slegter sal wees (vgl. 3.8 i.p.v. 2.8 by vraag 7 [7.3.3]). In groep twee is die

resultate meer positief. Strategiese gebedsaksies word as bogemiddeld aangedui. Dit is interessant dat die respondente van die charismatiese gemeente wat aan 'n kerkverband behoort ook meer negatief oor die kerkverband geoordeel het (3.0 [dus sporadiese gebedsaksies]).

Bogenoemde resultate bevestig die noodsaaklikheid van gebed om meer en meer oorvloedige liefde, as doelbewuste, beplande en permanente strategie in gemeentes (vgl. die uiteensetting onder vraag 6 [7.2.4]).

In die lig van die gevolgtrekkings by 5.2.11 – 5.2.13 (vgl. 5.6.3) word gestel dat daar 'n direkte kousale verband bestaan tussen die gebrek aan medewerking aan die evangelie deur verskillende bedienings en 'n gebrekkige gebedstrategie.

#### **7.4.4 Beoordeling van resultate wat handel oor die groot opdrag**

##### **7.4.4.1 Die bekendheid en betekenis van die woord dissipel (vraag 8 en 9)**

Uit die gemiddelde waardes by 7.3.3 by vraag 8, volg dat die woord dissipel volgens die siening van die respondente redelik goed bekend is in die snit van die plaaslike gemeentes, hoewel groep een oordeel dat kennis van die term in die kerkverband ondergemiddeld is. Daar is nie noemenswaardige verskille tussen groep een en twee nie.

Uit die resultate by 7.3.2 blyk dat beide groepe egter nie goed op hoogte is van die Skriftuurlike betekenis van die term dissipel soos uiteengesit by 4.2.4.4 (vgl. 5.2.14 – 5.2.16; 5.2.19) nie. Groep een vaar enigsins beter met 5.3% teenoor die 0% van groep twee. Verreweg die meerderheid in beide groepe (77.4%) oordeel dat 'n verlore mens wat nog verder moet groei in Christus én 'n toegewyde ("committed") Christen 'n dissipel genoem kan word, maar sluit verkeerdelik die moontlikheid uit dat 'n onverlore mens alreeds 'n dissipel kan wees.

By 4.2.4.4.5 is die belangrike praktiese implikasies en voordele van die korrekte begrip van dissipelskap as 'n proses benadruk. Nie slegs sal buitekerklikes meer effektief bereik kan word nie, maar meer lidmate sal gemotiveer kan word om dissipels te maak. By die beoordeling van die resultate van vraag 23 word op laasgenoemde saak verder uitgebrei.

Die feit dat 26.3% van groep een aangedui het die gemiddelde lidmaat in die gemeente slegs 'n toegewyde ("committed") Christen as dissipel sal beskou, lewer verdere bewys van gebrekkige begrip van 'n Skriftuurlike definisie van dissipelskap in die betrokke gemeentes.

#### **7.4.4.2 Die verhouding tussen verbond en uitreiking (SP 1, vraag 10, 15 en 17)**

By 7.2.5 (kyk verwysings by vraag 10 vir meer besonderhede) word verduidelik waarom die verhouding tussen verbond en uitreiking van kardinale belang is. Die verbond is 'n belangrike indikatief van God vir die groot opdrag van die gemeente.

Uit 7.3.4 kan die afleiding gemaak word dat die verhouding tussen verbond en uitreiking (SP 1), soos uiteengesit by vraag 10 hierbo (7.2.5), nóg in groep een, nóg in groep twee, 'n bekende leerstuk is. Slegs 3 uit 'n moontlike 32 antwoorde by vraag 10 was korrek. Boonop het vier respondente (drie in groep een en een in groep twee) géén verband tussen verbond en uitreiking gesien nie.

Langer skriftelike antwoorde by vraag 10 A – C (7.3.4) bewys verder dat die hipotese waarna in die toeligting van vraag 10 verwys is (vgl. 7.2.5) korrek is: respondente in groep een verstaan nie die verhouding tussen verbond en uitreiking (SP 1) genoegsaam nie, aangesien verbond primêr op die doop van kinders/babas en verbondsonderrig afgestem is (vgl. ook die opmerking hierbo oor "hipercalvinisme" [7.3.4]).

Die mening van sommige respondente dat getuienis van God se genade by die plegtigheid van die kinderdoop Christene mag aanspoor om dissipels te maak, word nie bevraagteken nie (God se genade werk immers op verskeie maniere). Tog behoort gewaak te word daarteen om hierdie antwoord van respondente in groep een te oorspan asof die kinderdoop doelbewus deel is van die gemeente se uitreikingstrategie (vgl. 7.3.7). Die meerderheid respondente in groep een (43.8%) was van mening dat die deursnee-lidmaat in die gemeente nie oor die verband tussen verbond en uitreiking sou dink of sou weet dat sodanige verband bestaan nie. Die algemene antwoord by vraag 17 B (in die GKSA) was dat die doop as deel van die gemeente se uitreikingstrategie nie werklik bestaan nie en dat laasgenoemde ook die deursnee-siening van die kerkverband weerspieël. 'n Positiewe evaluering van die verband tussen verbond en uitreiking in groep een kan nog verder bevraagteken word in die lig van statistieke in die GKSA oor doop na belydenis. Sulke dope is baie skaars (0,2% gemiddeld per gemeente), wat onder

andere beteken dat sulke doper binne die bestek van 'n jaar glad nie sal voorkom nie (vgl. die opsomminge van die statistieke in die Almanak van die GKSA oor doop na belydenis [7.3.7]; vgl. ook König, 1997:10 t.o.v. die NGK). By laasgenoemde moet ook nog rekening gehou word met die antwoorde van die GKSA-respondente op vraag 15. Slegs een respondent (behalwe die predikante) was bekend met die onmiddellike konteks van die doopformule (SP 2) in die doopformulier. Die antwoorde van die oorgrote meerderheid stem daarin ooreen dat die gemiddelde gemeentelid onkundig sal wees oor die konteks (vgl. 7.3.6). By groep een is die doop dus nie tans 'n vername deel van die gemeente se uitreikingstrategie nie.

Onkunde oor die spesifieke verband tussen die verbond en uitreiking (SP 1) behoort egter nie oorspan te word nie. Die oorgrote meerderheid van die respondente (in groepe een en twee) sien wel 'n verband, naamlik dat die verbond God se genade simboliseer en dat God se genade Christene aanspoor om ook ander te bereik met die evangelie. Kennis van die verbond en van God se genade skep dus 'n geleentheid om deur middel van prediking en toerusting lidmate in beide groepe tot uitreiking aan te spoor. Lidmate met 'n grondige verstaan van die verbond behoort dus met toerusting (SP 3) suksesvol verder begelei te kan word om die verbond (en die doop as teken daarvan [groep een]) doelbewus deel te maak van die gemeente se strategie om uit te reik.

#### **7.4.4.3 Die uitreikprogram van die gemeente (SP 1, vraag 11–14)**

Antwoorde op vraag 11–14 (7.3.5) dui op bemoedigende tendense en 'n verskeidenheid praktiese metodes in beide groepe een en twee. Die gemeentes wat aan die navorsing deelgeneem het, beplan en of implementeer 'n verskeidenheid strategieë om met die evangelie grense oor te steek na die onmiddellike omgewing, oor taal- en kultuurgrense heen en na die buiteland (7.3.5).

Inligting uit groep een en twee se betrokkenheid oor taal- en kultuurgrense heen ("Samaria"; vgl. Hand. 1:8; 7.3.5) kan as aansporing en voorbeeld dien vir gemeentes wat nog nie oor 'n strategie op hierdie terrein beskik nie.

Die inligting wat groep twee oor uitreiking na "die uithoeke van die wêreld" (Hand. 1:8) verskaf het, behoort as voorbeeld en aansporing te dien vir groep een (vgl. die aktiwiteite van die charismatiese gemeente wat maar  $\pm$  140 lidmate sterk is [7.3.5]).

#### 7.4.4.4 Doop binne die konteks van dissipelskap (SP 2, vraag 16 – 19)

100% (kerkverband) en 96% (plaaslike gemeentes) druk die persentasie uit van respondente in groep een wat van mening is dat daar nie geleentheid vir 'n nuwe bekeerling is om binne 'n week of twee na bekering belydenis af te lê nie, maar dat daar eers 'n tydsverloop vir onderrig in die Christelike leer sal plaasvind. By groep twee sal daar volgens 44,4% van die respondente binne 'n week of twee geleentheid wees vir 'n nuwe bekeerling om gedoop te word, hoewel 55,6 % aangedui het dat daar eers 'n tydsverloop vir verdere onderrig sal wees.

Die resultate by vraag 16 toon aan dat daar in groep een verwarring bestaan oor die verskil tussen SP 2 en SP 3. In groep een volg 'n tydsverloop vir *verdere* onderrig (SP 3) alvorens Christendissipels toegelaat word om openbare belydenis te doen (SP 2a).

Uit die antwoorde op vraag 17 wat reeds by 7.4.4.2 bespreek is, volg dat die ware betekenis van SP 2a ook in groep twee verswak word, deurdat die keuse om die doop as teken van openbare belydenis en inlywing in die gemeente as liggaam van Christus (SP 2b) te ontvang, grootliks aan die keusevryheid van die individu oorgelaat word. Hierdie strategie is meer begryplik in die geval van die onafhanklike gemeentes aangesien verskeie lidmate met 'n kinderdoopagtergrond (groep 1) lidmate in hierdie gemeentes word (drie van die respondente val in hierdie kategorie) en daar by laasgenoemdes huiwering oor wederdoop mag voorkom.

In antwoord op vraag 18 was die meerderheid van die respondente in groep een (47.4%) persoonlik van mening dat wederdoop beslis nie sonde is nie (21.1% is onseker<sup>1</sup> [kode 3] en 21.1% was van mening dat wederdoop beslis sonde is [kode 1]). Opvallend genoeg is eersgenoemde meerderheidsgroep nie oortuig dat die gemiddelde lidmaat in die gemeente hulle siening sal deel nie. 52.6% van die respondente is van mening dat die gemiddelde lidmaat in die gemeente wederdoop beslis as sonde sal beskou. Die respondente oordeel dat wederdoop nog sterker (73%) in die kerkverband as sonde beskou sal word as wat die geval in die snit van die plaaslike gemeentes sal wees. 100% van groep twee is persoonlik van mening dat wederdoop beslis nie sonde is nie.

---

<sup>1</sup> Kode 3 hoef egter nie op onsekerheid te dui nie, maar beskryf eerder dat die respondent nie by voorbaat na een van die twee kante toe wil kies nie. Respondente wat kode 3 kies mag byvoorbeeld van mening wees dat wederdoop nie prinsipiële verkeerd is nie, maar verkeerd kan wees indien die dopeling se motiewe verdag is (vgl. opmerkings onder vraag 18 by 7.2.5).

Die antwoorde uit die GKSA dui op 'n tendens dat die jonger geslag lidmate anders oor die saak dink. Die gemiddelde antwoorde van die predikante was 2.5 (dus nader aan "onseker of wederdoop sonde is" [kode 3]), dié van vrouelidmate 3.5 en dié van jongmense 3.8 (aansienlik nader aan kode 5 [wederdoop is beslis nie sonde nie]). In die beoordeling van die gemiddeldes moet egter ook in gedagte gehou word dat een predikant kode 5 (wederdoop is beslis nie sonde nie) en twee predikante kode 1 (wederdoop is beslis sonde) as antwoorde gekies het, wat spesifieke prinsipiële opvattinge weerspieël. Beide predikante in die NGK het kode 5 geantwoord. Die vrouelidmate in die NGK (vier respondente) se gemiddeldes (3.3) was naby aan die vrouelidmate in die GKSA (3.5).

Die antwoorde en verduidelikings by vraag 18 bevestig die gemiddeldes en persentasies waarna hierbo verwys is, asook die tendens onder die respondente wat jongmense is, om nie die tradisionele siening in die kerkverband (volgens die respondente se interpretasie daarvan) te omhels nie.

Omvattende empiriese navorsing oor NG-lidmate wat hulle weer laat doop het, is deur König (1997:9–37) in 1997 gedoen. 51% van die mense wat hulle weer laat doop het, het aangedui dat hulle nie ontuis in die NGK gevoel het nie. Ouer persone was minder geneig om die kinderdoop te verwerp en het derhalwe minder ontuis gevoel na hulle wederdoop (König, 1997:31).

König (1997:22) som die redes wat respondente vir wederdoop gegee het as volg op:

- Gelei deur die Gees 93%.
- Doop as teken van gehoorsaamheid/bekering 93%.
- Bybelstudie op my eie 65%.
- Weens 'n besondere geestelike ervaring 58%.
- Al is kinderdoop reg, is grootdoop noodsaaklik 53%.
- Kinderdoop is verkeerd 50%.

Die afleiding uit König se navorsing strook met die oorwegend simpatieke antwoorde van respondente op die vrae wat in hierdie studie gebruik is.

Verder dui die langer skriftelike antwoorde by vraag 18 in beide groep een en twee (7.3.8) op 'n tendens om die doop as 'n teken van verdieping of "commitment" te sien (wat neerkom op 'n verwarring tussen SP 2 en SP 3 (vgl. 5.6.4; 5.2.18 en in die besonder 4.5.19).

Antwoorde op vraag 19 word as volg beoordeel:

Resultate oor grootdoop by vraag 19 stem grootliks ooreen met die resultate by vraag 18 (vgl. die meerderheid van 47%, wat meen dat die gebruik van grootdoop nie sonde is nie). Die antwoorde illustreer dat die onderskeid tussen wederdoop en grootdoop (wat deur vraag 18 en 19 gemaak is) belangrik was. 'n Predikant in die GKSA beskou byvoorbeeld (met die nodige motivering in die skriftelike antwoord) wederdoop as "beslis nie sonde nie" (kode 5), maar die gebruik om kinders/babas in te seën in plaas van te doop as "beslis sonde" (kode 1). Die gemiddeldes van predikante en jongmense dui op 'n groter uiteenlopendheid by vraag 19 as by vraag 18 (kodes 1.5 en 4.0 [vraag 19] teenoor 2.5 en 3.8 [vraag 18]). Die leiers onder die respondente is dus meer krities ingestel teenoor grootdoop (te onderskei van wederdoop), terwyl die respondente in die kategorie van 'n jongmens grootliks onkrities teenoor die gebruik van grootdoop gestaan het. Laasgenoemde afleiding word bevestig deur die skriftelike opmerkings van die respondente uit die GKSA.

By respondente in die NGK was daar volgens die gemiddeldes groter ooreenstemming tussen die leiers en die jongmense.

Omvattende ondersoek oor die wyse van doop en die gebruike van wederdoop en grootdoop val buite die veld van ondersoek van hierdie studie en geen bevinding word oor laasgenoemde gemaak nie. Die resultate van die ondersoek bewys wel dat daar meningsverskil tussen groep een en twee bestaan en dat intragroepsverskille ook beduidend is. Nie slegs verskille nie, maar ook verwarring oor die betekenis van die doop kom in groepe een én twee voor. Hierbo is reeds aangetoon dat groep een nie die onmiddellike konteks van die doop in Matteus 28:18–20 genoegsaam verdiskonteer nie.



#### **7.4.4.5 Dissipels moet verder onderrig word om die Woord in elke sfeer van die lewe toe te pas (SP 3, vraag 20–23)**

Die gemiddeldes by vraag 20 toon aan dat Skrifgesag die grootste punt van ooreenstemming is tussen groep een en twee en dat beide groepe hoë waardering vir die gesag van die Skrif het (7.3.3). Die resultate van vraag 20 bevestig ook die resultate by vraag 3, naamlik dat Christus met sekerheid verkondig kan word.

Uit die resultate by vraag 21 kan afgelei word dat daar in beide groepe een en twee begrip daarvoor bestaan dat in die toerusting (veral SP 3b) rekening gehou moet word met dissipelskap as proses. Veral die respondente in die onafhanklike kerke in groep twee, adem 'n entoesiasme oor die predikers se vermoë om die boodskap relevant oor te dra (vgl. die uitdrukking “spot on” by 7.3.9). Groep een is krities daaroor of die deursnee-lidmaat in die kerkverband ook so positief sou wees.

In hoofstuk ses is aangetoon dat die WCS en PDM se doelstellingstrategie uitnemend daarin slaag om buitekerklikes te ontmoet waar hulle hul in die dissipelskapproses bevind (vgl. 6.4.2). Die resultate uit die vraelyste dui egter op sekere leemtes in die plaaslike gemeentes. Uit die resultate in 7.3.9 blyk dit dat die boodskappe in groep een byna uitsluitlik gemik is op persone wat reeds Christendissipels is en selfs op mense wat al geruime tyd gegroei het op die pad van dissipelskap. Laasgenoemde openbaar leemtes in die verstaan van dissipelskap as proses (vgl. 5.6.4; 5.6.5).

Ten minste een antwoord op vraag 21 wys ook op 'n potensiële leemte in veral groep twee: daar kan naamlik in die toerusting sodanig op die buitekerklike gefokus word, dat die dissipels wat reeds deel is van die gemeente in hulle geloofsgroei verarm en dat ware lewensverandering deur die Gees nie genoegsaam gefasiliteer word nie (vgl. 7.3.9; 5.6.5; 5.2.20; 6.4.8; 6.4.9).

Die resultate van vraag 22 (vgl. 7.3.3) toon aan dat daar veral in groep een en volgens die respondente, meer so in die kerkverband, groot leemtes bestaan op die vlak van SP 3b. Lidmate word nie tydens die erediens tot doelbewuste keuse of “commitment” begelei nie (vgl. gemiddelde kode van 4.4 t.o.v. vraag 22 C).

Die antwoorde op vraag 23 (7.3.10) illustreer die leemtes oor die korrekte verstaan van die verhouding tussen die groot opdrag en die kultuuropdrag. Die algemene indruk uit die antwoorde is dat daar in groep twee beter daarin geslaag word om die hoorders toe te rus om ook in hul werksomstandighede die groot opdrag na te kan kom.

#### **7.4.5 Samevatting**

Die resultate van die empiriese vraelyste (vgl. 7.2) toon duidelike leemtes aan in die tien gemeentes ten opsigte van die groot fokus, groot gebod en groot opdrag. Die leemtes geld vir beide groep een (GKSA; NGK) en groep twee (Charismate en Onafhanklikes).

Antwoorde op vraag een (oor die fokus van die leierskap) bewys dat verskillende persepsies in dieselfde gemeentes, tussen soortgelyke kerkverbande en tussen groep een en twee bestaan. (7.4.2.1). Wat waardes, leer en lewe betref, verteenwoordig gemeentes wel 'n alternatiewe geloofsgemeenskap in die samelewing, maar toenemende groei in laasgenoemde opsig is noodsaaklik (vraag 2; 7.4.2.2). Laasgenoemde waarneming word gekomplementeer deur die mening dat sekerheid oor die Persoon van en verlossing deur Christus steeds kenmerkend is van die geloofsgemeenskappe (vraag 3; 7.4.2.3). Verdere studie oor die styl van leierskap teen die agtergrond van die groot fokus, behoort onderneem te word (vgl. 7.4.2.4).

'n Liefdevolle verhouding in die kerkverband word aansienlik laer geskat as in die snit van die plaaslike gemeentes (7.4.3.1). 'n Gebrek aan deelname aan praktiese bedienings wat die evangelie bevorder, herbevestig die Skrifbeginsel van die noodsaaklikheid van gebed om meer en meer oorvloedige liefde as 'n doelbewuste, beplande en permanente strategie. Veral groep een toon aansienlike gebreke aan wat georganiseerde gebedsaksies betref (7.4.3.3).

Daar bestaan groot onduidelikheid oor die Skriftuurlike definisie van dissipelskap (7.4.4.1). Verreweg die meerderheid respondente in beide groepe (77.4%) is van mening dat 'n verlore mens wat nog verder in Christus moet groei én 'n toegewyde ("committed") Christen 'n dissipel genoem kan word, maar sluit verkeerdlik die moontlikheid uit dat onverlore mense dissipels kan wees.

Die belangrike verband tussen verbond en uitreiking (SP 1) word grootliks misgekyk en is onbekend in groep een aangesien daar eensydig op die doop van kinders/babas en

verbondsonderrig gekonsentreer word (7.4.4.2). Die gemeentes wat deelgeneem het aan die ondersoek het reeds goeie vordering ten opsigte van 'n omvattende uitreikprogram gemaak (vgl. Hand. 1:8; 7.4.4.3), maar daar is besliste leemtes, byvoorbeeld ten opsigte van uitreiking na nasies buite Suid-Afrika (groep een).

Tydsverloop vir verdere onderrig voor die aflegging van belydenis van geloof en nadat iemand reeds Christus as Verlosser bely, dui by groep een op verwarring tussen SP 2 en SP 3 (vgl. figuur 1; 4.2.4.3). In groep twee bestaan onduidelikheid oor SP 2a veral daarin dat die keuse om te doop te veel aan die keusevryheid van die individu oorgelaat word en dan maklik 'n teken word van verdere verdieping in plaas van die eerste openbare aanvaarding van Christus as Verlosser (7.4.4.4). Intragroepsverskille by groep een (veral oor die wyse van doop), verskille tussen die GKSA en die NGK en verskille tussen groep een en twee, noodsaak verdere studie oor die vraag hoe groter eenheid tussen Christene oor die doop met die groot opdrag as sleutel bewerkstellig kan word (7.4.4.4; vgl. veral by vraag 18 en 19).

Die resultate van vraag 22 toon aan dat daar veral in groep een en volgens die respondente, meer so in die kerkverband, groot leemtes bestaan op die vlak van SP 3b. Lidmate word nie tydens die erediens tot doelbewuste keuse of "commitment" begelei nie (7.4.4.5)

Tesame met onkunde oor 'n Bybelse definisie van wie dissipels genoem kan word en dissipelskap as proses, werk 'n dualisme tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag (by groep 1) demotiverend in op die bereidwilligheid van lidmate om die groot opdrag uit te voer (vgl. SP 3; 7.4.4.5).

## **7.5 Gevolgtrekkings**

Aanvullend tot bostaande samevatting word die volgende finale gevolgtrekkings gemaak:

- 7.5.1 Leemtes wat uitgewys is deur empiriese navorsing bevestig die noodsaaklikheid vir 'n model waarin die groot fokus, groot gebod en groot opdrag as sleutels figureer.
- 7.5.2 Uiteenlopende persepsies bestaan in dieselfde gemeentes, tussen soortgelyke kerkverbande en tussen groep een en twee oor wat die fokus of vertrekpunt van die leierskap is (7.4.2.1). Uit die gegewens by 7.4.2.1 word die afleiding gemaak dat daar

nie genoegsame duidelikheid is oor wat die fokus of vertrekpunt van die leierskap behoort te wees nie.

- 7.5.3 In groep een word in die kerkverband hoofsaaklik op kennis van die suiwer leer en Skrifgesag gefokus, terwyl groep twee op die Heilige Gees en sy kragtige werkinge fokus (7.4.2.1).
- 7.5.4 Antwoorde op die vraag of gemeentes 'n alternatiewe gemeenskap ten opsigte van waardes, leer en lewe vorm, wissel van ondergemiddeld (groep een) tot bogemiddeld, maar is steeds nie bevredigend nie (groep 2) (7.4.2.2).
- 7.5.5 Boodskappe en lering word oorwegend gekenmerk deur sekerheid in Christus teenoor relativisme (7.4.2.3).
- 7.5.6 Die styl van leierskap word oorwegend gebalanseerd (tussen fasiliterend en forserend) geskat (7.4.2.4).
- 7.5.7 Die Skriftuurlike beginsel dat 'n gebedstrategie vir meer en meer oorvloedige liefde noodsaaklik is, word bevestig deur menings van respondente dat liefdevolle verhoudinge veral in die kerkverband (GKSA en NGK) gebrekkig is (7.4.3.1).
- 7.5.8 Gebrekkige deelname van lidmate aan praktiese bedienings in die gemeente ter bevordering van die evangelie, verrai 'n gebrek aan oorvloedige liefde wat in estetiese dade tot uitdrukking kom en bevestig die noodsaaklikheid van bogenoemde gebedstrategie (7.4.3.2).
- 7.5.9 In groep een kom daar wel gebed vir meer en meer oorvloedige liefde voor, maar dit is sporadies, eerder as deel van 'n permanente strategie. In groep twee dui die resultate op gebreke, maar strategiese gebedsaksies is as bogemiddeld aangedui (7.4.3.3).
- 7.5.10 Gebrekkige verstaan van die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel in beide groepe een en twee grens aan 'n totale wanopvatting (7.4.4.1; 7.4.5).
- 7.5.11 Leemtes op elke sport van die groot opdrag-trapleer (SP 1–3) dui op tekortkominge in die verstaan en praktiese implementering van dissipelskap as 'n proses (7.4.4.3 – 7.4.4.5).
- 7.5.12 'n Verskeidenheid strategieë om met die evangelie grense oor te steek na die onmiddellike omgewing, oor taal- en kultuurgrense heen en na die buiteland word beplan of reeds geïmplementeer. Groep twee ondersteun meer uitreikaksies in die buiteland as groep een (7.4.4.3).
- 7.5.13 Die besondere verband tussen verbond en uitreiking (vgl. Gen. 11:4, 8 en 12:3 [4.6.1]), is nóg in groep een nóg in groep twee 'n bekende leerstuk. Respondente in beide

groepe sien wel 'n meer algemene verband tussen verbond, genade en uitreiking (7.4.4.2).

- 7.5.14 In groep een word die verband tussen doop (SP 2) en uitreiking grootliks misgekyk aangesien die verbond hoofsaaklik in verband gebring word met die doop van kinders/babas en verbondsonderrig. Die onmiddellike konteks (dissipelskap) van die doopformule (SP 2) in die doopsformulier, is in groep een feitlik onbekend. Tussen kinderdoop en uitreiking word kwalik enige verband gesien en die voorkoms van die doop van volwassenes is in groep een uiters skaars (7.4.4.2).
- 7.5.15 Die betekenis van "doopt hulle" (SP 2a) word in groepe een en twee misverstaan deurdat SP 2 en SP 3 met mekaar verwar word. In groep een volg 'n tydsvloei vir verdere onderrig (SP 3) alvorens Christendissipels toegelaat word om openbare belydenis van hul geloof af te lê (SP 2a). In groep een en twee word die verkeerde beskouing gehuldig dat doop na bekering 'n teken kan wees van 'n besondere geestelike ervaring of verdieping/groei as Christendissipel (7.4.4.4).
- 7.5.16 In groep een word herdoop en selfs grootdoop (weliswaar in 'n mindere mate) oorwegend nie as sonde beskou nie (7.4.4.4).
- 7.5.17 Empiriese navorsing het uitgewys dat prediking vir groep een nie voldoende rekening hou met die vraag waar die hoorders hulleself in die proses van dissipelskap bevind nie. Prediking in groep een is byna uitsluitlik gemik op Christendissipels en toegewyde dissipels (vgl. SP 3b; 7.4.4.5).
- 7.5.18 In groep een (veral in die kerkverband) word lidmate nie tydens die erediens tot doelbewuste keuses tot lewensverandering begelei nie (7.4.4.5).
- 7.5.19 'n Dualistiese beskouing (by groep een) oor die verhouding tussen die kultuuroopdrag en die groot opdrag werk demotiverend in op die uitvoering van laasgenoemde (7.4.4.5).



## **AFDELING C: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

### **HOOFSTUK 8**

#### **MODEL EN RIGLYNE VIR AANBIEDING**

##### **8.1 Inleidend: doel en metode**

In afdeling A is 'n basisteorie deur eksegetiese ondersoek van 'n seleksie van Skrifgedeeltes ontwerp en in hoofstuk vyf omskryf en saamgevat in basisteoretiese perspektiewe. In afdeling B is 'n metateoretiese werklikheid beskryf en beoordeel. Afdeling B het bestaan uit 'n kritiese evaluasie van twee gemeenteboustrategieë, naamlik die Willow Creek-soekerdienstrategie (WCS) en die doelstellingstrategie van Purpose-Driven Ministries (PDM), asook die interpretasie van empiriese navorsing wat in Suid-Afrikaanse gemeentes gedoen is. Die Suid-Afrikaanse gemeentes is verdeel in groep een (Gereformeerdes [GKSA; NGK]) en groep twee (Charismate en Onafhanklikes). Die doel van afdeling C is om vanuit gemelde twee refleksiedomeine (afdeling A en B) in hermeneutiese wisselwerking 'n verstelde teorie te artikuleer (vgl. Venter, 1992:42–44; 1995:198–200). In die proses word 'n model voorgestel waarvolgens gemeentes hulle roeping kan ontdek.

Wat werkswyse betref, val hoofstuk agt in twee afdelings uiteen. In *afdeling een* word 'n kort omskrywing van die leemtes wat uit die metateoretiese gegewens afgelei is, telkens opgevolg met praktykteoretiese riglyne. Die praktykteoretiese perspektiewe word saamgevat in die beskrywing van 'n gemeenteboumodel. In *afdeling twee* word praktiese voorstelle gemaak wat gemeentes kan help om die genoemde model te implementeer.

##### **8.2 Afdeling een: praktykteoretiese riglyne volgens die groot fokus, groot gebod en groot opdrag**

###### **8.2.1 Inleiding**

Onder die groot fokus (GF), groot gebod (GG) en groot opdrag (GO) as basiese indeling van gegewens word telkens eers leemtes uit metateoretiese gegewens aangedui waarna

praktikteoretiese perspektiewe volg. Waar beduidende verskille tussen groepe een en twee van die empiriese navorsing voorgekom het, word afsonderlike perspektiewe gegee (vgl. 7.2.1). In die praktiese riglyne wat voorgestel word, word telkens veral na die samevatting en omskrywing van die verbande tussen die sleutels en die basisteoretiese perspektiewe in hoofstuk vyf, verwys.

## **8.2.2 Die groot fokus as sleutel in 'n model om die roeping van die gemeente te bepaal**

### **8.2.2.1 Metateoretiese gegewens oor die fokus van die leierskap**

Die volgende leemtes is in die toepassing van Willow Creek se soekerdienstrategie (WCS) en die doelstellingstrategie van Purpose-Driven Ministries (PDM) geïdentifiseer:

- In hoofstuk ses is aangetoon dat beide WCS en PDM tekortkominge in terme van die groot fokus openbaar omdat die modelle onderskeidelik soeker- en doelstellinggedrewe is (6.4.7).
- Die soekerdienmodel huisves die inherente tekortkoming dat gemeentes verlei word om op die geluk en behoeftes van die buitekerklike en op sy/haar persoonlike vervulling te fokus. Laasgenoemde fokus is onskriftuurlik en kan teenproduktief wees om die lewens- en wêreldbeskouing van die buitekerklike te verander (vgl. 6.2.7.8; 6.2.7.9; 6.4.9).
- Die fokus op die buitekerklike se behoeftes en geluk verlei gemeentes tot verdere afwyking byvoorbeeld om die buitekerklike met hul uitstekende reputasie te probeer beïndruk, welke reputasie doelbewus bestuur moet word sodanig dat bemarkingstrategieë onkrities toegepas word met die gevolg dat die produk (die evangelie) aangepas word en die buitekerklike tot 'n kliënt gereduseer word (vgl. 6.4.12). Bemarkingstrategieë en die bestuur van die goeie reputasie ("image") van die gemeente kan manipulasie deur leiers in die hand werk (vgl. 6.2.7.10).
- 'n Fokus op doelstellings hou die gevaar in dat gemeentes proses- en tegniekgedrewe funksioneer eerder as gedryf word deur die gees en verstand/sin van Christus (vgl. 1 Kor. 2:9–16; 6.4.10).

Empiriese navorsing uitgevoer in 'n snit van deelnemende gemeentes het die volgende leemtes uitgewys:



- Uiteenlopende persepsies oor wat die fokus of vertrekpunt van die leierskap in gemeentes is, dui daarop dat daar nie genoegsame duidelikheid is oor wat die fokus of vertrekpunt van die leierskap behoort te wees nie (7.5.2).
- Die oorwegende siening van die leierskap in die kerkverband by groep een is dat op kennis van die suiwer leer en die gesag van die Skrif gefokus word. In groep twee is die fokus op die Heilige Gees en sy kragtige werkinge (7.5.3). Beide fokusse verskil van die Skriftuurlike fokus soos aangetoon in afdeling A (5.6.2; 5.2.1; 5.2.6).
- Gemeentes kan ook geen besondere fokus hê nie omrede hulle gekenmerk word deur 'n postmodernistiese (relativistiese) soeke na wysheid (5.2.8). In die snit van gemeentes wat ondersoek is, word die boodskappe egter oorwegend gekenmerk deur sekerheid in plaas van soeke (7.5.5).

### **8.2.2.2 Praktikteoretiese perspektiewe oor die fokus van die leierskap en die gemeente**

Die volgende praktiese riglyne word ter oorweging gegee:

- Die leierskap behoort begelei te word om te ontdek dat 'n fokus op Christus die gekruisigde 'n onontbeerlike hermeneutiese vertrekpunt in die gemeentebouproses is (5.2.1). Met geen model of praktyksidee kan begin word, alvorens hierdie fokus nie duidelik uitgespel en verstaan word nie.
- 'n Fokus op Christus die gekruisigde beteken om Hom te ken en vanuit sy voltooide verlossingswerk met sy Gees en verstand te leef (vgl. 1 Kor. 2:2, 9–16; 5.2.2). Leierskap moet begelei word om die vreugde en bevryding van laasgenoemde spiritualiteit persoonlik te ontdek en te beleef.
- In die implementering van die model behoort die leierskap mekaar deurentyd te monitor oor waar die fokus lê en die fokus op Christus moet duidelik en gereeld aan die gemeente gekommunikeer word.
- Kennis van en toerusting oor die betekenis van die "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18; vgl. 2.3.4) is noodsaaklik. 'n Korrekte verstaan van die kruis hou in dat die bewussyn toeneem dat die mens nie deur eie inherente vermoëns soos denke en geesdrif (νοῦς en πνεῦμα) tot God kan groei nie (5.2.5).
- Kennis van die "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18) behoort met praktiese lewensvoorbeelde uit die leiers en die gemeente se lewe geïllustreer te word, soos Paulus doen met voorbeelde uit sy eie lewe en met verwysing na die Korintiërgemeente. Lidmate en

buitekerklikes kan met deursigtigheid oor eie swakheid en sonde identifiseer (vgl. 5.2.7 en vir meer besonderhede, die argumente wat die "woord van die kruis" belig in 2.3.4.4). Sodoende word die leiers en die gemeente nie as magtige figure en doelstellinggedrewe organisasies bemark nie. Die doelbewuste bestuur van die reputasie ("image") word oorbodig. Lidmate en buitekerklikes word selfs ten koste van die reputasie van die leiers en die gemeente aan Christus gebind. Mense ontmoet mekaar in die liggaam van Christus as medesondaars wat verlos is.

- Hoewel empiriese navorsing nie daarop gedui het dat leiers as manipulerend en forserend beleef word nie, behoort veral gemeentes wat die WCS volg, daarop bedag te wees dat 'n ongesonde fokus op die behoeftes van die soeker geneig is om sodanige leierskap in die hand te werk (vgl. 6.2.7.10).
- Ten einde bostaande riglyne toe te pas is die kruis as sentrale simbool essensieel (5.2.5).
- Hoewel die behoeftes van die buitekerklike van groot belang vir evangelieverkondiging is, behoort gemeentes (veral diegene wat die WCS volg) te waak teen 'n vervullingsteologie (kyk 6.4.9 vir verdere verwysings). Laasgenoemde verdring die fokus op Christus deurdat die mens se geluk en vervulling sentraal word. Die kruis verkondig nie primêr persoonlike vervulling nie, maar selfverloëning (vgl. 5.2.6).
- Deur die visuele voorstelling en beeld oor die lewensaar van die gemeente in figuur twee en drie (kyk 5.3; vgl. 5.2.10) kan leierskap wat PDM se strategie volg begelei word om in te sien dat die fokus op Christus die gekruisigde soos 'n goue draad deur die groot gebod en die groot fokus geweef is. Die uitstekende eienskappe van PDM kan dus alleen op Skriftuurlike basis slaag indien die GG en GO vanuit die GF benader word. Sodoende sal Christus die dryfkrag wees en doelstellings hulle regmatige funksionele plek inneem.
- In groep een behoort gewys te word op die gevaar dat 'n fokus op suiwer leer en die gesag van die Skrif kan lei tot 'n fokus op wysheid en kennis en 'n persoonlike ken-verhouding met Christus verplaas kan word (5.2.6; 5.6.2).
- Groep twee moet begelei word om raak te sien dat 'n fokus op die Heilige Gees en sy mag daartoe kan lei dat op Christus se mág asook op tekens en wonders gefokus kan word in plaas van op Christus sêlf (5.6.2; 5.2.6; 5.2.8; vgl. die twee voorbeelde oor konflikhantering by 2.3.5.4).
- Wanneer met Christus se Gees en verstand geleef word, tree die regte perspektief oor die verhouding met die Vader en die Heilige Gees na vore (5.2.3).

- Saamgevat: Sake soos die behoeftes van die buitekerklike, Skriftuurlike doelstellings, kennis van die suiwer leer en die gesag van die Skrif, die Heilige Gees en sy kragtige werkinge, kan alleen tereg kom wanneer die leierskap en gemeente doelbewus op Christus fokus en sodoende met sy Gees en verstand leef. Die GF is die sleutel wat die leierskap help om met die regte fokus te begin, nog voordat enige stappe ingevolge die groot opdrag as praktiese roeping van die gemeente uitgevoer word.

### **8.2.2.3 Metateoretiese gegewens oor die mate waarin gemeentes daarin slaag om 'n alternatiewe gemeenskap te vorm**

- Aan twee eeue oue afgode van die samelewing, naamlik mag en wysheid, word maklik in die gemeente in die naam van Christus 'n staanplek gegee. Laasgenoemde vind subtiel plaas wanneer daar nie op Christus self nie, maar op sy mag en of sy wysheid gefokus word (5.2.6). In hoofstuk ses is aangetoon dat 'n fokus op die behoeftes van soekers of op doelstellings en programme tot bogenoemde kan bydra. Wanneer die buitekerklike in die hedendaagse samelewing, soos in die tyd van die Korintiërs, 'n hoë premie op sukses en 'n hoë posisie of status plaas, is dit veral moeilik om die "swakheid van die kruis" te verkondig. Die versoeking is daarom groot dat die gemeenteboustrategie sal toespits op die gemeente as hoogs suksesvolle korporatiewe entiteit waarin die behoeftes van vervulling en erkenning in die Naam van Christus verder bevredig word. Die fasilitering van daadwerklike bekering voor die kruis kan sodoende op die agtergrond geskuif word. (vgl. 5.6.2; 5.2.4; 6.4.8, kyk veral 6.2.6.4). Die opmerking van Witherington (1995:119) bevestig die verband tussen die situasie in destydse Korinte en vandag:

1 Corinthians 1 raises deep and abiding questions for our own culture, which is in many ways very much like the culture of Roman Corinth. For instance, this chapter requires that we ask how much of our sense of self-worth and identity is grounded in our culture's evaluation of us in terms of wealth, education, and the like, and how much of it is grounded in our identity as sinners saved by grace. It also requires us to ask how much our values in life, what we really long for, are dictated by culture and how much by the gospel. Christian attitudes about wealth, family, country, and other things held dear are often more grounded in certain cultural assumptions than in any Christian teaching. Demographic studies of Christian congregations show that race, class, occupation, and numerous other factors often *determine* where one goes for worship. Whatever else one may say about Corinthian Christianity, it was not ethnically, racially, sexually, or socially monochrome.

- Empiriese navorsing toon dat antwoorde op die vraag of gemeentes 'n alternatiewe gemeenskap ten opsigte van waardes, leer en lewe vorm, wissel van ondergemiddeld (groep een) tot bogemiddeld, maar steeds nie bevredigend is nie (groep 2) (7.5.4).

#### **8.2.2.4 Praktikteoretiese perspektiewe oor die verhouding tussen die groot fokus en die gemeente as alternatiewe gemeenskap**

- Aangesien 'n fokus op die vervulling van die ervaarde behoeftes ("felt needs") van die buitekerklike sonder Skriftuurlike begroning is, behoort die leierskap sodanige vertrekpunt te vermy, sonder om die belang van menslike behoeftes as belangrike aanknopingspunt te negeer (kyk 6.4.7 vir verdere verwysings).
- Spanning tussen die norme en waardes van die gemeente en die gemeenskap behoort as 'n noodwendigheid aanvaar te word en gemeentes moet daarteen waak om die denksisteme en waardes van die gemeenskap te akkommodeer en om sodoende die polariserende karakter van die kruis te ondermyn (5.6.2; 5.2.4 [vgl. 2.6.4 vir verdere verwysings]).
- Gemeentes wat op Christus fokus kan beide 'n liefdevolle atmosfeer vir die buitekerklike skep (vgl. hieronder) én die buitekerklike begelei om sy/haar sonde en gebrokenheid in die lig van die kruis te ontdek én om in 'n nuwe lewe van dissipelskap te groei (vgl. 5.2.4; 5.2.5; 5.2.15; 5.2.20).
- Die samevattende opmerking by 8.2.2.2 geld ook hier.

#### **8.2.3 Die groot gebod as sleutel in 'n model om die roeping van die gemeente te bepaal**

##### **8.2.3.1 Metateoretiese gegewens oor 'n liefdevolle gesindheid en atmosfeer asook betrokkenheid by bedienings wat die evangelie bevorder**

- Hoewel die Willow Creek-gemeente en die Saddleback-gemeente uitnemend daarin slaag om 'n atmosfeer van liefde en omgee vir die buitekerklike te skep (6.4.4), kan onkritiese gebruikmaking van bemarkingstrategieë en die bestuur van 'n goeie reputasie ("image") 'n atmosfeer van onegtheid en manipulasie skep en die buitekerklike tot 'n kliënt reduseer (6.4.11 – 6.4.12).

In die empiriese navorsing is die volgende leemtes uitgewys:

- Liefdevolle verhoudings is veral in groep een en merendeels in die kerkverband (GKSA en NGK) as gebrekkig beoordeel (7.5.7).
- Deelname deur lidmate aan bedienings wat die evangelie bevorder in beide groep een en twee is grootliks beperk tot 'n kerngroepie in die gemeente (7.5.8).
- Georganiseerde gebedsaksies vir toename in liefde en liefdevolle bedienings is by groep een eerder sporadies as 'n permanente strategie. By groep twee is genoemde gebedstrategie 'n meer permanente strategie (7.5.9).

### **8.2.3.2 Praktikteoretiese perspektiewe oor die groot gebod**

Die volgende praktikteoretiese perspektiewe word beklemtoon:

- Korrekte toepassing van die groot gebod, maak die doelbewuste en selfbewuste bestuur en programmering van die reputasie ("image") van die gemeente, oorbodig. In die lig van die groot gebod behoort hierdie praktyke ook as nadelig vermy te word (vgl. 6.4.11; 6.4.12). Gemeentes waarin spontane deelname aan liefdevolle bedienings voorkom, skep reeds die korrekte en opregte atmosfeer van liefdevolle omgee wat nodig is om die buitekerklike onder die indruk van die liefde van Christus te bring (vgl. 5.2.13).
- Leierskap in veral groep een behoort selfondersoek te doen oor die heersende verwagting van die krag van gebed vir liefdevolle bedienings. Word eerlik geglo dat 'n gebed om meer en meer oorvloedige liefde effektief sal wees vir deelname aan praktiese bedienings? (vgl. 5.2.12).
- Kousaliteit tussen gebrekkige bedienings en gebrekkige gebedsaksies moet aangetoon word deur positief te wys op die wonderlike gevolge wat die Here, as verhoorder van die gebed, aan die gebed in Filippense 1:9–11 heg (vgl. 5.2.12 en die visuele voorstelling van die begrippe in Fil. 1:9–11 in figuur 2 [5.3]).
- Toerusting oor die ware betekenis van gemeenskap (κοινωνία) aan die evangelie behoort met 'n gebedstrategie gepaard te gaan. Gemeenskap (κοινωνία) is immers in die eerste plek deelname aan praktiese bedienings wat die evangelie bevorder en 'n gevoel van omgee is grootliks die resultaat van laasgenoemde (vgl. 5.6.3; 5.2.10 – 5.2.13, kyk 3.2.4.3.3.2).

- Met inagneming van bogenoemde kritiek kan gemeentes in beide groep een en twee met groot vrug gebruik maak van die strategieë en toerustingsmateriaal van die WCS en PDM wat ontwerp is om in liefde vir die buitekerklike om te gee (vgl. 6.4.4 vir meer besonderhede).

## **8.2.4 Die groot opdrag as sleutel in 'n model om die roeping van die gemeente te bepaal**

### **8.2.4.1 Metateoretiese gegewens oor die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel/dissipelskap en die verband met "doop hulle ..." (SP 2)**

- PDM leer verkeerdlik dat dissipelskap eers met wedergeboorte 'n aanvang kan neem (6.3.5.14).
- Empiriese gegewens bevestig laasgenoemde foutiewe leerstuk. Gebrekkige verstaan van die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel in beide groepe een en twee grens aan 'n totale wanopvatting (7.5.10). Slegs wedergebore persone of Christene word as dissipels beskou en 'n beduidende groep respondente beskou slegs toegewyde ("committed") Christene as dissipels (7.4.4.1).
- Bogenoemde bevinding word verder versterk deur empiriese bewyse dat die betekenis van "doop hulle" (SP 2a) in beide groepe een en twee misverstaan word deurdat SP 2 en SP 3 met mekaar verwar word. In groep een volg 'n tydsverloop vir *verdere* onderrig (SP 3) alvorens Christendissipels toegelaat word om openbare belydenis te doen (SP 2a). In groep twee word die betekenis van SP 2a verswak deurdat die tyd van doop selfs na bekering grootliks aan die keusevryheid van die individu oorgelaat word. In beide groepe word die verkeerde beskouing gehuldig dat doop na bekering 'n teken kan wees van 'n besondere geestelike ervaring of verdieping/groei as Christendissipel (7.5.15).

### **8.2.4.2 Praktikteoretiese perspektiewe oor die definisie van dissipelskap – die verband met SP 2**

Die volgende praktiese riglyne word gegee om 'n behoorlike verstaan van die Skriftuurlike definisie van dissipelskap in die gemeente te vestig:

- Leierskap en gemeentes behoort in spesiale toerustingssessies begelei te word om uit die Skrif te ontdek dat daar ten minste drie kategorieë dissipels bestaan: mense wat nog slegs volgelingen en leerlinge van Jesus is, Christendissipels en toegewyde ("committed") dissipels (vgl. 5.2.15; 5.6.5).
- Gemeentes behoort enersyds daarin onderrig te word dat dissipelskap geen vereiste vir verlossing is nie en andersyds dat verlossing ook nie 'n voorvereiste vir dissipelskap is nie. Eersgenoemde kom neer op die dwaalleer van die sogenaamde "Lordship salvation" wat die GF en verlossing slegs uit genade, negeer. Laasgenoemde werk veral demotiverend in op diegene wat gehoorsaam is aan die groot opdrag omdat geredeneer word dat die opdrag nog nie nagekom is alvorens iemand Christus as Verlosser aangeneem het nie (vgl. 5.2.19; 5.6.5).
- Strategieë deur PDM wat tussen die "community", "crowd", "congregation", "committed" en "core" onderskei asook vlakke van toerusting in vier klasse, dui op onderskeidings tussen verskillende kategorieë dissipels (vgl. 6.3.5.5; 6.3.5.7). Gemeentes kan die inligting vir plaaslike situasies aanpas en met vrug gebruik.
- Gemeentes in groep een word aanbeveel om opnuut ondersoek in te stel na die tyd en praktyk van belydenisaflegging, te wete so spoedig moontlik nadat iemand 'n Christendissipel geword het, sonder dat *verdere* onderrig (katkisasie tot en met belydenisaflegging) 'n voorvereiste is. Verbondskinders wat Jesus nog nie aangeneem het as Verlosser nie is dissipels sodra hulle bewuste "volgelingen en leerlinge van Jesus" word. Baie van hulle neem Hom al op vroeë ouderdom as Verlosser aan en is dan "Christendissipels" (SP 2). (vgl. Van Wyk, 1996:316, oor die vroeër toelating van verbondskinders om belydenis van geloof te doen). Na hulle belydenis bly hulle volgelingen en leerlinge van Jesus en formele onderrig behoort nooit op te hou nie, hoewel die opvoedingstaak van ouers voltooi word (SP 3) (vgl. 5.2.18; 5.6.4).
- In Groep twee behoort die gebruik van grootdoop en wederdoop as teken van wedergeboorte en bekering (of Christen-dissipelskap) so spoedig moontlik bedien te word en behoort die praktyk om die doop as teken van geestelike beleving of verdere toewyding om prinsipiële redes bevraagteken te word (vgl. 5.2.18; 5.6.4).
- In aansluiting by die onderskeidings van PDM ("community"; "congregation" ens.) word gestel dat die doop ook teken is van inlywing in die warmte van die geloofsgemeenskap (SP 2b). Daarom behoort Christendissipels op verskeie maniere verder in die gemeente ingeskakel te word (bv. in kleingroepe) (vgl. 5.2.18; 5.6.4 en Oostenbrink, 1996:197–213).

### **8.2.4.3 Empiriese navorsing oor uitreiking (SP 1) as eerste stap in die proses van die groot opdrag**

Empiriese navorsing wys die volgende leemtes uit:

- Die besondere verband tussen verbond en uitreiking (vgl. Gen. 11:4, 8 en 12:3, is nóg in groep een nóg in groep twee 'n bekende leerstuk. Respondente in beide groepe sien wel 'n meer algemene verband tussen verbond, genade en uitreiking (7.5.13).
- In groep een word die verband tussen doop (SP 2) en uitreiking grootliks misgekyk aangesien die verbond hoofsaaklik in verband gebring word met die doop van kinders/babas en verbondsonderrig. Die onmiddellike konteks van die doopformule (die groot opdrag; dissipelskap) is in groep een feitlik onbekend. Tussen kinderdoop en uitreiking word kwalik enige verband gesien en die voorkoms van doop van volwassenes is in groep een uiters skaars (7.5.14).
- Alhoewel 'n verskeidenheid strategieë in groep een en twee bestaan om oor die onmiddellike grense, oor taal- en kultuurgrense heen en na die buiteland met die evangelie uit te reik, was gebreke in groep een oor uitreiking na die buiteland aanwysbaar (7.5.12). Wanneer die profiel van die gemeentes wat getoets is, in ag geneem word, sal die gemeentes in groep een waarskynlik beter vaar as die res van die kerkverband.

### **8.2.4.4 Praktikteoretiese perspektiewe oor uitreiking (SP 1) as eerste stap in die proses van die groot opdrag**

Die volgende praktiese oplossings word vir die probleme genoem in 8.2.4.3 voorgestel:

- Dat die verbond veral in groep een as 'n besonder belangrike leerstuk geag word, behoef min betoog. Ook in groep twee is die verbond nie onbekend nie. Derhalwe bied hierdie leerstuk 'n uitmuntende geleentheid vir reformasie daarin dat die verband tussen die besondere konteks van die verbond (vgl. Gen. 11 en 12) en uitreiking 'n belangrike plek in die onderrig en prediking in die gemeente behoort in te neem (vgl. 5.2.14). Lidmate behoort daarin onderrig te word dat die tema van uitreiking vanaf Genesis 11 en 12 deurlopend in die Skrif voorkom en deurgaans as belangrike tema beklemtoon word (vgl. 4.4.3 – 4.4.6).



- Gemeentes moet strategies begelei word om onder leiding van die Heilige Gees geleenthede en tye raak te sien om so wyd as moontlik by uitreikaksies betrokke te wees (vgl. Hand. 1:8; 5.6.4).
- Gemeentes moet begelei word om strategies te begin by uitreiking (SP 1) en dissipelskap as primêr 'n *uitwaartse* proses te verstaan (vgl. 5.6.4), alhoewel daar aan die besondere sport op die groot opdragleer, wat op 'n gegewe moment die swakste vertoon, die meeste aandag gegee behoort te word. Gemeentes behoort 'n gesonde balans te handhaaf ten opsigte van die verskillende sporte van die groot opdrag-trapleer (vgl. 4.2.6.8.22).
- Gemeentes behoort die beproefde uitreikingstrategieë van beide die WCS en PDM (na kritiese evaluering met die GF, GG en GO as sleutels) ten volle te benut en vir plaaslike omstandighede aan te pas (vgl. 6.4, veral 6.4.6; 6.4.13).
- Goeie begrip en toepassing van die Skriftuurlike definisie van dissipelskap en van die groot opdrag as 'n proses van dissipelskap het belangrike praktiese implikasies vir uitreiking (SP 1). Buitkerklikes moet bereik word waar hulle hul in die dissipelskapproses bevind en in 'n taal wat hulle verstaan. Wanneer hulle Jesus begin volg en van Hom leer, is daar reeds van hulle dissipels gemaak en kan daar moed geskep word. In aansluiting by die vorige paragraaf word gestel dat gemeentes die sterkpunte van die eietydse soekerdienstrategieë van die WCS en PDM ten volle moet benut (vgl. 6.4.2). Dat prediking en lering in die lig van SP 3 spesifiek en toepaslik moet wees word vervolgens hieronder aangedui.

#### **8.2.4.5 Metateoretiese gegewens oor “leer hulle ... ” (SP 3) as derde stap in die proses van die groot opdrag**

Die volgende leemtes is ten opsigte van die WCS en PDM uitgewys:

- Wat by 8.2.2.1 (vgl. ook 8.2.2.2) oor die nadele van 'n bemarkingstrategie en die aanpassing van die evangelie as “produk” gestel is, is ook van toepassing op SP 3 wat in die besonder oor die leereinhoud handel (vgl. 5.2.20 – 5.2.21).
- In afdeling B is verwys na die bevinding van Pritchard dat die WCS se oordrewe beklemtoning van die behoeftes van die buitkerklike, daartoe lei dat die Christendissipel se verdere groei verwaarloos word (vgl. 6.2.6.5.4; 6.2.7.16).
- Geneigdheid in die WCS om tydens prediking en lering begrippe uit die sielkunde onkrities te gebruik is teenproduktief om ware lewensverandering teweeg te bring (vgl. 6.2.7.13).

- Warren (2002:103–107) bied die vyf doelstellings van PDM as “the five New Testament purposes for the church” aan, maar slaag nie voldoende daarin om gemelde doelstellings op wetenskaplik-teologiese basis op die groot gebod en groot opdrag te fundeer nie (6.3.5.12; vgl. 6.3.5.15 – 6.3.5.17; vgl. figuur 8 [6.3.4.3.3]).

Soos blyk uit die empiriese navorsing is die volgende leemtes geïdentifiseer:

- Prediking vir groep een hou nie voldoende rekening met die vraag waar die hoorders hulleself in die proses van dissipelskap bevind nie. Prediking in groep een is byna uitsluitlik gemik op Christendissipels en toegewyde dissipels (7.5.17).
- In groep een (veral in die breë kerkverband) word lidmate nie tydens die erediens tot doelbewuste keuses tot lewensverandering begelei nie (7.5.18).
- 'n Beduidende aantal lidmate in groep een beleef intrapersoonlike konflik omrede hulle voel dat hulle vanweë werksomstandighede nie die groot opdrag genoegsaam kan nakom nie (vgl. 7.5.19).

#### **8.2.4.6 Praktikteoretiese perspektiewe oor “leer hulle ... ” (SP 3) as derde stap in die proses van die groot opdrag**

Vir doeleindes van SP 3 word die volgende praktiese voorstelle gemaak:

- “Alles wat Jesus beveel het” is die leerinhoud vir dissipelskap (SP 3a) en veronderstel Skrifgesag en verkondiging van die evangelie. Die leerinhoud is omvattend (die hele Skrif) en tog ook beperk tot niks meer en niks minder as wat Jesus beveel het nie. Die leerinhoud kan saamgevat word in die groot gebod en groot fokus (vgl. 5.2.20).
- Die gemeente se doelstellings behoort op behoorlike eksegeese van die Skrif begroot te word. In afdeling twee word voorgestel hoe PDM se doelstellings aangepas kan word en op die groot opdrag-trapleer voorgestel kan word.
- Die groot opdrag as 'n proses, noodsaak 'n balans tussen SP 1 en SP 3. Beide buitekerklikes én toegewyde dissipels moet onderrig word op die vlak waarop hulle onderskeidelik is (vgl. 5.6.4; 5.2.20). SP 1 beskryf die *uitreiking*, SP 2 die *inlywing* en SP 3 die toerusting tot verdere *uitlewing* in die dissipelmaakproses (vgl. 5.2.22).
- Gemeentes behoort 'n balans te handhaaf tussen SP 3a en SP 3b. SP 3b impliseer dat die sukses van prediking en lering gemeet word aan relevansie en lewensverandering as

uitkomst. Wilsbesluite (“commitments”) onder leiding van die Heilige Gees behoort tydens die Woordverkondiging of erediens/onderrig doelbewus gefasiliteer te word (SP 3b; vgl. 5.2.20).

- 'n Vals dualistiese beskouing (in groep een) oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag moet doelbewus in prediking en lering aangespreek word. Om “alles te onderhou wat Jesus beveel het” impliseer dat die georganiseerde kerk die toerustingskamer is vir die breë terrein van die koninkryk waar dissipels as getuies leef en werk. Die groot opdrag impliseer die omvattende uitlewing van Jesus se bevel (SP 3b; 5.6.4). Hoe die gemeente aan die hand van die sleutels in die samelewing en wêreld funksioneer kan grafies by wyse van figuur vier (5.4) verduidelik word.

#### **8.2.4.7 Metateoretiese gegewens oor leemtes in die motivering vir die uitvoering van die groot opdrag**

- In bostaande paragraaf is aangetoon dat empiriese navorsing aan die lig gebring het dat die verkeerde verstaan van die verhouding tussen die groot opdrag en die sogenaamde kultuuropdrag demotiverend inwerk op die uitvoering van die groot opdrag.
- Hierbo (8.2.4.2) is ook aangedui dat 'n verkeerde beskouing oor die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel 'n demotiverende inslag het.
- Die motivering wat Warren (kyk 6.3.5.17) vir die uitvoering van die groot opdrag gee, berus op die identifisering en uitvoering van doelstellings, sonder om die Skriftuurlike motivering in die teks self (IND 1, 2) weer te gee.

#### **8.2.4.8 Praktikteoretiese perspektiewe oor die motivering vir die groot opdrag**

Bykomend tot die praktikteoretiese perspektiewe by 8.2.4.2 (definisie vir 'n dissipel) en by 8.2.4.6 (oor die groot opdrag en die kultuuropdrag) word die volgende praktiese perspektiewe gegee:

- Die motivering wat Jesus self gee (IND 1 en IND 2) moet die diepste motivering vir die uitvoering van die groot opdrag wees.
- 'n Beter verstaan van dissipelskap as proses gee moed en behoort besondere aandag te geniet.

- Die verwantskap tussen GF, GG en GO bewerk motivering en behoort aan die hand van veral die beskrywing by 5.3 (vgl. figuur 2) verduidelik te word. Die gemeente word gemotiveer deurdat hulle Christus ken, met sy Gees en verstand mag optree (GF), die impak van sy oorvloedige liefde beleef (GG) en deur sy betroubare belofte en teenwoordigheid versterk word (IND 1, 2) (vgl. 5.6.7). Die gemeente het dus alles wat nodig is vir die regte begin, gesindheid en werkplan.
- Uit veral die boek Handeling kan die gemeente gemotiveer word deur te illustreer hoe getrou Jesus self al die aspekte van die groot opdrag in die eerste gemeentes tot uitvoering gebring het (vgl. 5.2.24). Dissipels van die Here word ook gemotiveer deur voorbeelde van die impak van sy liefde in hulle eie lewe (5.2.13; 5.6.7).
- Die praktiese hantering van konflik deur genoemde sleutels is telkens in afdeling A aangetoon en dien tot verdere motivering vir die hantering van struikelblokke in die moderne gemeentebouproses (vgl. 5.6.6).

### **8.2.5 Samevattende beskrywing van die model**

In die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A en die leemtes wat in afdeling B (metateoretiese en empiries) geïdentifiseer is, is 'n verskeidenheid praktykteoretiese perspektiewe geartikuleer. Hierdie praktykteoretiese perspektiewe illustreer hoe die groot fokus, groot gebod en groot opdrag in 'n verstelde teorie as sleutels in 'n model funksioneer.

Onderstaande beskrywing van die GF, GG en GO as sleutels in 'n model moet as aanvullend tot die beskrywing in 5.3 (afd. A) gelees word en vat die praktykteoretiese perspektiewe in afdeling C saam.

Die groot fokus beskryf die Skriftuurlike basis of vertrekpunt in die gemeenteboumodel. Negatief gesien help die fokus op Christus die gekruisigde die leierskap om slaggate soos soeker- en doelstellinggedreweheid; 'n fokus op suiwer leerinhoud en die soeke na tekens en wonders, in plaas van 'n verhouding met Christus, te vermy (vgl. 1 Kor. 1:22, 23 en die beskrywing van sondige oorsake van konflik in 5.3). Ook die model wat in hierdie studie voorgestel word, mag nie die fokus van die leierskap wees nie.

Die kruis simboliseer opoffering en selfverloëning en trek 'n streep deur vervullingsteologie. Die "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18) kan alleen doeltreffend verkondig word deur leiers wat hulle eie swakheid en sonde (vgl. 1 Kor. 2:2) besef en ook deursigtig is daaroor. Voorts is dit vreemd aan die gemeente as liggaam van Christus om 'n doelstellinggedrewe organisasie te wees wat sy "image" bewustelik bestuur en buitekerklikes deur fyn programmering manipuleer.

Positief gesien help die groot fokus die leierskap en die gemeente om 'n nuwe spiritualiteit te ontdek. Christus word geken midde-in swakheid en sonde (kruis) en daar word met sy wysheid/verstand, Gees en krag geleef (vgl. 1 Kor. 2:2–4). Die gevolg is dat die gemeente, as liggaam van Christus, al hoe meer die beeld van Christus vertoon as alternatief vir die norme en waardes van 'n statusbewuste en onseker gemeenskap (vgl. 8.2.2).

Die groot gebod vloei voort uit 'n fokus op Christus die gekruisigde en is die tweede sleutel in die model. Die GG beskryf die gesindheid van Christus as oorfloedige liefde en het 'n daadwerklike impak op die gemeente. Die gemeente moet deel hê aan Christus se oorfloedige liefde deur 'n gebedstrategie vir meer en meer oorfloedige liefde. So 'n strategie sal die "vrug van Christus se geregtigheid" in elke gelowige na vore bring, soveel so dat gelowiges in staat sal wees om hulle eie lewens as voorbeelde van Christus se liefde aan ander voor te hou (Fil. 1:11). Liefde sal nie slegs in 'n omgee-gesindheid ("fellowship") na vore kom nie, maar in daadwerklike "keurige" (αἰσθήσει [Fil 1:9]) bedienings wat die evangelie bevorder (vgl. κοινωνία [Fil. 1:5])(5.6.3; 5.2.12; 5.2.13). Die gevolg van sodanige gebedstrategie en impak van Jesus se liefde maak die doelbewuste en selfbewuste bestuur van die "image" van die gemeente des te meer oorbodig (vgl. GF hierbo). Opregte oorfloedige liefde is terselfdertyd die sinvolste "bemarkingstrategie" van die gemeente. Leiers behoort daarom doelbewus te beplan om 'n gebedstrategie vir meer en meer oorfloedige liefde in werking te stel.

Die groot opdrag (Matt. 28:18–20) is die derde sleutel in die model en beskryf die uiteindelijke praktiese roeping ("comission") van die gemeente. Vir die uitvoering van en motivering vir die groot opdrag is die verstaan en toepassing van die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel en dissipelskap as proses onontbeerlik. Hierdie definisie en die verstaan van die proses is noodsaaklik om dwaalleer oor die GF te voorkom (8.2.4.2), gee nuwe motivering vir uitreiking (SP 1) (kyk laaste paragraaf by 8.2.4.4), hou belangrike praktiese hervorming in vir die praktyk van belydenisaflegging (groep 1) en grootdoop (groep 2) (8.2.4.2), asook vir lering/onderrig as voortgaande proses (SP 3) (8.2.4.2; 8.2.4.6).

Die belangrike verband tussen verbond en uitreiking behoort verder benut te word vir toerusting oor en hervorming van die roeping van die gemeente (SP 1) (8.2.4.4). SP 3 bevat 'n beknopte stelling wat die kerk tipeer as toerustingskamer vir die koninkryk en sake soos Skrifgesag, behoorlike onderrigmetodes, fasilitering van wilsbesluite tot lewensverandering en omvattende toerusting op elke terrein van die koninkryk insluit. Leierskap behoort sensitief te wees vir 'n dualistiese siening oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag.

Die verskillende sporte van die groot opdrag-trapleer kan gebruik word om 'n balans tussen SP 1–3 te handhaaf en behoort besondere aandag te gee aan die sporte waar die grootste tekortkominge voorkom (vgl. 8.2.4.2; 8.2.4.4; 8.2.4.6).

Die gemeente word gemotiveer deur Christus se mag (IND 1), die belofte van sy teenwoordigheid (IND 2), dat hulle met sy Gees en verstand en in sy liefde mag optree (GF, GG), asook deur voorbeelde in die geskiedenis van die eerste gemeente en uit hulle eie lewe (vgl. 8.2.4.8).

Beproefde materiaal (soos dié van WCS en PDM) kan aan die hand van die voorgestelde model beoordeel en aangepas word vir plaaslike omstandighede.

Saamgevat: Die dissipelmaakproses (GO) is die uiteindelijke praktiese roeping in die gemeenteboumodel. Die impak van Christus se oorfloedige liefde (GG) manifesteer toenemend in gehoorsame en omvattende uitreiking (SP 1), inlywing (SP 2) en toerusting tot uitlewing (SP 3; vgl. SP 3b). Christus se mag en teenwoordigheid motiveer die gemeente (IND 1, 2). Die model begin en eindig met 'n fokus op Hom (GF, IND 2).

### **8.3 Afdeling twee: bykomende voorstelle vir die praktiese aanbieding van die groot fokus, groot gebod en groot opdrag as sleutels in 'n model**

#### **8.3.1 Inleiding**

In afdeling een is telkens leemtes of tekortkominge uit die metateoretiese gegewens aangedui wat die noodsaaklikheid van 'n nuwe model beklemtoon het. In hierdie afdeling word, aanvullend tot afdeling een, voorstelle gemaak vir die praktiese aanbieding en implementering van die model. Hier word geensins 'n beroep op volledigheid gedoen nie. Vir vollediger inligting

kan die insiggewende en praktykgerigte werk van Burger (1999) geraadpleeg word (vgl. veral Burger 1999:111–122, 145 e.v.).

Die volgende werkswyse geld vir hierdie afdeling: eerstens word voorgestel dat konflik in moderne gemeentes benut kan word om die noodsaaklikheid van die model te motiveer. Daarom word moontlike raakvlakke tussen konflik in moderne gemeentes en verwysings na konflikhantering in afdeling A, kortliks aangedui. Tweedens word voorgestel hoe vooraf verduidelik kan word dat die model ontwerp is om die *roeping* van die gemeente te help bepaal. In aansluiting by die gedeelte oor roeping word vervolgens gedemonstreer en bespreek op hoe 'n wyse korreksies op die doelstellings van PDM (vgl. 6.3.4.3.3) met behulp van die groot opdrag-trapleer aangebring en visueel voorgestel kan word. Die afdeling word verder uitgebrei met praktiese wenke na aanleiding van 'n rekenaargesteunde aanbieding, 'n voorbeeld van hoe die groot opdrag gebruik kan word om strategiese leiding aan kleingroepe te gee, die voorstelling van die model in 'n simbool en 'n voorbeeld van 'n maklik memoriseerbare spreuk waarin die model saamgevat is. Die afdeling word afgesluit met enkele voorstelle vir die praktiese implementering van die model deur 'n taakspan vir roeping en strategie.

### **8.3.2 Illustreer dat die voorkoms van konflik die noodsaaklikheid van 'n model beklemtoon wanneer daar konflik in die plaaslike gemeente voorkom**

Volledigheidshalwe word weereens gestel dat hierdie studie nie ten doel het om meganismes voor te stel om verskillende vorme van konflik te hanteer nie. Die voorkoms van konflik was die konteks waarbinne die sleutels ondersoek is en dien nou as voorbeelde om die noodsaaklikheid van 'n model vir die oorkoepelende strategie van die gemeente te illustreer. In afdeling A is wel geïllustreer dat die behoorlike toepassing van die onderskeie sleutels effektief is om konflik te hanteer [vgl. 5.6.6]. Daar kan dus verwag word dat behoorlike toepassings van die sleutels van afdeling A tot die oplossing van verskeie vorme van konflik sal lei.

Hieronder word 'n opsomming gegee van verskeie areas van konflik (met verwysings na afdeling A in hakies vir meer inligting).

Aansluiting kan gevind word by die kursoriese beskrywing by 5.3 en 5.6.6 van konflik wat as agtergrond vir die basisteoretiese perspektiewe ontleed is (vgl. die stervormige virusse, figuur 2). Met behulp van die gevalle wat bespreek is in afdeling A, kan enersyds meer algemene

verskynsels van konflik in kerke, of andersyds meer spesifieke gevalle in die plaaslike gemeente ter illustrasie gebruik word. Die besondere situasie van die gemeente sal bepaal watter sake beklemtoon moet word.

Van meer algemene aard is die raakpunte tussen die gegewens by 2.2.5 en vandag. Die gemeente moet begelei word om te besef tot watter mate hulle daarin slaag om 'n alternatiewe samelewing te vorm (vgl. 5.6.1). Van belang is die vier besware wat die Korintiërs teen Paulus gekoester het, asook die heersende mens- en godsdiensbeskouing van die destydse samelewing (kyk 2.2.5; 2.2.7.19 – 2.2.7.24). Die aanhaling van Witherington (1995:119; vgl. 8.2.2.3) kan gebruik word om die raakpunte tussen die moderne samelewing en die destydse Korinte te illustreer. Die resultate van die empiriese navorsing by vraag 2 van die vraelys (vgl. 7.2.3; 7.3.3; 7.4.2.2) kan gebruik word om die mening van die groep te toets. Stem hulle saam met die respondente? Hoe sou hulle die vraag oor alternatiewe waardes antwoord ensovoorts. Warren se advies oor hoe die gemeente te werk kan gaan om die omliggende samelewing te verstaan, kan nuttig gebruik word (vgl. Warren, 2002:151–203).

Konflik wanneer groepe persone in die gemeentes oorwegend soekend is (in plaas daarvan dat die sekerheid van die evangelie die oorheersende kenmerk is) en/of die gemeente strategies oorleun na of die soeke na wysheid of die vra na tekens, sal die noodsaaklikheid van die model illustreer (vgl. 5.2.3; 5.2.5; 5.2.6; 5.2.8; 5.6.6).

'n Volgende voorbeeld van konflik wat meer algemeen van aard is, is wanneer daar spanning ontstaan het vanweë vrae oor die plek van die sogenaamde buitengewone gawes (vgl. 2.3.5.4.2). Hoewel 2.3.5.4.2 laasgenoemde saak nie in detail behandel nie, is daar genoegsame gegewens om die probleem te stel en die noodsaaklikheid van 'n meer algemene model of vertrekpunt te beklemtoon.

Nog 'n voorbeeld is die vraag hoe persoonlike getuïenisse in die gemeente hanteer kan word. Mag 'n Christen enigins roem? Die belang van getuïenisse is by PDM (6.3.3.4) aangetoon en die vraag of en hoe 'n mens mag roem is by 2.2.6 bespreek.

In 3.3 is 'n voorbeeld van meer algemene konflik gelys, byvoorbeeld dwaalleer wat gemeentes bedreig (vgl. 4.3.10). Intrapersoonlike en intragroepskonflik kan te wagte wees wanneer leiers erns maak met uitreiking en wanneer die gemeente begin om oor hulle grense uit te reik (vgl.



4.3.9.2 – 4.3.9.5). Antwoorde by vraag 23 van die empiriese vraelys het spesifiek verwys na spanning in die gemeente omdat die dominee (volgens die respondente) te veel oor uitreiking preek en dat gemeentedelede 'n besige beroepslewe as verskoning gebruik om nie die groot opdrag na te kom nie (vgl. 7.3.10; 7.5.19).

Voorbeelde van konflik wat meer persoonlik van aard is, is verdagmakery van leiers (vgl. 2.3.5.4.3; 3.3.4), leiers en of gemeentedelede wat hulle eie eer soek, of kla of nie eensgesind is nie (vgl. 3.3.5).

### **8.3.3 Beklemtoon vooraf dat die model ontwerp is om die gemeente te help om 'n Skriftuurlike roeping te bepaal waarbinne verdere strategieë kan ontwikkel**

Duidelikheid oor die spesifieke oogmerk met die model behoort voor die aanbieding, ten minste by die leierskap van die gemeente, te bestaan. Die model is ontwerp om die gemeente te help om 'n Skriftuurlike roeping te bepaal wat vir alle gemeentes geldig is. Onderstaande paragrawe bespreek enkele gegewens wat 'n bydrae in so 'n voorbereidende gesprek kan lewer.

In hoofstuk een is die begrip "roeping" beskryf en enigsins afgegrens teenoor die begrippe "visie" en "missie" (vgl. 1.1.6). In die korporatiewe milieu word "visie", "missie" en "waardes" as die kernideologie ("core ideology") van 'n organisasie beskou. Die kernideologie van 'n organisasie word dikwels onder die titel visiestelling ("vision statement") saamgevat (Loewen, 1997:180).

Die woord "visie" omskryf die toekoms waarheen organisasies hulleself sien ontwikkel. Organisasies laat hulle lei deur die visie as verwysingspunt of anker in die toekoms (Senge, 1990: 348). Loewen (1997:180) omskryf die begrip "visie" as volg:

**Vision** This is the *brain* that governs the whole body, not just individual limbs. It decides on the future state to which you want to move. This can include a description of how your body will look or what it will be achieving (i.e., get to the moon by the end of the decade).

Burger (1991:37–38; 1999:42) gebruik die woord "visie" as wisselterm vir die teologiese dogma, die algemene oorkoepelende beeld van die kerk in die Skrif en selfs vir die begrip "evangelie". Hy kies vir hierdie gebruik van "visie" ter wille van die "aangegrepenheid", asook emotiewe en

konatiewe momente wat sodoende beklemtoon word (Burger, 1991:38). Burger (1999:49) is van mening dat die visie bepaal word deur vrae soos: “wie is ons?”, “wat maak ons hier?” en “wat is ons opgelegde taak?”

“Missie” beskryf die styl en middele hoe die organisasie beoog om die doel (visie) te bereik (Loewen, 1997:180).

Vir doeleindes van die voorgestelde model word gekies vir die term “roeping” om die volgende redes:

Eerstens is “roeping” ’n algemene Bybelse begrip wat reeds in die basisteorie figureer om die identiteit van die gemeente te beskryf (vgl. 1 Kor. 1:24; 2.5.19; 2.6.4). Κλητός (geroepeene [van καλέω, roep]) dui enersyds op ’n uitnodiging en redding deur God en andersyds op die mense se verantwoordelikheid om Christus te aanvaar (2.3.4.6.21). Deurdat die gemeente openlik bely dat hulle deur God geroep is, gee hulle te kenne dat hulle ’n eiesoortige en alternatiewe gemeenskap is (2.6.4). In hoofstuk drie en vier is die roeping van die geroepenes (gemeente) omskryf as die groot gebod en die groot opdrag.

Tweedens is “roeping” meer generies van betekenis as “visie” en “missie”. Alle gemeentes het ten alle tye die roeping om die groot gebod en groot opdrag uit die leef. Binne laasgenoemde roeping kan ’n besondere roeping (visie) en werkswyse om die roeping te bereik (missie) bepaal word. Laasgenoemde besondere roeping sou slegs vir een gemeente kon geld en ook net vir ’n bepaalde tyd. Byvoorbeeld: ’n gemeente kan dit as hulle besondere roeping of visie ag om nog ’n gemeente op ’n bepaalde plek te plant. Na drie jaar word die visie weer hersien.

Burger (1991:37–38; 1999:42, 201) se gebruik van die woord “visie” as ’n meer algemene begrip, kan veral by mense wat aktief in die korporatiewe wêreld meedoen, verwarring veroorsaak, aangesien die visie van ’n maatskappy in meer spesifieke terme omskryf word en slegs vir een bepaalde instansie geld. Wanneer die begrip “roeping” eerder as “visie” gebruik word kan gemeentes met dieselfde teologiese dogma en wat die evangelie omhels, steeds verskillende visies hê.

Derdens sal die gebruik van die woord “visie” nie noodwendig op konatiewe of emotiewe vlak voordelig wees nie. Die vraag is of gemeentes werklik daarin slaag dat gelowiges hulle tot die

regte sake, dit wil sê tot 'n geloofsgemeenskap met alternatiewe waardes, verbind (vgl. Burger, 1991:82). In hoofstuk twee is beredeneer dat die onderliggende probleem vir die skryf van die briewe aan die Korintiërs die negatiewe invloed van die tydsgees was. Soos die res van die samelewing het die Korintiërs veral selfverheerliking of valse roem nagestreef, weliswaar binne 'n Christelike konteks (2.2.5). Laasgenoemde strewende het hulle kwesbaar gemaak vir manipulasie deur leiers wat hulleself as hipergeestelik voorgedou het (vgl. 2.2.5). Die oplossing wat Paulus namens God gee, is dat die Korintiërs hulle swakheid en sonde in die lig van die kruis herontdek en alleen in die Here (Christus) sal roem (2.6.5 – 2.6.7). “Swakheid, vrees en bewing” is die vereistes van leierskap waarin die krag van die Gees geopenbaar word (1 Kor. 2:3–4; 2.6.7). Leiers behoort dus met omsigtigheid te werk te gaan. Die leierskap mag nie deur die gebruik van terme soos “visie” en “missie” die indruk skep dat die gemeente net nog 'n suksesvolle korporatiewe entiteit is nie.

Wanneer begrippe soos “visie” en “missie” uit die staanspoor gebruik word (eerder as die begrip “roeping”), kan hulle ook op emotiewe vlak teenproduktief wees. Lidmate wat in die korporatiewe omgewing uitgebuit en gemanipuleer word, sal moontlik voel dat die leierskap met vergelykbare aksies in die gemeente besig is. Weerstand teen wat gesien kan word as modernistiese beheer en manipulasie sal dan nie uitbly nie (vgl. Vorster, 1999:112, 113). Pillette (1997:245) vertel byvoorbeeld hoe hy in die korporatiewe wêreld om die bos gelei is deur 'n bestuurder wat hom gelei het (“jy is net die man wat ons vir die werk nodig het!”). Hy het kort na die insident gehoor hoe die bestuurder presies dieselfde tegniek op 'n ander werker toepas en besef dat hy bloot gemanipuleer is om die visie en missie van die maatskappy uit te bou. Die opmerkings van die bestuurder was onopreg. Daarom waarsku hy teen die gebruik van soortgelyke tegnieke in die kerk:

Today there is a growing inclination to make the leader's visionary powers the key to motivating and enthusing people to take hold of a certain task. There is a premium upon being positive, making people feel good, being forward looking, and making things fun. A true leader visualizes the future. The visionary leader gets people excited about setting goals and making a strategy to accomplish great things. He has a sense of where trends are headed and plans to meet the needs of tomorrow (Pillette, 1997:236).

As teenvoeter bepleit Pillette (1997:242) die optrede en gesindheid wat by Paulus waarneembaar was. Hy redeneer met verwysing na 2 Timoteus 1:15; 4:10, 14, 16 dat Paulus in sy advies aan Timoteus min eienskappe van 'n tipies moderne visioenêre leier getoon het:


For Paul, influence and motivational power come from years of being principled rather than pragmatic. He motivates others by setting the example. He has no hidden agenda; it is all out in the open; he has proven his unbending conviction under hardship over a long time; he has invested faithfully in long-term friendships and thus people are indebted to him; he goes higher than the normally accepted level of ethics; he avoids manipulation in order to allow God to be the final or ultimate cause in bringing conviction. In so many words, he motivates others by being a man with his eyes fixed on eternity, not on the cultural conventions of the day (Pilette, 1997:243; vgl. 2.6.7).

Om begrippe soos “visie” en “missie” *per se* af te wys is waarskynlik ’n oordrewe reaksie. Lidmate kan ook om die bos gelei word met die begrip “roeping”. Die vraag is in die eerste plek nie watter term gebruik word nie, maar wat die gesindheid (GG) en karakter (GF) van die leier is en of hy/sy die roeping reg verstaan. Daarom het leiers en gemeente as vertrekpunt ’n model nodig wat die gesindheid en taak duidelik omskryf. Binne so ’n model kan spesifieke roeping (visie) met groter geloofwaardigheid en gesamentlik ontdek word.

Ten slotte word voorgestel dat gemeentes begelei word om hulle waardes in die lig van die GF, GG en GO te ontdek. Loewen (1997:180) beskryf die begrip “waardes” as “the unique *physical traits* of the body – how you look and do things ...”. Covey (1994:70) beskryf waardes as padkaarte in die mens se gedagtes. Hy sê dat elke mens twee stelle kaarte in sy verstand het, naamlik die werklikhede (hoe sake staan) en waardes (hoe sake behoort te staan). Waardes verskil ook van beginsels:

Principles are not values. A gang of thieves can share values, but they are in violation of the fundamental principles we're talking about. Principles are the territory. Values are the maps. When we value correct principles, we have truth – a knowledge of things as they are (Covey, 1994:35).

Burger (1995:37) beklemtoon tereg dat waardevorming binne die totale lewe, spiritualiteit en bediening van die geloofsgemeenskap plaasvind. Hoewel die voorgestelde model merendeels op die vlak van beginsels lê, kan die model ’n belangrike bydrae lewer tot waardevorming in die gemeente. As “padkaart” vir die gemeente kan waardes afgelei word uit die beginsels wat in afdeling A ontgin is. Die model is verder ook proaktief in die proses van waardevorming deurdat gemeentes uit die staanspoor bygestaan word om strategies met die regte beginsels te werk (vgl. Covey, 1994:70, 71). In Covey *et al* (1999:125) se grafiese voorstelling lê die voorgestelde model dus op die vlak van die wortels van die boom.



**Figuur 9. Beginsels, missie en rolverdeling (Covey *et al*, 1999:125)**

Die onderskeid tussen waardes en doelstellings is nie altyd duidelik omlyn nie. Lewis (2000:52) stel byvoorbeeld die vraag of PDM se vyf doelstellings nie eerder as “fundamentals” omskryf moet word nie. In 4.3.4 is die verband tussen die groot opdrag in Matteus 28 en die wyse waarop die eerste gemeentes aan laasgenoemde gestalte gegee het (waardes), aangedui. Die WCS se viervoudige doelstelling op grond van Handeling 2 (“exaltation, evangelism, edification, social action”) (6.2.3) sou ook as waardes omskryf kon word.

#### **8.3.4 Voorgestelde doelstellings volgens die groot fokus, groot gebod en groot opdrag**

##### **8.3.4.1 Inleidend: waak teen die verabsoluttering van spesifieke doelstellings**

In die kritiese beoordeling van PDM is daarop gewys dat Warren se stelling dat die vyf doelstellings van PDM in wese alles opsom wat die Nuwe Testamentiese gemeente behoort te doen, oordrewe is (6.3.4.3.2). Die opmerking is ook gemaak dat hierdie studie nie voorgee dat die GF, GG en GO die enigste sleutels is en alles opsom wat die gemeente behoort te doen nie (6.3.4.3.2). Verder is aangetoon dat die spesifieke doelstellings van PDM, nie behoorlik Skriftuurlik gefundeer is nie (6.3.4.3.2; 6.3.4.3.3).

Laasgenoemde opmerkings word hier herhaal. Gemeentes word dus ontmoedig om die doelstellings van PDM onkrities oor te neem.

Hier word nie voorgestel dat die doelstellings wat hieronder aangedui is die enigstes is nie. Gemeentes kan op grond van die resultate in afdeling A en B hulle eie doelstellings formuleer. By 8.3.4.2 volg slegs enkele voorstelle met die verwysings in hakies as begronding.

#### **8.3.4.2 Moontlike doelstellings op grond van die groot fokus en die groot gebod**

Die volgende doelstellings kan uit die GF afgelei word:

- Om 'n alternatiewe gemeenskap in die samelewing te wees (vgl. 5.6.1).
- Om mense tot sekerheid van hulle verlossing in Christus te begelei, in plaas van om soekend te bly (vgl. 5.6.2).
- Om 'n gemeente te wees waarin leierskap en lidmate deursigtig is oor hulle sonde en swakheid (vgl. 5.6.2; 5.2.6; 5.2.7).

Die volgende doelstellings kan uit die GG afgelei word:


- Om 'n gemeente te wees waarin aktiewe voorbidding vir oorstroomende liefde plaasvind (5.6.3).
- Om 'n gemeente te wees waarin die evangelie deur liefdevolle bedienings bevorder word (5.6.3; vgl. "ministry" in PDM). Hierdie doelstelling kan ook gebaseer word op SP 3b van die groot opdrag soos hieronder aangedui word (vgl. 5.6.4).

Vervolgens word moontlike doelstellings op grond van die groot opdrag aangedui.

#### **8.3.4.3 Moontlike doelstellings op grond van die groot opdrag en die gesamentlike voorstelling van al die doelstellings**

Die gebreke in die wyse waarop PDM doelstellings aan die GO koppel is by 6.3.4.3.3 deur 'n voorstelling op die groot opdrag-trapleer aangedui en word nie hier herhaal nie. Hieronder word voorgestel hoe PDM se doelstellings hersien kan word. Drie hoofdoelstellings op grond van die groot opdrag naamlik uitreiking, inlywing en uitlewing word onder die bloukleurige binnesporte aangebring (let op die rigting van strategiese beweging *uit*-, *in*- en *uit*- by die hoofdoelstellings).

Meer spesifieke doelstellings aan die regterkant word (met verwysings na PDM se doelstellings in hakies) aangedui.



Figuur 10. Moontlike doelstellings in 'n versterkte teorie

**"Worship"** (lofprijsing en aanbidding) is 'n baie algemene/breë doelstelling en kan in verskeie Skrifgedeeltes begrond word. By 6.3.4.3.2 (kyk ook 4.2.6.7.2) is gestel dat hierdie doelstelling byvoorbeeld ook in Matteus 28:17 begrond kan word. Die grond vir die aanbidding van Jesus in Matteus 28:17 word deur Jesus gegee in Matteus 28:19 (Hy het alle mag in die hemel en op aarde). Daarom word hierdie doelstelling van PDM gerieflikheidshalwe aan IND 1 gekoppel, sonder om daarmee te beweer dat dit ongegrond is om hierdie doelstelling in die groot gebod te begrond. Die erediens as vergestaltung van "worship" kan gemaklik aan SP 1–3 gekoppel word, aangesien daar deur die erediens uitgereik moet word, gelowiges in die erediens belydenis doen, die gemeenskap van die gelowiges in die erediens beleef word en dissipels verder in die erediens geleer word.



Gebed as doelstelling sou ook op die groot opdrag (IND. 1, 2) gebaseer kan word (4.2.6.7.2), hoewel gebed in hierdie studie hoofsaaklik ingevolge die groot gebod (Fil. 1:9–11) ondersoek is. Omdat Jesus al die mag het, moet Hy aanbid word en omdat Hy by sy gemeente is en sy gemeente in Hom, kan die gemeente enigiets in sy Naam vra (vgl. Joh. 15:7, 16). Indien gebed ook op die groot opdrag gebaseer is, verskaf die groot opdrag sewe doelstellings (gebed plus die ses doelstellings wat hierbo op die voorstelling aangedui word) aan die gemeente, wat tegelyk gebaseer is op 'n fokus op Christus en liefde vir God en die naaste, aangesien die sleutels progressief op mekaar volg (hfst. 5).

Dit is belangrik om die motivering vir die doelstellings wat in die groot opdrag begrond word, duidelik volgens IND 1, 2 aan te dui (vgl. 5.6.7).

Hier word verder voorgestel dat gemeentes veral figuur een en vier gebruik om tekortkominge in die gemeentestrategie te identifiseer. Byvoorbeeld, 'n empiriese ondersoek kan gedoen word op elkeen van die sporte met vrae soos gebruik in die vraelys (vgl. 7.2.5). 'n Vollediger empiriese ondersoek oor IND 1, 2 kan onderneem word oor vrae soos "wat demotiveer en wat motiveer jou om die groot opdrag uit te voer?" (vgl. resultate van vraag 9 en 23; 7.2.5; 7.5.10; 7.5.19).

Hoewel doelstellings soos gebed en lofprysing en aanbidding ("worship") waarskynlik elders in die Skrif duideliker begrond kan word, bied die groot opdrag-trapleer 'n grafiese voorstelling wat kommunikasie kan vergemaklik. 'n Spesifieke sport wat op 'n gegewe tyd die swakplek in die gemeente verteenwoordig kan met spesifieke doelstellings, doelwitte en aksieplanne langer "betree" word. Doelwitte moet "SMART" wees: dit wil sê "Specific" (spesifiek), "Measureable" (meetbaar), "Attainable" (haalbaar), "Realistic" (realisties), "Tangible" (tasbaar).

### **8.3.5 Gerekenariseerde visuele materiaal is beskikbaar**

Hier word voorgestel dat die model tydens 'n gemeenteberaad of werkswinkel aangebied kan word. Gerekenariseerde visuele materiaal ("powerpoint") met 'n volgstuk is beskikbaar by [jacob@linden.org.za](mailto:jacob@linden.org.za). Die aanbieding begin byvoorbeeld met riglyne aan groepe wat deelname versterk en waarin die groepe gelei word om eers selfstandig aspekte van die sleutels in kernskrifgedeeltes te ontdek. Hier word volstaan met enkele opmerkings oor die rekenaargesteunde aanbieding.



- Die aanbieding begin met voorstelle van Skrifgedeeltes waarin kernaspekte van die sleutels eers in groepe ontdek word. Die resultate van die groepsbespreking word aangeteken en voorgestel en daar word deurgaans tydens die aanbieding daarop voortgebou.
- In die aanbieding word by Warren (2002:112) se beklemtoning van die waarde van simbole aangesluit wat deurlopend visueel voorgestel word. Deur verskeie simbole word die konteks van die sleutels, die verwantskap en progressie tussen die sleutels en inhoudelike aspekte en die relevansie van die sleutels verduidelik (vgl. die beskrywing by 8.2.5 en 5.3).
- Figure 2–4 in hoofstuk vyf kan aanvullend gebruik word. Byvoorbeeld, die gesonde uitlewing van die gemeente se roeping is in figuur twee en drie as 'n groter-/sterkerwordende lewensaar van die liggaam voorgestel (vgl. figuur 3, vir die vooraansig). Die GF, GG en GO is afsonderlik voorgestel as lewensbelangrike are wat uitmond in die hoofaar van die gemeente. Hoe die groot fokus die sleutels met mekaar verbind is met die eerste oogopslag waarneembaar. Figuur twee en drie kan as opsomming aan die einde van die aanbieding gebruik word. Aan die hand van figuur vier kan verduidelik word op welke wyse die gemeente met die sleutels in die samelewing en wêreld moet funksioneer (5.4).
- Vir doeleindes van die groot fokus word gekonsentreer op 1 Korintiërs 1:22–23. Die volgende Skrifgedeeltes figureer ook in die aanbieding om verskillende aspekte van die GF te beklemtoon: 1 Korintiërs 1:18; 2:2; Matteus 11:27; 28:18; Johannes 14:6; Filippense 3:8; 2 Korintiërs 11:30, 33; 12:6.
- Vir doeleindes van die groot gebod word gekonsentreer op Filippense 1:9–11. Die volgende Skrifgedeeltes figureer ook in die aanbieding om verskillende aspekte van die GG te beklemtoon: Markus 12:29–31; Filippense 1:5–6; Galasiërs 5:1, 13; Kolossense 1:8.
- Vir doeleindes van die groot opdrag word gekonsentreer op Matteus 28:18–20. Die volgende Skrifgedeeltes figureer ook in die aanbieding om verskillende aspekte van die GO te beklemtoon: Johannes 6:60, 64, 66; Daniël 7:13–14; Handeling 1:8; 2:38–39; Johannes 17:22–23; Jakobus 4:17; Lukas 22:36; 1 Korintiërs 7:24; 1 Tessalonisense 4:11–12; 2 Tessalonisense 3:10.
- Drie persone uit die gehoor word gevra om in 'n rollespel die drie tipes dissipels voor te stel waarna die proses van dissipelskap verder aan die hand van die groot opdrag-trapleer verduidelik word.

### 8.3.6 'n Voorbeeld van die aanbieding van die groot opdrag in kleingroepe

Die volgende voorbeeld kom uit 'n aanbieding wat vir gebruik in kleingroepe in die Gereformeerde kerk Linden opgestel is. Na die groot opdrag-trapleer (figuur 1) is die volgende drukstuk as werksdokument in die kleingroepe gebruik:

#### A. EERSTE EN LAASTE (GROOT) SPORTE

Hierdie sporte omring die groot opdrag met wonderlike belofes.

|                                                               |
|---------------------------------------------------------------|
| <b>1. "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde"</b> |
|---------------------------------------------------------------|

? **Evaluer** Of die groeplede kragteloos voel ten opsigte van die groot opdrag

☐ (1= kragteloos; 10 = vol van die krag van die Gees)

**Betekenis**

- Jesus bemaatig mense in sy diens met sy Heilige Gees (lees Hand. 1:8).
- Jesus deleger nie sy werk nie, maar werk self deur mense (vgl. Joh. 15:1–8)
- Dit maak dus nie saak hoe slim of dom, hoe sterk of swak ek is nie. Jesus kan en sal op een of ander wyse deur my en deur ons groep werk.
- Wat van belang is, is dat ons in Jesus moet wees (vgl. Joh. 15:1–8).

|                                                                              |
|------------------------------------------------------------------------------|
| <b>2. "Ky, Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld"</b> |
|------------------------------------------------------------------------------|

☐ **Evaluer** die moraal van die groep (1= lae moraal/voel erg van God verlate; 10 = voel die nabyheid van die Here).

**Betekenis**

- Jesus vestig pertinent ons aandag op sy belofte ("kyk")
- Jesus is by sy dissipels. So begin die evangelie van Matteus en so eindig dit (vgl. Matt. 1:23). Is jy bly jy is deel van die dissipelkring?
- Ek sal nie al die werk kan voltooi nie, want my dae op aarde is maar min.
- Maar Jesus sal ook na my heengaan by sy dissipels wees (vgl. "tot die voleinding"). Ek kan dus gehoorsaam wees al sien ek nog nie resultate nie.

## B. DIE DRIE BINNESPORTE BESKRYF DIE MANIER WAAROP DISSIPELS GEMAAK WORD

### 1. "Gaan ... oor die grense"

#### ☒ **Betekenis**

- Die term "al die nasies" is 'n inherente kerngedeelte van die groot opdrag. Die rede is dat die heerlikheid van die Here wyd moet versprei. Net na die toring van Babel, waar die mens God wou beperk, stel God die verbond met Abraham in en belowe om in hom "al die geslagte van die aarde" te seën (vgl. Gen. 11,12). Die Matteus-evangelie is juis geskryf om Jode en Joodse Christene wat eerder na binne as na buite gewerk het, aan te spreek (vgl. die geslagsregister in Matt. 1 hoervroue en nie-Jode ingesluit).
- Die eerste en vernaamste grens wat oorgesteek word, is om 'n nie-dissipel te bereik (vgl. die stuk oor dissipelskap).
- Vra die Here om jou/julle te wys wie bereik moet word. Wees by voorbaat bereid om grense van taal en kultuur oor te steek.
- Wees by voorbaat versigtig om nie homogeniteit in die kleingroep na te streef nie.

☐ **Evalueer** nou die uitreiking of na-buite-gerigtheid van die groep (1= totaal na binne gerig)

### 2. "Doopt hulle ....in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees"

#### 2.1 ☒ **Betekenis**

- Die Jood wat hom/haar laat doopt het, het alle voorregte van Joodwees verbeur en het bewys dat hy/sy tot radikale bekering (tot Jesus) gekom het.
- Van elke Christen word verwag om 'n radikale breuk (U-draai) met sy/haar sondige natuur te maak (vgl. Joh. 3:5 "water" [doop])

2.1 ☐ **Evalueer** nou in hoe 'n mate die lede van die groep self weet dat hulle nie meer wêreldlinge is nie. OF laat elkeen maar net die groep as 'n geheel evalueer, wat kenmerk die groep? (1= leef, dink en doen nes die wêreld; 10= voluit vir Jesus se koninkryk).

#### 2.2 ☒ **Betekenis**

- "In die Naam van die Vader Seun en Heilige Gees" beteken om ingelyf te wees in die warmte van die geloofsgemeenskap". Daar is geen intiemer band as dié tussen Vader, Seun en Gees nie.
- Die eerste gemeentes was bekend vir hulle omgee vir mekaar, 'n direkte gevolg van Jesus se gebed in Johannes 17 (vgl. Hand. 4:32; Joh. 17:21).

2.2 ☐ **Evalueer** die groep se omgee en deel met mekaar/die warmte in die groep (1=yskoud)

### 3. "Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"

#### 3.1 ☒ **Betekenis**

- Nie net omgee nie, maar grondige onderrig deur die Here se Woord is belangrik (vgl. Joh. 15:7; 17:6)

3.1 ☐ **Evalueer** die geloofstoerusting uit die Here se Woord (1= ons "social" net)

3.2 ☒ **Betekenis**

- "Om alles te onderhou" beteken om nie net Bybelstudie te doen nie, maar om dit te doen met die oog op lewensverandering en dat hierdie lewensverandering gesoek en daarvoor gebid word.
- Indien 'n groep dus nooit sy groei en praktiese projekte monitor nie, maar een Bybelstudie na die ander inryg, is hier 'n leemte.

3.2a ☐ **Evalueer** die aktualiteit van die Skrifgedeeltes wat behandel word. Spreek hulle areas aan waarin ware lewensverandering moet plaasvind? (1= glad nie, 10=beslis)

3.2b ☐ **Evalueer** die vrugte of groei wat deur die Woordverkondiging plaasvind in terme van projekte of dienswerk (1=geen; 10= baie).

3.3 ☒ **Betekenis**

"alles wat ek julle beveel het" beteken ook dat ons nie met meer besig mag wees as wat Jesus beveel het nie. Anders gestel, ons mag nie wegdwaal van die waarheid deur hare te kloof oor dinge wat Jesus nie geleer het nie en waarin ons vry is nie.

3.3 ☐ **Evalueer** of die groep hare kloof oor vorme en patrone (1=ons stry aanmekaar oor sake soos die tipe musiek en maniere van doen; 10=Jesus se opdragte is so duidelik dat ons nie tyd het om vas te haak by te lang gesprekke oor die vorme en patrone nie, ons wil eerder eerstens gehoorsaam wees)

3.4 ☒ **Betekenis**

"alles wat Ek julle beveel het" beteken dat Jesus se Woord sentraal staan en nie buite-Bybelse bronne of boeke nie (vgl. 2 Tim. 3:16–17).

3.4 ☐ **Evalueer** of die groep met die Woord van die Here besig is of met ander sake soos sielkunde, politieke wetenskappe ensovoorts (1= vertrou glad nie dat die Bybel genoegsaam is nie; 10= die Bybel sal my volkome toerus vir elke goeie werk).

3.5 ☒ **Betekenis**

"alles wat Ek julle beveel het" beteken ook dat jy die hele Bybel as gesaghebbende Woord van God aanvaar, nie net sekere gedeeltes wat graag gehoor word nie (vgl. 2 Tim. 4:3).

3.5 ☐ **Evalueer** of jy/die groep gewildheid of gehoorsaamheid nastreef (1=ek/die groep sal nooit bereid wees om iemand anders in liefde te konfronteer met die Woord van God nie; 10=ons sal mekaar werklik in liefde tug oor alles wat nie volgens die Woord is nie).

C. SLOTOPMERKING: ENTOESIASME/"COMMITMENT"/BEPLANNING EN BESIKBAARHEID

☒ **Betekenis**

- In Matt. 28:16 lees ons dat die dissipels na die berg gegaan het waar Jesus hulle beveel het om te gaan. Hulle was dus beskikbaar en het hulleself "gecommit"

☐ **Evalueer** Ek is opgewonde en vasbeslote om Jesus se groot opdrag na te kom (1=glad nie; 10=altyd)

### 8.3.7 Die voorstelling van die drie sleutels in 'n simbool

Gemeentes kan hulle eie simbole ontwerp ten einde die drie sleutels sigbaar voor te stel (vgl. Warren, 2002:112). As voorbeeld word die gemeente-embleem uit die Gereformeerde kerk Linden se gemeenteblad op die volgende bladsy aangehaal.

Let daarop dat die kruis die sentrale simbool is (vgl. 5.2.5). Die volgorde en progressie van die sleutels word ook deur die simbool voorgestel. Die GO vorm die buitenste simbool en volg op die GG wat weer op die GF volg (vgl. figuur 3; 5.3). Die buitenste kring stel die heerlijkheid van God as oorkoepelende doelstelling voor (vgl. die goue rand). Drie kleure word gebruik om die werk van Vader, Seun en Heilige Gees voor te stel. Die kleiner kringetjies stel 'n netwerkstrategie met ander Christene voor ('n beskrywing van die gemeente-embleem en kort uiteensetting van die gemeentestrategie [as inleiding in die gemeentegids] is beskikbaar by [www.linden.org.za](http://www.linden.org.za))

Die simbool het ook waarde om aansluiting by die behoeftes van die buitekerklike en Christen te vind (vgl. die positiewe waardering vir PDM se strategie om by behoeftes van die buitekerklike aansluiting te vind by 6.3.3.3). Maslow het bekendheid verwerf vir sy rangskikking van die mens se basiese behoeftes volgens 'n behoeftepiramide (Uris, 1986:42). Hy lys die mense se basiese behoeftes in die volgende volgorde:

- Fisiologies. Basiese behoeftes soos kos, huisvesting en seksuele vervulling.
- Veiligheid. Beskerming teen gevare en bedreigings van die omgewing en samelewing.
- Sosiaal. Behoefte aan liefde, affiniteit en 'n gevoel van behoort.
- Erkenning ("esteem"). Die wens om deur ander gerespekteer te word.
- Self-vervulling. Die behoefte om vervulling/satisfaksie in arbeid te ervaar en te voel dat hy/sy betekenis in die wêreld het (vgl. Uris, 1986:43).

(Op bladsy 379 word die ooreenstemming tussen Maslow se behoeftes en die simbool van die Linden-gemeente voorgestel)



# GEREFORMEERDE KERK LINDEN

|                                                                                           |                 |                              |                                                                                |
|-------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------|------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------|
| G<br>A<br>A<br>N<br><br>M<br>A<br>A<br>K<br><br>D<br>I<br>S<br>S<br>I<br>P<br>E<br>L<br>S | EK IS MET JULLE | AL DIE DAE                   | V<br>A<br>N<br><br>A<br>L<br><br>D<br>I<br>E<br><br>N<br>A<br>S<br>I<br>E<br>S |
|                                                                                           | Leer hulle      | om alles te onderhou         |                                                                                |
|                                                                                           | Doop hulle      | in die naam van die V S HG   |                                                                                |
|                                                                                           | Gaan            | oor die grense (vgl. nasies) |                                                                                |
|                                                                                           | AAN MY IS GEGEE | ALLE MAG                     |                                                                                |

2003

| Behoeftes volgens Maslow              | Ooreenstemming met simbole                                                                                        |
|---------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Fisiologiese                          | Die Vader sorg vir sy kinders (groen sirkel)                                                                      |
| Veiligheid                            | Ewige sekuriteit/verlossing in Jesus Christus (rooi kruis [GF])                                                   |
| Sosiaal                               | Die groot gebod bepaal betekenisvolle liefdevolle verhoudinge [GG])                                               |
| Erkenning ("esteem"), Self-vervulling | Gehoorsaamheid aan die groot gebod, geniet erkenning by God en die versekering dat Jesus by sy liggaam is (IND 2) |

Bostaande vergelykings is in die rekenaarmateriaal gekombineer met die simbool (kyk [jacob@linden.org.za](mailto:jacob@linden.org.za)).

### 8.3.8 Omskrywing van die roeping van die gemeente in een sin

Die roeping van die gemeente kan in een memoriseerbare sin saamgevat word (vgl. Warren, 2002:102). Die volgende sin is tydens 'n gemeenteberaad van die Gereformeerde gemeente Linden (Mei 2003) aanvaar en word ter illustrasie aangehaal:

*Ons dien om dissipels van Jesus te maak*

deur die:

- ✚ Groot fokus
- ✚ Groot gebod
- ✚ Groot opdrag

### 8.3.9 Verdere implementering van die model deur middel van 'n taakspan vir roeping en strategie

Die model beskryf 'n strategie wat gekontinueer moet word. Dit word voorgestel dat die gemeente na die aanbieding van die model 'n taakspan saamstel vir verder implementering van die roeping. So 'n taakspan behoort onder toesig van die kerkraad te funksioneer en behoort 'n voortgaande opdrag te hê, aangesien die proses van dissipelskap nooit afgehandel word nie.

Dit val buite die veld van ondersoek van hierdie studie om 'n volledige metode en werkswyse vir die taakspan te ontwerp. In aansluiting by die gegewens by 8.3.3 word volstaan met 'n kort beskrywing en bespreking van 'n werkswyse wat volgens Lindeque (2003)<sup>1</sup> redelik algemeen in die sakewêreld aanvaar word. Die volgende vrae beskryf die werkswyse of proses:

- Wat is ons visie of toekomsbeeld?
- Hoe moet die leierskap lyk/wees om die visie te bewerkstellig?
- Wat is die heersende kultuur (waardes) en wat behoort dit ingevolge die visie te wees?
- Watter strukture, vorme en prosesse is nodig om die visie te bewerkstellig?
- Hoe bemagtiging ons mense om die visie 'n werklikheid te maak?

Soos gestel by 8.3.3 is die model wat in hierdie studie voorgestel word ontwerp om proaktief die Skriftuurlike roeping van die gemeente te bepaal. Binne die roeping van die gemeente kan in aansluiting by Lindeque (hierbo) 'n spesifieke visie ontdek word. In die gemeente as liggaam van Christus kan so 'n visie alleen verkry word indien Christus die gekruisigde, die vertrekpunt en deurlopende fokus van die taakspan is (vgl. 8.2.2.2). Verder moet die taakspan self gedra word deur 'n gebedstrategie vir meer en meer oorstroomende liefde (vgl. 8.2.3.2). Sodoende sal die taakspan kan onderskei waar die vernaamste tekortkominge van die gemeente op die groot opdrag-trapleer en binne die algemene doelstellings voorkom (vgl. die praktykteoretiese perspektiewe by 8.2.4 en 8.3.4.3 oor doelstellings). 'n Visie behoort die herstel van die leemte in die oog te hê, gekoppel aan spesifieke, meetbare doelwitte (vgl. 8.3.4.3 en die samevattende beskrywing van die model by 8.2.5; 5.3).

'n Visiestelling behoort volgens Lindeque (hierbo) ook te vra waar die gemeente hulleself sien oor 'n jaar en moet in 'n bondige maklik memoriseerbare sin in die teenwoordige tyd geformuleer word.

Die vereistes waaraan leiers behoort te voldoen word op verskeie plekke in die Bybel uitgespel (vgl. 1 Tim. 3:1–13; Tit. 2:1–10) en is nie in hierdie studie volledig in behandeling geneem nie. Eweneens is nie aandag geskenk aan verskillende moontlike leierskapstyle (byvoorbeeld, direkief, deelnemend, ensovoorts) nie. Uit die perspektiewe by 8.2.2.2 (vgl. ook die verwysing by 6.2.7.10) kan wel deur die taakspan afleidings gemaak word oor die vereistes van leiers,

---

<sup>1</sup> Dr Lindeque is 'n voormalige uitvoerende direkteur van Eskom en voorsitter van die Eskom Pensioenfonds. Inligting is bekom tydens 'n persoonlike onderhoud op 2 September 2003.



byvoorbeeld dat hulle deursigtig moet wees oor hulle eie swakheid, reeds bedienings in Gees en krag moet hê en die werk van die Gees moet fasiliteer in plaas van forseer.

Om die leierskap te help om spesifieke waardes te formuleer en te kommunikeer is 'n groot uitdaging vir die taakspan. Hierbo (8.3.3) is verwys na die waardes van die eerste gemeentes (4.3.4) en hoe die Willow Creek-gemeente op grond van dieselfde waardes hulle eie kultuur en waardes met eie trefwoorde gestipuleer het. Gemeentes kan baie leer by die Willow Creek- en Saddleback-gemeentes oor die konkretisering van waardes (vgl. 6.2.3; 6.3.2). Geformuleerde waardes van ander gemeentes verskil egter van mekaar al is hulle Skriftuurlik, aangesien die waardes in 'n unieke plaaslike "geboorteproses" die lig gesien het. Ander gemeentes kan daarom nie die spesifieke waardes van hierdie gemeentes bloot "oorplak" nie. Soos by 8.3.3. aangedui is, verleen die basisteoretiese perspektiewe en die beskrywing van die model 'n raamwerk van beginsels waarbinne die waardes ontdek en geformuleer kan word.

Ten opsigte van die vorme wat uit die model kan ontwikkel word weer verwys na die insigte van Getz (1986:38) oor vorm en funksie (4.3.2). Sonder die nodige vryheid om nuwe vorme te ontdek en daarmee te eksperimenteer én foute te maak (vgl. Warren, 2002:29, 388) sal die sukses van die model beperk wees (vgl. ook wenke in die rekenaarmateriaal oor vorme en strukture).

Die praktykteoretiese perspektiewe oor die groot gebod en die implikasies van die Skriftuurlike betekenis van κοινωνία (vgl. Fil. 1:5) bied die vertrekpunt vir die "bemagtiging" van lidmate (vgl. 8.2.2.2). Die onderlinge verwantskap tussen die drie sleutels (GF, GG en GO) is ook van die grootste belang om lidmate in die bediening te help stel. Lidmate is reeds "bemagtig" wanneer hulle met Christus se Gees en verstand leef (GF) en werk deur hulle bedienings mee aan die bevordering van die evangelie (GF), omdat die hulle deur die impak van Jesus se liefde gedring word (GG) om dissipels te maak (GO). Deur dissipelskap as proses te verstaan, ontstaan daar geleenthede vir 'n groot verskeidenheid bedienings op elke sport van die groot opdragleer (SP 1–3). Ten diepste motiveer en bemagtig Jesus self deur sy mag en teenwoordigheid lidmate vir bedienings (IND 1–2). Daarom mag leiers nie terughoudend wees daaroor om 'n "commitment" te vra nie (vgl. Warren, 2002:344). Leiers moet ook aan lidmate ruimte gee vir hulle bedienings en lidmate moet ruimte aan leiers skenk "to lead and feed" sodat hulle verder toegerus kan word vir hulle bedienings (Warren, 2002:389). Die praktiese

wenke in PDM om lidmate van “members” na “ministers” te begelei verdien oorweging deur die taakspan (vgl. Warren, 2002:365–392).

Ten slotte word voorgestel dat taakspanne van verskillende gemeentes wat die voorgestelde model gebruik, met mekaar skakel ten einde by mekaar te leer. Seminare en werksinkels kan van groot waarde wees, mits dieselfde drie sleutels ook daar toegepas word. Verskeie ander praktiese wenke en selfs toerustingsmateriaal behoort uit sulke werksinkels hul beslag te kry.

### **8.3.10 Samevatting**

In afdeling twee is die praktykteoretiese perspektiewe aangevul deur die volgende praktiese wenke:

- Raakvlakke tussen konflik in moderne gemeentes en konflikhantering as konteks waarbinne die sleutels ondersoek is (8.3.2).
- Riglyne vir voorbereidende gesprekke (8.3.3).
- Riglyne in verband met doelstellings en die visuele voorstelling van hierdie doelstellings gekoppel aan die GF, GG en GO (8.3.4).
- Die beskikbaarheid van visuele gerekenariseerde materiaal (“powerpoint”) (8.3.5).
- 'n Voorbeeld van 'n volgstuk vir aanbieding in kleingroepe (8.3.6).
- Die moontlike voorstelling van die model in 'n simbool (8.3.7).
- Hoe met die simboliese voorstelling aangetoon kan word dat die roeping volgens die sleutels op die ervaaarde behoeftes (“felt needs”) van mense betrekking het (8.3.7).
- 'n Voorbeeld van hoe die roeping van die gemeente volgens die model, saamgevat is in 'n maklik memoriseerbare spreuk (8.3.8).
- Riglyne aan 'n taakspan vir verdere implementering van die roeping (8.3.9).

## **8.4 Gevolgtrekkings**

8.4.1 'n Versteelde praktykteorie (afdeling C) kon ontwikkel word uit die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese perspektiewe (afdeling A) en die leemtes geïdentifiseer in die metateorie (afdeling B).

8.4.2 'n Verskeidenheid praktykteoretiese perspektiewe beklemtoon, soos in afdeling A, die verwantskap en die progressie tussen die GF, GG en GG en is saamgevat in die

beskrywing (kyk 8.2.5) van 'n gemeenteboumodel (vgl. 8.2.2.2; 8.2.2.4; 8.2.3.2; 8.2.4.2; 8.2.4.4; 8.2.4.6; 8.2.4.8).

- 8.4.3 In die negatiewe sin bewaar die GF die gemeente van 'n verskeidenheid valse fokusse (vgl. 8.2.5). In die positiewe sin beskryf die GF die lewe van die gemeente in die Gees en verstand van Christus self (8.2.5).
- 8.4.4 Leierskap wat op Christus fokus fasiliteer die werk van die Gees, in plaas daarvan om mense te forseer en is deursigtig oor hulle eie swakheid en sonde (8.2.5).
- 8.4.5 Korrekte toepassing van die groot gebod volgens Filippense 1:9–11 lei tot 'n effektiewe gebedstrategie en gevolglik praktiese bedienings van lidmate (8.2.5).
- 8.4.6 Die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel en dissipels-maak is noodsaaklik om dwaalleer oor die GF te voorkom (8.2.4.2), gee nuwe motivering vir uitreiking (SP 1), hou belangrike praktiese hervorming in vir die praktyk van belydenisaflegging (groep 1) en grootdoop (groep 2), asook vir lering/onderrig as voortgaande proses (SP 3) (8.2.5).
- 8.4.7 Die verhouding tussen verbond en uitreiking skep 'n belangrike geleentheid vir hervorming insake die groot opdrag (8.2.5).
- 8.4.8 SP 3 bevat 'n beknopte stelling wat die kerk tipeer as toerustingskamer vir die koninkryk wat sake soos Skrifgesag, behoorlike onderrigmetodes, fasilitering van wilsbesluite tot lewensverandering en omvattende toerusting op elke terrein van die koninkryk insluit (8.2.5).
- 8.4.9 Leierskap behoort sensitief te wees vir 'n dualistiese siening oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag (8.2.5).
- 8.4.10 Die verskillende sporte van die groot opdrag-trapleer kan gebruik word om 'n balans tussen SP 1–3 te handhaaf en strategies behoort besondere aandag verleen te word aan die sporte waar die grootste tekortkominge voorkom (8.2.5).
- 8.4.11 Die gemeenteboumodel kan as volg saamgevat word: die dissipelmaakproses (GO) is die uiteindelijke praktiese roeping in die gemeenteboumodel. Die impak van Christus se oorstroomende liefde (GG) manifesteer toenemend in gehoorsame en omvattende *uitreiking* (SP 1), *inlywing* (SP 2) en toerusting tot *uitlewing* (SP 3; vgl. SP 3b) (vgl. figuur 10). Christus se mag en teenwoordigheid motiveer die gemeente (IND 1, 2) (8.2.5).
- 8.4.12 Die model begin en eindig dus met 'n fokus op Christus die gekruisigde (vgl. GF, IND 2) (8.2.5).
- 8.4.13 Verdere praktiese riglyne vir die implementering van die model (afdeling twee) sluit in:

- Raakvlakke tussen konflik in moderne gemeentes en konflikhantering as konteks waarbinne die sleutels ondersoek is (8.3.2).
- Riglyne vir voorbereidende gesprekke (8.3.3).
- Riglyne in verband met doelstellings en die visuele voorstelling van hierdie doelstellings gekoppel aan die GF, GG en GO (8.3.4).
- Die beskikbaarheid van visuele gerekenariseerde materiaal ("powerpoint") (8.3.5).
- 'n Voorbeeld van 'n volgstuk vir aanbieding in kleingroepe (8.3.6).
- Die moontlike voorstelling van die model in 'n simbool (8.3.7).
- Hoe met die simboliese voorstelling aangetoon kan word dat die roeping volgens die sleutels relevant is vir ervaarde behoeftes ("felt needs") (8.3.7).
- 'n Voorbeeld van hoe die roeping van die gemeente saamgevat is in 'n maklik memoriseerbare spreuk (8.3.8).
- Riglyne aan 'n taakspan vir verdere implementering van die roeping (8.3.9).

## HOOFSTUK 9

### SAMEVATTING

#### 9.1 Algemene opmerkings oor noodsaaklikheid, probleemstelling, doel en metode

Die fokus op Christus die gekruisigde, later in die studie genoem die groot fokus (GF), die groot gebod (GG) en die groot opdrag (GO) is as sleutels in 'n model vir gemeentebou ondersoek. Konflikhantering figureer as die konteks waarbinne gemelde sleutels ondersoek is. Die noodsaaklikheid vir die studie word as volg saamgevat:

- 'n Proaktiewe gemeenteboumodel wat beginsels en norme vir gemeentes artikuleer is 'n inherente noodsaaklikheid vir die terrein van die praktiese teologie.
- Die paradigmaverskuiwing van modernisme na postmodernisme veroorsaak 'n groeiende behoefte aan 'n Bybelse model om die roeping van die gemeente te bepaal.
- Die moderne tegnokratiese samelewing noodsaak 'n model om nuwe bedieningsmetodes en vorme te toets.
- 'n Model is noodsaaklik om ander modelle te beoordeel.
- Konflik in plaaslike gemeentes en denominasies noodsaak 'n model wat gebruik kan word om die gemeente saam te snoer om een roeping uit te leef.

Die navorsingsprobleem is as volg omskryf: Watter bydrae kan die groot fokus, die groot gebod en die groot opdrag as sleutels in 'n model lewer om die gemeente te help om sy roeping te bepaal?

Die doel van die studie word as volg saamgevat:

- Om die betekenis van asook die inherente verwantskap en progressie tussen gemelde sleutels te ondersoek.
- Om uit die Skrif aan te toon dat konflikhantering telkens die werklikheid of konteks was waarbinne die sleutels gefigureer het.
- Om gemelde sleutels in 'n moderne metateoretiese werklikheid te toets.
- Om 'n praktiese model te ontwerp waarvolgens gemeentes hulle roeping kan ontdek, verfyn en uitleef.

Die metode wat gevolg is kan as volg saamgevat word:

- Aansluiting is gevind by die model wat Zeffass (aangehaal deur Venter, 1995:187) vir die praktiese teologie ontwerp het. 'n Basisteorie is gevorm uit die teologiese "tradisie". 'n Metateorie is vanuit onder andere grens- en hulpwetenskappe medebepaal en praktykteoretiese perspektiewe artikuleer uiteindelik 'n nuwe of versterkte teorie. Sodoende is vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42–44; 1995:198–200).
- Na aanleiding van die bogenoemde metode van Zeffass is die studie in drie afdelings verdeel: afdeling A (basisteorie), afdeling B (metateoretiese gegewens) en afdeling C (praktykteorie).
- In afdeling A is 'n eksegetiese ondersoek gedoen van relevante Skrifgedeeltes wat ook met ander Skrifgedeeltes in die Bybel kursories vergelyk is. 1 Korintiërs 1–2 (vir die GF), Filippense 1:9–11 (vir die GG) en Matteus 28:18–20 (vir die GG) is gekies as velde van ondersoek. Hoe die sleutels in die konteks van konflikhantering figureer, is telkens aangetoon.
- Eksegetiese ondersoek van Skrifgedeeltes in afdeling A het geskied volgens gereformeerde hermeneutiese uitgangspunte (vgl. De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:8–26).
- Afdeling A is afgerond met 'n samevattende hoofstuk (hfst. 5) waarin die basisteoretiese perspektiewe van afdeling A saamgevoeg is, die verband tussen die sleutels met behulp van sketsmatige figure met mekaar vergelyk en beskryf is en tot finale basisteoretiese perspektiewe saamgevat is.
- Die metateoretiese gegewens in afdeling B bestaan uit twee dele: eerstens, 'n kritiese beoordeling van die Willow Creek-soekdiensstrategie (WCS) en Purpose-Driven Ministries se doelstellingstrategie (PDM) in die lig van die resultate van afdeling A, tweedens is die resultate van 'n empiriese studie beskryf en in die lig van die drie sleutels beoordeel.
- Empiriese navorsing is in tien gemeentes gedoen en die resultate is verwerk deur die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO. Groep een verwys na gereformeerde gemeentes (GKSA; NGK) en groep twee na charismatiese en onafhanklike gemeentes. Om die inligting in te samel is van persoonlike en telefoniese onderhoude asook van e-pos gebruik gemaak. In elkeen van die gemeentes is drie respondente genader, naamlik

eerstens 'n predikant, tweedens 'n vrouelidmaat (verkieslik met 'n gesin) en derdens 'n ongetroude jongmens wat reeds sy/haar skoolopleiding voltooi het. Elke respondent moes eerstens sy/haar eie mening oor die vraag gee, vervolgens 'n mening oor hoe die meerderheid gemeentelêde die vraag sou antwoord en laastens hoe die vraag in die kerkverband (onafhanklike gemeentes uitgesluit) beantwoord sou word.

- Afdeling C: deur 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit afdelings A en B, is praktykteoretiese perspektiewe geartikuleer. Die praktykteoretiese perspektiewe is samevattend in 'n gemeenteboumodel omskryf.
- Afdeling C is afgerond met verdere praktiese riglyne vir die implementering van die model
- 'n Slothoofstuk waarin samevattinge gegee is en tot 'n finale gevolgtrekking gekom is, volg na afdeling C.
- Terreine vir verdere ondersoek is aangedui.

## 9.2 Samevatting van die basisteoretiese perspektiewe in afdeling A

- 9.2.1 Die fokus op Christus en sy voltooide verlossingswerk is 'n onontbeerlike hermeneutiese vertrekpunt in die gemeentebouproses en vir die hantering van konflik (5.2.1).
- 9.2.2 Die fokus op Christus die gekruisigde beteken dat leiers en lidmate Jesus Christus en sy voltooide verlossingswerk persoonlik ken, *in Hom* is en met sy wysheid en Gees leef. So alleen kom die dianoëtiese en dinamiese dimensies van die "woord" na vore (5.2.2).
- 9.2.3 Die fokus op wysheid en mag/tekens is valse roem of roem buite Christus. Die Bybel leer ook 'n fokus op Christus eerder as op die Vader en die Heilige Gees. Wanneer Christus geken word, kom die regte perspektief oor die verhouding met die Vader en die Gees na vore (5.2.3).
- 9.2.4 Tensy die omliggende samelewing ook op Christus en die kruis fokus, is die gemeente 'n *alternatiewe* geloofsgemeenskap wat *alle* geroepenes/mense wat gered word, wil insluit (inklusief), maar tegelyk die mag en wysheid van die sekulêre gemeenskap verstaan en vermy (eksklusief) (5.2.4).
- 9.2.5 In die gemeente as alternatiewe gemeenskap is die kruis 'n sentrale simbool. Die kruis simboliseer dat die mens se inherente vermoëns (sy hoër siel, νοῦς en πνεῦμα) nie tot by God kan vorder nie (5.2.5).

- 9.2.6 Die kruis beteken ook dat die gemeente nie verlei word om op die wysheid en heerlijkheid/krag van Jesus te fokus om sodoende weer wysheid en mag vir hulleself te bekom nie, maar om op Christus self te fokus (5.2.6).
- 9.2.7 Daarom is leiers en gemeentelede deursigtig oor hulle eie swakheid en sonde. Sondaars kan met hulle identifiseer. Leiers fasiliteer, eerder as forseer, die werk van die Gees (5.2.7).
- 9.2.8 Die gemeente wat Jesus ken word nie gekenmerk deur onsekerheid (soek en vra) nie, maar deur sekerheid in Christus en sy voltooide boodskap wat verkondig word. Die gemeente roem sodoende in die wysheid en mag van Christus die gekruisigde (5.2.8).
- 9.2.9 Om die evangelie te bevorder in die gemeentebouproses en in konflikhantering moet die groot gebod op grond van progressiewe Skrifopenbaring verbesonder word as voortdurende toename van oorvloedige liefde in kennis/die ken van Jesus en fyn aanvoeling of optrede (5.2.9).
- 9.2.10 Die groot gebod is verweef met die fokus of ken van Christus en gemeenskap of deelname aan sy evangelie. Omgekeerd, die evangelie word bevorder deur die werklike vertikale en horisontale impak van Jesus se liefde (5.2.10).
- 9.2.11 Gebed (ook voorbidding) vir die toename van oorvloedige liefde is noodsaaklik en vorm saam met die groot fokus strategiese *vertrekpunte* in die gemeentebouproses en die hantering van konflik (5.2.11).
- 9.2.12 Gebed om liefde wat toeneem in kennis/die ken van Christus en fyn aanvoeling is effektief vir nou en vir die ewige lewe, daarin dat die sake wat vir God belangrik is onderskei word, kritiek voor God se troon vermy word en die vrug van Jesus se kruis na vore kom (5.2.12).
- 9.2.13 Elke lidmaat wat hierdie gebed bid, kan verwag dat die rykdom van die betekeniselemente daarvan toenemend 'n integrale deel van sy/haar lewe sal word, konflik tot eer van die Here hanteer sal kan word en die gelowige sy/haar eie optrede as voorbeeld van die gesindheid van Christus aan ander sal kan voorhou (5.2.13).
- 9.2.14 Die groot opdrag om dissipels te maak (soos sketsmatig in figuur 1 uiteengesit [IND 1–2; SP 1–3]) is die belangrikste missie (“comission”) van die Here aan die gemeente (5.2.14).
- 9.2.15 'n Dissipel is 'n volgeling en leerling van Jesus en kan 'n onverloste, verlore of toegewyde (“committed”) persoon beskryf (5.2.15).
- 9.2.16 Om dissipels te maak beskryf 'n lewenslange proses op aarde, waarin die gemeente primêr uitwaarts beweeg (SP 1). In hierdie proses word die potensiële dissipel deur




verkondiging/lering nadergebring na Jesus. Die dissipel word begelei tot verlossing in Christus en gedoop (SP 2) en vervolgens geleer om as volwasse dissipel steeds meer en meer soos Jesus te word (SP 3) (5.2.16).

- 9.2.17 Om die grense oor te steek, noodsaak 'n strategie om uitwaarts te beweeg en die grootste denkbare groepe mense met die evangelie te bereik (5.2.17).
- 9.2.18 Binne die konteks van die groot opdrag is doop vir 'n dissipel die teken van die openbare aanvaarding van verlossing in en oorgawe aan Christus en simboliseer ook die ryke betekenis van 'n nuwe verhouding in die drie-enige God (5.2.18).
- 9.2.19 Dissipelskap mag op geen wyse as voorvereiste vir verlossing gestel word nie, aangesien alle mense alleen deur Christus se verdienste gered word (vgl. GF [hfst. 2]). Daarom kan iemand al 'n dissipel wees en nog nie 'n verlose nie en behoort 'n dissipel wat in Christus as Verlosser glo, sonder tydsverloop vir verdere onderrig, gedoop te word (5.2.19).
- 9.2.20 Of dissipels reg geleer word, moet gemeet word aan lewensverandering as doel en kan wat leerinhoud betref, saamgevat word as die groot gebod met die fokus op Christus as vertrekpunt (5.2.20).
- 9.2.21 Die georganiseerde gemeente behoort sigself toe te spits op onderrig sodat dissipels toegerus kan wees vir elke taak op elke terrein van die koninkryk (5.2.21).
- 9.2.22 Met die SP 1 word uitwaarts oor die grense beweeg. Met SP 2 word vanuit die samelewing inwaarts in die gemeente in beweeg as iemand 'n Christendissipel word. Met SP 3 word beide na binne (toerusting van lidmate in die gemeente) en na buite (toegeruste dissipels onderhou wat Jesus beveel het op elke lewensterrein) beweeg (5.2.22).
- 9.2.23 As roeping van die gemeente, is die groot opdrag 'n sleutel om koers te verleen te midde van konflik. So byvoorbeeld kan die groot opdrag bydra om groter eenheid oor die betekenis van doop te bewerk (5.2.23).
- 9.2.24 Die groot opdrag kan met die grootste entoesiasme aangepak en volgehou word omdat die opgestane Here deur sy Gees al die krag gee wat nodig is en deur sy Gees by diegene is wat die opdrag uitvoer (IND 1, 2). Die beskrywing van hierdie proses in die boek Handeling is die bewys vir laasgenoemde (5.2.24).

### **9.3 Samevattende sketsmatige voorstelling van die drie sleutels in 'n model**

Hieronder word 'n sketsmatige voorstelling gemaak wat samevattend in 9.4 verder toegelig word. In die onderstaande sketsmatige voorstelling word:

- Figure 1, 2, 4, 5 saamgevat in een voorstelling.
- Die verwantskap en progressie tussen die sleutels voorgestel (afdeling A, figuur 1–4 [vgl. 4.2.4.3; 5.3]).
- Die uiteindelijke model voorgestel (afdeling C; vgl. die beskrywing by 8.2.5).
- Moontlike doelstellings aangedui (afdeling C figuur 10 [8.3.4.3]).



Figuur 11. Samevatting van die sleutels in die model

#### 9.4 Die verwantskap en progressie tussen die sleutels in die gemeenteboumodel

In aansluiting by figuur 11 word die verwantskap en progressie tussen die sleutels samevattend as volg beskryf:

- In aansluiting by die liggaammodel (vgl. Ef. 4) is die gesonde uitlewing van 'n Skriftuurlike roeping van die gemeente in afdeling A (figuur 2, 3) as lewensaar of slagaar voorgestel. In aansluiting by laasgenoemde word 'n tregtervormige aar voorgestel wat "uitmond" in die gemeente as liggaam van Christus (binneste sirkel). Die gekromde wande van die aar beklemtoon die progressie en groei namate die gemeente die drie sleutels toepas (vgl. Fil. 1:9: "liefde wat meer en meer oorvloedig word" en die omvattende begrip "nasies" (Matt. 28:18).
- Die kruis stel die "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18) voor en is die middelpunt van die hele figuur. In afdeling A is laasgenoemde uitdrukking binne die konteks van 1 Korintiërs ontleed en word hierbo in die basisteoretiese perspektiewe by 9.2.1 – 9.2.8 saamgevat. Die groot fokus of vertrekpunt van die gemeente se roeping is "om Christus die gekruisigde te ken" (1 Kor. 2:2).
- Met die ingekleurde blokke word gedemonstreer hoe die GF deurlopend met die GG en GO as sentrale tema verweef is. Filippense 1:11 handel oor die "vrug van geregtigheid" dus die gevolg van die oorwinning aan die kruis en SP 2 dui die doop aan as teken van Christendissipelskap, of openbare belydenis van Christus as Verlosser (vgl. beskrywing by 5.3; 9.2.10; 9.2.18 hierbo). Die sentrale tema van Filippense is "deelname" (κοινωνία) aan die bevordering van die evangelie of die "woord van die kruis" (vgl. Fil. 1:5; 1 Kor. 1:18).
- Wanneer die gemeente Christus ken en met sy "Gees en verstand" leef (vgl. 1 Kor 2:9–16), beleef die gemeente ook die impak van sy oorvloedige liefde (GG). Die verband tussen kernbegrippe in die gebed om meer en meer oorvloedige liefde is aan die regterkant van die hart (GG) voorgestel. Weerskante van die uitdrukking in Filippense 1:11 beklemtoon die begrippe wat in pare gerangskik kan word, mekaar. Innerlike liefdesgesindheid word telkens uitgebrei met begrippe wat die meer uiterlike/dinamiese manifestering van die liefde beskryf.
- Die liefde lei tot onderskeiding van keurige/estetiese dade wat kulmineer in gehoorsaamheid aan die groot opdrag (Matt. 28:18–20) wat die praktiese taakomsywing van die roeping vir elke Christelike gemeente is. Die groot opdrag-trapleer beskryf die proses van die dissipels-maak.

- SP beskryf *uitreiking*; SP 2 *intywing* van Christendissipels en SP 3 *uitlewing* van Christus se bevel nadat toerusting plaasgevind het. Twee troosvolle indikatiewe (IND 1; IND 2) omraam die groot opdrag.
- Uit Handeling 1:8 word die uitwaartse rigting van die groot opdrag-proses benadruk. Die groot opdrag geld primêr uitwaarts. Die sirkels wat volg beklemtoon die potensiele gebiede wat deur die gemeente bereik kan word.
- Hoewel die membrane van die gemeente deurlaatbaar is, beklemtoon die voorstelling dat die gemeente 'n alternatiewe gemeenskap is (vgl. 9.2.4 hierbo).
- Die gemeente beweeg uit na die gemeenskap (SP 1), maar neem ook Christendissipels op in die geloofsgemeenskap (SP 2) (vgl. rigting van gekromde pyle), wat geleer word (SP 3) om op elke terrein van die koninkryk (dus weer uitwaarts) die bevel van die Koning as sy getuies (Hand 1:8) te gehoorsaam.
- Die GF, GG en GO kom na vore en funksioneer telkens effektief binne die konteks van konflikthantering (vgl. die stervormige "virusse").

Die volgende samevattende basisteoretiese perspektiewe is na aanleiding van die verwantskap en progressie tussen die onderskeie sleutels geformuleer:

- 9.4.1 Die drie sleutels (GF, GG en GO) is verwant en bou progressief op na die uitlewing van die groot opdrag as uiteindelijke praktiese roeping van die gemeente as alternatiewe liefdesgemeenskap van dissipels in die gemeenskap en wêreld (5.6.1).
- 9.4.2 Om Christus te ken/in Christus te wees, beskryf die ware lewe van die gemeente as dinamiese gemeenskap van dissipels en veroorsaak waardes ("values") soos verkondiging (sekerheid), optrede met die wysheid (vgl. "dianoëties") en krag van Christus (vgl. "dinamies", IND 1 en 2), fasiliterende leierskap (5.6.2).
- 9.4.3 Om Christus te ken noodsaak gebed om en voorbidding vir meer en meer oorvloedige liefde as gesindheid van Christus waarin effektiewe meewerking aan die evangelie kan plaasvind (5.6.3).
- 9.4.4 Die groot opdrag beskryf die uiteindelijke praktiese roeping van die gemeente as 'n uitwaartse proses wat begin by *uitreiking* (vgl. "al die nasies"; SP 1), dan *intywing* in Christus en in die gemeente (en daarmee in die volheid van "Vader, Seun en Heilige Gees"; SP 2b) en omvattende toerusting tot *uitlewing* van al sy bevel (vgl. "alles" en "onderhou"; SP 3b) (5.6.4).

- 9.4.5 Dissipelskap beskryf dat iemand op 'n gegewe stadium 'n volgeling en leerling van Jesus is en dui nie op 'n formele amp nie. Onderskeid tussen 'n dissipel, 'n verlore dissipel en 'n toegewyde dissipel, kan gemaak word. Namate gelowiges groei in geloof word dissipel-wees en dissipel-maak al hoe meer 'n vanselfsprekende identiteit (5.6.5).
- 9.4.6 Die omgekeerde fokus (van 'n lewe in Christus) manifesteer as valse roem/eie eer in 'n verskeidenheid vorme soos soeke na tekens en mag (selfs in die teenwoordigheid van Christus), verdeeldheid, dwaalleer, vyandskap teen die evangelie, maar kan effektief deur genoemde sleutels voorkom en bestry word (5.6.6).
- 9.4.7 Die gemeente word gemotiveer deurdat hulle Christus ken (GF), met sy gees en verstand mag optree (GF), die impak van sy liefde beleef (GO) en deur sy beloftes dat Hy al die mag het en met hulle is (GO) (5.6.7).

## **9.5 Samevatting van die metateorie: kritiese ondersoek van twee modelle vir gemeentebou en empiriese navorsing (afdeling B)**

Die volgende gevolgtrekkings is gemaak uit die metateoretiese ondersoek van die Willow Creek-soekerdienstrategie (WCS) en die doelstellingstrategie van Purpose-Driven Ministries (PDM):

- 9.5.1 Beide die WCS en PDM slaag daarin om die buiterekkerlike met 'n soekerdienstrategie wat eietyds is, te bereik en sluit by die persoonlike behoeftes van die buiterekkerlike aan as geleentheid vir die evangelie (6.4.2).
- 9.5.2 Beide die WCS en PDM het strategieë beskikbaar om op grond van die gesag van die Skrif Christus se evangelie te bring (GF) (6.4.3).
- 9.5.3 Beide die WCS en PDM het strategieë ontwikkel om in liefde vir die buiterekkerlike om te gee ten einde die evangelie te bevorder (GG) (6.4.4).
- 9.5.4 Beide die WCS en PDM hanteer dissipelskap as proses en het verskeie praktiese beginsels en programme wat van groot hulp vir ander gemeentes kan wees (6.4.5).
- 9.5.5 Beide die WCS en PDM slaag daarin om die buiterekkerlike te bereik vanweë 'n uitwaartse strategie, dit wil sê die gemeentestrategie begin by uitreiking (vgl. 6.4.6).
- 9.5.6 Beide WCS en PDM toon veral tekortkominge in terme van die groot fokus omdat die modelle onderskeidelik soeker- en doelstellinggedrewe is (vgl. 6.4.7).



- 9.5.7 In terme van die groot fokus en die groot opdrag (SP 3b) is die vraag of die gemeente 'n alternatiewe geloofsgemeenskap word, die uiteindelijke toets vir die geslaagdheid van die model wat gevolg word (6.4.8).
- 9.5.8 Hoewel die persoonlike behoeftes van die buitekerklike 'n belangrike geleentheid vir evangelieverkondiging is (vgl. 6.4.2), benadeel 'n fokus op persoonlike vervulling die evangelieboodskap en verdere groei as Christendissipel (6.4.9).
- 9.5.9 Om op doelstellings te fokus hou die gevaar in dat gemeentes doelstelling- en prosesgedrewe sal funksioneer in plaas van gefokus op Christus die gekruisigde en gedryf deur sy sin/verstand en Gees (6.4.10).
- 9.5.10 Korrekte toepassing van die groot gebod, maak die doelbewuste en selfbewuste bestuur en programmering van die reputasie ("image") van die gemeente, oorbodig (6.4.11).
- 9.5.11 Onkritiese aanvaarding van bemarkingsbeginsels en strategieë lei tot die wysiging van die evangelie as "produk" en reduceer die buitekerklike tot 'n "kliënt" wat geëvangelizeer moet word (6.4.12).
- 9.5.12 Die Skriftuurlike fundering vir die vyf doelstellings van PDM (veral doelstelling 3–5) behoort in die lig van afdeling A hersien te word (6.4.13).
- 9.5.13 Voor en nadele van die sogenaamde beginsel van homogene eenhede kan in die lig van die GF, GG en GO geïdentifiseer word (6.4.14).
- 9.5.14 Samevattend: Die sleutels in afdeling A is bruikbaar as praktiese meetinstrument waarmee bestaande modelle beoordeel kan word (6.4.1).

Die resultate van die empiriese navorsing word as volg saamgevat:

- 9.5.15 Leemtes wat uitgewys is deur empiriese navorsing bevestig die noodsaaklikheid vir 'n model waarin die groot fokus, groot gebod en groot opdrag as sleutels figureer (7.5.1).
- 9.5.16 Uiteenlopende persepsies bestaan in dieselfde gemeentes, tussen soortgelyke kerkverbande en tussen groep een en twee oor wat die fokus of vertrekpunt van die leierskap is (7.4.2.1). Uit die gegewens by 7.4.2.1 word die afleiding gemaak dat daar nie genoegsame duidelikheid is oor wat die fokus of vertrekpunt van die leierskap behoort te wees nie (7.5.2).

- 9.5.17 In groep een word in die kerkverband hoofsaaklik op kennis van die suiwer leer en Skrifgesag gefokus, terwyl groep twee op die Heilige Gees en sy kragtige werkinge fokus (7.5.3).
- 9.5.18 Antwoorde op die vraag of gemeentes 'n alternatiewe gemeenskap ten opsigte van waardes, leer en lewe vorm, wissel van ondergemiddeld (groep een) tot bogemiddeld, maar is steeds nie bevredigend nie (groep 2) (7.5.4).
- 9.5.19 Boodsappe en lering word oorwegend gekenmerk deur sekerheid in Christus teenoor relativisme (7.5.5).
- 9.5.20 Die styl van leierskap word oorwegend gebalanseerd (tussen fasiliterend en forserend) geskat (7.5.6).
- 9.5.21 Die Skriftuurlike beginsel dat 'n gebedstrategie vir meer en meer oorstroomende liefde noodsaaklik is, word bevestig deur menings van respondente dat liefdevolle verhoudinge veral in die kerkverband (GKSA en NGK) gebrekkig is (7.5.7).
- 9.5.22 Gebrekkige deelname van lidmate aan praktiese bedienings in die gemeente ter bevordering van die evangelie, verrai 'n gebrek aan oorstroomende liefde wat in estetiese dade tot uitdrukking kom en bevestig die noodsaaklikheid van bogenoemde gebedstrategie (7.5.8).
- 9.5.23 In groep een kom daar wel gebed vir meer en meer oorstroomende liefde voor, maar dit is sporadies, eerder as deel van 'n permanente strategie. In groep twee dui die resultate op gebreke, maar strategiese gebedsaksies is as bogemiddeld aangedui (7.5.9).
- 9.5.24 Gebrekkige verstaan van die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel in beide groepe een en twee grens aan 'n totale wanopvatting (7.5.10).
- 9.5.25 Leemtes op elke sport van die groot opdrag-trapleer (SP 1–3) dui op tekortkominge in die verstaan en praktiese implementering van dissipelskap as 'n proses (7.5.11).
- 9.5.26 'n Verskeidenheid strategieë om met die evangelie grense oor te steek na die onmiddellike omgewing, oor taal- en kultuurgrense heen en na die buiteland word beplan of reeds geïmplementeer. Groep twee ondersteun meer uitreikaksies in die buiteland as groep een (7.5.12).
- 9.5.27 Die besondere verband tussen verbond en uitreiking (vgl. Gen. 11:4, 8 en 12:3 [4.6.1]), is nóg in groep een nóg in groep twee 'n bekende leerstuk. Respondente in beide groepe sien wel 'n meer algemene verband tussen verbond, genade en uitreiking (7.5.13).



- 9.5.28 In groep een word die verband tussen doop (SP 2) en uitreiking grootliks misgekyk aangesien die verbond hoofsaaklik in verband gebring word met die doop van kinders/babas en verbondsonderrig. Die onmiddellike konteks (dissipelskap) van die doopformule (SP 2) in die doopsformulier, is in groep een feitlik onbekend. Tussen kinderdoop en uitreiking word kwalik enige verband gesien en die voorkoms van die doop van volwassenes is in groep een uiters skaars (7.5.14).
- 9.5.29 Die betekenis van "doop hulle" (SP 2a) word in groepe een en twee misverstaan deurdat SP 2 en SP 3 met mekaar verwar word. In groep een volg 'n tydsverloop vir *verdere* onderrig (SP 3) alvorens Christendissipels toegelaat word om openbare belydenis van hul geloof te doen (SP 2a). In groep een en twee word die verkeerde beskouing gehuldig dat doop na bekering 'n teken kan wees van 'n besondere geestelike ervaring of verdieping/groei as Christendissipel (7.5.15).
- 9.5.30 In groep een word herdoop en selfs grootdoop (weliswaar in 'n mindere mate) oorwegend nie as sonde beskou nie (7.5.16).
- 9.5.31 Empiriese navorsing het uitgewys dat prediking vir groep een nie voldoende rekening hou met die vraag waar die hoorders hulleself in die proses van dissipelskap bevind nie. Prediking in groep een is byna uitsluitlik gemik op Christendissipels en toegewyde dissipels (vgl. SP 3b) (7.5.17).
- 9.5.32 In groep een (veral in die kerkverband) word lidmate nie tydens die erediens tot doelbewuste keuses tot lewensverandering begelei nie (7.5.18).
- 9.5.33 'n Dualistiese beskouing (by groep een) oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag werk demotiverend in op die uitvoering van laasgenoemde (7.5.19).

## **9.6 Samevatting van die praktykteorie (afdeling C)**

- 9.6.1 'n Verstelde praktykteorie (afdeling C) kon ontwikkel word uit die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese perspektiewe (afdeling A) en die leemtes geïdentifiseer in die metateorie (afdeling B) (8.4.1).
- 9.6.2 'n Verskeidenheid praktykteoretiese perspektiewe beklemtoon, soos in afdeling A, die verwantskap en die progressie tussen die GF, GG en GG en is saamgevat in die beskrywing (kyk 8.2.5) van 'n gemeenteboumodel (8.4.2).

- 9.6.3 In die negatiewe sin bewaar die GF die gemeente van 'n verskeidenheid valse fokusse (vgl. 8.2.5). In die positiewe sin beskryf die GF die lewe van die gemeente in die Gees en verstand van Christus self (8.4.3).
- 9.6.4 Leierskap wat op Christus fokus, fasiliteer die werk van die Gees, in plaas daarvan om mense te forseer en is deursigtig oor hulle eie swakheid en sonde (8.4.4).
- 9.6.5 Korrekte toepassing van die groot gebod volgens Filippense 1:9–11 veroorsaak 'n effektiewe gebedstrategie en gevolglik praktiese bedienings van lidmate (8.4.5).
- 9.6.6 Die Skriftuurlike definisie van 'n dissipel en dissipels-maak is noodsaaklik om dwaalleer oor die GF te voorkom (8.2.4.2), gee nuwe motivering vir uitreiking (SP 1), hou belangrike praktiese hervorming in vir die praktyk van belydenisaflegging (groep 1) en grootdoop (groep 2), asook vir lering/onderrig as voortgaande proses (SP 3) (8.4.6).
- 9.6.7 Die verhouding tussen verbond en uitreiking skep 'n belangrike geleentheid vir hervorming insake die groot opdrag (8.4.7).
- 9.6.8 SP 3 bevat 'n beknopte stelling wat die kerk tipeer as toerustingskamer vir die koninkryk wat sake soos Skrifgesag; behoorlike onderrigmetodes; fasilitering van wilsbesluite tot lewensverandering en omvattende toerusting op elke terrein van die koninkryk insluit (8.4.8).
- 9.6.9 Leierskap behoort sensitief te wees vir 'n dualistiese siening oor die verhouding tussen die kultuuropdrag en die groot opdrag (8.4.9).
- 9.6.10 Die verskillende sporte van die groot opdrag-trapleer kan gebruik word om 'n balans tussen SP 1–3 te handhaaf en strategies behoort besondere aandag verleen te word aan die sporte waar die grootste tekortkominge voorkom (8.4.10).
- 9.6.11 Die gemeenteboumodel kan as volg saamgevat word: die dissipelmaakproses (GO) is die uiteindelijke praktiese roeping in die gemeenteboumodel. Die impak van Christus se oorfloedige liefde (GG) manifesteer toenemend in gehoorsame en omvattende *uitreiking* (SP 1), *inlywing* (SP 2) en toerusting tot *uitlewing* (SP 3). Christus se mag en teenwoordigheid motiveer die gemeente (IND 1, 2) (8.4.11).
- 9.6.12 Die model begin en eindig dus met 'n fokus op Christus die gekruisigde (vgl. GF, IND 2) (8.4.12).
- 9.6.13 Verdere praktiese riglyne vir die implementering van die model (vgl. 8.4.13) sluit in:
- Raakvlakke tussen konflik in moderne gemeentes en konflikhantering as konteks waarbinne die sleutels ondersoek is.
  - Riglyne vir voorbereidende gesprekke.

- Riglyne in verband met doelstellings en die visuele voorstelling van hierdie doelstellings gekoppel aan die GF, GG en GO (kyk moontlike doelstellings wat by figuur 11 aangedui word).
- Die beskikbaarheid van visuele gerekenariseerde materiaal ("powerpoint").
- 'n Voorbeeld van 'n volgstuk vir aanbieding in kleingroepe.
- Die moontlike voorstelling van die model in 'n simbool.
- Hoe met die simboliese voorstelling aangetoon kan word dat die roeping volgens die sleutels, relevant is vir ervaarde behoeftes ("felt needs").
- 'n Voorbeeld van hoe die roeping van die gemeente saamgevat is in 'n maklik memoriseerbare spreuk.
- Riglyne aan 'n taakspan vir verdere implementering van die roeping.

## 9.7 Finale gevolgtrekkings

- Die groot fokus, groot gebod en groot opdrag kan vanweë hulle onderlinge verwantskap en progressie, saamgevoeg word as sleutels in 'n proaktiewe model waarvolgens gemeentes begelei kan word om hulle roeping te bepaal (afdeling A [hoofstuk 5]; afdeling C).
- 'n Gemeente wat volgens hierdie model opereer fokus op Christus as hermeneutiese vertrekpunt en fokus ook deurgaans in die gemeentebouproses op Hom. Met 'n gebedstrategie om meer en meer oorstroomende liefde word aktief meegewerk aan die evangelie. Die gemeente verstaan sy opdrag as primêr 'n uitwaartse proses van omvattende uitreiking na buitekerklikes, inlywing in die liefdesgemeenskap van die gemeente en uitlewing van alles wat Jesus beveel het.
- Bogenoemde sleutels figureer in die Skrifgedeeltes wat ondersoek is (afdeling A) telkens binne die konteks van konflikhantering en bring bevrydende perspektiewe ten opsigte van die fokus, gesindheid en besondere taak van die gemeente (9.4.6, kyk 5.6.6 vir verdere verwysings).
- Gemelde sleutels kan effektief gebruik word om bestaande modelle en werklikhede in plaaslike gemeentes vir funksionaliteit te beoordeel en nuwe prosesse te ontwikkel (afdeling B, C).

## 9.8     Terreine vir verdere navorsing

Die volgende onontginde terreine vir verdere studie word aangedui:

- Navorsing in afdeling A (basisteorie) oor konflikthantering as konteks van die GF, GG en GO kan op metateoretiese en praktykteoretiese vlak uitgebrei word tot 'n volledige studie oor konflikthantering (vgl. 5.6.6).
- 'n Studie oor leierskap in die lig van die sleutels in die model kan gedoen word. In hoofstuk twee is 'n bepaalde gesindheid en die vereistes vir leierskap aangedui sonder om verskillende style en metodes van leierskap verder te ontgin (vgl. ook gegewens oor Fil. 2:5–11 [GG]). Skrif-met-Skrif-vergelyking kan verskeie ander aspekte van Paulus en ander apostels se leierskap (byvoorbeeld in die uitvoering van die groot opdrag in die boek Handeling) aan die lig bring. 'n Volledige model vir leierskap volgens die GF, GG en GO kan ontwerp word.
- 'n Volledige studie oor die verstaan en wyse van die doop as simbool van eenheid in moderne gemeentes word as verdere terrein vir navorsing aangedui. Navorsing in hierdie studie oor die doop as teken van dissipelskap is tot 'n beperkte mate met empiriese gegewens uitgebrei. Vollediger empiriese navorsing oor die doop (veral in die GKSA) sal vir 'n studie wat uitsluitlik oor die doop handel, noodsaaklik wees (vgl. 7.4.4.4 en die omvattende navorsing van König [1997:15–39] in die NGK).
- Ten slotte word 'n studie oor die rol van tekens en wonders en die buitengewone gawes in die lig van die sleutels in hierdie model, as 'n onontginde terrein van ondersoek aangedui (vgl. veral 2.3.5.4; 4.3.7).

## BIBLIOGRAFIE

ACTA GKSA, 1970. Handeling van die sewe en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Herald.

ADMIN. 2003. Availability of Purpose Driven Ministry resources in South Africa. List of SA Churches interested in the resources of "Purpose Driven Ministries". <http://www.turnthetide.net>. [Date of access : 1/07/03].

ALEXANDER, L. 1989. Hellenistic letter-forms and the structure of Philippians. *Journal for the Study of the New Testament*, 37:87–101.

ALMANAK 1999. Die almanak van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1999. Jaargang 125.

ALMANAK 2000. Die almanak van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vir die jaar 2000. Jaargang 126.

ALMANAK 2001. Die almanak van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vir die jaar 2001. Jaargang 127.

ALMANAK 2002. Die almanak van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vir die jaar 2002. Jaargang 128.

ALMANAK 2003. Die almanak van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vir die jaar 2003. Jaargang 129.

AMMERMAN, N.T. 1999. *Congregation & Community*. New Brunswick : Rutgers University Press.

ANDREWS, S.B. 1995. Too weak not to lead : the form and function of 2 Cor 11:23b–33. *New Testament Studies*, 41:263–276, Apr.

- ANON. 1999. Lee Strobel pursuing new ministry path. *WCA News flash! Late breaking information from the Willow Creek Association*. Oct. 1 p. (ongepubliseer).
- ANON. 1999a. Maximum impact evangelism. Piercing the darkness. *WCA News*, Jul. / Aug. 18 p. (ongepubliseer).
- ANON, 2002. Willow Creek association impacts churches worldwide. *Willow Creek Association South Africa Newsletter*. Des. 4 p. (ongepubliseer).
- ANON, 2003. Gift based ministry; volunteers & the body of Christ. *Willow Creek Association South Africa Newsletter*. May. 8 p. (ongepubliseer).
- ANON, 2003a. Newsletter. Vision. *Willow Creek Association South Africa Newsletter*, May. 4 p. (ongepubliseer).
- ARIAS, M. 1991. Rethinking the great commission. *Theology Today*, 47:410–418.
- BAKER, W.H. 1996. Acts (The Witness to Christ in Judéa and Samaria [8:1–12:25]). (In Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BAKER, W.H. 1996a. Acts (Paul's second missionary journey [15:36–18:22]). (In Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BAKER, W.H. 1996b. Acts (The seven servants : an example of problem solving). (In Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BAKKE, R. 1995. Five distinct groups. Adapting to your Church's environment. (In Shelley, M. ed. Empowering your church through creativity and change: 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- BAKKE, R. 1995a. Exegeting my church. (In Shelley, M. ed. Empowering your church through creativity and change: 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BANKS, A.M. 1997. Bill Hybels on a mega church ministry. *Christian Century*. 114 (16):484 (1p.) [In EbscoHost : Academic Search Premier, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Date of access : 10 July 2003].
- BARBIERI, L.A. 1985. Matthew (Confirmation of the King's life). (In Walvoord, J. F., ed. The Bible knowledge commentary: an exposition of the Scriptures. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BATEMAN, H.W. 1998. Were the opponents at Philippi necessarily Jewish? *Bibliotheca Sacra*, 155(617):39–61, Jan.–Mar.
- BEYERLEIN, A. 1997. Praying together on campus. (In Long, J. ed., Small group leaders' handbook : The next generation. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BIBLE, 1995. The Holy Bible. King James Version. (In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- BING, C. 1999. Why Lordship faith misses the mark for discipleship. *Journal of the Grace Evangelical Society* : 12(2):37–52.
- BLACK, D.A. 1995. The discourse structure of Philippians: A study in text linguistics. *Novum Testamentum*, 37(1):16–49.
- BOSCH, D.J. 1995. The meaning of being a "disciple". *Missio Apostolica*, 3(1):51–54, May.
- BRAUNE, D.D. 1980. The epistle of Paul to the Philippians. (In Lange, J.P., ed. Commentary of the Holy Scriptures, critical, doctrinal and homiletical. Michigan : Zondervan. p. 11–76.)

- BRAXTON, B.R. 2000. The tyranny of resolution 1 Corinthians 7:17–24. Atlanta : Society of Biblical literature.
- BREED, D.G. & JORDAAN, G.J.C. 2000. Verandering van die moreel-etiese situasie in Suid-Afrika in die lig van die kenmotief in 2 Petrus 1:3–4. *In die Skriflig*, 34(2):207–229, Jun.
- BROWN, A.R. 1998. The gospel takes place. Paul's theology of power-in-weakness in 2 Corinthians. *Interpretation : A Journal of Bible & Theology*, 52(3):271–285, Jul.
- BROWN, R. 1990. Becoming a vessel of honor. In the Master's service. New Kensington : Whitaker House.
- BRUCE, F.F. 1986. The acts of the apostles. Grand Rapids : Eerdmans.
- BRUCE, F.F. 1993. The new international commentary on the New Testament. The epistles to the Colossians, to Philemon and to the Ephesians. Grand Rapids : Eerdmans.
- BURGER, C. 1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad : Lux Verbi.
- BURGER, C. 1995. Gemeentes in transito. Kaapstad : Lux Verbi.
- BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch : BUVTON.
- BURROWS, E.W. 1999. Baptism in Mark and Luke. (*In* Porter, S.E. & Cross, A.R., ed. Baptism, the New Testament and the church. Historical and contemporary studies in honour of R.E.O. White. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 99–115.)
- BUYS, P.J. 1989. Die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering: 'n Eksegetiese ondersoek na die betekenis van tersaaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk. Potchefstroom: P.U. vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- BYBEL, 1990. (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]



- CAMPBELL, C. 1992. Matthew 28:16–20. *Interpretation*, 46:402–405.
- CAPPER, B.J. 1993. Paul's dispute with Philippi: understanding Paul's argument in Phil 1–2 from his thanks in 4.10–20. *Theologische Zeitschrift*, 49(3):192–214.
- CHAMBLIN, J.K. 1996. Matthew. (*In* Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- CILLIERS, S. 2003. Gereformeerde kerk Waterberg (Dolerend) – waarheen? *Die Kerkblad*, 106(3105):45–47.
- COLLINS, G. 1999. The tripersonal God. Understanding and interpreting the Trinity. New York : Paulist Press.
- COMBRINK, H.J.B. 1988. Die evangelie volgens Matteus : inleiding en teologie. (*In* Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament Band IV. Die sinoptiese evangelies en Handeling : inleiding en teologie. Pretoria : NGKB.)
- CONRADIE, P., CRONJÉ, K., JANSE VAN RENSBURG, F., OLIVIER, W., SWART, G., WOLMARANS, H., 1994. Grieks met begrip. 'n Inleidende grammatika toegespits op die Griekse Nuwe Testament. Deel 1. Aucklandpark : Werkgroep vir Griekse onderrig.
- COUSINS, D., ANDERSON, L., DEKRUYTER, A. 1990. Mastering church management (Chapter one. Grooming the organization. Signs of a well-managed church). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- COUSINS, D., ANDERSON, L., DEKRUYTER, A. 1990a. Mastering church management (Chapter six. Starting ministries successfully. Settle on one purpose). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- COUSINS, D., ANDERSON, L., DEKRUYTER, A. 1990b. Mastering church management. (Chapter six. Starting ministries successfully. Determine a philosophy of ministry). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- COUSINS, D., ANDERSON, L., DEKRUYTER, A. 1990c. Mastering church management. (Chapter six. Starting ministries successfully. Establish a strategy). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- COUSINS, D. 1996. Making worship visitor friendly. (*In* Shelley, M., ed. Growing your church through evangelism and outreach. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- COVEY, S.R. 1994. The seven habits of highly effective people. Powerful lessons in personal change. Sydney : Simon & Schuster.
- COVEY, S.R., MERRILL, A.R., MERRILL, R.R. 1999. First things first. To live, to love, to learn to leave a legacy. Sydney : Simon & Schuster.
- CRADDOCK, F.B. 1996. Luke (4:14–9:50 : The ministry of Jesus in Galilee). (*In* Mays, J. L. Harper's Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- DANA, H.E. & MANTEY, J.R. 1962. A manual grammar of the Greek New Testament. New York : The Macmillan Company.
- DAVIS, J.A. 1996. 1–2 Corinthians (A report of factions within the community. Paul's Response to reports about the community at Corinth [1:10–6:20]). (*In* Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- DAVIS, C.W. 1999. Oral Biblical criticism. The influence of the principles of orality on the literary structure of Paul's epistle to the Philippians. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- DEERE, J. 1993. Surprised by the power of the Spirit. Eastbourne : Kingsway.
- DEERE, J. 2000. Surprised by the voice of God. Eastbourne : Kingsway.

- DEIST, F.E. 1994. Onlangse konsepte in teksuitleg en hulle konsekwensies vir die (gereformeerde) teologie. *In die Skriflig*, 28(2):165–178, Jun.
- DE KLERK, B.J. & SMIT, E.J. 2002. *Pneuma en nous* in die gereformeerde kerklied. Perspektiewe uit 1 Korintiërs 14:15 en die tradisie, toegespits op die musiek en poësie van die kerklied. *In die Skriflig*, 36(1):105–124, Mrt.
- DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F.J. 1999. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegeese en prediking. Potchefstroom : Fakulteit Teologie, PU vir CHO.
- DE SILVA, D.A. 1998. "Let the one who claims honor establish that claim in the Lord" : honor discourse in the Corinthian correspondence. *Biblical Theology Bulletin*, 28: 61–74, Sum.
- DE VILLIERS, J. 2003. Groepie hervormers voel hul op die rand van die akker. *Beeld* : 3, Jun. 11.
- DE VILLIERS, J.L. 1983. Die Handeling van die apostels. Deel 1. Goodwood : N.G. Kerk Uitgewers.
- DIE BYBEL, NUWE VERTALING. 1998 (*In Scholar's Library, Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS (*In Scholar's Library, Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- DIVIETRO, K. 1995. Scrivener's 1881 Textus Receptus. (*In Scholar's Library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- DOBSON, J. 1997. Targeting the key life stage. (*In Shelley, M. 1997. Building your church through counsel and care : 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]

- DONAHUE, J.R. 1996. Mark (16:9–20 : The longer ending of Mark). (*In* Mays, J. L. Harper's Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- DOYLE, R., WOODHOUSE, J., BARNETT, P., REID, J. 1987. Signs & wonders and evangelicals. A response to the teachings of John Wimber. Homebush West : Lancer.
- DUNN, J.D.G. 1999. 'Baptized' as metaphor. (*In* Porter, S.E. & Cross, A.R., ed. Baptism, the New Testament and the church. Historical and contemporary studies in honour of R.E.O. White. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 294–310.)
- DU PLOOY, A. le R. 1998. The keys of the kingdom as paradigm for building up the church in reformed church government. *In die Skriflig*, 32(1):53–68, Mrt.
- DU PLOOY, J.L. & VENTER, C.J.H. 1996. Gereformeerde gemeente-opbou? 'n Evaluering van bestaande definisies binne die geledere van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 30(3):343–364, Sept.
- DU PREEZ, J. 1998. Uitsig op sending in 'n Israelitiese "oeslied" : Psalm 67. *In die Skriflig*, 32(3):259–275. Sept.
- DU TOIT, A.B. 1992. Retoriek, retoriese analise en prediking. *In die Skriflig*, 26(4):465–477, Des.
- ELS, J.M. & DEACON, M. M. 2001. Die Grieks-Afrikaanse woordeboek met Strong se nommers. (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- ENGELBRECHT, J. 1995. Die rol van die dissipels in die Christologie van Matteus. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(1):134–146.
- ERASMUS, J.A. 2001. Die praktyk van jeugbediening binne Gereformeerde gemeenteopbou. (Verhandeling – Th. M.)

- FAUSSET, A.R. 1997. The epistle of Paul the apostle to the Galatians (Chapter 3). (*In* Jamieson, R., Fausset, A.R., Brown, D. A commentary, critical and explanatory, on the Old and New Testaments. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- FAUSSET, A.R. 1997a. The first epistle of Paul the apostle to the Corinthians (Chapter 1). (*In* Jamieson, R., Fausset, A.R., Brown, D. A commentary, critical and explanatory, on the Old and New Testaments. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- FAUSSETT, A.R. 1997b. The epistle of Paul the apostle to the Philippians (Chapter 1). (*In* Jamieson, R., Faussett, A.R., Brown, D. A commentary, critical and explanatory, on the Old and New Testaments. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- FEE, G.D. 1993. The first epistle to the Corinthians. Grand Rapids : Eerdmans.
- FERGUSON, S.B. 1997. Let's study Philippians. Edinburgh : Banner of Truth.
- FERREIRA I.W. 2002. Die kerk se sending in diens van God se koninkryk. Potchefstroom : P.U. vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)
- FLOOR, L. 1979. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria : NGKB.
- FLOOR, L. 1983. Die heilige doop in die Nuwe Testament. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- FLOOR, L. & VILJOEN, F.P. 2002. Die Christus-himne in Filippense: soteriologies of eties? *In die Skriflig*, 36(1):91–104, Mrt.
- FOULKES, F. 1994. Philippians. (2:1–4 Appeal for unity through personal humility) (*In* Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A., Wenham, G.J. New Bible commentary 21<sup>st</sup> century edition. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- FRANCE, R.T. 1994. Matthew (26:1–28:20 : The death and resurrection of Jesus). (*In* Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A., Wenham, G.J. New Bible commentary 21<sup>st</sup> century edition. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- FREDERICKSON, D.L. 1996. No noose is good news: leadership as a theological problem in the Corinthian correspondence. *World & World*, xvi(4):420–426.
- FULLER, R.H. 1996. Matthew (Composition). (*In* Mays, J.L. Harper's Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- FUNK, R. W. 1961. A Greek grammar of the New Testament and other Christian literature. Cambridge : University Press.
- FUNK & WAGNALLS, 1980. Funk and Wagnalls standard dictionary. New York : Lippincott & Crowell.
- GEMPF, C. 1994. Acts (2:1–47 : The feast of Pentecost in Jerusalem [4–13]). (*In* Carson, D. A. ed., New Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- GEMPF, C. 1994a. Acts (1:6–11 : The ascension and the work to be done on earth). (*In* Carson, D. A. ed., New Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- GEMPF, C. 1994b. Acts (6:1–8:3 : Stephen before the Sanhedrin. The end of an era). (*In* Carson, D. A. ed., New Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- GETZ, G.A. 1986. Sharpening the focus of the church. Wheaton : Victor Books.
- GILBREATH, E. 1994. Selling out the house of God? *Christianity Today*. 38 (8):20 (6p.) [*In* EbscoHost : Academic Search Premier, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Date of access : 10 July 2003].

- GORDON, J.R. 1987. A diagnostic approach to organizational behaviour. Boston: Allen and Bacon, Inc.
- GOULDER, M.D. 1991. ΣΟΦΙΑ in 1 Corinthians. *New Testament Studies*, 37:516–534, Oct.
- GREEN, J.B. 1999. From 'John's baptism' to 'baptism in the Name of the Lord Jesus' : the significance of baptism in Luke and Acts. (In Porter, S.E. & Cross, A.R., ed. Baptism, the New Testament and the church. Historical and contemporary studies in honour of R.E.O. White. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 136–172.)
- GROENEWALD, E.P. 1980. Die evangelie van Johannes. Kaapstad : N.G.Kerk Uitgewers.
- GRUENLER, R.G. 1996. Mark (Jesus' itinerant ministry in Galilee). (In Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- GUNDRY, R. H. 1994. Matthew. A commentary on his handbook for a mixed church in persecution. Grand Rapids : Eerdmans.
- HAFEMANN, S. 1990. 'Self-commendation' and apostolic legitimacy in 2 Corinthians : a Pauline dialect. *New Testament Studies*, 36:66–88, Jan.
- HAMILTON, V.P. 1996. Genesis (The tower of Babel). (In Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- HAMILTON, M.S. 2000. Willow Creek's place in history. *Christianity today*, 44(13):62 (7p.) [In EbscoHost : Academic Search Premier, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Date of access : 10 July 2003].
- HANSEN, D. & GOETZ, D.L. 1998. The pastor's soul series. Library of leadership development (vol. 1) (The power of loving your church : Leading through acceptance and grace. [Love hurts]). (In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- HARTIN, P.J. 1993. The role of the disciples in the Jesus story communicated by Mark. *Koers*, 58(1):35–52.
- HARTIN, P.J. 1998. Disciples as authorities within Matthew's Christian-Jewish community. *Neotestamentica*, 32(2):389–404.
- HAYES, J.H. & HOLLADAY, C.R. 1987. Biblical exegesis. A beginner's handbook. Atlanta : John Knox.
- HAWTHORNE, G.F. 1983. Word Biblical commentary. Philippians. Waco : Word Books.
- HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids : Eerdmans.
- HENDRIKS, H.J. 1996. Modernisme: ten diepste ons identiteit? *In die Skriflig*, 30(4): 489–501, Des.
- HENDRIKS, J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels & praktyk van gemeentevernuwing. Wellington : Hugonote.
- HENDRIKSEN, W. 1988. New Testament commentary. Philippians, Collossians & Philemon. Edinburgh : Banner of Truth.
- HENDRIKSEN, W. 1989. New Testament commentary. Matthew. Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- HENDRIKSEN, W. 1991. New Testament commentary. I & II Thessalonians. I & II Timothy & Titus. Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- HENRY, M. 1996. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. An exposition, with practical observations of the epistle of St. Paul to the Philippians (1:12–20). (*In Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]



- HENRY, M. 1996a. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. An exposition, with practical observations of The acts of the apostles (Acts 2:37–41). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HENRY, M. 1996b. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. An exposition, with practical observations of The acts of the apostles (Acts 1:6–11). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : NGKB.
- HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis.
- HEYTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-Teologiese ondersoek van die "mekaar-opdragte" in die corpus Paulinum met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- HOCK, R.F. 1996. Philippians (1:3–11, Thanksgiving). (*In Mays, J. L. Harper's Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HOLLADAY, C.R. 1996. Acts (Acts 2:37–41. Response to Peter's Sermon). (*In Mays, J. L. Harper's Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HOLLADAY, C.R. 1996a. Acts. (Acts 8:9–13, Simon the Magician converted). (*In Mays, J. L. Harper's Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HOLMSTRAND, J. 1997. Markers and meaning in Paul : an analysis of 1 Thessalonians, Philippians and Galatians. Stockholm : Almqvist & Wiksell International.
- HOMER, A.K. 1984. Philippians. (*In Gaebelin, F.E., ed. The expositor's Bible commentary. Michigan : Zondervan. p. 95–159.*)

- HOULDEN, J.L. 1977. Paul's letters from prison. London : Penquin.
- HOWIE, D. 2003. Chairperson message. *Willow Creek association South Africa Newsletter*, Jun. 4 p. (ongepubliseer).
- HUGLEY, B.S. 1999. Witnesses ... Where? The four arenas of mission involvement. *Missio Apostolica*, 8(1):49–56, May.
- HUNT, J. 1996. Ministry to multiple generations. (*In Shelley, M. ed.*, 1996. Growing your church through evangelism and outreach. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- HYBELS, B. 1990. Mastering contemporary preaching (Chapter twelve. Keeping ourselves on target. Evaluating our sermon). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HYBELS, B. 1990a. Being transparent. (*In Shelley, M. ed.*, Changing lives through preaching and worship. 30 strategies for powerful communication. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- HYBELS, B. 1990b. Mastering contemporary preaching (Chapter two. Speaking to the secularized mind. Scholar's library). (*In Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HYBELS, B. 1990c. Mastering contemporary preaching (Chapter twelve. Keeping ourselves on target. How well we meet our overall goal). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- HYBELS, B. 1996. Creative topics and titles. Speaking to the secular mind. (*In Shelley, M., ed.* Growing your church through evangelism and outreach. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

HYBELS, B. 1997. Standing in the crossfire. (*In Shelley, M. ed., 1997. Leading your church through conflict and reconciliation ; 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]

HYBELS, B. 1999. Net té besig om nie te bid nie. Wellington : Protea.

HYLDAHL, N. 1991. The Corinthian 'parties' and the Corinthian crisis. *Studia Theologica*, 45(1):19–32.

JACKSON, N. 2003. Kuberkerk begin dán. *Beeld* : 31, Jul. 10.

JAMIESON, R. 1997. The first book of Moses called Genesis (Ge 11:1–32. Confusion of tongues). (*In Jamieson, R., Fausset, A.R., Brown, D. A commentary, critical and explanatory, on the Old and New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1998. Die betekenis van Lukas 13:10–17 en 2 Korintiërs 12:1–10 vir die okkultisme-diskoers. *In die Skriflig*, 32(1):37–52, Mrt.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing : deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Reeks H : Inougurele rede nr. 25. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies.

JORDAAN, G.J.C. 1993. Die hantering van Nuwe Testamentiese briefliteratuur in die eksegeese. Geïllustreer aan die hand van Filippense 1. (Ongepubliseerde klasdiktat – PU vir CHO).

KEENER, C.S. 1999. A commentary on the gospel of Matthew. Grand Rapids : Eerdmans.

KISTEMAKER, S.J. 1989. New Testament commentary. Hebrews. Grand Rapids : Baker Book House.

- KITTEL, G. 1976. Word and Speech in the New Testament. The Early Christian Message as the Word of God (outside the Johannine writings). (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- KLEINKNECHT, H. 1976. The Logos in the Greek and Hellenistic World. The Meaning of the Word λόγος in Its Multiplicity. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- KLEINKNECHT, H. 1976a. The Logos in the Greek and Hellenistic World. The Meaning of the Word λόγος in Its Multiplicity. The Sophists. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- KLEINKNECHT, H. 1976b. The Logos in the Greek and Hellenistic World. The λόγοι of Philo of Alexandria. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- KÖNIG, A. 1997. (Oor-)doop. Waarom? en daarna? Kaapstad : Lux Verbi.
- KRUSE, C.G. 1989. The relationship between the opposition to Paul reflected in 2 Corinthians 1–7 and 10–13. *Evangelical Quarterly*, 61(3):195–202.
- KUCINSKI, C. 2001. On line confessions out of line – church. *Saturday Star* : 13, Jun. 23.
- KVALBEIN, H. 1988. Go therefore and make disciples : the concept of discipleship. *Themelios*, 13:48–53, Jan-Feb.
- LADD, G.E. 1962. The acts of the apostles (C. The Gospel in Samaria). (*In* Pfeiffer, C.F., ed. The Wycliffe Bible commentary : New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- LAMBDIN, T.O. 1987. Introduction to Biblical Hebrew. London : Darton, Longman and Todd.

- LATEGAN, B.C. 1988. 1 Korintiërs. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament Band V. Die Pauliniese briewe : inleiding en teologie. Pretoria : NGKB.)
- LENSKI, R.C.H. 1961. The interpretation of St. Paul's Epistles to the Galatians to the Ephesians and to the Philippians. Minneapolis : Augsburg Publishing House.
- LEUSCHNER, W.F. 2001. Die erediens as instrument in gemeentebou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – M.Th.)
- LEWIS, S. 2000. Book reviews. The Purpose-Driven Church : growth without compromising your message and mission. *Chafer Theological Seminary Journal*. 6 (2):50– 58.
- LIDDELL, H.G. 1996. A lexicon : Abridged from Liddell and Scott's Greek-English lexicon. (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- LIGHTNER, R.P. 1985. Philippians (The humiliation of Christ). (*In* Walvoord, J. F., *ed.* The Bible knowledge commentary: an exposition of the Scriptures. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- LINDEQUE, G.F. 2003. Persoonlike onderhoud.
- LOEWEN, J. 1997. The power of strategy. A practical guide for South African managers. Halfway House : Zebra.
- LÖH, I. & NIDA, E.A. 1979. A translators handbook on Paul's letter to the Philippians. Stuttgart : United Bible Societies.
- LOUW J.P. & NIDA, E.A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament, based on semantic domains. (*In* Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- LOWERY, D K. 1985. 1 Corinthians (A misunderstanding of the message [1:18–3:4]). (*In* Walvoord, J. F., *ed.* The Bible knowledge commentary: an exposition of the Scriptures. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- LUTER, A.B. 1996. Philippians (B. Outlook toward death and deliverance [1:18b–26]). (*In* Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MACARTHUR, J. 1983. The MacArthur New Testament commentary. Hebrews. Chicago : Moody.
- MACARTHUR, J. 1988. John MacArthur's Bible studies. Speaking in tongues. Chicago : Moody.
- MACARTHUR, J. 1989. The MacArthur New Testament commentary. Matthew 24–28. Chicago : Moody.
- MACARTHUR, J. 1994. Acts. MacArthur New Testament commentary (The first Christian sermon – Part 3. The appeal). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MACARTHUR, J. 1996. The MacArthur New Testament commentary. 1 Corinthians (The foolishness of God – Part 1 [1:18–25]. The superiority of God's wisdom). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MACARTHUR, J. 1996a. The MacArthur New Testament commentary. 1 Corinthians (Understanding the wisdom of God [2:6–16]. The inspiration). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MACARTHUR, J. 1997. The MacArthur study Bible (The gospel according to Mark. Chapter six). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MAINS, D. & YANCEY, P. 1995. Section 1: empowering your church through creativity. Part 4. Creative perspective (My greatest ministry mistakes). (*In* Shelley, M. ed., Empowering your church through creativity and change: 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- MALAN, W. 2003. Towards becoming a contagious Church. *Willow Creek Association South Africa Newsletter*. May. 8 p. (ongepubliseer).
- MARSHALL, I.H. 1994. Luke (The work of Jesus in Galilee. Jesus teaches at Nazareth). (In Carson, D. A. ed., New Bible commentary. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MARTIN, J.A. 1985 Luke (Jesus at the Passover meal). (In Walvoord, J. F., ed. The Bible knowledge commentary: an exposition of the Scriptures. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MAYHUE, R.L. 1995. Rediscovering pastoral ministry. *Master's Seminary Journal*. 6 (1): 39–55.
- MCCLELLAND, S. E. 1996. Galatians (First meeting with Jerusalem leadership [1:18–24]). (In Elwell, W.A., ed. Evangelical commentary on the Bible. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- MCCULLOUGH, D. 1996. Coming to terms with technique (Section 1 : Growing your church through evangelism). (In Shelley, M. ed., Growing your church through evangelism and outreach. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- METZGER, B.M. 1975. A textual commentary on the Greek New Testament. Stuttgart : German Bible Society.
- MORRIS, L. 1992. The new international commentary on the New Testament. The gospel according to John. Grand Rapids : Eerdmans.
- MORRIS, L. 1992a. The epistle to the Romans. Grand Rapids : Eerdmans.
- MOULE, C.F.D. 1963. An idiom-book of the New Testament Greek. Cambridge : University Press.

- MOUNCE, R.H. 1992. The new international commentary on the New Testament. The book of Revelation. Grand Rapids : Eerdmans.
- MÜLLER, J.A.C. 1991. The new international commentary on the New Testament. The Epistle of Paul to the Philippians. Michigan : Eerdmans.
- MÜLLER, J. 2001. Help nie om te kla. Die kerk het vertrek in 'n nuwe kar. *Beeld* : 28, Mei. 8.
- NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfweg Huis : Orion.
- NELSON, M.E. 1996. Catechesis and baptism in the early Christian church. *In die Skriflig*, 30(4):443–456, Des.
- NEUFELD, D. 2000. Acts of admonition and rebuke : a speech act approach to 1 Corinthians 6:1–11. *Biblical Interpretation*, 8(4):375–399.
- NEWMAN, B.M. & NIDA, E.A. 1972. A translator's handbook on the acts of the apostles. New York : UBS.
- NICOL, W. 2000. Godsdien wat werk. Ontdek die soort Godsdien wat vir jou die beste werk. Wellington : Lux Verbi.
- NOLLAND, J. 1999. 'In such a manner it is fitting for us to fulfil all righteousness' : reflections on the place of baptism in the gospel of Matthew. (*In* Porter, S.E. & Cross, A.R., ed. Baptism, the New Testament and the church. Historical and contemporary studies in honour of R.E.O. White. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 294–310.)
- NUNN, H.P.V. 1951. A short syntax of New Testament Greek. Cambridge : University Press.
- NYBERG, R. 1999. Willow Creek's methods gain German following. *Christianity Today*. 43 (5):24 (2p.) [*In* EbscoHost : Academic Search Premier, Full display : <http://www-sa.ebsco.com>] [Date of access : 10 July 2003].
- O'BRIEN, P.T. 1977. Introductory thanksgivings in the letters of Paul. Leiden : E J Brill.



- O'DONNELL, M.B. 1999. Two opposing views on baptism with/by the Holy Spirit and of 1 Corinthians 12.13 : can grammatical investigation bring clarity? (In Porter, S.E. & Cross, A.R., ed. Baptism, the New Testament and the church. Historical and contemporary studies in honour of R.E.O. White. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 294–310.)
- OEPKE, A. 1976. The meaning of βάπτω and βαπτίζω. (In Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- OOSTENBRINK, J.W. 1996. Korporatiewe spiritualiteit en kleingroepleierskap. Potchefstroom: P.U. vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1999. Gereformeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit. *In die Skriflig*, 33(3):367–383, Sept.
- OSIEK, C. 2000. Abingdon New Testament Commentaries. Philippians Philemon. Nashville : Abingdon Press.
- PEARSON, B.A. 1976. The pneumatikos –psychikos terminology in 1 Corinthians. Montana : Scholar's Press.
- PETERLIN, D. 1994. Paul's letter to the Philippians in the light of the disunity in the church. *Tyndale Bulletin*, 45(1):207–210.
- PETERLIN, D. 1995. Paul's letter to the Philippians in the light of the disunity in the church. Leiden : E.J. Brill.
- PILLETTE, B.M. 1997. Paul and his fellow workers – Chapter 4. *Emmaus Journal*, 6(2):235–245, Win.
- POP, F.J. 1957. Bijbelse woorden en hun geheim (vol.1). Gravenhage : Boekencentrum N.V.
- POP, F.J. 1978. De eerste brief van Paulus aan die Corinthiërs. Nijkerk : Callenbach.

- RENGSTORF, K.H. 1976. μαθητής. The term in the New Testament. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- RIDDERBOS, H. 1967. Commentaar op het Nieuwe Testament. De pastorale brieven. Kampen : Kok.
- RIDDERBOS, H.N. 1987. Bible student's commentary. Matthew. Grand Rapids : Zondervan.
- RIENECKER, F. & ROGERS, C.L. 1980. A linguistic key to the Greek New Testament. Michigan : Zondervan.
- ROBERTS, J.H. 1988. Die gevangenskapbriewe. (*In* Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament Band V. Die Pauliniese briewe : inleiding en teologie. Pretoria : NGKB.)
- ROBERTSON, A.T. 1998. Word Pictures in the New Testament. (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- ROBISON, G. 2001. Top line bottom line. (*In* Robison, G. Global glory. [www.jealousGod.org](http://www.jealousGod.org).) [CD-ROM.]
- ROWELL, E. K. 1998. The pastor's soul series (False motivators. Preaching with spiritual passion). (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- SAVAGE, T. B. 1996. Power through weakness. Paul's understanding of the Christian ministry in 2 Corinthians. Cambridge : University Press.
- SCHNEIDER, C. 1976. B. Use of μάρτυς, μαρτυρέω, μαρτυρία, μαρτύριον in non-biblical Greek. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

- SCHNEIDER, C. 1976a. Ε. μάρτυς, μαρτυρέω, μαρτυρία, μαρτύριον in the New Testament. The use of μάρτυς. (In Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological dictionary of the New Testament. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- SCHURB, K. 2000. Pastors and people in evangelism : A study in Acts. *Missio Apostolica*, 8(1):32–39, May.
- SCUDIERI, R.J. 1996. What is ethnicity? *Missio Apostolica*, 4(1):19–24, May.
- SENGE, P.M. 1990. The fifth discipline. The art of the learning organization. New York: Doubleday Currency.
- SENIOR, D. 1997. The gospel of Matthew. Nashville : Abingdon Press.
- SEYMOUR, J.L., CRAIN, M.A., CROCKETT, J.V. 1993. Educating Christians. The intersection of meaning, learning, and vocation. Nashville : Abingdon Press.
- SHELLEY, M. 1996. Contributors. (In Shelley, M. ed., Growing your church through evangelism and outreach. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- SHELLEY, M. 1997. Contributors. (In Shelley, M. ed., Growing your church through training and motivation : 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- SMITH, F. 1986. The Leadership library (vol. 5). Scholar's library (Knowing what people need. Learning to lead: Bringing out the best in people). (In Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- STADELMANN, H. 1998. The need for ecclesiological prolegomena in the pursuit of practical theology. *Trinity Journal*. 19 (2):219–233.
- STROBEL, L. 1999. A letter from Lee. *Willow Creek Monthly*. Oct. / Nov. 4 p. (ongepubliseer).

- STRONG, 1995. The exhaustive concordance of the Bible. (In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- STUART, E. 1991. 'Love is ... Paul'. *The Expository Times*, 102:264–266.
- SWANSON, J. 1997. Dictionary of Biblical Languages with semantic domains : Hebrew (Old Testament). (In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- SWEET, L. 2001. Carpe manana. Is your church ready to seize tomorrow? Grand Rapids : Zondervan.
- SWIFT, R.C. 1984. The theme and structure of Philippians. *Bibliotheca Sacra*, 141(463): 234–254.
- TAN, P. L. 1996. Encyclopedia of 7700 illustrations : signs of the times (498 No crucifixions for Romans). (In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- TELLBE, M. 1994. The sociological factors behind Philippians 3:1–11 and the conflict at Philippi. *Journal for the Study of the New Testament*, 55:97–121.
- TOUSSAINT, S.D. 1985. Acts (Administration in the church. 6:1–7). (In Walvoord, J. F., ed. The Bible knowledge commentary: an exposition of the Scriptures. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- TRUMBLE, D. 1995. Death, the final option. Nine options in a changing neighbourhood. (In Shelley, M. ed. Empowering your church through creativity and change: 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]
- URIS, A. 1986. 101 of the greatest ideas in management. New York : John Wiley & Sons.
- VAN DER SPUIJ, D. 2000. Wanneer die Heilige Gees werk. Die Persoon, die werking en die gawes van die Gees. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

- VAN DER WALT, B.J. 1998. 'n Christelike Afrikafilosofie – 'n drievoudige uitdaging. *In die Skriflig*, 32(3):381–388, Sept.
- VAN DER WALT, B.J. 2001. Transformed by the renewing of your mind. Shaping a Biblical worldview and a Christian perspective on scholarship. Potchefstroom : ICCA.
- VAN DEVENTER, H.J.M. 1999. Retoriese kritiek en die interpretasie van die Ou Testament. *In die Skriflig*, 33(4):447–467, Des.
- VAN WYK, J.H. 1996. Kinderkommunie in diskussie. *In die Skriflig*, 30(3):305–319, Sept.
- VAN'T SPIJKER, W., BALKE, W., EXALTO, K., VAN DRIEL, L. 1990. De kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : De Groot Goudriaan.
- VAN WYK, I.W.C. 1998. Naasteliefde as uitdaging aan die Afrikaner. *In die Skriflig*, 32(4): 411–428, Des.
- VENTER, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit – 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26(1): 29–51, Mrt.
- VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181–202, Mrt., Jun.
- VENTER, P.M. 1997. Intertekstualiteit, kontekstualiteit en Daniël 9. *In die Skriflig*, 31(4): 327–346, Des.
- VERSTER, P. 1997. All-inclusive mission – A discussion of Transforming mission (1991) by D.J. Bosch. *In die Skriflig*, 31(3):251–266, Sept.
- VINE, W.E. 1996. Vine's expository dictionary of Old and New Testament words. (*In Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- VORSTER, J.M. 1996. Vernuwung in gemeenskapsbeleving binne die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 30(4):471–487, Des.

- VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99–119, Mrt.
- VORSTER, W.S. 1990. Hebreërs : inleiding en teologie. (*In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament Band IV. Die sinoptiese evangelies en Handelingte : inleiding en teologie. Pretoria : NGKB.*)
- WAGNER, J.R. 1998. 'not beyond the things which are written' : a call to boast only in the Lord (1 Cor 4.6). *New Testament Studies*, 44(2):279–287.
- WALKER, H. 2003. Willow Creek – promised land conference. *Willow Creek Association South Africa Newsletter*. May. 4 p. (ongepubliseer).
- WALSTON, R.L. 2000. The manifestations of the Spirit in 1 Corinthians 12 with special emphasis upon tongues as evidence. Potchefstroom : PU vir CHO. (Dissertation – Ph.D.) 397 p.
- WARFIELD, B.B. 1999. Inspiration (General problem of origin: God's part). (*In Orr, J. The International Standard Bible Encyclopedia. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WARREN, R. 1997. Part 3. Making ministry healthy (Health cultivation) (*In Shelley, M., ed. Growing your church through training and motivation : 30 strategies to transform your ministry. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WARREN, R. 2002. The Purpose-Driven Church. Growth without compromising your message and mission. Grand Rapids : Zondervan.
- WARREN, R. 2002a. The Purpose-Driven Life. What on earth are we here for? Grand Rapids : Zondervan.
- WARREN, R. 2003. Rick Warren's ministry toolbox. <http://www.turnthetide.net>. [Date of access : 2/07/03].

- WATERS, C.J. 1991. 'Love is ... Paul' – a response. *The Expository Times*, 103:57.
- WENHAM, D. 1997. Whatever went wrong in Corinth? *The Expository Times*, 108:137–141.
- WIELENGA, B. & KÖNIG, A. 1999. Zending : waarom? Verbond als antwoord. *In die Skriflig*, 33(2):255–271, Jun.
- WIERSBE, W.W. 1996. The Bible exposition commentary. 1 Corinthians (Chapter two. Be wise about the Christian message. The Gospel centers in the death of Christ. [1 Cor. 2:1–5]). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WIERSBE, W.W. 1996a. The Bible exposition commentary. Luke (Chapter ten. Jesus' sending of the messengers to spread the Word [10:1–24]). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WIERSBE, W.W. 1996b. The Bible exposition commentary. Matthew (Chapter twenty-six : The King's victory. They shared the good news with others). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WIERSBE, W.W. 1996c. The Bible exposition commentary. Matthew (Chapter twenty-six : The King's victory. They shared the good news with others. An activity). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WIERSBE, W.W. 1996d. The Bible exposition commentary. Acts (Chapter two. Power from heaven! The Spirit spoke). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WIERSBE, W.W. 1996e. The Bible exposition commentary. Acts (Chapter two. Power from heaven! The church waiting for the Spirit). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WIERSBE, W.W. 1996f. The Bible exposition commentary. Acts (Chapter ten. Peter's miracle ministry. The greatest miracle – winning lost sinners). (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]

- WILKINSON, B. 1992. The seven laws of the learner. How to teach almost anything to practically anyone. Oregon : Multnomah.
- WINTER, B. 1994. 1 Corinthians (1:17b–2:5 Boasting in the Lord and not in the educated elite). (*In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A., Wenham, G.J. New Bible commentary 21<sup>st</sup> century edition. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WITHERINGTON, B. 1995. Conflict & community in Corinth. A socio-rhetorical commentary on 1 and 2 Corinthians. Grand Rapids : Eerdmans.
- WITHERINGTON, B. 1998. The acts of the apostles. A socio-rhetorical commentary. Grand Rapids : Eerdmans.
- WUEST, K.S. 1997. Golden nuggets from the Greek New Testament. 48. Two Kinds of Power. Wuest's word studies in the Greek New Testament. (*In Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- WUEST, K.S. 1997a. Wuest's word studies in the Greek New Testament. (*In Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]
- YOUNGBLOOD, R. F., LOCKYER, H., BRUCE, F.F., HARRISON, R.K. 1997. Nelson's new illustrated Bible dictionary. (*In Scholar's library. Libronix digital library system 2001.*) [CD-ROM.]